'n HISTORIES-KRITIESE STUDIE VAN DIE LEERPLAN EN LEERBOEK IN HOLLANDS/AFRIKAANS OP DIE KAAPLANDSE MIDDELBARE SKOLE, 1806 - 1940

'n Proefskrif
voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad van Doctor Educationis in die Fakulteit van Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika (P.U.K. vir C.H.O.)

deur

W.H. Vos, M.A., B.Educ.

PROMOTOR: Prof. dr. J. Chr. Coetzee, M.A., M.Ed., D.Phil.

Desember 1948

VOORWOORD.

Die vraag is al dikwels gestel: Wat is verkeerd met ons taalstudie? Leke en gesaghebbendes het al menings gelug; onderwysers moes al verdedigend optree; taalkommissies het al die probleem aangepak maar nogtans het dit onopgelos gebly, nl. 'n gewenste peil word nie deur kandidate by eksamens bereik nie. Oor die oorsake van hierdie toestand kon geen eenstemmigheid tot dusver bereik word nie.

Die toestand het my genoop om navorsingswerk in verband met hierdie aktuele vraagstuk te onderneem om sodoende te probeer om tot 'n moontlike oplossing te geraak. Deur middel van 'n histories-kritiese studie van die ontwikkeling van die leerplan en die leerboek het ek getrag om die oorsake van hierdie toestand van sake op te spoor en om wenke aan die hand te gee wat moontlik tot 'n oplossing van die vraagstuk sal lei.

Ek moet erken dat ek tot onverwagte gevolgtrekkings gekom het, nl. dat daar op die Kaaplandse skole 'n gebrek is aan (i) omlynde doelstellings in die onderrig van die vak; (ii) 'n duidelik-omskrewe studiekursus; (iii) deeglik-saamgestelde leerboeke en (iv) goeie metodes van onderrig. Veral gevolgtrekking (iv) was vir my onverwags, omdat ons taalonderwysers tans sulke hoë taalkwalifikasies besit. Wat ek egter vroeër uit die oog verloor het, was die feit dat taalbevoegdhede geensins 'n waarborg vir 'n goeie taalonderwyser is nie, maar dat daar ander en belangriker hoedanighede is wat 'n taalonderwyser moet besit.

Ek het baie genot en vrug uit die studie geput. Die bron van my inspirasie was egter my promotor, prof. dr. J. Chr. Coetzee, aan wie ek hier my opregte dank en waardering wil betuig vir sy besondere leiding en aanmoediging in verband met hierdie studie.

„It is only by amusing oneself that one can learn..... The whole art of teaching is only the art of awakening the natural curiosity of young minds for the purpose of satisfying it afterwards; and curiosity itself can be vivid and wholesome only in proportion as the mind is contented and happy. Those acquirements crammed by force into the minds of children simply clog and stifle intelligence. In order that knowledge be properly digested, it must have been swallowed with a good appetite. If that child were entrusted to my care, I should make her - not a learned woman, for I would look to her future happiness only - but a child full of bright intelligence and full of life, in whom everything beautiful in art or nature would awaken some gentle responsive thrill. I would teach her to live in sympathy with all that is beautiful - comely landscapes, the ideal scenes of poetry and history, the emotional charm of noble music. I would make lovable to her everything I would wish her to love." (Anatole France.)

INHOUDSOPGAWE

A. HISTORIES-KRITIESE DEEL.

HOOFSTUK I Begin van Verengelsing, 1806 - 1839

1. Die Tydperk 1806 - 1814.
   (a) Laer Onderwys. 1 - 4
   (b) Sekondêre Onderwys in Kaapstad.
      (i) Algemeen. 4 - 5
      (ii) Die Skool vir Jong Dames. 5 - 6
      (iii) Die Latynse Skool onder H.J.I. Klein. 6 - 7
      (iv) Die „Public Grammar School". 7 - 10
      (v) Ander „sekondêre" onderwysers in Kaapstad. 10 - 11
      (vi) Besluit. 11 - 12

2. Die Tydperk 1815 - 1827.
   (a) Laer Onderwys. 12 - 14
   (b) Sekondêre Onderwys.
      (i) Die „Grammar School". 14 - 19
      (ii) Privaatskole. 19 - 21

3. Die Tydperk 1828 - 1839.
   (a) Laer Onderwys. 21 - 22
   (b) Sekondêre Onderwys. 22 - 25

4. Die Leerplan in Hollands, 1806 - 1839.
   (a) Leerplanne vir die Laerskool. 25 - 29
   (b) Leerplanne vir Sekondêre Onderwys. 29 - 34
   (c) Die Leerplan teen 1839. 34 - 37

5. Die Leerboek, 1806 - 1839. 37 - 43

6. Eksamens en/~~of~~ Inspeksie, 1806 - 1839. 44 - 47

HOOFSTUK II Onderwys onder 'n Onderwyshoof.

1. Die Tydperk 1839 - 1859.
   (a) Die instelling van 'n onderwyshoofskap. 48 - 51
   (b) Laer Onderwys. 51 - 54
   (c) Sekondêre Onderwys. 54 - 58
   (d) Privaatskole. 58 - 59
   (e) Besluit. 59 - 60

2. Die Leerplan, 1839 - 1859.
   (a) Die Laerskool. 60 - 61
   (b) Die Sekondêre Skool. 61 - 63
   (c) Besluit. 63

3. Die Leerboek, 1839 - 1859.
   (a) Algemeen. 64 - 65
   (b) „Geslachtwijzer der Nederduitsche Taal". 65
   (c) „First Book of Exercises". 65 - 71
   (d) „De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld". 71 - 74
   (e) „Elements of Translation". 74 - 84
   (f) „Elements of Dutch Grammar". 84 - 86
   (g) Besluit. 86 - 87

4. Eksamens en/~~of~~ Inspeksie, 1839 - 1859.
   (a) Inspekteursverslae. 87 - 91
   (b) Die „Board of Public Examiners". 91 - 94
   (c) Besluit. 94 - 95

(b) Die posisie van Hollands op skool teen 186D. 97
(c) Die Onderwyskommissie van 1861. 97 - 98

2. Die Tydperk 1865 - 1879.
(a) Onderwyswet No. 13 van 1865. 98 - 100
(b) Twee Gimnasiums. 100 - 101
(c) Die Hollandse koerante sit die stryd voort. 101 - 103
(d) Die Kerk en die Onderwys. 104 - 106
(e) Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop kom tot stand. 106
(f) Afrikaans begin die strydperk binne tree. 106 - 107
(g) Standerds word ingevoer. 107 - 108
(h) Die plek van Hollands op skole. 108 - 110

3. Die Tydperk 1879 - 1890.
(a) Die De Villiers-kommissie. 111 - 115
(b) Die Eerste Vryheidsoorlog en die stigting van die Afrikanerbond. 115
(c) Die S.G.O. en Hollands. 115 - 116
(d) Inspekteursverslae oor die onderrig van Hollands, 1881 - 1882. 116
(e) Ross se rapport. 116 - 118
(f) Tweetalige Onderwysers. 118 - 119
(g) Inspekteursverslae 1885 - 1888 119 - 122

4. Die Tydperk 1890 - 1892.
(a) Die Taalbond. 122 - 125
(b) Die Sinode en die Taalbond tree op. 126 - 129
(c) Dale se laaste rapport. Sy houding teen-oor Hollands. 129 - 131
(d) Die Onderwyskommissie van 1890 - 1891. 131 - 135
(e) Die Kerk se aandeel in die Onderwys. 136 - 137

5. Besluit. 137 - 138

6. Die Leerplan 1859 - 1892.
(a) Verskillende Leerplanne. 138 - 142
(b) Besluit. 142

7. Die Leerboek 1859 - 1892.
(a) Algemeen. 143 - 144
(b) Stucki, M.J.: Hollandsche Spraakkunst voor Zuid-Afrika. 144 - 147
(c) Elffers, H.: Practical Dutch Grammar. 147 - 152
(d) Die Onderwyskommissie van 1891 oor leerboeke 152 - 153
(e) Elffers, H.: Practische Hollandsche Spraakkunst. 153 - 155
(f) Van der Tuuk: Nederlandsche Spraakkunst voor Zuid-Afrika. 155 - 158
(g) Samestellers: Volksleesboek voor Scholen en Huisgezinnen. 158 - 160
(h) Universiteit beveel geen boeke aan nie. 160 - 161
(i) Besluit. 161

8. Inspeksie en Eksamens, 1859 - 1892.
(a) Eksamens.
(i) Die Publieke Diens-eksamen. 161 - 165
(ii) Die Derdeklassertifikaat-eksamen. 165 - 169
(iii) Die Matrikulasie-eksamen. 169 - 174
(iv) „School Examination for Honours". 174 - 177
(v) Matrikulasie 1882. 177 - 179
(vi) „School Examination for Honours" 1885. 179 - 180
(vii) Skoolhoër-eksamens 1887 - 1891. 180 - 184
(viii) Matrikulasie-vraestelle 1888 - 1891. 184 - 185
(b) Outoriteite oor Eksamens en Inspeksie.
(i) Die Universiteitsraad. 185 - 186
(ii) Die Onderwyskommissie van 1890 - 1891. 186 - 187

HOOFSTUK IV Die Triomf van Hollands, 1892 - 1915.

1. Die Tydperk van erkenning van Hollands, 1892 - 1915.
(a) Algemene toestand in die neëntiger jare. 193 - 196
(i) Die eksamenmanie. 196 - 197
(ii) Hollands maak opgang. 198 - 200
(b) Die nuwe Hoërskoolleerplan. 200 - 202
(c) Die nuwe Eeu.
(i) Brief van onderwyser in 1900. 202
(ii) Die Vereenvoudigde Spelling. 202 - 204
(iii) Die Verslag oor die Hollandse Taal, 1906. 204 - 205
(iv) Die stryd tussen Afrikaans en Hollands ontbrand. 205 - 208
(v) Unie 1910 en die triomf van Nederlands. 208 - 210
(vi) Die Taalordonnansie van 1911. 210 - 211
(vii) Verslag van die Onderwyskommissie van 1912. 211 - 213
(viii) Veranderings in die onderwys. 213 - 214
(ix) Die Matrikulasie-eksamen van 1913. 214 - 215
(x) Afrikaans op skool, 1914. 215 - 216
(d) Besluit. 216

2. Die Leerplan, 1892 - 1915.
(a) Die „School Elementary". 216 - 220
(b) Skoolhoër/Junior Sertifikaat. 220 - 222
(c) Matrikulasie. 222 - 226
(d) Besluit. 226 - 227

3. Die Leerboek, 1892 - 1915.
(a) Algemeen. 227 - 228
(b) Hubertus Elffers.
(i) „Elementary Grammar of the Dutch Language". 228 - 229
(ii) „Nieuwe Hollandsche Spraakkunst ..." 229 - 230
(iii) „The Standard Dutch Grammar". 230
(iv) „De Zuid-Afrikaanse Briefsteller". 230 - 231
(v) „Leesboek voor Zuid-Afrika — Standaard VII". 231 - 232
(vi) „Leesboek voor Zuid-Afrika — Standaard VIII". 232 - 233
(c) M.J. Stucki: „Hollandsche Spraakkunst voor Zuid-Afrika". 233 - 234
(d) W.S. Logeman.
(i) „Leesboek en Grammatika - No. 3 van de A - Z Serie". 234 - 235
(ii) „Leesboek en Grammatika - No. 4 van de A - Z Serie". 235
(iii) „No. 5 van de A - Z Serie: Allerlei. Een Leesboek voor School en Huis". 235 - 236
(e) C.J. van Ryn.
(i) „Advanced Dutch Grammar". 236
(ii) „Praktiese Hollandse Spraakkunst". 236 - 237
(f) J.P.J. Roux en C.J. van Ryn: „Het Zoele Zuiden". 237 - 238
(g) G.F. Dingemans en P. van Braam: „Idiomen". 238 - 239
(h) C.A.E. van Cappelle.
(i) „Hollands Leesboek voor Zuid-Afrika - Boek VIII". 239
(ii) „Hollands Leesboek voor Zuid-Afrika - Boek IX". 239
(i) Besluit. 240
(j) Voorgeskrewe Boeke.
(i) Voorgeskiedenis. 240 - 241
(ii) Universiteits Junior Sertifikaat. 241 - 242
(iii) Matrikulasie en Senior Sertifikaat. 242 - 243

(b) Skoolhoër/Universiteits Junior Sertifikaat, 1892 - 1915.
(i) Eksamens, 1892 - 1910. 253 - 257
(ii) Inspekteur S.F.N. Gie rapporteer oor Hollands. 257 - 258
(iii) Eksamens, 1910 - 1915. 258 - 259
(iv) Besluit. 259
(c) Matrikulasie, 1892 - 1915.
(i) Eksamens, 1892 - 1904. 259 - 261
(ii) „De Unie"-tipiese Matrikulasie-antwoorde. 261 - 263
(iii) Eksamens, 1905 - 1912. 263
(iv) Die S.G.O. behandel die Matrikulasie-eksamen. 263 - 265
(v) Inspekteur Russell kritiseer die eksamens van 1913. 265 - 268
(vi) Die Suid-Afrikaanse Akademie en eksamens. 268 - 269
(vii) Die vraestel van 1915. 269
(viii) Besluit. 269 - 270

HOOFSTUK V Die ondergang van Nederlands, 1915 - 1921.

1. Die Oorgangsperiode van Nederlands na Afrikaans, 1915 - 1921.
(a) C. Murray word S.G.O., 1915 - 1917. 271
(b) „Rapport van de Kommissie over ‚Taal Ordonnantie' (11 van 1912)". 271 - 273
(c) Afrikaans op skool.
(i) Ywer vir Afrikaans op skool. 273
(ii) Sir Frederic de Waal se voorstel en die houding van onderwysers. 273 - 274
(d) Dr. W.J. Viljoen word S.G.O.
(i) Veranderings in die Onderwys. 274 - 275
(ii) Dr. Viljoen oor Afrikaans. 275 - 278
(iii) Inspekteur Radloff oor Afrikaans. 278
(iv) Ordonnansie No. 5 van 1921. 278 - 279
(e) McKerron se verdediging van Afrikaans. 279 - 281
(f) Die toestand teen 1921. 281 - 282
(g) Besluit. 282 - 283

2. Die Leerplan, 1915 - 1921.
(a) Die Universiteits Junior Sertifikaat-eksamen. 283 - 284
(b) Die Departementele Junior Sertifikaat-eksamen.
(i) Geskiedkundige oorsig. 284 - 286
(ii) Die eerste Leerplan. 286 - 288
(c) Besluit oor Junior Sertifikaat-eksamen. 288 - 289
(d) Die Matrikulasie-eksamen.
(i) Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. 289 - 290
(ii) Die Gemeenskaplike Matrikulasie-raad. 290 - 291
(iii) Die Departementele Senior Sertifikaat-eksamen. 291
(e) Besluit oor Matrikulasie-eksamen. 291

3. Die Leerboek, 1915 - 1921.
(a) Algemeen. 291 - 292
(i) „Maskew Miller's Elements of Dutch Grammar". 292 - 293
(b) Afrikaanse Taalboeke.
(i) Geskiedkundige agtergrond. 293 - 294
(ii) „Afrikaanse Woordelys en Spelreëls". 294 - 295
(iii) „Afrikaanse Taalboek". 295 - 297
(iv) „Praktiese Grammatika van die Afrikaanse Taal" 297 - 298

(iii) Matrikulasie-eksamen. 299 - 300

4. Eksamens en/of Inspeksie.
(a) Die Universiteits Junior Sertifikaat-eksamen.
(i) Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. 300 - 302
(ii) Die Universiteit van Suid-Afrika. 302 - 310
(b) Die Departementele Junior Sertifikaat-eksamen.
(i) Die vraestel in Nederlands A, 1921. 310 - 312
(ii) Die vraestel in Afrikaans A, 1921. 312 - 315
(c) Besluit oor Junior Sertifikaat-eksamen. 315 - 316
(d) Die Matrikulasie-eksamen.
(i) Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. 316 - 317
(ii) Die Gemeenskaplike Matrikulasie-raad. 317 - 318
(e) Besluit oor Matrikulasie-eksamen. 319

HOOFSTUK VI Afrikaans op Skool, 1921 - 1940

1. Die Tydperk 1921 - 1940.
(a) Departementele eksamens. 320 - 321
(b) Verslag van die Adviserende Komitee insake Onderwys, 1927. 321 - 322
(c) Die verhouding tussen die Departement van Onderwys en die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. 322 - 323
(d) Verslag van die Kommissie oor voorgeskrewe werke. 323 - 325
(e) Verslag van die Komitee om ondersoek in te stel na die stand van Tale in die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel, 1931. 325 - 329
(f) Besluit. 329 - 331

2. Leerplanne, 1921 - 1940.
(i) Universiteits Junior Sertifikaat en Departementele Junior Sertifikaat.
(a) Die Universiteit van Suid-Afrika 331
(b) Die Departement van Onderwys. 331 - 335
(c) Besluit oor Junior Sertifikaat. 335
(ii) Matrikulasie en die Senior Sertifikaat van die Departement van Onderwys.
(a) Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. 335 - 336
(b) Die Departement van Onderwys. 336 - 341
(c) Besluit oor Matrikulasie en Senior Sertifikaat. 341

3. Die Leerboek, 1921 - 1940.
(i) Algemeen. 341
(ii) Taalboeke.
(a) Botha en Burger. 341 - 345
(b) D.J. Potgieter. 345 - 346
(c) Van Rouendal en Du Toit. 346 - 348
(d) C.M. Booysen, J. Marais, H.A. Steyn en J.B. Bonthuys. 348 - 351
(e) C.P. van der Merwe. 351 - 353
(f) Besluit. 353 - 354
(iii) Voorgeskrewe werke.
(a) Universiteits Junior Sertifikaat, 1922 - 1924. 354 - 355
(b) Die Departementele Junior Sertifikaat. 355 - 358
(c) Matrikulasie, 1922 - 1933. 358 - 362
(d) Departementele Senior Sertifikaat, 1923 - 1940. 362 - 365
(e) Besluit. 365 - 366

(iii) Besluit. 382 - 384
(b) Matrikulasie en Kaapse Senior Sertifikaat.
(i) Die Gemeenskaplike Matrikulasie-raad, 1922 - 1933. 384 - 390
(ii) Kaapse Onderwysdepartement, 1928 - 1940. 390 - 406
(iii) Besluit. 406 - 409

B. KONSTRUKTIEWE DEEL.

HOOFSTUK VII Suggesties vir die samestelling van 'n ideale Leerplan en 'n Leerboek.

1. Kriteria vir die samestelling van 'n Leerplan en 'n Leerboek.
(a) Kriteria vir die samestelling van 'n Leerplan.
(i) Kriteria vir die kies van doelstellings wat met 'n spesifieke vak beoog word. 410 - 411
(ii) Kriteria vir die kies van die inhoud van die vak. 411
(iii) Metode. 411 - 412
(b) Kriteria vir die samestelling van 'n Leerboek. 412 - 415

2. Suggesties vir 'n ideale Leerplan (studiekursus).
(a) Wie maak die Leerplan? 415
(b) Suggesties vir 'n ideale studiekursus.
(i) Belangrikheid van moedertaalonderwys. 415 - 418
(ii) Doel en funksie van moedertaalonderrig. 418 - 419
(iii) Die inhoud van moedertaalonderwys.
(a) Taalkunde (Grammatika). 419 - 424
(b) Mondelinge werk. 424 - 431
(c) Skriftelike stelwerk.
(i) Opstelle. 431 - 439
(ii) Briewe. 440 - 441
(iii) Parafrase. 441
(iv) Précis. 441 - 442
(v) Stylleer. 442 - 444
(vi) Voorgeskrewe werk. 444 - 457
(vii) Die Taalonderwyser. 457 - 462
(viii) Suggesties vir 'n studiekursus vir Standerd VIII. 463 - 464
(ix) Suggesties vir 'n studiekursus vir Stamderd X. 464 - 465

3. 'n Aanduiding van die samestelling van ideale leerboeke. 466 - 470

4. Slotbeskouings en gevolgtrekkings. 470 - 472

-----oOo-----

BYLAES.

Bylaag A: Lys van voorgeskrewe boeke. I - XII.
Bylaag B: Lys van Taal- en Leesboeke. XII - XIII.
Bylaag C: Dutch Orthography and Syntax. Reformed spelling. XIII - XIV.
Bylaag D: Verspreiding van persentasie simbole (1932-1940). XV
XVI - XX.
Bibliografie.

A. HISTORIES-KRITIESE DEEL.

HOOFSTUK I.

BEGIN VAN VERENGELSING, 1806 - 1839.

1. DIE TYDPERK 1806 - 1814.

a) Laer Onderwys.

In ons onderwysgeskiedenis word die Bataafse tydperk dikwels as 'n belangrike mylpaal beskou. Niemand betwyfel dit dat hierdie tydperk in meer as een opsig 'n interessante periode was nie en De Mist se verligte onderwysstelsel is tereg deur Dr. E. G. Malherbe beskryf as „one of the most suggestive contributions to educational theory that has ever been made by one man in the History of South African Education". 1) In 'n kort tydperk van 3 jaar was dit egter onmoontlik om al de Mist se idees in die praktyk te kon toepas.

Die belangrikste ten grondslag van die Ordonnansie van 1804, nl. onderwys los van die kerk, is deur die onmiddellike opvolgers van De Mist en Janssens heeltemal laat vaar. Cradock het, deur sy reorganisasie van die Voorleserskole in 1812, die noue verband bestendig wat daar vóór die Bataafse Tydperk tussen skool en kerk bestaan het. Die Skoolkommissie het sedert 1813, toe sy naam 'n verandering ondergaan het, Bybelverspreiding tot sy lys van werksaamhede toegevoeg gekry, en teen 1839 was hy glad nie meer herkenbaar as die Kommissie wat in 1805 volgens De Mist se ordonnansie saamgestel is nie.

Volgens 'n rapport aan die Koloniale kantoor in April 1807 het die Skoolkommissie, behalwe die Latynse Skool en die Skool vir Jong Dames, ook nog die 8 sogenaamde Hollandse laerskole onder sy beheer gehad.1) Hierdie laerskole is bygewoon deur „all children without distinction in their early years". 2)

Die Skoolkommissie het vanaf die aanvaarding van sy werksaamhede die standpunt ingeneem dat die Hollandse laerskole sy besondere aandag verdien, aangesien in hulle „den grond moet worden gelegt, tot de beschaaving, en zoedelijke verbeetering van het meerendeel der aanstaande Leden onzer Burgerlijke Maatschappij." 3)

Wat hierdie laerskole betref, blyk dit dat hulle aan baie gebreke onderhewig was. 4) Onder andere moes die ouers ook vir die nodige skoolboeke en ander skoolbenodigdhede sorg. 5)

Hervormings was dringend nodig, dog geld het ontbreek. Die onderwysers van die Hollandse laerskole het in 1808 nog geen finansiële ondersteuning uit publieke fondse geniet nie. 6) Oor die algemeen was die bestaan van dié skoolmeesters - in die woorde van die Skoolkommissie - „hoogst precair" met die gevolg dat „niet ligt iemand die nog eenige andere uitkomst weet, besluiten zal, om het Schoolhouden als eene vaste of zeekere broodwinning bij de hand te neemen." 7)

---

1) C.O.1 No. 97. Statements relative to the South African School Commission, 1 April, 1807.
2) C.O. 9 No. 4: Skoolkommissie aan Caledon, 23 Junie 1808.
3) C.O.9 No. 4: Ibid.
4) Ibid.

Teen 1809 was daar 6 Hollandse laerskole in Kaapstad 1) sowel as verskeie kerkskole en privaatskole. Slegs een van hierdie privaatskole verdien hier spesiale vermelding, nl. dié van die „Tot Nut van 't Algemeen." Ongelukkig is inligting omtrent die werk wat dié skool gedurende hierdie jare verrig het, baie skraal, maar ons weet nietemin dat dit toe reeds een van die vooraanstaande onderwysinrigtings in die stad was. Volgens 'n rapport van die Skoolkommissie van 1 April 1807 het die skool aan meer as 50 seuns en meisies onderrig verskaf en twee jaar later is dit weer vermeld as 'n „gedistingueerde" skool met 'n groot aantal leerlinge op die rol. 2) Onder sy leerlinge was daar destyds reeds die kinders van vooraanstaande ingesetenes van Kaapstad soos, o.a. dié van J.A. Truter, die président van die Hooggeregshof. 3)

Al hierdie skole was Hollands-mediumskole, en Engels is nie eers as vak op hulle onderwys nie. Gaandeweg het Engelse skole sedert 1807 hul verskyning gemaak en Hopley, een van die Engelse onderwysers, het selfs aangebied om, indien nodig, voorsiening te maak vir onderwys in Hollands en Frans. 4)

Kort hierna (1809) verskyn die rapport van Majoor Collins waarin hy o.a. skryf: „Import English teachers, and the next generation will be Englishmen," 5) maar wat die laerskole betref, het Cradock en sy voorgangers egter versigtig te werk gegaan en hul

---

1) C.O. 14 No 5: Skoolkommissie aan Alexander, 11 Jan. 1809.
2) Ibid.
3) C.O. 46 No 18: Getuigskrif van Truter aan Schonegevel, 8 Des. 1807.

beleid was meer bepaald daarop gerig om Engels naas Hollands 'n plek in die skole te laat inneem. So het die twee tale in die Vryskool wat in 1813 in Kaapstad opgerig is en meer bepaaldelik bedoel was vir die minderbevoorregte kinders, aanvanklik gelyke behandeling ontvang. Om die Hollandse laerskole aan te moedig om aan Engels 'n plek in hul leerplan in te ruim, het die Goewerneur 100 riksdalers as ekstra besoldiging aan dié onderwysers wat ook Engels kon onderwys, aangebied. 1)

Van hierdie ekstra voordeel wat 'n kennis van Engels vir hul sou meebring, is die Hollandse onderwysers in Kaapstad verwittig, en hoewel geeneen van hulle bevoeg was om die taal te onderrig nie, het enkeles nogtans hul gewilligheid te kenne gegee om dit aan te leer, sodat hulle die grondbeginsels daarvan kon onderwys. 2)

Hoewel die regte van die Hollandse laerskole in hierdie periode onaangetas gebly het, merk ons tog een verskynsel wat reeds aanstoot kon gee: deur aan die Engelse onderwysers groter salarisse as aan die Hollandse meesters te betaal, hoewel nie van die Engelse onderwysers verwag is om Hollands te onderwys nie, is daar tot 'n mate teen die Hollandse onderwysers gediskrimineer. Maar die koloniste is oor die algemeen so simpatiek behandel, en hul vertroue is daardeur tot so 'n mate gewen, dat die weg voorberei was vir drastieser verengelsingsmaatreëls onder die regering van Somerset.

b) Sekondêre onderwys in Kaapstad.

(i) Algemeen (Onder sekondêre onderwys word

onderwys is nie en dit sluit dus soms ook primêre en meer uitgebreide laer onderwys in).

Gedurende die tydperk 1806 tot 1814 het daar dus in Kaapstad redelik goeie voorsiening vir aanvangs- en laer onderwys bestaan, maar wat die fasiliteite vir meer gevorderde onderwys betref, was die toestande minder gunstig. Die twee openbare inrigtings vir sekondêre onderwys, nl. die Kos- en Dagskool vir Jong Dames en die Latynse Skool het na die oorname van die Kaap deur die Engelse in 1806 bly voortbestaan. Van eersgenoemde, wat in April 1807 nog steeds in die gebou in Keizersgracht gehuisves was, verneem ons dat dit op daardie tydstip in 'n florerende toestand verkeer het en deur sowat 25 "young ladies of some extraction, desirous of a more distinguished education" bygewoon is. 1)

(ii) Die onderwys in die Skool vir Jong Dames het gedurende die jare 1806 tot 1809 nog altyd in hoofsaak volgens die oorspronklike ooreenkoms tussen die Pahuds en die Skoolkommissie geskied, maar ongelukkig het dié skool spoedig die slagoffer van Caledon se besuinigingsmaatreëls geword. „His Excellency has desired that your attention may be directed to the heavy expense attending Mr. Pahud's School, while it does not appear that any adequate advantage is derived therefrom. For this reason the Governor is pleased to desire that you may acquaint Mr. and Mrs. Pahud, that after the 1st. of next April no further allowance whatever will be made to them from public funds".2) En tog bly die Latynse Skool gespaar!

Vanaf Oktober 1812 het die Pahuds se private

skool weer 'n publieke inrigting geword, maar hulle kon nie op die karige salaris bestaan nie en na 'n agtjarige bestaan het die Skool vir Jong Dames tot niet gegaan en daarmee een van die inrigtings vir sekondêre onderwys waar Hollands nog 'n plek op die rooster gehad het.

(iii) Die Latynse Skool onder H.J.I. Klein:

Hierdie skool wat reeds teen die einde van die Bataafse Bewind aan die agteruitgaan was, het ook na 1806 nog 'n paar jaar lank voortgesukkel. So verneem ons uit die reeds gemelde rapport van 1 April 1807 dat dit onder H.J.I. Klein as „Pro-Rector" gestaan het en dat die onderwys byna uitsluitend beperk was tot Latyn ooreenkomstig die „Instructie voor den Praeceptor der Latijnsche school" wat in Februarie 1794 reeds deur die Politieke Raad goedgekeur is. 1)

Die Latynse skool is besonder swak bygewoon, soos blyk uit die feit dat die aantal leerlinge gedurende die jare 1806 tot 1809 nooit bo 6 of 8 gestyg het nie. 2) Die vraag doen hom natuurlikerwys voor waarom hierdie inrigting so swak ondersteun is in 'n tyd toe daar, met uitsondering van een of twee privaatskole, geen ander skole bestaan het wat aan seuns sekondêre onderwys kon verskaf nie. Van die Hollandssprekende element kon redelikerwys verwag word dat hulle van die Latynse skool gebruik sou maak, aangesien dit 'n Hollands-mediumskool, met 'n deur-en-deur Hollandse atmosfeer was. Dat hulle dit nie gedoen het nie, moet in die eerste plek waarskynlik toegeskryf word aan die besonder eensydige en ongebalanseerde leerplan wat feitlik net tot Latyn beperk was. 3)

---

1) C.O.L. No. 87: Staatsmemorandum [illegible]

(iv) Die „Public Grammar School." Halloran was die opvolger van Klein en nou word die Latynse skool verdoop tot „Public Grammar School". Uit die ooreenkoms blyk dit dat Halloran se skool feitlik uit twee leerlinggroepe sou bestaan. Enersyds was daar diegene wat verder in die Klassieke en aanverwante vakke soos die ou geskiedenis, aardrykskunde en mitologie wou studeer. Hulle sou volgens keuse van hul ouers hul onderrig deur medium van Hollands of Engels kon ontvang. Andersyds was daar die leerlinge wat onderrig sou geniet in die wiskunde, handelswetenskap, Hollands, Frans, Duits en ander vakke wat Halloran na goeddunke in die skool kon invoer. 1)

Die kontrak het dus definitief voorgeskryf watter onderwys die leerlinge van die ou Latynse Skool in die nuwe skool sou ontvang. Tog is daar verder aan Halloran feitlik onbeperkte vryheid gelaat ten opsigte van die vakke wat in die leerplan ingesluit moes word. Die jaar 1810 was inderdaad die begin van 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van sekondêre onderwys in Suid-Afrika, want met die dood van Klein het die ou Latynse Skool met sy eensydige leerplan, sy Hollandse atmosfeer, en Hollands as enigste voertaal, van die toneel verdwyn.

In twee opsigte veral het die nuwe „Grammar School" van sy voorganger verskil. Nie alleen het eersgenoemde 'n veel groter verskeidenheid van leervakke aangebied nie, maar ook sou Hollands grotendeels deur Engels as voertaal vervang word. Die aanstelling van die eentalige Halloran as hoof van die „Grammar School" kan dus beskou word as die eerste stap - hoewel nie met voorbedagte rade gedoen nie - in die rigting van verengelsing van sekondêre onderwys aan die Kaap. 2) Halloran het weliswaar onderneem

om ook Hollands as medium te gebruik vir die leerlinge wie se ouers dit mog verlang. 1) Dit lê egter voor die hand dat daar in die praktyk van so 'n belofte heel weinig sou kon teregkom, omdat hy die Hollandse taal nie magtig was nie en 'n assistent wat bv. die Klassieke deur medium van Hollands kon onderwys, nie maklik verkrygbaar sou wees teen die salaris wat Halloran uit sy sak kon betaal nie. Aan die einde van 1810 is hy weens beweerde laster uit die Kolonie verban.

Vrugtelose pogings is aangewend om 'n geskikte rektor te vind. Nadat die betrekking twee jaar lank vakant was, is die moeilikheid egter onverwags opgelos toe 'n Hollander, Frederik Everard Turr, LL.D., met goeie kwalifikasies, getuigskrifte en 'n aanbevelingsbrief van die Engelse minister vir Kolonies, Graaf Bathurst, in die begin van Desember 1812 uit Engeland in die Kaap aangekom het. 2)

Die aankoms van Turr het Cradock enigsins in die verleentheid gebring, omdat hy baie graag 'n Engelsman aan die hoof van die "Grammar School" wou hê. "It had been my object", skryf hy aan Bathurst, "to have procured an English gentleman, as I conceive it to be of the highest importance that pupils of the higher classes in this Colony should make equal progress in the English as well as Dutch language; but Mr. Turr's qualifications seem, in every other respect, so satisfactory, and he appears so sensible of the value of the acquisition of the English language, that I feel assured, under the regulations I shall enjoin, this material point will not be neglected". 3)

---

1) C.O. 20 No 25: Ooreenkoms. Vgl. ook Advertensie in die Kaapsche Stads Courant, 9 Junie 1810.
2) C.O. 4833 p. 161: Alexander aan Skoolkommissie.

Nog 'n bewys dat Cradock baie ten gunste van 'n verengelsingsbeleid was, is die feit dat hy baie gekant was teen die skepping van 'n fonds om Prinsgesinde Nederlanders, wat in hul vaderland ontuis gevoel het, te help om na die Kaap te kom. 1) Teen so 'n maatreël het Cradock heftig te velde getrek, omdat dit die bestaande Hollandse oorwig in die Kolonie sou bestendig - 'n oorwig wat volgens sy mening teëgewerk moes word deur 'n "cautious and progressive introduction of the same laws, the same principles, and the same institutions of the parent state". 2) Die Kolonie met sy oorweënd Hollandse bevolking kon die beste vir die Briste Ryk beveilig word deur die Engelse wette, instellings en taal by die Koloniste ingang te laat vind. 3)

Vir die verwesenliking van die ideaal van 'n verengelste staatsdiens het Cradock in die „Grammar School" die aangewese middel gesien. In daardie skool immers, sou baie van die toekomstige staatsamptenare hul onderwys ontvang. Feitlik daartoe verplig deur omstandighede het die Goewerneur dus vir Turr aangestel as hoof van die „Grammar School" maar hom terselfdertyd die opdrag gegee "to promote, and to establish the cultivation of the English Language to the greatest extent, among your pupils of the higher rank, as the foundations upon which they will, in their future life, best make their way, not only within this Territory, but beyond its limits in the general range as common subjects of His Majesty's Dominions." 4)

Alleen leerlinge wat in staat was om hul moedertaal met gemak te lees en te skryf, sou in die skool

opgeneem word, maar dit is geheel-en-al aan die rektor oorgelaat om te oordeel in hoeverre 'n applikant aan hierdie vereistes voldoen, voordat hy as leerling ingeskryf word. 1)

Daar het egter wrywing tussen Turr en die Skoolkommissie gekom met die gevolg dat hy sy ontslag aangevra het, en dit op 24 Jan. 1814 ontvang het.

(v) Ander „sekondêre" onderwysers in Kaapstad.

Die aantal onderwysers wat gedurende hierdie tydperk die Klassieke as vak aangebied het, moes uiters gering gewees het; nietemin was daar verskeie persone wat privaatonderwys van 'n enigsins meer gevorderde aard gegee het. Hoeveel huisonderwysers hulself destyds in Kaapstad met onderwys van dié aard besig gehou het, kon nie vasgestel word nie. Onder dié wat definitief skole opgerig het, tref ons o.a. die volgende aan: C.E. Boniface, C. Frijman, Jan van Lindenbaum, J.S. Merrington, J.H.M. de Kock, P.C. Schonegevel en J.M. Bendall.

Op 15 Julie 1809 het de Kock 'n „Fransch School" opgerig. Toe hierdie skool in Okt. 1811 met J.S. Merrington se Engelse laerskool geamalgameer is, is ook Engels, Hollands en skrif by die leerplan gevoeg. 2)

'n Ander skool was die private „gedistingueerde Hollandsche en Fransche School" wat in Junie 1810 op die Boereplein tot stand gekom het met Jan van Lindenbaum as onderwyser. 3) Hierdie inrigting was slegs vir seuns bo 8 jaar bedoel wat reeds Hollands kon lees en verdere onderrig in Hollands wou hê - ook in Frans en rekenkunde.4)

In Januarie 1814 het die Skoolkommissie 'n ooreenkoms tussen Schonegevel en Bendall bewerkstellig waarvolgens hulle gesamentlik 'n „Engelsch-Hollandsch en

---

1) C.O. 36 no. 41: Instructions; Art. 11. Vgl. ook C.O. 44 no. 41: Hesse aan Alexander, 5 Aug. 1813.
2) Kaapsche Stads Courant, 19 Okt. 1811 (Advt.)

Wiskundig School Instituut" op 1 Februarie sou oprig. 1) Hierdie skool was, net soos die vryskool wat die vorige jaar opgerig is, 'n parallel-mediumskool. Bendall het sy lesse deur medium van Engels gegee, terwyl Schonegevel Nederlands as voertaal gebruik het. 2) Die inrigting het feitlik uit twee skole, in dieselfde gebou gehuisves, bestaan.

Die Bybel- en Skoolkommissie het die nuwe skool beskou as „a first step towards the forming of an Academy in Cape Town", maar hierdie hoë verwagtings sou nie verwesenlik word nie. 3) Van die inrigting se verdere geskiedenis is niks bekend nie, behalwe dat dit 'n kortstondige bestaan moes gehad het.

(vi) Besluit.

In hierdie oorsig van 1806 - 1814 het ons aan die lig probeer bring dat, wat die meer gevorderde onderwys in Kaapstad betref, dié jare van heelwat betekenis was. Hierdie periode kan beskou word as 'n oorgangstadium tussen die ou Latynse Skool met sy eensydige leerplan en die moderne sekondêre of hoërskool met sy veel uitgebreider leerplan. Kenmerkend van hierdie tydperk is verder die eerste pogings tot verengelsing. Die openbare „Grammar School" sowel as die private skole vir meer gevorderde onderwys het almal Engels in hul leerplan ingesluit, hoewel dit voorlopig nie Hollands verdring het nie.

Al hierdie skole het na 'n baie kortstondige bestaan van die toneel verdwyn met uitsondering van die „Tot Nut van 't Algemeen." In die geval van die „Grammar School" kan dit toegeskryf word aan die gebrek aan samewerking tussen die Bybel- en Skoolkommissie en die hoofonderwyser. Wat die privaatskole betref, is die oorsaak nie so maklik vas te stel nie. Dat hulle nie langer staande kon bly nie, was enersyds waarskynlik daaraan te wyte dat die

onderwysers nie oor voldoende bekwaamheid en opleiding beskik het om die vertroue van die publiek te wen nie, en andersyds aan die skoolgeld wat hulle, by gebrek aan geldelike steun van owerheidsweë, genoodsaak was om te vra.

2. DIE TYDPERK 1915 - 1827.

a) Laer Onderwys.

Met die koms van Lord Charles Somerset begin die eintlike verengelsingsproses in Suid- Afrika. Die koms van die Britse immigrante waardeur die oorwig van die Hollandse element in Suid-Afrika in 'n aansienlike mate verminder is, het die spoorslag gevorm vir besliste stappe om die kolonie te verengels. 1) 'n Verengelste kerk en skool sou die aangewese hulpmiddels wees om hierdie beleid te kan dien, en gevolglik het hy 'n stelsel van vry Engelse skole ontwerp waarin Engelse en Skotse skoolmeesters van oorsee die aanvangsonderwys aan Afrikaanssprekende kinders sou gee. 2)

„As skoolvakke in hierdie skole het gegeld skryf, rekenkunde, gewyde musiek, godsdienstige beginsels volgens die Hollandse of Skotse Katechismus, en die Engelse taal. Hollands was nooit offisieel 'n vak of medium van onderwys in hierdie vry Engelse skole nie. Die bietjie kennis wat die onderwysers nodig gehad het om die Hollandssprekende kinders te leer, moes hulle gevolglik maar terloops self opdoen." 3)

In hierdie skole sou primêre onderwys vry wees, maar 'n klein fooi moes vir sekondêre onderwys betaal word. 4)

Die tyd was ryp vir drastieser stappe en gevolglik is in 1822 Somerset se berugte Taalproklamasie uitgevaardig waarvolgens Engels die enigste amptelike taal van die

Spoedig na hul stigting was daar aanduidings dat baie van die Hollandssprekende ouers nie daarmee gediend was om hul kinders van onderwys in hul moedertaal verstoke te laat bly nie. Die eerste floue tekens van weerstand teen die verwaarlosing van die moedertaal in die Engelse Vryskole blyk uit die feit dat so baie kwartaalse rapporte melding maak van leerlinge wat spoedig daardie inrigtings verlaat het om na privaat meesters te gaan. 1) 'n Ander opvallende feit is dat op die dorpe soos o.a. Stellenbosch, Somerset Hottentots-Holland, Tulbagh en Graaff-Reinet, waar daar naas die Engelse ook 'n Hollandse skool bestaan het, so baie leerlinge albei besoek het. 2)

Tot hierdie eerste tekens van mislukking het baie faktore en oorsake meegewerk soos o.a. pligsversuim van onderwysers. Robertson en Innes se skole het egter floreer - veral Innes s'n. In sy onderwys het Innes steeds 'n hoë peil gehandhaaf. Na aanleiding van die jaarlikse eksamen getuig die plaaslike skoolkommissie o.a.: „We have to report that the appearance and order of the school were excellent and the improvement made in the English Language, - the great object of the Institution - was very striking. The many good specimen of writing and of proficiency in Arithmetic, exhibited in the public class, the correct knowledge of the elementary part of the Latin Language, of Geography and use of the Globes, English Grammar, translation of Dutch into English, as displayed in the private class, were at once highly honorable to the Scholars and reflected the greatest credit on their Teacher."3)

Intussen was daar heelwat ander privaat-inrigtings vir elementêre onderwys beskikbaar; trouens toe die ouers tot ontnugtering kom, het hulle hul toevlug tot die

begin kwyn het. Tereg merk Malherbe op: „When, however, to learn the English language meant to the Boer the exclusion of his own mother-tongue as a medium, his hostility was at once aroused: and with the existing laws it became a very difficult matter to reconcile him to the new educational system". 1)

Maar hierdie idee van moedertaalonderwys het by die owerhede geen gewig gedra nie; - die boerebevolking moes eenvoudig aanvaar wat op hulle afgedruk word; immers, „they were only a little over thirty thousand in number, and it seemed absurd that such a small body of people should be permitted to perpetuate ideas and customs that were not English in a country that had become part of the British Empire". 2)

NB En so moes Hollands sy ereplek as vak op skool aan die taal van die veroweraar afstaan.

b) Sekondêre Onderwys.

(i) Die „Grammar School": Die eerste ernstige botsing tussen die Bybel- en Skoolkommissie en die owerheid het in 1815 plaasgevind na aanleiding van die benoeming van 'n nuwe rektor vir die „Grammar School" in Kaapstad. Dit was by hierdie geleenthcid dat Somerset die eerste keer op ondubbelsinnige wyse sy standpunt uiteengesit het omtrent die plek wat die Engelse taal in die toekoms in die onderwys aan die Kaap behoort in te neem.

Die Bybel- en Skoolkommissie het 'n skriftelike ooreenkoms met Berrangé aangegaan waarvolgens hy benoem is tot rektor van die „Grammar School" waarin hy onderwys moes gee in Grieks, Latyn en ander vakke soos „Universal History, mythology and Moral Philosophy". 3) Somerset, egter, weier beslis om die benoeming goed te keur, 4) en die aanstelling van 'n rektor is van die baan geskuif.

---

1) Malherbe, E.G.: Education in South Africa, p.60.

Dit was Somerset wat die eerste weer die saak aanhangig gemaak het deur nl. in Julie 1816 aan die Kommissie 'n brief te laat rig waarin hy met 'n heeltemal veranderde sienswyse oor die toekomstige hoof en karakter van die ou Latynse Skool voor die dag gekom het. „I am directed by H.E.," lui Alexander se brief, „to state his decision that the School Master presiding over the Latin School should be a perfect master of the English Language and recommends strongly a person should be sent from one of the great Public Schools in England. This Colony being now an integral part of the British Empire, he considers it essential that a course of Education should be adopted competent to prepare the young men for the public service of the Colonial Government, the Army and the Navy and by which in cases where parents wished to send their children for a more improved education than a limited society can be supposed to admit of, the children should loose no time by a change of system." 1)

Natuurlik was hierdie uitspraak nie te rym met die vergunning wat die Skoolkommissie twee jaar tevore ontvang het om 'n rektor uit Holland te laat kom nie. Derhalwe het hulle die Goewerneur herinner aan die kontrak wat daar met Ds. Berrangé aangegaan was- 'n kontrak wat hulle beskou het as „suspended for a time as to its effects, yet as remaining in force and valid". 2)

Somerset egter, was onbeweeglik. Hy het die Koloniale Sekretaris kortaf laat antwoord dat hy die kontrak met Berrangé nie kon bekragtig nie „and that H.E. perseveres in his decision that the School Master must understand the English Language and the system of the School be formed upon that of some one of the great Schools in England." 3)

Na hierdie mislukte poging om die Goewerneur te beïnvloed, het die Bybel- en Skoolkommissie die stryd gewonne gegee en vir Somerset laat weet dat hulle sy verdere instruksies insake die verkryging van 'n geskikte rektor uit Engeland afwag. 1) Omdat dit heelwat oponthoud sou meebring, het die Kommissie aan die hand gedoen dat weleerw. R. Jones, met 'n sekere sersant Johns as assistent, intussen met die „Grammar School" 'n aanvang maak. 2) Sodra hierdie voorstel die Goewerneur se goedkeuring weggedra het, sou die Kommissie dan onmiddellik 'n Hollandse assistent probeer kry. 3) Somerset het egter nie geantwoord nie, met die gevolg dat die „Grammar School" gesluit gebly het.

As voorwendsel vir sy weiering om Berrangé se aanstelling goed te keur, het hy eers die groot behoefte aan predikante in die buitedistrikte aangegee, terwyl die werklike rede verswyg gebly het, nl. die feit dat Berrangé nie 'n Engelsman was nie en nie genoeg met die Engelse ideale besiel was nie. 4) Net so onregverdig was dit om die Hollandssprekende element, wat nog verreweg die sterkste in die Kolonie was, die geleentheid vir meer gevorderde onderwys te ontneem, eenvoudig omdat 'n Engelssprekende hoofonderwyser nie beskikbaar was nie.

So het die openbare „Grammar School" vanaf die ontslag van Turr vroeg in 1814 tot 1821 gesluit gebly, sodat leerlinge wat dit verder as die gewone skoolvakke wou bring, uitsluitend aangewese was op privaat onderwysers en 'n paar privaatskole wat naas die elementêre kursus ook 'n paar sekondêre vakke soos Matesis, Latyn en moderne tale aangebied het.

Vir die heroprigting van die "Grammar School" het

---

1) C.O. 79 No 8: Hesse aan Alexander, 10 Julie 1816.
2) Ibid.

die Bybel- en Skoolkommissie hulle nie verder beywer na hul mislukte poging om Ds. Berrangé as rektor aangestel te kry nie.

Eers tydens Somerset se afwesigheid met verlof is aan die heroprigting van die „Grammar School" weer ernstig aandag geskenk. Op 3 Mei 1821 het die koloniale kapelaan, weleerw. George Hough, 'n plan vir die stigting van 'n „Grammar School" met homself as „Rector Gymnasii" aan Bird voorgelê. Bird en Hough het saam die nodige voorwaardes en regulasies opgestel en die saak feitlik beklink, voordat dit op 4 Junie na die Bybel- en Skoolkommissie verwys is. 1) Die aanbod is aanvaar deur die agerende Goewerneur, Donkin, en op 23 Junie 1821 is die publiek van die heropening van die „Grammar School" in kennis gestel. 2)

Sodra die aantal leerlinge op die rol 6 bedra, sou dit die hoof vrystaan om die elementêre deel van die kursus, o.a. skryf en rekenkunde, aan 'n geskikte ondermeester toe te vertrou. 3) Indien die aantal leerlinge bo 21 styg, sou die rektor die reg hê om 'n assistent te benoem om onder sy toesig met die onderwys in die klassieke tale behulpsaam te wees. 4) Albei assistente sou egter uit sy private inkomste besoldig word.

Die leervakke en die medium van onderwys is in Artikel 3 van die eerste deel van die kontrak vasgelê. Daarvolgens het Hough onderneem om onderwys te gee in Grieks, Latyn, etiek, antieke en moderne geskiedenis, aardrykskunde, logika, Engelse taal en stelkunde, rekenkunde en die „Christian Evidences." 5)

Met die heropening van die „Grammar School" onder Hough is 'n verdere stadium bereik in die verengelsingsproses van die sekondêre onderwys aan die Kaap. Wat die

---

1) C.O. 4844, p. 427 en C.O. 142 no. 53

leervakke sowel as die voertaal betref, het die inrigting 'n deur-en-deur Engelse stempel gedra. Nie alleen is aan Hollands geen plek in die leerplan afgestaan nie, maar ook is in Artikel 3 van die kontrak definitief vasgelê dat die voertaal uitsluitend Engels sou wees. 1)

In hierdie verband dien egter vermeld te word dat Hough self gevoel het dat die algehele uitsluiting van Hollands 'n struikelblok in die weg van die inrigting sou lê. Nog voor die opening daarvan het hy aan die hand gegee dat die Bybel- en Skoolkommissie 'n deeltydse assistent in diens moes neem om sommige dae Hollands as ekstra vak te kom doseer. „The establishment would be more complete and happy in its results," lui sy brief aan Bird, „if an assistant were engaged by the School Commission to give instruction in the Dutch Language, which, being colloquial here, and in many instances, the language of office, should be taught grammatically and in early life". 2)

Die inrigting is egter gedurende sy kortstondige bestaan met Hough as rektor nooit so goed ondersteun dat die Kommissie aan hierdie wenk uitvoering kon gee nie.

Op 20 Mei 1823 dien Hough sy bedanking in weens gesondheidsredes. 3) Die inrigting was blykbaar nooit baie suksesvol nie en op een tydstip het slegs 'n sestal leerlinge daarvan gebruik gemaak. 4)

Twee jaar lank was die „Grammar School" gesluit. Twee aanbiedinge, nl. van Ds. A. Faure en John Fairbairn, is van die hand gewys. Op 2 Mei 1825 kom die weleerw. Edward Judge, M.A., in Kaapstad aan om as hoof op te tree. 5)

In die nuwe „Grammar School" sou daar les gegee word in Grieks, Latyn, Engels, aardrykskunde, antieke en

---

1) C.O. 142 no. 53: Hough aan Bird, 10 Mei 1821. Oor-

moderne geskiedenis, skrif, rekenkunde en wiskunde sowel as in die „Principles of Morality and the Evidences of the Christian Religion". 1) Verder is Frans, Italiaans en teken as ekstra vakke aangebied. Van Hollands as leervak was daar geen sprake nie en natuurlik sou die voertaal, net soos in Hough se skool, uitsluitend Engels wees. Die „Grammar School" sou voortaan direk onder die regering ressorteer, en daardeur is die Kommissie se gesag dus uitsluitlik tot die elementêre onderwys in die toekoms beperk.

(ii) Privaatskole.

Van die bestaan van die baie privaatskole waarvan slegs enkeles Hollands aangebied het, sou kan afgelei word dat die Kapenaars oor die algemeen gretig was om Engels aan te leer en dat die aanvraag vir onderwys in daardie taal nogal groot moes gewees het. Aangesien die Engelse bevolkingsdeel in Kaapstad in daardie tyd nog betreklik gering was, spreek dit byna vanself dat die Engelse privaatskole tot 'n groot mate op die ondersteuning van Hollandssprekende kinders aangewese was. Hierdie skole het dan ook stellig hul deeltjie bygedra om gaandeweg vir Engels 'n plek te verower in die huislike en maatskaplike lewe van die Hollandssprekende Kapenaars.

'n Verdere verskynsel wat die aandag trek, is die betreklike groot aantal skole wat, naas die elementêre, ook suiwer sekondêre skoolvakke soos Klassieke tale, Frans, boekhou, wiskunde, ens. aangebied het. (o.a. dié van Schonegevel). In hierdie opsig het die privaatskole inderdaad 'n groot leemte aangevul, aangesien die openbare „Grammar School" vanaf 1814 tot 1821 en weer vanaf 1823 tot 1825 gesluit was.

die leerkursus, nuwe onderwysmetodes of deur waarborge. Die onderwyser, Janssen, bv. het aangebied om persone bo 18 jaar wat Hollands taamlik goed kon verstaan, binne 6 maande in sy aandskool so ver te bring dat hulle in staat sou wees om Hollands in Engels te vertaal. Sy prys was 1 rd. per les, maar indien hy nie in sy doel slaag nie, sou daar geen lesgeld betaalbaar wees nie. 1)

Die „Tot Nut". Hierdie privaat-inrigting het tot Maart 1817 sonder onderbreking voortbestaan met N. van Es as eerste onderwyser. 2) Omdat geen geskikte opvolger gevind kon word nie, is die inrigting 'n tydlank gesluit. Eers in Januarie 1819 kon die vroeëre onderwys, na 'n onderbreking van byna 2 jaar, hervat word toe een van die lede van die Genootskap, Ds. J.C. Berrangé ingewillig het om die hoofskap van die skool te aanvaar. 3) Op 19 Feb. 1820 het die eerste publieke eksamen en prysuitdeling van die heropgerigte skool weer plaasgevind. 4)

Dit skyn of die skool weer totniet gegaan het. Ds. Berrangé was reeds in 1825 of eerder vir Ds. A. Faure in die Riebeek's Instituut behulpsaam. 5) Eers aan die begin van die dertiger jare is die „Tot Nut" onder blyke van groot belangstelling in Kaapstad heropen.

Die Riebeek's Instituut. Min besonderhede is in verband met hierdie skool bekend. In 1823 is dit deur Ds. A. Faure opgerig en later het Ds. J.C. Berrangé ook daar diens gedoen. 6) Dit skyn of Berrangé vanaf 1826 ál die taal- en letterkundige onderwys in die inrigting op homself geneem het. 7)

Met die Riebeek's Instituut het sy stigter hoofsaaklik die onderwysbelange van die Hollandssprekende element

1) Kaapsche Stads Courant, 24 Aug. 1822.
2) Ibid., 4 Jan. 1817; 11 Jan 1817; 29 Maart 1817.
3) Ibid. 26 Des. 1818.
4) Ibid. 12 Feb. 1820.
5) Zuid-Afrikaansche Tijdschrift, Jul. - Aug. 1825, p.289

in die oog gehad. 1) Pringle verwys daarna as 'n skool „for the Dutch-African youth." Sedert die ontslag van Turr was daar geen publieke of privaatskool (behalwe miskien die „Tot Nut) waarin die Hollandssprekende leerling sekondêre onderwys deur medium van sy eie taal kon ontvang nie, en in hierdie behoefte wou die Riebeek's Instituut voorsien. Die inrigting het 'n suiwer sekondêre kursus aangebied wat sou dien as 'n voorbereiding vir leerlinge wat hulself later in die teologie, regsgeleerdheid, geneeskunde, ens. wou bekwaam. 2)

Hoelank hierdie inrigting bestaan het, is nie bekend nie. Ds. Berrangé is in Maart 1827 oorlede, maar dit is natuurlik moontlik dat Ds. Faure alleen die skool voortgesit het, totdat hy in 1829 'n professoraat in die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum" aanvaar het. 3)

Vermelding verdien ook Pringle en Fairbairn se „Classical en Commercial Academy" waar assistente in diens geneem is om Hollands, Frans en ander moderne tale te onderrig. 4)

3. DIE TYDPERK 1828 - 1839.

a) Laer Onderwys: Die twee vryskole in Kaapstad het tot 1830 'n Hollandse en 'n Engelse afdeling elk gehad. In werklikheid was daar dus 4 skole waarvan in 2 net Hollands en in 2 net Engels as medium gebruik en as vak onderwys is. 5)

Op 9 Des. 1829 beveel die Kommissie egter aan dat die 4 onderwysers ontslaan word en slegs 2 skole geskep word uit die 4 met 2 bevoegde meesters aan die hoof. Nie een van die 4 diensdoende onderwysers is as bevoeg beskou nie. 6) Engels sou 'n verpligte vak in albei skole wees.

1) Pringle, T.: Narrative of a Residence in South Africa, p. 63.

Hierdie voorstel, waarop blykbaar nie gereageer is nie, is in Julie 1830 hernu en die regering stem daarop toe dat dit in Januarie 1831 in werking gestel kon word. Hierdie hernude voorstel het van die oorspronklike verskil deurdat dit die belangrike byvoeging bevat het dat "a competent knowledge of both the English and Dutch Languages" vir die 2 onderwysers wat aangestel sou word, vereistes sou wees. 1) Die Kommissie slaag egter nie daarin om geskikte applikante te kry nie en die betrekkings word dus deur tydelike Engelse eentaliges beklee. Nou is Hollands heeltemal uitgesluit uit die laerskole in Kaapstad daar die onderwysers nie genoegsaam met Hollands vertroud was nie.

Die regeringskole het gekwyn en as gevolg hiervan het die Bybel- en Skoolkommissie op 11 Maart 1834 by die regering aangedring "that it is advisable that, in future appointments to schools in situations where the Dutch language is generally used, it shall be considered requisite that the teacher shall instruct all children whose parents may apply for it in the principles of the Dutch language, as well as of the English language." 2) En so vind ons dat in dieselfde jaar nuwe regulasies vir plaaslike liggame saamgestel is "4. Instruction was to be imparted in Dutch where the parents desired it as a subject in school." 3)

Met stoeds kwynende Engelse Vryskole moes die eerste Superintendent-Generaal van Onderwys die probleem van reorganisasie aanpak.

b) Sekondêre Onderwys. Kaapstad was teen die end van die twintiger jare redelik goed voorsien van skole wat hulle op elementêre onderwys in Engels sowel as in Hollands toegelê het. 4) Tot 1828 was daar o.a. die geprivilegeerde Hollandse skole, en daarna nog die dia-

konie- en die Vryskole vir behoeftiges, naas 'n menigte privaat-inrigtings vir meer gegoede kinders.

Ook wat die buitedistrikte betref, is daar redelik goed voorsiening gemaak vir elementêre onderwys. Maar wat die meer gevorderde onderwys betref, was die toestand minder gunstig, veral in die buitedistrikte. Innes rapporteer dan ook in 1853 in sy oorsig van hierdie tydperk: „As the three first-class schools became vacant, elementary teachers were appointed. The classical and scientific departments, in consequence, ceased." 1)

Wat Kaapstad betref: 'n Paar privaatskole het iets meer as die gewone lees, skryf en syfer aangedurf, terwyl nog 30 leerlinge in 1828 Judge se „Grammar School" besoek het en goed in vakke soos Latyn, Grieks en Meetkunde onderrig is. 2) Maar laasgenoemde inrigting was te eensydig Engels en het 'n te uitgesproke Anglikaanse stempel gedra om algemene steun en vertroue te geniet. 3)

As iemand in daardie dae van meer as elementêre onderwys gebruik wou maak, moes hy suiwer Engelse skole bywoon, indien hy nie van privaatskole gebruik wou maak nie. Hierdie toestand van sake het baie daartoe bygedra dat die Hollandse koloniste so 'n rouse-aandeel geneem het in die stigting van die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum" in 1829 waarin meer gevorderde Hollandse onderwys verskaf sou word en ook geleenthede daargestel sou word om onderrig in moderne tale en ou tale deur medium van Hollands te kry. 4)

Ritchie stel die saak baie goed waar hy die motiewe vir die stigting van die Athenaeum behandel: „One (motive) was undoubtedly the feeling that the Dutch section of the population had been left out in the cold in the matter of more advanced education, and another seems to

---

1) Cape of Good Hope, Report on Public Education for the

have been that it was unfair to have the only superior school in the town so distinctly under the aegis of one particular denomination." 1)

In elk geval, die behoefte aan meer gevorderde onderwys was sterk en in hierdie behoefte wou die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum" voorsien. In die afdeling vir letterkunde, wat kursusse in Engels, Hollands, Klassieke Tale en Frans sou insluit, sou een professor Hollands en die ander Engels as voertaal gebruik. 2) Ds. A. Faure is aangestel as Hollandse professor in die Klassieke, 3) en in Oktober 1831 het A.N.E. Changuion sy professoraat aanvaar as professor, o.a. in Hollands. 4)

In vergelyking met Hollands het Engels van die begin af 'n bevoorregte posisie geniet, maar nietemin skyn dit tog of die Hollandssprekende publiek oor die algemeen in die dertiger jare met die behandeling van hulle taal in die inrigting tevrede was. 5)

Die „Tot Nut". In September 1831 is hierdie inrigting heropen met J.R. Mostert as hoofonderwyser. Die inrigting het voorsiening gemaak vir onderwys in die lees, skryf en grammatika van die Hollandse en Engelse tale, rekenkunde, aardrykskunde, Algemene en Bybelgeskiedenis.6)

Naas die deeglike onderwys wat daarin gegee is, het die inrigting stellig veel van sy populariteit te danke gehad aan die ereplek wat aan die Hollandse taal toegeken is. Tog was daar skynbaar reeds teen die end van die dertiger jare Hollandssprekende ouers wat hul kinders onttrek het, omdat die skool na hulle sin nie genoegsaam vir onderrig in Engels voorsiening gemaak het nie. 7)

---

1) Ritchie, W.: The History of the South African College, Vol I. p. 23.
2) Ibid., p. 27.
3) Ibid., p. 43.
4) Ibid., p. 76.
5) Scholtz, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, p. 73.
6) Z.A. Tijdschr., Jul. - Aug. 1832, pp. 321 - 322.

Die lofrede van Prof. Besselaar val seker nie hier uit die toon nie: „Dr. Abraham Faure heeft, in de dertiger jaren der vorige eeuw, de school der Maatschappij tot Nut van 't Algemeen te Kaapstad tot bloei gebracht. De school, onder de uitnemende leiding van Servaas de Kock, later van diens broeders Stephanus en Willem, eindelik van Dr. Changuion, heeft bewezen, wat Hollands als voertaal bij het onderwijs van Hollandse Afrikaners kan maken. Uit de school zijn voortgekomen mannen als Nicolaas Hofmeijr, Jan Henoch Neethling, J.H. Hofmeijr, (scriba en later moderator der Synode) Prof. J.J. Marais, „Onze Jan", allen volks- of kerkvaders. De school werd gesticht en beschermd door het eerbiedwaardig geslacht, dat destijds in de Kaapstad de toon aangaf, beide in godsdienst en in de samenleving. Er werd ook Engels onderwezen, maar de hoofdtaal was het Nederduits der kerk. Het moet ieder treffen, die hen gehoord heeft, hoe zuiver de oude Kapenaars Hollands spraken, en het schijnt buiten kijf dat het nageslacht het grotendeels aan het Tot Nut van 't Algemeen te danken heeft, dat de moedertaal tans zo in ere is." 1)

4. DIE LEERPLAN IN HOLLANDS 1806 - 1839.

Die idee van 'n algemene leerplan as vereiste vir alle skole het baie stadig ontwikkel. Hoe dit met hierdie saak gestaan het, kan uit die feit afgelei word dat aan die begin van die 19e eeu geen voorsiening gemaak is vir doeglike beheer en koördinasie in die onderwys nie. En die feit dat daar so baie privaatskole bestaan het wat net aan die ouers van die skoolgaande kinders verantwoording skuldig was, het daartoe meegewerk dat daar geen uniformiteit in die leerplan teweeg gebring kon word nie.

Elke privaatonderwyser het volgens sy eie manier onderwys gegee.

Die Skoolkommissie wat in die lewe geroep is deur De Mist se Onderwys-ordonnansie het probeer om orde in hierdie chaos te bring. Die bestuur van die erkende Hollandse skole en ook die Skool vir Jong Dames sowel as die Latynse Skool is aan sy sorg toevertrou, en die Skoolkommissie het dan ook na die beste van sy vermoë gesorg dat die voorgeskrewe inhoud van die leerplanne dwarsdeur die skole gevolg word. Oor privaatskole het die Kommissie geen seggenskap gehad nie.

(a) Leerplanne vir die Laerskool: Die sogenaamde "gemeene Hollandsche Schoolen" het slegs elementêre onderwys verskaf en die leervakke het uitsluitend bestaan uit lees, skryf, rekenkunde en die beginsels van die Christelike godsdiens. 1) Wat die leerlinge betref, stel die Kommissie dit in genoemde rapport dat die skole bygewoon is deur "all children without distinction in their early years."

Hierdie skole was Hollands-mediumskole en Engels is hie eers as vak onderwys nie. Sedert 1807 het Engelse skole hul verskyning gemaak en Hopley, een van die Engelse onderwysers, het selfs aangebied om, indien nodig, voorsiening te maak vir onderwys in Hollands en Frans. 2) In 1812 bied Cradock 100 rds. as ekstra besoldiging aan dié onderwysers wat ook Engels kon onderwys. 3) Daarna is ook Voorleserskole in die distrikte tot stand gebring, maar geen noemenswaardige veranderings in die leerplan het tot stand gekom nie, behalwe dat al meer die nadruk op Engels gelê is.

In 1822 kom die ses ingevoerde onderwysers aan, en

1) C.O. 9. No. 23: Skoolkommissie aan Caledon, 23 Junie

hiermee begin die werklike verengelsingsperiode. As skoolvakke het gegeld: skryf, rekenkunde, gewyde musiek, godsdienstige beginsels volgens die Hollandse of Skotse Katechismus, en die Engelse taal. As vak of medium van onderwys in hierdie vry Engelse skole is Hollands nooit offisieel erken nie. 1)

Die Engelse Vryskole van Somerset het van vertaalklasse met vertalings uit Hollands in Engels en omgekeerd gebruik gemaak. Omstandighede het dit genoodsaak. En in hierdie vertaalklasse is van der Pijl se „Gemeenzame leerwyze" algemeen gebruik. Die hoogste klasse het al die beste lesers bevat. Hulle kon woorde van 5, 6 of meer lettergrepe, sowel as gedeeltes uit die Bybel lees, en het verder sinne uit Hollands in Engels en omgekeerd vertaal. Teen die end van 1823 het Blair se beste leerlinge in Caledon ook met die studie van elementêre grammatika begin. 2) Maar ons moet onthou dit was nie deel van die leerplan nie: dit was die leerplan ten spyt!

Die 50 leerlinge uit wie die 3 hoogste klasse in die Hollandse afdeling van die Vryskole in Kaapstad onder M.J. de Kock bestaan het, het in 1827 die leerkuns tot so 'n mate bemeester dat hulle die Trap der Jeugd en die Bybel kon lees en belydenisvrae kon leer. 3)

Die Plek van Hollands in die Engelse Vryskole: Somerset se oogmerk was die verengelsing van die Kolonie, en dit spreek dus vanself dat Hollands nie amptelik as vak in die Vryskole erken is nie. Ook was dit die bedoeling dat Engels sover as moontlik die omgangstaal tussen onderwyser en leerling moes wees, maar aangesien dit vir die oorgrote meerderheid leerlinge 'n vreemde taal was, kon die Engelse Vryskole tog nie heeltemal sonder Hollands klaarkom nie. Dog dit was meestal slegs as

---

1) du Toit, P.S. 'Onderwys in Kaapland p.70

medium gebruik om kennis verstaanbaar te maak.

Somerset het toegestaan dat godsdiens-onderrig „for some time to come" deur medium van Hollands mog geskied, „provided always that the English Language be taught in all the schools." 1)

In die meeste Engelse Vryskole moes Hollands tog - behalwe as gedeeltelike medium by die onderwys - minstens in die hoër klasse 'n mate van aandag geniet as gevolg van die metode wat destyds algemeen in gebruik was nl. om die kinders met die Engelse taaleie vertroud te maak deur middel van vertaling uit Hollands. 2) Sulke vertaalklasse het o.a. op Swellendam, George, Uitenhage, Stellenbosch, Graaff-Reinet, Tulbagh en ander dorpe bestaan. 3) Buitendien was daar van die Engelse onderwysers, soos Robertson en Innes, wat die noodsaaklikheid van onderrig in Hollands besef het, - 'n faktor wat stellig veel tot hulle sukses bygedra het.

In Robertson se skool, bv. is Hollands later in al die klasse bokant die vierde as vak onderwys. 4) So verneem ons uit sy rapport vir die kwartaal Feb. - April 1826 van 5 leerlinge aan wie pryse toegeken is vir die beste vertalings uit Hollands in Engels, terwyl hulle ook 5 pryse gewen het vir Hollands lees. 5) Ook is dit bekend dat Innes op Uitenhage van Hollands gebruik gemaak het nie net vir vertaaldoeleindes nie, maar ook as medium, en dat hy dit selfs sistematies as vak onderwys het. 6) Op Somerset Hottentots-Holland het Thompson Hollands naas Engels onderrig, terwyl daar in die rapporte oor die skole te Caledon en Stellenbosch soms melding gemaak is van Hollandse Grammatika. 7)

---

1) Boustowwe, Dl. III, p. 270. Aangehaal deur Scholtz, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, p. 42.
2) C.O. 2678 No. 52; C.O. 2649 no 153; C.O. 2687 no. 130; C.O. 2660 no 81; C.O. 2711 no. 247.
3) Ibid.

Oor die algemeen egter, het Hollands 'n heeltemal ondergeskikte rol in die Vryskole gespeel: selfs waar dit 'n weinig aandag geniet het, was dit nie soseer terwille van die taal self nie, maar wel omdat dit direk of indirek die aanleer van Engels kon bevorder.

Na 1831 toe daar net twee Vryskole in Kaapstad oorgebly het, is Hollands heeltemal uit die leerplan uitgesluit weens die feit dat niemand gevind kon word wat aan die gestelde vereiste vir kandidate kon voldoen nie, nl. persone wat „a competent knowledge of both the English and Dutch Languages" gehad het. 1)

In 1832 het die leerplan in die dorpskool op Grahamstad in die elementêre afdeling die volgende uitkomste gehad: „The most elementary course usually included the 3 R's and religious teaching. In the teaching of the mother tongue much time was devoted to grammar and spelling. In the latter subject long lists of words were learnt by heart." 2) Wat die moedertaal was, is nie duidelik nie.

Na die regulasies van 1834, moes getrag word om onderwysers te vind wat Hollandse onderwys kon gee sowel as Engelse aan kinders wie se ouers dit verlang. 3) Die dubbele vereistes het natuurlik veroorsaak dat min van hierdie aanbevelings terug gekom het.

(b) Leerplanne vir Sekondêre Onderwys: Die gegewens in verband met leerplanne in Hollands in die sekondêre sowel as die primêre afdelings van hierdie periode is uiters skraal. In die meeste gevalle word slegs melding gemaak van die feit dat Hollands wel doseer word maar van 'n gedetailleerde kursus is daar geen sprake nie. In die laerskole het die posisie van Hollands gaandeweg versleg; soveel te meer verwag ons agteruitgang in die vak in die sekondêre skole want die laerskole bly toe die voedings-

bron van die sekondêre skool.

Die Skool vir Jong Dames. Uit 'n rapport van 1 April 1807 blyk dat die leervakke in hierdie skool bestaan het uit die beginsels van die godsdiens, Hollands, Frans, aardrykskunde en geskiedenis „brought into such a compass, as will suit the situation of a lady in life." 1) Verder word slegs vermeld dat Mnr. Pahud verantwoordelik was vir die taalkundige en wetenskaplike sy van die werk. 2)

Die Latynse Skool onder H.J.I. Klein. Hoewel hierdie skool 'n Hollands-mediumskool was met 'n Hollandse atmosfeer, het dit tog 'n besondor eensydige en ongebalanseerde leerplan gehad wat feitlik net tot Latyn beperk was. Die rapport van 1807 stel dit baie pertinent: „Latin is taught almost exclusively of every other science." 3)

Die „Public Grammar School" onder L.H. Halloran; Dit was die nuwe naam vir die ou Latynse Skool, sodat blykbaar aan die nuwe inrigting nie meer die idee van blote Latynonderwys verbonde was nie. Die skool het uit twee leerlinggroepe bestaan: die groep wat in die Klassieke en aanverwante vakke verder wou studeer en die ander groep wat onderrig sou geniet in die wiskunde, handelswetenskap, Hollands, Frans, Duits en ander vakke. 4) Hoeveel van die onderrig in Hollands tot stand gekom het, is nie seker nie omdat Halloran die Hollandse taal nie magtig was nie. Vanaf daardie tyd is voortdurend besliste pogings aangewend om die inrigting te verengels.

Die aanstelling van 'n Hollander, nl. Turr, ná Halloran, was glad nie die wens van Cradock nie, en hy het Turr dan ook duidelik laat verstaan dat hy van hom verwag „to promote, and to establish the cultivation of English to the greatest extent.... 5)

Volgens die ooreenkoms moes Turr die volgende leervakke in sy skool onderwys: 1) Die grammatika, sintaksis en prosodie van Latyn; 2) Die korrekte uitspraak, grammatika en stylleer van die moedertaal, Engels of Hollands; 3) Grieks, slegs aan die studente wat dit vir hul verdere studies sou nodig hê; 4) Mitologie; 5) Ou en moderne aardrykskunde; 6) Romeinse en Griekse oudheidkunde; 7) Algemene Geskiedenis, met insluiting van Bybelgeskiedenis; 8) Retorika. 1) Hierdie is die mees gedetailleerde leerplan van die periode onder behandeling, en dit is die enigste leerplan in Hollands waar spesifiek melding van grammatika en stylleer gemaak word.

'n Verskil van Halloran se skool lê opgesluit in die beklemtoning van formele moedertaalonderwys in Turr se skool. In die kontrak tussen die Skoolkommissie en Halloran was daar wel sprake van Engels en Hollands as voertaal, maar die onderwys van die twee tale as leervakke is aan die oordeel van die onderwyser oorgelaat. Dit is verder opvallend dat in die ooreenkoms met Turr geen melding gemaak is van die voertaal in sy skool nie. As ons egter in aanmerking neem dat die regulasies slegs van die leerling 'n kennis van sy moedertaal (d.w.s. Engels of Hollands) geverg het alvorens hy toegelaat kon word, dan kan ons aanneem dat van Turr verwag is om Engels sowel as Hollands as voertaal te gebruik. 2) So 'n veronderstelling sal trouens ook in ooreenstemming wees met die gees van Cradock se spesiale opdrag aan Turr, toe hy as hoof aangestel is. 3)

Hoewel 'n voorstander van verengelsing, tog skryf Cradock aan Bathurst na aanleiding van Turr se aanstelling: ..... „I conceive it to be of the highest importance that pupils of the higher classes in this colony should

make equal progress in the English as well as Dutch language...." 1)

In die stryd tussen Somerset en die Skoolkommissie oor die aanstelling van 'n nuwe rektor na die ontslag van Turr het dit duidelik geblyk dat kennis van Engels as vereiste gestel word vir die nuwe rektor. Omdat verskeie pogings misluk het, is geleenthede vir gevorderde onderwys sewe jaar lank nie beskikbaar gestel nie.

Toe die heropgerigte „Grammar School" in 1821 onder Hough tot stand kom, is Hollands uit die leerplan uitgesluit en die voertaal sou Engels wees. 2) Na 'n kortstondige bestaan het die „Grammar School" weer 2 jaar lank gesluit gebly, en moontlike applikante wat Hollands kon onderwys, bv. Ds. A. Faure, is van die hand gewys. Eindelik het weleerw. Judge die betrekking aanvaar, maar in die nuwe skool was daar van Hollands as vak geen sprake nie en die voertaal sou natuurlik uitsluitend Engels wees.

Eindelik is die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum" gestig en Judge se skool het opgehou om te bestaan. Nou het Hollands weer 'n plek op die rooster gekry maar nie as bevoorregte vak nie. Sedert 1831 het Prof. A.N.E. Changuion opgetree as Professor, o.a. in Hollands. Dat hy wel doeglik onderrig in Hollands gegee het, blyk uit sy taalboekies wat die vrug van sy ervaring was en wat in die veertiger jare die lig gesien het.

Die „Engelsch-Hollandsch en Wiskundig School Instituut", 1814.

Hoewel hierdie skool 'n kortstondige bestaan moes gehad het en nie juis 'n suiwer sekondêre kursus aangebied het nie, het dit tog voorsiening gemaak vir die onderwys van Hollands. Die skool is gesamentlik bestuur deur Schonegevel en Bendall. Die kursus sou uit Engels,

bestaan, terwyl die leerlinge Woensdae en Saterdae in die waarhede van die Christelike godsdiens onderrig sou word. 1)

As leerlinge sou aangeneem word alle kinders wat reeds so ver gevorder het "dat zij hunne moedertaal, het zij Engelsch of Nederduitsch, beginnen te lezen." 2) Hoewel die onderwysers dus deur die uitsluiting van kinders wat nie kon lees nie, en deur die byvoeging van aardrykskunde en geskiedenis tot die leerplan hul inrigting op 'n enigsins hoër peil wou bring as die gewone laerskole, het die kursus tog nog veel ooreenkoms met dié van daardie skole vertoon.

Privaatskole. Hierdie soort skole wat meer gevorderde onderwys gegee het, het in bestaande behoeftes voorsien deur veral op die onderwys in Hollands te konsentreer om sodoende die ouers tegemoet te kom wat hulle kinders uit die Engelse skole geneem het. Van die minder belangrike privaatskole waarin vir Hollands voorsiening gemaak is, word die volgende genoem, nl. die skole van C.E. Boniface, C. Frijman, J.S. Merrington, J.H.M. de Kock, P.C. Schoongevel en J.M. Bendall. Na 'n korter of langer tyd het die meeste van hulle tot niet gegaan.

Daar was egter drie privaatskole wat meer as net terloopse vermelding verdien, nl. die „Tot Nut", die Riebeek's Instituut, en die skool van Jan van Lindenbaum.

Die „Tot Nut" word beskou as 'n skool wat hom nie net op laer onderwys toegelê het nie maar ook 'n paar „sekondêre" vakke aangebied het, soos bv. Frans. 3) In September 1831 toe die „Tot Nut" heropen is, is daar voorsiening gemaak vir onderwys in die lees, skryf en grammatika van die Hollandse en Engelse tale, rekenkunde, aardrykskunde, Algemene en Bybelgeskiedenis. 4) Engels

het egter die oorhand gekry sodat teen 1840 die inrigting al heelwat van sy Hollandse karakter prysgegee het.

Die Riebeek's Instituut het die behoeftes van die Hollandssprekende gemeenskap in die oog gehad. Die inrigting het 'n suiwer sekondêre kursus aangebied. Inligting in verband met die inrigting is uiters skraal; tog weet ons dat die medium Hollands was en dit skyn of Ds. Berrangé vanaf 1826 ál die taal- en letterkundige onderwys in die inrigting op homself geneem het. 1)

Die derde privaatskool was die "gedistingueerde Hollandsche en Fransche School" wat sedert 1810 onder Jan van Lindenbaum op die Boereplein tot stand gekom het. 2) Die inrigting was bedoel vir seuns bo 8 jaar wat reeds Hollands kon lees en verdere onderrig in Hollands wou ontvang - ook in Frans en rekenkunde. 3)

(c) Die Leerplan teen 1839. Die toestand wat betref die leerplan in Hollands op die laerskole net voordat die eerste Superintendent-Generaal van Onderwys diens aanvaar het, kan kortliks as volg opgesom word: In die vryskole in Kaapstad het Hollands geen plek in die leergang nie. In die buitedistrikte is gebruik gemaak van vertaalklasse, nie om Hollands te leer nie, maar om Engels beter te kan verstaan. Daar was natuurlik enkele uitsonderings. Slegs privaatskole het in hierdie diepgevoelde behoefte voorsien.

Wat die sekondêre inrigtings betref: Die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum" het doeglike onderwys in Hollands verskaf; trouens, dit was die enigste erkende inrigting wat meer gevorderde onderwys in Hollands verskaf het. Besonderhede in verband met die leerplan ontbreek.

Dan was daar die „Tot Nut" wat moontlik gevorderde onderwys in Hollands voorsien het. Ook hier ontbreek

besonderhede.

Die buitedistrikte was aangewese slegs op privaatskole vir meer gevorderde onderwys en dit was minimaal by gebrek aan behoorlik opgeleide onderwysers.

Opsommend kan ons in verband met die tydperk 1806 - 1839 opmerk dat daar 'n snelle agteruitgang waargeneem kan word beide wat betref die onderrig van Hollands as vak op die laerskool en as medium van onderwys. Die leerplan van die laerskool toon 'n besliste agteruitgang as gevolg van die anglisasie-politiek, want, terwyl Hollands gedurende die Hollandse tydperk as hooftaal onderwys en as medium gebruik is, het hierdie taal gedurende die Engelse tydperk in waarde gedaal tot 'n vertaaltaal met die uitsluitlike doel om die kennis van Engels te bevorder. Op die regeringskole is dit nie meer as vak erken nie en is dit slegs aangewend as middel om die verengelsingspolitiek volkome te maak. Slegs privaatskole het nog getrag om die Hollandse taal op skool te bestendig.

Wat die sekondêre leerplan betref, dien opgemerk te word dat sedert Cradock hom begin bemoei het met die aanstelling van die rektor van die „Grammar School" daar 'n besliste verandering in sienswyse ten opsigte van Hollands ingetree het - onder dwang van owerheidsweë. Die opvallende negering van die behoeftes van die Hollandssprekende bevolking by die aanstelling van hoofde het duidelik getoon dat vir Hollands daar in die toekoms geen plek in die sekondêre leerplan meer sou wees nie. Die verdere geskiedenis van die „Grammar School" het dit bewys.

Eers met die stigting van die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum", onafhanklik van die regering, het Hollands weer 'n plek in die sekondêre leerplan gekry, maar met verloop van tyd en die toenemende toepassing van die

al meer en meer die aanskyn van 'n suiwer Engelse inrigting begin aanneem.

Die enigste ligbakens in hierdie tydperk op die gebied van meer gevorderde onderwys in Hollands was die privaatskole. En hier verdien die „Tot Nut" eervolle vermelding. Ook die Riebeek's Instituut en ander privaatskole het elk hul deeltjie bygedra om die Hollandse taal in Suid-Afrika te bestendig. In die lig van die verdere geskiedenis van skole in Suid-Afrika wil dit voorkom asof dié privaatskole in hul doel geslaag het en dat hulle ware reddingsonderwys gegee het in die jare van verdrukking; anders, hoe sou die idee van Hollands-medium en Hollands as vak lewend kon gebly het as die owerheid dit totaal geïgnoreer het? Hier het die privaatskole uitkoms gebied, en dit is hierdie periode van reddingsonderwys wat dit moontlik gemaak het vir agitasie vir moedertaalonderwys teen die end van die negentiende eeu. Tereg merk Prof. Besselaar teen 1914 op met verwysing na die „Tot Nut": „...het schijnt buiten kijf dat het nageslacht het grootendeels aan het Tot Nut van 't Algemeen te danken heeft, dat de moedertaal tans zo in ere is." 1)

Van veranderings in die leerplan of van leerplanontwikkeling in hierdie periode is daar natuurlik geen sprake nie: ons kan slegs aanstip dat die leerplan in Hollands, met uitsondering van die "Zuid-Afrikaansche Athenaeum" en enkele privaatskole tot niet gegaan het.

En dit alles as gevolg van 'n kortsigtige politiek. Maar, tot op hede was dit nog altyd die treurige ondervinding „that educational issues, which in themselves should have been relatively simple of solution, have repeatedly been obscured by the designs of politicians. The British authorities in those early days, instead of considering the soundness of their policy on educational

voking opposition and suspicion." 1)

Ten gevolge van die algehele veronagsaming van die taal van die meerderheid deur 'n taktelose en onsimpatieke regering, „this period saw the unfortunate beginnings of an antagonism towards English rule and the English language which has retarded the progress in general, and that of education in particular, of the two white races in South Africa up to very recent times; and many of the educational problems that emerged subsequently can be traced to this very period." 2)

---

5. DIE LEERBOEK 1806 - 1839.

As die toestand in verband met die leerplan betreurenswaardig was, nog hagliker was dit met die leerboek gestel. En as ons in verband met die leerplan gekonstateer het dat besonderhede aangaande 'n gedetailleerde leerplan byna totaal afwesig was, dan is besonderhede betreffende die leerboek glad nie te vinde nie. Slegs met enkele uitsonderings word terloops melding gemaak van 'n leerboek sonder om die titel aan te gee of iets van die inhoud mee te deel.

Dit verbaas niemand nie; trouens, „few elementary schools even in Europe possessed more than a handful books and the South African child fared much worse than the child in Europe". 3)

Aan die begin van die negentiende eeu was daar weinig skoolboeke in gebruik in Suid-Afrika want „it was not until the nineteenth century that school text books began to appear in any number, and at a price which brought

them within the range of the ordinary child." 1)

En dan moet ons ook onthou dat aan die begin van die 19e eeu daar nog geen boekdrukpers in Suid-Afrika bestaan het nie sodat alle boeke van oorsee bestel moes word. 2) „This was both expensive and slow. In 1813 the Bible and School Commission stated that it had every hope of the early arrival of books ordered from Holland six years previously!" 3) Hieruit kan ons aflei hoe dit werklik gesteld moes gewees het met leerboeke en skool, en dat dit ernstige gevolge moes gehad het, val nie te betwis nie, want „such delay was the more serious as the average child's school life was very short." 4)

Maar hierdie feit was nie van sulke oorweënd belang nie as dat dié ingevoerde boeke in die meeste gevalle totaal ongeskik vir die Suid-Afrikaanse kind was. „Nor could South Africa make full use of even the limited range of school books which Europe could offer..... Books from Holland were often unsuitable, since they were written in a form of Dutch which was not the mother tongue of the average Dutch-speaking teacher or pupil."5) Teen hierdie tyd het 'n onvolwaardige Afrikaans reeds sy spore begin afdruk - ook in die skool, - sodat suiwer Nederlands 'n seldsaamheid geword het in die mond van die gemeenskap, die kind en die onderwyser.

Die gebrek aan skoolboeke was 'n ernstige probleem as in aanmerking geneem word watter gebrekkig opgeleide onderwysers daardie dae dié loopbaan gevolg het. Vittoria da Feltre kon geïnspireerde onderwys sonder skoolboeke gee, maar „it was a very different matter for the ill-educated South African teacher who really needed the aid of good school books for his own as well as his

1) McKerron, M.E.: A History of Education in South Africa, p. 143.
2) Ibid., p. 144.

pupil's education," 1) met die gevolg dat „there were constant complaints that the work of the teachers was hampered by the lack of books....." 2)

Op die buitoskole was die Trap der Jeugd die begin en die einde van wysheid. Hierdie boek het meer as 'n eeu lank 'n baie belangrike plek in die leerskool in Suid-Afrika beklee. Dis 'n ou skoolboek wat uit die sewentiende eeu dagteken. In 1791 het die Maatskappy tot Nut die boek laat herdruk. En, hoewel Prof. Besselaar skryf van 'n 28e druk wat in 1888 te Leeuwarden verskyn het,3) het ek daarin geslaag om 'n verbeterde druk hiervan deur Juta, Kaapstad, 1904, (die laaste druk) in die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek raak te loop. Die volledige titel lui: Cramer, Bastiaan: „Geheel vernieuwde en verbeterde Trap der Jeugd, of naauwkeurige en bevattelijke grondlegger der nederduitsche spel-, lees-, schrijf- en taalkunst."

Prof. Besselaar tipeer die boekie uitmuntend: 4) „Onder andere scherpte dit leerboek het kind een ‚Gebed na den Schooltijd' in, wel geschikt opnieuw menslievende gedachten bij hem te wekken, indien soms gedurende lesuren de tuchtroede was gezwaaid: ‚.... bewaar onzen vriend, onzen geliefden leermeester in gezondheid en in leven, opdat wij hem nog lang als onzen wezenlijken weldoener en leidsman mochten aanmerken.' De indeling en begripsbepaling der grammatika ging zeker de bevatting der Zuidafrikaansche schooljeugd dier dagen te boven. Bij voorbeeld: ‚Vraag: hoe vele naamvallen zijn er? Antwoord: zes: noemer, teler, gever, beschuldiger, roeper, afnemer.' Op de tiende trap stonden dichtstukken, meest van zedekundige strekking, b.v.: ‚Allenspraak van

1) McKerron, M.E.: A History of Education in South Africa, p. 144.
2) Ibid.

een kind', getroffen door de overdenking van papa's goedheid, ‚die my voedt en kleedt'; ook van mama, ‚die als ik ziek ben, wel wil waken'. Het vrome kind besluit ‚nu meer te leren, dan tot heden is geschied' en ‚Van dit uur af aan '

is't met spelen afgedaan.'"

Dit is nie met sekerheid vas te stel of die Trap der Jeugd miskien ook in die sekondêre afdelings gebruik is nie. Dit is wel moontlik omdat die laaste paar trappe baie moeilik vir 'n laerskoolkind is; o.a. kom daar woorde voor met 6 lettergrepe. Die ou mense is lief om te vertel van hoe hulle jeneverboombladeren gespel het, nl. j-e je; n-e ne; jene-; v-e-r ver; jenever; b-o-o-m boom; jeneverboom; b-l-a bla; jeneverboombla-; d-e de; jeneverboomblade-; r-e-n ren; jeneverboombladeren.

Al waarvan ons wel sekerheid het, is dat die 50 leerlinge uit wie die hoogste 3 klasse in die Hollandse afdeling van die Vryskole in Kaapstad onder M.J. de Kock bestaan het, teen 1827 die leeskuns tot so 'n mate bemeester het dat hulle die Trap der Jeugd en die Bybel kon lees en belydenisvrae kon leer. 1)

Na baie vrugtelose pogings om leerboeke op te spoor wat gedurende hierdie tydperk op skole gebruik is, het ek daarin geslaag om een raak te loop in die Jardineversameling in die Kaapstadse Parlementsbiblioteek, nl. „Zedekundig Schoolboek, uitgegeven door de Maatschappy 'Tot Nut van 't Algemeen.' 3e Uitgave. Uitgever W. Bridekirk. Kaapstad 1833."

Die boekie beslaan 110 bladsye en die verhaal word in 10 „Avonden" verdeel. In die inleiding word die inhoud van die boek kortliks meegedeel: Eelhart het, behalwe sy eie kinders, ook nog die opvoeding van ander kinders op hom geneem. Almal was liewe soet kinders.

In hierdie boek leer en onderwys hy hulle: „hy toonde ze den aard en het gebruik, van alles, dat zy zagen, aan, en trachtte hen van die vrees te bevryden, welke sommige dwaze en niet wel onderrigte kinderen veeltyds, voor den donder en andere dergelyke schoone bewyzen van Gods almagt en goedheid, plegen te hebben; door hen te leeren, hoe zeer deze de lucht zuivert, ons een' verkoelenden regen in de zomerhitte verschaft, en andere nuttigheden aanbrengt" (bls 2.) (Let op die menigvuldige komma's, en die totale afwesigheid van die puntjies op die ij).

In die skemeraande as hul nie meer kan sien om te werk of te speel nie, dan leer en verhaal Eelhart die kinders die dinge waardeur hulle wyser kon word. Die hele boek is in samespraakvorm geskrywe: die kinders gesels met Eelhart en vra hom uit, waarop hy dan as leermeester poseer en hulle die nodige kennis verskaf. Die laaste drie bladsye bevat kort stellings van die sedekunde.

Dit wil voorkom asof die boekie, beide wat taal en inhoud betref, vir elementêre skole geskryf is; trouens, in Engels op die laerskole is destyds ook gebruik gemaak van 'n „Moral Class Book". Die boekie moes taamlik veel in gebruik gewees het aangesien hierdie kopie reeds die 3e uitgawe was.

In Somerset se Vryskole is gebruik gemaak van ver- metode taalklasse om Engels beter te verstaan. In hierdie klasse is uit Hollands in Engels en omgekeerd vertaal en die boek wat algemeen gebruik is vir dié doel was van der Pijl se „Gemeenzame leerwijze" wat o.a. lyste van Hollandse en Engelse woorde bevat het. In watter klasse die boek gebruik is, is nie bekend nie: beson-

Uit 'n prospektus van 'n kosskool opgerig deur Jan van Lindenbaum in die Paarl vir seuns vanaf 8 tot 16 jaar in die jaar 1805, vind ons o.a. die volgende vereistes wat hy aan voornemende leerlinge gestel het in verband met skoolbenodigdhede: 1)

„Aan de Boeken.

Een Hollandsch Lees- en Leer-Boek

Een dito Psalm -Boek

Een vrage of Hellenbroek," ens.

Dit word veronderstel dat hierdie boeke in die hoër klasse gebruik is, want van Lindenbaum het destyds slegs leerlinge bo 8 jaar in sy skool toegelaat. Wat die aard van die „Hollandsch Lees- en Leer-Boek" was, kon nie vasgestel word nie. Dit wil voorkom asof vir die grootste gedeelte van leesonderwys die leerlinge op die Bybel aangewese was en ook wel die vraebook.

Nog 'n enkele verwysing na skoolboeke is vervat in 'n brief van J. Edgar van Somerset Hottentots-Holland, gedateer 12 Feb. 1833, waarin hy o.a. die volgende bestel: 2)

20 English and Dutch Spelling Books.

2 Dutch Grammars.

Wat die aard van óf die spelboeke óf die grammatikaboeke was, en vir watter klasse hul bedoel was, is nie bekend nie.

Prof. Changuion se boeke het eers in die veertiger jare die lig gesien, hoewel die inhoud daarvan die uitkomste van sy ervaring was wat hy as professor in Hollands in die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum" opgedoen het.

Wat leerboeke dus betref, kan ons slegs by benadering vasstel wat die werklike toestand van sake was: In verband met laerskole was die mees gebruikte boeke

die Trap der Jeugd, (wat terselfdertyd moes dien as taal-, lees-, spel- en skryfboek), die Bybel en 'n vraeboek: Hellenbroek of Borstius of wel ook andere. In die buitedistrikte was die hoofdoel van die onderwys die voorbereiding vir die aanneming, en by dié geleentheid was een van die vereistes dat die kandidate ook 'n brief moes kon skrywe; sodat ons kan aanneem dat in die laerskole ook aandag aan briefskrywe geskenk moes gewees het. Spelboeke is ook gebruik, en by gebrek daaraan, lê dit voor die hand dat woorde, sinne en paragrawe uit die leesboek geskryf is. Wat die aard en inhoud van gekose voordragstukke betref, verkeer ons totaal in die duister, en daar bestaan alle rede om te glo dat aan opstelskrywe geen of baie min aandag geskenk is.

Op die gebied van sekondêre leerboeke is nog minder besonderhede beskikbaar. Blykbaar het die onderrig in Hollands bestaan uit wat die onderwyser in daardie verband kon meedeel en wat hy as noodsaaklik beskou het of waarvan hy 'n mate van kennis besit het. Wat lees betref, is besmoontlik gebruik gemaak van bestaande Geskiedenis- of Aardrykskunde-boeke wat dan tegelykertyd 'n tweeledige doel dien. Ook is moontlik veelvuldig gebruik gemaak van vertaalklasse om te kan voldoen aan die eise gestel deur die verengelsingsbeleid nl. om Engels beter te leer verstaan deur middel van vertaling.

---

6. EKSAMENS EN/OF INSPEKSIE. 1806 - 1839.

In ons verligte eeu met sy menigvuldige eksamens en bekerende liggame oor daardie eksamens staan ons begryplikerwys verbaas oor die vorm wat eksamens in daardie tye aangenoem het. Dit moet egter in gedagte gehou word dat daar destyds geen sentrale liggaam bestaan het wat beheer kon voer oor eksamens nie; gevolglik is hierdie taak toevertrou eers aan die ouers van die kinders wat 'n bepaalde skool besoek[1] en later (1813) aan plaaslike liggame.2)

Die doel van die destydse eksamens in die laerskool was nie gerig op bevordering van leerlinge in klasse nie, maar wel vir belangstellende ouers en vriende wat die verrigtinge bygewoon het om te kan sien hoe die onderwys in die skool vorder. Bevorderings is deur die onderwyser self gedoen wanneer 'n leerling 'n bevredigende peil van ontwikkeling bereik het.

In Kaapstad moes die predikante uit die Skoolkommissie die skole gereeld besoek en die leerlinge eksamineer, samesprekings met die onderwysers hou en aan die Kommissie rapport doen. Hierdie rapporte bring dan gewoonlik baie gebreke aan die lig. So lui een van die vroegste rapporte: „Door herhaalde Schoolvisitatiën is van tijd tot tijd aan de School Commissie gebleeken dat de geheele inrichting dezer Gemeene Schoolen, den voet, op welke dezelve hier bestaan, en voornaamentlijk de gewoone Metode van de Kinderen te onderwijzen, aan groote gebreeken onderheevig waaren." 3)

In 1813 is plaaslike liggame ingestel om toesig oor skole te hou. Natuurlik kon geen doeltreffendheid van hierdie liggame verwag word nie omdat die lede gewone boere was sonder enige aanspraak op bevoegd-

heid om as beoordelaars van die peil van onderwys op te tree. 1) Tereg merk Malherbe op: „Though such bodies might undoubtedly do good work, when their duties were limited to supervising the outward things about a school, yet their inadequacy as a set of judges on classroom work was as evident in those days as it is today."2)

Hierdie eksamens was dan ook altyd mondelinge eksamens, en een van die gunstigste rapporte oor 'n skool uit hierdie periode was dié oor Innes se skool op Uitenhage in 1824. O.a. het die Kommissie gerapporteer: „the correct knowledge of the elementary part of the Latin Language, of Geography and use of the Globes, English Grammar, translation of Dutch into English, as displayed in the private class, were at once highly honorable to the Scholars and reflected the greatest credit on their Teacher." 3)

Die inrigtings vir meer gevorderde onderwys was ook onderworpe aan die supervisie van die Skoolkommissie totdat die regering die beheer oorgeneem het, maar in die geval van gevorderde onderwys het die eksamens geblyk bevorderingseksamens te wees. In die ooreenkoms met Halloran van die Latynse Skool vind ons dat eenkeer jaarliks, net voor die Oktober-vakansie, 'n openbare eksamen gehou sou word by watter geleenthcid monsters van die leerlinge se werk vertoon en pryse uitgedeel sou word. 4)

In die instruksies aan Turr is die volgende regulasies neergelê: Tweemaal per jaar, nl. in die eerste week van April en Oktober, sou daar publieke eksamens afgeneem word na afloop waarvan die veertiendaagse vakansie 'n aanvang sou neem. Na die heropening van die skool sou daar 'n prysuitdeling in die openbaar

gehou word by watter geleentheid aan die leerlinge wat hulle in die eksamen onderskei het, pryse uitgedeel sou word. Gedurende die semester is van elke leerling verwag om minstens een tema per week uit te werk en sy klasposisie sou afhang van die aantal foute wat in sy tema voorkom. 1) Wat die aard van die tema was, is nie duidelik nie.

Ook in die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum" is openbare eksamens afgeneem: „The pupils were supposed to be examined orally on their year's work by gentlemen chosen from outside the College who were regarded as authorities in the subjects of examination." 2) Hierdie metode van openbare mondelinge eksamens het voortbestaan tot selfs 1866 hoewel hulle vantevore al aangevul is deur skriftelike eksamens. 3)

Baie jare lank is 'n jaarlikse prysuitdeling gehou, voorafgegaan deur 'n mondelinge eksamen. 4) Dit is egter duidelik vir iedereen dat baie van hierdie here se kennis in verband met die eksamenonderwerp al 'n bietjie verroes was en hul seer seker nie van die idee gehou het om hulle bevoegdhede voor kritiese professore en studente ten toon te stel nie, om nie eers te praat van die skaar van ouers en vriende wat teenwoordig was by sulke geleenthede nie. Baie persone is gevra om die eksamens te lei en byna almal het eenparig begin om verskonings aan te voer, sodat die Raad gewoonlik baie moeite ondervind het om 'n genoegsame aantal te vind om die taak te onderneem. Meeste van hulle het begrypliker-wys aan die veilige kant gebly en vrae gestel wat die studente baie min moeite besorg het met die beantwoording. Die rapport van die „eksaminatore" was dan ook altyd

1) C.O. 36 no. 41; Instructions, Art. 9.

vleiend. Nou en dan, egter, verskyn daar 'n deskundige op die toneel en dan was dinge glad nie so plesierig nie, en die rapporte die teenoorgestelde van vleiend. Gelukkig was deskundiges skaars. 1)

„De Zuid-Afrikaan" skryf op 26 Aug. 1831 na aanleiding van 'n openbare eksamen in die inrigting: „Wij verheugen ons om onze jonge Landgenoten in onze zoo schoone, rijke en voortreffelijke Moedertaal zoo ervaren en toegenomen te zien, en wij blijven hoopen dat die taal. niet zoo ligt zal verwaarloosd, maar tot eere van ons voorgeslacht en van onze Nationaliteit, en voor onzen Godsdienst, meer en meer zal aangekweekt worden."

---

1) Ritchie, W.: The History of the South African College, Vol. I, p. 67.

HOOFSTUK II.

ONDERWYS ONDER 'N ONDERWYSHOOF.

1. DIE TYDPERK 1839 - 1859.

(a) Die instelling van 'n Onderwyshoofskap en benoeming van J. Rose-Innes 1839.

In 1839 is eindelik in 'n langgevoelde behoefte voorsien, nl. die aanstelling van een persoon in wie alle magte met betrekking tot die skoolwese gekonsentreer sou wees. Dit was 'n besliste poging tot koordinasie van die opvoeding en sentralisasie van gesag.

Hierdie instelling of skepping van die betrekking van Onderwyshoof was die uitvloeisel van verskeie pogings in daardie rigting aangewend, onder andere dié van John Fairbairn, A. Bell, J. Herschel en andere.

Hierdie eerste onderwyshoof is met soveel pligte oorlaai, dat dit duidelik is dat geen enkele persoon ooit by magte sou kon wees om hierdie opgelegde pligte ten volle te kan behartig nie. Hierdie pligte sluit, onder andere, in „to visit every school at least once a year, to examine the ordinary routine of daily instruction, the arrangement of subjects, classification of pupils, etc., and to institute a strict inquiry into the state and progress of the schools generally." 1)

Maar hiermee is die lys van pligte nog nie uitgeput nie. „He will also be required to call for monthly returns from every school, of the attendance, conduct, and progress of every pupil, and quarterly reports of the stated examinations in presence of the local school commissions, detailing the subjects taught in the various classes during the quarter, the comparative merits of each pupil, and the report of the board on the result of the examination. From these data, the General Superintendent will be enabled to form a correct estimate of

---

1) Cape of Good Hope. Report on Public Education for the

the character and attainments of every pupil, and he will be authorised to grant certificates to such pupils, accordingly, as shall have finished their course of study with honour to themselves and credit to the institution. These certificates, His Excellency feels assured, will always be considered favourably by Government when selecting officers for the public service." 1)

Daar was egter nog 'n paar pligte wat deur die Hoof van die Onderwysdepartement vervul moes word: „It will also be the duty of the General Superintendent to hold constant communication with the instructors of the several schools on the method of instruction, - the progress of education in various parts of the world, - the local difficulties with which the teacher may have to contend, - and generally on every topic that can contribute to advance the cause of education in the colony. He will likewise be called upon to supply the Government with all necessary information on the educational statistics of the colony, and to draw up periodical reports from the monthly and quarterly returns, as also from his annual visitations, of the state of each school, and the efficiency of the system." 2)

Die S.G.O. was dus: Algemene inspekteur van skole, algemene registrateur, verteenwoordiger van opvoeding by die regering, opsteller van leerplanne, 'n leier vir die onderwysers, en dan moes hy ook nog die leerboeke kies.

In hierdie jaar (1839) is die Herschel-skema van openbare skole ingevoer waaronder in al die belangriker sentrums „Eerste klasse" of „Principale" skole opgerig sou word, terwyl in die kleinere stede en dorpe voorsiening gemaak is vir die oprigting van „Tweedeklasse" skole. Op „Tweedeklasse" skole sou die onderwys beperk

---

1) Report on Public Education for the year 1853.....

wees tot 'n aanvangs- of laer kursus.1)

Wat die eerstoklas-skole betref, sou 'n addisionele kursus vir middelbare of klassieke en wetenskaplike onderwys ingestel word, waar Hollands geen plek sou hê nie - net Latyn, Grieks en Frans in die taalafdeling. 2) En dan volg hierdie mededeling: „Geen gedetailleerde instrukties werden door de heer Innes opgetrokken voor de kursus in middelbaar onderwijs en wel om de goede reden dat er destijds geen leerlingen gereed gemaakt werden voor de hogere studiekursussen." 3) Hieruit sou kan afgelei word dat die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum" en ander privaat-inrigtings in hierdie behoefte voldoende voorsiening gemaak het.

Genoemde goewernementskennisgewing is, met betrekking tot Hollands, in sulke taktvolle en versoenende bewoording gestel, dat ek dit letterlik hier weergee om die toon daarin nie verlore te laat gaan nie: „To these (nl. die doeleindes wat bereik moet word deur die opvoedkundige inrigtings van enige land) which constitute the chief scope of every sound system of public instruction, His Excellency has to add one of paramount importance in this colony, viz.: to render its educational establishments effective in diffusing a correct knowledge of the English language among all ranks of the people. And whilst His Excellency respects the attachment which is naturally felt by colonists of Dutch extraction to their own language, associated as that feeling must be with the dearest relations of life, and has met their wishes in this respect by making the Dutch language a part of the elementary course of instruction in all schools where it is required, he feels confident,

1) S.G.O. rapport, 1912. Aanhangsel II p. 45.
2) Ibid., p. 46.
3) Ibid., p. 47.

from what he has learnt of the extent to which the study of the English language has been voluntarily prosecuted in the classrooms of the South African College, that the whole body of the colonists is prepared to regard, with him, the cultivation of the English language as inseparably connected with the future prosperity of this Colony." 1)

Kort na die benoeming van die heer Innes is twee groepe, bestaande respektiewelik uit vyf en ses onderwysers van die Skotse universiteite na die kolonie gebring om aan die hoof van eersteklas-skole te staan. Die meeste van hierdie onderwysers het van Aberdeen gekom. Dit was duidelik dat die eersteklas-skole die skole in die landelike distrikte van Skotland as model moes neem, veral die Dick-legaat-skole in die noordoostelike graafskappe waar, behalwe die laer onderwys, die begaafder leerlinge ook nog vir die universiteit opgelei is. 2)

b) Laer Onderwys: Die sekulêre onderwys in die laerskool is as volg verdeel: In die senior afdeling van die elementêre kursus sou daar die eerste en die tweede klasse wees, terwyl die junior afdeling van die kursus uit drie klasse sou bestaan, die eerste, tweede en derde klasse. Normaalweg lyk dit of die primêre kursus dus vyf jaar geduur het.

Innes was gretig om skole geldelik te steun met, natuurlik, sekere voorwaardes daaraan verbonde. In 1841 verskyn sy „Memorandum of Conditions upon which allowances will be granted from the Colonial Treasury, in aid of the Funds of Mission and certain other Schools, not on the Government Establishment." 3) Onder no. 6 lees ons: „The English language shall form a branch of in-

1) Report on Public Education for the year 1853... Appendix. Government Minute. Education. 23rd May 1839

struction in all schools thus aided, and, where practicable, it shall be used as the colloquial language of the school." 1) Vanselfsprekend was baie skole gretig om van hierdie aanbod gebruik te maak, en orals in die daaropvolgende skoolrapporte word melding gemaak van skole wat hierdie voorreg verbeur het deurdat die betrokke onderwyser nie in staat was om aan die gestelde voorwaardes te voldoen nie.

Innes wou ook graag in die behoeftes van die plattelandse bevolking voorsien; dientengevolge het hy in 1843 ook ondersteuning vir hierdie skole aangebied. Die voorwaardes is vervat in 'n kennisgewing: "Government Minute. Conditions on which aid will be granted by His Excellency the Governor in support of Schools at eligible stations, of which he shall approve among the Agricultural Population." 2) Die volgende voorwaardes is, onder andere, gestel: No. 7. "That at all stations where the Dutch language prevails, English shall also be taught, and that, as soon as practicable, it shall be made the language of intercourse between the master and pupils at a certain hour each day, and in connexion with some branch of instruction." 3)

Van elke skool is verwag om elke kwartaal statistiese opgawes te verstrek in verband met allerlei aangeleenthede van die betrokke skool. Uit die gesamentlike opgawes moes Innes 'n opsommende opgawe vir die regering saamstel. In so 'n opgawe moes Innes verantwoording van allerlei sake doen. Onder die hoof "Queries no.VIII" lees ons: "1. To what extent has the English language been introduced into the schools? 2. In how many is it the language of intercourse between the pupils and teacher? 3. What text books are chiefly employed? etc." 4)

Oor hierdie nuwe stelsel laat dr. Malherbe hom as volg uit: „This new system of so-called Government Established Schools was, however, entirely unsuited to the majority of the white population. In spirit it was nothing else than the system of English Free Schools introduced by Lord Chas Somerset in 1822, "to be carried out at the expense of the Home Government... and for a special purpose" (Innes: S.G.E. Report, 15th Aug. 1854) viz., the anglisation of the Boers." 1)

Ook dr. Scholtz gaan met hierdie uitspraak akkoord want „vir die regering sou geen stelsel van onderwys aan die Kaap aan sy doel kon beantwoord as dit nie vóór alles daarop bereken was om die Hollandssprekende koloniste die Engelse taal te leer nie." 2)

Na die toegewings in verband met Hollands in 1839 het die Vryskole in aantal toegeneem „en nou gaan die stelselmatige verengelsing met rasse skrede vorentoe." 3) Met verwysing na die wanhoopskreet van dr. A.N.E. Changuion en sy „Proeve van Kaapsch Taaleigen" waarin aangetoon word hoeveel Engelse woorde hul ingang in die „Kaapsch Taaleigen" reeds gevind het, skryf die Nienaber: „Die skool word 'n middel om die Engelse mode te propageer, die Engelse gedagte te laat ingang vind. Nieteenstaande dr. Changuion se diagnose van die ernstige toestand waarin Nederlands reeds verkeer, word daar eerder minder pogings aangewend om dit aan te leer. Trouens, in die regeringskool geskied dit net om met Engels beter vertroud te raak. Daarby kon baie van die ingevoerde onderwysers geen Hollands onderrig nie, al wou hulle." 4)

Hoewel Innes se aanstelling as Onderwyshoof algemene byval gevind het weens die feit dat hy die regte houding

1) Malherbe, E.G.: Education in South Africa (1652 - 1922) p. 81.

ingeneem het teenoor „het godsdienstig gedeelte der opvoeding en het onderwys in de Hollandsche taal," 1) het daar spoedig teëstand gekom soos blyk uit die lesing van prof. Changuion in Julie 1840 toe hy verwys het na die „nieuwe Schoolmeesters, die, uit Schotland aangekomen, aangesteld zyn geworden om de kinderen in de buiten districten te onderwyzen in de Engelsche en Hollandsche talen, by voorkeur boven die Studenten van het Z.A. Athenaeum, die met eene grondige kennis van beide talen toegerust zyn en bewezen hebben voor de taak volkomen bevoegd te zyn."2)

En so het Innes se verengelsingsbeleid ook na die buitedistrikte deur middel van sy stelsel van ondersteunde skole versprei. In hoever Innes in sy onderwyspolitiek geslaag het, blyk uit Malherbe se Diagram 4, waar duidelik getoon word hoe die Vryskole van Somerset ten onder gegaan het, terwyl Innes se skole 'n uiters vinnig stygende lyn vertoon,3) wat hoofsaaklik aan sy energieke optrede en die verleende finansiële steun aan die skole toegeskryf moet word.

c) Sekondêre Onderwys. Wat hierdie afdeling van die onderwys betref, kan vermeld word dat, nieteenstaande drukkende laste en haas onoorkoomlike moeilikhede, die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum" steeds voortgegaan het met voortgesette onderwys te gee. In Desember 1842, egter, het Prof. Changuion sy betrekking aldaar neergelê om daarna self 'n privaatskool in die Loopstraat te open.4) Dientengevolge het die Kollegeraad besluit om een van die plaaslike leraars te kry om die Hollandse klasse aan die Kollege waar te neem teen 'n vasgestelde salaris van £100 per jaar. Die Raad het ook besluit om die

1) De Zuid-Afrikaan, 31 Mei 1839.
2) Ibid., 30 Okt. 1840.

Hollandse klasse gratis te maak „in order to induce pupils to take Dutch." 1) Hierdie „inducement" het nodig geblyk want ons vind dat, toe Prof. Changuion die Kollege verlaat het, hy slegs nege leerlinge gehad het, vier waarvan vry skoliere was. 2) En so is Ds. S.P. Heyns, D.D. gekies om die betrekking van Hollandse professor aan die begin van 1843 te aanvaar. 3)

Gedurende die vyftiger jare is besondere belangstelling aan die Kaap aan die dag gelê wat betref „Hoër Onderwys." Sir George Grey het in hierdie opflikkerende belangstelling 'n besondere rol gespeel. Hierdie nuwe belangstelling het uiting gevind in 'n toename in die aantal inrigtings wat gevorderde onderwys aangebied het. In 1848 is die Diocesan-Kollege te Rondebosch geopen; in 1855 die St. Andrew's Kollege te Grahamstad en die Grey-Instituut op Port Elizabeth in 1856. 4)

Hierdie verhoogde belangstelling het gelei tot 'n poging om 'n Eksaminerende Raad in die lewe te roep om kandidate wat om hoër betrekkings aansoek gedoen het, te toets. 5) Die eerste stap in die rigting was die stigting van 'n „Board of Examiners of the Public Service" in Januarie 1850 deur die Sekretaris van die regering, John Montagu, „to raise the standard of service and to fit ambitious youths to rise to the rank of Resident Magistrate." 6) Daar was drie eksamens van verskillende standaard, 7) en die hoogste eksamen het ongeveer gelyk aan Matrikulasie gestaan.

Hollands is ook in die leerplan ingesluit, want die Raad het neergelê dat „all successful candidates should

---

1) Ritchie, W.: The History of the South African College, Vol. I, p. 119.
2) Ibid.
3) Ibid.
4) du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland (1652 - 1939)p.90
5) Ibid., p. 91.
6) Kidd, A.S.: The Origins of the South African Univer-

undergo an examination by some competent party as to their knowledge of the Dutch Language in case of their being required to fill situations in those country districts where that Language prevails." 1)

Hierdie Raad het tot 1858 bestaan toe sy funksies oorgeneem is deur die „Board of Public Examiners in Literature and Science" wat toe tot stand gekom het, en „wat hoofsaaklik aan die inisiatief van Sir George Grey sy ontstaan te danke gehad het." 2)

Genoemde Raad is deur Wet no. 4 van 1858 ingestel „for fixing the subjects and regulating the conduct of the several examinations". 3) 'n Bespreking het op 'n vergadering van die Raad ontstaan, en onderhandelinge met die regering het plaasgevind „respecting the best mode of securing a knowledge of the Dutch language for the offices in which a knowledge of that language would be required." 4) Die Raad verklaar dat in verskeie dele van die kolonie 'n kennis van Hollands noodsaaklik was vir die „due efficiency of the Public Service," 5) terwyl in ander dele dit nie van so veel belang was nie. Die Raad besluit om hom te hou by die aanbeveling van die Kommissie nl. dat die kandidate enigeen van die vakke, Hollands, Frans of Duits vir sy eksamen in moderne tale kan kies; tog twyfel die Raad nie daaraan nie dat „at every examination a sufficient number of candidates will pass who have a practical knowledge of the Dutch, and from whom a selection may be made for those offices in which such a knowledge will prove useful." 6)

Die Raad het verskeie eksamens ingestel, nl. die Eersteklassertifikaat in Lettere en Wetenskap wat gelyk gestaan het met die Londense M.A., die Tweede-Klas-

1) Kidd, A.S.: The Origins of the South African University System, 1850 - 1873, p. 3.

sertifikaat wat gelyk gestaan het met die Londense B.A., die Publieke Diens-eksamen wat naasteby gelykstaande was met die Londense Matrikulasie, en die Preliminêre Eksamen. 1)

Die Preliminêre Eksamen in die elementêre vertakkinge van die onderwys was bedoel om 'n goeie standaard in die hoër eksamens te verseker, maar in 1869 is dit afgeskaf omdat „a false estimate had been formed by many teachers and candidates of its value." 2)

Die Publieke Diens-eksamen was reeds vantevore deur die „Cape Public Service Board" ingestel. Hierdie eksamen het nie so 'n hoë peil gehandhaaf as die latere Derde-Klas-sertifikaat-eksamen nie (= Matrikulasie) en dit is afgeskaf toe daardie eksamen in 1863 in die lewe geroep is. Die Publieke Diens-eksamen het gemik op „at least a fair general education" hoewel „not nearly equal to that for Matriculation in the University of London." 3)

Die volgende kommentaar op die Raad en sy werksaamhede is deur dr. P.S. du Toit gelewer: „Hoewel hierdie Raad streng geneem nie 'n Sentrale Raad van beheer in die gewone sin van die woord was nie, het hierdie Raad van Eksaminatore en sy opvolgers tog 'n baie belangrike kontrolerende invloed op die rigting van die onderwysontwikkeling uitgeoefen." 4) En hy kon ook bygevoeg het dat dié Raad sy volle aandeel daartoe bygedra het om die verengelsingspolitiek in die onderwys volkome te maak. Van die staanspoor af het die Raad hom onwillig betoon om enige erkenning aan Hollands as vak te verleen en het hy die goue weg gekies om Hollands liewers as keuse-vak saam met Frans en Duits te plaas. Van moedertaal-onderrig in Hollands wou die

Raad niks weet nie - Engels was en sou die hooftaal bly.

Wat die onderwys van Hollands as vak op die eerste-klas-skole betref, blyk dit baie duidelik uit die latere rapporte van Innes dat onderrig in Hollands gegee is veral met die oog op die „translation classes" waarin byna altyd die nadruk gelê is op die vertaling uit Hollands in Engels. 1)

d) Privaatskole. Die vraag ontstaan nou: Aangesien die privaatskole die Hollandse lig in die dertiger jare brandende gehou het, sou hulle op die duur bestand kon bly teen die kragtige aanslag van die Engelse taal? Die geskiedenis van die „Tot Nut" verskaf ons die antwoord. Al meer en meer is dit gevoel dat die „Tot Nut" te min aandag aan Engels gee, en eindelik het hierdie Hollandse skool onder die dwang van buite af beswyk, sodat ons in „De Zuid-Afrikaan" van 20 Maart 1840 lees dat die „Tot Nut" „heeft nu behoorlyke schikkingen gemaakt, waardoor aan kinderen een behoorlyk onderwys wordt verzekerd in de Hollandsche en Engelsche talen".

Die stroom het al sterker geword en op 16 September 1847 berig „De Zuid-Afrikaan": „De Engelsche taal staat er op den voorgrond, terwyl er de Nederduitsche, thans zoo onafscheidbaar met gene verbonden, op eene grondige en smaakvolle wyze onderwezen wordt". En in 1857 kry die jonge Jan Hendrik Hofmeyr 'n eerste prys vir Hollands nl., 'n Engelse boek, „Ruins of Sacred and Historic Lands" met 'n opskrif daarin in Engels. 2)

Selfs Changuion was nie bestand teen die indruisende Engelse invloed nie. Onverskilligheid teenoor Hollands en die towerkrag van die vreemde het die bevolking aan die Kaap aangetas, en, hoewel Changuion in die begin nog 'n heftige stryd aangeknoop het om die Holland-

twyfelmoedig begin word sodat in sy eie Instituut Engels later 'n vername plek beklee het. 1)

In „De Zuid-Afrikaan" van 5 Januarie 1844 verskyn 'n verslag van 'n openbare eksamen in sy skool gehou waaruit blyk, in die woorde van Changuion self: „De bybelsche geschiedenis is in het Nederduitsch, al de overige vakken zyn in het Engelsch behandeld." Hollands was dus nie die voertaal in sy skool nie, maar tog is die Hollandse taal onderwys. 2)

Wat ander privaatskole betref: Daarvan word weinig melding gemaak behalwe in die geval van buitedistrikte waar hulle hul toegelê het veral op elementêre onderwys, deurdat die Eerstoklas-skole met hulle deeglik opgeleide onderwysers meestal in die behoefte aan gevorderde onderwys voorsien het. Boonop het op Grahamstad en Port Elizabeth in hierdie tydperk Kolleges ontstaan wat natuurlik baie daartoe bygedra het om in die behoefte aan gevorderde onderwys op die platteland te voorsien, hoewel hulle almal Engels georiënteerd was.

Hoewel Malherbe se diagram 3) 'n abrupte afsluiting in die lyn van privaat Hollandse skole na 1840 vertoon, het baie nog na daardie tyd voort bestaan. Gaandeweg het hulle aantal verminder ten gevolge van die instelling van staatsondersteunde of derdeklas-skole in die distrikte. Hierdie staatsondersteunde skole het die privaatskole 'n nekslag toegedien en hulle het dit veroorsaak dat privaatskole mettertyd doodgeloop het.

e) <u>Besluit</u>. Hierdie tydperk kan tereg die periode van „translation classes" genoem word wat die onderwys van Hollands betref. Hierdie twee dekades het sekerlik die meeste daartoe begedra om Engels die amptelike taal in

1) Vgl. Scholtz, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, p. 87

skole te maak. Somerset het die fondament gelê; Innes het daarop voortgebou en die verengelsingspolitiek tot verdere volmaaktheid gevoer. Teen 1859 was Hollands nie meer 'n vak op die regering se laerskole nie - trouens, dit was nooit 'n erkende vak op hierdie skole nie. En in die sekondêre afdelings is net „translations" gedoen, en in „translations" is dan ook later eksamens deur kandidate vir die Publieke Diens-eksamen afgelê. Die „moedertaal" van die Hollandssprekendes het in hierdie periode sover agteruitgegaan dat dit 'n „modern language" en 'n keuse-vak geword het.

---

2. NB.

DIE LEERPLAN 1839 - 1859.

a) Die Laerskool. Vir die eerste keer in ons onderwysgeskiedenis, en veral met betrekking tot die onderwys van Hollands op skool, vind ons 'n taamlik gedetailleerde leerplan vir die laerskool. Innes het ook inderdaad die saamstel van leerplanne as een van sy vername pligte gehad, en hierdie feit alleen maak van hom 'n belangwekkende figuur in die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis.

Die volgende leerplan vir Hollands is deur Innes saamgestel vir die vyf klasse van die laerskool nl., die drie klasse van die Junior afdeling en die twee klasse van die senior afdeling: Op die tweedeklas-skole sou die onderwys beperk wees tot 'n aanvangs- of laer kursus; die vakke van hierdie kursus is as volg gereël: „1. Lezen, schrijven.... 2. Een dogelike grammatikale kennis van de Engelse taal. Voor zover Hollandse leerlingen betreft, kan dit alleen bereikt worden door een

een wezenlik deel van lager onderwijs te maken. Een grammatikale kennis van de Hollandse taal zal aan alle leerlingen worden verstrekt die verlangend zijn de vertalingsklassen bij te wonen." 1)

En verder die volgende bepaling: "Op alle plaatsen waar de Hollandse taal deel uitmaakt van de kursus, moeten zekere uren worden afgezonderd voor oefening in het korrekt lezen en schrijven in de taal en voor vertaling, mondeling zowel als schriftelik, van uitgezochte passages uit de ene in de andere taal." 2)

Tereg merk dr. Scholtz op: „Hollands is naamlik erken as vak by die laer onderwys, maar weer eintlik alleen in sover dit nodig was om die Hollandssprekende kinders die Engelse taal te leer." 3)

b) Die Sekondêre Skool. Wat die eersteklas-skole betref, sou daar vir 'n addisionele kursus vir middelbare of klassieke en wetenskaplike onderwys voorsiening gemaak word, maar wat tale betref, is Hollands selfs nie eers genoem nie - net Latyn, Grieks en Frans. 4) Die daaropvolgende opmerking is in hierdie verband en ook ten opsigte van die leerplan vir die laerskool uiters van pas: „Uit de gedetailleerde syllabus van deze beide kursussen mag veilig worden afgeleid, dat de geleerde sterrekundige, Sir John Herschel, niet veel kennis bezat van schoolwerk in de Kaap Kolonie of zelfs van enig ander land." 5)

Dat die middelbare leerplan geensins gedetailleerd was nie, blyk uit die volgende: „Geen gedetailleerde instrukties werden door de heer Innes opgetrokken voor de kursus in middelbaar onderwijs en wel om de goede reden dat er destijds geen leerlingen gereed gemaakt

1) S.G.O.-rapport, 1912. Aanhangsel II, p. 45; Report for 1853... p. 24.

werden voor de hogere studiekursussen." 1)

Tog is daar volop bewyse te vind in die verskillende inspeksieverslae dat daar wel middelbare onderrig gegee is. Moontlik het Innes op sy periodieke besoeke by skole in individuele gevalle voorligting gegee in verband met die inhoud en omvang van so 'n leerkursus waar daar gekwalifiseerde onderwysers was en die aanvraag groot was.

Met die instelling van die „Board of Public Examiners" het hierdie liggaam 'n voorgeskrewe leergang neergelê vir die Publieke Diens-eksamen wat die naaste aan die Matrikulasie-eksamen van Londen gekom het. Eers volg die algemene „outline of subjects" wat, met betrekking tot Hollands, die volgende aandui: „67. no. 7. A grammatical knowledge of any of the following languages the candidate may chose, namely:- Dutch, German, French: to include readiness and accuracy in translating from English into the language chosen, and vice versa." 2)

Daarop volg die leerplan vir Julie 1859. „7. Modern Languages. Dutch, German or French. The candidate to choose the language on which he is to be examined. Passages to be translated from the language into English and vice versa. 3)

Die Preliminêre Eksamen sou egter streng privaat en hoofsaaklik mondeling wees. Geen Hollands is vir dié eksamen voorgeskryf nie.

Soos verwag kon word, het die eksamens van die „Public Board of Examiners" sedert 1859 en sedert 1873 dié van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop die leerplanne bepaal, beide wat inhoud en omvang betref, en dit sou baie jare duur voordat 'n onderwysdepartement

1) S.G.O.-rapport, 1912. Aanhangsel II, p. 47.
2) B.P.E. By-Laws and Rules... with a programme of examinations for 1859, 1860, and 1861. p. 13.

weer die reg sou hê om leerplanne vir skool-eksamens op te stel.

Innes egter, het hierdie noodsaaklike voorreg uit sy hande laat glip om dit in die hande van 'n eksamine-rende liggaam te laat oorgaan; 'n liggaam wat in hoof-saak in geen direkte kontak met die skool gestaan het nie; wat weinig bekend was met die behoeftes en omstan-dighede van die Kaapse onderwys in die algemeen, en wat sy outokratiese wil van bo af afgedruk het op die skool sonder inagneming van die publieke opinie. Dit is hier-die eksaminerende liggaam wat later ten tyde van sterk agitasies vir die herstel van Hollands op skool sy ore daarvoor doof gehou het en net oog en oor gehad het vir aanbevelings om die verengelsingsbeleid tot diens te kon wees en daardie beleid tot sy volle konsekwensies deur te voer ongeag die roepstem van die oorgrote meerderheid wat hul eersgeboortereg geëis het.

c) Besluit. Gedurende Innes se dienstyd het geen op-vallende veranderings met betrekking tot die leerplan vir Hollands in die laerskool ingetree nie. Van 'n middelbare leerplan vir Hollands word niks meer vermeld nie, behalwe terloopse verwysings na vertaalklasse in inspeksieverslae. Die Kolleges het waarskynlik dieself-de leerplan as die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum" gevolg totdat die „Board of Public Examiners" hierdie belangrike funksie van leerplansamestelling hom toegeëien het, en daarna moes voornemende „matrikulasie"-leerlinge die voorskrifte van die Raad volg, hoewel niemand gedwing is om aan die eksamens van die Raad deel te neem nie.

Tog is in hierdie tydperk die grondslag vir verdere ontwikkeling en uitbouing van die leerplan gelê.

3. DIE LEERBOEK 1839 - 1859.

a) Algemeen. Hierdie tydperk word gekenmerk deur die verskyning van die Suid-Afrikaanse leerboek. Tot omstreeks 1840 is byna alle boeke uitsluitlik uit die buiteland verkry: boeke wat vreemd was vir die Afrikanerkind omdat daarin vreemde onderwerpe behandel is en vanuit 'n vreemde oogpunt gesien. Boeke wat oor Suid-Afrika handel, was feitlik totaal onbekend.

In die rapport van die Superintendent-Generaal van Onderwys van 1855 en die eerste helfte van 1856 word melding gemaak van die eerste Suid-Afrikaanse leerboeke: „And in order that the important business of translation might be systematically introduced into, and form part of, the elementary course in all schools where the Dutch language prevails, a "first book of exercises in translation" was prepared by me on the interliniary method of teaching; introductory to which, as a text-book, a work called "The Elements of Translation" has been published, in three parts, by Dr. Changuion." 1)

In dieselfde rapport waarin ook die jongste inspeksieverslae opgeneem is, word dan ook melding gemaak van skole waar hierdie boeke gebruik is, bv.: Stellenbosch: „In Dutch, exercises in translation from Changuion's elementary series." 2) Ook Worcester het van hierdie boeke gebruik gemaak: „Text-books:"Changuion's Elements of Translation" as also "The First Book of Exercises." The exercises have consisted of oral translations, as well as written versions from the one language to the other. Translations have also been made of passages from the Companion to the Bible."3) En in verband met Swellendam skryf Innes 4): „In the Dutch language, instruction

1) Report on Public Education for the year 1855, and the first half of 1856. p. xiii.

has been given in orthography, syntax, and composition, together with translations into English from the "First Book of Exercises" and into Dutch from passages in the Moral Class-Book, and other select pieces." Hierdie werk is in die senior-klasse van die elementêre kursus gedoen.

b) Geslachtwijzer der Nederduitsche Taal. Maar daar het, behalwe genoemde werke, reeds in 1842 'n boekie van die hand van Changuion verskyn: „Geslachtwijzer der Nederduitsche Taal". (Kaapstad. J.H. Collard) Op bladsy ses verwys hy na die werke van Hoogstraten, Siegenbeek, Weiland en Martin, waarvan hy ongetwyfeld gebruik gemaak het by die saamstel van sy werkie. Die boekie bevat 'n menigte reëls in verband met die bepaling van geslag, en nog meer uitsonderings op die reëls daarby. Van die 112 bladsye waaruit die boekie bestaan, is 26 bladsye aan reëls gewy en die res is 'n woordelys waarin die woorde volgens geslag gerangskik is. Dit is te betwyfel of die boekie 'n groot afset geniet het omdat nêrens daarna verwys word nie. Dit kan met veiligheid aangeneem word dat die veel omvattender boek van Innes, wat die volgende jaar verskyn het, hierdie werkie van Changuion in die niet laat verdwyn het.

c) „First Book of Exercises". In 1843 verskyn dus J. Rose-Innes se „First Book of Exercises for the use of the Dutch classes in the Government Schools, and in the Mission and other schools receiving aid from the colonial treasury Cape of Good Hope. Cape Town. A.S. Robertson, Heerengracht, 1843." Hoewel die titel baie pretensieloos lyk, beslaan die boek egter wel 260 bladsye. In die voorwoord word die beoogde doel van die boek uiteengesit: (p. iii) „This Elementary Text Book is the first of a

the Dutch pupils in the Government Schools to study their own language in its pure form, and through the medium of their own, to acquire a correct and intimate knowledge of English." Van die res van die beloofde serie is egter nooit weer vernoem nie.

Die boek is in drie afdelings verdeel wat kortliks as volg deur die skrywer beskryf word: Afdeling Een bevat 'n serie „progressive Reading Lessons in Dutch," (p.iii) bestaande uit eenvoudige sinne en uittreksels in „natural history and physical science." (p.iii) Hierby is aangeheg 'n Interliniêre Sleutel, waarin die woorde van elke oefening gerangskik is in die orde wat in ag geneem moet word as in Engels vertaal word; elke woord word letterlik weergegee deur die ooreenstemmende vertaalde woord of uitdrukking daaronder te plaas, en, sodat hierdie letterlike vertaling kan aanpas by die idioom van die taal waarin dit vertaal word, is die barbarismes op elke bladsy gemerk soos hulle voorkom, en 'n korrekte idiomatiese vertaling daarvan onderaan gegee. (p.iii).

Afdeling Twee bestaan uit Fabels en Allegorieë gekies uit Addison se werke. Hierdie stukkies is spesiaal vir hierdie leerboek deur Professor Changuion vertaal. Hierby is aantekeninge gevoeg wat die moeiliker stukke verduidelik en terselfdertyd daardie vorme van uitdrukking en infleksie illustreer wat eie is aan die Hollandse taal. Die aantekeninge is deur dieselfde skrywer saamgestel, en aan hom is ook tot 'n groot mate die toesig van die werk deur die pers toevertrou, hoewel hy nie verantwoordelik was vir die plan, die metode van rangskikking of die uitkies van stukke uit verskeie skrywers se werke waarop die skrywer moes terugval nie. (p. iv)

Afdeling Drie bevat die Infleksies, of soos hulle

is geneem, in verkorte vorm, uit Marshall se "Dutch Grammar", met verskeie belangrike korreksies en verbeterings, egter, deur Prof. Changuion, veral met betrekking tot die vervoeging van saamgestelde werkwoorde.(p.iv)

Aan hierdie afdeling is ook gevoeg 'n serie oefeninge in Engels wat in Hollands weergegee moet word óf mondeling óf skriftelik. Hierdie oefeninge is uitgesoek met die doel om hierdie nodige oefening so wisselend en opvoedend as wat moontlik is,te maak. Die middele om die moeiliker dele van die oefeninge te vertaal, is deur Prof. Changuion verskaf en hierdie middele is deur aantekeninge met ooreenstemmende merke in die voetnote by oefeninge aangebring. (p. iv)

Die voorafgaande is die skrywer se verduidelikende uiteensetting van sy metode. Om die inhoud van die boek te tipeer, word 'n aantal voorbeelde hier weergegee.

Eerste Afdeling: As voorbeeld van die interliniêre vertaling geld die volgende op bladsy 118:-

2) Het blijkt uit al - het - bovenstaande.....

It appears from all - that - stands - above....

En dan volg die korrekte uitdrukking in die voetnoot:

2) It is evident from the above statements taken together.

Tweede Afdeling: Fabels en Leenspreuke. Van die ruim aantal word slegs 'n enkele een weergegee: (p.119)

"De Duif en de Mier - Eene duif zat op den oever van eene beek te drinken, en zag eene mier by ongeluk in het water vallen, en, te vergeefs, beproeven om den kant te bereiken. Met medelijden bewogen, plukte zij een grashalmpje uit, en wierp het in den vloed, waarop de arme mier zich redde, gelijk een matroos, die schipbreuk geleden heeft, op eene plank. Naauwelijks had zij het

Oogenblikkelijk liep zij naar den jager toe, en stak hem zoo vinnig in het been, dat hy van schrik opsprong, en een geritsel maakte, waarop de duif weg vloog, en aan het gevaar ontsnapte, waarmede zy bedreigd werd.

Wij moeten altijd gereed zijn om elkander dienst te doen."

Let op die sedeles aan die end en die deurgaans wispelturige gebruik van y en ij - moontlik drukfoute?

Op bladsy 174 verskyn dan die aantekeninge by hierdie les: „Line 2. - Te drinken. The Infinitive Mood takes the place of the present participle after the verbs zitten, staan, liggen: hy zit te drinken, he sits drinking; hy staat te kijken, he stands looking; hy ligt te gapen, he lies yawning. line 6. - Grashalmpje, a little blade of grass," ens.

In Afdeling Drie word die Infleksies van die Hollandse taal behandel met mondelinge of skriftelike oefeninge daarop. Eers word nege rededele deur medium van Engels behandel. Daarna volg die „Rules of Gender" wat bestaan uit ag reëls, met baie uitsonderinge, om te bepaal watter geslag 'n bepaalde woord aandui.

Na die behandeling van die rededele volg die oefeninge daarop. (p.219) Die werkwoord met wyse, tyd, lydende en bedrywende vorms vorm die gebruiklike pynlike proses by die aanleer van die verskillende vorms wat die werkwoord in Hollands aanneem.

Om die vordering van leerlinge aan te toon, word die heel laaste stuk van „General Exercises on the Inflections" hier weergegee. Die stuk is natuurlik bedoel vir vertaling „to be rendered into Dutch either orally or in writing." (p.iv Voorwoord.)

„XVII. - „If the earth a) conducted heat more rapidly than it does, the inequalities of temperature would

variation, which is about forty feet from the surface, would differ less than it does. If the surface radiated more rapidly than it does, the flow of heat to the polar regions would increase, and d) the temperature of the interior of the globe would find a lower level; the differences of temperature in different latitudes would increase also, but the main temperature of the globe would diminish. If the earth were a globe of pure iron, it would conduct heat, probably, e) twenty times as well as it does:- if its surface were polished iron, it would only radiate one sixth f) of what it now does. Changes in the amount of conduction, and radiation g) far less than these would probably h) subvert the whole thermal constitution of the earth, and i) make it unhabitable by any of its vegetable or animal tenants. One important j) result of the existing laws of heat on our globe, is, that the k) deviations from the main condition, produced by any temporary cause, are rapidly l) suppressed; thus, the deviations of seasons have but a small and transient effect; the m) impression of an extremely hot day upon the ground melts almost immediately into the average internal heat; and the effect of a hot summer n) is soon lost in its progress through the globe. Were it otherwise, that is, were these inequalities, as they o) pass into the interior of the earth, to p) retain the same value, or to become larger and larger, q) we might have the extreme heats or colds of one place making their appearance in another after a long interval, - like a conflagration which r) creeps along a street, and bursts out at a point remote from its origin. s) In all this the reflecting mind cannot fail to see, that as "the heavens declare the glory of

by his power, - u) He it is who "maketh the outgoings of the morning and evening to rejoice." (p. 259 - 260).

Op hierdie woordryke stuk prosa volg dan die Hollandse betekenisse van moeilike woorde of sinsnedes volgens die aangeduide lettermerkies: „a) overbrengen (is geleiden nie beter nie?) b) vereffenen (ek sou hier gebalanseerd of gelijk gemaakt gebruik het) c) beneden d) de doorgaande warmtegraad van het binnenste des aardbols zou lager vallen. e) twintig maal beter. f) van hetgeen zij thans afstraalt", ens. Genoeg om die aard daarvan aan te toon.

Na die deurlees van so 'n taalkunde-boek is 'n mens geneig om jouself af te vra: Is dit werklik bedoel vir gebruik in die laerskool? En tog, Innes stel dit duidelik dat dit 'n „Elementary Text Book" is. Selfs in die hoogste klasse van die laerskool is die inhoud van hierdie boek bo hulle bevattingsvermoë, en ek voel oortuig dat selfs 'n hedendaagse Matrikulasie-kandidaat dit baie moeilik sal vind om laasgenoemde stuk korrek te vertaal nieteenstaande die baie aantekeninge aan die end van die stuk nie. En nie elke matrikulant sal weet wat die betekenis van 'n woord soos byvoorbeeld „diurnal" is nie.

Tog het Innes 'n groot diens aan die Hollandse skoolmeesters bewys deurdat hierdie boek hulle verroeste kennis weer 'n bietjie opgefris het. Maar hierdie boek was nie lank populêr nie - die feit dat dit nogtans meer as 'n dekade op skole gebruik is, het miskien baie daarmee te doen dat die skrywer die Onderwyshoof en ook inspekteur was. Vir hierdie bewering bestaan daar geen bewyse nie, maar dit is tog eg-menslik. Dié boek is gou aangevul en later verdring deur beter taalboeke waarin die stof op bevatliker wyse aangebied is en waarin

Trouens, hulle doelstelling was meestal die aanleer van Hollands; Innes s'n was altyd die aanleer van Engels deur Hollands.

As Innes se rapport oor die jaar 1855 en die eerste helfte van 1856 gelees word, skyn dit asof hy in sy gestelde doel in verband met sy taalboek geslaag het. Die resultate soos in sy rapport saamgevat, bewys dat van die inhoud van sy boek deeglik gebruik gemaak is in eersteklas-skole; trouens,as die Onderwyshoof 'n leerboek skryf, sal dit vanselfsprekend beantwoord aan die leerplan-eise, en boonop was die inspekteur tegelykertyd ook die Onderwyshoof en die betrokke skrywer. Op bladsy 13 paragraaf 76 van genoemde rapport lui dit: „In several of the first-class Government schools, systematic translation has been carried on with the most beneficial results, not only in the acquisition of a real and available knowledge of the English language on the part of Dutch pupils,but so as to enable them to read, with ease and intelligence, the text-books on geography, history, and the elements of physical science which are written in that language, - and to acquire an adequate knowledge of those subjects through that medium." Innes se boek het inderdaad in afdeling een voorsiening gemaak vir Hollandse leeslesse in „natural history and physical science" (p.iii Voorwoord) Die boek het dus sy naam verloën: dit is ook in die sekondêre afdeling gebruik en is dus glad nie so elementêr en net vir laerskole bedoel nie.

d) <u>De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld</u>. In 1844 verskyn „De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld" van die hand van Prof. A.N.E. Changuion. Die doel van die boek was om het Nederduitsch in Zuid-Afrika te

twyfelmoedig want „Thans beschouwen wij de taal, waaraan wij onze moeite besteden, gelijk een geneeshoer een ongeneeslijken lijder, wiens kwaal in hare verderflijke uitwerkingen wel eenigzins kan gematigd, wiens gewissen dood wel eenigen tijd kan vertraagd worden, maar op wiens volkomen herstel niet meer te hopen valt". (p.iv) En in die tweede druk in 1848 voeg hy daaraan toe: „Drie jaren en zes maanden zijn er verloopen, sedert wij deze onderneming aanvingen; en in dien tusschentijd hebben wij zooveel nieuwe proeven van onverschilligheid ten aanzien van de Hollandsche taal opgemerkt, dat wij nu althans over de mogelijkheid om het kwaad te stuiten, geheel anders denken." 1)

Die uitgesproke doel van hierdie skoolboek is om die Hollandse taal in Suid-Afrika te herstel en in die eerste plek is dit vir onderwysers bedoel. (Voorrede p.iv) Die boek beslaan 246 bladsye met 'n toegif „Proeve van Kaapsch Taaleigen." Die eerste hoofstuk begin by die Nederduitse ABÉ; vervolgens 'n nadere beskouing van die letters en dan 'n bespreking van die uitspraak. In opeenvolgende orde kom dan hoofstukke oor die rededele, naamvalle, verbuiging, geslag, die getal in selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, voornaamwoorde, algemene beskouing van die werkwoord, vervoeging van gelykvloeiende werkwoorde, vervoeging van ongelykvloeiende werkwoorde, bywoorde, voorsetsels, voegwoorde en tussenwerpsels, afleiding in die algemeen en woordontleding. Daarna volg sewe hoofstukke oor spel, en dan volg die tweede deel wat onder andere die volgende bevat: Sintaksis in die algemeen, oor die volsin, woordvoeging of volgorde van woorde, redeverband, sinskeiding en sintekens - 'n allesins volledige taalboek, nie net vir

Die metode van behandeling van die rededele is tipies van die ou soort skole: eers word die definisie van die rededeel gegee en daarna opheldérende voorbeelde. In die hedendaagse skool word induktief te werk gegaan: eers die voorbeelde wat vanself lei tot 'n definisie. Op bladsy 25 paragraaf 71 is 'n voorbeeld: „Een zelfstandig naamwoord is de naam van iets dat op zich zelve bestaat. Het bestaan is tweederlei: een aanwezig zijn voor onze zinnen, een aanwezig zijn voor onze gedachten. Op de eerste wijze bestaat een huis, een bloem enz., op de tweede, deugd, eer, grootheid enz." Opmerklik is die bondige en saaklike behandeling.

Die gevreesde Hollandse werkwoord beslaan nie minder as veertig bladsye nie. Menigvuldige voorbeelde van vervoeging van reëlmatige sowel as onreëlmatige werkwoorde met talle gevalle uitsonderings op reëls, op- en aanmerkings word in hierdie deel behandel.

Changuion as taalgeleerde lê „te veel nadruk op grammatikale discipline en schoolse opvoeding en was, naar de geest des tijds, wat koppig behoudziek, waar het versteende overblijfselen gold uit een eerwaardig verleden. Eerst een later geslacht zou door de spelling te vereenvoudigen, de studie van het Nederlands gemakkelik maken en aantrekkelik." 1)

Maar Changuion was 'n mengsel van konserwatisme en liberalisme want dit moet tog met waardering erken word „dat Changuion het niet voor doodzonde hield in de spreektaal: wij „komme" en zij „kwamme" toe te laten, en aan „je sprak en zag" evenveel recht toe te kennen bij het schrijven als aan „gij spraakt en zaagt". Dergelijke Kollewijniana golden destijds als ketterij. Hij maakte zelfs nog een koncessie door het samenstellen van een

„Proeve van Kaapsch Taaleigen." Changuion's geweten als taalman wou het hier van doctrinaire opvattingen, en zijn glossarium heeft hoge waarde voor de studie der evolutie van het Nederlands in Zuid-Afrika." 1)

Hier dien melding gemaak te word van de Lima se „De Taal der Kapenaren," waarin Changuion heftig te lyf gegaan word oor sy „Proeve". De Lima ontken met beslistheid dat hierdie woordelys volstrek geen weergawe is van die taal van die Kapenaars nie, en dat dit eerder Changuion se intieme omgang met die Kaapse gekleurdes verraai.

Oor die algemeen is Changuion se boek te volledig en te diepgaande selfs vir die sekondêre leerling, veral as gelet word op die sterk Engelse inslag in die onderwys van die tyd. Hollands was nie meer die hooftaal nie; Hollands was nie meer 'n vak in 'n sekondêre inrigting nie; Hollands was nie meer die medium van onderrig in die sekondêre afdeling nie; - Hollands was 'n vertaaltaal om Engels beter te kan verstaan. Om hierdie doel te kon dien, moes die Hollandse taalboek baie eenvoudig en aantreklik wees en nie so diepgaande en skools soos „De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld" nie. Dat die boek van veel waarde vir onderwysers sou wees, ly geen twyfel nie, maar vir die destydse Suid-Afrikaanse hoërskool voldoen dit beslis nie aan daardie vereistes nie. Die boek word nêrens in skoolrapporte en inspeksieverslae vermeld nie, sodat die afsetgebied seker baie beperk moes gewees het. Daar bestaan, egter, 'n tweede druk.

e) "<u>Elements of Translation</u>." Kort na 1844 het Changuion sy „Elements of Translation in Easy Lessons" die lig laat sien. Daar was drie boekies wat in verskillende

gewer was A.S. Robertson, 21, Heerengracht. Die tweede deeltjie is in 1846 uitgegee, en die derde in 1847. Die eerste uitgawe van die eerste deeltjie was 1845. 1) Hierdie boekies is baie jare lank op skole gebruik, en hulle is ook telkens deur die Eksamenraad voorgeskryf vir verskillende eksamens tot by Matrikulasie-standaard. Om hierdie rede staan ek heelwat ruimte aan die behandeling van hierdie boekies af.

Die Eerste Boekie: In die voorwoord by die eerste uitgawe stel die skrywer die feit dat die boekie vir onderwysers bedoel is. Aan die skrywer is meegedeel dat "the first Book of Exercises for the use of the Dutch classes of the Government Schools" nie so algemeen ingevoer is as wat verwag was nie. Skrywer het toe besluit dat hierdie boek moeilikhede vir die leerling gebied het - moeilikhede wat nie oorkom kon word nie sonder die hulp van 'n onderwyser wat byna ewe vaardig was in albei tale. „It struck me, therefore," so skrywe hy, "that the problem to be solved in the present instance, was to prepare both the teacher and the learner for using the First Book of Exercises. The practical utility of that work, where the parties are duly prepared for it, has been tested by the senior division of my Seminary, as all may know who attended last year's Public Examination." (Preface: p.iii).

Hierdie voorwoord is baie insiggewend beide wat die inhoud van die boekie en die metode van behandeling betref. Die fondament van die "Elements of Translation", sê die skrywer, is 'n woordeskat wat die drie hoofrededele omsluit: die selfstandige naamwoord, die byvoeglike naamwoord en die werkwoord. Hierdie woordeskat is verdeel in twee stelle lesse, gemerk met die letters van die alfabet. Elke stel bevat drie lesse, een vir elkeen

vyftien woorde. In sommige gevalle waar die aantal woorde tot meer as twintig styg, is hierdie lesse onderverdeel. In elke stel van drie bevat die eerste les die selfstandige naamwoorde, die tweede die byvoeglike naamwoorde en die derde die werkwoorde, Engels en Hollands in teenoorstaande kolomme. Die byvoeglike naamwoorde en die werkwoorde is gekies met die oog op die vorming van sinne met die selfstandige naamwoorde van dieselfde stel lesse. (p. iv).

Aangesien dit die eerste van 'n stel elementêre boekies is, is dit wenslik geag om die woordeskat te beperk tot voorwerpe uitsluitlik uit die natuur, gerangskik in klasse. Die hele woordeskat bevat 'n bietjie meer as 'n duisend woorde. Van hierdie aantal kan sestig maklik in 'n week gememoriseer word, waardeur twaalf woorde vir elke dag van die week toegelaat word en vir Saterdag word die hele sestig herhaal. Sorg moet gedra word dat die kinders dwarsdeur die week „the next preceding lesson" saam met die dag se taak herhaal. Deur middel van hierdie proses sal die seuns of dogters binne vier maande vir die eerste keer deur die woordeskat kom; daarna sal dit raadsaam wees om dit weer deur te gaan, en dan kan dit gerieflik in twee maande gedoen word. (p.v)

Nadat die woordeskat tweekeer deurgegaan is, word 'n aanvang gemaak met die tweede deel van die boekie wat oefeninge vir vertaling uit Hollands in Engels bevat. Hierdie oefeninge is gemerk met 'n letter wat verwys na 'n stel lesse in die woordeskat. Die oefeninge bevat byna uitsluitlik sulke woorde as wat in die lesse waarna verwys word, voorkom. Voorsetsels en ander rededele wat ingesluit is in die oefeninge word tussen hakies vertaal. Die hele aantal oefeninge is ongeveer dertig.

'n paar vrae in Engels by te voeg, soos wat van kinders van ses jaar en ouer verwag kan word om te kan beantwoord uit hul eie voorraad. Hierdie deel van die dag se les leer hulle om te dink en te praat. As die leerlinge eenkeer die oefeninge deurgegaan het, moet dit aan die diskresie van die onderwyser oorgelaat word of hulle dit weer moet oorgaan en of hulle liewers moet voortgaan na die aanhangsel. (p. v - vi).

Die aanhangsel is 'n belangrike deel van die boek. Dit gee in 'n paar lesse 'n bekende verduideliking van sulke rededele wat reeds toevallig in die oefeninge ingebring is. Hierdie verduidelikings word opgehelder deur voorbeelde wat uitgesoek is uitsluitlik uit die oefeninge vir vertaling, sodat die geheue 'n hulpmiddel word by die oordeel van die klein leerling. (p.vi)

Tot dusver dan die skrywer en sy verduidelikende metodiek. Om wat hierbo beskryf is, te illustreer, word enkele voorbeelde hier weergegee:

p.20. Jl. Substantives. Zelfstandige Naamwoorden.

Plants.	Planten.
A Thistle	Een Distel
A Bulb	Een Bloembol ens.

p. 21.

Adjectives.	Byvoegelijke Naamwoordon.
Useless.	onnut
tenacious	vasthoudend ens.
Verbs.	Werkwoorden.
to spring up	opschieten
to choke	verstikken ens.

Uit hierdie voorbeelde blyk dit duidelik hoe die verskillende woorde onder verskillende rededele geklassifiseer tog verband hou met die onderwerp onder behandeling. Changuion was beslis sistematies en metodies - tipies van sy werk as onderwyser.

„Wanneer gij de teere hand van een kind vat en vasthoudt, drukt ze (it) niet te zeer (too much). Dat is werk voor spichtige vingers; de grove duim van den arbeider (journeyman) kan het niet doen. De uitgestrekte wijsvinger wijst. Scherpe nagels krabben. De knieën buigen. Die man heeft zware kuiten, en een hooge wreef. Zwakke knieën beven. Mijn hart klopt. De maag verteert het voedsel. De dij is boven, en de scheen onder de knie."

Hierop volg dan die volgende vrae:

"Is the number of fingers of one hand even or odd? And of both hands together?

Why should a boy's hands be clean?

On what part of the leg is the skin next the bone?

Is the right hand naturally better than the left?"

Waarlik, hierdie leerboekie voldoen aan die eise van die laerskoolleerplan: kinders moet Hollands leer sodat hulle daardeur 'n beter kennis van Engels kan kry.

In die Aanhangsel word die rededele op 'n baie elementêre wyse behandel, byvoorbeeld, die rededeel word eers genoem en gedefinieer en dan kan leerlinge die rededeel in sinne sien - die deduktiewe metode van taalonderwys. Voorbeelde hiervan is te vind op bladsy 80 in verband met die voegwoord of ook wel die voornaamwoord op bladsy 78: "In the following examples the words in Italics are called pronouns: Muggen kwellen ons," ens. Dit is maar 'n moeilike taak om 'n vreemde taal deur middel van 'n bekender vreemde taal te onderwys en dan nog deur medium van die onbekende vreemde taal.

Hierdie eerste boekie is beslis elementêr van aard, maar dit het in 'n groot behoefte voorsien. Die sistematiese behandeling van die taalmateriaal in opklimmende orde van moeilikheid het seker baie tot die populariteit

Soos in die geval van die eerste boekie, het die skrywer ook by die tweede deeltjie 'n inleiding geskryf. Die tweede boekie is in 2 afdelings van ongelyke lengte verdeel: „Man in his social and domestic relations" en „The Trades etc." Dit is ongerieflik sowel as onnodig bevind om langer vas te hou aan die beginsel dat elke stel van drie lesse in die woordeskat die selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde en werkwoorde apart moes bevat. Ná die inligting vervat in die vorige boekie is dit heeltemal voldoende dat elke stel lesse al die woorde bevat wat nodig is vir die vertaling van die oefening gemerk met 'n ooreenstemmende letter. Die eerste boekie was voldoende vir seuns van sewe tot ag jaar en word nog gebruik. Dit mag nodig wees om die eerste gedeelte van die tweede boekie tweekeer deur te gaan voordat met die tweede gedeelte begin word. Die aanhangsel met betrekking tot onreëlmatige werkwoorde sal, hoewel nie die aantreklikste deel nie, baie nuttig bevind word. 'n Gedeelte van die onreëlmatige werkwoorde is egter agtergehou vir die derde boekie, omdat hulle nie in hierdie klein boekdeeltjie ingesluit kon word sonder om die lengte tot so 'n mate uit te rek, dat dit nodig sou wees om 'n ooreenstemmende vermeerdering in prys aan te bring nie; en dit, het die skrywer vooraf bepaal, sal nie die bedrag van een sjieling oorskry nie. (p.iv).

Ten slotte merk die skrywer op dat, as hierdie boekie dieselfde aanmoediging te beurt sou val as die vorige een, hy sou beraadslaag om die stel te voltooi deur 'n afsluitende deeltjie wat onder andere sou behandel „of Arts and Sciences, and of man as a moral and intellectual agent." (p.iv).

Die voorbeelde in hierdie deeltjie is ongeveer op

dieselfde lees geskoei as dié in die vorige boekie.

p. 14. Il.	Een Eigenaar.	A Proprietor
	Een Kooper	A Purchaser ens.
p.17. J.3.	Veerlieden	Ferrymen
	zich vergenoegen	to be satisfied
	Loon	Wages ens.

Daarna volg stukkies vir vertaling.

Op bladsye 24 tot 25, aan die end van 'n reeks oefeninge, volg iets oor metode: „....your teacher has taught you to parse, that is, he has often asked: "What kind of word is ‚that'"? or perhaps he has put the question thus: "What part of speech is „that?"" etc. Daarna lees hulle saam die vertaaloefeninge deur en die onderwyser verduidelik waar nodig, byvoorbeeld, op bladsy 27: „In these Examples the words mijns vaders, mijner moeder, etc. are said to be in the possessive case, that is, they express the possessor, proprietor, or owner of a thing. Things without life may be considered as possessors of other things belonging to them; for instance: de deur des huizes, de bladeren mijns boeks, de poorten der stad."

In die tweede gedeelte van die boekie volg dan 'n woordelys van veertien bladsye oor „The Trades" met vertaaloefeninge aan die end, byvoorbeeld op bladsye 85 tot 86:„Bij (at) eene begrafenis volgen de lijkgangers de lijkkoets (hearse). Zij worden uitgenoodigd door menschen, die bidders heeten, van een oud woord bidden, dat is noodigen. Een horologie bestaat uit veel verschillende deelen: raderen, veeren, wijzerplaat, wijzers, kast, enz. De raderen zijn van geel koper, de veeren van staal. Wij koopen ons huisraad bij den uitdrager. Stratenmakers onderhouden (keep in repair) de

them). Uitdragers verkoopen allerlei huisraad, als stoelen, tafels, bedden, kleerkasten (clothes-press), rustbanken (sofa), ladetafels (chest of drawers), enz."

Dan sê die onderwyser in die aanhangsel (p.86): „The foregoing Exercises are so simple as to require very little explanation beyond what is contained in the explanatory lessons of the preceding section." Hierna volg dan 'n lys onreëlmatige werkwoorde met Infinitief, Imperfek en Participium kompleet.

Die Derde Deel: In die voorwoord erken die skrywer dat dele een en twee hom 'n groot afset besorg het en dat hy daardeur verseker voel dat onderwysers en leerlinge hierdie derde deel sal verwelkom. Die skrywer kon egter net 'n gedeelte van sy belofte uitvoer omdat die perke wat hy aan die boekie gestel het, nie 'n onderwerp van so 'n reuse-omvang soos „Arts and Sciences and of man as a moral and intellectual agent" kon omsluit nie. (p.iii) Hy gee toe die keuse aan 'n nuttiger afdeling. Jong mense vind dit moeilik om abstrakte idees uit de druk. „Now, as difficulty of expression can generally be traced to a want of clear conceptions, I began this volume by defining the sense of such terms as are most frequently wanted in treating of subjects that lie within the province of moral philosophy." (p.iv) Die skrywer benadruk die feit dat as van pligte gepraat word, dit onmoontlik is om nie ook van openbaring te praat nie, en dit, op sy beurt, lei natuurlikerwys tot die oorsig van die vernaamste feite en leerstellinge van die Heilige Skrif. Vir alle praktiese doeleindes is sedelike filosofie en godsdienstige inligting so intiem verbonde, dat dit nie raadsaam lyk om die een sonder die ander te onderwys nie. (p.iv)

Verder konstateer die skrywer:„Education has of

and while the truth that Knowledge is Power is blazoned forth on every occasion, another truth, that the highest moral excellence, (purity of heart and integrity of purpose) can exist independent of scientific attainments, is comparatively allowed to drop into oblivion." (p.v)

Met hierdie feit voor oë het hy gevoel dat 'n geleentheid hom gebied word om 'n hoër invloed op die opvoeding van die jeug uit te oefen as wat uitgeoefen kan word deur eenvoudig die leerling van 'n seleksie enerse terme in twee verskillende tale te voorsien. Wetenskap mag die gees verlig en kuns die lewe versier; maar deugdelike gevoelens en godsdienstige beginsels alleen kan ten slotte daardie kwalifikasies oordra wat, terwyl hulle geluk vir hulle besitter in hierdie wêreld verseker, uit sal staan in duidelike reliëf as die monumente van kuns omgewerp sal word, en as daardie betreklike onkunde, wat deur menslike hoogmoed vereer word met die naam wetenskap, plek sal inruim vir 'n subliemer soort kennis wat onverganklik is soos die bron waaruit dit vloei. (p.v)

Die doel van die derde boekie is om kinders van beide geslag van tien jaar en ouer voor te berei om godsdiensonderrig te ontvang, aan hulle oorgedra in óf Engels óf Hollands. Die boekie is nie bedoel om enige kategismus in gebruik te oorskadu nie; dit mik op geen hoër onderskeiding nie as om 'n inleiding tot volledige werke oor die onderwerp te wees. (p.vi)

Die woordelys beslaan 88 bladsye en die stukke vir vertaling die res. Met een voorbeeld ter illustrasie word hier weergegee om die aard van die stukke bedoel vir vertaling aan te dui:

p. 176 - 178: F3. Nuttigheid der openbare godsdienst.

ze ons dikwijls herinnerd worden.

Er is een dag der week afgezonderd voor godsdienst-oefening. De Joden hadden hunnen Sabbat of rustdag op Saturdag, maar Christenen hebben dien op Zondag, ter gedachtenis aan de opstanding van onzen Heer Jezus. Op dien dag komen de Christenen in hunne kerken bijeen om gebeden en dankzeggingen uit te storten en elkander te stichten. De Leeraar, een man wien zijne opvoeding op eene akademische opleiding in zijn vak voorbereid hebben voor zijne gewigtige verrigtingen, spreekt de vergaderde menigte aan. Hij leert de gemeente niet zijne leer, maar die des Bijbels, naar zijn vermogen orhelderende hetgeen duister schijnt, en zijne toehoorders vermanende tot naauwgezette vervulling van die pligten, welke van hunne Christelijke belijdenis onafscheidelijk zijn.

De openbare Godsdienst is eene instelling van groote waarde, omdat we allen noodig hebben dikwijls opgewekt en vermaand te worden. Maar wachten we ons voor de gevaarlijke dwaling van godsdienstoefening in de plaats te stellen van Christelijken pligt. Het eerstgenoemde heeft alleen waarde in zoo verre het bevorderlijk is aan het laatste.

Het getuigt van verregaande ligtzinnigheid den Zondag op den duur in ijdele vermaken of in wereldsche bezigheden door te bringen, als of de belangen onzer onsterfelijke zielen niet eens onze aandacht verdienden. Van den anderen kant, indien wij naar de kerk gaan, niet omdat wij prijs stellen op de openbare Godsdienst, maar om voor beter gehouden te worden dan we waarlijk zijn, dan zijn we schuldig aan geveinsdheid, en verdienen met de ergste zondaars gelijk gesteld te worden."

Hierdie boekie is meer leesboek as taalboek. Aan

meer diens gedoen vir die toepassing van opgedane kennis in verband met vertaling in die vorige twee deeltjies. Dat die vertalings uiters moeilik is, word deur die bostaande voorbeeld bewys; immers, die boekie moes diens doen by die voorbereiding vir die latere Publieke Diens-eksamen.

f) „Elements of Dutch Grammar." Die „Elements of Dutch Grammar" van Changuion het reeds voor 1860 verskyn want dit was al vir die Publieke Diens-eksamen in 1859 voorgeskryf. Die eksemplaar wat hier behandel word, is 'n uitgawe van 1860, gedruk deur N.H. Marais, No. 45, Longstreet C.T. Die boekie beslaan slegs 87 blassye.

Die skrywer meld in die voorwoord dat sy boek van 1844 meer 'n „book of reference" as 'n skoolboek was, en dat dit nie baie aanmoediging van die Kaapse publiek ontvang het nie. (Sou dit "De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld" wees?) Die drukker wou koste bespaar en het die grootste gedeelte van die boek in die vorm van los blaaie gehou. Dit is in 'n verwaarloosde hoekie gestoor en het 'n prooi vir muise en kakkerlakke geword. Toe eindelik 'n paar kopieë deur studente van die Suid-Afrikaanse Kollege benodig was, is die los blaaie in die laaste stadiums van verrotting opgediep en is hulle op 'n publieke vendusie as „waste paper" verkoop. Die skrywer geniet egter die buitengewone satisfaksie om te weet dat sy boek tweekeer in Holland herdruk is sonder sy toestemming. Die klein werkie wat nou aan die Engelse leser aangebied word, is deur die skrywer in manuskripvorm as leerboek vir die onderwys in Hollands gebruik, en het gevolglik 'n toets deurstaan waaraan skoolboeke nie altyd onderwerp word nie! (p.i)

As skoolboek bied hierdie leerboek in 'n eenvoudige

'n lang ondersoek is, want die reëls is gebaseer op 'n voldoende seleksie voorbeelde uit die werke van goeie skrywers. (p.ii)

Die oefeninge aan die end behoort gebruik te word vir vertaling en woordontleding en boweal vir vrae oor grammatika. Die leerling moet rekenskap gee van die spel van woorde met enkel of dubbele klinkers; van die geslag van die selfstandige naamwoorde; van omgekeerde konstruksies en van alles wat hy kan ken uit sy grammatika. As hij die oefeninge sorgvuldig tweekeer deurgegaan het, sal die inhoud van die boek vir hom taamlik goed bekend wees en hy sal 'n praktiese kennis van Hollands bekom het. Daar is geen kanttekeninge nie, nog minder 'n sleutel vir die oefeninge: die leerling moet na sy onderwyser omsien om sulke hulp; en 'n onderwyser wat hierdie hulpmiddels nodig het vir sy eie inlichting behoort sy onderwys uit te stel totdat hy geleer het om daarsonder klaar te kom. (p.ii)

Die inhoud van die boek behels onder andere die volgende: Die alfabet, uitspraak, verbuiging van naamwoorde en voornaamwoorde, die werkwoord, onreëlmatige werkwoorde, „anomalous conjugation", onverbuigbare rededele, spel, sintaksis, oefeninge in vertaling en woordontleding, en nog veel meer.

Weer word 'n voorbeeld van 'n oefening in vertaling gegee, omdat hierdie vorm van „taalvraag" die algemeenste in gebruik was by eksamens:

(p.83). „1. Er bestaat geen reden waarom ik niet ten slotte opstellen geven zou, die, al zijn zij minder onderhoudend dan vertellingen, in een ander opzigt van hooger waarde zijn kunnen, omdat zij nuttige wenken en heilzame lessen bevatten. Verscheidenheid van stijl is

die zegt, dat de hoogste lof hem toekomt, die met het aangename het nuttige weet te verbinden?"

Die boekie is eenvoudig geskryf en is baie elementêr. Dit is allesbehalwe volledig en tog het dit ongetwyfeld in die smaak geval juis weens die afwesigheid van 'n ballas reëls en uitsonderinge. Dit sou gewis 'n welkome aanvulling by die „Elements of Translation" gewees het, en dit is seker om dieselfde rede dat albei deur die „Board of Public Examiners" vir die Publieke Diens-eksamen in 1859 voorgeskryf is.

g) Besluit. Dit is uiters moeilik om 'n oordeel oor hierdie eerste Suid-Afrikaanse taalboeke uit te spreek. Dit betaam ons nie om hulle op 'n suiwer objektiewe basis en vanuit 'n moderne standpunt te beoordeel nie, omdat hulle in 'n tydperk verskyn het wat totaal verskillend van ons moderne tyd was. Ook moet die dwang-omstandighede waaronder hulle verskyn het in aanmerking geneem word.

Die destydse eise aan die onderrig van Hollands gestel, was minimaal: kennis van Hollands om Engels beter te kan verstaan - dit was hoofsaak. En daarom is so baie aandag aan vertaalwerk bestee. Dit verbaas ons om die hoeveelheid taalkunde te sien wat skrywers soos Innes en Changuion nogtans van leerlinge verwag het om hulle in staat te stel om te kan vertaal. En tog was dit nodig, hoewel nie die baie oortollige detail nie. Dit was juis daardie oormaat van besonderhede wat die studie van Hollands so uiters onaantreklik en onaangenaam gemaak het met boonop die onaangename wete dat Hollands nie eers as vak erken is nie.

Bowendien is die taalboeke slegs vir Hollandssprekende

middel nie nodig gehad nie. Tog bied Changuion sy „Elements of Dutch Grammar" die Engelse leser aan, maar daarvoor was daar 'n rede: Dit was toe reeds bekend dat Hollands, Frans en Duits keuse-vakke sou wees in die nuut-ingestelde Publieke Diens-eksamen, en dit lê voor die hand dat die Engelssprekende kind liewers Hollands sou leer as Frans of Duits, omdat hy elke dag met dié taal in aanraking was. Die posisie van die Afrikanerkind kan kortliks as volg opgesom word: Hy moes 'n betreklike vreemde taal, nl. Hollands, leer om 'n ander vreemde taal, nl. Engels beter te kan leer verstaan. En al die tyd geniet die Engelssprekende kind moedertaalonderwys!

Ten gunste van hierdie onopvoedkundige metode is niks in te bring nie - die direkte metode van taalonderwys het geblyk die beste te wees. Hollands was die naaste verwant aan die moedertaal van die Afrikanerkind en as sodanig het hy reg gehad om „moedertaal"onderwys te eis aangesien sy werklike moedertaal nog in 'n wordingstadium verkeer het. Maar die verengelsingsbeleid het ander vereistes gestel, en om aan daardie dwangvereistes te kon voldoen, het Innes en Changuion beslis groot dienste aan die opvoeding bewys deur die publikasie van hul taalboeke.

---

4. EKSAMENS EN/OF INSPEKSIE.

a) Inspekteursverslae. Met die instelling van die betrekking van Onderwyshoof het daar ook veranderings ten opsigte van inspeksie ingetree. Innes moes elke skool tenminste eenkeer jaarliks besoek, die gewone roetine van daaglikse onderrig ondersoek, die rangskikking

is van elke skool verwag om maandelikse verslae te lewer oor die bywoning, gedrag en vordering van elke leerling, en kwartaalse rapporte oor die eksamens wat in die teenwoordigheid van die plaaslike skoolkommissie gehou is. Hierdie rapport moes ook die vakke uiteensit waarin gedurende die kwartaal in die verskillende klasse onderrig gegee is, die vergelykende prestasies van elke leerling vermeld, en die rapport van die raad of kommissie oor die uitslag van die eksamen bevat. Deur middel van hierdie gegewens sal die Algemene Superintendent in staat gestel wees om 'n korrekte waardebepaling van die karakter en prestasies van elke leerling te vorm, en hy sal gemagtig wees om sertifikate uit te reik aan die leerlinge wat hulle studiekursus met eer vir hulself en tot eer van die inrigting voltooi het. Hierdie sertifikate sou gunstige oorweging geniet by die regering wanneer kandidate vir die publieke diens gekies sou word.1)

Van die eerste breedvoerige inspeksieverslae is dié wat in die jaarrapport van die Algemene Superintendent oor 1853 en voorafgaande jare opgeneem is. Om die algemene vordering, veral ten opsigte van Hollands, te bepaal, word gedeeltes van die inhoud van 'n paar inspeksieverslae hier weergegee:

(p.7) Uitenhage. 125 leerlinge in die skool en $\frac{5}{11}$ van hulle was in die senior afdeling. Onderrig is gedurende die jaar gegee aan die senior leerlinge in die Engelse, Hollandse en Latynse tale én die elemente van fisiese wetenskap, geskiedenis, aardrykskunde en taalkunde, ens.

(p.9) Op Port Elizabeth is die senior klas ondersoek deur middel van geskrewe vrae, "distributed pro-

a language which is solely acquired in the school; the pupils, with few exceptions, being Dutch." Onder andere is onderrig gegee in: „English reading, translation from Dutch into English, orally and in writing, English grammar, and dictation."

(p.9) Op Worcester „the course of instruction is conducted in English, but the pupils are daily exercised in translation from the one language into the other." In die senior afdeling was daar vyf leerlinge wat onderrig ontvang het in, onder andere: „Languages: Dutch and English grammar, translation from the first book of exercises, the analysis of words."

Innes gee 'n opsomming van die toestand met betrekking tot die tale as volg: „In the second-class schools, which are 25 in number, along with the common branches, instruction where necessary, has been given both in English and Dutch, accompanied with daily exercises in translation." (p. 20) Op hierdie tydstip (1853) was daar 25 tweedeklas-skole en 16 eersteklas-skole.

Byna drie jaar later blyk dit uit die rapporte dat daar nog weinig of geen verandering plaasgevind het nie. Op Graaff-Reinet was die gevorderde klasse besig met die volgende vakke gedurende die inspeksie: Hollands en Engels lees, gepaard met vertaling, en gedurende dié les is die taalkunde van beide tale gekontrasteer en prakties toegepas; die skryf van diktee in albei tale.1)

Op Worcester is oefeninge wat bestaan het uit mondelinge sowel as skriftelike vertalings uit die een taal in die ander gedoen. Hier is die twee tale sistematies onderrig en gesamentlik sowel wat betref idioom as taal. Die antwoorde van die senior leerlinge het bewys gelewer van 'n bevredigende kennis van die onder-

in hulle eie taal gegee en nie dié van die leerboek nie. „The translation classes were the best I met with during the whole circuit." (p.xxi)

Die senior klasse op Swellendam het kennis gedra van Hollandse spelling, sintaksis en opstel sowel as van vertalings in Engels uit die „First Book of Exercises" en vertalings in Hollands uit passasie in die „Moral Class-book" en ander uitgesoekte stukke. (p.xxi)

Op Malmesbury word die volgende aangetref: „The vernacular tongue at this station being Dutch, the languages are taught in connection, and the rules of grammar applied to exercises, both written and oral, in translation. Selections for inspection: translations of unprepared passages from Dutch into English, with the declension of words belonging to several parts of speech." (p.xxiii)

In verband met hierdie rapport gee Innes 'n opsomming van die toestand met betrekking tot die taal in die eersteklas-skole, wat natuurlik die onderrig in beide die primêre en sekondêre afdelings insluit. In verskeie van hierdie eerste klas regeringskole, skryf hy, is sistematiese vertaling deurgevoer met uiters voordelige resultate, nie alleen in die verkryging van 'n werklike en bruikbare kennis van die Engelse taal wat betref Hollandssprekende leerlinge nie, maar ook om hulle in staat te stel om die leerboeke oor aardrykskunde, geskiedenis en die elemente van fisiese wetenskap wat in daardie taal geskrywe is, te lees, en om 'n voldoende kennis van daardie vakke deur daardie medium te verkry. (p. xiii paragraaf 76.)

Uit bogenoemde blyk dit dat die inspeksies nie in die eerste plek die bevordering van leerlinge beoog het nie, maar om 'n oorsig te kan gee van die metodes, die

Die klassifikasie van leerlinge het blykbaar by die onderwyser berus met natuurlik die inspekteur as kontroleur tydens sy besoek aan die skool. Kwartaalse eksamens is afgelê in die teenwoordigheid van die skoolkommissie wat daaroor moes rapporteer. Die eksamen was hoofsaaklik nog mondeling.

In „De Zuid-Afrikaan" van 18 Maart 1852 het 'n verslag verskyn van 'n openbare eksamen wat in Changuion se privaatskool gehou is:„Eerst kwam een talryke klasse om Engelsch te lezen, daarna eene minder talryke om in de Hollandsche Spraakkunst geëxamineerd te worden. Voor dit laatste scheen weinig liefhebbery te zyn, hoewel er twee of drie onder den hoop waren die door hunne antwoorden toonden dat er wel gelegenheid is om Hollandsch te leeren indien men wil." [5]

b) Die „Board of Public Examiners."Maar hierdie metode van mondelinge eksamen sou langsamerhand uitsterf met die koms van skriftelike eksamens wat ingestel is vir die sekondêre klasse deur die „Board of Public Examiners" en later deur die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop voortgesit. Die skole was egter nie verplig om hierdie eksamens af te lê nie; daarom was die aantal kandidate wat hulle vir dié eksamens aangemeld het in die begin baie gering.

Deur Wet no. 4 van 1858 is hierdie „Board of Public Examiners in Literature and Science" ingestel. Hollands, saam met Duits en Frans, sou voortaan „modern languages" wees en kandidate kon een van die drie vakke aanmeld vir die Publieke Diens-eksamen.

Interessant is dit om die aard van die eerste vraestel in Hollands in die Publieke Diens-eksamen in Julie 1859 in oënskou te neem. Klaarblyklik is hierdie ek-

deur die destyds heersende "translation classes." Die eksamenvraestel in Hollands sou drie uur lank duur. Hierdie vraestel word in sy geheel hier weergegee.1)

"To be translated into English.
Deugd en Ondeugd.

Deugd en ondeugd zyn de namen waardoor wy zedelyk goed en kwaad onderscheiden. Alle deugden strekken om geluk te bevorderen, en alle ondeugden hebben even zeker rampzaligheid ten gevolge. Naar dezen maatstaf is het gemakkelyk goed van kwaad te onderscheiden. Neem van beide een paar voorbeelden. Wy noemen hoogmoed, gierigheid, onmatigheid, oneerlykheid kwaad. Hoogmoed is verwant met verachting onzer natuurgenooten, en een daaruit voortvloeijende onverschilligheid omtrent hun levensgenot; hoogmoed maakt ons ligt geraakt door iedere wezentlijke of denkbeeldige beleediging ons aangegaan. Zy is dus eene oorzaak van onaangename gewaarwordingen voor onszelven en anderen, by gevolg kwaad. Onmatigheid veroorzaakt ziekte en ligchamelijk lijden, en verspilt onze middelen om het welzijn van anderen te bevorderen: onmatigheid is dus kwaad.

1. What case and gender is maatstaf?
2. What is the rule for the gender of compound nouns?
3. Give the third person plural of the imperfect indicative of onderscheiden.
4. Is ligt always spelt with a g?
5. What case is ons in ons aangedaan?
6. What is the difference between lijden and leiden? Give the imperfect tense and past participle of both these verbs.
7. As final d souns like t in Dutch words, what must guide me in the spelling of such words?

To be translated into Dutch.

In the beginning, that is, in the earliest time (no matter how long ago), God created the world. By the world we mean heaven and earth and all that is therein. Among the living creatures that peopled the earth man was the most excellent; for we read that God created him after his own image - an expression that can signify nothing else than that there were certain features of resemblance between the creature and the Creator. As God is a Spirit, that resemblance cannot be referred to the body, but must be understood of man's mental faculties and dispositions". 1)

Die eksaminatore rapporteer oor die eksamen as volg: "None can be said to have shown such knowledge of the modern language selected as would be of much use in the public service, if documents in that language were placed in their hands. In some instances, though only in cases where the certificate has not been granted, the papers on the modern language selected, all of which were extremely simple, were left wholly untouched. It is proposed that, in future, a special minimum shall be fixed on the modern language, so that utter ignorance of the subject shall debar candidates from the possession of the certificate." 2) In Januarie 1860 het slegs vyf uit die nege kandidate geslaag.

Dit blyk dus dat daar geen vasgestelde minimum was nie, en hiervoor is dan ook die volgende jaar voorsiening gemaak.

Die vraestel was nie te moeilik nie, maar die uitslag van die eksamen toon hoe treurig dit destyds met die onderwys van Hollands gestel was. Die tyd vir die

gebrek aan taalkennis vergoed nie. Uitdrukkings soos „imperfect indicative" en „past participle" slaan hedendaagse matrikulante nog dronk, des te meer sou sulke uitdrukkings seker groot verwarring onder die geledere van destydse kandidate veroorsaak het.

Die eiesoortigste is die destyds heersende metode om vrae oor Hollandse taalkunde in Engels te stel. Dit was natuurlik 'n uitvloeisel van die heersende medium van onderrig. Selfs in daardie opsig moes die verengelsingspolitiek gedien word.

Baie opvallend is die totale afwesigheid in die vraestel van opstelle en briewe en ook vrae oor voorgeskrewe boeke. Maar hierdie dinge het eers met verloop van tyd gekom toe ander sienswyses oor taalonderrig op die voorgrond getree het; toe die taal om sy eie ontwil onderrig geword is en nie terwille van die bevordering van 'n ander taal nie.

Die aandag word ook gevestig op die willekeurige spel van woorde waarin die letter ij voorkom. Langsamerhand verdwyn die puntjies op die ij, maar tog het hierdie willekeurige wyse van spel beslis verwarrend op die kind ingewerk.

Wat die inhoud van die stukke vir vertaling betref, sien ons duidelik die invloed van Innes en Changuion, se wysgerige lesse in hul taalboeke; trouens, Innes was Sekretaris van die Eksamenraad en Changuion een van die lede. 1)

c) <u>Besluit</u>. Hieruit blyk dit dat die Superintendent van Onderwys as inspekteur verslag oor die werk wat op skole gedoen is, gelewer het. Die inspeksie het uit mondelinge ondervraging oor vertaalwerk en ook oor grammatika bestaan. Soms is ook skriftelike werk oor vertalings,

dan ook die feit dat die leerlinge die Engelse taal leer óók om hul leerboeke in Geskiedenis, Aardrykskunde, ens. te kan lees wat in Engels geskrywe is. In die teenwoordigheid van skoolkommissielede en ouers is die kwartaalse en bevorderingseksamens mondelings afgelê.

Met die instelling van die "Board of Public Examiners" is die leerlinge in sekondêre skole in staat gestel om hulle eksamens skriftelik af te lê. Die eerste eksamenvraestel vir Hollands het uit vertalings bestaan met 'n paar skoolse taalvrae daaraan toegevoeg. Boonop is die vrae in Engels gestel. Geen opstelle of briewe is by hierdie eksamen gevra nie. Die hoofdoel was nog steeds om Engels deur middel van Hollands te leer. Nietemin word die instelling van hierdie Eksamenraad as baie belangrik beskou want van toe af het die eksamenmanie wat vandag nog woed, stadigaan begin posvat en die onderwys met die eksamengees deursuur. Sedertdien het die slaan in 'n eksamen hoofdoel van die onderwys geword.

HOOFSTUK III.

VERVAL EN VERSET, 1859 - 1892.

1. DIE TYDPERK 1859 - 1865.

(a) Dale word S.G.O. Na twintig jaar diens as S.G.O. tree dr. Innes in 1859 af en word deur dr. Langham Dale opgevolg. Gedurende Dale se drie-en-dertigjarige ampstydperk is veel tot stand gebring en het daar belangrike ontwikkelings op onderwysgebied plaasgevind. Een van hierdie ontwikkelings was die verdere uitbreiding van staatshulp waarmee Innes reeds 'n aanvang gemaak het. 1)

Dale was nie vyandiggesind teenoor Hollands as taal nie en het selfs onderrig in Hollands op skole aangemoedig. Hy vertel self dat hy tydens sy eerste rondgang 'n besoek by 'n „established school" afgelê het en by die ingang van die skool die volgende kennisgewing aangetref het: „It is forbidden to speak Dutch." Hy het dadelik 'n einde aan hierdie reël gemaak. 2)

„Het Volksblad" van 19 September 1863 rapporteer dat dr. Dale by geleentheid van 'n eksamen en prysuitdeling van die kleinkinderskool van die „Tot Nut van 't Algemeen" nadruk op die nut van die studie van die Hollandse taal gelê het: „Van het Hollandsch moest meer werk gemaakt worden, en men moest niet langer zeggen 'mijn kind kan Hollandsch spreken en behoeft dus geen Hollandsch te leeren'; neen, de leerlingen moesten zich meer oefenen in die taal, om ook de groote werken van Holland te kunnen lezen..... De beste leerlingen had hij altijd die bevonden, die beide talen leerden, of 't Engelsch door middel van 't Hollandsch beoefenden..." Die nuwe S.G.O. beweer dus dat die beste leerlinge dié

1) Vgl. du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland (1652 - 1939)

is wat deur middel van Hollands die Engelse taal leer. Tog het Dale ook 'n sydelingse doelstelling beoog: kinders moes Hollands leer om ook die groot werke van Holland te kan lees. Nêrens in sy verdere ampstyd het die S.G.O. verdere blyke van belangstelling in en aanmoediging vir die Hollandse taal getoon nie.

(b) Die posisie van Hollands op skool teen 1860. Hoe dit met die onderwys van Hollands op skool teen 1860 gesteld was, blyk uit die volgende gegewens wat by benadering die aantal kinders aandui wat Hollands geleer het:

	Aantal kinders wat Engels leer.	Aantal kinders wat Hollands leer.
„Established Schools" (10)	620	170
„Aided Schools" van die 1ste en 2de klas (25)	880	530
„Aided Schools" van die 3de klas (26)	250	520 1)

„In die „Established Schools" op Beaufort-Wes, Colesberg, George, Graaff-Reinet, Somerset-Oos en Swellendam, en in die „Aided Schools" van die 1ste of 2de klas op Aliwal-Noord, Caledon, Ceres, Middelburg, Mosselbaai en Tulbagh is geen Hollands onderwys nie. Op verskeie „Aided Schools" van die 3de klas - ook genoem „Farmers' Schools" - is geen onderwys in Engels gegee nie." 2)

Die verengelsingsbeleid het dus ongehinderd voortgeduur - ongehinderd, omdat van die roepstem van die volk geen notisie geneem is nie - „so veel moontlik Engels, so min moontlik Hollands, en so gou moontlik Engels as medium van onderwys was deurgaans die leuse."3)

c) Die Onderwyskommissie van 1861. In 1861 is 'n Kommissie van ondersoek bestaande uit agt lede onder voorsitterskap van dr. Watermeyer benoem „to inquire into

1) Scholtz. J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, p. 200.

the present state of the established schools in the Colony, and into the conditions on which grants of money are made from the colonial treasury in aid of the salaries of schools not on the establishment, and to consider and report what measures, if any, it might be desirable to adopt for the extension of sound elementary instruction to all classes of pupils."1)

Hierdie Kommissie beveel onder andere die geleidelike afskaffing van die „Established Schools" en verdere uitbreiding van staatsteun op die £-vir-£ beginsel aan alle skole aan. Die aanbevelings van die Kommissie is in die Onderwyswet van 1865 beliggaam.

2. DIE TYDPERK 1865 - 1879.

(a) Onderwyswet No. 13 van 1865. Oor hierdie wet spreek dr. P.S. du Toit hom as volg uit:„Die wet was nie juis simpatiek teenoor die gevoelens van die Hollandssprekende deel van die bevolking nie. Nadat die Kommissie self nie veel aandag aan hulle begeertes gegee het nie, het die wet as een van die voorwaardes vir 'n toelaag bepaal dat die onderwysmedium in alle Eerste- en Tweedeklas skole Engels moes wees en dat in die Derdeklas-skole onderwys tydens die skoolure sover prakties moontlik deur medium Engels gegee moet word binne twaalf maande vanaf die stigting van so 'n skool." 2) Ook het die wet die voorwaarde gestel dat die regering die reg sou besit om alle skole wat ondersteuning van die staatskas sou ontvang, te inspekteer. 3)

Die regering het egter bloot op die aanbevelings van die Kommissie gehandel en „waar die Kommissie so min simpatie vir Hollands getoon het, het die regering hom

1) Education Commission, 1863 p.iii.
2) du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland, p. 96. Sien ook: Cape of Good Hope. Education Act of 1865 and Regulations promulgated under same together with Additional Related Legislation and all Regulations

nie genoodsaak gevoel om van sy eenmaal ingeslae pad af te wyk nie." 1) Indien 'n skool dus van staatsondersteuning gebruik wou maak, moes dit ook die voorwaardes aan daardie ondersteuning verbonde, getrou nakom, nl. onder andere, verpligte Engelsmedium. „Wat 'n onreg dit teen die Afrikanerkind was, kan pas besef word as ons daaraan dink dat in hierdie tyd en ook lank daarna verreweg die meeste Afrikaanssprekende kinders in die platteland streke nog eentalig was en teenoor Engels as teenoor 'n volkome vreemde taal gestaan het." 2)

Hierdie wet van 1865 „het dus in beginsel niks nuuts gebring nie maar eenvoudig 'n reedsbestaande gebruik gewettig en behoorlik gesistematiseer." 3) Dr. Scholtz bewoer dat „nie alleen in Kaapstad nie, maar deur die hele Kolonie het die onderwys in Hollands veral ná 1865 tot die absolute minimum gedaal." 4) En tereg kla „Het Volksblad" in 'n hoofartikel van 19 April 1866: „Wij kunnen derhalve die beperkende bepaling van ons Gouvernement, wat betreft de toelagen ten dienste van het onderwijs, in geen ander licht beschouwen, dan in dat van een kunstgreep om de verspreiding der Engelsche taal door te drijven, op het gevaar af, dat velen der Hollandsprekende kolonisten in de duisternis der onwetendheid gehouden worden."

Hierdie wet het verreikende invloed op die onderwys en veral op die onderwys van Hollands gehad. „Die bestendiging van staatshulp deur die wet van 1865 wat so 'n belangrike stoot gegee het aan die stigting van nuwe skole dat die Superintendent-Generaal reeds in sy rapport van 1867 met voldoening hiervan kon getuig, was bevorderlik vir die Engelse taal maar het die onderwys in die Hollandse taal agterweë gelaat." 5)

Vir die jaar 1865 verstrek dr. Scholtz weer 'n aantal gegewens om aan te toon wat die posisie van Hollands op die skole was:

		Aantal kinders wat Engels leen.	Aantal kinders wat Hollands leer.
„Established Schools"	(6)	550	200
„Aided Schools" van die 1ste en 2de klas.	(40)	1510	680
„Aided Schools" van die 3de klas.	(49)	1070	1060 1)

„In die „Established Schools" op Colesberg, George en Somerset-Oos, en in die "Aided Schools" van die 1ste of 2de klas op Beaufort-Wes, Caledon, Clanwilliam, D'Urban (nou Durbanville), Mosselbaai, Napier, Piketberg, Plettenbergsbaai, Somerset-Wes, Tulbagh en Victoria-Wes is geen Hollands onderwys nie. Die gunstige verhouding vir Hollands in die „Established Schools" in vergelyking met 1860 word vir 'n deel daardeur verklaar dat twee van die belangrikste skole met uitsluitend Engelse onderwys, Graaff-Reinet en Swellendam, intussen gesluit is." 2)

Dat die bevolking nie as 'n geheel hierdie vasgelegde beleid aanvaar het nie, blyk uit die feit dat daar 'n reaksie teen die verengelsing in die onderwys ingetree het wat uitgeloop het op „die stigting van heelwat nuwe, private sowel as openbare skole". 3)

b) Twee Gimnasiums. In 1866 kry die huidige Universiteit van Stellenbosch sy beslag. Regeringsteun is vir die skool verkry nadat ooreengekom is dat die skool die naam, „Het Stellenbosch Gymnasium" of „First Class Undenominational Public School", sou dra. Tipies van die gees van die tyd was die benoeming van die heer Braid uit Skotland, „terwyl vir onderwys in die Hollandse taal

1) Scholtz, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, p. 200

aanvanklik maar karig voorsiening gemaak is." 1)

Baie invloedryker was die stigting in 1859 van die Paarlse Gimnasium, wat 'n suiwer Hollandse skool was en waar „ds. van der Lingen groot invloed op die jong geslag uitgeoefen en sy sterk Afrikaans-Hollandse gesindheid op baie skoliere oorgedra (het)" 2) Toe die onderwyser van die „established school " in die Paarl in 1867 weens ouderdom aftree, moes die skool sluit, soos met alle „established schools" die geval was na die aanbeveling van die Watermeyer-kommissie, en die inwoners was vry om 'n „Undenominational Public School" op te rig. 3) 'n Beweging om in dié rigting te ywer, is toe ook op tou gesit omdat die Gimnasium se leerkursus „te klassiek, te Hollandsch en te weinig Engelsch" was. 4) Ds. van der Lingen is gevra om die Gimnasium met die voorgestelde nuwe skool te laat amalgameer, maar hy het geweier omdat die nuwe skool non-sektaries en die medium Engels sou wees. Die openbare skool is desnieteenstaande gestig, dog die Gimnasium het as private Hollandse skool bly voortbestaan. 5) Hierdie Gimnasium het „by voortduring onskatbare dienste bewys i.v.m. die instandhouding van die Hollandse taal." 6)

c) <u>Die Hollandse koerante sit die stryd voort</u>. Baie aanvalle is in hierdie tyd op die Hollandse taal gedoen. In Desember 1867 keur professor Gill van die Graaff-Reinetse Kollege dit ten sterkste af dat studente Hollands in die openbaar praat. Maar die jonge Jan Hofmeyr, destyds redakteur van „De Volksvriend", dwing die professor tot verdere swye: „Wat wil de heer Gill nu eigenlik? Toch niet dat de Graaff-Reinetse jeugd volstrekt

1) du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland, p. 102.
2) Scholtz, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, p. 171.
3) Report of the S.C.E. for the year 1867, p. 7.

geen Hollands meer zal spreken? Zo ja, dan vrezen wij, dat zijn verzoek om ondersteuning zal zijn als de stem eens roependen in de woestijn..... Het is, inderdaad, een schande dat aan een opvoedingsinstituut als het Graaff-Reinetse Kollege, gevestigd door een Hollands-Afrikaner bevolking en voornaamlik bezocht door zonen van hollands-sprekende ouders, volstrekt geen voorziening is gemaakt voor het geven van grondig onderricht in de Hollandse taal." 1)

Die Hollandse koerante neem in hierdie tyd die voortou in die agitasie vir die verkryging van regte vir die Hollandse taal. Op 8 Oktober 1868 kla „De Zuid-Afrikaan" oor die samestelling van die Kommissie van Eksaminatore van die „Board of Public Examiners": „Toch is er een vak, dat naar onze mening eene eerste plaats moest bekleeden op het programma van onderwys voor onze geheele koloniale jeugd, welk vak het Gouvernement geheel over het hoofd schynt te hebben gezien of voor hetwelk het ten minste geen Examinator heeft aangesteld. Wy bedoelen: de Hollandsche taal. Zoo er eene taal is, na of liever in vereeniging met de Engelsche, welker kennis volstrekt nodig is in deze kolonie, is het voorzeker de Hollandsche; en wy zyn er in onze ziel van overtuigd dat niet een lid der Commissie in staat is een examen in die taal af te nemen.... Wy willen dus daarop aandringen, dat er eene bepaling worde gemaakt, volgens welke eene behoorlyke kennis van het Hollandsch een onmisbaar vereischte zal zyn tot het verwerven van een certifikaat van de Commissie."

Hierop volg dr. Scholtz se verduidelikende voetnoot: „Tot 1865 was Changuion lid van die Raad van Eksaminatore. Hy was verantwoordelik vir die eksamens in Hollands, Frans, en Duits. In April 1865 het hy egter die land verlaat.

en iemand anders moes in sy plek benoem word. „In future, as regards modern languages," rapporteer die Raad in 1865, „it will probably be necessary for the Board to provide by rule under the 8th section of Act no. 4 of 1858 for the 'appointment of fit persons to examine candidates on subjects regarding which they consider that an examination conducted by individuals from their own number would not be satisfactory.'" In 1866 het die hoogeerw. Henry Douglas, die dekaan van Kaapstad, die plek van Changuion op die Raad ingeneem. Daar was toe niemand wat eksamens in Hollandx kon afneem nie, en ds. A. Faure is as spesiale eksaminator in dié vak aangestel." 1)

Op 27 Julie 1871 sit „De Zuid-Afrikaan" die stryd verder voort en kla daaroor dat as Hollands gepraat word, dit deurspek word met Engelse woorde. Die blad verklaar dan verder: „dat dit vooral te wyten is aan het feit dat er byna geen enkele inrigting meer in de Kaapstad is waar de Hollandsche taal behoorlyk onderwezen wordt, lydt geen twyfel." Die „Tot Nut" het in 1870 gesluit weens die groot skuldelas wat op die gebou gerus het, en met die sluiting van hierdie skool is die groot fakkeldraer van die Hollandse taal ook daarmee heen. 2) Besselaar skryf in verband met die latere verengelsing van die „Tot Nut": „Toen in de volkschool de moedertaal werd verwaarloosd, en de onverschilligheid voor Hollandse taal en letteren hand over hand toenam, begon men aan het verkeerde eind door allerlei verdienstelike tijdschriften op touw te zetten, waarvoor men de toevloed van lezers stelselmatig had afgesneden, die toch immers de volkschool moest opleveren." 3)

---

1) Scholtz, J. du P.: Die Afrikander en sy Taal, p. 178 Voetnoot.
2) Oor die „Tot Nut van 't Algemeen" sien ook Kestell,

(d) Die Kerk en die Onderwys. In die vroeë sewentiger jare het veral die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die bresse getree om beter voorsiening vir onderwys in Hollands te verkry. 1) Veral ds. Kuijs van George het hom besonder beywer om ondersteuning van die regering vir skole in die verafgeleë buitedistrikte te verkry waar geen behoefte aan Engels gevoel is nie en waar net in Hollands onderrig gegee is. 2) Die saak is voor die Sinode gelê waar dan ook besluit is om „bij den Superintendent-Generaal van Opvoeding aan te dringen, toelagen te verleenen aan Scholen, alwaar uitsluitelijk in het Nederduitsch onderwijs wordt gegeven." 3) Van hierdie besluit is niks verder vernoem nie - die wet van 1865 is nog streng toegepas: staatsonderstouning mits Engels die voertaal was.

Vroeg in 1873 vind die hoeksteenlegging van 'n Nederduitse Gereformeerde Kerkskool in Uitenhage plaas. Toe die in die vooruitsig gestelde „Undenominational School" gestig sou word ten gevolge van die sluiting van die „Established School" weens die afsterwe van Mnr. J. Gibson, die hoofonderwyser, was daar soveel verdeeldheid onder die aanwesiges oor die vraagstuk of die Nederlandse taal verpligtend moes gemaak word op skool of nie, dat die voorstanders van Nederlands onder leiding van ds. A.I. Steytler in oorleg met die Kerkraad besluit het om 'n afsonderlike skool te stig. Tog is dit van belang dat die verrigtinge hoofsaaklik in Engels gevoer is. 4)

In dieselfde gees is 'n skool, gestig deur lede van verskillende Hollandse kerke, op Ratelpoort in die distrik Colesberg in 1873 geopen, sonder steun van die regering. 'n Korrespondent van „De Zuid-Afrikaan" berig in die uitgawe van 7 Junie 1873 as volg: „De school geniet niets

van het Gouvernement, zoodat zij geheel vrij is. Het onderwijs is hoofdzakelijk Engelsch; er wordt wel Hollandsch geleerd, maar de Engelsche taal is hoofdzaak." Dr. Scholtz kom tot die besluit: „Dit is duidelik dat die Afrikaners oor die geheel nog geen beswaar daarteen gevoel het dat die gees van die skool waarin hul kinders opgevoed word, eensydig Engels is nie - mits daar net voorsiening vir onderwys in Hollands gemaak word, veral ter wille van die kerk." 1)

Tog is dit 'n feit dat die N.G. Kerk vir die stigting van twee meisieskole verantwoordelik was waar gevorderde onderwys gegee is en wat tog deur-en-deur Engels-georiënteerd was nl. die „Good Hope Seminary" wat in 1872 in Kaapstad gestig is en die „Huguenot Seminary" in 1873 in Wellington gestig. Die beoogde doel met eersgenoemde skool was tog om 'n opvoedingsinrigting vir meisies tot stand te bring „waarin ook geleentheid sou wees om behoorlike onderwys in die Hollandse taal te geniet." 2) Desnieteenstaande kry die skool 'n Engelse naam, die hoofonderwyseres word uit Skotland ingevoer en die leerkursus word ingerig om 'n „eerste klas Engelse" opleiding te gee, terwyl in Hollands onderrig gegee sou word alleen aan diegene wat dit begeer het. 3) Ongeveer dieselfde toestand word in die „Huguenot Seminary" aangetref.

Op 16 Oktober 1872, tydens 'n vergadering van die Kaapstadse ring, wys ds. G.W. Stegmann jr. in sy verslag op die verwaarlosing van Hollands op die meeste skole in die stad. "In de Kaapstad," sê hy, „wordt het Hollandsch, behalve in de kerkscholen, slechts bij wijze van uitzondering onderwezen, een voorrecht waarvan, zoover wij ontdekken konden, de jongedochters geheel verstoken zijn." 4) En in Somerset-Wes moes die predikant sy katkisasieles

laat voorafgaan deur 'n uurtjie aan Hollands te bestee.1)

(e) Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop kom tot stand. In 1872 rapporteer die S.G.O. dat die „Board of Public Examiners" in September 1873 sou ophou om te bestaan aangesien sy tyd verstreke sou wees. 'n Sterk gevoel het teen die Raad ontstaan omdat van sy lede wat as eksaminatore optree, ook onderwys gee. Dr. Dale beveel dus aan : „to separate the general functions of the Board of Public Examiners from the specific duty of examiners, and to provide that teachers, although qualified to act as members of the Board, shall under certain circumstances be disqualified from acting as examiners." 2)

In 1873 rapporteer die „Board of Public Examiners" dat, aangesien die Universiteits-Inkorporasie-Akte reeds gepromulgeer is, die „Board of Public Examiners in Literature and Science", soos gekonstitueer onder wet no. 4 van 1858, geen verdere funksies te verrig het nie. 3) Hierdie Raad het dus opgehou om te bestaan en is deur die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop vervang. „Dit is ingerig op model van die Universiteit van Londen, het sy setel in Kaapstad gehad en was bloot 'n eksaminerende inrigting wat die standaarde vasgelê het, die leerplanne opgestel het, eksamens afgeneem het en grade toegeken het. Dit was ook verantwoordelik vir die beheer van die matrikulasie en Junior Sertifikaat-eksamens en die Regseksamens van die Siviele Diens." 4)

(f) Afrikaans begin die strydperk binne tree. Teen 1873 begin daar al heelwat stemme ten gunste van Afrikaans opgaan. So skryf „Regtuit" in „De Zuid-Afrikaan" van 30 April 1873: „Waarom niet het eerste onderwijs medegedeeld

1) „De Zuid-Afrikaan," 19 Okt. 1872.
2) Report of S.G.E. 1872, p. 6.
3) Report of B.P.E. 1873, p. 1.

door boeken die in die landstaal geschreven zijn? Men make Afrikaansche boekjes voor de grondregelen der Godsdienst, over alle wetenschap die den landbewoner ten eerste noodzakelijk is, rekenboekjes, schetsen van geschiedenis, enz. Hoe geredelijk, hoe gemakkelijk zal men die lezen en in zich opnemen!" En op 5 Julie 1873 beweer C.P. Hoogenhout in "De Zuid-Afrikaan": "Wanneer sal die mense dan tog wil begryp, dat Hollans en Engels hier in Afirka as vreemde tale mot behandel word; en dat die Afirkaners ook eers in Afirkaans mot geleer wort. Hulle kan mos naderhand Hollans en Engels leer as daar tijd voor is."

Maar hierdie dinge was slegs toekomsverwagtinge. Lank sou die stryd om oppermag nog voortwoed: tussen Engels en Hollands en daarby 'n Hollandse kamp wat erg verdeeld was. Daar was diegene wat aan Hollands vasgekleef het, maar daar was ook diegene wat reg vir die Afrikaanse moedertaal geëis het.

Oom Jan, een van die digters uit daardie tydperk, was heftig teen die algemene verengelsing gekant; veral is sy toorn op skool en kerk gemik:

"Engels! Engels! alles Engels! Engels wat jy siet en hoor;
In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal vermoor.
Ag hoe word ons volk verbaster, daartoe werk ons leraars saam,
Hollands nog in sekere skole: is bedrog, 'n blote naam!
Tot in Vrystaat en Transvaal al, oweral dieselfde kwaad.
Dis vooruitgang!" roep die skreeuwers, dis beskawing wat nou kom!" 1)

(g) Standerds word ingevoer. In 1873 is vir die eerste keer standerds in die skole ingevoer. Die hoogste standerd was Standerd IV. In hierdie jaar was daar 23 "Undenominational Public Schools" van die eerste klas, 2) en in 1874 kon die S.G.O. rapporteer dat die laaste "Established School" te Somerset-Oos op 1 Julie 1874 gesluit is. 3)

Die invoering van standerds in skole was beslis 'n groot verbetering op die ou stelsel van indeling in klasse.

(h) Die plek van Hollands op skole. Dis van belang om op te merk hoe dit met die onderwys van Hollands op skole tien jaar na die Wet van 1865 gestel was. In 1875 was die toestand ongeveer die volgende:

		Aantal kinders wat Engels leer.	Aantal kinders wat Hollands leer.
"Public Schools" van die 1ste en 2de klas	(96)	3770	1650
"Public Schools" van die 3de klas.	(43)	880	920 1)

„In die „Public Schools" van die 1ste en 2de klas op Aliwal Noord, Carnarvon, Clanwilliam („Preparatory"), Colesberg, Dordrecht, Durbanville, Fraserburg, Mosselbaai, Richmond, Riversdal, Robertson, Somerset-Wes, Wellington ("Preparatory") en Willowmore is geen Hollands onderwys nie. Op twee skole van die 3de klas is geen Engels, op vyf geen Hollands gegee nie." 2)

„Opmerklik is, soos uit die jaarrapporte van die Superintendent-Generaal van Onderwys te sien is, dat in die groot meerderheid van die meisieskole, wat sinds 1865 opgerig is, alleen Engels onderwys is." 3)

Wat van die onderwys in Hollands aan die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum" geword het, blyk uit 'n brief van 'n korrespondent in „De Zuid-Afrikaan" van 18 Februarie 1874. Daar word „aan elke Hollandsche klasse ofschoon de Hollandsche taal in de stad naast het Engelsch de voornaamste en in de buitendistrikten de hoofdtaal is, een of twee uren per week toegeduwd, en dat wel uren na afloop van den schooltijd, wanneer de arme tobbers, vooral in het warme weer, reeds zitten te gapen even als de musschen op de daken in Hildebrand's Camera Obscura."

---

1) Scholtz, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, p. 201

Oor die plek van Hollands op die Athenaeum ongeveer twintig jaar vroeër reeds, skryf prof. Besselaar: „De voorziening, aan deze inrichting in latere jaren voor onderwijs van het Hollands gemaakt, bepaalde zich tot één uur per week en was beslist onvoldoende. In de studiejaren van oud-president Reitz bestond dit in klassikale vertaling van Vondel in het Engels. Behalve de zeer bekwame en lyvige docent, dr. Kotzé, was alleen de latere „Onze Jan" volgens Reitz in staat dit onderricht met vrucht te volgen." 1)

Op 30 Junie 1877 word die toestand met betrekking tot die getal kinders op openbare skole wat die twee tale leer, as volg weergegee:

	Aantal kinders wat Engels leer.	Aantal kinders wat Hollands leer.
Skole van die 1ste klas.	2998	948
Skole van die 2de klas.	3109	1162
Skole van die 3de klas.	1699	1046 2)

„Op die „Mission Schools" wat steun van die regering gekry het, het 22,245 kinders Engels leer lees teenoor slegs 7,562 Hollands. Baie blanke kinders het onderwys in die sendingskole ontvang." 3)

Met uitsluiting van die skole van die derde klas, blyk dit dat slegs ongeveer een-derde van die skoolgaande kinders Hollands geleer het.

In 1876 bestaan daar vyf inrigtings, nl. die Suid-Afrikaanse Kollege, die Diocesan Kollege, die „Undenominational Public School" te Stellenbosch, Gill Kollege op Somerset-Oos en die Grey Instituut op Port Elizabeth wat altesaam 292 leerlinge in die Matrikulasie-klasse gehad het. 4)

In 1875 word die „Genootskap van Regte Afrikaners" gestig met die doelstelling „om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land." 1) Hierdie genootskap het in die begin geringe invloed met betrekking tot Afrikaanse moedertaalonderwys op die skole uitgeoefen, omdat die sekondêre skoolleerplan deur die Engelsgesinde Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop voorgeskryf was. En hierdie universiteitsraad wou van Hollands weinig weet, maar van Afrikaans glad niks nie.

Die volgende jaar verskyn die „Special Report of the State of Education in the Midland Districts by Mr. F.H. Ely, Deputy Inspector." (In 1872 reeds is twee inspekteurs aangestel, en hulle getal het mettertyd vinnig aangegroei.) Uit die verslag blyk dat die ouers begerig was dat hulle kinders Engels moes leer. Die idee het algemeen posgevat dat kinders Engels moes leer want hulle ken tog hul moedertaal, of soos 'n predikant dit gestel het: "Let them learn English, the Dutch is in them." 2)

Die behoefte aan 'n deegliker Engelse opvoeding vir dogters is in 1877 deur wetgewing sterker beklemtoon. Op 26 Julie 1877 is die „Amended Regulations. Order A. Undenominational Public Schools for Girls" aangenoem wat onder andere die volgende bepalings bevat: „Provision must be made in a Girls' School of the First Class for superior instruction in the English language and literature, history, geography, arithmetic; and in domestic economy, as far as may be practicable." 3)

---

1) Van Niekerk, L.: De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Letterkundige voorbrengselen, p. 4.
2) S.G.E. report for 1876: Inspector Ely's report, p. 45.

3. DIE TYDPERK 1879 - 1890.

(a) Die de Villiers-Kommissie: In 1879 word hierdie beroemde onderwyskommissie aangestel om die werking van die Kaaplandse onderwyswette te ondersoek en daaroor te rapporteer. In 1880 was die verslag gereed. Getuienis omtrent die posisie van Hollands en Engels op die skole is onder andere van prof. Hofmeyr, dr. van Oordt, Langham Dale, ds. A. Murray en ds. G.W. Stegmann afgeneem. „Feitlik alle getuies het weer op die noodsaaklikheid van beter voorsiening vir onderwys in Hollands nadruk gelê. Die kommissie self was wat hierdie saak betref, gelukkig meer vatbaar vir oortuiging as die kommissie van 1861."1) Dit blyk ook duidelik uit hulle aanbevelings.

Die kommissie het nie alleen persoonlike getuienisse afgeneem nie, maar ook sirkulêres aan verskeie skoolhoofde en ander belanghebbende persone uitgestuur, waarin hulle opinies in verband met die onderwys van Hollands gevra is. Eerwaarde David Ross, M.A., van Lady Grey antwoord hierop: „I would suggest the entire abolition, for all schools of the condition requiring instruction to be given through the medium of the English language. The vernacular must always be the medium, till a later stage; and, if English is to be taught intelligently to the great majority of our people, it must be through the medium of Dutch. English will make much more rapid progress when not forced." 2) Ross glo dus nog daaraan dat Engels deur medium Hollands geleer moet word. Engels is van die allergrootste belang; Hollands moet net as middel dien om die uiteindelike doel te verwesenlik, nl. om deeglik Engels te ken. Interessant is egter sy idee van moedertaalmedium.

---

1) Scholtz, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, p. 202.
2) Report of the Commissioners appointed to inquire into and

Die hoof van die Rynse Sendingskool op Stellenbosch, J. Hahn, antwoord dat dit wenslik is dat in die hoër afdelings van alle skole die taal wat die kinders tuis praat, Hollands of Kaffer, tenminste een van die vakke van onderrig moet wees. 1)

Die samevatting van die bevindings van die Kommissie, met betrekking tot moderne tale, is van groot belang. Met die uiterste versigtigheid is te werk gegaan en eers na sorgvuldige en ernstige oorweging het die kommissie besluit om aanbevelings te doen.

Met verwysing na moderne tale, so lui die bevindings van die kommissie, is hulle van oordeel dat addisionele fasiliteite vir die onderwys van die Hollandse taal, indien moontlik, behoort verskaf te word. Dit moet nie vergeet word nie dat dit die taal, in 'n gewysigde vorm natuurlik, van die grootste gedeelte van die bevolking is; en dat vir kinders van Hollandssprekende ouers die bekwaamheid om Hollands te lees net so 'n goeie toets is dat hulle elementêre onderwys ontvang het, as die bekwaamheid om Engels te lees in die geval van Engelssprekende ouers.2)

Daar is mense wat dink, so gaan die verslag voort, dat die Engelse taal bestemd is om met verloop van tyd die Hollandse taal geheelenal te oorheers; andere weer is van oordeel dat die twee langs mekaar in die Kolonie altyd sal voortbestaan. Dit was nie nodig vir die kommissie om oor hierdie teenstrydige standpunte te besluit nie; een saak is egter voldoende duidelik, en dit is dat die Engelse taal so baie duidelike voordele in sy wedywering met Hollands vertoon, dat dit aan geen kunsmatige aanmoediging in 'n stelsel van nasionale onderwys behoefte het nie. Die getuienis wat voor die kommissie afgelê is, laat geen ruimte vir twyfel nie dat daar 'n groeiende begeerte by

die boerebevolking bestaan om hulle kinders in die Engelse taal te laat onderrig. 1)

Dit is egter net so duidelik, voer die kommissie verder aan, dat daar baie is wat beswaar maak dat die Engelse taal op hulle afgedwing word; en andere weer, met 'n innige begeerte om die algemene opvoeding van hul kinders te bevorder, besit nie die middele om hulle kinders enige ander taal te laat onderrig as dié waarmee hulle bekend is nie. Die kommissie hou hul oortuig van die feit dat die staat geen reg het om meer van enige ouer te eis nie as dat hy sy kinders in die beginsels van kennis sal laat onderrig. Indien hulle in staat is om te lees, skryf en om elementêre rekenkunde te doen, behoort die feit dat Hollands die medium van onderrig is, nie teen hulle te tel nie. Dit is om hierdie rede dat ons van oordeel is, dat alle restriksies wat die taal wat die medium van onderrig moet wees, betref, verwyder moet word. 2)

Dit was een van die belangrikste aanbevelings wat 'n Suid-Afrikaanse kommissie uit die negentiende eeu gedoen het met betrekking tot die onderwys van Hollands. Maar die S.G.O. was egter nie baie in sy skik met hierdie aanbevelings nie. In sy rapport oor die jaar 1880 lewer hy dan ook kommentaar hieroor en skryf dat die kommissielede in seksie 22 van genoemde rapport voorstel dat dit opsioneel vir bestuurders moet wees of van Hollands of Engels as medium van onderrig gebruik gemaak word, terwyl hulle in seksie 17 van oordeel is dat alle restriksies wat die voertaal betref, verwyder moet word. Die huidige tale van die skole, skryf die S.G.O., is Engels, Hollands, Duits, Kaffer en Sesoetoe, en dit is nie duidelik waarom die plaaslike bestuurders oor twee tale ter uitsluiting van die ander drie moet besluit nie. 3)

Die huidige reëling, aldus die S.G.O., is dat in skole van die eerste en tweede klasse onderrig deur medium van die Engelse taal gegee word, „and I have never heard of any objection to this rule." In al die ander skole word onderrig deur medium van Engels ingevoer so ver as wat dit praktiès moontlik is. Hierdie beleid het geblyk bevredigend te werk vir baie jare, en dit is wenslik om dit nie te verstoor nie; maar om die oplossing van so 'n moeilike vraagstuk aan die bestuurders van elke skool oor te laat, voer 'n element van disharmonie in wat plaaslike vooroordele sal wakker maak en tot eindelose komplikasies sal lei. 1)

Voortgaande beweer die S.G.O.: "The acquisition of a book-knowledge of English among the agricultural and pastoral population will not be of much use, and is not likely to be permanent, unless English and the vernacular, whatever it may be, are studied, read, written, and spoken, as it were, side by side, and for this reason I look forward to the publication of a bi-lingual series of schoolbooks, which may help the contemporaneous system of teaching. At the same time, I earnestly deprecate any new legislation on the subject."2)

Dat die aanbevelings van die kommissie van 1879 wel vrug gedra het, blyk uit die verslag van die Gekose Komitee oor die Hollandse taal wat in 1906 rapport gelewer het: Wat die posisie van die Hollandse taal op die ondersteunde skole betref, vind die Komitee dat beide Huise van die Parlement in 1882 die volgende skoolregulasie aangeneem het: „Zooveel van de School Regulaties vervat in de Schedule van de Onderwijs Wet van 1865 als tegenstrijdig of onbestaanbaar is met de Regulaties hierboven, en zooveel als bepaalt dat het onderricht gedurende de gewone school

1) Report of S.G.E., 1880, p. 13. XLII.
2) Ibid., p. 14. XLVI

uren slechts door middel van de Engelsche taal gegeven zal worden, wordt mits deze herroepen." Ten gevolge van hierdie Regulasie verskyn die volgende inleidende nota in Pamflet no. 1. (Elementair School Cursus), uitgegee deur die Departement van Onderwys: „Scholieren mogen voor hunne standards ingaan in Engelsch of in Hollandsch. Ingeval beide Engelsch en Hollandsch genoemen worden, hoeft slechts de helft van het Engelsche en de helft van het Hollandsche leesboek voorbereid te worden." 1) Die komitee erken dat dit 'n gesonde beginsel is en soveel moontlik gevolg behoort te word.

In Proklamasie No. 113, Julie 1882, volg ook 'n aantal addisionele algemene regulasies waaronder die volgende voorkom: Waar dit wenslik is vir die onderrig van die Hollandse taal in die gewone skoolkursus, sal die regering verwag dat die hoof of een van die assistent-onderwysers bekwaam sal wees om ook onderrig in daardie taal te gee, en dat hy ook die onderrig sal gee. 2)

Verder lui die proklamasie: Waar onderrig in die Hollandse taal deur 'n spesiale onderwyser gegee word wat nie een van die gereëlde personeel is nie, sal 'n toelaag ter ondersteuning van so 'n onderwyser se salaris toegeken word, wat nie die bedrag van 'n toelaag toegestaan vir 'n assistent in die skool waaraan so 'n onderwyser verbonde is, te bowe sal gaan nie. 3)

Hierdie regulasies het volgens wet die toestand in verband met die onderrig in Hollands op skole verbeter, maar nou vind ons hierdie toestand: Omdat Engels sedert 1822 die hooftaal in skole was, het die onderwysers algaande de versoen geraak met die Engelse idee en die nageslag het met hierdie idee grootgeword. Noudat hierdie verandering

---

1. ~~Report of the S.G.E., p. 13 XLII~~.
2) Proclamation No, 113, July 1882. Oorgeneem in : Educa-

teweeggebring is, is die onderwysers nie bekwaam om onderrig in Hollands te gee nie deurdat meeste van hulle opleiding alleenlik in Engels gehad het.

(b) Die Eerste Vryheidsoorlog en die stigting van die Afrikanerbond. In 1881 breek die Eerste Vryheidsoorlog in Transvaal uit. Hierdie gebeurtenis oefen soveel invloed uit op die bevordering van die Hollandse taal dat dit nie na waarde geskat kan word nie. Daar het meteens 'n oplewing in die belangstelling in die Hollandse taal ontstaan: die taal is aan die politiek verbind. Maar so was dit ook gedurende die tydperk van verengelsing.

Hierdie vloedgolf van belangstelling vind uiting in die stigting van verskeie verenigings waarvan die Afrikanerbond een van die eerstes was. Hierdie bond is deur „Onze Jan" in 1881 gestig. Besselaar beskryf die bond as „een ekonomies - politiek lichaam, dat een belangrijke rol gespeeld heeft in de staatkundige geschiedenis van de Kaapkolonie. De Bond bevorderde de oprichting van Jongelieden- en Debatsverenigingen, waar aan de verstandelike en geestelike ontwikkeling van jong Zuid-Afrika gewerkt werd. Dit kwam de beoefening van taal en letteren mildelik ten goede." 1)

(c) Die S.G.O., en Hollands. In 1881 maak die S.G.O. in sy jaarrapoort melding van die verskaffing van onderwysers deur die Kolonie self. Hoewel die voorraad onderwysers wat as gevolg van hul kennis van beide die Engelse en Hollandse tale geskik is om in die distrikskole onderwys te gee nog nie aan die aanvraag voldoen nie, stem dit tot tevredenheid om op te merk dat die inrigtings van die Kaap-kolonie in die laaste paar jare 'n taamlike aantal van hierdie onderwysers gelewer het. 2)

Hollandse taal wettig erken en deur toelaes ondersteun word. 1) Terselfdertyd wys hy daarop dat onthou moet word dat daar ses tale bestaan wat in die Kolonie se skole erken moet word, en, terwyl alle tegemoetkomendheid deur die Departement teenoor die studie van die moedertaal bewys word, watter een dit ook al is, kan hy dié nadele nie ignoreer waaronder diegene wat net in die moedertaal onderrig ontvang, altyd sal swoeg nie wanneer hulle voortgaan na die vertakkinge van hoër onderwys wat in Engels gegee word en deur die Universiteitseksamens getoets word en wat natuurlik in die Engelse taal afgeneem word. 2)

(d) Inspekteursverslae oor die onderrig van Hollands, 1881 - 1882. Inspekteur J. Samuel beklemtoon die feit dat ouers ontevrede is as hulle kinders, wat weens ekonomiese omstandighede slegs 'n kort tydjie 'n skool kan besoek, nie in staat is om 'n brief in hul eie taal te kan skryf nie. Die mense is dan ook teen die aanleer van die Engelse taal gekant. 3)

Inspekteur A.N. Rowan meen dat die toestand in die Westelike distrikte bevredigend is, en dat tydens die jongste inspeksie 3904 leerlinge vir eksamen in Hollands voorgedra is. Die begeerte van die ouers is om tweetalige onderwysers te kry waaraan 'n groot tekort is. 4)

(e) Ross se rapport. In 1883 verskyn die opspraakwekkende rapport van Donald Ross, M.A., F.R.S.E., Inspekteur-Generaal van Kolleges en Skole. Ross laak die baie vakke op skool. Hy stem saam met die onderwyser wat skryf: „Latijn, Grieksch en Euclides behooren niet ter hand genomen te worden totdat men goed lezen, schrijven en rekenen kan." En verder: „Het is een heel gewoon iets om een jongen te vinden die de hoogere onderwerpen studeert, doch de

eenvoudigste woorden niet kan spellen noch minder een grammaticalen brief schrijven." Daar is 'n „gebrek aan een door-en-door gegrond elementair onderwijs." 1)

Voortgaande merk Ross op: „Wanneer wij in aanmerking nemen dat de bevolking over het geheele land, behalve misschien in een dozijn steden, twee talen spreekt of eene andere dan de Engelsche als moedertaal heeft, dan moet het bijna met één oogopslag blijken hoe grove fout in het onderwijs het is om de kinderen te onderwerpen aan nog twee, (d.i. Latijn en Grieksch) behalve aan eene groote verscheidenheid van andere onderwerpen." 2)

Ross lewer nie net afbrekende kritiek nie; hy probeer konstruktief wees en stel dus voor „het program te bekorten door Grieksch, Latijn en verwante onderwerpen uit te laten, behalve in het geval van leerlingen die voor eene professie willen ingaan, en door de krachten te concentreren op onderwerpen die de leerlingen zich kunnen en behooren eigen te maken, zooals, in Hollandsch sprekende distrikten, Hollandsch en Engelsch." 3)

En, asof met groot verontwaardiging, roep hy uit: „Is het werkelijk het geval dat de Hollandsch sprekende boeren voor hunne jongens eene ellendige oppervlakkige kennis van Latijnsche en Grieksche verbuigingen verlangen zoo lang als zij niet in staat zijn om eenen degelijken brief in het Hollandsch of Engelsch te schrijven?" 4)

Maar Ross se diagnose was verkeerd: Dit was nie soseer die boere wat hierdie toestand help skep het nie, maar die eksaminerende Universiteit wat te weinig aandag aan hierdie sake geskenk het, veral met betrekking tot Hollands.

---

1) Voorlopig Rapport over den Staat van het Onderwijs in de Kolonie de Kaap de Goede Hoop, door Donald Ross. p. 28. (Hollandse vertaling in: Dokumenten handelende over het Publiek Onderwijs in de Kolonie de Kaap de Goede Hoop, 1885)

Dit wil voorkom of die S.G.O. die rapport van Ross in die gedagte gehad het toe hy in 1884 in sy jaarrapport skryf: „De daadzaak (fact: Engelse uitgawe) is dat er in de meeste scholen onder de Hollandsch-sprekende bevolking bevredigende schikkingen zijn gemaakt door de bestuurders, niet alleen met mijne toestemming maar op mijnen raad, om geregeld en voldoend onderrigt te geven in de Hollandsche taal....." 1) Dit is dieselfde S.G.O. wat in 1880 geweier het om die oplossing van so 'n moeilike vraag, nl. Hollands- of Engelsmedium, aan die bestuurders van skole oor te laat. 2)

(f) Tweetalige onderwysers. In verband met die „Elementary Teachers' Certificate" merk die S.G.O. in sy rapport oor 1885 op, dat nieteenstaande die aanmoediging wat kandidate kry om in die Hollandse taal te kwalifiseer, slegs 63 uit 267 kandidate hul vir dié eksamen aangemeld het, en hiervan het slegs 23 geslaag. Van alle kante is daarop gewys dat as 'n kennis van Hollands verpligtend gemaak word, dit baie onregverdig teenoor die Engelssprekende kandidate sou wees wat geen geleenthede het om 'n kennis van Hollands te bekom nie, óf deur die omgangstaal óf skriftelik. Die bestaande reëlings werk goed en boere is in staat om onderwysers en onderwyseresse te verkry wat hierdie onderwysersertifikaat besit. Natuurlik geniet diegene wat in beide Engels en Hollands slaag, voorkeur by aanstellings in distrikskole, maar enige fundamentele verandering in die regulasies sou die beste kandidate terughou en sou waarskynlik die doeleindes wat met die instelling van hierdie eksamen beoog is, verydel. 3) Dit is egter baie twyfelagtig of die S.G.O. geregverdig was in sy verdediging van Engelssprekende kandidate ten opsigte van die afwesigheid van fasiliteite vir die verkryging van kennis van

Engelssprekendes die beste kandidate is, wat seker die geval was waar dit die onderwys in Engels gegeld het.

(g) Inspekteursverslae 1885 - 1888. As gevolg van 'n sirkulêre brief, gedateer 7 Desember 1885, moes inspekteurs voortaan inligting oor verskeie sake verstrek, onder andere: „IV. Remarks on the difficulties arising from the two languages - how overcome in your district." Na aanleiding hiervan rapporteer inspekteur A.N. Rowan oor die Westelike distrikte dat weinig moeilikhede in hierdie verband ondervind word. In sommige groot skole in Kaapstad, Stellenbosch, Paarl en Worcester is selfs spesiale onderwysers van Hollands aangestel. 'n Moeilikheid wat wel ondervind word, is wanneer Hollands vir 'n beperkte aantal leerlinge uit verskillende klasse onderrig word. Hier kom dan sulke moeilikhede soos geskikte klassifikasie en organisasie in die gedrang. Die inspekteur som die posisie as volg op: Aan die vermeerderde aanvraag vir onderrig in Hollands is voldoen deur die verskaffing van vermeerderde fasiliteite vir die verkryging van kennis van daardie taal. 1)

In verband met die Noord-Oostelike distrikte skryf inspekteur J. Samuel dat die ouers begerig is dat hulle kinders Engels deeglik moet leer en hulle glo dat 'n voldoende kennis van Hollands onbewus in dié proses verkry word. Baie ouers leer hulle kinders tuis om Hollands te lees en betaal om hulle kinders Engels te laat leer. 2)

Oor die Suidelike distrikte skryf inspekteur Brady dat die meeste mense in hierdie dele Kaapse Hollands praat. Op skool vertaal die kinders hulle Hollandse lesse in Engels en omgekeerd. Hy wys ook daarop dat baie ouers weier om hulle kinders Engels te laat leer wat baie moeilikhede op skool meebring.3)

---

1) Bylaag aan S.C.E. 1885, Appendix II, p. xliii, xlv

Die spesiale rapporte oor 1888 is uitvloeisels van "Letters of Instruction addressed to the Deputy Inspectors of Schools, 11th. July 1888". 1) Hierdie instruksies het onder andere rapporte oor die volgende sake vereis: II. Elementêre onderwys: „..... and the extent to which the Dutch language is studied." IV. Hindernisse: 1. Wat voortvloei uit die feit dat ouers verlang om kinders vir Hollands alleen in te skryf of vir wat slegs nodig is vir voorbereiding vir die aanneming. 2. Wat voortvloei uit die verskeidenheid van tale, Engels, Hollands, Duits, Kaffer, Sesoetoe en Sechuana. 2)

Oor die Westelike distrikte skryf inspekteur A.N. Rowan dat die Hollandse element daar baie sterk is. Die Siviele Diens-eksamen waarin Hollands tans een van die verpligte vakke is, het 'n addisionele stimulus aan die studie van daardie taal in die skole gegee waar dit tot nou toe veronagsaam was. Dit is nie onwaarskynlik nie, sê hy, dat binne 'n paar geslagte „a language may arise under our sunny sky less inflectional and more musical than the language of Holland." 3)

Oor die algemeen het die inspekteurs gevind dat voorbereidingsklasse vir die aanneming uit die skole vinnig verdwyn.

Hierdie rapporte toon duidelik aan hoe toestande van afdeling tot afdeling verskil; tog is daar duidelike waarneembare tekens dat Hollands baie meer aandag as twintig jaar tevore geniet.

In hierdie tyd geniet die vraagstuk van onderrig in Hollands besondere aandag. Nie alleen is die belangstelling op skoolonderrig toegespits nie, maar onderwyskwalifikasies geniet ook baie aandag terwyl inspekteurskwalifikasies ten opsigte van Hollands 'n vrugbare bron

---

1) Report of S.G.E. 1888, p. 3

vir bespreking was. Die S.G.O. was verplig om in 1890 'n lansie vir die ag diensdoende inspekteurs te breek. "Het is dikwijls herhaald in het Parlement en elders, dat de inspecteurs van scholen niet bekwaam zijn in de Hollandsche taal te examineeren, dat ik hier op het Rapport zet, dat vier van de staf degelijk bekwaam zijn in het Hollandsch, nl., de heeren Rowan, Ely, C. Murray en Nixon en andere Inspecteurs hebben een grammatikale kennis van de taal." 1)

Die volgende paragraaf bevat 'n opsomming van die posisie van Hollands in die verskillende inspekteurs-afdelings en is tegelykertyd 'n voorbeeld van die woorde-boekvertaling waarvan destyds onder andere in die onderwys-kantoor gebruik gemaak is.: "In de verschillende parten van de Kolonie de vereischten verschillen. In de West, Midland en Noordelijke distrikten, bekwamen Onderwijzer om beiden Engelsch en Hollandsch te onderrigten zijn gemeenlijk noodig; in de Oostelijke distrikten, was daar geen groote aanvraag voor onderrigt in de Hollandsche taal." 2)

Die S.G.O. wys daarop dat dit gebruiklik is om in Hollands te vertaal in enige vak as die kind nie verstaan nie. Engels word in Hollands en Hollands in Engels vertaal. Ouers kla omdat hul kinders tog tuis Hollands leer en beskou hierdie soort onderrig as verkwisting van die kind se tyd. Dat 20,000 kinders Hollands leer, is 'n oortuigende bewys dat die aanmoediging in hierdie rigting deur die Departement behoorlik op prys gestel word. Die S.G.O. is nie bereid om deur die wet reëls in verband met die taal vas te lê nie. Bestuurders bly daarvoor verantwoordelik. 3) Dit is beslis 'n groot ommeswaai in siens-wyse sedert 1880: 'n gebruik is bestendig geword.

Voorts bepaal die S.G.O. die aandag by die spesiale rapport in verband met die studie van die Hollandse taal van die heer Rowan (14 Oktober 1890) waarin Rowan na sy spesiale rapporte van 1882, 1885 en 1888 verwys, en waarvan 'n gedeelte hier opgeneem is: „Het toenemende aanvragen voor onderwys in Hollandsch is te gemoet gekomen door de toenemende gemakken voor het bekomen van een kennis van die taal. De bestuurders van de Undenominational Scholen hebben groote onofferingen, dikwijls uit hunne eigene beperkte middellen, om onderwijzers te bekomen, bekwaam om in beiden talen onderwijs te geven, en het Opvoedings Departement is altijd gereed geweest hunner pogingen op een liberale wijze te ondersteunen. In mijn distrikt is niet een enkel Undenominationale School in welke de Hollandsche taal niet bezijde het Engelsch staat en onderwezen wordt. De schikkingen voor Hollandsch en Engelsch loopen zooveel mogelijk gelijk in het meeste der scholen. In verscheidene daarvan wordt het Godsdienst onderwijs in het Hollandsch gegeven en de gebeden bij het openen en sluiten der school in dezelfde taal." 1)

Dit is moeilik om die verslae van die inspekteurs met die uitsprake van ander liggame soos byvoorbeeld die Taalbond te rym. Óf die onderwysdepartement tas mis óf die Taalbond is bevooroordeeld.

4. DIE TYDPERK 1890 - 1892.

(a) Die Taalbond. Dr. Mansvelt, professor in moderne tale aan die „Stellenbosch College and Public School", beywer hom in hierdie tyd vir die bevordering van die Hollandse taal. In „De Zuid-Afrikaan" van 1 Mei 1890 skryf hy: „En totdat de Hollandsche taal in Zuid-Afrika in hare regten hersteld is en als landstaal door het opgroeijend geslacht beoefend wordt, zou het kortzichtig en dwaas zijn,

niet de beschaafde schrijftaal van Nederland als middel van onderwijs te bezigen."

Voortgaande merk hy op: "Op de vraag.... of ik verwacht, dat de Afrikaander ooit iets anders dan Afrikaansch zal spreken, antwoord ik dus: Neen; maar op grond van jarenlange ondervinding durf ik zeggen, dat, als eenmaal de jonge Afrikander op de school leeren zal, zijne begrippen en gewaarwordingen ook door middel van het Hollandsch uit te drukken, dat Hollandsch niet alleen even goed, maar beter nog zijn zal dan het beste salon-Afrikaansch dat men thans nog hoort."

Mansvelt is nie teen Afrikaans gekant nie maar "die groot doel waarom hy vir die regte van die Hollandse taal stry, is om die Hollandse geestesgoedere vir die Afrikaner toeganklik te maak en die taal suiwer te hou." 1) Hierdie bewering word deur die volgende uit die pen van Mansvelt gestaaf: "Dat de taal der groote massa ooit zuiver Nederlandsch zou kunnen worden, daaraan valt niet te denken; doch, hoe groot ook mijne liefde voor de Nederlandsche taal en hare niet zoo arme letterkunde (gelijk sommigen meenen) zij, ik zal al mijn streven en werken ruim beloond achten, als het Kaapsch-Hollandsch, of Afrikaansch, zich in zijne ontwikkeling slechts zoo nabij het Nederlandsch houdt, dat de opgevoede jonge Afrikaner in staat zal zijn, om zonder groote inspanning de geestesvruchten van Hollandsche denkers naast die van Engelsche te genieten." 2)

Maar Mansvelt is nie die enigste voorloper van die Taalbond nie. In die uitgawes van "De Zuid-Afrikaan" van 6 en 8 Mei 1890 doen ds. A. Moorrees sekere aanbevelings in verband met veranderings in die onderwysstelsel, nl. "1. Dat niemand zal benoemd worden tot Inspecteur van Onderwijs (althans voor Hollandsch sprekende districten), die de Hollandsche taal niet machtig is; dat int[illegible]

voorziening zal gemaakt worden voor het behoorlijk examineren der Hollandsche klassen; en dat een volledig verslag van de vorderingen der leerlingen in het Hollandsch, in de gedrukte rapporten der Inspecteurs zal worden geleverd. 4. Dat voor het Hollandsch papier zulk een getal merken zal worden gegeven, in vergelijking met dat voor andere onderwerpen toegekend, dat kandidaten aangemoedigd worden de moedertaal te beoefenen."

Ook ds. A.A. Louw het 'n reuse-aandeel in hierdie pogings en deur sy bemiddeling is 'n voorlopige komitee aangestel wat as voorloper van die te stigte Taalbond sou dien. Die besluite van hierdie komitee is in „De Zuid-Afrikaan" van 4 Oktober 1890 gepubliseer en lui o.a. as volg: „1. Dat't Elementair Examen voor een deel in de Hollandsche taal zal kunnen afgenomen worden. 2. Dat bij 't Matriculatie Examen 't Hollandsch als examenvak op gelijken voet met andere hoofdvakken gesteld en niet als een vreemde taal gerekend worde."

Prof. de Vos, een van die groot kampvegters vir die Hollandse taal, skryf in 1891 'n artikel: „Zullen wij nog voor onze moedertaal ijveren?" Die skrywer sien uit na die tyd wanneer die ou Universiteit in 'n doserende Universiteit verander sal word waardeur hulle „van den tegenwoordigen onverantwoordelijken, hooghartigen Raad verlost worden." 1)

In hierdie jaar, nl. op 31 Oktober en 1 November 1890 is 'n Taalkongres in Kaapstad gehou. Op hierdie Kongres is besluit om die Suid-Afrikaanse Taalbond te stig. In 'n brief van die hoofbestuur van die Taalbond aan die redakteur van „Het Zuid Afrikaansche Tijdschrift" word die manifes ingesluit. Die doel van die Taalbond sou wees: „de handhaving van de taal en daarmede van de

karakter onzes volks." 1)

Die Manifes van die Taalbond lui as volg: „Ons volk begint in te zien, dat het tegenwoordig stelsel van onderwijs, hoe goed ook anders in vele opzichten, eene groote schaduwzijde heeft, nl. dat het de taal van de grootste gedeelte der bevolking óf te veel verwaarloost óf slechts als een vreemde taal behandelt; dat de kinderen onzes volks bijna uitsluitend alle onderricht door middel van 't Engelsch ontvangen, al hun kennis door middel van diezelfde taal verkrijgen, en dus onbewust onder den indruk komen, dat alle kennis, verlichting en beschaving alleen door 't Engelsch komt." 2)

Die Taalbond erken die beginsel van tweetaligheid maar wys daarop dat omstandighede die ouers dwing om hulle kinders slegs 'n kort tydjie op skool te hou - te kort om albei tale te leer - en daarom is dit die ouer se plig om aan die moedertaal voorkeur te gee, anders gebeur dit dat sy kind „noch de eene noch de andere taal leert." 3)

Volgens Artikel 10b van die statute is die hoofbestuur belas „met de uitvoering van wat er verder door het Congres besloten wordt betreffende de openbare eksamens, de opleiding van onderwijzers, de aanstelling van Schoolinspecteurs, enz." 4)

Hoeveel invloed die Taalbond in die eerste jare van sy bestaan uitgeoefen het, is moeilik om vas te stel. Veranderings wat sedertdien plaasgevind het, was die gevolg van kumulatiewe pogings sodat niemand presies kan sê dat 'n besondere verandering die gevolg is van 'n besondere poging van 'n besondere liggaam nie. Tog kan die eerste poging tot verbetering van die status van Hollands deur die Taalbond aangewend, nie onopgemerk bly nie.

---

1) Het Zuid Afrikaansche Tijdschrift, April 1891. Deel

(b) Die Sinode en die Taalbond tree op. Oorspronklik was die Hollandse taal 'n opsionele vak in die Moderne Talegroep van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop en het 150 punte getel. Na 1888 is die punte na 200 verhoog op aanbeveling van die Studie-komitee. 1)

In 1890 stuur 'n kommissie van die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk vyf resolusies aan die Universiteitsraad. Een van die resolusies lui dat in die Matrikulasie-eksamen die Hollandse en Engelse vraestelle gelyke waarde sou hê in plaas van die toenmalige reëling waardeur dieselfde waardes aan die Hollandse, Franse en Duitse vraestelle toegeken word, en aan elkeen van hierdie 'n laer waarde as aan Engels. Dit word verder aanbeveel dat die Hollandse vraestel in Hollands gestel moet word maar dat kandidate toegelaat moet word om die algemene vrae in Hollands of in Engels te beantwoord. 2)

Terselfdertyd stuur die Taalbond ook resolusies wat gepasseer is tydens sy kongres en waarvan een lui dat Hollands verpligtend moet gemaak word vir die Skool Elementêre eksamens veral met die oog op diegene wat hul voorberei vir die Siviele Diens-eksamens. 'n Ander besluit lui dat in die Matrikulasie-eksamen Hollands op gelyke voet met die hoofvakke moet wees (bv. Engels, Latyn, Grieks en Meetkunde, elk met 300 punte) en nie met die vreemde tale nie; gevolglik moet die standaard ook verhoog word. 'n Derde besluit lui dat die vraestel in Hollands in daardie taal gestel en beantwoord moet word. 'n Deputasie bestaande uit die Weleerwaarde Heer N. Hofmeyr Jr., Professore de Vos en Mansvelt en die Edelagbare J.H. Hofmeyr (L.W.V.) maak hul opwagting by die Universiteitsraad om die resolusies van die Kongres oor te dra en om ten volle hulle posisie en gesigspunte oor die onderwerp te stel. 3)

1] Minutes of Council, 28 July 1888

Die afgevaardigdes is van die Raad se noukeurige aandag aan die onderwerp verseker geword. Die Raad stuur daarop die twee groepe besluite aan die komitee van die „South African Teachers' Association" (S.A.T.A.) om hul opinie oor die saak in te win. Nadat die saak op die konferensie van die S.A.T.A. in behandeling geneem is, antwoord die komitee dat die konferensie ten volle die eis van die Hollandssprekende deel van die gemeenskap erken waar dit eis dat die onderwys van Hollands in die skole van die land prominensie moet ontvang; en die konferensie is van oordeel dat sodanige prominensie aan die studie van die Hollandse taal in skole waar die eis gestel word, verleen moet word. Verder word ook aanbeveel dat Hollands 'n addisionele vak in die Skool Elementêre eksamen moet wees. 1)

Twee maande later is 'n voorstel van prof. Thomson dat by Matrikulasie aan Engels, Hollands, Frans en Duits elkeen 250 punte toegeken moet word, en Kaffer en Sesoetoe 200 elk, in die Raadsvergadering afgestem. 2) Behalwe hierdie pogings om die status van Hollands by Matrikulasie te verbeter, is verder blykbaar niks onmiddellik in verband met bogenoemde besluite gedoen nie, hoewel 'n tweede moderne taal in plaas van Grieks in 1891 toegelaat is. 3) Hollands is in plaas van Grieks ingevoer volgens die eise by die Siviele Diens-eksamens gestel.

Dit kan dus opgemerk word dat Hollands almeer aandag ontvang het ten spyte van die feit dat gelykheid met Engels of voorkeurbehandeling geweier is, Maar, terwyl Hollands beide as vak en as medium stadig maar seker sy weg in die skole baan, bly Engels nogtans die taal van die eksamen en die vernaamste medium van onderrig.

Tog het genoemde pogings nie vrugteloos gebly nie. In die Kalender van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop vir 1891 - 92 verskyn die volgende kennisgewing: „In and after 1893 there will be an optional Dutch

paper at the Elementary Examination, the names of successful candidates to be published in a supplementary list, in the order of merit." Ook wat Matrikulasie betref, is daar 'n kennisgewing: „In and after 1893 candidates who do not bring up Greek at Matriculation will be allowed to bring up any two of the languages Dutch, French, German, Kafir, Sesuto." 1) Engels bly nog steeds voortbestaan as vanselfsprekende hooftaal en Hollands bly in alle gevalle opsioneel.

Die S.G.O. neem ook kennis van die besluite van die Sinode en die Taalbond en albei liggame word van antwoorde bedien: „(a) Aangaande de taal welke de jongere kinderen onderrigt zouden ontvangen; wil dit Departement zich niet mede inlaten, de zaak rust met de bestierders en de personen wiens belangen zij vertegenwoordigen. Op het oogenblik worden de scholen geleid door middel van (a) Engelsch; (b) Engelsch en Hollandsch; (c) Engelsch en Kaffersch; (d) Duitsch en Engelsch; (e) Engelsch en Kaffersch; (f) Kaffersch alleen.

„(b) Daar is geen objectie bevoegdheden van onderwijzers in Engelsch en Hollandsch, of in beiden talen te accepteeren.

„(c) zoo spoedig mogelijk de bevoegdheden van standaard V en VI zullen worden gelijk gemaakt met betrekking tot de Hollandsche taal.

„(d) Van de staf van Inspecteurs, vier zijn volkomen bekwaam te examineeren in beiden Engelsch en Hollandsch, en twee anderen hebben kennis met Hollandsch (Engelse uitgawe: „scholarly acquaintance with Dutch.")

„(e) Papieren in de Hollandsche taal mogen in Hollandsch geschreven worden als het bevonden is bij ondervinding dat kandidaten dus niet ontmoedigd zijn, van

Het Departement heeft het noodig gevonden de Hollandsche papieren binnen de gemiddelde bekwaamheid van kandidaten te brengen en technische en taalkundige vragen te vermijden.

"(f) Als tot de veranderingen in de Opvoeding Wet, bij de verplaatsing van zekeren woorden in de regulaties voor Zending Scholen, "door middel van de Engelsche taal zoveel mogelijk," ik denk de clause is rekbaar genoeg, en sinds 1841 toen de origineele minute was uitgenomen (Engels: was issued) zijn geene moeijelijkheid gerezen."1) En daarmee is die saak voorlopig afgehandel.

(c) Dale se laaste rapport. Sy houding teenoor Hollands.

Die S.G.O. maak in 1891 bekend dat in die standerds in die elementêre vakke waaronder die Inspekteurs die skoliere na die eksamen klassifiseer, die vereistes vir Standerds V en VI met betrekking tot die Hollandse taal geassimileer is; en dit word bekend gemaak dat onderwysers vir privaat-plaasskole en omgangskole aangestel sal word indien hulle bewyse van geskiktheid en kwalifikasies kan lewer om die Engelse of die Hollandse taal te onderrig sowel as skrif en rekenkunde. Natuurlik is dit wenslik om onderwysers aan te stel wat albei tale ken, voeg die S.G.O. daarby. Waar in skole deur medium Hollands onderrig word, sal die Inspekteur die eksamen in daardie taal afneem. 2)

Dit was Dale se laaste rapport. Nog steeds bly hy die diplomatiese en versigtige S.G.O. hoewel hy die feit nie kon verberg nie dat hy aan Engels nog altyd voorkeur gee. Dr. P.S. du Toit merk oor hom op: "'n Bitter grief vir die Afrikaners was die houding wat hy teenoor die Hollandse taal ingeneem het. Hy het geen beskerming aan Hollands in die opvoedingsinrigtinge van die staat ver-

Hoe Dale werklik dié taal geïgnoreer het, blyk uit die volgende: "Toe in 1873 'n Elementêre Onderwysersdiploma ingestel is, wat reg verleen het tot die gee van onderwys in plaas- en sendingskole, is Engels in die leerplan verpligtend gemaak terwyl Hollands met Kaffertaal as fakultatiewe studievakke op gelyke voet gestel is. Hy het ook in 1875 heelwat ontevredenheid verwek toe hy 'n program van eksamens vir skoolsertifikate voorgedra het waaruit Hollands heeltemal uitgesluit was terwyl Engels andermaal 'n verpligte vak gemaak is." 1)

Oor hierdie saak het heelwat ontevredenheid ontstaan. "Gevoelde men geen vrijheid het Nederduitsch te stellen op gelijken voet met het Engelsch, dan had men het toch wel een ondergeschikte plaats kunnen aanwijzen, al ware het maar door het tot een verpligt onderwerp te maken voor kandidaten die naar 'honneurs' zouden willen dingen."2) So pleit "De Zuid-Afrikaan".

Toe in 1874 die wette wat in die vorige sitting van die Parlement aangeneem is ook in Hollands gepubliseer is in die "Government Gazette", kon "De Zuid-Afrikaan" sy wrewel nie verswyg nie: "Daar bij het Departement van Onderwijs het Hollandsch op gelijken voet wordt gesteld met de Kaffertaal, dachten wij dat die wetten misschien ook in de taal der zwarten zouden zijn gepubliceerd; doch het schijnt dat ~~die~~ de Regering het in dit opzigt met Dr. Dale niet volkomen eens is." 3)

Hierdie laaste sin is 'n verwysing na dr. Dale se stokperd-idee van ses tale, insluitende inboorlingtale, in Suid-Afrika. Hierdie argument is altyd deur Dale aangevoer om klagtes in verband met medium van die hand te wys. Aangesien ses tale in Suid-Afrika gebruik is, was dit vir Dale onmoontlik om iets anders as Engels as medium

van onderrig op skole te hê. Sy veronderstelling dat almal wat gepleit het vir die regte van die Hollandse taal as medium, ook geywer het vir die uitsluiting van Engels uit die leerplan, word nie deur feite gestaaf nie. 1)

Dale was egter nie teen die studie van Hollands as vak op skole gekant nie, maar wel teen Hollands as medium van onderrig; dit verklaar sy ontwykende houding as hy oor hierdie saak skrywe. Hy het weinig gedoen om aan die begeertes van die meerderheid van die bevolking met betrekking tot moedertaalonderwys te voldoen; inteendeel, hy het die maatreël van die Wet van 1865 wat Engels die medium van onderrig in alle openbare skole gemaak het, geregverdig, selfs waar Hollands die moedertaal van meer as die helfte van die bevolking was en Engels byna 'n vreemde taal vir daardie kinders. 2)

(d) Die Onderwyskommissie van 1890 - 91. In 1891 verskyn die rapport van hierdie kommissie. In die opdrag aan die kommissie word onder andere die volgende saak vir ondersoek voorgelê: "What further facilities can be afforded for giving instruction in both the English and Dutch languages, and in how far that object can be attained through the medium of the elementary and other examinations." 3)

In antwoord op 'n vraag gestel deur 'n lid van die Kommissie antwoord Dale dat sedert 1879 spesiale aandag aan die Hollandse taal gewy is deur aan onderwysers van Hollands spesiale toelaes toe te ken. 4) Daar bestaan geen reël hoegenaamd in verband met die onderwys van tale in die onsektariese publieke skole nie. Die voorwaarde in verband met taal is deur 'n besluit van albei Huise van die Parlement in 1882 herroep. Daardie besluit het die

1) Vgl. ook Malherbe, E.G.: Education in South Africa, p. 112. Voetnoot.
2) Ibid.
3) First Report and proceedings, with appendices, of a

klousule wat bepaal het dat onderrig deur medium Engels in onsektariese publieke skole gegee moes word, vernietig.1)

Dr. Dale dink nie dat die Elementêre eksamen die platteland tot so 'n mate deurtrek het dat dit baie invloed sou hê op die feit of die skole Hollands onderrig of nie. As die vraag andersom gestel sou word, nl. sal die byvoeging van Hollands tot die eksamen as aansporing vir die onderwyser dien om meer aandag daaraan te gee, dan sou Dale sê dat dit sekerlik die geval sou wees. 2)

Daarop maak ds. Moorrees die volgende bewerings: Die groot klagte onder 'n sekere deel van die gemeenskap is: hulle sê die Departement van Onderwys verleen volmaakte vryheid om Hollands as medium te gebruik; maar, aan die ander kant wil die onderwysers nie daarvan gebruik maak nie; en dan weer: die Elementêre eksamen vereis nie Hollands nie. Dus is daar niks om die onderwyser aan te spoor om dit te bestudeer nie? Hierop antwoord Dale dat hy dink dat dit tot 'n groot mate die privaatskole mag beïnvloed. 3)

Dean Holmes stel die vraag: Is die soort Hollands wat op skole onderrig word verskillend van die Hollandse omgangstaal? Dr. Dale antwoord: "It is an approach to what you might call classical Dutch; it is a compromise in fact." 4)

By C.B. Elliott bestaan geen twyfel nie dat as Hollands 'n verpligte vak word, dit 'n middel sal wees om die studie van die taal aan te moedig. 5)

Prof. van der Tuuk verklaar dat die Suid-Afrikaanse Kollege Skool as die voeder vir die Kollege beskou word en leerlinge word tot die Kollege toegelaat as hulle die Skoolhoër-eksamen in Hollands afgelê het of 'n eksamen

1) First Report and proceedings, with appendices, of a Commission appointed to Enquire into and report upon

gelykstaande daaraan. 1)

Op 'n vraag of Hollands in die Elementêre Eksamen ingevoer moet word, antwoord van der Tuuk bevestigend. In die Engelse vraestel vir daardie eksamen, verklaar hy, word vir die skryf van stukke vir diktee, woordontleding, etimologie, analogie van sinne en Engelse opstel voorsiening gemaak. Hy sou graag daardie vraestel ook in Hollands gestel wou sien, en dat vir 'n seun die geleentheid gegee word om die een of die ander te beantwoord, met dieselfde aantal punte daaraan verbonde. 2) Ook verklaar hy dat in die Suid-Afrikaanse Kollege drie uur per week aan Hollands in die Senior klas en twee uur per week aan die Junior klas gewy word. 3) Vergeleke met die tyd aan ander vakke bestee, word vier tot vyf uur per week aan Latyn en vyf uur aan Skeikunde in die Junior klas gewy. 4) Van die 112 seuns in die Suid-Afrikaanse Kollege ontvang 80 onderrig in Hollands.5) In die meeste skole word drie tot vier uur per week aan Engels en een uur aan Hollands gewy. 6)

Die heer Immelman openbaar die feit dat Hollands nie veel in sy skool erken word nie, nog minder word die skool by die inspeksies daarmee gekrediteer. In die reël skryf hy sy skool se kinders vir die Elementêre eksamen in en dáárvoor word Hollands nie vereis nie. "We only teach Dutch just to satisfy some of the parents, nothing more." 7)

Voortgaande verklaar Immelman dat in die eksameneer van leerlinge die Inspekteurs nie Hollands as een van die vakke vir die "standard of attainments" het nie, sodat al is die leerlinge nog so goed in Hollands, maak dit tog nie saak nie. 8)

1) First Report and Proceedings, with Appendices, of a Commission appointed to Enquire into and report upon certain matters connected with the Educational System of the Colony. 1891 p. 101. no. 1318.
2) Ibid. p. 103 no. 1358. 3) Ibid. p. 103 no. 1359.

Hy vind dat leerlinge, sodra hul weet dat hulle voorberei word vir die Elementêre eksamen, met 'n versoek van hul ouers kom om te vra dat hulle Hollands mag weglaat omdat dit nie vir die Elementêre eksamen vereis word nie. Nadat hulle in die eksamen geslaag het, verlang die ouers natuurlik dat hulle vir die Honneurs-eksamen moet inskrywe, waar Hollands een van die vakke is. Dit word gevind dat as gevolg van die feit dat Hollands in die Elementêre kursus nagelaat is, hulle in 'n nadelige posisie verkeer, sodat hulle somtyds verplig is om 'n ander vak in plaas van Hollands vir die Honneurs-eksamen aan te bied om hul in staat te stel om hul voor te berei binne 'n jaar. 1)

Immelman stel dus voor dat Hollands as een van die vakke vir die „standard of attainments" ingestel moet word, en dit behoort by die Elementêre eksamen ingevoer te word en met Frans of Duits as alternatiewe vakke opsioneel gemaak te word net soos in die hoër eksamens. 2)

Die Kommissie het ook sirkulêres aan skoolhoofde en ander belanghebbende persone gestuur. Mej. E.G. Tobias van die Paarl antwoord dat die meisies weier om onderrig in enige van die twee soorte Hollands te ontvang. Hulle kan nie „die taal" skrywe nie. Hulle is heeltemal gekant teen die idee van onderrig in daardie dialek te ontvang. 3)

Mev. Percival van Kaapstad (Hoërskool Vredenburg) gee aan die hand dat daar meer dikwels geleenthede behoort te wees, algemeen gesproke, vir konversasie in goeie Hollands en dat die „common Dutch" verbied moet word. 4)

Die finale bevindings van die Kommissie lui as volg: „While not desirous in any way to belittle the value of instruction in a second language in this bi-lingual country, we agree with Sir Langham Dale that it is unadvisable to make a rigid law that either Dutch or English

1) First Report and Proceedings with Appendices of a

should be the sole medium of instruction in any school. And if such a rigid law is inexpedient as a departmental law, it would be equally inexpedient as a local School Board regulation. No Committee of Management and no School Board ought to be empowered to limit the instruction in any public school to any one of the two languages unless for good and satisfactory reasons approved by the Department. If a parent requires instruction in English for his child, the Department ought to insist that such requirement shall be met by the managers or the Board in a reasonably satisfactory manner. Mr. Nixon's recommendation, "In every public school one teacher should be competent to instruct in Dutch and English," (Vol. I. App. page 205) should be acted upon. And this ought to be done as Sir Langham Dale says 'even so far as to give aid to special teachers of Dutch in cases where the principal or the assistant may be unable to teach the language.'" (Qu. 286). 1)

McKerron som die bevindings van die Kommissie in verband met die taalkwessie kortliks as volg op: "Though it did not think the country was ready for compulsory bilingualism, it recommended that the choice of medium should be left to the parents, special aid being given where necessary, to provide teachers in Dutch and English."2)

Hierdie Kommissie het dus weinig nuuts gebring. Hul aanbevelings was slegs 'n poging om bestaande reëlings te bestendig. Dit wil voorkom of hulle die belangrikste liggaam wat in hierdie saak betrokke was, oor die hoof gesien het, nl. die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop wat die leerplanne voorgeskrywe het. Die getuies voor die kommissie het byna eenparig die feit beklemtoon dat as 'n vak nie vir 'n bepaalde eksamen voorgeskrywe is nie, geniet dit ook weinig of geen aandag op skool.

(e) Die Kerk se aandeel in die onderwys. Van die Kerk se reuse-aandeel in belang van die onderwys dien hier vermeld te word. Malherbe noem die Kerk "the very soul of local educational effort". 1) Die Nederduits-Gereformeerde Kerk en tot 'n sekere mate ook die Engelssprekende predikante "have been the most invaluable agents to the State in furthering the interests of the undenominational public schools in this country." 2) In sy bespreking van die Skoolraadwet van 1905 het Mnr. J.X. Merriman, oud-premier van die Kaap-Kolonie, die N.G. Kerk baie lof toegeswaai: "another agency to which during the last 20 years the Colony has owed an inestimable debt of gratitude was the Dutch Church. The Dutch clergyman has been the very best friend of Education." 3)

Ook die Inspekteur-Generaal, die heer Donald Ross, skryf in sy veelbesproke rapport in 1883: "It may safely be said that apart from the powerful co-operation of the Dutch Reformed Clergy in the West and North the undenominational schools would at this moment have gained so little ground that only in a few leading towns would any of them be found." 4)

Dr. Muir in sy rapport oor 1892 voeg hom by diegene wat waarderend oor die N.G. Kerk praat: "Ministers of the Dutch Reformed Church - men of a class that is unwearying in its efforts in the cause of education". 5) En die "Cape Times" skryf in 1924: "It is hardly too much to say that the Cape would not have had an education system at all had it not been for the energy and devotion of the Dutch Reformed Church." 6)

Van die vele bydraes wat die N.G. Kerk vir die saak van onderwys gelewer het, word hier slegs een genoem wat

---

1) Malherbe, E.G.: Education in South Africa, p. 109.
2) Ibid., p. 109.
3) Cape Hansard, March 20th., 1905. p. 57.

met die saak onder behandeling in verband staan, nl. die Kerk was „a means of guarding the rights of the Dutch-speaking population with regard to the study of their language in the schools." 1)

Die interessante voorstelle van die Sinode van die N.G. Kerk in 1890, hoewel dekades vóór die tyd, het die toekomstige ontwikkelings van die Matrikulasie-eksamen met profetiese insig voorspel. Dit is een van die kenmerkende feite in die geskiedenis van onderwys in Suid-Afrika dat die Kerk dwarsdeur die jare altyd een van die sterkste ondersteuners en bewonderaars van populêre onderwys was. Die Kerk het dit as deel van sy werk beskou om die lewe van die nasie te reinig en op te hef. Ook hier het dit sy profetiese diens vervul en 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die Matrikulasie- en ander eksamens gelewer.

5. BESLUIT. Wat die Hollandse taal betref, verteenwoordig hierdie tydperk die periode van insinking met 'n daaropvolgende hewige verset en agitasie vir die herstel van die Hollandse taal op skole. Die status van Hollands bereik sy laagtepunt met die Onderwyswet van 1865 waarna 'n verhewigende stryd aanmerklike sukses behaal.

Die Universiteitsraad bly partydig vir Engels met gevolglike miskenning van Hollands in die leerplan so ver as moontlik - Hollands bly slegs 'n opsionele vak op gelyke voet met Frans, Duits en inboorlingtale gestel. Hierdie houding teenoor Hollands is besmoontlik geïnspireer deur die partydigheid van die S.G.O. ten gunste van Engels. Toe latere toegewings in verband met Hollands as eksamenvak gedoen is onder dwang van buite af, wil dit voorkom asof tot hierdie stap besluit is om te verhoed dat Afrikaans ook in die gedrang kom, hoewel dit nie so

Tog is in hierdie tyd fasiliteite vir die verkryging van 'n groter mate van tweetaligheid by onderwysers daargestel, wat beslis die onderwys in Hollands ten goede gekom het.

As die afgelope tydperk in oënskou geneem word, voel 'n onpartydige beoordelaar geneig om nie besondere waarde aan inspekteursverslae met betrekking tot Hollands te heg nie. Die S.G.O. verklaar wel dat vier van die ag inspekteurs bekwaam was om in Hollands te eksamineer terwyl die res 'n kennis van Hollands gehad het. Dit is egter te betwyfel of eersgenoemde vier wel bekwaam genoeg was, hoewel die rapporte van een of twee besondere bekwaamheid en insig vertoon. Tog het die meeste van hulle, ongeag of hulle bevoeg was of nie, getrag om 'n oordeel oor die posisie van Hollands op skole te vel. Hierdie oordeelvellings kan dus nie ten volle op wetenskaplike en objektiewe waarneming berus nie, en met 'n partydige S.G.O. aan die hoof, word die „feite" in hierdie rapporte vervat, nie sonder meer aanvaar nie.

Tog het die dwang van buite af so sterk geword dat die liggame aan die roer van sake verplig was om toegewings te doen - toegewings wat gedurende die Muir-regime toegeneem en bevestig geword het.

NB.

6. DIE LEERPLAN 1859 - 1892.

(a) Verskillende leerplanne. Vir die Publieke Diens-eksamen van Julie 1860 is die volgende algemene reëls neergelê: Moderne Tale: Hollands, Duits of Frans. Die kandidaat moet die taal kies waarin hy eksamen wil aflê. 'n Grammatikale kennis van die taal word verlang. Stukke moet vertaal word uit die gekose taal in Engels en omgekeerd. 1)

Verder word die leerplan as volg geformuleer: 'n

die kandidaat mag kies: Hollands, Duits en Frans wat insluit "readiness and accuracy in translating from English into the language chosen and vice versa." Verder word bepaal dat "in respect to papers on the modern languages, a special minimum will be attached, which all candidates must attain before the certificate of the Board can be granted." 1)

Hierdie leerplan het tot 1864 voortbestaan toe die Publieke Diens-eksamen afgeskaf en vervang is deur die Derdeklas-sertifikaat in Lettere en Wetenskap. Die leerplan vir hierdie eksamen vertoon weinig verskil van dié van die Publieke Diens-eksamen. In verband met moderne tale word neergelê dat die kandidaat enigeen van die drie tale, Hollands, Frans of Duits kan kies. "The paper will include passages from some author determined by the Board, but not notified to the candidates, to be translated into English, and a passage in English to be translated into the language chosen, and also questions on grammar." 2)

Teen 1871 toon hierdie leerplan nog geen verandering nie en teen 1873 toe die "Board of Public Examiners" sy laaste rapport lewer voordat die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop die funksies van hierdie Raad sou oorneem, was die leerplan nog steeds onveranderd. Die Raad was blykbaar nie geneë om sy leerplan aan enige veranderings te onderwerp nie.

Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het die leerplan van die "Board of Public Examiners" net so oorgeneem vir sy Matrikulasie-eksamen. Ook die Universiteit het geen veranderings tot 1892 aangebring nie.

Die Universiteit het ook die "School Elementary Examination" afgeneem, maar in hierdie eksamen is geen voorsiening vir Hollands gemaak nie.

In 1882 word die "School Examination for Honours" ingestel. Die leerplan in moderne tale omvat die volgende: Kandidate kan 'n keuse doen uit die tale, Frans, Duits of Hollands. "The papers will contain passages for translation into English, and English phrases and sentences for translation into the language chosen; and also grammatical questions." 1)

Hierdie eksamen word in 1886 deur die Skoolhoër-eksamen vervang, en enige kandidaat wat in die Skool Elementêre eksamen geslaag het, sou toegelaat word tot die Skoolhoër-eksamen. 2) Die leerplan toon geen verskil van dié van die "School Examination for Honours" nie. Die nie-verpligte keuse onder Groep Een bly nog Hollands of Duits of Frans met Engels as verpligte vak. 3)

In 1890 besluit die voorlopige komitee van die te stigte Taalbond dat die Elementêre eksamen in Hollands, waarvoor geywer word, die volgende sou omvat: (b) "1, een eenvoudige dictee; 2, een vertaling van een eenvoudig stuk Hollandsch in 't Engelsch en omgekeerd; 3, eenige vragen over de gewone verbuiging der naamwoorden en werkwoorden. (e) Dat bij 't Hooger School Examen 't examen in 't Hollandsch zal omvatten: 1, een dictee; 2, een vertaling van een stuk Hollandsch in 't Engelsch, en omgekeerd; 3, eenige vragen over de woordvorming; 4, een zin ter ontleding; 5, een opstel. (f) Dat bij 't Matriculatie Examen 't examen in 't Hollandsch dezelfde onderwerpen (doch grondiger) omvatte als 't Hooger School Examen, met bijvoeging van 6, Zinvorming (syntaxis). 4)

Ook die Onderwyskommissie van 1890 - 91 gee aandag aan die Elementêre eksamen: "After much consideration, the Commission has unanimously resolved to recommend to

1) Calendar: University of the Cape of Good Hope. 1882, p. cxi.

the University the adoption of the following scheme for the University's School Elementary Examination. The compulsory subjects shall be four in number, a) a language subject, Dutch or English, including dictation, composition, and grammar. b) Arithmetic. c) Geography; d) History. The papers in these subjects are to be set and answered in English, with the exception of the alternative paper on Dutch language, which may be set either in English or Dutch. To obtain the pass no candidate need bring up more than these four subjects." 1)

In 1891 swig die Raad van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop voor die velerlei proteste van die Taalbond, die Sinode, die getuienis voor die Kommissie van 1890 - 91 en die publiek, en vir die saak vaarvoor so lank geagiteer is, word nou 'n oplossing gevind. In verband met die "School Elementary Examination" word die volgende kennisgewing gepubliseer: "In and after 1893 there will be an optional Dutch paper at the Elementary Examination, the names of successful candidates to be published in a supplementary list, in the order of merit." 2)

Ook in verband met die Matrikulasie-eksamen word 'n toevoeging gedoen: "In and after 1893 candidates who do not bring up Greek at Matriculation will be allowed to bring up any two of the languages Dutch, French, German, Kafir, Sesuto." 3) Die leerplan bly egter onveranderd.

Of die onderwysers deur die leerplan vir Matrikulasie beïnvloed is, blyk uit die getuienis van dr. Dale voor die Onderwyskommissie van 1891: "I think the teachers are considerably influenced by the curriculum for the Matriculation examination; but I cannot say that it is anything like universal, when you get only one or two children in a whole division going in for the elementary examination,

In sy terugblik in 1912 verstrek die S.G.O. belangrike gegewens oor 'n aantal voorafgaande jare. Oor die tydperk hier onder behandeling skryf hy onder andere: "Voor het middelbaar onderwijs was geen officieël leerplan opgetrokken. De onderwijzers volgden hul eigen idee by't voorbereiden van hun leerlingen voor de Universiteits schooleksamens en voor matrikulatie." 1)

(b) Besluit. Dit kan verwag word dat die Universiteitsraad, wat geen simpatie vir Hollands gevoel het nie en dit slegs as 'n opsionele en keuse-vak in sy eksamens gedoog het, geen of weinig aandag aan die ontwikkeling of uitbouing van die leerplan in Hollands sou bestee. Afgesien van die feit dat die leerplanne in Hollands so uiters vaag omskrywe is sonder aanduiding van die hoeveelheid stof wat vir 'n besondere eksamen gedek moet word, is later geen boeke in hierdie verband aanbeveel nie.

Die leerplan in Hollands ondergaan dus in hierdie periode geen verandering nie, wat hoofsaaklik te wyte is aan die wienige aandag wat dit van die owerhede ontvang het. In al die eksamens in Hollands word byna woordeliks die volgende neergelê: Vertalings in en uit Engels en ook grammatika. Die onderwysers moes maar self vasstel hoeveel nodig was vir 'n besondere eksamen.

Boonop blyk dit dat die vraestel vir die Matrikulasie-eksamen van die Universiteit van 'n baie hoër standaard was as dié vir die Derdeklas-Sertifikaat van die "Board of Public Examiners," terwyl daar geen verskil in leerplanne te bespeur is nie. 'n Vraestel volgens so 'n vaagomskrewe leerplan kan baie maklik wees maar die teenoorgestelde kan net sowel gebeur. 'n Gebrek aan 'n duidelike vasstelling van vereistes werk hierdie byna onbeperkte moontlikhede tussen uiterstes in die hand.

1) Rapport van S.G.O. 1912. p. 49.

7. DIE LEERBOEK 1859 - 1892.

(a) Algemeen. "Welmenende onderwijsmannen beproefden op vele manieren het Hollands als onderwijsvak van leermiddelen te voorzien. Dit was eigenlik maar lapwerk, daar het de voertaal van alle onderricht behoorde te wezen, en kon alleen enig goed uitrichten op scholen met talrijk personeel, waar dus verdeling van arbeid was." 1) So skryf Besselaar in sy oorsig van hierdie tydperk.

Hierdie periode word gekenmerk deur die voortbouing op die pionierswerk deur Innes en Changuion verrig om in die groot behoefte, nl. gebrek aan geskikte leerboeke, te voorsien. Al meer en meer begin die oortuiging posvat dat Hollandse leerboeke uit Holland nie aan die behoeftes van Suid-Afrikaanse skole kan voldoen nie en dat leerboeke waarvan die stof vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt benader is en deur Suid-Afrikaanse onderwysers geskryf, 'n baie groot behoefte is.

Rapporte wat besonderhede van leerboeke op skole gebruik, bevat, is baie onvolledig wat hierdie saak betref. Tog blyk dit wenslik om hier 'n samevatting van hierdie skrale gegewens weer te gee alvorens die leerboeke behandel word. 'n Hele paar van die skoolleerboeke word nie in die rapporte vermeld nie hoewel daar oorvloedige bewyse bestaan dat hulle wel gebruik is.

Julie 1859: Publieke Diens-eksamen: "Changuion's Dutch Grammar; Elements of Translation." 2)

1864: Inspeksie by Genadendal: "Class I - 34 Read "De Mensch en de Dieren." 3)

1865: Derdeklas Sertifikaat: "Changuion's Elements of Dutch Grammar, and Translation." 4)

1870: Lady Grey. Derdeklas Onsektariese Publieke Skool: "Class I - Dutch Volksleesboek." 5)
"Tulbagh Rynse Sendingskool: Spel- en Leesboek.5)

1871: Wagenmaker's Vallei: Tweedeklas Publieke Skool:

Dutch Grammar."

"Class II - Leercursus in Dutch."

"Class III - Maatjes' Practical Introduction." 1)

1872: Wagenmaker's Vallei: "Class IV - Landwijk's Leesboekje." 2)

1873: Blykens Inspekteurs Rowan en Hogarth se rapporte is die boeke wat algemeen in gebruik was in hierdie tyd die volgende: Volksleesboek, Changuion se "Translations 1 - 3 Series," en "Spel- en Leesboek."

1873: Universiteit beveel geen boeke in Hollands vir Matrikulasie aan nie.

1882: Geen leerboeke in Hollands vir "School Examination for Honours" aanbeveel nie.

1886: Geen leerboeke in Hollands vir Skoolhoër-eksamen aanbeveel nie.

1891: Mnr. F.M. de Vries van Hijst verwys na Elffers se Grammatika-boek. 3)

(b) Stucki, M.J.: Hollandsche Spraakkunst voor Zuid-Afrika.

In 1877 verskyn die eerste Hollands-medium taalboekie in Suid-Afrika, nl. "Hollandsche Spraakkunst voor Zuid-Afrika" deur M.J. Stucki, te Kaapstad en gedruk deur Belinfante. Die klein boekie wat slegs 92 bladsye beslaan, het gaandeweg 'n gulle ontvangs geniet en so 'n groot afset gehad dat in 1914 'n vyftiende verbeterde en vermeerderde druk wat 223 bladsye beslaan, die lig gesien het.

Aangesien hierdie taalboekie sovoel populariteit geniet het, word hier spesiale aandag daaraan bestee. Terwille van die geskiedkundige belangrikheid word die grootste gedeelte van die voorwoord by die eerste druk hier weergegee: "Voor Zuid-Afrika is een tijdvak begonnen van merkbaren vooruitgang. Ook op het gebied van onderwijs en Opvoeding gaat men, dank zij de ijverige bemoeiingen van Kerk en Staat, met rassche schreden voorwaarts!..... Dat er even vlijtig moet gewerkt worden om onze scholen van goede voor onze kinderen geschikte leerboeken te voorzien, is door velen en ook door

onze laatste Synode gevoeld.

"Eene poging is door mij gedaan, om te helpen voorzien in het zoo zeer gevoelde gebrek aan eene verbeterde Spraakkunst der Hollandsche taal; van die taal, die ons dierbaar is; die wel lang verwaarloosd is geworden, doch vooral in onze dagen door vermeerderde belangstelling weder het hoofd begint te verheffen.

"Doze taal, gesproken of geschreven, te verstaan en in staat te zijn haar, ontdaan van vele hier minder gebruikelijke woorden, op eene eenvoudige doch zuivere Wijze te schrijven en desvereischt te spreken, behoort het punt te zijn waarheen wij onze kinderen moeten zoeken te brengen. Helpt de taal van de kinderen aan uwe zorg toevertrouwd, van hunne ouders, van onze kerk, van Zuid-Afrika, beschaven; ze is te schoon, om langer vertrapt te worden! Geeft haar eene eervolle plaats onder uwe leervakken! Het kort tijd en geduld, om tot een gewenscht resultaat te komen, wanneer men, zooals in vele scholen het geval is, met weinig onderwijzend personeel twee talen te onderwijzen heeft. Doch laat het voortaan bij ons zijn: het moet! het kan! het zal!"

Na hierdie mooi stukkie propaganda vir die Hollandse taal sluit die skrywer af: "Het boekje, dat ik u aanbied, kon met het oog op vele scholen wel eenvoudiger zijn ingericht; doch de onderwijzer zal het best gevoelen, wat voor zijne leerlingen het belangrijkst is."

Die eerste afdeling van die boekie (11e Druk, 1902) behandel die soortverdeling van woorde. Opvallend is die verskil in metode van vorige taalboekies: die induktiewe metode word reeds aangewend. Op bladsy sewe word die selfstandige naamwoord behandel: "Wat is uw naam? Waarom heeft men u een naam gegeven? Waarom hebben meisjes andere namen dan jongens?" ens. ens., en dan volg die definisie: "Alle namen van personen, dieren, plaatsen en dingen zijn zelfstandige

herhaling volg waar al die rededele weer gedefiniëer word. (p.15).

In die tweede afdeling word hierdie rededele onderverdeel, bv. die selfstandige naamwoorde word in Eie, Gemene en Afgetrokke selfstandige naamwoorde verdeel. Dieselfde geld vir die ander rededele. Nadat elke rededeel behandel is, volg 'n oefening.

In die derde afdeling word die verandering van woorde behandel, bv. wat die selfstandige naamwoord betref, die geslag, die getal en die naamval. In hierdie afdeling word te veel reëls te pas gebring veral in verband met die werkwoord.

Op bladsye 50 en 51 word daarvan melding gemaak dat die aantonende wyse van die werkwoord agt tye het, die bvvoegende wyse vier en die gebiedende wyse een, terwyl die onbepaalde wyse vier tye het. Voorbeelde hiervan word gegee.

Die behandeling van die vervoeging van die werkwoord op bladsye 58 tot 60 is sekerlik nie daarop bereken om 'n liefde vir die Hollandse taal by die leerling aan te kweek nie.

'n Baie saaklike en duidelike uiteensetting is dié van die beginsels van sinsontleding (bls. 87) wat duidelik toon dat die skrywer iemand met onderwyservaring was.

Die res van die boekie is na die eerste druk bygevoeg. Op bladsy 100 volg 'n aanhangsel waarin die Engelse vertaling van Hollandse taalkundeterme aangegee word. Dit is moontlik 'n uitvloeisel van die feit dat die Matrikulasie-vraestel van 1877 'n vraag bevat het waarin leerlinge die Hollandse ekwivalente van Engelse taalterme moes gee.

Van belang is die 249 + 101 vragies op die end van die boek. 'n Paar voorbeelde word hier ter illustrasie weergegee. Bladsy 115. Vraag 131: "Welke regel bestaat er omtrent het gebruik van beide en beiden?" Vraag 146: "Verbuig: mijn vader, mijne moeder, mijn kind." Vraag 148: "Wat doen men

"Noem de Wijzen der Werkwoorden." Vraag 173: "Wat is de Aantoonende Wijze?" ens. Hierdie vragies gee ons 'n beeld van die metode van onderrig op skole.

Hierdie boekie is werklik 'n belangrike werkie. Dit is nie langdradig en wydlopig nie en boonop is die behandelde stof nie te diepgaande en in besonderhede nie. Miskien is daar 'n weinig te veel in hierdie verband gesondig, en dan is daar natuurlik baie van die onnodige fyn onderskeidinge wat weggelaat kon geword het. Volmaak is die boekie beslis nie. 'n Groot gebrek is die totale afwesigheid van oefeninge vir vertaling wat so 'n belangrike deel van die eksamen gevorm het.

Die groot afset wat die boekie geniet het, bewys egter dat dit in die smaak geval en in 'n bepaalde behoefte voorsien het, en by gebrek aan kompetisie het die aanvraag met verloop van tyd steeds groter geword. Die feit dat die taalkennis deur medium van Hollands meegedeel is, het moontlik baie tot die sukses van die boek bygedra.

(c) Elffers, H.: Practical Dutch Grammar. Maar Stucki se boek was nie volledig genoeg nie en noudat, as 't wate, 'n eersteling op die gebied van Hollandse taalkunde in Suid-Afrika gelewer is, het Hubertus Elffers, onderwyser in Moderne Tale aan die Stellenbosse Gimnasium, na die pen gegryp om op Stucki se werk te verbeter. In Januarie 1885 verskyn dus: "Practical Dutch Grammar and Analysis - a grammar for English and Cape students to learn the Dutch Language. By H. Elffers."

In die voorwoord by die eerste uitgawe word die doel wat met die boekie beoog is deur die skrywer aangedui: "A Grammar written by Mr. M.J. Stucki of Blauwvallei (Wellington) and widely circulated throughout the length and breadth of South Africa, has taught many that the Dutch language is worth studying in this country, but although I do not hesitate to admit that the above-named book may continue to render good service in the elementary schools, even the author

Daarop gee die skrywer sy redes waarom hierdie taalboek in Engels geskryf is: "Firstly: I have intended it to be of service to strangers living in South Africa and whose mothertongue is for the most part the English. Secondly: By dwelling on many points of similitude between the two languages spoken in South Africa (the Dutch and the English), I have endeavoured to facilitate the study of the one least appreciated, viz. the Dutch, and to render it more palatable. Thirdly: A Teachers' experience of more than six years in the Colony has taught me that the English language is the one preferred as a medium for every branch of instruction. I have found this to be the case more especially in the schools in Natal and the Eastern Province, and in the Girls' schools of the Western Province."

Verder wei die skrywer uit oor die metode wat gevolg moet word wanneer sekere dele van die boek behandel word: "Regarding the Translation-Exercises. I must remark that they are intended not only to be translated, but also (after they have been corrected by the Teacher) to be committed to memory. They have been composed with a view to this, and the vocabulary to each exercise gives the equivalent for English words or expressions only as they occur in the sentences that follow."

Die voorbeelde wat volg, is uit die sesde uitgawe van die boek geneem (1893) waarin die voorwoord by die eerste druk ook oorgedruk is. Die inhoud van die boek bovat die volgende: Die Alfabet, spelling, rededele en die lidwoord. Daarna word al die rededele met onderverdelings inkluis breedvoerig behandel - met Stucki se boek as voorbeeld vir die metode. Ook aan geslag, meervoude en verbuiging word die nodige aandag gegee. Dan volg 'n hoofstuk oor etimologie, nl. voorvoegsels en agtervoegsels, wat gevolg word deur 'n hoofstuk oor sinsontleding en een oor sinskonstruksie.

maar „in some special cases, the cultivated ear may decide." (p. 7(4)) Die moeilikheid bestaan egter dat 'n Engelssprekende nie so gou 'n „cultivated ear" vir Hollands sou kon aankweek nie.

Vir die manlike geslag word 19 reëls aangegee, vir die vroulike 18, vir die onsydige 13 en vir die gemeenslagtige 6. (p. 28.) As tipiese voorbeeld geld die volgende reël in verband met die bepaling van die vroulike geslag: „Rule 14. Words in e, te, heid, ing, nis and st: gave, gift; breedte, breadth; luiheid, indolence; werking, action; begrafenis, interment; kunst, art. Exceptions: vonnis, sentence, and vuilnis (vullis) dirt, are neut; dienst, service, is masc. (p. 32)

En dan as „Taaloefeningen" geld die volgende: „State the rules of gender which apply to the following words: kameel, gebak, koning, rijst, paard, lente..... getuienis... muizen, val, wenteltrap." (p. 40).

Die skrywer blyk egter raadop te wees want alle gevalle is nog nie gedek nie. Hy gee ook kennis van die feit in 'n „Note to the student: The above rules are indispensable. However, after having acquired them, the learner will find that he is by no means able to determine the gender of every Dutch word. More rules might be added, but the diffuculty would remain. Tho only chance is, to mark the gender of every word as often as you use it, and, as far as those many words are concerned for which no rules are given in this chapter, to look them up in a Dictionary. In fact without a good Dictionary no student will get on to his own satisfaction." (p. 40)

Na 'n hoofstuk oor verbuiging word die volgende taaloefening gegee: „Decline in full:

„(1) Masculine: Mijn trouwe, driejarige hond.

Karel de Groote.

„

"(3) Neuter: Dat kleine, liefkabbelende stroompje.
Een gewaagd schelmstuk."

"(4) Masc., fem. and Neut.: degene, dezelfde, de goede, de kalme." (p. 60 - 61).

Om te toets of die leerling die vraagstuk van geslagsbepaling en verbuiging deeglik meester is, word die volgende oefening gegee: Die ontbrekende moet ingevul word: "Hoe oud was d- man, die gisteren door zulk een- groot- stoet van menschen t- grav- gedr-gen werd?" Ens. (p. 62)

Ook vir die trappe van vergelyking word 'n aantal reëls neergelê en boonop is daar nog ag Opmerkings met onderafdelings wat uitsonderings op reëls aandui. (p. 66). Dit alles dien net om groter verwarring by die reeds oorlaaide leerling teweeg te bring.

Maar die volgende oefening is 'n egte blokkiesraaisel: "Fill up the blanks, marking at the same time the cases and genders of the Nouns and the cases of the Substantive Pronouns:

"Z- z-n... z- z-n... z- z-n... z- z-n...
"J- zult - m-r r-den moeten!
"D- kousjes z- witjes, z- netjes, z- fijn,
"Z- z-n... v-r tw- bl-te boeten!" (p. 94 - 95).

(Beets - "Het Breistertjie)

Na die behandeling van die werkwoord wat altesaam 75 bladsye beslaan en alleen genoeg is vir een volle standerd (as baie hard gewerk word) vind ons 'n kort samevatting van die behandelde stof:

XI. Recapitulation of the Verb.

"Het werkwoord wordt verdeeld naar:-

1. Aard en beteekenis, in { Abstracte
{ Concrete { Subjectieve
{ Transitieve met { Actieven Vorm
{ Passieven Vorm

2. Gebruik, in { Zelfstandige
Hulpwerkw. { van Tijd
van Wijze
van den Passieven Vorm (- het Ge-~~ac~~lacht).

3. Vorm van Vervoeging in { Onregelmatige
Sterke
Zwakke
Persoonlijke en Onpersoonlijke { Echt
On-echt.

~~3~~4. Vorming, in { Stamwerkwoorden
Afgeleide { Causatieve
Frequentatieve
Samengestelde Werkwoorden { Scheidbaar
Onscheidbaar" (p.137)

Tenslotte word hier 'n vertaaloefening aangehaal - een van die vele in die boek wat uit die hoof geleer moet word nadat dit vertaal is. In hierdie boek is slegs Engelse stukke vir vertaling te vind:

"On the morning of the day of execution some officials entered the prison and telling (transl. told) Socrates that his last day had come, (and) loosed him from his shackles. Shortly after his dearest friends, to the number of fifteen, came in, to spend the last hours with him. One of these said to him: "Master, what will do you leave us, and what can we do for you when you are gone?" - "I charge you all", was the grave reply, "to live as you have seen me live - more you cannot do for me." "But what about yourself," said another, "what shall we do to you?" "Whatever you like, " the philosopher answered, "provided I do not escape you altogether. Do not speak at my grave: here we lay Socrates to rest; - for surely Socrates will then have long since departed to the land of eternal bliss." Hereupon he began to speak a

drank it off with a smile and, after having paced about the room for some time, laid himself down to die. When about to breathe his last, he suddenly opened his eyes, looked at his friends with a last smile and whispered: "I am cured; offer up a thank-offering to Esculapius on my account!" - Such was the peaceful end of one, who of all the sages of (the) ancient Greece came nearest to the great truths, revealed by Christ more than 400 years later." (p. 266).

Daar bestaan alle rede om te glo dat weinige indien enige leerlinge die stuk uit die hoof sou leer nadat dit vertaal was. En hierdie stuk is maar een van die vele in die boek.

Hierdie boek is baie volledig - te volledig, te intensief, te breedvoerig en te verwarrend met sy veelvuldige reëls en uitsonderings. Maar, miskien as gevolg van sy breedvoerigheid, is hierdie werk baie gebruik en het dit binne ag jaar reeds ses uitgawes beleef. Die titel is later verander en in 1917 het dit onder die titel "Standard Dutch Grammar" sy veertiende druk beleef.

Dit wil voorkom of Stucki se boek veral in Hollands-mediumskole gebruik is, terwyl Elffers se "Practical Dutch Grammar" weer op Engels-mediumskole in aanvraag was.

(d) Die Onderwyskommissie van 1891 oor leerboeke: In antwoord op 'n sirkulêre van die Onderwyskommissie van 1891 skrywe Mnr. G. Shaw van Salem: "Instruction in Dutch would be facilitated by the publication of a more convenient series of reading books and a more suitable grammar than have hitherto appeared".1)En Mnr F.M. de Vries van Hijst merk in sy getuienis voor die Kommissie op: "The Dutch you find in modern Dutch books, or Elffers' Grammar, I believe, is not the language of the country." 2) Hierdie getuie was heeltemal reg: Die taal van die taalboeke was nie die taal van die land nie - die geaproke taal was Afrikaans.

text books in the Dutch language." 1) Verder waag hy hom aan 'n onbewese stelling: "At the present time, the medium of education is English, even for Dutch-speaking children, and that cannot be avoided on account of the text books. It would be impossible to bring out text books in Dutch as a commercial success...." 2) Noaks het blykaaar toe nog nie met Stucki se boek van 1877 kennis gemaak nie; sy bewering is ook nie bewys nie dat die uitgawe van Hollandse leerboeke nie 'n kommersiële sukses sou wees nie.

(e) Elffers, H.: Practische Hollandsche Spraakkunst. In 1891 volg Hubertus Elffers se "Practische Hollandsche Spraakkunst voor de Volksscholen van Zuid-Afrika". In die voorwoord sê die skrywer: "De taal der vaderen steekt moedig het hoofd op en vraagt om rechten, luider en moediger dan in Januari 1885" (p. i) "Zij heeft in de laatste jaren schoone overwinningen behaald, en bij iedere nieuwe zich voorgenomen trouw gebruik van hare voordeelen te maken." (p. ii)

"De Hollandsche taal is een erkende zuurdeesem geworden, die gansch Zuid-Afrika voor goed heeft doortrokken. En waar zij zich zes jaren geleden van het mom harer Engelsche zuster mijns inziens moest bedienen, om eene gevaarlijke afvoering van liefde en sympathie te stuiten, daar gevoelt zij zich nu krachtig genoeg, om onder eigen vlag te zeilen." (p. ii)

Met sekerheid beweer die skrywer dat "voortaan zullen de Hollandsch-Afrikaansche kinderen de taal der vaderen door middel van de taal zelve leeren." (p. ii).

"Deze noodzakelijkheid, deze algemeen gevoelde behoefte, dit onmiskenbaar recht onzer taal, heeft het boekje in het leven geroepen, dat ik alsnu met bescheidenheid aan mijn volk aanbied." p.iii)

Die skrywer verklaar dan verder: "Het is bestemd voor het volksschool, en voor haar in het bijzonder en bijna uitsluitend. Geleerdheid zoekt men er tevergeefs in. Eene degelijke kennis van de beginselen der Hollandsche taal doen

de lengte en breedte van ons land door middel van mijn werkje te verspreiden,—zie daar wat mijn doel geweest is. Die de kunst van onderwijzen verstaan, zullen mij, hoop ik, toestemmen, dat het werkje practisch ingericht is." (p. iii).

Dan sluit die skrywer sy voorwoord af: "Dat ik mij in geenen deele gekeerd heb aan wat men "grammatische traditien" pleeg te noemen, zal overvloedig blijken bij het aandachtig doorloopen dezer bladzijden. Indeeling en benamingen zijn niet overal in strikte overeenstemming met die, waaraan men zich in Nederland vasthoudt. Maar in een tweetalig land is het zaak, te geven en te nemen, om onzen jongen hoofden alle onnoodige verbijstering te besparen." (p. iii).

Wat die inhoud van die boek betref: Veertien hoofstukke handel oor Taal en Taalkunde, ~~Woorde, Lettergrepe en Letters~~, Rededele, Sinsontleding en Spelling. Terloops word hier net gewys op Elffers se idee oor die Suid-Afrikaanse spreektaal: "Zuid-Afrika heeft nog geene taal, die het zijn eigene noemen kan," (p. 2) en op bladsy drie vervolg die skrywer: "Het Afrikaansch-Hollandsch, gelijk het nu gebruikt wordt, is ongeschikt om als schrijftaal (taal, die men in brieven gebruikt) gebezigd te worden. Het verbeterde Afrikaansch-Hollandsch der toekomst zal zóó zijn, dat het als spreektaal en schrijftaal beide zal kunnen gebruikt worden." Elffers het juis voorspel, maar die uitkoms sou suiwer Afrikaans wees en nie Afrikaans-Hollands nie.

Die deeglike behandeling van die stof toon tekens van onderwyservaring, hoewel die skrywer hom nog nie van die menigvuldige reëls kon bevry nie. Baie van hierdie taalboek-reëls kan verval as leerlinge meer in die gebruik van die taal geoefen word - mondeling sowel as skriftelik. Herhaalde oefening in die regte gebruik van woorde is baie meer produktief as om ellelange reëls te memoriseer. Maar aan mondelinge werk is destyds weinig waarde geheg; die eksa-

fouten in de volgende zinnen: Hei het veit in de vinger; dat zijn een vijt, waartegen nimant iets zegge kunnen" (p.223) (Psigologies is hierdie oefening heeltemal verkeerd: 'n leerlinge behoort so min moontlik die verkeerde te sien anders leer hy straks die verkeerde))

Orals word tekens aangetref om die Afrikaanse spreektaal in die skryftaal te verhollands. In Oefening CXIV word opstelonderwerpe vir oefening aangegee - iets nuuts in 'n taalboek en seker die gevolg van eksamens waarin opstelle verlang word. Die volgende onderwerpe word onder andere genoem: „Belasting, de zondvloed, de oceanen, taalkunde," ens. Geen geleentheid word vir leerlinge gebied om oor onderwerpe waarin hul werklik belang stel, te skryf nie - al die aangeduide onderwerpe vereis 'n dorre, saaklike, objektiewe behandeling; subjektiwiteit in 'n opstel is eenvoudig nie gedoog nie. (Sien eksamenopstelle verder aan.)

Die hele boek beslaan 237 bladsye. Dit kan egter nie beweer word dat hierdie taalboek 'n groot verbetering op Stucki s'n is nie; wat wel 'n verbetering is, is die groter uitgebreidheid van die stof en die breedvoeriger behandeling daarvan. Ook is die skrywer se poging tot vereenvoudiging aan te prys.

Die boek het 'n groot afset geniet en was beslis 'n gedugte mededinger vir Stucki se taalboek. Op verskeie skole is dikwels albei boeke gebruik: Elffers s'n as aanvullende by Stucki s'n waar laasgenoemde onvolledig geblyk het.

(f) van der Tuuk, J.: Nederlandsche Spraakkunst voor Zuid-Afrika. Nog 'n Hollandse spraakkuns deur medium van Hollands geskryf, sien in 1891 die lig, nl. „Nederlandsche Spraakkunst voor Zuid-Afrika. Ten dienste van Scholen, de Lagere Klassen van Colleges en van Candidaten voor het examen van den Civielen Dienst, met Talrijke Oefeningen door J. van der Tuuk, Professor in de Moderne Talen aan het Z.A. College te Kaap-

"Het is dunkt mij, een welgeslaagde poging om zoowel het geven als het ontvangen van onderwijs in de Grammatica van het Hollandsch gemakkelijk te maken voor onderwijzer en leerling beide."

Hofmeyr gee ook sy indrukke van die inhoud van die boek weer: "De taalregels vloeien als van zelve, geleidelijk uit het onderwijs voort. Zij zijn niet gegoten in ingewikkelde volzinnen met lange woorden, berekend om de jeugdige hersenen der leerlingen eer te verbijsteren dan met kennis te verrijken, zooals maar al te dikwijls geschiedde in Grammatica's van den ouden stempel. Elke regel wordt aanschouwelijk voorgesteld door middel van zeer oordeelkundig gestelde oefeningen. By de thans toenemende belangstelling in onze moedertaal is het werkje juist op zijn tyd."

Hofmeyr vel 'n taamlik juiste oordeel oor hierdie boekie. Soos in vorige gevalle is die voorberig of voorwoord van die skrywer van besondere belang omdat hy daarin nie alleen 'n aanduiding van die inhoud van sy boek gee nie, maar ook die metode van onderwys wat vereis word sowel as sy algemene doelstelling bekend maak. "Bij het schrijven dezer Spraakkunst heb ik mij ten doel gesteld een duidelijk en beknopt overzicht te geven van het voornaamste op het groote gebied der Hollandsche Grammatica; van die zaken, de kennis waarvan ik onmisbaar acht voor iedereen, die de Hollandsche taal goed wil leeren, dat is, zich daarin mondeling en schriftelijk juist en verstaanbaar wenscht uit te drukken. De groote Engelsche opvoedkundige Spenser zegt: "Het is eene krankzinnigheid aan kinderen Grammatica te leeren," en Contarini Fleming liep van de school weg, omdat men hem woorden leerde in plaats van hem ideeën te geven." (p. 1)

Voorts betoog die skrywer dat sonder om met Spenser se bewering ten volle eens te wees, "is het toch mijne vaste overtuiging, dat de wijze, waarop eene taal (moedertaal of vreemde) in den regel onderwezen wordt, geenszins er op be-

Sien Boek ii nr verdere bespreking.

Al te dijwijls ontaardt het Taalonderwys in een gedachtenloos inprenten van regels, in het laten opzeggen van een uit 't hoofd geleerd lesje. Men vergeet maar al te veel, dat de Spraakkunst slechts het middel en niet het einddoel is."(p.1) Hierdie woorde is maar al te waar en kenskets wel deeglik die gebruik in swang in daardie tyd.

Die skrywer is van voornemens om iets nuuts te bring. "De talrijke oefeningen ter toepassing van het geleerde zijn met groote zorg samengesteld en vereischen niet weinig denkkracht van den kant der leerlingen. Het is niet alles "gesneden brood", wat hun voorgezet wordt. Eene degelijke klassikale behandeling moet het schriftelijk uitwerken der oefeningen voorafgaan." (p. 1)

Voortgaande verduidelik en verdedig die skrywer sy metode van behandeling: "In de behandeling der woordsoorten ben ik afgeweken van de gewone volgorde, doorgaans in Spraakkunsten gevolgd. Ik heb aan het Werkwoord, als het belangrijkste rededeel, de eerste plaats gegeven. De verbuiging en het gebruik van het Lidwoord heb ik niet afzonderlijk behandeld. Eene zoodanige behandeling achtte ik overbodig wegens het nauwe verband, waarin dit rededeel staat met het zelfstandig naamwoord. De geslachten zijn zoo beknopt mogelijk behandeld; Regels en uitzonderingen zijn tot een minimum beperkt. Slechts veelvuldige oefening en het nauwkeurig acht geven op het geslacht der woorden onder het lezen kunnen dit struikelblok uit den weg ruimen. Het voegwoord neemt eene vrij belangrijke plaats in. Eene grondige kennis van dit rededeel is een noodzakelijk vereischte voor het samenstellen van weldoordachte zinnen." (p. 2).

Dat die skrywer doelbewus probeer het om die studie van Hollands makliker te maak, blyk uit wat hy oor die tweede afdeling van sy werk skryf: "De tweede afdeeling van het boek bevat eenige Hollandsche prozastukken, voorzien van taal-

kelijk te maken. Vooral aan candidaten voor het examen van den Civielen Dienst wordt dit gedeelte aanbevolen." (p. 2).

Net soos in die geval van Stucki se boek, word hier ook oefeninge aan die end van elke behandelde onderwerp gegee. In die eerste deel word onder andere die volgende behandel: Uitspraak, die werkwoord en ander rededele. Aan hierdie afdeling is 107 bladsye gewy.

Die tweede afdeling bevat lees- en vertaaloefeninge: 20 in Hollands en 26 in Engels, poësie sowel as prosa.

Op bladsy 138 is 'n voorbeeld van die skrywer se behandeling van sy onderwerp te vind: „Een paar wenken over zinsvorming (Composition) in het Hollandsch." Voorbeeld (e): „In de samengestelde tijden (compound tenses) der werkwoorden, als een werkwoord door een ander wordt aangevuld (completed), staat het verleden deelwoord (Past Participle) en de onbepaalde wijs (Infinitive) na het voorwerp:- ik heb hem gezien; hij kan het gedaan hebben."

Op die stuk wat vertaal moet word, volg aantekeninge oor moeilike woorde of frases, bv. op bladsy 156: „having weighed it - na ze gewogen te hebben." Op bladsye 169 tot 179 word 'n vertaling van „The Trial Scene, I," uit „The Merchant of Venice" gevra - 'n baie moeilike stuk werk nietoenstaande die feit dat die aantekeninge onskatbare dienste verrig.

Dit is 'n boekie wat bepaald aanbeveling verdien. Die afwesigheid van 'n menigte, dikwels verwarrende reëls is baie opvallend, en die taalfeite word op 'n aangename wyse meegedeel. Daar word egter verder niks verneem van herdrukke van hierdie werk nie. Dit wil voorkom of Stucki en Elffers reeds die taalboekhandel gemonopoliseer het.

(g) Samestellers: Volksleesboek voor Scholen en Huisgezinnen.

Aangesien tot dusver heelwat besonderhede oor taalboeke verstrek is, moet egter ook aan Hollandse leesboeke aandag

Dat die probleem van voorsiening van geskikte leesboeke die aandag van die S.G.O. en die inspekteurs geverg het, blyk uit hulle rapporte. In 1882 skryf die S.G.O. dat om Engelse leesboeke uit die skole uit te sluit, sou beteken om die kinders die interessantste en mees effektiewe middel tot selfverbetering te ontneem; maar dit is wenslik, vervolg hy, om ook 'n reeks koloniale leesboeke te hê, geskrywe vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt met betrekking tot die seisoene, klimaat, produkte, handelstatistieke, gewoontes en gebruike, verslae van ontdekkings en reise. 1)

In 1885 rapporteer Inspekteur Brady: "The Dutch reading, as might be expected, is better than the English, as far as regards fluency and expression but inferior in correctness. The subject suffers from the almost universal unsuitableness of the text books; in many schools the only one being the Bijbel or Kinderbijbel, preceded in the infant classes by the usually unsatisfactory Spel- en Leesboek. I am doing my best to introduce cheap interesting and properly graduated books, and hope to see improvement soon." 2) Wat van Brady se pogings geword het, kon nie vasgestel word nie.

Dit is egter moontlik na aanleiding van Brady se pogings dat die S.G.O. in 1888 in verband met 'n eenvormige reeks leerboeke die volgende skryf: "There has been a movement in this direction, but any attempt to stereotype the course of reading in schools would be injurious." Verder beweer hy dat beter leesboeke voortdurend gepubliseer word en dat verskeidenheid en nie eenvormigheid nie aangemoedig moet word.3)

In dieselfde jaar rapporteer Inspekteur Brady: "the Dutch reading-books are still very often unsuitable in subject matter and unevenly graded." 4)

Hier word slegs een van die leesboeke behandel wat herhaalde kere deur Inspekteurs in hul verslae vermeld is, nl. die "Volksleesboek voor Scholen en Huisgezinnen in Zuid-

gedruk by die firma van de Sandt de Villiers. In die voorberig meld die samestellers „dat zij getracht hebben zoo veel mogelijk den Zuid-Afrikaanschen volkstoon aan te slaan, en ook om die reden hier en daar van het Nederlandsch taalgebruik afgeweken zijn." Wat die geslag van die naamwoorde betref waaroor daar so baie verwarring bestaan het „zoo konden zij onmogelijk hierin het inheemsche taalgebruik ter wille zijn, maar zijn stiptelik naar Weiland te werk gegaan."

Die boek beslaan 464 bladsye en is 'n ensiklopedie in klein formaat van byna alles onder die son. Van elk van die volgende afdelings kom daar 'n aantal voor: Leerstukke, Verhale, Fabels en Vertelsels, spreekwoorde, parabele, raaisels, uit die natuur, nl. oor diere, plante, delfstowwe, natuurkragte, ens., iets oor sterrekunde, Aardrykskunde, Geskiedenis van Suid-Afrika, uit die Algemene Geskiedenis, Gemengde stukke, Gedigte en liedere, Geestelike gesange, en plate ter opheldering. Die stof dek 'n geweldige wye gebied en dus kan verwag word dat die behandeling elementêr sal wees.

Die boek is vlot geskryf en bied aangename leesstof. Daar is stukkies wat die aandag in spanning hou en dié wat bedoel is om kennis mee te deel, is interessant en boeiend.

Die verhale word gewoonlik met 'n sedeles afgesluit. Die taal is nie bo die bevattingsvermoë van selfs leerlinge in die hoogste laerskoolklasse nie.

Die boek kan as 'n geheel aanbeveel word. Die kort stukkies is bereken om die aandag geboei te hou en boonop is hulle nie langdradig en vervelend nie. Ten slotte is dit tog die prysenswaardigste eienskap van 'n leesboek dat dit maklik leesbaar, boeiend en interessant is en dat die taal binne die bevattingsvermoë van die leser val. Dat hierdie boek meegewerk het om leeslus aan te wakker, val nie te betwyfel nie. Dit verbind die leersame met die goeie en die aangename en die sedeles werk nooit steurend nie.

tale het ook hieronder gely. In 1890 beveel die Studiekomitee van die Universiteit die volgende aan: "(b) That, in the opinion of the Committee, it is not advisable that the University should recommend Standard Grammars and Text-books in Latin, Greek, Dutch, German and French, but that the Education Office be approached on the matter." 1) Dit is nie duidelik wat die rede vir hierdie sienswyse was nie. Vir Engels is genoegsame leerboeke aanbeveel.

(i) Besluit. Hierdie periode is baie belangrik veral wat die leerboek in Hollands betref. 'n Aansienlike aantal taalboeke is deur Afrikaners geskryf en groot vooruitgang is in hierdie verband op te merk. Die bande van tradisie en stamverwantskap het egter stremmend op die taalontwikkeling ingewerk anders sou die taal reeds voor die einde van hierdie periode onmiskenbare tekens van vereenvoudiging getoon het.

Tog is veel bereik deurdat taalboeke op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan het en uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt geskrywe is. Dat vir die behoud van die Nederlandse taalvorm hard geveg moes word, is grotendeels toe te skrywe aan die meerdere gebruik van Afrikaans wat ten opsigte van eenvoud die Nederlandse taal skade berokken het.

Al die taalboeke ly aan een groot gebrek, nl., die te pas bring van te veel taalreëls. Dat reëls noodsaaklik is vir die bestudering van die Nederlandse taal, val nie te betwyfel nie, maar 'n oorvlood daarvan beteken 'n verlies aan liefde vir die taal by die leerling. Meer mondelinge oefening was nodig en dan kon die meeste van die taalreëls uitgeskakel word. Daar was te veel teorie en te min praktyk; te veel vertaaloefeninge in Engels en te weinig praktiese, mondelinge oefening in die gebruik van die taal self.

8. INSPEKSIE EN/OF EKSAMENS, 1859 - 1892.

(a) Eksamens.

(i) Die Publieke Diens-eksamen. Dat daar 'n behoefte aan

"Board of Public Examiners" van 1860 - 61 bewys, te dien effekte dat 'n aantal jong manne toestemming gevra het om die Publieke Diens-eksamen te skryf hoewel hulle nie van plan was om tot die Publieke Diens toe te tree nie. Hulle is gewaarsku om nie 'n verkeerde idee van die waarde van die sertifikaat te kry nie.

In dieselfde rapport (1861) word vermeld dat in die vorige twee eksamens wat in 1860 gehou is, respektiewelik nege van die veertien en sestien van die 22 kandidate in die Publieke Diens-eksamen geslaag het. 1) Oor die eksamen in moderne tale word gerapporteer: "It may be added that some of the candidates who selected French showed more knowledge of the language than any of those who chose Dutch." 2)

Die Hollandse eksamenvraestel vir Julie 1860 was heelwat moeiliker as die eerste vraestel van 1859, en bowendien het die regulasie in verband met 'n vasgestelde minimum reeds gegeld. 'n Klein deeltjie van die paragraaf vir vertaling uit hierdie vraestel word hier weergegee om aan te toon hoeveel hoër die vereistes geword het: "De Assyriërs, onder hunnen koning Salmanasser, sloopten eerst het rijk der tien stammen, en omtrent anderhalve eeuw later wierp de Babylonische veroveraar, Nebuchadnezar, het rijk van Juda overhoop, verwoesste Jeruzalem, en voerde deszelfs inwoners gevankelijk weg naar Babylon. Daar versmachtte dat weerspannige volk zeventig jaren lang onder den druk van oosterscho dwangheerschappij." 3)

Daarop volg taalkunde-vrae soos bv. die volgende: "What is the literal sense of sloopen, and to what is it applied?" Verder ook vrae in verband met enkel- en meervoud, spelling, reduplikasie van letters, geslag, naamval, ens. 4)

Ook die stuk vir vertaling uit Engels was moeilik. "The prophets of this period reproached them with indifference about the public worship of God, and not only with disobe-

showed that their observance of them was a mere mockery. The voice of admonition, long disregarded, was at last silenced." 1)

In verband met die eksamen in Hollands in 1861 is kennis gegee dat "the maximum of marks for this paper is one hundred and twenty-five, and the minimum thirty. No certificate will be granted to any candidate who shall fail to gain this minimum." 2)

In 1863 ~~kon~~ die eksamenraad rapporteer dat "in Dutch there has lately been some improvement." 3)

In 1862 is die behoefte aan skooleksamens "similar in principle to the middle-class examinations held in England by delegates of the Universities of Oxford and Cambridge" deur die Biskop van Grahamstad as President van die Plaaslike onderwysrade beklemtoon. 4) Ook prof. James Cameron van die Suid-Afrikaanse Kollege het gevra vir "an examination to which boys of sixteen years of age may be admitted, covering a range of subjects that well-educated youths of that age may be fairly expected to handle then with facility and success, and corresponding to the Matriculation of the University of London." 5)

Die S.G.O. maak van hierdie versoeke melding in sy rapport oor die jaar 1862. Hy beweer dan ook dat die basis van so 'n eksamen noodwendig die Engelse taal moes wees tesame met Klassieke tale en elementêre Matesis; en dit lyk vir hom wenslik dat alle ander vakke soos moderne tale en fisiese wetenskappe opsioneel moes wees vir diegene wat net die eksamen wou deurkom, maar van die kandidate vir honneurs vereis moes word. Hierdie eksamen, skryf die S.G.O., sou so na as moontlik met die Matrikulasie van Londen gelyk staan. Maar dit sou beter wees om liewers 'n deeglike kennis van 'n paar vakke aan te moedig as 'n oppervlakkige kennis met die baie en verskillende vertakkinge van kennis in daardie

1) Report of B.P.E. 1861. Examination Papers for the Public

eksamen vereis. 1)

Sodoende is die Publieke Diens-eksamen deur 'n sertifikaat van 'n hoër orde vervang wat met die Tweedeklassertifikaat in Lettere en Wetenskap vergelyk soos Matrikulasie met die B.A. van London. Hierdie sertifikaat sou die naam van Derdeklassertifikaat in Lettere en Wetenskap dra, en die eerste eksamen sou in Januarie 1865 gehou word. 2)

Intussen is die laaste Publieke Diens-eksamen in Januarie 1864 afgeneem. Om aan te toon hoe die standaard verhoog is sedert 1859 word die hele vraestel in Hollands hier weergegee: „Translate into English: Caesar vond intusschen in Gallie gelegenheid om zynen krygsroem te vestigen. De Helvetiers, meer dan 300,000 sterk, verlieten hun land, en wilden door het wingewest van Caesar trekken; hy keerde hen door verschansingen aan te leggen tussen Geneve en het Jura gebergte; zy trokken hierop westwaards en vielen in het land der Sequani, de bondgenooten der Romeinen. Caesar leverde hun hier eenen slag; byna 200,000 met vrouwen en kinderen sneuvelden, de overigen dwong hy naar hun land terug te keeren. Daarna trok hy tegen Ariovistus, den koning van verscheiden Germaansche volken, die een gedeelte van de landen der Sequani bezet en hen zelven cynsbaar gemaakt had. De Romeinen waren voor hem en zyne troepen, die er schrikverwekkend uitzagen, zoo bevreesd, dat zeer velen in het leger hun testament maakten. Hy sloeg Ariovistus met 800,000,zoo dat deze met eene boot over den Ryn vlugtte. In het volgende jaar sloten de Belgen het magtigste volk en Gallie, een verbond tegen Caesar. Zy plunderden de Remi, bondgenooten der Romeinen; Caesar viel hun leger van 280,000 man aan, en zeer vele duizenden sneuvelden. Hierop gaven de volken aan de zeekusten zich over.

1. Wilden: In familiar language there is an irregular form of the imperfect of this verb: give it.

the ellipsis.

4. sneuvelden: of what primitive verb is this the frequentative form?

5. tegen Ariovistus, den koning: by what rule of syntax common to all languages is koning in the objective?

6. vlugtte: account for the reduplication of the t in the word

7. sloten: by what rule is this spelt with one o ?

Translate into Dutch: Catharina was fifteen years old when her mother died. She then left her cottage, and went to live with the Lutheran minister, by whom she had been instructed from her childhood. In his house she resided in the quality of governess to his children; at once reconciling in her character unerring prudence with surprising vivacity. The old man, who regarded her as one of his own children, had her instructed in all that belongs to a female education, by the masters who attended the rest of his family. Thus she continued to improve till he died; by which accident she was reduced to her former poverty." 1)

Vir leerlinge wat nie nodig gehad het om Hollands vir die Elementêre eksamen te leer nie, was hierdie vraestel in die Publieke Diens-eksamen veels te moeilik. Daar is geen sin in om die standaard van die vraestel hoog te stel en die minimum punte om te slaag, laag nie.

Hiermee neem ons dan afskeid van die Publieke Diens-eksamen as skool-eksamen. Die Eksamenraad het nog voortgegaan om kandidate vir die publieke diens te ondersoek, maar of dit ooit nodig bevind is om 'n kandidaat vir die staatsdiens in Hollands te laat eksamineer, is nie bekend nie." 2)

(ii) Die Derdeklassertifikaat-eksamen. Die eksamen in Hollands vir die Derdeklassertifikaat het die vorm van dié van die afgeskafte Publieke Diens-eksamen bewaar. Uit die rapporte van die Eksamenraad blyk dat 25 persent vereis is om in Hollands te slaag, met 'n gemiddelde van 33⅓ ~~en 'n~~

hoog gehou, want daar was geen eersteklasse in die eerste vier jaar nie en slegs vier altesaam gedurende die nege jaar van die bestaan van die eksamen. Aan die eerste eksamen het elf kandidate deelgeneem, waarvan ag geslaag het: twee in die tweede klas en ses in die derde klas. 1)

Hierdie eerste eksamenvraestel in Hollands vir die Derdeklassertifikaat word in sy geheel hier oorgeneem sodat die ontwikkeling van die eksamen beter nagegaan kan word.

Translate into English: Deze Windman was de zoon van een welgestelden winkelier te Y. Hy had eene goede opvoeding genoten en vele kundigheden in het vak des handels verzameld. Veel omgang met menschen en onderscheidene reizen hadden hem menschenkennis doen verkrijgen, die hij te zijnen beste wist te gebruiken; doch bij dit alles ontbrak het hem aan echte levenswijsheid op godsdienstige beginselen gegrond. Zijne doorgaande zucht was om rijk te worden; daartoe wendde hij al zijne bekwaamheden aan, en bezigde ook zulke middelen, die niet met die goede trouw waren overeen te brengen. Eerst trachtte hij den winkel van zijn' vader, die een goed bestaan opleverde, bovenmatig uit te breiden. Het gelukte hem voor eene poos; maar zijne plannen waren zoo wild en uitgestrekt, dat hij zich zelven er in verwarde, en genoodzaakt was met verlies van zijn kapitaal, zijne zaken te doen ophouden. Toen ging hij met het geringe overschot van zijn vermogen naar de Indiën, en poogde daar, door stoute ondernemingen fortuin te maken. Daar hij door schoon praten de menschen voor zich wist in te nemen, werd hij door velen geholpen; doch toen bij de uitkomst bleek, dat hij zich ten koste van anderen wilde verrijken, en zijne slinksche wegen al te zeer in het oog liepen, werden zijne begunstigers hem tot vijanden, en hij vond het geraden naar het vaderland terug te keeren, zonder dat hij zijn oogmerk, het verzamelen van schatten bereikt had. Na vele lotwisselingen had hij te H. bij een voornaam koopman, om zijne veelvuldige bekwaamheden, de

fatzoenlijk leven, temeer daar hy alleen was, en op zijne jaren (hij had er vijftig achter den rug) weinig aan trouwen dacht. Altijd bleef zijne zucht naar rijkdom echter levendig; altijd was hij op plannen bedacht, om nog eens een man van middelen te worden. Nu leerde hij Pieter Belesteijn kennen, en won weldra zijn vertrouwen. De onervarenheid en loszinnigheid van dien jongeling waren de gronden waarop hij zijn plan bouwde.

Questions.

1. Why is genoten spelt with one o?
2. Quote the rule for spelling verzameld as a participle with a final d, not t, though at the end of a word both are sounded alike.
3. How do the verbs reizen and rijzen differ in sense?
4. What part of speech is bovenmatig?
5. What is the real Dutch for kapitaal?
6. In the phrase op plannen bedacht, is bedacht to be considered as an adjective or as a participle?
7. By what rule is inkomen of the neuter gender?
8. Give the 1st. person of the present and imperfect tenses of the Indicative, and the past participle of all the verbs printed in italics. (Lees hier: underlined).

Translate into Dutch: The division of George is traversed from west to east by the main road from Cape Town to the frontier, which passes over Montagu Pass. It produces corn, wine, brandy, horses, timber, and aloes. It is situated in a very central position, and when some newly projected roads across the mountain chains are opened up, it is probable that a large increase to its exports will take place. Some very curious natural caves, called the Cango caverns, well worthy of a visit, are found in this division, a few miles north of the village of Oudtshoorn. A few elephants are still found in the forests of Zitzikamma. Mossel and Plettenberg

7,000 square miles. - Hall." 1)

Dit verdien om opgemerk te word hoe baie Hollandse idiomatiese uitdrukkings in die stuk voorkom wat dit vir die leerling baie moeilik maak om dit in idiomatiese Engels te vertaal. Die taalvrae is skools en is nie daarop bereken om 'n liefde vir die Hollandse taal aan te kweek nie; die vrae veronderstel egter 'n taamlik deeglike kennis van die dorre deel van die Hollandse taalkunde.

Die stuk in Engels wat vertaal moes word, is baie korter en makliker as die Hollandse stuk, en leerlinge sou seker min moeilikhede daarmee ondervind het - weer 'n bewys dat Hollands geleer word om Engels beter te ken.

In die eksamen wat in Januarie 1866 afgeneem is, het net elf uit die 21 kandidate geslaag, en die eksaminatore was verplig om te kla: "The papers both in Dutch and French were on the whole done unsatisfactorily." 2) Die vraestel in Hollands toon egter weinig verandering. Moontlik het die Onderwyswet van 1865 bygedra tot die verslegting van die toestand met betrekking tot die onderwys van Hollands.

In 1867 slaag dertien uit twintig kandidate. 3) Opvallend in hierdie Hollandse vraestel is die feit dat net vertalings gevra is en geen taalkundevrae nie. Moontlik het hierdie feit tot die betreklike hoë persentasie geslaagdes bygedra.

In die rapport van die Raad van 1867 - 68 verskyn 'n nuwe regulasie te dien effekte dat "in all future examinations in Literature and Science, candidates shall not, as a general rule, be approved by the Board, unless they show a competent knowledge in each of the subjects of examination." Blykbaar was dit tot daardie jaar toelaatbaar vir 'n kandidaat om in een vak van 'n groep te druip solank hy slegs die vereiste minimum punte in die groep as 'n geheel behaal.

Tydens 'n inspeksiereis in 1870 word, met betrekking tot

'n paar skole verwys, onder andere, Piketberg waar daar 'n klas van twaalf was vir die studie van die Hollandse taal. Hulle het daagliks van ag tot nege en weer in die namiddag vergader. Bybelse geskiedenis was in die Hollandse kursus ingesluit. 1) Op die Eersteklas Onsektariese Openbare Skool te Tulbagh „the standard of Class I is adapted to the requirements of the Board of Examiners for the third-class certificate." 2)

Die volgende lys bevat die name van skole wat in die eerste jare aan hierdie eksamen deelgeneem het: Die Suid-Afrikaanse Kollege, Diocesan-Kollege, Bedford se Publieke Skool, St. Andrew's Kollege, Gill-Kollege, Stellenbosch se Publieke Skool, Graaff-Reinetse Kollege, Brice se Skool te Uitenhage, George Grammar School, Grey-Instituut, Heidelberg se Publieke Skool, Hope Lodge Grammar School, Kaffer-Kollege Zonnebloem, Lesseyton Collegeate Instituut en Burghersdorp se Publieke Skool. Ook was daar private kandidate. Die eksamens is gewoonlik te Kaapstad, Stellenbosch, Graaff-Reinet, George, Grahamstad, Uitenhage, Port Elizabeth en Somerset-Oos afgeneem, hoewel nie op alle plekke elke jaar nie. 3)

Gedurende die nege jare van hierdie eksamen se bestaan het 166 kandidate die Derdeklassertifikaat verwerf. In die eerste jaar het ag geslaag en 31 in die laaste jaar. Die totale getal inskrywings was 233. Die persentasie geslaagdes was dus meer as 70 persent. Vier kandidate het in die eerste klas geslaag, 56 in die tweede klas, 106 in die derde klas en 67 het gedruip.

(iii) Matrikulasie-eksamen. In 1873 kom die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop tot stand en van nou af kry die Derdeklassertifikaat 'n nuwe naam, nl. Matrikulasie, wat terselfdertyd ook 'n toelatingsvereiste vir grade word.

As een van die verpligte vakke gedruip word, beteken dit dat die kandidaat die hele eksamen druip. Klaarblyklik

taal was 'n opsionele vak in die Moderne Tale-groep, en het 150 punte getel. Na 1888 is dit verhoog na 200 op aanbeveling van die Studiekomitee. 1)

Die vraestel in Hollands vir Matrikulasie in 1874 toon so 'n geweldige verskil van die Derdeklassertifikaat se eksamenstel wat inhoud, standaard en hoeveelheid betref, dat die hele vraestel hier weergegee word:

1874. Dutch. Examiner: Rev. Professor Murray.
" 1.30 - 4.30

1. Translate into English prose:

Wat zeg ik thands van d'Afgod dezer dagen,
De Drukpers, bron van onopnoembre plagen?-
De zege van Geweten, Vrijheid, Recht,
Is mooglijk door haar invloed eens beslecht;
Doch bozer plaag dan Faroos Rijk bezwaarde
Maakt thands door haar een Helpoel van deze aarde.
Zij is een wel die braaf- en wijsheid drenkt,
Maar bobbelt op met al wat waarheid krenkt,
En werd de mond des Vaders van de logen,
Wiens kennisgaaf heel 't menschdom heeft bedrogen.
Rampzalige Eeuw, die door dien mond misleid,
Zich-zelf den val moedwillig toebereid!

(a)Point out the differences in this passage between Bilderdijk's spelling and that generally used.

(b)Give the genders of dag, pers, zege, geweten, invloed, plaag, hel, poel, graf, eeuw.

(c)What is the difference between genen and geenen, hopen and hoopen, weken en weeken?

(d)Translate and parse gestookt, gestoken, verstoken, verstookt, bestoken, ontstoken.

(e)Give the present indicative of the following:- gedoken, geloken, gezegen, gestoven, gezoden.

(f)Give the imperfect indicative of vreet, wasch, lieg, ziek, lach, graaf.

Stood like a tower: his form had not yet lost
All its original brightness; nor appear'd
Less than Arch-Angel ruin'd, and the excess
Of glory obscur'd; as when the sun, new risen,
Looks through the horizontal misty air
Shorn of his beams; or from behind the moon
In dim eclipse disastrous twilight sheds
On half the nations, and with fear of change
Perplexes monarchs. Darken'd so, yet shone
Above them all the Arch-Angel: but his face
Deep scars of thunder had intrench'd; and care
Sat on his faded cheek, but under brows
Of dauntless courage, and considerate pride
Waiting revenge: cruel his eye, but cast
Signs of remorse and passion, to behold
The fellows of his crime, the followers rather,
(Far other once beheld in bliss) condemn'd
For ever now to have their lot in pain.

3. Translate into English:

Wanneer des zomers op langdurige droogte een zwaar onweder volgt, hetwelk den zoo vurig gewenschten regen aanvoert en geheel den dampkring reinigt; dan gevoelt weldra de mensch, dat hij eene gezuiverde lucht inademt; dan verblijdt hij zich bij het vooruitzicht op den schat van zegeningen, die hem nu van weiden, akkers en boomgaarden te wachten staat; maar hoeveel hij, hoeveel al het geschapene aan het ontzettend natuurverschijnsel verschuldigd zij, zal hij nooit kunnen berekenen. Zoo onberekenbaar groot is ook de weldadige invloed geweest, welken de kruistogten, die men onder de verschrikkelijkste gebeurtenissen in de zedelijke wereld tellen mag, gedurende den loop der eeuwen, op de volken van Europa hadden.

4. Translate into Dutch:

philosophic statesman to boast; the annals of Ireland, graced though they be with splendid characters, have no such shining name to exhibit. His was not the mere force of intellect, the ardour of imagination, the richness of genius; it was a combination of the three, unrivalled, perhaps, in any other age or country. Endowed by nature with a powerful understanding, an inventive fancy, a burning eloquence, he exhibited the rare combination of these great qualities, with deep thought, patient investigation, boundless research. His speeches in Parliament were not so impressive as those of Mirabeau in the National Assembly, only because they were more profound; he did not address himself with equal facility to the prevailing feeling of the majority. He was ever in advance of his age, and left to posterity the difficult task of reaching, through pain and suffering, the elevation to which he was at once borne on the wings of prophetic genius. Great, accordingly, and deserved, as was his reputation in the age in which he lived, it was not so great as it has since become; and strongly as subsequent times have felt the truth of his principles, they are destined to rise into still more general celebrity in the future ages of mankind." 1)

Dit is beslis te veel van 'n Matriekkandidaat verwag om 'n vers van Bilderdijk in Engels te vertaal omdat poësie veel moeiliker as prosa is om te vertaal. Dieselfde geld vir die Engelse gedig. En wat die twee stukke prosa betref: 'n Matriekkandidaat kan onmoontlik goeie vertalings van hierdie stukke lewer. Die woordrykheid en hoogdrawendheid met die daarmee gepaardgaande ingewikkelde sinswendinge is te veeleisend vir die peil van ontwikkeling van 'n Matrikulant. Ook die taalvrae is onbillik en te skools. Hierdie vrae vereis boekgeleerdheid en is nie daarop bereken om die juiste aanwending van woorde en uitdrukkings in die taal te toets nie.

baie meer praktiese waarde wees.

In 1876 lewer Inspekteur Ely kommentaar oor die tekortkominge in die onderwys. Hy skryf dat dit 'n fout is in sommige Hollandse Sendingskole om vir die kinders in die laer klasse niks anders as spellesse te gee nie, wat syns insiens 'n nuttelose oefening is tensy die kinders terselfdertyd geleer word om te lees. So het hy kinders teëgekom wat uit die Spel- en Leesboekje lang woorde soos geregtigheid spel en tog nie in staat was om 'n eenvoudige sinnetjie soos "Ik heb God lief" te lees nie. 1)

Gedurende die volgende jare het daar nie veel veranderings ten opsigte van die inhoud van die eksamens in Hollands plaasgevind nie. Maar in die eksamenstel van 1877 verskyn 'n paar onverwagte vrae, byvoorbeeld Vraag 6.: "Give the Dutch equivalents for the following terms: pluperfect tense, subjunctive mood, superlative degree, irregular verb, vowel, declension, reciprocal, subject, object." 2) Die beoogde doel was klaarblyklik dat van onderwysers verwag is om nie, soos nog meestal die geval was, Hollands net deur medium Engels te onderrig nie, maar kandidate moes ook die taalkundeterme in Hollands ken.

Die volgende vraag het meer as een kandidaat beslis 'n skok besorg: Vraag 7: "Give an account, in Dutch, of any Dutch Poet, mentioning his principal works, and characterizing his style." 3) Soiets is nooit deur die Universiteit voorgeskryf nie, en op so 'n vraag was kandidate nie voorbereid nie. Dit wil voorkom of die eksaminatore opsetlik soms onverwagte vrae gestel het om kandidate vyandiggesind teenoor Hollands te stem.

Maar hierop volg vir die eerste keer 'n vraag soos die volgende: Vraag 8: "Write a brief narrative, in Dutch, of any important historical event." 4) Dit blyk of die eksaminator werklik tot die besef gekom het dat om 'n kandidaat se kennis

is en nie juis vertaalwerk nie.

Die vraestel van 1877 toon beslis 'n kentering. Die haas verouderde idee van vertalings word nou aangevul deur vrae waarin aan kandidate geleenthede gegee word om hulself uit te druk. Voorlopig bly die opstelonderwerpe beperk tot onderwerpe buite hul ervaring, by voorkeur uit die geskiedenis. Baie stadig sou die idee ryp word dat 'n leerling sy taalkennis die beste vertoon wanneer hy opstelle oor onderwerpe skrywe waarvan die materiaal binne sy ervaringsveld geleë is en waarin hy belang stel.

Die eksamenvraestel in Hollands in 1880 toon niks nuuts nie, en die beginsel van opstelskrywe word voortgesit. Vraag ses lui: "Write in Dutch an account of one of the following events: (a) The fight of the Horatii and Curiatii. (b) The battle of Waterloo. (c) The disaster of Isandlwana. (The narrative to occupy about three pages foolscap at least.)[1]

Die aard van die onderwerpe veronderstel geskiedkundige kennis by die leerlinge. Die opstel is dan hoofsaaklik 'n reproduksie, in eie woorde, van opgedane historiese kennis waarin eie siening en die persoonlike element geheelenal uitgeskakel is. Slegs een onderwerp uit die Suid-Afrikaanse Geskiedenis word aangegee. Dit is ook die geval in die vraestel van 1881: Vraag 10: Die volgende onderwerpe waaruit een gekies moes word, is aangegee: "(a) The Life of George Washington. (b) The life of the late Prince Consort. (c) The discovery and early settlement of the Cape of Good Hope.2) Eersgenoemde twee onderwerpe val heeltemal buite die belangesfeer van die leerling.

(iv) "School Examination for Honours." In 1882 is kennis gegee dat Hollands een van die keuse-vakke vir die "School Examination for Honours" sou wees. Behalwe vertalings uit Engels in Hollands en omgekeerd, sou ook taalvrae gestel word. 3) Hierdie eksamen sou onmiddellik na die "Elementary Examination"

Hieronder volg die eerste vraestel in Hollands vir bogenoemde eksamen in 1882:

"1. Translate into English:

De Wind.

Recitatief.

De nacht verdwijnt zoo heimlijk zacht;
De morgen kiemt in schemerpracht;
De vogel rust in zijnen nest,
Zijn hemelrijk, zijn liefdevest!
Het dierken slaapt in 't sluim'rend kruid,
En alles zwijgt... De bloeme droomt
Van't koeltje, dat haar kussen koomt....
Het koeltje, kreunt, een flauw geluid
Verheft zich zacht. De zon verschijnt en blaakt;
Het windje speelt en juicht: Ontwaakt, ontwaakt!

Solo.

Looverkens fleuren,
Knikken en geuren
's Windekens groet te gemoet;
Vogelkens zingen,
Vliegen en springen
's Windekens groet te gemoet:
Steden en streken,
Bronnen en beken
Jubelen zoet!

Koor.

Wees welkom, geest, want waar ge zweeft,
Daar voelt men zaalgen levenslust;
Wees welkom, geest, die al wat leeft,
Zoo vreugdig wakker kust,
Wees welkom, geest!

Recitatief.

't Is gloeiend heet!
Het loover kwijnt, de vogel hijgt bevangen,

Gij waait en wischt zijn wellend zweet
Met balsemlucht en gulle woudgezangen!

2. Translate into Dutch:

(a) God save our gracious Queen,
Long live our noble Queen,
God save the Queen!
Send her victorious,
Happy and glorious,
Long to reign over us,
God save the Queen!
Thy choicest gifts in store
On Queen Victoria pour,
Long may she reign.
May she defend our laws,
And ever give us cause
To sing with heart and voice,
God save the Queen!

(b) Robert did his father good service by the able and pithy pamphlets which he wrote on the subject; and at length their perseverance was rewarded by the directors consenting to employ a locomotive if they could get one that would run at the rate of ten miles an hour, and not weigh more than six tons, including tender. They offered a reward of £500 for the best engine fulfilling these conditions;

3(a) Write out the <u>plural</u> of the following nouns, while indicating their gender:- dans, sneeuwkleed, geschreeuw, grens, eentonigheid, schot, haardsteê, leven, hemel, studie, doel, kunde, Cornelia, graf, split, wees.

(b) Decline (singular and plural): de oude paus, datgene, men, and welke kat?

(c) Write out the imperfect and pluperfect subjunctive of:- scheiden, vriezen, geboren worden, lezen, and doorgronden.

(d) The endings of nouns as a rule denote the gender. State

waart geweest; kome; word; zullen gedaan hebben; haddet gesproken.

(f) Construct a complex sentence (in Dutch) containing a principal, a substantial, an adjectival and an adverbial sentence.

(g) Fill up the blanks and also the wanting points in the following lines:-

De Onbestendigheid.

Moest eind'lijk Babylon in puin en as— verkeeren
Die stad, die 't gan— Heelal verwondring heeft gebaar—!
En gij, o Ninivé! d— zoo voortreflijk waar—,
Kon niets d— ondergang van uw pal—zen weren?
Moest Titus' zeg—boog zijn luister ook ontberen?
Is Piza's heerlijkbeeld door de —wen niet gespaar—!
Ja, zag men't woeden— vuur di— tempel zoo vermaar—
Epheze's wonderstuk, in één— nacht verteren!
O Pharos! wierp d— tijd uw trot— vuurbaak neer!
Mauzoal, is van u— graf het minst bewijs niet meer!
In — kort, kan niets op aard zijn eerst— glans bew—ren:
Wat red— heb is kan om zoo verbaas— te staan
Dat na— d— trouw— dienst van acht of negen jaren
Van mijn bal—n— rok d— haak is afgegaan." 1)

Dit is haas onbegryplik om te sien wat die eksaminatore van daardie tyd van kandidate verwag het, veral as gelet word op die betreurenswaardige toestand waarin die onderwys van Hollands op die laerskool verkeer het en dat vir die Elementêre eksamen geen Hollands voorgeskryf was nie.

Hierdie vraestel spreek vir homself en behoef geen verdere kommentaar nie. Nog net dit moet bygevoeg word, nl. dat die laaste vraag waarskynlik dieselfde funksie verrig het as die hedendaagse breintergende blokkiesraaisels.

(v) Matrikulasie 1882. Hierdie vraestel in Hollands toon,

2. Ik heb God gebeden dat Hy hem vergeve.

3. De nieuwsbladen zijn vol namelooze brieven.

4. 't Is my niet mogelijk de kosten te bestrijken.

5. Het water cijfert door.

6. Men heeft van hier een fraai gezicht op de zee.

7. Ik ben reeds lang van deze voorrechten ontstoken.

8. Daar is alweer een klink in de kabel gekomen." ens.

Vraag sewe: "Welke spelling is verkieslijker in de volgende woordenlijst? Geef gronden voor uwe beschouwing:-

Januari of Januarij.

Kerstdag of Kersdag.

Dinsdag of Dingsdag.

Zaterdag of Zaturdag.

Koffie of Koffij.

Muziek of Muzijk.

Fabriekant of Fabrikant.

Broeijen of Broeien.

Vraag ag: "Give a brief account (in Dutch) of <u>one</u> of the following: 1. Bilderdijk.

2. Da Costa.

3. van Vondel." 1)

Laasgenoemde vraag wek bedenkings. As 'n keuse tussen opstelonderwerpe gegee word, moet die onderwerpe verskillende gebiede dek. In bogenoemde geval word die keuse slegs tussen drie letterkundiges gestel - die onderwerpe dek dus slegs een gebied en maak dus die keuse van geen waarde. Opmerklik is die feit dat vanaf 1883 tot 1892 geen opstelle in hierdie eksamen meer gegee is nie.

Inspekteur Rowan rapporteer in 1885 oor die Westelike Distrikte: "The reading, spelling, dictation, grammar, and translation in most of them (i.e. schools) were very creditable. Dutch composition is taken up by several schools and with fair results." 2) Die eksamens van die Universiteit het

Inspekteur Brady lewer in sy rapport oor die Suidelike Distrikte kommentaar oor lees: "This subject, more than any other, suffers from the fact that, throughout the greater part of my district, the inhabitants speak a language different in sound, inflection, and construction from that, either English or Dutch, taught in the schools." 1)

In verband met die moderne tale, soos Hollands, Frans en Duits in die sekondêre afdeling genoem is, rapporteer Inspekteur Brady: "The modern languages, generally speaking, are satisfactorily taught; the best results, as might be expected, being shown in Dutch, the grammatical study of which I hope to see more generally taken up in my district." 2)

(vi) "School Examination for Honours." 1885. Eksaminator: Professor Mansvelt. Slegs die vrae wat aanmerklik van die gewone afwyk, word hier weergegee: "1. (a) En wat de banketbakkers betreft, is de voorgestelde wijziging ook niet billijk De welgestelden zullen daar, na van allerlei gebakjes wat te hebben gesnoept, rustig en wel een glaasje fijne likeur kunnen gebruiken, wat natuurlijk den minderen man verboden is..."

2.(a) Analyse the first paragraph 1.(a) (from "En wat" to "verboden is"), and parse the words: "wat natuurlijk den minderen man verboden is."

4(e) Mention any point in which the Dutch language differs in its construction from the English. Explain, if possible, the reason, and give an example.

(f) From short but complete sentences, introducing each of the following words or expressions: dewijl—; —heb mogen—; In 1815—; —ware geworden—; Rijkdom noch eer—; —my, die steeds u vriend—; —zoudt gezien hebben—; Gij en hij—; —zijn niet mijne zaken; een goed soldaat is iemand—" 3)

Vraag 4(e) hoort nie tuis in hierdie vraestel nie, en (f) is uiters vaag en in hoofsaak te ingewikkeld.

Die laaste vraestel in Hollands, die Schoolexamen

is die eerste eksamen vir die Skoolhoërsertifikaat afgeneem, en die volledige eksamenvraestel volg hieronder:

(vii) Skoolhoër-eksamens 1887 - 1891.

1887. " IV Dutch: Examiner Professor Mansvelt.

(Special importance is attached to the translations from English into Dutch).

1.(a) Translate into English:

Toen Otto vijftien jaar oud was, aanvaardde hij de regeering zelf: de vorst was in beschaving en kennis zijn meesten tijdgenooten verre vooruit, zoodat men hem het keizerlijke wonderkind noemde; maar tot het beheerschen van een ruw, krijgshaftig volk ontbrak hem de noodige kracht. Vol van het denkbeeld zijner hooge bestemming ondernam hij een bedevaart naar het graf van Karel den Grooten te Aken, opdat die aanblik van het stoffelijk overschot dezes grooten keizers in de geopende groeve hem tot een beter besef van zijne hooge betrekking zou brengen. Zijn lievelingsdroom, het "gouden Rome" te maken tot hoofdstad van zijn rijk, zag hij door den dood verijdeld. Volgens de sage viel hij als een slachtoffer der wraak van een Italiaansche schoone. Aangeboren zwaarmoedigheid en angst voor het heil zijner ziel dreven hem dikwijls tot zelffoltering en ontberingen, vooral toen het jaar 1000 naderde, dat algemeen als het einde der dagen werd aangemerkt.

(b) Translate also:

De Krijgsgevangenen.

Vijf man, aan éénen hoop, nam ik alleen gevangen!
Ik, moederziel alleen! Gij zult misschien verlangen
Te weten, hoe dat ging? - Met wat beleid, heel glad:
Ik eischte ze op, toen ik ze omsingeld had.
'Kaptein!' - "Waar zit-je? Kom! dit bosch is niet te trouwen."
''k Heb twee gevangenen!' - "Breng ze mee,"
'Ik word door beiden vastgehou'en.

briefly state the rules they follow.

(d) Parse the following words in 1(a): vooruit, vol, zou brengen, verijdeld.

(e) In what cases are the following words in 1(a): jaar, zelf, tijdgenooten, wonderkind, kracht, Rome, einde? Briefly state reasons.

(f) What rules relating to the place the verb occupies in a Dutch sentence are illustrated by the sentence: "Toen Otto vijftien jaar oud was, aanvaardde hij de regeering zelf"?

(g) Give synonyms for ruw and aanblik.

(h) Why is regeering spelt with two e's, and ontbering with one only?

(i) Why is aanvaardde spelt with two d's?

(j) Some authors write: Van Karel den Groote, and others (as in 1a.above): Van Karel den Grooten. Which way do you follow, and why?

2. Translate into Dutch:

W. looked toward the door, as if he were half inclined to run; but as officers stood near, that plan was not to be thought of. He then took up a pen and wrote these words, at the dictation of the judge: "My dear wife, - Give the bearer the bag of gold belonging to Mr. F. I am about to restore it to him." The judge examined the letter, to see that it contained these words and nothing more. W. rose to go, hoping he might reach his home in time to explain matters to his wife; but the judge, in a loud, stern, voice, exclaimed, "Sit down, sir, and wait for the return of my messenger." Trembling at the thought of exposure, W. sank down on a chair. One of the officers received the letter from the judge and departed. In less than half an hour the officer returned with a bag. He gave it to the judge, who read the label, and then counted the money, and found that it amounted to just one hundred pounds.

3 (a) Decline (sing. and plur., when possible): het geheim

a verb, the ending t is affixed to the stem. Mention exceptions and account for them, if possible.

(c) When is the diminutive ending pje used instead of je or tje?

(d) Which are the only letters in Dutch that may sometimes be silent in the pronunciation of a word? Give a couple of examples.

(e) Seeing that in Dutch the final d and t are pronounced alike, how is one to know when to use the one and when the other?

(f) Write out the 2nd pers. sing. of the Present, the Imperfect and the Pluperfect Indicative (Active Voice) of: mogen, zullen, kunnen, slagen, rusten and worden.

(g) Change the following sentences from active into passive, or from passive into active: Gisteren zag ik Jan met zijn nieuw geweer in 't veld. Stelde dat bericht u niet zeer teleur? Had hij dan gemeend, dat dit zoo gemakkelijk kon gedaan worden? Dit arme dier was doodgeschoten, voor ik het verhinderen kon.

(h) What mistakes are Cape students likely to make in translating the following sentences? Give also the correct translation. He was not allowed to enter the room. I have not been able to read a single line today. I put a sheet of paper in my book, but cannot find it now." 1)

Die aanvang van die vraestel laat duidelik blyk dat daar 'n verandering in sienswyse ten opsigte van die Hollandse taal plaasgevind het. Die vertaling uit Engels in Hollands word nou belangrik geag. Die vraestel as 'n geheel wek egter die indruk dat dit ver bokant die ontwikkelingspeil van 'n skoolhoërleerling staan. 'n Besondere kenmerk van die vraestel is die groot hoeveelheid taalvrae die inhoud waarvan selfs vir 'n Matrikulasie-kandidaat baie moeilikhede sou besorg het.

velt, daarenteë, het die vrae moeilik gestel maar hy was baie vrygewig met die toekenning van punte. 1)

In sy spesiale rapport in 1888 stip Inspekteur Rowan die volgende in verband met die Westelike Distrikte aan: "The subjects usually taught are reading with explanation of the subject matter, dictation, grammar, translation, and composition. Of late an increased attention has been paid to Dutch in schools where formerly it had been all but neglected. In most of the schools the usual English reading lesson is translated into Dutch, and vice versa. When a pupil cannot give the meaning of a word occurring in his English reading lesson, he is allowed to explain it in Dutch, and if he does so successfully there is fair ground for supposing that he understands what he is reading about." 2)

Inspekteur Brady se afdeling, nl. die Suidelike Distrikte was baie Engelsgesind in teenstelling met Inspekteur Rowan se afdeling waar die Hollandse element oorweënd was. In Brady se afdeling "Dutch is as a rule poorly taught, the teachers themselves often having only the most superficial knowledge of the language. The reading is fair, and the dictation good; but the grammar is very seldom even moderately well taught. The power to write Dutch grammatically is very seldom met with, even in the best schools." 3)

In die Skoolhoërvraestel vir 1888 word onderwerpe vir opstelle aangegee: "IV. Write a short essay of about ten lines (in Dutch) on any <u>one</u> of the following subjects: some Dutch book you have read; the Cape Flora; or van Riebeek"4) Maar in 1889 word opstelle weer uitgelaat. In 1890 is weer onderwerpe vir opstelle gegee.

In 1890 is onder andere die volgende twee vrae gestel: "3. Put the words between brackets in the required form: Een (goed) zoon, die naar (zijn) vader (aarden). Waar liefde (wonen),(gebieden) (de) Heer (de) zegen. Als het (misten),

met (een) (ijdele) hoop; de dokter (vreezen) dat (ons) vriend aan die ziekte (overlijden). (Zich herinneren) gij niet, dat gij hem meer gezien (hebben)? Gij (evenaren) (uw) broeder tot in de kleinste bijzonderheden. De lamp (branden) gisteren nog ver in (de) nacht, zoodat de olie aanzienlijk (verminderen), (Melden) gij toen (u) geluk niet terstond aan (u) makker? In het onlangs gevoerde debat (overreden) gij gemakkelijk uwe tegenstanders en (zegevieren) gij spoedig over (hun).

"5. Write a short essay, in Dutch, of from ten to fifteen lines, on any one of the following subjects: The Gold-fields of South Africa; The Climate of South Africa; The Inhabitants of South Africa." 1)

Vraag drie van hierdie vraestel is baie verkiesliker as die gedurige vrae oor vervoeging en verbuiging. Hierdie vraag vereis wel die kennis van verbuiging en vervoeging maar hierdie kennis word hier op 'n praktiese wyse in die taal te pas gebring en staan nie as geïsoleerde eenhede uit verband geruk nie.

Die opstel-onderwerpe, hoewel binne die onmiddellike kennissfeer van die leerling gebring, vermy nog alle temas wat in verband met 'n kandidaat se persoonlike belangstelling staan. Feitekennis bly dus hier hoofsaak; van waarderings- en kunsopstelle is hier geen sprake nie.

In 1891 word die volgende opstel-onderwerpe in die Skoolhoëreksamen gegee: "IV Write a short essay of about fifteen lines (in Dutch) on any one of the following subjects: The British South African Company; Governor Simon van der Stell; the South-African Tochtganger." 2) Die eksaminator was prof. Mansvelt. Daar was 196 kandidate vir Hollands uit 'n totaal van 370. 3)

(viii) Matrikulasie-vraestelle 1888 - 1891. Die Matrikulasie-eksamen toon weinig verandering in hierdie jare. In 1891

Vraag 3: "Parse the following:

Gij hebt twee oogen, maar één mond,
Bedenk dat, u ten zegen:
Veel moet gij zien, en zeer veel dient
Gezwegen!" 1)

Sou die bedoeling wees dat hierdie reëls ontleed moes word, of dat elke woord ontleed moes word? Die eksaminator was ds. J.H. Hofmeyr.

(b) Outoriteite oor Eksamens en Inspeksie.

(i) Die Universiteitsraad. Hierdie raad was later verplig om aandag aan die velerlei proteste teen die uitsluiting van Hollands in die Elementêre eksamen te gee. In 1890 beveel die Studie-komitee aan: "(d) That a Dutch papar be set at the School Elementary Examination, and that candidates be allowed to take either English or Dutch, or both Dutch and English, the same maximum of marks being obtainable whether candidates take one language or two." Hierdie aanbeveling het bly oorstaan in afwagting van die mosie van ds. Luckhoff namens die Nederduits-Gereformeerde Kerk. 2)

In die begin van 1891 is die volgende in die notule aangeteken - 'n paragraaf wat ons 'n blik laat kry in die versigtige handelwyse van die Raad, en onder andere die vraag oplos waarom leerplanne en gevolglik ook eksamens so min veranderinge ondergaan het: "The present occasion is the last on which this Council will have the honour of making its report to His Excellency as the Council will expire by effluxion of time on the 31st of July next. During its term of office the Council has not considered it desirable to make any important changes in the system of examinations, being strongly of opinion that frequent change has a tendency to disturb public confidence, and that measures which have been adopted after long and careful deliberation should not be set aside until lengthened experience and a general consensus

carefully, the working of the present regulations, and does not think that the time for any fundamental change has arrived. It will be for the new Council to decide whether the present regulations can with advantage be modified. Recent discussions as to the place of Dutch in the examinations seem to indicate that the Council will have to deal with this question, which in the judgment of this Council should be answered so as to satisfy the reasonable expectations of those who wish to encourage the study of that language, and at the same time secure for all candidates that ample and impartial justice without which there can be no public confidence." 1)

(ii) Die Onderwyskommissie van 1890 - 91. Toe getuienis in 1891 voor die Onderwyskommissie afgelê is, het ds. Moorrees die volgende vraag gestel: "Are you not of opinion that the University programme of examinations guides to a great extent the instruction given in the schools?" Hierop antwoord Dale: "It may; I consider that the examination is not altogether good for the public schools; it does good to private schools, but there is a tendency in the University examinations to interfere too much with the curriculum of the public schools, and the children are harassed by the efforts of the teachers to prepare them for two things, the regular inspection on the one hand, and the examinations of the University on the other. The preparation for the Inspector's examinations is necessary, and really useful; the other may be useful, but it is more or less a cram." 2)

Dale verklaar verder, op 'n vraag, dat die totale inskrywings in ondersteunde skole 100,000 bedra, en die getal wat die Universiteit se Elementêre eksamen skryf, slegs tussen ag en nege honderd is. 3)

In verband met die voorstel dat Hollands as vak in die Elementêre eksamen bygevoeg moes word, antwoord Inspekteur Noaks dat it is a very great pity to encourage any subject

students on its own merits." 1) Sou hy dieselfde van Engels kon sê?

(iii) Die S.G.O. skryf oor hierdie skool-eksamens in 1912. In sy terugblik in 1912 skryf die destydse S.G.O.: "De schooleksamens van de Kaapse Universiteit waren twee in getal - de "Lagere School" en de "Hogere School." Eerstgenoemde oefende grote invloed uit op 't werk dat in school gedaan werd en een zeer groot aantal kandidaten nam er aan deel. Zelfs van Derdeklasse scholen en Plaatsscholen werden leerlingen gezonden. Gewoonlik werd eraan deelgenomen door leerlingen uit de zesde standaard. Het "Hogere School" eksamen werd gewoonlik gedaan een jaar na het "Lagere" eksamen, en werd beschouwd als de standaard tot waartoe Twee-de-klasse scholen behoorden te gaan. Vergeleken met het aantal dat aan het "Lagere" eksamen deelnam, was het aantal kandidaten voor dit eksamen niet groot. Vanaf het "Hogere School" eksamen werkten sommige scholen nog twee jaren en andere weer een jaar vóór leerlingen werden ingezonden om aan het matrikulatie eksamen deel te nemen. Slechts weinige kandidaten namen in deze tijd echter deel aan het matrikulatie eksamen. In 1891 was het aantal geslaagden slechts 56." 2)

Hierdie feit strook nie met die opgawes van die Universiteit nie. Die volgende syfers dui die posisie aan:

1891.	Ge-eksamineer.	Geslaag.
Matrikulasie-eksamen	228	142
Elementêre eksamen	915	610
Skoolhoër-eksamen	193	162.3)

(iv) Onderwyskommissie; Onderwyswet van 1865; Hoër Onderwyswet 1874. Die Watermeyer-kommissie van 1863 het die volgende beskouing in verband met inspeksies gehuldig: "Inspection is, in fact, the keystone of a system of aided schools. To be efficient, it should be frequent, not less than once a year, but not necessarily at regular intervals, and should embrace the buildings..... and a thorough examination of all

the children in the various branches of secular instruction." 1) Maar vir hierdie doel is aanvanklik weinig voorsiening gemaak. Die S.G.O. het inspekteur gebly tot 1872 toe hy twee onder-inspekteurs bygekry het. Sedertdien het hulle getal aanmerklik gestyg namate die behoeftes groter geword het.

Seksie 4 van Wet No. 13 van 1865 het die S.G.O. gemagtig om te inspekteer "whenever the Governor shall deem it expedient for him to do so, all schools, colleges..... that receive grants in aid... whether established under special Acts or otherwise....." 2)

Ons het genoeg rede om aan te neem dat die kolleges werklik geïnspekteer is voor 1874. Die Senaat van die Suid-Afrikaanse Kollege het in sy getuienis voor die Onderwyskommissie van 1879 beweer: "The present system of inspection is worthless." In die Hoër Onderwyswet van 1874 het die Parlement die bepaling in verband met inspeksie van kolleges nietig verklaar. 3)

Hieroor was dr. Dale ontevrede: "This Act leaves me powerless, so that it is impossible to exercise any real control, I only receive a certificate from the Head (of the school and from the Professor of the College) quarterly dealing with hours and students. Nevertheless, I do get information about College work, but I decline to say how I get it. The Inspector-General should take all the Higher Institutions himself." 4)

Maar hierdie stelsel van inspeksie van Kolleges het nie groot populariteit geniet nie, immers, "the Colleges resented this inspection as undue interference on the part of the Department," 5) sodat na die episode van Inspekteur Brady met die professor in Wetenskap in die Suid-Afrikaanse Kollege nie veel meer van die inspeksie van Kolleges tereg gekom het nie.

1) Report of a Commission, appointed, in accordance with addresses of the Legislative Council and House of Assembly, to inquire into and report upon the Government Educational

Die Inspekteurs van skole het egter goeie werk gedoen, en, veral met betrekking tot die onderwys van Hollands op skole het hulle spesiale rapporte veel daartoe bygedra om meer fasiliteite vir onderrig in dié taal te verkry.

(v) Eksaminator Faure kyk terug. Ds. D.P. Faure was jarelank eksaminator vir Hollands. In sy boek, "My Life and Times," gee hy ons 'n kykie in die Matrikulasie-eksamenantwoorde uit hierdie tydperk. Hy haal 'n paar voorbeelde van vertalings uit vraestelle aan:

"Als zij stierf: If she be a stepchild.

"Als moeder streng of knorrig was: When mother strings something or knots something.

"'t Scheen dat ik in den nacht die mij omsluierd hield, het eenigst wezen was met denkenskracht bezield: It happened that I in the night possessed my counterpin; the only way was to hide myself with it." 1)

Ook die volgende dien vermeld té word:

"Echtgenote: Promissory note.

"Honourable Chief Justice: Heerlijke hoogrechter.

"Finest limbs: Beste lammers, Mooiste longen, Beste bouten.

"Vrijstaters: freebooters.

"Arbeids Commissie: Strawberry Commission.

"Gebaar en blik: Copper and tin.

"Zy komen hem wettig toe: He often comes in the wet too.

"Als zij de raam van haar kamer opende: When she lets out the rain from his room." 2)

Bogenoemde is voorbeelde van vertalings van woorde of sinne. Maar in een van die vraestelle is die kandidaat gevra om 'n brief te skryf in ooreenstemming met die volgende instruksies: "Write a Dutch letter to a farmer stating that you are instructed by the magistrate to inform him that the police have apprehended a boy answering to the description of the one advertised by the farmer as having absconded. Give

village for the purpose of identifying the prisoner." 1)

Hier volg twee briewe: "Mijnheer, Ik ben instructi bij de Magistraat voor on te laat vitten dat die polisi het voor een jong van ous gevang, net sous hij het in de korante gesit dat van ou weggehadrloop. Hij vivff footten hooeg is, swart is, ten jare out is, hy kleeren als stikent is and wit maar veill. U moet now kommen bij de hof van de Magistraat kommen to zeggen as hij di regt kerl is." 2)

Die tweede brief lui: "Mijnheer, Ik ben ordert bij de Magistraat hier om u te berechten dat de polisimannen hebt een kerl gevang. En de kerl kijkt juist als wie de kerl u had gesaagt in de courant had weggeloop van uwe dienst. De jonge is vijf en half feet hoog. Hy is al te zwaart in de Gezicht. Hij kijkt omtrend 20 jaar oud. Hy had bruin corderoy kleide aan, maar de jas is al te groot voor hem. Hij had klene ooge en een breite neus. Twee van zijn voor tanden is uit. Will mijnheer zoo dadelijk als hy kann bij de dorp kwam om te getuigen om dat die is de rechte kerl of niet. Uwe gehoorzaamelijke, etc." 3)

"De Unie" plaas in 1905 'n uittreksel uit "De Volksbode" van 22 Mei 1890, waarin ds. Faure voorbeelde gee van die hoogte van bekwaamheid in Hollands bereik deur 'n aantal seuns wat hul vir die Matrikulasie-eksamen in 1888 aangemeld het. In die vraestel van daardie jaar is onder andere gevra om die oorsprong en betekenis van die woord <u>watertand</u> te gee. Hier volg enkele antwoorde: "(a) When a man drinks a lot of water. (b) Pertaining to waterspouts. (c) Waterproof. (d) Watertoothed, i.e. with inlets. (e) Tanden zoo zwak als water en daarom onnuttig. (f) Water plaats, or place where there is much water. Derived from "water" en "Teneo" Latin. (g) The result got from going into cold water and that is how the word is derived." 4)

'n Soortgelyke vraag is met betrekking tot die woord

(b) Het beteekent dat de een den ander ontmoet na lange afwezigheid en dat de ontmoeting van veel ernst is. (c) Having a thick long neck." 1)

Die volgende dien as 'n paar staaltjies van vertalings:-

"The novelty of the situation: De oudheid der positie; de roman der positie.

"A prey to the same reflections: Een aas voor hetzelfde denkbeelden; Bad om dezelfde terugslag.

"Withdrawing the curtain: Dragende het lapje terug.

"Voorraad van denkbeelden: Value of memoranda.

"Op den duur vernieuwen: Expensive renewal.

"In haar bijzijn: In her broom.

"Vurige wagen: Weighty recollection." 2)

Hierna volg 'n paar voorbeelde uit antwoorde van die Publieke Diens-eksamen:

"Zegeningen ontvange: Catch diseases.

"Beproevingen ondergaan: Undergo examinations.

"Samenleving: Convivation; secret living.

"Natives of other countries: Kaffers van andere landen.

"Joint proprietors: Maats proketeers.

"Recht en aanspraak: Correct in speech." 3)

Maar die kostelikste stukkie vertaling is seker die volgende sin:

"In een uurwerk mag het kleinste rad evenmin onklaar zijn als de veer die alles in beweging brengt; In one hour's work the small rat may do as much as the fire that brings everything to destruction (or unto woe)." 4)

(c) Besluit. Hierdie periode kan beskou word as die tydperk van eksamens. Aan die begin van die periode het slegs die Publieke Diens-eksamen bestaan. Dit is deur die Derdeklas-sertifikaat in Lettere en Wetenskap vervang wat later die Matrikulasie-eksamen geword het. Dan was daar die Elementêre Eksamen. Later is die "School Examination for Honours"

Sonder om 'n enkele hele eksamenvraestel uit te sonder, kan ons beweer dat die standaard wat in alle eksamens in Hollands vereis is, ver bokant die ontwikkelingspeil van die kandidate gestaan het. Ter versagting hiervan dien die gehandhaafde beginsel van 'n hoë peil en 'n lae minimum - iets waarin geen sin is nie.

Die beginsel van vertaling in alle eksamens bly gehandhaaf sowel as taalvrae.

Weinig aandag word aan die gee van opstelle gewy en daar is 'n byna totale afwesigheid van onderwerpe vir briewe in alle eksamens te bespeur.

Wat die Universiteits-eksamens betref, is dit 'n feit dat die Hollandse vraestelle gestel en gedeeltelik beantwoord is in Engels, en met hierdie metode is voortgegaan selfs na die proteste van die Sinode en die Taalbond in 1890. Die Universiteit het blykbaar die beleid van 100 persent Engels in sy eksamens gevolg.

Die eksaminatore van die Universiteits-eksamens het meestal onafhanklik van die kandidate gestaan, "the most indispensable qualification of its examiners (die Universiteit s'n) being that they should know nothing about the candidates beyond their powers of assimilation." 1)

---

1) Aangehaal deur Malherbe, E.G.: Education in South Africa,

HOOFSTUK IV.

DIE TRIOMF VAN HOLLANDS, 1892 - 1915.

1. DIE TYDPERK VAN ERKENNING VAN HOLLANDS, 1892 - 1915.

(a) Algemene toestand in die neëntiger jare. Die Muir-regime kan beskou word as 'n tydperk waarin groot ontwikkelings op die gebied van die sekondêre onderwys in Suid-Afrika plaasgevind het. Dr. Muir was die eerste S.G.O. wat 'n poging aangewend het om die werk van die skole bokant Standerd VI te organiseer. Met betrekking tot hierdie saak lewer hy in sy eerste rapport oor die jaar 1892 kommentaar oor "the absence of a carefully thought-out curriculum and the constant presence of a temptation to neglect education and attend to instruction."

Dr. Muir het dadelik met sy diensaanvaarding probeer om 'n deeglike insig in die onderwys-probleme in Suid-Afrika te verkry. Om 'n oorsig van die posisie van Hollands te verkry, maak hy 'n opsomming van onderwystoestande uit die jongste inspekteursverslae waarin ook na die vraagstuk van Hollands op skool verwys word.

Uit hierdie verslae haal die S.G.O. die volgende aan: Mnr. Nixon sê dat die gewone kursus in Hollands die volgende omvat: lees, transkripsie, diktee, en in 'n paar skole vertaling en opstel. In 'n klein aantal skole is met die onderwys van grammatika begin. 'n Mens kan egter teleurstelling verwag wat resultate betref, sê die inspekteur, want dit is nutteloos om die feit te verberg dat daar selfs op die onwaarskynlikste plekke geen geringe mate van teëstand teen die sistematiese onderwys en studie van Hollands ondervind word nie. In sulke distrikte soos byvoorbeeld Hopetown hoor 'n mens dikwels die opmerking van boere: "My kind behoort Hollands te ken; ek sien nou dat hy Engels moet ken!" Veel kan egter bereik word deur sorgvuldige en herhaalde oefeninge in lees, transkripsie en diktee in alle klasse te gee.

Inspekteur Ely verklaar dat die aantal kandidate wat hulle vir eksamen in Hollands in sy omgang aangemeld het, 202 beloop: 156 Europeane en 46 gekleurdes. In een van die skole in sy omgang, nl. die Eerstoklas Publieke Skool te Queenstown, het hy 'n klein klassie gevorderde leerlinge aangetref wat Hollands lees onder die leiding van 'n baie bekwame onderwyseres wat te Stellenbosch opgelei was. Dit spyt hom om te verneem dat hierdie klas sedertdien gestaak is: dit was net die regte soort klas wat 'n mens graag in die Kolonie sou sien floreer het. 1)

Inspekteur Fraser skryf dat te dikwels leerlinge Hollands lees en verder geen opleiding in Hollandse taalkunde ontvang nie; somtyds word hulle selfs nie eers oor die betekenis van die gelese deel ondervra nie. Soms vind hy skole waar die kinders geleer word om Engelse woorde mondeling te spel en die betekenisse in Hollands weer te gee. In die beste skole word leerlinge onderrig om te vertaal en te hervertaal en die taalkunde word sorgvuldig bestudeer. 2)

Ter verbetering van die onderrig van Hollands gee inspekteur Bartmann drie wenke aan die hand: (1) dat Engels en Hollands saam sistematies bestudeer en onderrig word; (2) dat rositasies in Hollands die nodige aandag geniet; (3) dat die taalkunde in verband met die leesles onderrig word. In verband met laasgenoemde punt sê hy dat die taalkunde gewoonlik uit 'n leerboek onderwys word: een dag word die reëls opgesê en die volgende dag is hulle weer vergeet. Die gevolg is dat die onderwyser ontmoedig word en die leerlinge in onkunde bly. Hierop sê die S.G.O. dat die verduideliking sekerlik nie voldoende volledig is nie; onderwysers in die omgang behoort dus die inspekteur te raadpleeg voordat hulle op hierdie wenke handel. 3)

Inspekteur Murray skryf dat diktee in Hollands oor die algemeen swak is, wat gedeeltelik toegeskryf moet word aan

die aandag op die fonetiese eienskappe van die taal vestig nie 1)

In verband met die hoërskole skryf die S.G.O. dat daar geen voorgeskrewe leerplan vir hulle bestaan nie. Individuele onderwysers het kursusse vir hulle onderskeie skole beplan; maar die gewone gebruik is eenvoudig om 'n klas te hê wat vir die Skoolhoëreksamen voorberei en 'n klas wat vir die Matrikulasie-eksamen voorberei. 2)

In 1893 is 'n laerskoolkursus gepubliseer en die volgende jaar skryf die S.G.O. dat die aandag van die Departement en van die vereniging van onderwysers nou aan die onderwerp van 'n leerplan vir die hoërskole gewy behoort te word en ook aan die vraag "as to where such a curriculum ought to be grafted on to the curriculum of the elementary schools." Die boonste perk sal natuurlik met die vereistes vir die Matrikulasie-eksamen van die Universiteit moet ooreenstem. 3)

Die S.G.O. spreek in sy rapport sy afkeuring uit oor die te vroeë toelating van kinders tot die Kolleges en maak bekend dat die Victoria-Kollege ingestem het om 'n stap in die rigting van verhoging van die standaard vir toelating te doen deur die tweede Matrikulasie-klas aan die Stellenbosch Eersteklas Publieke Skool af te staan. 4) Later is al die werk vir Matrikulasie aan die skole oorhandig en ander Kolleges het dieselfde gedoen. 5) Sommige van die Kolleges het egter hoërskole geword soos die Grey-Instituut en die Graaff-Reinetse-Kollege. Op hierdie wyse is sekondêre en hoër onderwys onderskei en vir elk apart voorsiening gemaak terwyl Matrikulasie die skeidslyn tussen die twee gevorm het.

In 1893 skryf inspekteur Noaks: "In the higher curriculum, throughout my circuit, French and German have been almost entirely superseded by Dutch," 6) en inspekteur le Roux rapporteer oor Hollands: "This is taught in most schools, but the quality is poor. Children speak the patois and this

Dutch. In their compositions, in translation, in everything they write, the influence of the spoken language is apparent."[1]

Die redakteur van "Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift" het ook rede om te kla: "Het Hollandsch dat men nu en dan in Ons Land leest, is erbarmelijk slecht. Naar grove taalfouten behoeft men in het blad niet lang te zoeken. We zouden den Redakteur ten sterkste aanraden, eene elementaire Hollandsche Spraakkunst grondig te bestudeeren, alvorens hy opnieuw zich laat benoemen voor het elementair schoolexamen." 2)

Terwyl Hollands stadigaan sy regte begin herwin het soos blyk uit die toegewing van die Universiteitsraad om onder hewige en langdurige dwang van buite Hollands as 'n eksamenvak vir die Elementêre eksamen vanaf 1893 toe te laat, het die S.G.O. met sy reorganisasie van hoërskoolleerplanne voortgegaan en kon hy in 1894 voortgang rapporteer: "As recommended in last year's report, the Teachers' Association has now taken up the subject of a curriculum for the higher-class schools, and I am consequently in hope that before another year a definite scheme will have been resolved upon."[3]

(i) Die eksamenmanie. Die eksamenmanie het intussen sy invloed nie onbetuig gelaat nie. In sy rapport oor die oostelike distrikte moes inspekteur Clarke erken: "The 5th Standard stage having been passed the University Elementary Certificate is the prize most generally coveted, and much sound training has too frequently to be sacrificed for the sake of gratifying the ambition of the average parent." 4)

In verband met Hollands skryf hy: "Dutch is taught as a specific subject in 11 schools in my circuit, but in very few cases is anything professed beyond a little Reading and Dictation. In one or two schools it is taught as a subject for the School Higher and Matriculation Examinations." 5)

Hoe laag die algemene standaard van opvoeding was en hoe weinig skoliere die gewone skole bygewoon het en hul vir die Skoolhoër- en Matrikulasie-eksamens voorberei het, blyk uit

die volgende gegewens: In 1894 was 1200 uit 80,000 leerlinge of 1.5 persent bokant Standerd VI, 88 persent onderkant Standerd IV en 43 persent onderkant Standerd I. 1)

Hierdie dekade staan in die teken van die eksamenmanie. Alle skoolvakke word volgens eksamenvereistes ingerig en vakke wat nie vir 'n eksamen vereis is nie, is nagelaat, met die gevolg dat: „recitatie, samenspraker en dicteeren maken bijna nooit deel uit van het onderwijs in Moderne Talen (zulke oefeningen betalen niet bij examens)" 2)

En inspekteur Brady van die Kaapse omgang skryf: „Alles is ondergeschikt gemaakt aan de vereischten van het bijzonder certifikaat dat men wil verkrijgen. Het examen mania hoeft invloed op leerlingen en ouders zoowel als op onderwijzers en tenzij het bedaart zal het onberekenbaar nadeel doen aan middel klasse onderwijs." 3)

Maar dit is nie alleen inspekteur Brady wat hierdie gees opmerk nie, ook inspekteur Clarke wat die oostelike distrikte besoek het, kla oor dieselfde verskynsel. In verband met die werk in die Hoërskole skryf hy: „Boven de Standaards en in de 3 hoogere standaards vindt men nog al het werk ingericht voor het trachten naar het passeeren in een of ander examen; een vak dat by het examen niet te pas komt wordt veronachtaamd en in byna elk geval rijst de schatting van de waarde van een vak of van een examen niet boven de mate van de pond, shillings en pence waarde ervan. De omstandigheden van het land kunnen tot op zekere hoogte verklaren waarom verstandelijke ontwikkeling opzichzelve zoo laag geschat wordt, maar iets kon toch elke jaar gedaan worden door zoowel onderwijzers als ouders om by veelbelovende kinderen een gezonde eerzucht op te wekken en hun aan te toonen dat afgezien van bloot stoffelijke considerations er hoogten in het leven zijn meer verheven dan die door hunne vaderen bereikt." Hierop haal die Inspekteur die geval aan van 'n vader wat beweer

(ii) Hollands maak opgang. In 1894 is 'n taalkonferensie deur die Kaapse tak van die Taalbond gehou en hier word weer die posisie van Hollands op die skole en by die eksamens bespreek. In sy rede sê prof. de Vos o.a.: "Het Hollandsch wordt door middel van het Engelsch door Afrikaner onderwijzers aan Afrikaner kinderen gedoceerd." Hier word slegs enkele skole bedoel. "De menschen te maken tot Hollandsch schrijvenden, Hollandsch lezenden en Hollandsch denkenden, zie daar het voornaamste doel dat de voorstanders der Taalbeweging voor oogen moeten houden." 1)

Die onderwys van Hollands het almeer aandag van die onderwysers geniet sodat inspekteur Theron in 1895 oor die afdeling wat Beaufort-Wes, Victoria-Wes en Prieska insluit, as volg kon rapporteer: "Ruime voorziening is gemaakt voor het leeren van Hollandsch in alle Eerste en Tweede Klasse scholen, en de taal wordt bevredigend onderwezen in de grootste meerderheid der lagere scholen." 2)

Hier dien opgemerk te word dat in die instruksies aan inspekteurs in 1894 onder andere die volgende te vind is: "The amount and quality of the Dutch teaching are to be carefully reported on." 3) Dit is ten gevolge van hierdie instruksies dat baie meer as voorheen na die onderwys van Hollands op skole in die inspekteursverslae verwys word. Maar dit veronderstel geensins dat Hollands 'n verpligte vak geword het nie. In die vereistes vir die verskillende standerds is telkens bepaal: Engels of Hollands of albei. 4) In die hoërskoolstanderds was Hollands natuurlik 'n keusevak en opsioneel terwyl Engels verpligtend was.

In hierdie jare begin die Taalbond boekpryse aan leerlinge toeken wat in die Taalbond-eksamens goed presteer het. Prof. E.C. Pienaar skets die taaltoestande in hierdie jare by geleentheid van die jaarlikse prysuitdeling van die Taalbond in 1923 soos volg: "Die taalonderwys was in hierdie

eerste jare geen letterkundige werke vir die examens voorgeskrywe nie. Op skool het die leerling 'n onsmaaklike hoeveelheid grammatika, behelsende woordontleding, sinsontleding, spelreëls, geslagreëls met soveel of soveel uitsonderinge op elke reël bestudeer." 1)

Tog het Hollands in hierdie tyd 'n belangriker plek as voorheen op skole ingeneem. Gebrek aan voorligting vir onderwysers was blykaaar verantwoordelik vir toestande soos wat in die omgang van Mosselbaai tot by Prins Albert aangetref is: „In country schools where Dutch is read, the use of reading books in advance of the pupils' intelligence is a common error. I have found pupils reading from Elffers' Leesboek No. V when a number III would have been more suited to their standard." 2)

Maar die tradisionele manier, nl. om vrae in 'n Hollandse vraestel in Engels te stel, is nog nie deur die eksaminatore van die Universiteit prysgegee nie. Weer pak die Sinode van die N.G. Kerk die vraagstuk aan en word onder andere die volgende besluit in 1897 aan die Universiteit gestuur: „As many regard it as a grievance that in our University Examinations the questions on all subjects are exclusively set in English, the Synod begs to propose to the University Council, that on such subjects as in many schools are taught in Dutch the questions be set in Dutch as well as in English, namely, in History and Geography of South Africa, General History and the Dutch language and literature." 3) Aan hierdie versoek is slegs gedeeltelik voldoen en die vrae is by voortduring na willekeur in Hollands of in Engels of in albei (in die geval van opstelonderwerpe) gestel.

In 1898 rapporteer Inspekteur Theron oor sy afdeling: „The study of Dutch is confined to reading and spelling in the majority of cases. In town or village schools ample provision is usually made for instruction in Dutch grammar and

duced by pupils are almost without exception much inferior to the English ones, translation into the more inflected language requiring a larger share of time and greater skill in teaching. Composition in the language is seldom attempted.[1]

(b) Die nuwe Hoërskoolleerplan. Intussen wy die S.G.O. in samewerking met die onderwysersvereniging hulle volle aandag aan die nuwe leerplan vir die hoërskool. Daar het soveel moeilikhede in die weg gestaan dat nouliks verwag kon word dat die werk spoedig afgehandel sou wees. In 1898 rapporteer die S.G.O. dat weer vordering met die saamstel van die besonderhede van 'n Hoërskoolleerplan gedurende die jaar gemaak is. „When this has been satisfactorily accomplished, it will then be possible to adopt such plans for the improvement of the teaching of the Higher subjects as have already been followed in the case of the Elementary subjects." 2)

Eindelik kon die S.G.O. in 1899 rapporteer dat die belangrikste administratiewe verandering van die jaar die herklassifikasie van die Publieke Skole van die Eerste Klas was en die afsondering van die bestes as Hoërskole met 'n gedetailleerde leerplan wat tot Matrikulasie lei. Hierdie stap het noodsaaklik geword omdat die Matrikulasieklasse van die belangriker Kolleges teruggetrek is en al hierdie werk dus na die skole verplaas is. 3)

Vyf-en-dertig skole het aan die gestelde vereistes voldoen, nl. hulle moet „the appearance of the permanent existence of a two-years' course beyond St. VII" hê. 4)

Voortgaande skryf die S.G.O. dat die besonderhede van die Hoërskoolleerplan gedurende die jaar tydelik in orde gebring is, en die pamflet wat die nuwe kursus bevat, is gepubliseer. Die belangrikheid van hierdie stap - die eerste in die rigting van die organisasie van sekondêre onderwys in die Kolonie - kan natuurlik nie op die oomblik bepaal word nie; dit ly egter geen twyfel nie dat dit 'n mylpaal in die

van belang vir opvoedkundiges in die algemeen omdat dit een van die eerste pogings in enige land is „to dove-tail the curriculum of the Elementary and Secondary Schools." 1)

In verband met die indeling in Hoërskool-standerds het die S.G.O. reeds in 1895 die voorgestelde prosedure uiteengesit: „De hoofdkenmerken van het plan onder discussie is (1) dat de vakken speciaal bestemd voor deze scholen begonnen moeten worden wanneer Standaard IV gepasseerd is; (2) dat één zoodanige vak . met het werk van Standaard V den Hooge School Standaard A zal vormen, dat 2 zoodanige vakken met het werk van Standaard VI Hooge School Standaard B zullen uitmaken; dat 3 zulke vakken met een gedeelte van het werk van Standaard VII Hooge School Standaard C zullen uitmaken en dat het werk voor Matriculatie Examen uitmaken zal Hooge School Standaard D; (3) dat er 2 mogelijke cursussen zullen zijn in Standaards A,B, C, een ingericht voor voorbereiding voor een Universiteits loopbaan, de andere, meer praktisch, bestemd voor leerlingen die als zij de school verlaten hun levenstaak beginnen." 2)

Die jaar 1900, met die oorlog in die Noorde in volle gang, het ook sy invloed op die skole van die Kolonie gehad deurdat die aantal skole met 61 verminder het. 3) Tog was die S.G.O. tevrede om te sien dat daar 'n toename in die aantal leerlinge was wat verder as die laerskool leer en hy merk daaroor op: „This is pleasing evidence of the attraction of the higher course of study for the pupils. Much progress may still be looked for in this direction as the advantages of a longer school life become better known." 4)

Die S.G.O. verstrek verder die volgende gegewens: „It is satisfactory to know that in the High Schools there are 1688 pupils - distributed over a four years' course - in training for the Matriculation Examination." 5) Die Kolleges het egter nog nie almal hul Matrikulasie-klasse prysgegee nie. Met betrekking tot die getal Matrikulasie-kandidate was die

toestand in die Kolleges soos volg:

	Sen. Matr.	Jun. Matr.
1899	145	23
1900	87	10. 1)

Onderstaande tabel dui die getal leerlinge op hoërskole en in verskillende klasse aan:

Std.	1899 (by benadering)	1900.
A	725	655
B	415	447
C	186	399
D	121	187
Totaal.	1447	1688 2)

Teen die jaar 1900 vind ons dan dat die stelsel wat 'n dertig jaar vroeër as 'n ideaal gestel was, ver gevorder het op die weg na voltooiing wat organisasie en leerplan betref - geen klein prestasie vir 'n klein en jong land nie. Dwarsdeur hierdie ontwikkeling en groei het die Matrikulasie-eksamen 'n leidende rol gespeel. Dit het uitgestaan soos 'n berg wat die doelpunt van die skole en die grenslyn van die Universiteit met sy verskillende Kolleges was.

(c) Die nuwe Eeu.

(i) Brief van onderwyser in 1900. Die volgende brief, deur 'n onderwyser met veertien jaar ondervinding geskryf, weerspieël die houding van sommige onderwysers teen die jaar 1900. Oor Hollands in ons skole skryf hy: „Again, the majority of Dutch scholars do not abhor the Dutch language. Those who do abhor it are the genuine Boers, who have been erroneously taught, by their parents and grand-parents, that the Colonial Dutch patois is a language. All my present pupils who take no interest in their Dutch lessons are Rechte Boeren..... Of course, I only allude to Hoog Hollandsch (High Dutch), as the Colonial Dutch patois possesses no backbone, and what is worse, could not be supplied with one." 3)

die Kolonie 236 skole wat Hollandse onderwys aan 8,150 kinders gegee het, dog in 1902 was daar slegs 154 skole wat aan 4,416 kinders Hollandse onderwys gegee het. 1) Die Engelse oorlog het dus doeglik die mate van onderwys in Hollands op die skole beïnvloed. Tog was daar geen stilstand nie. Die voorstanders van die vereenvoudigde spelling het steeds geywer om hierdie nuwe spellingstelsel erken te kry. In April 1903 vertrek prof. Viljoen na Nederland om met die taalouto-riteite aldaar in verbinding te tree. In 'n brief van prof. de Vos is die standpunt van die Taalbond ten opsigte van hierdie saak uiteengesit: „Wij willen geene nieuwe taal gaan scheppen, die den naam van Nederlandsch niet waardig zal zijn. Wij wenschen, dat ons nageslacht zich nog altijd zal kunnen bedienen van de literatuur van Nederland. Maar wij zijn verplicht rekening te houden met onzen volksaard en landsomstandigheden en ook met den sterken wedijver van de Engelsche taal hier te lande. Door al te conservatief te willen zijn en naar het onmogelijke te streven, zouden wij alleen op den duur des te meer schade lijden. Wij houden ook het oog op veranderingen en vereenvoudiging, die in Nederland zelf burgerrecht hebben verkregen en wenschen daarvan gebruik te maken, voor zoo ver zij ons van dienst kunnen zijn, en dienen daarin de ondersteuning te hebben van lichamen die op taalkundige gebied met gezag kunnen spreken." 2) (Sien bylaag C oor die Vereenvoudigde Spelling.) P xiii

Die spellingvereenvoudiging het werklikheid geword. Baie mense het spellingvereenvoudiging vir taalvereenvoudiging aangesien en hewige proteste is uitgelok. Desnieteenstaande het die nuwe spellingstelsel vinnig aanhangers gevind en het dit spoedig in die skool, die universiteit en in staatskantore ingang gevind. Die eksamens van die Taalbond het dit ook aangehelp; boeke is in die spelling oorgeskryf, nuwe skoolboeke is saamgestel, taalboeke is gemaak, en woorde-

bespeurbaar wat hoop vir die toekoms gegee het." 1)

In die Kolonie het egter 'n geweldige stryd tussen die bepleiters van die ou en die nuwe spelling losgebrand. 'n Verdere verdeeldheid het tussen Afrikaanssprekendes ontstaan deurdat die pleitbesorgers vir Afrikaans ook nou hulle stemme laat hoor het. 2) In Julie 1905 spreek prof. Viljoen hom uit oor Afrikaans in 'n lesing voor „Ons Spreekuur" van die Stellenbosse Studentevereniging: „Waar we nu voordelen gekregen hebben en groote moeilikheden uit de weg geruimd hebben, zouden we de band met Hollands verbreken...." As voorbeelde van sinne wat syns insiens van Afrikaans kan geld, haal hy o.a. die volgende aan: „My pens is dik gevreet," en wat Afrikaanse liedere betref, kon net genoem word: „Haai, haai, die witboskraai," „Vat jou goed en trek, Ferreira," en „Siembamba." 3)

(iii) Die Verslag oor die Hollandse Taal, 1906. Dat die Hollandse taal nog steeds weinig guns in die oë van die Universiteitsowerhede geniet het wat gevolglik groot ongenoeë by die publiek veroorsaak het, blyk uit die feitdat in 1906 'n rapport deur 'n Gekose Komitee oor die Hollandse taal uitgebring is. Hierdie Kom tee is ten gevolge van petisies van die A.C.V.V., die Afrikanerbond en Boerevereniging en die Suid-Afrikaanse Taalbond aangestel.

Die bevingings van die komitee word kortliks as volg saamgevat: „1. Uw Comité erkent dat in een twee-talig land het wenschelijk is dat er aanleiding gegeven worde tot het aanleeren door de twee rassen van elkanders taal want op deze wijze kan harmonie en een goede verstandhouding het best bevorderd worden en het is slechts alzoo dat het geluk en de voorspoed van de twee rassen verkregen kan worden." 4)

Verder bevind die komitee dat die bepalings van die Onderwyswet van 1865 ten opsigte van uitsluitlike Engels-medium-onderrig in 1882 deur 'n wet van die parlement nietig

verklaar is en dat in Pamflet no. 1. (Elementair School Cursus) van die Departement van Onderwys bepaal is dat skoliere Engels of Hollands as vak kon leer. Ingeval albei tale geleer word, hoef slegs die helfte van die Engelse en die helfte van die Hollandse leesboek voorberei word. Die komitee is daarvan oortuig dat dit 'n gesonde beginsel is en soveel moontlik gevolg moet word. 1)

Die verslag lui verder: „3. Uw Comité heeft een naauwkeurig onderzoek ingesteld naar de positie van de Hollandsche taal op de scholen, by de inspecties, in den Civielen Dienst en by de verschillende eksamens afgenomen door de Universiteit en het Departement van Onderwijs.... Het schijnt niet algemeen bekend te zijn wat de regels en regulaties zijn die de positie van de Hollandsche taal in Examens en Scholen regelen." 2)

„9. Ten slotte wenscht uw Comité aan te toonen dat door verstandige en sympathetische administratie veel gedaan kan worden - zonder op eenig deel van het volk een last te leggen - om behoorlijk te erkennen wat de positie van de Hollandsche taal in dit land is, welke taal de Hollandsch sprekende bevolking hoog waardeeren en liefhebben." 3)

Hierdie verslag is weinig konstruktief; dit bring werklik niks nuuts nie. Om die reedsbestaande goed te keur en aan te beveel, is nie van veel waarde nie. As die bestaande goed was, sou 'n gekose komitee nie nodig wees nie. Tog wil dit voorkom of die komitee nie misgetas het nie deur te beweer dat die regulasies ten opsigte van die Hollandse taal by eksamens en op skole nie algemeen bekend was nie. Die destydse S.G.O. was nooit simpatiekgesind teenoor die Hollandse taal nie, en dit kon verwag word dat hy nie daarop gesteld sou wees om dié regulasies gedurig in die Onderwysgaset te herhaal nie. Bowendien was Pamflet no. 5. (Hoërskoolkursusse) dikwels nie beskikbaar nie.

(iv) Die stryd tussen Afrikaans en Hollands ontbrand

rede „Is't ons Ernst?" Op 6 Maart 1905 deur Jan Hofmeyr op Stellenbosch uitgespreek. „Is 't ons Ernst?" vra die spreker. „Ernst met wat? Ernst met ons beweren, met het beweren van zo velen, - dat zij, dat wij, de miskenning, verguizing, minachting, vertrapping van onze Taal werkelik gevoelen, die betreuren, verlangen ònze Taal op te heffen, in eer te herstellen en al wat in òns vermogen is daartoe bij te dragen?"1)

In verband met die skole sê spreker: „Op de meeste wordt het (Hollands) volstrekt niet onderwezen, en op het gros van de scholen, waar het wel op de tijdtafel voorkomt, is het onderwijs daarin zo erbarmelik, dat niet één uit de tien leerlingen ooit in staat wordt 'n verstaanbaar briefje aan vader en moeder in eigen taal te schrijven." 2) En wat die posisie van Hollands by die openbare eksamens betref: „Voor elke eksamen is Engels onontbeerlik,voor geen eksamen is Hollands noodsaaklik - alleen met uitsondering van dat voor Hollandse tolken." 3)

Na aanleiding van hierdie toespraak skryf dr. Gustav Preller 'n reeks artikels onder die titel: „Laat 't ons toch ernst wezen," in „De Volkstem" van 19 April tot 14 Junie 1905. Onder andere skryf hy: „De voorstanders van 't Hollands zowel as van 't Engels hebben een min of meer vijandige houding aangenomen tegenover het Afrikaans en zonder hier tans in bizonderheden te treden, menen we buiten vrees voor tegenspraak te kunnen verklaren op grond van het bevolkingssyfer, waardoor de drie respektievelik gehandhaafd worden, dat 't Nederlands en 't Engels in Afrika een bijna even uitheems karakter dragen, en bijna evenmin kans op voortbestaan hebben. En toch wil men een van beide met alle geweld tot groeien en wasdom dwingen, en aangezien een taal een organiese ding is dat vanzelf groeit en leeft - en ook dood gaat waar ze niet kan leven - zal dit onnatuurlik proses nooit beantwoorden." Preller se leuse as oorgangsmaatreël lui: „Afrikaans

Teen hierdie agitasie vir Afrikaans maak prof. de Vos beswaar en vra dat die voorstanders van Afrikaans nie nou die vereenvoudigde spelling moes dood druk nie maar dit 'n kans gee. 1) Tog het hierdie nuwe spelling juis daartoe meegewerk om Afrikaans te bestendig.

Die argumente teen Afrikaans is kort en saaklik deur die Nienabers saamgevat: „Van algemene oorwegings soos om geen tweedrag te saai nie (Adv. Malan), om die kulturele bande met Nederland nie deur te knip nie (prof. Viljoen en andere), loop dit ook tot verkleinerings, soos Afrikaans is 'n kombuis- of Hotnotstaal, 'n patois, 'n dialek, dit is arm aan woorde en omdat dit sterk gedeflekteer is, het dit geen grammatika nie; dit is verder ongeskik om as voertuig vir die hoëre geesteslewe te dien; dit is ook slordig en onsekuur. Daarby sal dit die volk laat ontaard, aangesien dit nie Bybel- en literatuurtaal is en geen offisiële erkenning geniet nie. Terwyl die voorstanders van Afrikaans goedgesind staan teenoor Nederlands en daar steun soek, is die beplei-ters van Nederlands oor die algemeen teen Afrikaans, omdat dit hulle nog niks kan bied nie. Maar albei is dit eens, dat die Dietse element hier moet bestendig word." 2)

Op 1 en 2 Julie 1909 is op 'n taalkongres gehou te Bloemfontein besluit om die Suid-Afrikaanse Akademie vir Lettere en Kuns te stig. Hier het 'n mate van versoening tussen die twee taalpartye tot stand gekom. Een van die genome besluite lui dat aangesien daar geen end aan die taal-stryd kan kom voordat albei tale (Engels en Hollands) op ge-lyke voet gestel word nie; en aangesien Hollands deur meer as 50 persent van die blanke bevolking gepraat word; en aangesien die Universiteit van die Kaap die Goede Hoop nog steeds handel asof Engels die enigste offisiële taal van die land is en asof Hollands op gelyke voet met byvoorbeeld Frans of Sesoetoe gestel word; so verlang die Kongres „de volkomen gelijkstelling van beide genoemde talen als mediums bij de

notie te doen toekomen aan de Universiteits Raad." 1)

'n Ander beskrywingspunt van hierdie kongres lui: „3. „Die" en Het." Het Kongres spreke zich uit over de wenselikheid om spreektaal en schrijftaal in overeenstemming met elkander te brengen ten aanzien van het gebruik van de vorm „die" als bepalend lidwoord voor alle geslachten." 2)

Die outoriteite het die probleem van die erkenning van Afrikaans geheelenal genegeer maar as toëwig meer aandag aan Nederlands geskenk. In 1910 is die heer S.F.N. Gie, B.A., as aflossingsinspekteur en inspekteur van Hollands aangestel. Aan hom is ook die taak toevertrou om 'n „opklimmende leerplan" vir die onderrig in Hollands saam te stel. 3)

In hierdie jaar was daar 42 Hoërskole. 4) Middelbare onderwys het nog steeds met Standerd V begin. Sedert hierdie jaar is die vak Hollands in die Middelbare skool tot Hollandse Taal en Letterkunde verdoop net soos in die geval van Engels wat reeds baie jare dié naam dra. 5) Voorgeskrewe boeke is reeds sedert die bestaan van die Matrikulasie-eksamen vir eksamendoeleindes in Engels aangewend, maar nie in Hollands nie. Vanaf 1910 is boeke vir Skoolhoër wat nou Junior Sertifikaat geword het en vir Matrikulasie sowel as vir die pasingestelde Senior Sertifikaat voorgeskryf. Vir laasgenoemde twee eksamens is dieselfde boeke voorgeksryf. As gevolg van die toevoeging van voorgeskrewe boeke en die verdere gelykstelling van Hollands met Engels is die vak Hollandse Taal en Letterkunde genoem.

(v) Unie 1910 en die triomf van Nederlands. Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is die volgende bepaling in Artikel 137 van die Unie-wet neergelê: „Both the English and Dutch languages shall be official languages of the Union, and shall be treated on a footing of equality, and possess and enjoy equal freedom, rights and privileges." 6)

1) De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst.

En so is die beginsel van volle tweetaligheid eers met die totstandkoming van Unie wetlik opgelos. Albei tale het nou gelyke regte verkry. Die toepassing van hierdie beginsel in die praktyk sou in die daaropvolgende jare vollediger uitgewerk word.

Maar die Unie het ook op ander gebiede veranderings teweeg gebring. Onderwys, behalwe Hoër- en Tegniese onderwys, het voortaan 'n provinsiale saak geword sodat elke provinsie verantwoordelik gemaak is vir sy eie onderwysbelange.

Die inspekteur van Hollands rapporteer in sy eerste verslag oor die personeel in hoërskole. Hy skryf dat om die bevoegdhede van die onderwysers in Engels, Hollands en Geskiedenis te skat, nie so gemaklik is nie. Dit kan egter vermeld word dat 22 van die onderwysers in Engels universiteitsgegradueerdes is, terwyl van die onderwysers in Hollands 7 gegradueerd is, 13 in die intermediêre eksamen geslaag het, 5 die Matrikulasie-eksamen van die Kaapse Universiteit afgelê het, en drie besitters is van 'n staatsdiploma van Holland. Hierdie gegewens geld net vir 26 Hoër Jongenskole. In die Hoër Meisieskole is daar 'n laer persentasie gegradueerdes. 1)

Die S.G.O. was genoodsaak om voorsiening te maak vir 'n beter en vollediger eksamen in Hollands en daarom "werd van de post door een Aflossend Inspekteur gebruikt gemaakt door de aanstelling van Eerw. B.J. Haarhoff, Ph.D., die vroeger heel wat ondervinding in de Oranje Vrijstaat had opgedaan."2)

Wat die skole in 1911 betref, verstrek die S.G.O. die volgende besonderhede: Daar was 45 Hoërskole, 47 ander Eersteklasskole en 102 Tweedeklasskole. Die Tweedeklasskole het leerlinge tot Standerd VII opgeleï. 3) Twee Inspekteurs was met die inspeksie van Opleidingskolleges en Hoërskole belas. 4) In die vier hoërskoolstanderds was daar gedurende 1910 en 1911 respektiewelik 4,842 en 5,345 leerlinge. 5)

Universiteit en nemen als hul vakken doorgaans Engels, Hollands, Latijn, Geschiedenis, Wiskunde, Natuurkunde en Scheikunde of Plantkunde (in't geval van meisjes." 1)

In die opleidingskole is ook meer aandag aan lees en stelwerk gegee. In verband met leeslesse is daar sedert enige tyd noulettend op noukeurigheid van uitspraak ag gegee; in verband met oordeelkundige opvatting word die kragtigste pogings in die werk gestel deur verskillende middele; deur gebruik van die omgangstaal waar nodig, deur middel van sketse en modelle, selfs van dramatiese voorstelling om te verseker dat kinders grondig begryp wat hulle lees. In die onderwys van stelwerk word in die eerste lesse afwisseling in die mondelinge werk veral in die oog gehou. Die skrywe van briewe word in die meeste sentrums goed onderwys. 2)

(vi) Die Taalordonnansie van 1911. Gebeurtenisse het mekaar snel opgevolg. In dieselfde jaar verskyn die Taalordonnansie wat onder andere die volgende bepaal: "2. „Taal" opgevat als te doelen op de Engelse of de Hollandse taal of op beide die talen, naar de samenhang vereist, maar op geen andere taal." 3) Verder word bepaal dat moedertaalonderwys tot die vierde standerd verpligtend word. In hoër standerds mag die ouers een of beide tale as voertaal kies. 4)

Oor die tale as vakke word neergelê: „Toereikende voorziening wordt gemaakt voor het onderwijzen van beide talen aan ieder leerling in elke standaard boven de vierde standaard in een openbare school, en een ouder van zulk een leerling is gerechtigd als vak of vakken van onderwijs voor zulk een leerling een van beide of beide talen te kiezen. Met dien verstande dat, waar geen keuze door de ouder gedaan wordt, de leerling die taal van de twee geleerd wordt, die hij het best kent en begrijpt, en de andere taal, zoover als toepasselik." 5)

1) Rapport van S.G.O., 1910. p. 12. 2) Rapport van S.G.O. 1911. p.20. 3) De Onderwijs (Taal) ordonnantie, 1911. Kennisgeving (475), pl. 4) Ibid. p. 1. 5) Ibid. p. 2.

In verband met die taalbevoegdhede van onderwysers is van hulle verwag om 'n sertifikaat met eën taal op 'n hoër en 'n ander op 'n laer graad, skriftelik en mondeling, te besit. 1) Dit wil dus voorkom asof die Onderwysdepartement eindelik deur wetgewing daartoe gedwing is om behoorlike aandag aan die onderwys van Hollands te gee. As onderwysers nie bekwaam is om 'n taal te onderrig nie baat dit nie om voorskrifte in verband met leerkursusse saam te stel nie. Hervorming moet van bo-af kom: eers die onderwyser bekwaam en bevoegd maak en dan alleen kan verwag word om goeie uitslae by die leerling te sien.

Hierdie Taalordonnansie is van baie groot belang. Die bepalings hierin vervat maak vir goed 'n einde aan die ou stelsel waarvolgens dit toelaatbaar was dat die kind deur middel van 'n taal onderrig word wat nie sy moedertaal was nie. Die beginsel wat nou gevolg word, is: leer die kind die taal wat hy die beste begryp en die ander taal sover as wat nodig is. Vroeër was dit andersom: leer die kind die taal wat hy glad nie ken nie en gebruik die ander taal as 'n medium om die doel te dien. 'n Lang end pad is afgelê om hierdie stadium te kon bereik.

(vii) Verslag van die Onderwyskommissie van 1912. In 1910 is 'n onderwyskommissie aangestel om rapport oor onderwystoestande te lewer en aanbevelings te doen. Die verslag verskyn in 1912. Die Kommissie se aanbevelings in verband met Hoërskoolonderwys het onuitvoerbaar geblyk. „Wij bevelen aan, dat de leerlingen in de Hogere Schoolkursus geklassificeerd worden overeenkomstig bekwaamheid in ieder vak, zodra scholen en onderwijzend personeel groot genoeg zijn om dit mogelik te maken; dat specialisatie in verschillende richtingen (Klassieke Talen, Wiskunde, Natuurwetenschap, Moderne Talen, enz.) mogelik gemaakt worde: dat wanneer dit mogelik gemaakt is, leerlingen aangemoedigd worden twee jaren te ver-

van verschillende kursussen (klassieke, wetenschappelike, kommerciële, enz.); en dat de Code suggesties voor zodanige kursussen zal formuleren." 1)

Hierdie omlynde ideaal bly tot op die huidige dag nog steeds 'n ideaal weens die gebrek aan 'n voldoende groot personeel en die geringe aantal leerlinge veral in platteland se hoërskole, wat dit onmoontlik maak om spesialisasie in enige rigting aan te moedig en selfs om kommersiële vakke in te voer.

Die Kommissie erken dan ook dat sy aanbevelings revolusionêr van aard is: „Met betrekking tot bovengenoemde aanbevelingen wensen wij te zeggen, dat wij het feit erkennen, dat zij van ingrijpende aard zijn en een volkomen omkering in ons stelsel van Sekondair Onderwijs meebrengen, en dat de samenwerking van de Universiteit verzocht zal moeten worden." 2)

Om die herhaalde voorkoms van onkundigheid aangaande regulasies ten opsigte van die onderwys iets van die verlede te maak, beveel die Kommissie aan dat 'n Kode offisieel gepubliseer word wat die vereistes van die administrasie ten opsigte van die kursus van onderrig in elementêre sowel as in sekondêre skole en klasse moet bevat; dat die Kode jaarliks gepubliseer moet word met 'n voorrede wat die aandag op punte vestig wat besondere aandag verdien, en dat eksemplare aan alle skoolrade en onderwysers gestuur moet word; daarby of afsonderlik moet ook 'n verklaring versprei word wat die metodes vir die verskillende vakke aandui wat die administrasie as die beste beskou. Indien nodig moet hierdie metodes deur modelle van leerplanne en roosters van les-ure vergesel wees..... Die vakke van onderrig in die sekondêre kursusse behoort te wees: die Bybel, drie tale (met inagneming van die feit dat ten minste één van die offisiële tale geneem moet word en dat studente in natuurwetenskap nie meer as twee tale hoef te neem nie),..... In die sekondêre

en die administrasie behoort gedurig by die onderwysers deur middel van die Kode, die onderwyskoerant en die inspekteurs daarop aan te dring om skemas van onderrig te formuleer, veral vir sekondêre onderwys, geskik vir hulle omgewing en vir die verskillende toestande en bekwaamhede van die kinders. 1)

Hierdie aanbevelings is in die „Onderwijs Ordonnantie" van 1912 op bladsy 281 11b en 13 opgeneem.

Opmerklik is weer die feit dat die Kommissie nie albei offisiële tale as verpligtend aanbeveel nie; hulle dring net aan op „ten minste één van de officiële talen." 2) Hierdie uitsluiting van een van die offisiële tale sou nog baie ontevredenheid veroorsaak. Tog is die aanbevelings ten opsigte van die herhaalde bekendmaking van regulasies in verband met skoolvakke van groot waarde. Maar wat die leermetodes betref: hoewel die S.G.O. in 1912 'n poging in dié rigting in verband met die laerskool aangewend het, het pogings in belang van die hoërskool agterweë gebly; trouens, dit is geen gemakliko taak om 'n algemene en aanneemlike vasgelegde metode van onderrig vas te stel nie: metode wissel van onderwyser tot onderwyser. In hierdie verband kan slegs algemene beginsels aanbeveel word.

(viii) Veranderings in die Onderwys. In 1912 maak die S.G.O. bekend dat vanaf 1912 'n vyfde jaar aan die hoërskoolkursus toegevoeg is sodat die hoërskoolstandards voortaan A, B, C, D en E sou heet. „Een aanzienlike mate van vrijheid is veroorloofd in de keuze van talen. De grote meerderheid van leerlingen neemt de volgende onderwerpen: Engels, Hollands, Latijn, Geschiedenis, Aardrijkskunde, Wiskunde, Natuurkunde, Tekenen, Houtbewerking of Naaldwerk." 3)

Die S.G.O. maak in sy oorsig melding van die feit dat in die loop van die laaste agt jare die organisasie van die onderwys byna geheel hervorm is. Vantevore was die stelsel van klasonderwysers in algemene gebruik. Tans is die stelsel

deur 'n organisasie vervang waarin die vakke van onderrig deur dié onderwysers waargeneem word wat as spesialiteite in die vakke beskou word. In die reël is een onderwyser met twee vakke belas soos byvoorbeeld Engels en Latyn, of Hollands en Geskiedenis, of Wiskunde en natuurwetenskap. Die uitwerking van hierdie verandering was dat die kwaliteit van die onderwys aansienlik verbeter is. 1)

Verder verklaar die S.G.O. dat een les van driekwart uur of 'n uur per dag in alle tale gegee word; dit is beter as langer lesse met groter tussenposes. 2)

Volgens die opinie van die Departement behoort 'n deeglike grammatikale sinsontleding die basis van taalonderwys te vorm en daarom is by die studie van Hollands "een groot deel van het onderricht erop gericht om grammatikale korrektheid in te prenten." 3) Dit is noodsaaklik, vervolg die S.G.O., omdat Hoog-Hollands 'n buigsame taal is, terwyl die gewone Kaapse Hollands sy verbuigings verloor het netsoos in die geval van Engels. 'n Paar jaar gelede het die Universiteitsraad aan kandidate verlof verleen om van die vereenvoudigings in die grammatika gebruik te maak. Van hierdie verlof is oor die algemeen gebruik gemaak en dit het die onderwys van Hollands op skool heelwat vereenvoudig. Hoewel die leerlinge leer om Hollands grammatikaal korrek te praat en te skryf, reserveer hulle hierdie kennis slegs vir gebruik by formele geleenthede en in hul gewone gesprekke gaan hulle voort om hul van die bekende taaleie te bedien. 4)

(ix) Die Matrikulasie-eksamen van 1913. Oor hierdie eksamen lewer inspekteur Russell skerp kritiek omdat so baie kandidate daarin gedruip het. (Sien paragraaf oor Eksamens). Die kritiek het wel invloed gehad want in 1914 slaag 55.3 persent (54.2 persent?) teenoor 43.5 persent in 1913. Met verwysing na die eksamen van 1913 maak die S.G.O. melding van die "serious decline in the percentage passes." Maar, this

year for some reason there is a sudden trend in the opposite direction as regards the latter point. The following comparative statement of the entries and passes for the whole of South Africa for the last six years, and especially of the percentages of success, calls for careful consideration. The fluctuations shown are too wide to be considered satisfactory:-

Year.	Entries.	Passes.	Percentage.
1909	1542	892	57.7
1910	1640	650	39.6
1911	1902	1117	58.7
1912	1680	923	54.9
1913	1317	574	43.5
1914	1410	780	55.3 1)

Hierdie variasie is taamlik ewerodig en eenvormig onder die vier provinsies versprei sodat skommelinge in die persentasie suksesse nie aan toestande wat in enige besondere provinsie heers, toegeskrywe kan word nie. 2)

(x) Afrikaans op skool in 1914. In hierdie jaar pleit C.J. Langenhoven vir die toepassing van Afrikaans op skool en vir die samestelling van Afrikaanse skoolboekies. Op 28 April 1914 dien Langenhoven sy voorstel in die Provinsiale Raad in. „In sy afgewaterde vorm het die mosie heel onskuldig gelyk en is eenparig aangeneem. Dit beveel die gebruik van Afrikaans aan as voertaal in die laerskole tot en met die vierde standaard, waar volgens wet Nederlands die voertaal is; maar indien die betrokke skoolkomitee teen seker Afrikaanse leesboeke in 'n skool beswaar maak, moet sulke boeke nie toegelaat word nie." 3)

Langenhoven self skryf soos volg oor sy mosie: "Wat die algemene volk betref, het die besluit van die Provinsiale Raad geen opskudding veroorsaak nie. Die akker was voorberei geword, gereed om die saad te ontvang. Onderwysers was daar

1. Report of the S.G.E., 1914. p. 18. 2) Ibid., p. 18.

oral wat gretig was om van die nuwe voorreg gebruik te maak, maar hulle gesag, die departement en sy staf, klerke en inspekteurs, was op weinig uitsonderings ná, erger as onsimpatiek." 1)

Tomidde van die opkoms en erkenning van Afrikaans en woelinge op onderwysgebied, tree dr. Muir in 1915 af. Van hom skryf dr. P.S. du Toit onder andere: „Ongelukkig was sy onsimpatieke houding teenoor Afrikaans 'n oorsaak dat hy nie altyd die juiste waardering vir sy werk gekry het wat dit verdien het nie." 2)

(d) Besluit. Dit het byna 'n eeu geduur om Hollands sy regmatige plek op skool te laat herwin. Die negentiende eeu was die eeu van verengelsing. Pogings wat teen die end van die eeu aangewend is om die regte van Hollands te verseker, het weinig vrugte afgewerp. Eers met die totstandkoming van Unie is Hollands op gelyke voet met Engels gestel volgens wet, maar nie in die praktyk nie.

Die periode word gekenmerk as die tydperk van die triomf van Hollands. Maar in hierdie triomf het ook sy ondergang opgesluit gelê. Sedert 1905 het die eise van die voorstanders van Afrikaans al dringender geword. Taalgenootskappe en -verenigings het ywerig die Afrikaanse saak gepropageer, totdat advokaat Langenhoven met sukses sy voorstel in die Provinsiale Raad in 1914 geloods het, en Afrikaanse moedertaalonderwys tot Standerd IV werklikheid geword het.

Nederlands bly egter nog die eksamenvak van die Universiteits-eksamens, en vir nog 'n aantal jare sou dit sy onbetwisbare reg in hierdie eksamens handhaaf - 'n reg wat byna 'n eeu vir hom ontsê was.

2. DIE LEERPLAN, 1892 - 1915.

(a) Die „School Elementary." In 1893 gee die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop kennis dat in en na 1894 die

language, including in either case writing passages from dictation, parsing of words, etymology and composition." 1) Hierop vorvolg die kennisgewing: „In addition to the above subjects it shall be optional for any candidate to be examined in any one of the following subjects viz. Dutch (if he has taken English as a compulsory subject), English (if he has taken Dutch as a compulsory subject), French, German, Sesuto, Kafir and Elementary Science." 2)

Maar indien Hollands of Engels as opsionele vakke gekies word, sou die maksimum punte wat daaraan toegeken word 25 persent minder wees as wat aan hierdie vakke toegeken sou word as hulle as verpligtende vakke gekies word. Aan die ander opsionele vakke sou 25 persent minder toegeken word as aan Engels of Hollands as opsionele vakke. 3)

Die „Handleiding voor het Onderwijs" van 1894 bevat onder andere die volgende vereistes in verband met beide tale, Engels of Hollands of albei:

Skryf- en Spellingstandaarde.

Std. VI. Om op papier 30 woorde diktee gekies uit die leesboek te skryf. Om huiswerkboeke te toon.

Std. VII. Om op papier 30 woorde diktee gekies uit 'n werk van 'n welbekende moderne skrywer te skryf. Om huiswerkboeke te toon. 4)

Grammatika-standaarde.

Std. VI. Om 'n saamgestelde sin in prosa wat tenminste twee ondergeskikte bysinne bevat een waarvan ondergeskik aan die ander mag wees, te ontleed, en om die woorde daarin te ontleed. Om taalfoute in 'n gelyksoortige sin te verbeter. Om die betekenisse en gebruik van die vernaamste voor- en agtervoegsels aan te dui.

Std. VII. Sinsontleding en woordontleding; die reëls van sinsleer; die korreksie van taalfoute; woordvorming van die gewone en meer belangrike stamme. 5)

1) Cape of Good Hope. University Calendar, 1892 - 3.p.cxxvIII

Opstelstandaarde.

Std. VI. Om bekende en natuurlike voorwerpe te beskrywe, of om 'n sakebrief waarvan die algemene strekking aangegee word, te skryf.

Std. VII. Om 'n opstel van ongeveer 30 reëls oor een van drie gegewe onderwerpe te skryf. 1)

Standaarde vir Lees en Voordrag.

Std. VI. Vloeiend en met verstand uit 'n leesboek vir die standerd lees, of van 'n samespraak in prosa van enige welbekende skrywer. Die voordra van 80 versreëls met kennis van betekenis en sinspeling.

Std. VII. Vloeiend en met verstand 'n samespraak in rymlose verse van enige welbekende skrywer lees. Die voordra van 100 versreëls van 'n bekende toneeldigter, met kennis van betekenis en sinspelings. „Buiten het gewone Leesboek voor elken Standaard zal een speciaal Leesboek, b.v. over Aardrijkskunde, Geschiedenis, of Wetenschap, zeer nuttig bevonden worden. De exemplaren behoeven niet aan de leerlingen te behooren, maar kunnen eigendom der school zijn." 2)

Hierop volg 'n aantekening in verband met die standaarde in alle vakke: „Leerlingen kunnen hun Standaards of in Engelsch of in Hollandsch doorgaan. Nemen zij beide talen, dan behoeft slechts de helft van het Engelsche en de helft van het Hollandsche Leesboek bestudeerd te worden." 3)

Hierdie leerplanne was vir onderwysers van baie waarde. Dit was die eerste keer dat 'n duidelik omlynde leerplan saamgestel is - iets waaraan in die vorige jare groot behoefte bestaan het; en dit strek dr. Muir tot eer dat hy in hierdie opsig soveel vir die bevordering en verbetering van die onderwys tot stand gebring het.

Vir Hoërskool Standerd B is in 1899 onder andere die volgende kursus deur die Departement voorgeskryf:

„Modern Language: An ordinary second year's course in

lar to Macmillan's Second Year's course in French, for example, will indicate the range of examination)" 1)

In 1902 sien die Universiteitsleerplan in Hollands vir die Skool Elementêr as volg daaruit: „10. Dutch (Two papers). First Paper - Composition and Dictation. (One hour). For the composition, candidates will be required to write an essay or letter, in Dutch, of about thirty lines in length, on one of three given subjects. Not more than forty minutes will be allowed for this exercise. Second Paper. - Grammar and Translation. (Two hours). Elementary accidence, parsing and analysis, correction of grammatical errors, and easy exercises in translation from and into English." 2)

In 1906 is die laaste Skool-elementêre Eksamen afgelê. Gedurende sy jarelange bestaan het hierdie eksamen tot 'n baie groot mate die leerplan van die laerskole beïnvloed. Dit was die eerste openbare eksterne eksamen na die laerskoolstanderds. Die outoriteite het later egter gevoel dat hierdie eksamen oorbodig was aangesien die Skoolhoër-eksamen beter aan die gestelde doel beantwoord het. Leerlinge wat die skool na Standerd VI wou verlaat, het 'n Publieke Skoolsertifikaat ontvang.

Die S.G.O. het egter in 1911 wenke aan die hand gedoen om in die standerds 'n doeglike grondslag gelê te kry voordat leerlinge die Skoolhoër-eksamen aflê. So skryf hy: „Ten einde het leeren van Hollandsch te helpen stelselmatig maken en dus degelijkheid daarin te verkrijgen, is het volgende leerplan als leidraad voor onderwijzers opgesteld." 3) In verband met stelwerk word, behalwe opstel en brief in Std. VI en VII ook eenvoudige vertaling aanbevoel. 4)

Vir Standerd VI word vir Grammatika aanbevoel: „Ontleding van samengestelde zinnen met een bijzin. Eenvoudige woordontleding (delen van werkwoorden niet inbegrepen). Woordsoorten meer volledig; praktiese verbuiging van zelf-

woorden en vervoeging van regelmatige werkwoorden (zonder aanvoegende wijs). 't Gebruik van bijvoeglike naamwoorden met en zonder -e." 1)

Vir Standerd VII word vir Grammatika aanbeveel: "Woord- en zinsontleding. Gewone regels meer volledig met uitsonderingen: de en het, meervoud, trappen van vergelijking, onregelmatige, samengestelde, onpersoonlike en terugwerkende werkwoorden, hebben en zijn in 't perfektum, de aanvoegende wijs. Oefening in 't korrekte gebruik der tijden. Gebruik der voorzetsels en voegwoorden." 2)

In die skoolkursus vir 1913 skryf die S.G.O. die volgende vir Standerd VII in Hollands en Engels voor: "Lezen - Vloeiend en met begrip een samenspraak in rijmloze verzen uit enig standaardwerk te lezen. Recitatie - Honderd regels uit een dramaties standaardwerk reciteren en de betekenis en zin ervan verstaan.

Schrijven en Spellen - Een doorlopend stuk proza van acht uit het in gebruik zijnde leesboek voorgezegde regels, met de juiste leestekens op papier te schrijven en twintig andere woorden gekozen uit een werk van een welbekende moderne schrijver. De huiswerkboeken laten zien.

Grammatika - Zins- en woordontleding, regels van de woordschikking, verbetering van grammatikale fouten, woordvorming van de gewone en meer belangrijke wortelwoorden.

Stellen - Een opstel van ongeveer 30 regels over een van drie gegeven onderwerpen schrijven." 3)

Eindelik is dus die toestand bereik waar lees, voordrag en opstel behoorlike aandag begin geniet.

(b) Skoolhoër/Junior Sertifikaat. Teen 1900 was Hollands nog steeds 'n keusevak en opsioneel ook in die Skoolhoëreksamen. Een-vyfde van die maksimum punte was die vasgestelde minimum om te slaag. Die keuse het tussen Hollands, Frans, Duits, Kaffer of Sesoetoe gelê. "This paper will contain passages for translation into English and English phrases

and sentences for translation into the language chosen; and also grammatical questions." 1)

In 1900 is egter enkele wysigings in die indeling sowel as die inhoud van die leerplan aangebring. Die volledige leerplan in Hollands bevat sedertdien die volgende: „ Section 1. - Accidence, simple syntax, parsing and analysis of sentences. Section 2. - Translation into English of (a) some detached sentences, (b) a continuous passage or passages. (In the case of Dutch the candidates may be required to write a short composition in Dutch). Section 3. - Translation from English of (a) some detached sentences. (b) a simple continuous prose passage. (In sections 2 and 3 the translation of words will be given where the Examiner considers it necessary.)" 2)

In 1909 is besluit om die naam van hierdie eksamen te verander tot die Universiteits Junior Sertifikaat-eksamen en 'n nuwe leerplan vir 1910 word bekend gemaak: „8. Dutch. Section A - Accidence and simple syntax. Section B - Translation (a) from and (b) into English of detached and continuous passages. Section C - Easy original composition. Section D. - Questions on a prescribed work to test the candidate's acquaintance with its matter. (The questions will be set both in English and in Dutch, and either language may be used in answering them)."3) (Vir lys van voorgeskrewe boeke sien Bylaag A, p.vii).

Die punte vir elke afdeling word ook aangegee, nl.: Afdeling A - 75, Afdeling B(a) 75 (b) 50, C - 50, D - 50. Totaal 300. Om te slaag, is 25 persent van die totaal vereis.4)

In 1911 word 'n nuwe skema in werking gestel. Voortaan sou in Hollands twee vraestelle gestel word. Die keuse is nou tussen Engels en Hollands onder Groep een en Engels en Hollands en ander tale onder Groep twee indien nie onder Groep een genoem nie. „All papers to be answered in English will be printed in English, and those to be answered in Dutch,

Die leerplan vir Engels en Hollands onder Groep een sou as volg lui: „First Paper (Two hours). Section A - Questions on the matter of prescribed books and paraphrasing. Section B - Dictation. Second Paper. (Two hours). Composition - (a) An essay; (b) two letters, one in reply to the other - a choice of subjects to be offered. Analysis. Correction of sentences, testing knowledge of accidence, syntax, and the proper use of words. The making of sentences illustrating the use of specific words." 1) Aangesien Hollands nou op gelyke voet met Engels gestel is ten gevolge van Artikel 137 van die Unie-grondwet hoef ons nie verder aandag aan Hollands onder Groep twee te skenk nie daar dit as tweede taal beskou kan word.

Die verdeling van punte onder die verskillende afdelings was as volg: Eerste Vraestel. Afdeling A 175; Afdeling B. 30. Tweede Vraestel. Opstel 120, Grammatika, ens. 75. Totaal 400, met 'n minimum van 120, dit wil sê 30 persent om te slaag. 2) „N.B. In assigning marks the Examiners will take into account <u>style in answering</u> (spelling, composition, neatness, etc.)" 3)

Hierdie leerplan het gedurende die daaropvolgende jare in hoofsaak onveranderd gebly.

(c) <u>Matrikulasie</u>. In 1898 word die hiervolgende regulasies van krag: Die opsionele keuse-vakke bly nog steeds Hollands, Frans, Duits, Kaffer en Sesoetoe. „16. The paper in any one of these languages will be divided into three parts, each part having the same number of marks assigned to it, and requiring about the same time for answering, viz.:

Part 1. - Accidence, Simple Syntax, Parsing, and Analysis of sentences.

Part 2. - Translation into English of (a) some detached sentences, (b) a continuous passage or passages.

Part 3. - Translation from English of (a) some detached sen-

In parts 2 and 3 the translation of words will be given where the examiner considers it necessary." 1) Daarna volg hierdie opmerking: „N.B. Ten per cent of the marks in each of the above subjects will be set apart for style in answering (spelling, composition, arrangement, neatness, etc.)" 2)

In 1899 verskyn die Departementele leerplan van die Hoërskoolkursusse. Vir Hoërskool Standerd D is onder andere die volgende voorgeskryf: „Modern Languages: Writing to Dictation. Recitation of 30 lines of modern poetry with knowledge of allusions. Accidence, Simple Syntax, Parsing and Analysis of Sentences. Translating into English and from English detached sentences and continuous prose passages."3)

Behalwe ten opsigte van voordrag en diktee bied hierdie Departementele leerplan niks nuuts nie; trouens, die leerplan van die Universiteit is duideliker omlyn en verskaf meer besonderhede as dié van die Departement. Bowendien moes kandidate hul tog onderwerp aan Universiteitsvoorskrifte, sodat die Departementele leerplanne waaraan so lank gewerk is, byna nutteloos was.

In 1909 sien die Matrikulasie-leerplan in Hollands as volg daaruit: Die keuse-vakke omvat die volgende: Hollands, Frans, Duits, Kaffer, Sesoetoe, Sechuana.

„Section A - Accidence and simple syntax.
Section B - Translation into English of (a) some detached sentences, (b) a continuous passage or passages.
Section C. - Translation from English of (a) some detached sentences, (b) a simple continuous prose passage.
Section D - Composition." 4)

Die punteverdeling was as volg: Afdeling A 60, Afdeling B 60, Afdeling C 90 en Afdeling D 90. Totaal 300. 5)

In 1910 twee gewysigde regulasies in werking:

„3 (6. The syllabus in Dutch will be as follows:-
Section A - Accidence and simple syntax.

Section C - Easy original composition.
Section D - Questions on a prescribed work to test the candidate's acquaintance with its matter. (The questions will be set both in English and Dutch, and either language may be used in answering them." 1) (Sien Bylaag A, p.i)

Die punteverdeling was as volg: Afdeling A 75, Afdeling B 125 (nl. 75 vir vertaling uit Engels en 50 vir vertaling in Engels), Afdeling C - 50, Afdeling D - 50. Totaal 300. 2) Al die bogenoemde geld ook vir Senior Sertifikaat.

Hollands het nog nie volkome gelykheid met Engels in die Matrikulasie-eksamen geniet nie: In Engels was die maksimum punte 400 terwyl Hollands slegs 300 getel het. In 1912 tree dus gewysigde regulasies in werking: „3. The subjects of examination will be as follows:- (a) English (two papers), or Dutch (two papers)" en een van agt tale waaronder ook Engels en Hollands indien nie onder (a) geneem nie. 3)

Die leerplan vir Engels en Hollands as vak (a) sou die volgende omvat:
„First Paper - Questions on two prescribed works, or portions of works, one in prose, and the other in verse.
Second Paper - Section A - An essay on one of four given subjects, two of which will have reference to prescribed books. The essay must occupy not less than two and not more than three pages of the answer book. A letter, or two letters, one in reply to the other; one of three suggested subjects to be taken.
(Marks will be assigned to spelling and punctuation, as tested by the essay and letter.)
Section B - Correction of sentences and of errors in a continuous prose passage. The making of sentences illustrating the use of specified words, including synonyms. Paraphrasing of two passages, the one in verse, and the other in prose. Analysis. Other questions testing the ability of the candidate to use the language correctly." 4)

Die punteverdeling was as volg: Eerste vraestel 170; Tweede Vraestel: Afdeling A 160, Afdeling B 70. Die vasgestelde minimum vir Afdeling A was 56, dit is 35 persent. Opstel 135 en punktuasie 25. Die totale getal punte was 400. Nou eers is Hollands op gelyke voet met Engels gestel. Vanaf 1913 word die twee tale onder Groep een Engels A en Hollands A genoem en onder Groep twee Engels B en Hollands B. As 'n taal A geneem word mag nie dieselfde taal B geneem word nie.1)

In die jaarboek van die Universiteit vir 1914 - 1915 word die volgende kennisgewing in verband met die tweede vraestel Afdeling A ten opsigte van die verwysing na voorgeskrewe boeke geplaas: „The subjects are not intended to take the form of direct questions on the books; but the books are to be regarded as furnishing material which may te utilised by the candidate in writing the essay." 2)

In 1913 is 'n „Memoranda on Curricula of Public Schools in the Cape Province" vir die Imperiale Onvoedingskonferensie saamgestel. Die deel wat oor leerplanne handel, is egter uit die rapport van die S.G.O. oor die jaar 1912 geneem. Nadat melding gemaak is van die feit dat „bij de studie van Hollands is een groot deel van het onderricht erop gericht om grammatikale korrektheid in te prenten," 3) en dat leerlinge hulle kennis van die Hollandse taal vir formele geleenthede reserveer maar gewoonlik hulle eie bekende taaleie gebruik, 4) lui dit verder: „Een algemene gewoonte bij het onderwijs in taal in de Kaapsche Hoger Scholen verdient aantekening daar deze gewoonte door het Engelse Onderwijs Departement is veroordeeld, n.l.: de gewoonte om gelijktijdig in de klasse te lezen, hetgeen voor een groot deel, niet geheel en al, de plaats inneemt van het individueel lezen, zelfs in onze hogere standaarden. Gelijktijdig lezen is in onze scholen een noodzakelikheid bevonden als al de leerlingen in een grote klasse behoorlik oefening zullen ontvangen in het spreken van

leerling om het oog of het oor aan de woorden te gewennen, doch hij moet een duidelik spierbeeld van een woord hebben, alvorens gezegd kon worden dat hij het kent, en dit wordt verkregen door herhaalde uitspraak van het woord, in behoorlik verband gebruikt. Bovendien is het heel wel mogelik om gezamenlik goed te lezen als maar goede nadruk gelegd wordt op het juist samenstellen van de volzin." 1)

(d) Besluit. Hoewel die Elementêre eksamen in 1906 afgeskaf is, is nogtans in 1910 'n nuwe eksamen ingestel, nl. die Senior Sertifikaat-eksamen met die doel om die strenge eise van die Matrikulasie-eksamen vry te spring, sodat daar teen 1915 drie eksamens in die Hoërskool afgeneem is, nl. die Universiteits Junior Sertifikaat-eksamen, die Matrikulasie-eksamen en die Senior Sertifikaat-eksamen.

Ooglopend is die feit dat vanaf die tyd dat dr. Muir S.G.O. geword het, baie meer aandag aan mondelinge werk, veral aan lees en voordrag, gegee is. Ook is in hierdie tyd pogings aangewend om die leerplanne in Engels en Hollands gelyk te maak, maar in die Hoërskool het hierdie ideaal eers na die totstandkoming van Unie verwesenlik geword. Na jarelange stryd het Hollands eindelik sy regmatige en wettige plek ingeneem om opnuut die stryd om behoud teen 'n nuwe mededinger, nl. Afrikaans aan te bind.

Die leerplanne in Hollands in hierdie periode toon 'n sterker neiging tot duideliker en beter omskrywing van vereistes as wat voorheen die geval was. Boonop begin die lang verwaarloosde en tog so noodsaaklike opstel-onderwerpe en briewe hul regmatige plekke in alle eksamens inneem.

Vertalings bly in die begin van die periode 'n ereplek beklee hoewel die neiging al meer en meer posgevat het om die klem op vertalings in Hollands te laat val, waar vroeër die vertalings in Engels sterk beklemtoon was. Gaandeweg is vertalings van gedigte by eksamens uitgesluit.

plek by eksamens inneem.

In 1910 toe Hollands nie meer onder die moderne taalgroep gereken is nie maar met Engels op gelyke voet as offisiële landstale gestel is, is vir die eerste keer ook boeke vir Hollands voorgeskryf net soos in die geval van Engels wat hierdie voorreg reeds sedert die instelling van die Matrikulasie-eksamen geniet het.

Sedertdien is die verpligte vakke óf Engels óf Hollands. Die taal wat nie as hooftaal gekies word nie kan as 'n opsionele vak geneem word ongeveer soos vandag met 'n taal B die geval is. Vanaf 1913 word die hooftale dan ook Engels A en Hollands A genoem en dié onder Groep twee Engels B en Hollands B.

Na jarelange stryd het die Universiteit eindelik besluit om vraestelle in Hollands in dieselfde taal te stel. Ook is van kandidate vereis om die vrae in Hollands in daardie taal te beantwoord en nie in albei tale soos voor 1910 die geval was nie.

Die uitgerekte stryd om die erkenning van Hollands loop dus uit op 'n oorwinning vir die Hollandse taal wat in groot mate aan die wetgewing by die totstandkoming van Unie in 1910 toegeskryf moet word. Die groter saamhorigheid van die bevolking van die vier provinsies het vir hulle in hierdie opsig die regte verkry waarvoor hulle vroeër tevergeefs provinsiaal geagiteer het.

3. DIE LEERBOEK, 1892 - 1915.

(a) Algemeen. Gedurende hierdie tydperk verskyn so 'n menigte taal- en leesboeke dat dit uit die aard van die saak onwenslik en ondoenlik lyk om alle skoolboeke hier te behandel. Slegs die vernaamste en mees gebruiklike skoolboeke is gekies en op besondere kenmerke gewys sonder om in breedvoerige besonderhede in te gaan. Oor die algemeen is die inhoud van

van voorgeskrewe boeke in beide die Skoolhoër- en die Matrikulasie-eksamens aanmerklik verleng. Die lys van voorgeskrewe boeke is in Bylaag A te vind.

Ek glo nie dat dit verkeerd is om hier te beweer dat Elffers en Stucki die toonaangewende skrywers van taalboeke gedurende hierdie periode was nie. Baie skrywers het bygekom maar Elffers en Stucki se taalboeke het die Hollandse taalkunde-terrein behou totdat Afrikaans ingevoer is.

(b) Hubertus Elffers.

(i) Elementary Grammar of the Dutch Language. In 1893 skryf Elffers in die voorwoord van sy drama, „Debora": „Het Hollands in Zuid-Afrika kan niet gehandhaafd worden dan door de verspreiding van uit Afrikaanse bodem ontsproten literatuur." Getrou aan hierdie geloofsbelydenis verskyn in 1885 reeds sy „Practical Dutch Grammar" wat omgewerk is om by die vereenvoudigde spelling aan te pas en in 1912 reeds die dertiende uitgawe onder die naam „Elementary Grammar of the Dutch language." belewe. Elffers het die titels van sy boeke van tyd tot tyd verander sodra hy iets nuuts bygevoeg of dalk omwerk. Hierdie uitgawe van 1912 bevat ongeveer dieselfde taalkunde as sy „Practical Dutch Grammar" maar dit is nou in die Vereenvoudigde Spelling geskryf en ook is die „Speak - and - Act Exercises" bygevoeg „which teachers have found of the greatest importance." (Voorwoord by die dertiende druk). In verband met hierdie oefeninge skrywe hy verder in die voorwoord: „It is understood, however, that the pupils shall each time, when reciting, go through the movements indicated by the sentences they speak, until they have acquired some fluency. Word and action must in these exercises at first be simultaneous, if the best results are to be secured. They keep the pupil lively, and all of his interest centred on the task of reproduction, which the lesson demands of him."

Die skrywer waarsku die onderwysers „against introducing

Die boek bevat verder die gewone taalinstruksies met reëls en taal- en vertaaloefeninge ingesluit - genoeg om die hele hoërskoolkursus te dek.

'n Voorbeeld van 'n „Speak-and-Act Exercise No. 15" verskyn op bladsy 58.

„Gaan varen - Going for a row.

1. Ik maak het touw los. I undo the rope.
2. Ik spring in de boot. I jump into the boat.
3. Ik grijp een paar roeispanen. I seize a pair of oars.
4. Ik ga op de roeibank zitten. I sit down on the seat."ens

Dan word die los sinne in die vorm van 'n storie gerangskik op bladsy 65: „Als (when) ik wil (want to) gaan varen, maak ik eerst (first) het touw van de boot los; dan (then) spring ik in de boot, en grijp een paar roeispanen (also called riemen);" ens.

Daarna word die stuk in die verlede tyd herhaal. In die oefening hierop word die leerling gevra om bowestaande los sinne in die vragende, die negatief en die negatief-vragende vorms uit te spreek, waarop die samegestelde verhaal gememoriseer moet word.

Op bladsy 65 word die volgende tussen hakies meegedeel: „The pupil cannot fail to notice at this stage how rapid is the progress he is making. He should apply himself to the Dutch portion of these Exercises only, and, as far as possible, forget the English. In that way he will learn to think in the language he is acquiring, which is half the battle won." Die leerlinge moet dus nou Hollands deur medium van Engels leer - presies die omgekeerde van vroeër.

Die metode wat by die „Speak-and-act Exercises" gevolg word, laat 'n mens onwillekeurig dink aan wat die S.G.O. in verband met lees in 1912 geskryf het: „Het is niet voldoende voor een leerling om het oog of het oor aan de woorden te gewennen, doch hij moet een duidelik spierbeeld van een woord hebben, alvorens gezegd kan worden dat hij het kent." 1)

Volksscholen van Zuid-Afrika" in die vereenvoudigde spelling. Dit is slegs 'n verbeterde en vermeerderde druk van die „Practische Hollandsche Spraakkunst" van 1891. Daarby is twee nuwe hoofstukke gevoeg, nl. „Over Dicht en Dichtmaat" en „Woordvorming". Verder is ook 'n lys van Afrikaanse woorde bygevoeg: „Lijst van Nieuwe Woorden, in Zuid-Afrika gangbaar, en door de Kaapse Universiteit erkend." Onder andere kom die volgende woorde in die lys voor: „aardig (met de betekenis van onaangenaam), bekwaam (met de betekenis van rijp, voor gebruik geschikt); kapje, karba, klip, noointje, spruit," ens en die onbekende woord „opslaggral (in't voetbalspel)" (p.150)

(iii) The Standard Dutch Grammar. In 1907 verskyn ook die eerste uitgawe van „The Standard Dutch Grammar" in die nuwe spelling. Die skrywer sê in die voorwoord dat hierdie boek meer as twintig jaar geledo geskryf is. (Practical Dutch Grammar, 1885). Na tien jaar is dit „The Commercial Dutch Grammar" genoem en nou die „Standard Dutch Grammar." Hierdie uitgawe is eintlik die twaalfde uitgawe van die „Practical Dutch Grammar." Verder skryf hy in die voorwoord: „The Standard Dutch Grammar represents all that is accepted as official in the way of simplified Dutch, and bears the stamp of University and Education Office sanction and approval. The Kollewijn spelling has been adhered to throughout."

In 1917 het hierdie boek sy derde uitgawe beleef. Dit is van 'n uitstekende register voorsien. Dit is beslis die lywigste, uitgebreidste en volledigste werk oor Hollandse grammatika wat ooit in Suid-Afrika gepubliseer is. In hierdie 401 bladsye is geen teken van oppervlakkigheid te bespeur nie - trouens, al Elffers se werke dra die stempel van grondigheid en deeglikheid. In hierdie werk is die inhoud van die „Practical Dutch Grammar" deur aanvullende oefeninge, vermeerderde leesstof en vertaaloefeninge baie uitgebrei. Die „Standard Dutch Grammar" is beslis 'n standaardwerk.

lewe dek, bevat. Onder ander omvat die inhoud voorbeelde van briewe in verband met geldsake, besigheid, advertensies, inligting gevra, getuigskrifte, kennisgewings, sirkulêres, skeepsake, omgangsbriewe, dokumente, manier van adresse, met boonop 'n tweetalige lys van korrespondensie-terme en ook handelsterminologie, in verband met wissels en algemene informasie.

Ooglopend is dit dat die adres van die geadresseerde eers links bo op die skryfpapier verskyn, en onderaan die laaste reël van die adres, meer na regs, die adres van die afsender en datum in een reël. Op bladsy 7 is die volgende voorbeeld te vind :

„De Weledele Heer M. Zwart,

Stellenbosch.

Port Elizabeth, 5 Augustus 1907

Hierdie briewesteller het ongetwyfeld in 'n groot behoefte voorsien en is ook ruimskoots aangekoop.

(v) Leesboek voor Zuid-Afrika - Standaard VII. Maar Elffers was nie alleen 'n vrugbare skrywer van taalboeke nie - hy het ook leesboeke voorsien. In 1906 verskyn sy „Leesboek voor Zuid-Afrika - Standaard VII - Bloemlezing" in die vereenvoudigde spelling.

In die voorrede sê die skrywer onder andere: „Verder schetsen hem (die leerling) de tussengevoegde lessen over Taalgeschiedenis in grote trekken de wijze, waarop de Nederlander aan zijn taal gekomen is." Voorts merk die skrywer op: „Vergelijkende taalstudie heeft zelfs voor mingevorderden iets aantrekkeliks; en de gronden ervan te leren verstaan, verhoogt de opmerkingsgave van 't kind."

Die inhoud van die leesboek bestaan uit 'n aantal stukke prosa en poësie uit die Nederlandse letterkunde gekies. Al die materiaal adem 'n buitelandse atmosfeer, vreemd aan die Suid-Afrikaanse kind. Van die prosastukke is onder andere

Aan Iedereen - P.A. de Genestet; Mazeppa - N. Beets," en andere.

Uit Hildebrand se „Camera Obscura" is „De Noord-Hollandse Boer" oorgeneem. 'n Enkele paragraaf dui die taal en die inhoud daarvan aan: "Mijn bestek verbiedt mij al de tussentypen te beschrijven; - maar wilt gij 't jongste zien? Hier is 't. Een blauw buisje met een fulpen kraag, dat hem tot even onder de schouderbladen reikt, - de rest geheel pantalon, pantalon van katoenfluweel; een wollen das, rood, groen en geel gevlamd, om de hals, en naar geschil van gelegenheden, een grote, hoge, breed opgaande, veel omvattende hoed op 't hoofd, of een bontharige pet, met de klep, naarmate van regen of zonneschijn, in de ogen of in de nek gedraaid." ens. (p.15) In die voetnoot word die volgende verduidelikings aangegee: „fulpen - fluwelen; pantalon - broek" ens. Dan volg nog etimologiese besonderhede en eindelik 'n taaloefening. Onder andere word hierdie vrae gestel: „Verklaar de vorming van 't woord „begrafenis", en zijn betekenis uit de vorming. Hoe is de uitdrukking „des Zondags" ontstaan? Zijn er meer zulke? Wat kan er voor in de plaats gezet worden?" (p. 17) Hierdie soort vrae is werklik by eksamens gestel.

Elke hoofstuk word op bogenoemde wyse behandel. Op bladsy 233 volg 'n woordelys. Die woorde is in alfabetiese volgorde gerangskik en van 'n Engelse vertaling voorsien. Op bladsy 249 volg 'n reeks Hollandse idiome waarvan die Engelse idiomatiese ekwivalente gegee word.

Die boek as geheel genome is te moeilik vir Standerd VII, maar indien die voorafgaande deeltjies sistematies deurgewerk is, behoort hierdie een aan sy doel te beantwoord. Indien die materiaal uit Suid-Afrika geput was, sou dit die waarde van die boek en die belangstelling van die leerlinge verhoog het.

(vi) Leesboek voor Zuid-Afrika - Standaard VIII. In 1906

soos in die geval van die vorige deel. Vanaf bladsy 203 is stukke oor „Nederlandse Letteren en Letterkundigen" opgenoem.

In die voorrede sê die skrywer dat hierdie agste deeltjie die laaste van die serie is. Hierin „heb ik de lessen over Taalgeschiedenis en Aanmerkingen over de Vorming van enkele woorden voorgezet. Daarbij zijn korte Levensbeschrijvingen van Hollands voornaamste schrijvers gevoegd, zodat, naar ik vertrouw, de nu-afgewerkte serie voor 't Hollands onderwijs tot Matrikulatie volledig zal bevonden worden." Die skrywer se bedoeling is nie duidelik nie. Dit wil voorkom of hierdie leesboek ook vir Matrikulasie bedoel was.

Voortgaande skryf die samesteller: „'t Feit dat dit laatste boekje, schoon „Bloemlezing" geheten, slechts twee stukken inhoudt, is daaraan toe te schrijven, dat de onderwijsbepalingen, waaraan ik mij in alle delen strikt heb trachten te houden, aaneengeschakelde leesstof in de Hogere Standaarde voorschrijven."

„De Ondergang der Eerste Wereld" van W. Bilderdijk met inleiding en die eerste vyf sange vorm die eerste stuk wat vanaf bladsy 9 tot 113 strek. Die stuk is van verduidelikende voetnote voorsien. Daarop volg „Taalgeschiedenis" vanaf bladsy 114 tot 127 wat portrette van skrywers insluit; vervolgens „De Familie Stastok" van Hildebrand vanaf bladsy 128 tot 202, en eindelik volg 'n stuk oor Nederlandse Letters en letterkundiges vanaf bladsy 203 tot 271. Die boek word deur 'n woordelys vanaf blasy 272 tot 285 afgesluit.

Hierdie leesboek is veels te moeilik vir Standerd VIII hoewel dit waarskynlik goeie diens in Matrikulasie sou verrig; maar die studie van veral Nederlandse letterkunde val heeltemal uit die toon in 'n leesboek vir die skool bedoel.

(c) M.J. Stücki. Hoewel Stücki se „Hollandsche Spraakkunst voor Zuid-Afrika" reeds behandel is, word die voorberig by die dertiende druk van belang geag . Stücki het intussen die

reeds 223 bladsye.

In die voorberig by die dertiende druk skryf Stücki: „'t Doel van grammatikaal onderwijs moet zijn om de leerlingen de taal, die ze bestuderen, zuiver te leren spreken en schrijven.

„Een Spraakkunst is echter slechts een hulpmiddel, daar ieder onderwijzer zal toestemmen, dat een leerling, die zulk een boek bij manier van spreken uit z'n hoofd kent, nog in 't geheel niet in staat is een behoorlike brief te schrijven. Als de Z.A. Taalbond bij 't Lager Eksamen dan ook kennis geeft dat niet meer dan een derde van de punten zal worden toegekend aan de vragen over de grammatika, beteekent dit, dat het Hoofdbestuur meer waarde hecht aan een goede vertaling en een goed opstel, dan aan korrekt beantwoorde vragen over de spraakkunst. Dus veel oefeningen en bespreking bij 't onderwijs in de grammatika en de leesles en veel lezen van Hollandsche boeken buiten de shooluren! Daarvoor is tijd nodig; doch we zijn nu de periode ingetreden van de strijd om „gelijke rechten" voor beide talen, Engels en Hollands. Laat het gevoelen intussen in ons rijpen, dat een Afrikaans kind van de Hollandse taal meer, doch ten minste evenveel moet kennen als van de Engelse, en dat 't omgekeerde onder geen omstandigheden mag gebeuren!"

(d) W.S. Logeman.

(i) Leesboek en Grammatika - No. 3. van de A - Z Serie.

Sy „Leesboek en Grammatika - No. 3 van de A - Z Serie" verskyn in 1897. Hierdie boek is vir die derde Standerd voorgeskryf, dit wil sê die derde Standerd van die hoërskool wat met Junior Matrikulasie gelykstaan. Volgens die prospektus van die Suid-Afrikaanse Kollege en die Suid-Afrikaanse Kollege Skool van 1899 is hierdie boek vir Junior Matrikulasie voorgeskryf. 1)

In die voorwoord dring die skrywer op juiste definisies

the name of anything' of wel, (such and such) an adjective qualifies a noun', dien men telkens en telkens weer hoort (of, 'ziet') opdreunen door candidaten niet alleen bij 'Elementaire' Examens, maar zelfs bij hen die zich voor het onderwijs 'bekwamen.'"

Die boekie bestaan uit 23 interessante leesstukkies in die vorm van verhale. Na elke verhaal volg verduidelikings van woorde en uitdrukkings en daarop volg taaloefeninge.

Op bladsy 102 word 'n register vir die Grammatika gevind en daarna 'n „Dutch English vocabulary" deur allerlei oefeninge gevolg.

Die boekie lyk baie eenvoudig vir Junior Matrikulasie.

(ii) Leesboek en Grammatika - No. 4 van die A - Z serie. Die derde druk van „Leesboek en Grammatika - No. 4 van de A - Z Serie" verskyn in 1904. Volgens die prospektus van die Suid-Afrikaanse Kollege is dit in 1899 in die Senior Matrikulasie-klasse gebruik. Die eerste afdeling bevat 28 leeslesse. Aan die end van elke les is aantekeninge en woordverklarings wat deur oefeninge gevolg word: diktee, leestoetse, sinonieme sinsontleding en verdere behandeling van grammatika, ens. In hierdie afdeling verskyn onder andere leeslesse oor: „Eerlijk deelen; Grootmoedigheid en Wraak; De Pauw en de haan; De Zon en de Maan," ens.

Afdeling twee behandel: „Hoofdzaken van de vervoeging van werkwoorden in 't Hollandsch; Voornaamwoorden; Antwoorden op Strikvragen en Dutch English Vocabulary."

Afdeling drie behandel: „Exercises; Antwoorden op de vragen naar synoniemen en synonieme uitdrukkingen" in vorige lesse gestel.

Die boekie bevat interessante leesstof en die taalkunde hou verband met die inhoud van die leeslesse. Die boekie blyk 'n taamlik goeie afset te geniet het.

(iii) „No. 5 van de A - Z Serie: Allerlei. Een Leesboek

te verbinden", en verder: „Van harte wensch ik dat - waar dit boekje in de school gebruik mag worden - de leerlingen zullen zeggen: het is amusant, en de onderwijzers: het is nuttig."

Die boekie bevat 20 leesstukke sonder grammatika; 'n klompie raaisels om vermaak te verskaf en 'n Hollands-Engelse woordelys. Die onderwerpe wat in die leeslesse behandel word, is van uiteenlopende aard soos byvoorbeeld: „De Knaap en de Ezel; Wat vader doet is altijd goed; Photographeren; Aan den Heiland; Boomen; De leerling van Pankratos," ensovoorts.

Die taal is eenvoudig en maklik verstaanbaar en die leesstof is deurgaans boeiend en interessant.

(e) C.J. van Rijn.

(i) In 1906 verskyn „Advanced Dutch Grammar" - 'n boekie wat 122 bladsye beslaan. Hierin is die vereenvoudigde spelling gebruik en die boekie is bedoel vir gebruik by die Universiteits-, die Taalbond-, Onderwysers en Publieke Diens-eksamens sowel as vir Standerds C en D.

Op bladsy 4 rig die skrywer 'n woord aan die onderwyser: „De taalregels zijn kort en geheugen-middeltjes („ezelsbruggetjes") overvloedig aangebracht." Verder meld die skrywer: „De Nieuwe Richting van Talenonderwijs is tegen vertaaloefeningen. Ik heb ze veel mogelik vermeden" (p.5). En verder: „Men zal gewis in dit boekje heel wat nieuws vinden; niet alleen nieuwe spelling, maar velerlei nieuwe zaken, en vooral nieuwe wijzen van behandeling." (p. 5)

Hierdie nuwe sake en nuwe wyses van behandeling blyk dieselfde te wees as wat reeds deur Stücki en Elffers in hulle taalboeke opgeneem is. Die neiging tot veelvuldige reëls blyk hier egter nie so sterk soos voorheen te wees nie.

(ii) Die „Praktiese Hollandse Spraakkunst " se tweede uitgawe het reeds in 1907 verskyn en 'n elfde verbeterde druk (nood-edisie) het later (datum nie aangegee nie) by die Nasionale Pers verskyn. In die inleiding tot die tweede druk maak

het die skrywer versoek om 'n Hollandse bewerking van die „Advanced Dutch Grammar" te lewer. Nou moes die Hollands geheelenal van Engels losgemaak word en, met die oog op ander behoeftes, moes die stof anders gerangskik en verdeel word. Bo alles is hierdie 'n skoolboek, beweer die skrywer. Daar is dus na logiese en metodiese opeenvolging van die maklike na die moeilike gestreef. Reëls is kort en baie kort geheuemiddeltjies sal die leerling help. (Voorrede).

Op bladsy 53 is 'n voorbeeld van hierdie soort geheuemiddeltjies te vind:

„Lijst van Sterke W.W.

„Par. 138. Volgens hun klinker in de Onv. Verleden Tijd laten de sterke w.w. zich verdelen in 5 grote en 2 kleine klasse: blijven, bleef, gebleven; klas 1, lange e.
zwemmen, zwom, gezwommen; klas 2, korte o" ens.
„Leer het volgende geheugenmiddeltje om de klassen en hun klinkers te onthouden:

1 2 3 4 5 6 7

Een komfoor van die boerin." (p. 53).

Besondere nadruk word op die vir die Afrikaanse leerling moeilike punte soos die onsydige en die werkwoord gelê terwyl ook met die invloed van Engels rekening gehou word. Verder word die meervoud, die sterk werkwoorde, die hulpwerkwoorde en ander sake op 'n nuwe wyse behandel, byvoorbeeld meervoude op bladsy 8: Eers word voorbeelde gegee en daarna die reël soos Stucki dit reeds in 1877 gedoen het.

Die elfde druk is bepaald 'n uitvoerige boekdeel. Omdat die boek die hele veld vanaf die laerskool tot in die Universiteit dek, is dit baie moeilik om te onderskei waar die stof vir die een eksamen ophou en die ander begin.

Saam met Stucki en Elffers se taalboeke is hierdie boek seker die meeste op skole gebruik.

(f) J.P.J. Roux en C.J. van Rijn. In 1906 verskyn van die hand

hier dat baie van die onderwerpe wat in die leeslesse behandel word oor Suid-Afrika handel. Die inhoud bevat onder andere die volgende leeslesse: „Spreek de Waarheid; Op een Wijnplaats; David en Goliath; Wolf en Jakkals; Papegaaien; Pieter Retief," ens. Aan die end aan elke les word betekenisse van sommige woorde in Engels gegee. Die gebruik van die Afrikaanse 'n word oral opgemerk. Die taal is eenvoudig en die stukkies lees maklik. Die leesstof is interessant en nasionaalgekleurd; daarby is daar ook heelwat gedigte te vind

(g) G.F. Dingemans en P. van Braam. Van hierdie twee skrywers verskyn „Idiomen" in 1908. In die voorberig verklaar hulle: „Daar toch de Syllabus voor het Hollands in de Universiteits- en Taalbond Eksamens een zekere algemene taalkennis vereist, ziet de student zich genoodzaakt een min of meer uitgebreide studie van het Hollandse taaleigen in het algemeen te maken." Die skrywers vervolg: „Te meer is een stelselmatige vergelijking van het Hollandse en Engelse taaleigen gewenst, omdat er in een land als Zuid Afrika voortdurend gevaar voor verwarring van de beide talen bestaat. Bovendien is een meer uitgebreide kennis van het idioom onmisbaar bij de steeds stijgende eisen der eksamens."

Die deel wat oor Idiome handel, beslaan 162 bladsye: Hollands-Engels 106 en Engels-Hollands 56 bladsye. Sover moontlik is getrag om die idiome in alfabetiese volgorde te skik. Voorbeelde van die metode van behandeling word hier gegee: Bladsy 107: „Zwijgen: Wie zwijgt stemt toe. Silence gives consent. Spreken is zilver, zwijgen is goud. Speech is silver, silence is gold." In die geval van Engelse idiome word weer die teenoorgestelde gedoen. Bladsy 162: „Worth. It is not worth while. Het is niet de moeite waard. That village is worth visiting. Dat dorp is een bezoek waard. The game is not worth the candle. De kool is het sop niet waard."

reeds stukke vir vertaling by eksamens gestel is waarin baie idomatiese uitdrukkings voorkom. By gebrek aan 'n geskikte leerboek oor idiome het leerlinge gewoonlik swak gevaar waar dit hierdie deel van die vraestel gegeld het.

(h) C.A.E. van Cappelle.

(i) Hierdie skryfster verdien 'n plekkie in hierdie verhandeling. Hoewel sy hoofsaaklik vir Engelssprekendes geskryf het, kon haar leesboeke ook vir Hollandssprekende leerlinge gebruik word soos sy ook aanbeveel het. Boek VIII word dan in Standerd VII gebruik en Boek IX in Standerd VIII. Haar „Hollands Leesboek voor Zuid-Afrika - Boek VIII" bestaan uit prosa en poësie tot bladsy 159. Vanaf bladsy 160 tot 180 is 'n woordelys met moeilike woorde onder die titel van elke hoofstuk gerangskik, te vind. Hierdie woorde se betekenisse word in Engels gegee. Die boek is goed voorsien van illustrasies wat betrekking op die onderskeie lesse het.

'n Deeltjie van 'n leesles dien as voorbeeld:

Bladsy 9.: „Het Wilde Zwijn.

„Twee uur van Hopefield dicht bij de Bergrivier is 'n vlei. In de regentijd is deze vol water maar 's zomers is hij vol modder en lijkt dan meer op 'n moeras."

Die leeslesse is baie eenvoudiger as dié van Elffers, - miskien te eenvoudig. Tog het hierdie lesse 'n Afrikaanse kleur en wek sodoende dadelik die belangstelling. Maar daar is slegs 'n paar van hierdie soort. Daar is onder andere ook lesse oor: „Een bosbrand in Rusland; weelde in Holland in de 15de Eeuw; Hindoe-feesten aan de Ganges," ens. Tog lees hierdie boekie baie makliker as dié van Elffers.

(ii) Boek IX vir Standerd VIII bedoel, is soortgelyk aan bostaande wat die vorm betref. Ook hier is getrag om 'n Afrikaanse kleur aan die leesstof te gee, byvoorbeeld: „Baas Stanmar (Een verhaal uit de Matabele oorlog); Groot Brakrivier," ens. Daar is 30 gedigte en 45 prosastukke in die

(i) Besluit: Voordat iets oor die voorgeskrewe boeke van hierdie periode gesê word, kan in 'n paar woorde die taalboeke getipeer word. Dat 'n beslisie verandering ten opsigte van taalonderrig ingetree het, word bewys deur die baie opmerkings wat die skrywers in hulle voorwoorde oor metode gemaak het. Onder andere skryf W. Fouche in sy voorwoord tot die derde uitgawe van sy „Taal en Stijloefeningen" teen omstreeks 1908 dat daar werklik behoefte aan so 'n werkie soos syne bestaan „daar over 't algemeen te veel op de taal- en geslachtsregels en te weinig op de zin of de betekenis van 't woord gelet wordt; dat men te veel tijd besteedt aan de taalvormen, terwijl het denken, het stellen, de zinsbouw al te zeer uit het oog worden verloren."

Dat die oksamens die skuld hiervan dra, word bewys deur die vrae wat gestel is. Tog het in hierdie opsig ook veranderings ten goede ingetree en is meer aandag aan opstelle en briewe gewy as wat die geval in die voorafgaande tydperk was.

In die taalboeke kom vertalings al minder en minder voor, en waar hulle wel voorkom, val die nadruk meer op die vertalings uit Engels in Hollands as andersom.

Opmerklik is die stortvloed taalboeke en taaloefeningboeke wat onmiddellik na 1905 na die invoering van die vereenvoudigde spelling die lig gesien het. Dit wil voorkom of skrywers daardie oomblik afgewag het om 'n vereenvoudigde spelling te kan skrywe.

Die taalboek uit hierdie periode toon 'n neiging tot groter eenvoud en 'n vermyding van die ballas van onnodige reëls. Meer aandag word ook aan mondelinge werk bestee en ook in ander opsigte toon die taalboek 'n verandering ten opsigte van die metode van taalonderrig aan.

(j) Voorgeskrewe Boeke.

(i) Voorgeskiedenis. Tot 1909 is in Hollands geen letterkundige werke soos in Engels voorgeskryf nie. Selfs die

verryking van die grammatikale onderrig in te sien en skryf vir die Hoogste Eksamen in 1905 sekere letterkundige werke voor, nl. (a) Schimmel: Joan Woutersz en (b) Uit de dichtwerken van De Genestet (sekere gedigte). 1)

Oor die voorskryf van letterkundige werke sê dr. de Villiers: „Die voorskryf van letterkundige werke was 'n nodige stap, want dit beteken nie net kennismaking met, maar ook intensiewe bestudering van literaire werke van 'n verwante volk en taal, iets wat verruimend en verrykend op die student se taal, letterkundige smaak en gedagtegange moes inwerk. Hiermee is 'n begin gemaak aan 'n faktor wat op die duur groot invloed op die ontwikkeling van die ganse volk uitgeoefen het, want deur die studie van die Hollandse letterkunde het die Afrikaner gedurig sy eie taal verryk en sy woordeskat uitgebrei." 2)

Met die totstandkoming van Unie en die gevolglike toekenning van gelyke regte aan albei tale het dit noodsaaklik geword dat die vraestelle in Hollands in alle opsigte op gelyke voet met die vraestelle in Engels moes staan. Gevolglik was die Universiteit verplig om Hollandse letterkundige werke vir Junior Sertifikaat sowel as vir Senior Sertifikaat en Matrikulasie voor te skrywe.

(ii) Universiteits Junior Sertifikaat. (Sien bylaag A, p.vii). Vir 1910 is slegs twee boeke voorgeskryf, nl. twee novelle van Justus van Maurik wat tot van sy beste verhale gereken word. Die verhale is boeiend, treffend en dikwels roerend. Die taal is dikwels met die laere, dikwels stotende idioom verweef wat in swang is by die stande van wie hy 'n skildery voor die publiek van sy vaderland wou ophang. (Vgl. Inleiding tot "Jan Smees.")

Vir 1911 is die volgende voorgeskryf: 'n Digwerk van Tollens en een van de Genestet wat 'n geestige satire op die gee van nie-verdiende ridderordes is; twee novelles van van

gedigte van Tollens voorgeskryf. Van Lennep se verhale getuig van 'n boeiende intrige, lewendige vertelling, geestigheid en 'n sin vir humor. Die karaktertekening is egter ondiep: gewoonlik laat van Lennep een karaktertrek oorheers en teken daardeur verder tipes of gepersonifiëerde eienskappe van mense.

Tollens, die selfvoldane, chauvinistiese vaderlandse digter, besing die nasionale helde in sy gedigte.

Vir 1913 word 'n roman van Andriessen sowel as sestig verse van de Genestet voorgeskryf.

Vir 1914 word drie gedigte uit „Zevenjaartjes" van Moorrees sowel as twee dorpsnovelles van Conscience, twee verhale van van Lennep, een digwerk van Beets en ook 'n bloemlesing uit Beets se gedigte voorgeskryf.

Vir 1915 word voorgeskryf: Twee novelles van van Maurik, gedigte van Ter Haar, 'n keuse tussen twee romans, 'n verhaal van van Limburg-Brouwer of 'n verhaal van van Lennep.

Hieruit kan opgemerk word dat die eksamenkommissie 'n besondere voorliefde vir veral van Maurik, van Lennep, Tollens en de Genestet gehad het. In hierdie ses jaar is boeke van van Maurik driekeer voorgeskryf; van Lennep driekeer; Tollens tweekeer en de Genestet tweekeer. Sedert 1911 is gepoog om jaarliks minstens een digwerk voor te skryf, geen dramas nie en verder prosa.

Dat die voorskrywe van letterkundige werke veel tot die belangstelling in Hollands bygedra het, is 'n onloënbare feit.

(iii) Matrikulasie en Senior Sertifikaat. Vir 1910 word slegs „Gerrit Witse" uit die „Camera Obscura" van Hildebrand voorgeskryf, en vir 1911 slegs die „Familie Kegge" uit dieselfde bundel. Die feit is van belang dat vir Junior Sertifikaat in 1911 ook uit hierdie bundel voorgeskryf is.

Vanaf 1912 wil dit voorkom of die Universiteit met die voorskrywe van boeke vir Matrikulasie en Senior Sertifikaat

'n idille van Messchaert; 'n historiese roman van Conscience en sketse van Buning.

Vir 1913 word voorgeskryf: 'n drama van Schimmel; realistiese sketse van van Koetsveld; 'n verhalende gedig van ter Haar; 'n roman van Andriessen en 'n roman van Conscience.

Vir 1914 word die volgende voorgeskryf: 'n drama van Schimmel; twee romans van de oude Heer Smits; „Max Havelaar" van Multatuli; gedigte van da Costa en sketse en verhale van Haverschmidt.

Vir die jaar 1915 word voorgeskryf: 'n historiese roman van Oltmans; 'n drama van van den Berg; 'n roman van van Lennep; 'n roman van van Limburg-Brouwer en 'n gedig van Tollens.

Dit wil dus voorkom asof die Universiteit 'n vaste beleid ten opsigte van voorgeskrewe werke vir hierdie eksamens begin volg het, nl. drie romans wat ook sketse mag insluit; een digwerk en een drama.

Die dramas van Schimmel blyk baie gewild te wees en wat digwerke betref, is aan ter Haar, da Costa en Tollens telkens 'n geleentheid gebied. In verband met die prosawerke is Conscience, van Lennep en van Maurik met van Koetsveld, de oude Heer Smits, Andriessen, Haverschmidt, Oltmans, van Limburg-Brouwer en Multatuli aangevul.

Naas letterkundige werke van besondere gehalte is soms ook onrype en minder belangrike werke voorgeskryf. Belangrike letterkundige werke wat op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan het, was betreklik skaars en is nie voorgeskrywe nie, sodat leerlinge verplig was om met die vreemde wêreld van groot gebeurtenisse deeglik kennis te maak. Die gestelde eksamenvrae oor hierdie werke sal aantoon wat werklik van kandidate verwag is.

---

4. <u>EKSAMENS EN/OF INSPEKSIE</u>.

geneem. As eksaminator het J.H. Hofmeyr, M.A. opgetree. Aangesien soveel jare lank vir die instelling van hierdie eksamen geagiteer is, word hierdie eerste vraestel in sy geheel hier weergegee:

1. Translate:

(a) Ofschoon er veel moeite besteed was by het aanplanten van boomen, zoo was timmer en brandhout schaarsch aan de Kaap. Het was eene moeilijke zaak om de schepen van brandstof te voorzien. De gouverneur dus, even als zijn vader, beschouwde het vermeerderen van boomen als eene zaak van groot belang. Gedurende den eersten winter na zijne aankomst werden twintig duizend jonge eiken in de kloven te Stellenbosch en te Drakenstein geplant, alwaar de natuurlijke bosschen uitgeput waren, en meer dan tien duizend werden op het Kaapsche schiereiland uitgeplant.

(b) Niet lang geleden werd een heldendaad verricht, waardoor een Kaffer-kindje door een blanke werd gered. Dit gebeurde in Bechuanaland. Twee Kaffer-vrouwen trachtten over eene rivier te gaan met twee kinderen. De rivier was den nacht tevoren veel gerezen, en de stroom was zoo sterk, dat een der kinderen weldra uit de hand der moeder werd gerukt en zoowat vijftig treden langs de rivier af werd gevoerd. Een blanke man, Hans Schoeman genaamd, een smid van beroep, zag het aan, sprong in het water en slaagde er in met levensgevaar het kindje te redden en aan zijne moeder terug te geven.

2.(a) Indicate the gender, giving the rule for the same, of gouverneur, winter, gelang, aankomst, kindje, beroep, smid, gevaar.

(b) Give the 3rd pers. sing. and plur. of every tense in the indicative mood, active voice, of planten, geven, rukken, zien.

(c) Decline throughout the singular and plural:

de wijze vorst;

die brave dochter;

het kind zelf.

Welk kind moet ik hiervoor straffen?

(b) Write out the following correcting any mistakes you may find: Wij kan dit niet helpen. Die vraag geeft mij veel moeite; ik weet niet wat er op te antwoord. Dit heb uw onderweizer u reeds vertold, maar er is noch iets anders, waarover ik met uw spreeken moet. In de huis is vier groote kamers, doch er is nog achterplaats nog bloemtuin. Hij bouwden daar een grooten woonhuis, eene opziener's huisje, en vij buitengebouwe en maakte veel verbeterings.

4. Translate into Dutch:

If I knew it, I would tell you.

Who could ever have thought that this would happen?

What did you see on your journey? How many days were you on the road?

A tree consists of many parts - roots, a trunk, branches, twigs, and leaves.

I was surprised to read your letter of last Monday.

I hope you will not take it amiss if I tell you the truth.

You complain that you have too much to learn.

Think of the hundreds of children who would gladly be in your place to-day.

Do your best now, and you will be thankful when you grow older that you were not allowed your own way when you were young.

Both my parents are still alive, though they are very old and weak. All my brothers and sisters live in the same town. It is now six years since I was there last."

Die vraestel bestaan dus hoofsaaklik uit vertalings en 'n paar taalvrae wat goed ingepompte kennis veronderstel.

En wat vraag 3b. betref: Daar steek geen sin in om die verkeerde voor 'n kind te plaas en van hom te verwag om die verkeerde met die juiste te vervang nie. Die neiging is dat hy eerder die foutiewe konstruksie as die moontlike korrekte

'n baie moeilike taak. Hierdie vraag veronderstel deeglike kennis van alledaagse uitdrukkings in albei tale - 'n veronderstelling wat nie deur feite gestaaf kan word nie. Die vraestel is dan ook as 'n geheel te moeilik.

Die inspekteurs is verplig om deeglik aandag aan die onderwys van Hollands te skenk: „The amount and quality of the Dutch teaching are to be carefully reported on. In cases where the pupils are presented for the Standards in English but are also taught Dutch, a failure in English reading or dictation is to be condoned if the candidate pass an equivalent test in Dutch." 1) Hierdie instruksies geld natuurlik net vir leerlinge in die laerskool aangesien die Universiteit geen punte vir mondelinge werk toegeken het nie.

In die eksamen in 1894 is die volgende vraag o.a. gestel: „vb. Write a few sentences in Dutch on any one of the following subjects: de winter: de Transvaalsche goudvelden: de zee: de vacantie." 2) Hierop volg onder andere 'n lang stuk diktee. Dit was die eerste keer dat diktee en opstelonderwerpe in hierdie eksamen gegee is. In hierdie jaar het 958 van die 2148 kandidate Hollands as opsionele vak vir hierdie eksamen aangebied. 3)

(ii) Inspekteursverslae en eksamens, 1895 - 1906. Hierdie verslae bevat heelwat inligting oor die toestand in verband met die onderwys van Hollands. In sy verslag oor die Oostelike distrikte skryf inspekteur Bennie dat in die leesles dieselfde gebreke opgemerk word waaroor hy die vorige jaar gerapporteer het, en selfs in die hoëre standerds word daar selde pogings aangewend om die betekenis te laat voel. Die algemene metode van lees is 'n werktuiglike uitspreek van woorde op één toonhoogte, sonder nadruk of stembuiging. 4)

Ook oor voordrag op die skole lewer inspekteur Bennie kommentaar. Omdat hierdie vak vir die eerste keer in 1895 'n

gewoonlik 'n betekenislose opsê van verse en die opvoedkundige waarde van die vak word selde gewaardeer. In standerd V het die inspekteur gehoor hoe in een geval 60 reëls van 'n rammelende rymkroniek van die Kaap eentonig opgesê is sonder om in die minste op punte of op die sin daarvan te let; en die onderwyser was baie verbaas dat die „poëzie" en voordrag nie goedgekeur is nie. 1)

In verband met die skrywe van opstelle skryf die inspekteur dat hierdie vak 'n nuwe in standerd IV is en dat dit selde selfs redelik goed was. Dit blyk of dit toegeskryf moet word aan die veronagsaming van alle stelselmatige onderwys in die beginsels van goeie opstelle en aan Kaapse uitdrukkings wat buite die skool opgevang en nie deur die onderwyser verbeter word nie. 2)

Oor lees in sy afdeling rapporteer inspekteur Clarke dat gebrek aan uitdrukking en duidelike uitspraak en die gebrekkige uitspraak nog opvallend is. 3) Hy beweer dat die onderwysers baie skuld daaraan het: „Velen hunner leggen, als zij dicteeren en bij vele andere gelegenheden, juist dezelfde gebreken aan den dag waartegen het hun plicht is hunne leerlingen te waarschuwen." 4)

Inspekteur le Roux skryf: „Brieven schryven wordt in vele scholen geleerd, maar het is altijd in „Ik ben wel en hoop van u hetzelfde te vernemen" stijl, en eindigt gewoonlijk met: „Ik moet nu eindigen, want nieuws zyn schaarsch.'" 5)

Wat die taalonderwys betref, is die vraestel van 1895 'n voorbeeld daarvan. Onder andere is die volgende vraag gestel: „6. Analyse the following sentences: (a) Elken morgen, als ik opstond, was de vogel in onze lindeboom. (b) Het speet (from spijten, to vex) de kleine meid wel, dat het kopje gebroken was. (c) Hebt ge wel eens van parels gehoord, die in vensters zitten, en die door duikers worden opgevischt?

In hierdie vraestel is 'n taamlike lang Hollands-Engelse en Engels-Hollandse woordelys vir gebruik by die vertalings ingevoeg. Die paragraaf vir diktee is heelwat korter as by die vorige eksamen en die frases is afgemerk soos hulle gedikteer moes word: „De vogels moeten ons / dankbaarheid / leeren./ Ach, het vogeltje / heeft zoo weinig: / een druppel water./ En daarvoor / dankt het iederen morgen en avond / met de zoetste liederen, / die zyn keeltje kan voortbrengen./ Naar de vogels te luisteren / is altyd goed. / Doe het maar dikwyls, / en doe het maar lang. /" 1) By hierdie wyse van dikteer het leerlinge gewis gebaat.

Oor die Oostelike Distrikte skryf inspekteur Bennie in 1896 dat die skryf van opstelle 'n onderwerp is wat die meeste baie moeilik vind om te onderwys, want dit kan nie uit die hoof geleer word nie, hoewel hy leerlinge gevind het wat so 'n goedgeoefende geheue het, dat hulle 'n kort verhaal byna woord vir woord kon weergee nadat hulle dit tweemaal oorgelees het. Tog is die onderwerp só belangrik dat nouliks te veel tyd daaraan bestee kan word. Die inspekteur sê dat dit gelde volgens 'n gereelde metode wat met die konstruksie van 'n eenvoudige volsin begin, onderwys word. Die resultaat is gewoonlik 'n lang stuk prosa met baie betreklike voornaamwoorde en sonder punktuasie. Dit is selfs van toepassing op Engelse kinders in Standerd V. 2) Dit is die eerste inspekteur wat die werklike belangrikheid van opstelskrywe ingesien het.

Inspekteur Fraser rapporteer oor die afdeling wat vanaf Albanie tot Uitenhage gestrek het dat die grondbeginsels van korrek lees nie algemeen onderwys word nie. Die leesles, sê hy, word gewoonlik beskou as 'n les waardeur inligting verkry word, en, behalwe growwe foute in uitspraak, word weinige verbeterings aangebring. In Port Elizabeth en Grahamstown is daar skole waar baie sorg aan hierdie deel van die vak bestee

stukke te dikwels sonder oordeel uitgesoek word en sonder uitdrukking voorgedra word. Die spelling is egter gewoonlik goed. Opstelle en ander geskrewe oefeninge is gewoonlik baie swak. Die diktee word uit 'n leesboek wat gebruik word, geneem, behalwe in standerd VII, en die woorde is bekend. 1) Dit wil dus voorkom of in standerd VII van ongesiene stukke vir diktee gebruik gemaak is.

Ook inspekteur Hofmeyr kla oor die swak gehalte van opstelle. 2) Inspekteur Mitchell vind dat prysenswaardige pogings wat aangewend is om lees te verbeter weinig vrugte afgewerp het. Die lees is dikwels pynlik eentonig en onduidelik en stembuiging en nadruk lê, is dikwels geheelenal afwesig.3) Maar hierdie inspekteur maak ook melding van die goeie gehalte voordrag in skole van die hoër klas sowel as in platteslandse skole. 4) Oor die saak van opstelskrywe skryf hy egter: "Er schijnt minder aandacht aan het schrijven van opstellen geschonken te worden dan wenschelijk is." 5)

Inspekteur Noaks maak melding van die feit dat die invoer van voordrag 'n goeie invloed op lees gehad het. Hy vind dat lees baie ver by voordrag agter staan. Sy verklaring hiervoor is dat de recitatie onderwezen is, terwijl het lezen zeer waarschijnlijk maar overhoord is." 6) Verder rapporteer hy oor die vooruitgang in die skryf van diktee en die maak van opstelle.7)

Met betrekking tot die distrikte Graaff-Reinet, Middelburg, Steynsburg, Hanover en Colesberg skryf inspekteur le Roux dat die skryf van opstelle baie sou verbeter as onderwysers meer sorg aan die nasien van opstelle bestee. Hy het by die nasien van skrifte herhaaldelik spel- en taalfoute gevind wat deur die onderwysers oor die hoof gesien is. Hierdie foute moet nie slegs aangewys word nie, maar hulle moet met die klas nagegaan word. 8)

Inspekteur Theron rapporteer oor sy afdeling wat onder

dikwels met lofwaardige noukeurigheid geken word, egter selde deur die leerlinge goed toegepas word in die praat of die skryf van Hollands. 1) En inspekteur Wooldooffe meld dat van ag skole slegs in een 'n leerboek van grammatika gebruik word. 2)

Die opstel-onderwerpe wat by hierdie eksamen in 1896 aangegee is, lui as volg: „11. Write shortly (not more than 12 lines) on any one of the following subjects: Een Kaapsche zomer; De vruchten van ons land; Moet een vacantie lang of kort duren?" 3) Eindelik kom die eksaminator nader aan die belangstelling van die kind met opstel-onderwerpe waarin die kind geïnteresseerd is. Maar in 1897 is weer geen brief of opstel gevra nie.

In hierdie jaar (1897) kla inspekteur McLaren oor die onderwys van die moderne tale, Hollands en Duits, en beweer dat die onderrig in hierdie tale tot lees en skryf beperk is, en dat baie meer gebruik van vertaling uit en in Engels gemaak moet word. 4) Die volgende jaar (1898) kla inspekteur Hager weer dat Hollandse taalkunde met uitsondering van 'n paar gevalle, nie bevrediging gee nie. Hollands, in die algemeen, kry nie genoeg aandag in sy afdeling nie, beweer hy. 5)

In 1898 is vir die eerste keer 'n brief by die eksamen gevra: „VII. Write in Dutch a letter to a friend accepting an invitation to spend the next holidays with him (or her), and saying when you will leave, by what conveyance you will travel, and how long you propose to stay. The usual heading, with date, etc. should be given, and the letter should occupy from five to eight lines of the answer-book." 6)

In 1899 is hierdie kennisgewing aan die begin van die vraestel geplaas: „The grammatical questions can be answered either in Dutch or in English." Hierdie vraestel bevat twee stukke vir vertaling: een in Engels en een in Hollands. Daarop volg woord-ontleding, vorming van verkleinwoordjies, en so meer. Dan volg 'n stukkie wat in Engels vertaal moes word;

Hollands wat onder andere die volgende woorde en uitdrukkings insluit: „(1) Tuesday; Saturday; one and a half; three-fourths; August; February;" ens. Vraag 8 lui: „Write in Dutch a short composition, about 12 or 15 lines in length, on one of the following subjects: Life on a farm. Your choice of a Profession. Kindness to animals." (40 punte). Ten slotte volg 'n stukkie vir diktee. 1)

Teen 1900 is al meer klem op die skrywe van opstelle gelê en terselfdertyd is meer inhoud as voorheen vereis. In hierdie jaar bevat deel twee van die vraestel slegs die opstel en diktee, en hiervoor is een uur toegestaan.
Die eksaminator was J.F. van Oordt. In verband met hierdie deel van die vraestel is 'n kennisgewing geplaas:„(Note: The composition should occupy not less than one page of the Answer-book). 1. A description of the town or village, in or near which you reside. 2. Honesty. 3. A Short account of the life of any person famous in South-African History. (Note: Forty minutes will be allowed for the composition)." 2) 'n Onderwerp soos „Honesty" is bepaald nie een wat die volle belangstelling van 'n leerling sou geniet nie - dit is te abstrak.

In 1902 is J.F. van Oordt weer eksaminator en C. Murray die moderator. Die vraestel wyk nie veel van die vorige af nie. Die onderwerpe vir opstelle was die volgende: „1. Your favourite game. 2. The advantage of a good education. 3.Any event of importance in English History." 3) Sonder twyfel het die meeste kandidate die eerste onderwerp gekies.

Die inspekteurs wy nog steeds hul aandag aan die onderrig van Hollands. In 1904 skryf inspekteur Golightly: „The Dutch Readers used are in many cases too difficult. Better results would be obtained by the use of an easier book, which the pupil should at the same time be able to turn into simple idiomatic English. This would be much preferable to the system prevalent in many places of selecting a string of hard

When such a lesson is over the intellectual advancement has been of the slightest." 1)

Die doel wat met 'n leesboek beoog word, is tog hoofsaak-lik om genot te verskaf, om die skone woord, taal en inhoud te geniet. Maar om leeslesse te vertaal, is alleen genoeg om die liefde vir lees dood te smoor in plaas van dit aan te vuur.

Vanaf 1904 tot 1906 is die volgende onderwerpe vir opstelle aangegee: „The seasons (De jaargetijden). 2. Travelling by bullock-waggon. (Reizen per ossenwagen.) 3. Hunting. (De jacht). (Pay special attention to punctuation marks and capital letters)". 2)

„(1) A rainy Sunday. (Een regenachtige Zondag). 2. My mother's fowls.(Mijn moeders hoenders). 3. Our school-locality. (De buurt van onze school)." 3)

„(a) De struisvogel (b) Het nut van de studie der geschiedenis. (c) Hoe ik de vacantie doorbreng." 4) In 1906 is kandidate gevra om in hulle antwoordboeke aan te toon of hulle die vereenvoudigde spelling gebruik. 'n Mengsel van die twee spellingstelsels is nie toegelaat nie. 5)

In 1906 is besluit om hierdie eksamen af te skaf. Sedert 1893 het die vraestelle in Hollands groot veranderings ondergaan. Die laaste vraestel in 1906 sluit onder andere die volgende in: 'n Opstel, diktee, 'n prosastuk vir vertaling in Hollands; 'n aantal sinne en uitdrukkings vir vertaling in Engels; 'n vraag oor die Lydende en Bedrywende vorms; twee taalvrae van die skoolse soort; verbetering van sinne; woordontleding en sinsontleding. 'n Vergelyking met die vraestel van 1893 toon die geweldige verskil aan.

(iii) Besluit. Die opvallendste kenmerk van die vraestelle in Hollands by hierdie eksamen is gewis die invoering van opstelle. Maar die opstelonderwerpe staan in die teken van die Rede: meestal word feite vereis en vir die uiting

geleentheid gebied nie. Alle vraestelle in Hollands getuig van verstandelikheid.

Vertalings bly nog aan die orde van die dag en die taalvrae is beslis nie van die eenvoudigste nie. Van vrae wat die verbetering van foute ten doel het, is dikwels gebruik gemaak. Beide sins- en woordontleding vereis voldoende aandag in die eksamen - meer as wat nodig is om liefde vir 'n taal aan te kweek.

Inspekteursverslae wemel van klagtes oor alle afdelings van taalonderwys: voordrag is leweloos, opstelle is swak ten gevolge van swak onderrig; uitspraak is gebrekkig; die skryf van briewe is ouderwets; lees is swak en onderwysers is onbevoeg om foute te verbeter wat leeslesse, voordrag en opstelle betref.

In 1906 is W.A. Russell as Inspekteur van Hoërskole aangestel en die individuele ondersoek van leerlinge in die twee hoogste standerds C en D afgeskaf. 1)

(b) Skoolhoër/Universiteits Junior Sertifikaat 1892 - 1915.

(1) Eksamens 1892 - 1910. Soos in die geval van die Skool Elementêre Eksamen is na willekeur opstelonderwerpe by die eksamens gegee of weggelaat. Die aard van die onderwerpe verskil nie veel van dié van die Elementêre Eksamen nie.

In 1893 is 'n vraag oor sinsontleding gestel. In 1895 was prof. W.S. Logeman eksaminator, en vraag 3 van sy vraestel lui: "Write the Dutch names of the days, the months and the four seasons. Write a few sentences (about 12 lines in all) on any one of the four seasons." 2) Gedurende die volgende ses jaar is geen opstel-onderwerp gegee nie.

Prof. W.J. Viljoen wat in 1896 as eksaminator optree, stel die volgende vraag in plaas van 'n opstel: "3. Write answers in Dutch (complete sentences, not single words or phrases) to the following questions: 1. What day is to-day? 2. What day will it be to-morrow? 3. Which are the other

5. How many months are there in a year, how many days in a month? 6. What age are you? 7. What o' clock is it? 8. When does your school break up? 9. Where do you intend spending your holidays? 10. Do you like to work or do you prefer to play?" 1)

In 1897 is kandidate gevra om 'n gegewe brief in Engels in Hollands te vertaal. 2) Vraag 4 van hierdie vraestel lui: „Carefully read over the following passage and write in Dutch short, complete sentences in answer to the question based thereon:

A shepherd boy was tending a flock of sheep near a large forest. One day he cried: „A wolf! a wolf!" The peasants in the little town near by heard his shouting and came to help him. When they arrived the boy laughed at them, for there was no wolf there. After some time the boy cried again: „A wolf! a wolf!" The farmers hastened a second time to help him, but found that he had cheated them again. Soon after, however, a wolf really came and now the little boy shouted as loud as he could: „Help! help! a wolf! a wolf!" But this time nobody came and he was devoured.

Questions.

(a) Wat deed de kleine schaapherder? (b) Waar?

(c) En wat deden de boeren, toen ze hem hoorden?

(d) Wat deed de jongen, toen ze bij hem kwamen? (e) Waarom?

(f) Wat deed hij eenigen tijd daarna?

(g) Wat gebeurde kort daarop?

(h) Wat deed de kleine jongen nu?

(i) Wat gebeurde toen met hem?

(j) Wat leert ons dit verhaal?" 3)

Dit is die eerste leestoets wat by hierdie eksamen gestel is. Waarom dit in Engels gestel is, is nie duidelik nie. Dit is niks minder as 'n leestoets in Engels nie.

In die vraestel van 1900 is daar 'n neiging tot verta-

sinne geld die volgende as voorbeelde: „6. I did not like to buy the property. (5 punte). 7. The house was too much like a barn. (5 punte)." 1)

In 1902 is prof. Logeman weer eksaminator en prof. Viljoen tree as moderator op. Die volgende vraag dien hier vermeld te word: „1. The following passage is printed as continuous prose and without signs of interpunction or capital letters. It is really in rhyme. Copy it, dividing it properly into lines, and adding the necessary capitals and commas etc.: liever dan een groot stuk brood heeft een kind twee kleine slokjes dat is geen spel nu zonder zin een lieve leering schuilt er in zoo geve ook my fortuin niet veel maar altyd liefst een needrig deel en in de plooien van haar schoot bewaar ze een ander even groot." 2)

Verder wyk die vraestel nie veel van die vorige vraestelle af nie. Daar is egter 'n lang stuk Hollands vir vertaling in Engels en ses kort stukkies Engels bestaande uit praktiese uitdrukkings vir vertaling in Hollands.

Besondere vermelding verdien egter die onverwagte vraag oor die opstel: „Write from 40 to 50 lines in Dutch (about one page and a half of your answer book) of an essay on one of the following subjects: (a) Fruit-growing. (b) Commerce. (c) Taxes. (d) Rain." 3) Die vorige vraag oor 'n opstel is sewe jaar vantevore gestel (1895) en toe is ongeveer twaalf reëls vereis. Skielik word 40 tot 50 reëls gevra.

In die vraestel van 1903 is onder andere gevra om 'n gegewe Hollandse brief in Engels te vertaal en „Write in Dutch a full reply to the above letter; or Render in English prose the following verses:

De Koolmees.

Mijn knip had in den boom een uurtje pas gehangen,
Of deze koolmees zat erin.
Toen zei ik bij mijzelv': wat zal ik vogels vangen:

Ik zag in al dien tijd geen vink of koolmees weer:
Nu ben ik heel terneer geslagen,
Nu zeg ik bij mijzelv': er zijn geen vogels meer.
Die al te groote dingen wacht,
Omdat hem in 't begin zijn pogingen gelukken,
Is even dwaas, als die tot wanhoop wordt gebracht,
Omdat hij voor een tijd voor tegenspoed moet bukken.

Vocabulary.

Koolmees = tit-mouse. knip = trap." 1)

Niemand twyfel seker daaraan dat die grootste persentasie kandidate liewers die brief sou kies as om hierdie vertaling te doen nie.

Die eksaminatore het blykbaar van die kandidate se belangstelling in opstelle en briewe kennis geneem, want in 1904 kry hulle selfs 'n keuse tussen 'n opstel en 'n brief: „14. Write in Dutch: either the beginning of an essay (not less than 30 lines) about one of the following subjects: (a) War (b) Parliament, (c) Cleanliness or A letter of not less than 30 lines telling your friend how you hope to spend your next holidays, and inviting him to come and stay with you for at least a month to share the fun. Tell him that if you know what day to expect him, you will come to the station to meet him."2)

Ongetwyfeld het kandidate hier weer die brief gekies omdat aldrie opstel-onderwerpe geen aanspraak op die belangstelling van kandidate kon maak nie.

Gedurende die volgende jare is nie veel veranderings te vermeld nie. In 1908 word die volgende vraag gestel: „1.Put the following passage into correct Dutch: As 'n mens van die markplein in Johannesburg langs die poskantoor met die tremlijn reguit loop, kom jij eers langs 'n klomp mooi gebouwe en winkels, wat elkeen kan gaan sien. Daar is skoenwinkels en kleerewinkels en grote hotelle en bars, en alles lijk regte

laat jou denk, dat jij in glad 'n ander straat gekom is." 1)

Vanaf 1910 word die naam van hierdie eksamen die "Universiteits Junior Sertifikaat". Die aandag en verwagtings is heel natuurlik nou op die vrae oor voorgeskrewe werke toegespits. Oor „Jan Smees" en „Uit het Volk" is die volgende vrae in 1910 gestel:

„X. 1. Beantwoord één van de twee volgende: (a) of (b) (Niet alle twee!)

(a) Wat is de bedoeling van de woorden: "Uit het volk" in de titel van het boek, dat ge gelezen hebt?

(b) Wie is (of was) de schrijver van „Jan Smees"? Wanneer en waar heeft hij geleefd? Noem nog een paar van z'n andere werken.

2. Geef de vertaling in het Engels van: het gasthuis; volslagen duisternis; het is gerust alles; een klinkende oorveeg; onheilspellend; drogist; eniger mate; nat en guur weer; een klant; slaapdronken; telkens; spekslager.

3. Zeg heel kort wie de volgende personen zijn, en wat ge van hen denkt: Bertus; juffrouw van Toorn; Leen.

Wie of wat is: de Vergulde Gaper." 2)

Die eksaminatore kon maar nie van vertaalwerk vrykom nie. Baie meer vrae kon oor die inhoud van die boeke gestel word. Vrae (a) en (b) het niks met die inhoud van die boeke te doen nie; die kandidate kon net sowel 'n lewensgeskiedenis van die skrywer in plaas van sy boeke bestudeer het. Slegs vraag drie handel oor persone wat in die verhale optree.

(ii) <u>Inspekteur S.F.N. Gie rapporteer oor Hollands</u>. In 1910, dieselfde jaar waarin Mnr. S.F.N. Gie as aflos-inspekteur en inspekteur van Hollands aangestel is, lewer hy reeds rapport oor die onderwysmetode in Hollands. Hy skryf onder andere dat een van die mees voorkomende vorms van 'n taalles, nl. om te lees om die beurt, in 'n groot klas maklik 'n nuttelose oefening word. Gelyktydig lees is ingevoer om nou en

leerlinge van 'n groot klas toereikende oefening in die praat van goeie Engels of goeie Hollands te gee. Veral moet doeglik nadruk op die juiste indeling van sinne gelê word. Dit is wel moontlik om goeie gelyktydig lees te verkry. Goeie lees van 'n klas is nie onmoontliker as goeie klassang nie.1)

Voorts skryf die inspekteur: „Een degelike grammatikale ontleding van de zin moet tot de verstandelike grondslag van alle taalonderwijs gemaakt worden." 2) Hierbo is van die juiste indeling van sinne gepraat, skryf hy verder. Dit beteken eenvoudig die met die stem groepeer van woorde, wat gesamentlik die verskillende frases en dele vorm, waarin die grammatikale die sin verdeel. 3)

Oor die behandeling van voorgeskrewe werke skryf hy: „Als een letterkundig werk, Engels of Hollands, in de klas bestudeerd wordt, vlecht tans de onderwijzer te dikwijls zijne opmerkingen bij het lezen in. Zo dikwijls komt er iets tussen in dat de belangstelling in de leerstof vermindert, en de betekenis van het geheel in zekere mate uit het oog verloren wordt. Het zou beter zijn als de onderwijzer zijne mondelinge opmerkingen bewaarde totdat het lezen van de les voor de dag ten eind was, en dan op stelselmatige wijze handelde over alles dat der kennisneming waard was bij het gebruik van biezondere woorden of in de zinsbouw of in de leesstof. Op die wijze zal beter begrip gekregen worden van de letterkundige stijl van de schrijver en van zijn vermogen om karakters te schetsen." 4)

(iii) <u>Eksamens 1910 - 1915</u>. Gedurende die hierop volgende jare het weinig verandering ingetree. Die vraestel van 1915 toon duidelik aan watter veranderings wel plaasgevind het. Wat voorgeskrewe werke betref, is die vrae byna soortgelyk aan dié in 1910 gestel, met weglating van die vertaling van uitdrukkings uit die werke geneem. Die kandidaat moes nou die uitdrukkings verklaar en sê deur wie en by watter ge-

'n parafrase; indirekte rede; sinsontleding; verbetering van sinne; gebruik van uitdrukkings in sinne; invul van voorsetsels; diktee.

(iv) Besluit. Oor hierdie eksamen dien opgemerk te word dat daar gaandeweg 'n neiging tot die gereelde gee van opstelle en/of briewe in die vraestelle geopenbaar is. Die opstelonderwerpe het allesbehalwe aan die ideaal beantwoord. Die keuse tussen die onderwerpe het gaandeweg groter geword, totdat in 1915 ses onderwerpe om van uit te kies gestel is. Die eise is met verloop van tyd ook hoër gestel, veral na 1910 toe Hollands op gelyke voet met Engels gestel is. Waar vroeër slegs 12 reëls vir 'n opstel vereis is, is die aantal reëls tot van 40 tot 60 vermeerder.

'n Neiging tot meer vrae oor parafrasering is ook merkbaar. Die vrae oor sinsverbetering sowel as die stuk vir diktee behou nog steeds hul plek. 'n Goeie tipe vraag is vraag 7 van die vraestel in 1915, nl. om passende voorsetsels in sinne in te vul. Die eksaminatore het blykbaar tot die besef gekom dat 'n persoon eers dan 'n taal kon as hy die voorsetsels reg kan gebruik. Vertaaloefeninge is reeds iets van die verlede, en die ou skoolse taalvrae het ook in vergetelheid geraak.

Wat die vrae oor voorgeskrewe boeke betref: Te weinig vrae is oor die inhoud van die boeke, veral in verband met prosawerke, gestel. Die eerste vraag van die vraestel van 1915 handel oor die skrywer self, wat, hoewel nodig, nogtans nie noodsaaklik is nie.

Die peil van die vraestelle is weliswaar verhoog; dog kandidate het beslis baie meer plesier daarin gevind om hierdie vraestelle te beantwoord as die dorre, intellektualistiese taalvrae van die jare voor 1910.

(c) Matrikulasie, 1892 - 1915.

(i) Eksamens 1892 - 1904. Tot 1899 is geen opstel-onder-

corresponding clerk in a mercantile business." 1) In hierdie jaar is 268 kandidate in Hollands geëksamineer. Daar was altesaam 336 Matrikulasie-kandidate.2) Die volgende jaar (1895) moes kandidate die volgende brief skrywe: „X. Write a Dutch letter to a friend describing your examination experiences." 3)

In 1898 tree Ds. P.A. Strasheim as eksaminator op. Die vertalings by hierdie eksamen bestaan meestal uit prosa en uitdrukkings. Die volgende vraag vestig die aandag op die aard van vrae oor sinsontleding:

„Analyse:- Om hem zyn wrevel moe te maken
Vergeef ik hem myn leed,
En ben, waar 't ooit zyn heil moog' raken,
Tot zynen dienst gereed.
En wordt hy, tot myn leed en schade,
Door weldoen meer verwoed,
'k Wil voor hem bidden om genade
Tot God die my behoedt.

Parse carefully the words in the first four lines." 4)

Die inhoud van die vraestel van 1899 word kortliks hier aangedui : 'n taalvraag oor die a en u - klanke in ope lettergrepe; verskille in betekenisse van woorde soos bv. geld en gelden; geslagsreëls; trappe van vergelyking; verbetering van sinne; sinsontleding van 'n vers van ag reëls met woordontleding van sewe woorde; 'n skoolse taalvraag; vertalings.5)

In 1900 tree prof. Viljoen as eksaminator op. 'n Opstel van nie minder as 25 reëls oor een van die volgende onderwerpe is gevra: „(a) Oost west, thuis best. (b) De keuze van een beroep. (c) In den nood leert men zijn vrienden kennen." 6)

Vraag twee is 'n parafrase: „Express in simple prose (Dutch or English) the meaning of the following verses:

1) University Calendar, 1894 - 5.p.23. 2) Ibid., p.231.
3) University Calendar, 1895 - 6.p.22. 4) Ibid..1898 -99.p.14

Schoone schepping in de schepping

Is de wilde waterval,
Die daar tuimelt van de rotspunt,
Die daar dondert in het dal.

Schoone schepping in de schepping

Is het steigerende meer,

Dat, al bulderend, zijn golven

Roert en wentelt, heen en weer.

Schoone schepping in de schepping

Is de vlammende vulkaan,

Die het vuur, dat in zijn hart is,

Naar den hemel op doet gaan.

Maar nog schooner in de schepping

Is de menschenziel, in gloed,

Opgerakeld door de geestdrift,

Aangeblazen door den nood." 1)

Tot 1908 is verder geen briewe of onstelle by eksamens gegee nie.

(ii) „De Unie - tipiese Matrikulasie-antwoorde. In 'n paar uitgawes van „De Unie" vanaf Oktober 1905 tot Februarie 1906 is tipiese eksamenantwoorde aangegee. Hierdie voorbeelde is uit eksamenantwoorde van 1902 geneem. Vraag een van Afdeling een het die vroulike vorme van onder andere echtgenoot en regent gevra. Die volgende was tipiese antwoorde: echtgenietinnen en koningin - generaal en -merrie.

Vraag drie: Vergelyk Nederlands met Engels ten opsigte van die gebruik van die woorde tussen hakies:

„(c) He has sold his old coat and bought a new (one).

Hy heeft zyn oude (kat) verkocht en een nieuwe gekocht.

(e) We have an old (goat) and two young (ones).

Wij hebben een oude (bokooi) en twee kleine (deurtje) 2)

Vraag vier: Skryf die verlede deelwoord van:

„aderlaten: laten aderen; andergelaten; is't misschien, ach-

Vraag sewe: Verbeter of verdedig die vorme tussen hakies:

„(c) Aan de vijgeboon vonden ze niets (dan) bladeren.

Not quite correct, but the sentence has been taken out of the Bible, and therefore, though slightly incorrect, should be left unaltered." 1)

Vraag agt: Woord- en sinsontledings:

„henen: 3 pers. sing. pres. ind. of henen, heende, geheend.
neigen: weak verb derived from neiken, neikte, geneikt." 2)

As voorbeelde van vertaling dien die volgnde frases:

„Of his Norman descent: van zijn Normaalsche afstijgen; van zijn Norsche oorspronkelijkheid." 3)

Die bydraer skryf onder andere: „Vermakelik, zeer, waren eveneens de nietige uitvluchten en ontboezemingen van enkele kandidaten, wier gebrekkige taalkennis nu eens aan de weergesteldheid, dan weer aan de buitengewone moeilikheid van de taal zelve werd geweten. Anderen zochten de examinator voor zich in te nemen, door hem een of ander zegenwens by de wisseling van het jaar mee te geven, allemaal strohalmen, waaraan zich vele drenkelingen vruchteloos zochten vast te klampen. Zichier enkele van die vijgebladen, waarachter men zijn schamele kennis poogde te verhelen:, Dutch is a most beautiful language, but oh! so very difficult!' ‚Een blijde kerstfeest en een gelukkig nieuw jaar aan u mijnheer, van no. 518." „You examiners certainly don't give a fellow a chance to score - Horrendum Stridens!" 4)

Maar die volgende briefie in die antwoordeboek van 'n kandidaat klink byna patetics: „Respected Professor, I trust you will grant that I may attain to the required minimum to pass in this paper and will pardon some of the erroneous statements which I have written, for I have only been studying the Dutch language for 18 months or close on 2 years. I am, trusting you will do as requested above, your subservient candidate and competitor, no. 613." 5)

Die volgende kandidaat staan kritiek teenoor die studie

van die Hollandse taal: „Have mercy on a poor dunce for his sins and allow him to pass. Though, is one a dunce, if he, she or it cannot learn Dutch? I should not say so, for who can learn a language, which has about ten times as many exceptions as rules?" 1)

(iii) Eksamens 1905 - 1912. Vraag drie van die vraestel van 1905 lui: „Rewrite the following, substituting for the English forms in brackets the pronominal forms required: ' „(That) meisje (whom) wij gisteren zagen en (whose) hoofd zoo aardig getooid was, heeft (her) mutsje verloren; ik heb het gevonden en (her) teruggegeven, waarvoor (she) mij hartelijk bedankte." 2)

In die eksamenvraestel van 1906 is kandidate gevra om aan te toon watter spelling hulle gebruik. Vraag twee van Afdeling A. lui: „Write out the following passage, introducing the approved simplifications in spelling, grammar and word-forms: ‚Myne ongelukkige dochter,' zeide de liefderijke oude leraar, ‚gij hebt schrikkelijk tegen God misdaan, want Hij heeft gezegd: ‚Eer uw vader en uwe moeder, opdat uwe dagen verlengd worden,' en gij, wat hebt gij gedaan?" ens. 3)

In 1909 is weer met die skrywe van opstelle begin: „Schrijf in het Hollands een opstel van niet minder dan 120 woorden (d.w.z. zowat 15 regels) over een der volgende onderwerpen: Postzegels-verzamelen. Het kiezen van een beroep. Een buitenpartij (Picnic)." 4)

In die nuwe regulasies wat in 1912 in werking sou tree, is vertalings geheelenal uitgesluit en opstelle en briewe ingesluit.

(iv) Die S.G.O. behandel die Matrikulasie-eksamen. Oor hierdie eksamen skryf die S.G.O. in sy rapport van 1912: „Het werk in de laatste drie jaren van de Hogere Scholen wordt door het Onderwijs Departement geïnspekteerd, maar de leerlingen worden niet individueel geëxamineerd. Zoals gezegd,

rol, inderdaad een overheersend rol speelt bij het vaststellen van de studiekursussen en bij het kontroleren van het werk en, tot op zekere hoogte, bij de methoden door de onderwijzers gevolgd." 1)

Voortgaande behandel die S.G.O oers die voordele aan die Matrikulasie-eksamen verbonde. Hy skryf dat die studiekursus nie slog ontwerp is nie; dit verskaf 'n gebalanseerde onderwys vir leerlinge. Ook word die eksamens met sorg gelei. Daar kom wel foute voor soos swakkes wat slaag en goeies wat druip. 2)

Bowendien is die mededingende karakter van die eksamen opgehef en verskyn die name van geslaagdes in alfabetiese volgorde. Ten slotte is Matrikulasie 'n erkende eind-eksamen wat die plek van 'n verbysterende aantal toelatings-eksamens ingeneem het. 3)

Maar die Matrikulasie-eksamen ly ook aan baie gebreke. Die eksaminatore is nie in voldoende noue aanraking met die skoolwerk nie en hulle word hoofsaaklik uit die geledere van Kollege-professore gekies. Hulle staan weliswaar onafhanklik en onpartydig teenoor die kandidate maar aan die ander kant weet hulle te min van die praktiese kant van skoolarbeid. Gevolglik is eksamenvraestelle dikwels te moeilik of op ander wyses ongeskik vir leerlinge van 16 of 17 jaar met die gevolg dat daar 'n lae standaard vir die antwoorde aangeneem moet word om met goeie gevolg aan die eksamen te kan voldoen. Die meeste opvoedkundiges sal erken dat dit beter sou wees om hier eenvoudiger vrae te stel en 'n hoër standaard van antwoord te verlang. Ook is beter klassifikasie van die eksamenvraestelle hoog nodig.4)

Die S.G.O. se geregverdigde kritiek sou reeds in 1874 van toepassing kon wees. Die sienswyses in verband met die Matrikulasie-eksamen word baie raak deur die S.G.O. beskryf:

„Over 't geheel wordt gevoeld, dat het eksamen, zoals tans

soms over 't lawaai dat gemaakt wordt over een achteruitgang van 8 of 9 persent in het aantal geslaagden by dit eksamen maar het is in werkelikheid een ernstige zaak. Het niet slagen in 't geval van ongeveer 80 of 90 leerlingen, waarvan men verwacht had, dat ze zouden slagen, betekent aanzienlike zedelike pijn voor henzelf en voor hun families, het verlies van een geheel studiejaar en in sommige gevallen de sluiting van de deur voor verdere vooruitgang."1) Opvallend is die feit dat hierdie toestand tot vandag toe nog heers- 'n bewys van hoe weinig vooruitgang ten opsigte van die uitsluiting van die allesbepalende invloed van eksamens gemaak is.

(v) Inspekteur Russell kritiseer die eksamens van 1913. In 1913 breek daar 'n storm van verontwaardiging oor die groot aantal druipelinge in die Matrikulasie-eksamen los. In 1912 slaag 923 van die 1649 kandidate, dog in 1913 slegs 574 van die 1316. 2) Inspekteur Russell, egter, gee die volgende syfers aan: In 1912 slaag 923 van die 1680 kandidate, d.w.s. 54.9%. In 1913 slaag 574 van die 1317 kandidate, d.w.s. 43.5%.

Hierdie inspekteur van Hoërskole kritiseer daarop die rapporte van die eksaminatore oor die Matrikulasie-eksamen van 1913: „In my judgment the fault lies mainly with the Examiners and the nature of the Examination papers, not their range so much as, first, the standard and character of the questions set, and second, the length of the papers. The questions, in most cases, are considerably too difficult, and imply a greater maturity and activity of mind than can be legitimately expected in a boy or girl of 17 years of age or thereabout." 3)

Inspekteur Russell is geregverdig in sy kritiek; trouens soos hy dit self stel, „the proper standard of question in secondary school examinations for the average pupil has not yet been adequately ascertained." 4) Dit wil voorkom of dit

by dieselfde eksaminator in verskillende jare.

Voorts skryf Russell: „In consequence of the style of question in the Language paper, especially the Dutch paper, it has become a custom in schools to make pupils commit to memory an immense number of proverbs and so-called idiomatic expressions - (moontlik uit „Idiomen" van Dingemans en van Braam?) - at once an intolerably heavy burden for the memory and a vicious method of learning a language. Instead of being „crammed", matters like these should be learned naturally as they are met with in the course of reading." 1) Maar selfs „if even a fairly high standard of answers is expected, the University is making unconscionable demands on boys and girls of 17 years of age." 2)

Inspekteur Russell wend hom vervolgens tot die probleem van die lengte van die vraestelle: „Then again the length of the papers presses unfairly on youthful candidates. They have not yet gained the experience which enables older students to distribute their time judiciously among the different questions. Generally the better candidates are writing as hard as they can from the beginning of the examintaion to the end. Examiners comment in caustic terms on gross errors in spelling and in grammatical construction, and on bad handwriting, and attribute these things to ignorance and carelessness. They are frequently due to haste and excitement - the candidates are writing against time- and, towards the end of the examination, to mental fatigue. The frequent complaint also concerning lack of thought and of originality in essays is equally unjust. How can there be thought or originality if insufficient time is given for reflection?" 3)

Op so 'n wyse het die eksaminatore van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop nog nooit deurgeloop nie. Inspekteur Russell het dinge gesê wat lankal algemeen gevoel en gesê is, maar wat nooit die krag van outoriteit gehad het om

candidates to pass on a low percentage of marks, no great injustice was done, though it would have been better educationally to have had simpler papers and a higher standard for a pass. Last year, however, the standard was raised very considerably, with the result that there was a very large percentage of failures. The seriousness of the position may be estimated by the fact that at the recent examination there were, for the whole of South Africa, only 574 successful candidates as compared with 923 and 1117 in 1912 and 1911 respectively i.e. we have only a little more than one half of the usual supply of matriculated students to fulfil all the demands that are made on this class of student. Owing to the causes specified above some injustice has, in my opinion, been done, and a higher percentage of candidates than actually passed were fit to proceed to the next stage of their professional studies." 1)

Inspekteur Russell is egter nie net krities nie, maar ook konstruktief en gee 'n paar hervormingsmaatreëls aan die hand. Aangesien die Matrikulasie-eksamen van sulke praktiese belang in hierdie land is omdat dit toegang tot so baie beroepe bied, behoort groot sorg gedra te word om dit op so 'n bevredigende basis as moontlik is, te plaas. "The following reforms are needful, in my opinion: Shortening of the examination papers, simplification of the questions, better standardisation of the papers, and, if a practicable way of doing it can be found, a check on the results of the examination by a reference to the school record of each candidate." 2)

Inspekteur Russell was volkome juis in sy oordeel en die laasgenoemde aanbeveling het heelwat later ook werklikheid geword. Dit is verwag dat Russell ook melding van die feit sou maak dat die Universiteit geen aandag aan mondelinge werk bestee nie. Maar hierdie saak sou eers gewig dra as die skoolrekord 'n bepalende invloed by eksamens gaan uitoefen.

1) Report of S.G.E., 1913, p.14. 2) Ibid.

Hierdie kritiek van Russell het sy uitwerking gehad: In 1914 het 780 van die 1438 kandidate, dit wil sê 54.2 persent, geslaag. Meer mense as die S.G.O. was oor die skielike swaai van die pendulum in die teenoorgestelde rigting verbaas.

(vi) Die Suid-Afrikaanse Akademie en eksamens. Ook „De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst" het sy stem oor hierdie eksamen van 1913 laat hoor. Prof. Kamp het die volgende beskrywingspunt by die vergadering van die Akademie aanhangig gemaak: „Kan de Akademie niet haar invloed aanwenden om beter Hollands tekstwerk voorgeschreven te krijgen in Schoolhoger- en Matriek-eksamens?" 1)

Prof. Kamp sê dat die uitslag van hierdie twee eksamens die vorige jaar treurig was; so treurig dat daar selfs van Engelse kant protes uitgelok is. Die klagte was dat die kinders wel reëls leer, maar nie die taal nie. Syns insiens kom dit daarvan dat die voorgeskrewe teksboeke ongeskik was: „Er moesten tekstboeken voorgeschreven worden zo eenvoudig van taal dat ze zich aansloten by de taal van de leerling." 2)

Die spreker bewoer dat dit nie die geval met die voorgeskrewe boeke vir 1913 was nie. Toe is „De Tocht naar Rusland" voorgeskryf. Die inhoud was van so 'n aard dat spreker as eksaminator met die grootste moeite drie of vier vrae daaruit kon stel om uit te vind „of de kandidaten de taal zich eigen gemaakt hadden." Ook is 'n werk van de Genestet voorgeskryf, good vir ou mense maar nie vir jong kinders nie - hulle kon dit nie geniet nie. Die spreker kritiseer ook „Jan Woutersz" van Schimmel en „Ada van Holland" van Beets wat vir Matrikulasie voorgeskryf is. „Wy breken ons huis af, zeide hy, net zo hard als maar mogelyk is. Wat verdist wordt is krachtig maar eenvoudig Hollands en daar is tegenwoordig een stortvloed van zulke literatuur om van te kiezen." 3)

Prof. dr. le Roux sê dat die toestand soos prof. Kamp

voorskryf van boeke belas is, gesit en slaap het. Daar is in die reël geen aanbevelings voor die end van die jaar gemaak nie, en dan word die werk halsoorkop gedoen. Hy stel dus voor dat 'n kommissie van drie lede benoem word wat met die „School Examinations Committee" moet saamwerk om geskikte Hollandse lektuur by dié eksamens voorgeskryf te kry. So 'n kommissie wat uit prof. dr. Cillié, prof. A. Francken en prof. J. Kamp bestaan, is ook benoem. 1)

Prof. Moorrees merk op dat toe besluit is om Engels en Hollands op heeltemal gelyke voet in hierdie eksamens te stel, daar van Engelse kant die voorwaarde gestel is dat die Hollands nie te maklik gemaak sou word nie. Volgens hierdie sienswyse is tot nou toe gehandel en die voorgestelde kommissie behoort dit in die oog te hou. 2)

(vii) Die vraestel van 1915. Oor die vraestel van 1915 val weinig op te merk. Slegs twee vrae oor die voorgeskrewe werk „Het Slot Loevestein" van Oltmans dien vermeld te word: „1. Tot welk soort van letterkundige werken behoort Het Slot Loevestein? Vertel wat ge verder omtrent dit soort weet en noem nog twee schrijvers van dergelijke verhalen met twee werken van elk. 3. Wat kunt ge opmerken over de taal en de stijl van Oltmans? Vindt ge dit verhaal aantrekkelik of niet? Geef uw redenen."

(viii) Besluit. Tot 1911 het die vraestelle in Hollands vir hierdie eksamen weinig veranderings ondergaan. Eers sedert 1909 is elke jaar 'n opstel en/of brief vereis. Selfs tot 1915 is die opstelonderwerpe hoofsaaklik op feitekennis gebaseer, en lê die onderwerpe meestal nog buite die ervarings- en belangesfere van die leerling.

Vertalings het hul plek tot 1911 behou maar daarna is hulle vergoed uit die vraestelle uitgesluit. Ook is die eksamenstelle sedert die gelykstelling van die twee hooftale van die skoolse taalvrae bevry en is nie meer gevra om die

In die eerste vraestelle in die afdeling voorgeskrewe werke is te weinig aandag aan inhoud bestee, maar gaandeweg het veranderings ingetree soos uit die vraestel van 1915 blyk. Vraag een in die vraestel van 1915 dui meer op 'n vraag in 'n letterkunde-vraestel terwyl 'n vraag oor styl (vraag 3, 1915) vir 'n matrikulant baie moeilik is veral waar die taal Hollands is.

Soos uit die vraestel van 1915 blyk, is slegs vrae oor die eerste twee uit die lys van voorgeskrewe boeke gestel. Die ander drie boeke is vir opsteldoeleindes aangewend. Daar bestaan geen keuse van vrae nie sodat leerlinge tien vrae in drie uur moes doen wat beslis te veel gevorg is.

Die totstandkoming van Unie het oneindig veel vir die verheffing van Hollands tot een van die hooftale gedoen. Al die agitasies, vergaderings en verenigings wat hierdie doel beoog het, het met groot moeite en koste en bitterheid nie 'n helfte soveel as artikel 137 van die Unie-grondwet uitgevoer nie. Maar hierdie agitasies en die werk van verenigings was noodsaaklik as voorbereiding vir genoemde wet. Indien geen werk van hierdie saak vooraf gemaak was nie, sou artikel 137 nie nodig gewees het nie en sou Hollands steeds 'n moderne taal gebly het - miskend en ongeag.

HOOFSTUK V.

DIE ONDERGANG VAN NEDERLANDS, 1915 - 1921.

1. DIE OORGANGSPERIODE VAN NEDERLANDS NA AFRIKAANS, 1915 - 1921.

(a) C. Murray word S.G.O., 1915 - 1917. Vanaf dr. Muir se aftrede in 1915 tot 1917 ageer C. Murray as waarnemende S.G.O. Gedurende hierdie tydperk is 'n nuwe liggaam daargestel om die Matrikulasie-eksamens af te neem, terwyl baie van die eksaminerende funksies van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop aan die nuwe Universiteit van Suid-Afrika oorgemaak is. Die Universiteit van Suid-Afrika sou voortaan o.a. die eksamens vir die Universiteits Junior Sertifikaat afneem.

Hierdie veranderings is moontlik gemaak deur die universiteitswette van 1916 wat onder andere bepaal het dat die nuwe eksaminerende liggaam, nl. die Gemeenskaplike Matrikulasieraad onder die Universiteit van Suid-Afrika sou ressorteer. Hierdie raad sou bestaan uit verteenwoordigers van die verskillende universiteite, die Provinsiale en Unie-Onderwysdepartemente en die onderwysers in publieke en private sekondêre skole. 1)

(b) „Rapport van de Kommissie over „Taal Ordonnantie" (11 van 1912.) In 1915 is hierdie kommissie aangestel om rapport oor die toepassing van die Taal-ordonnansie van 1912 in die skole te lewer. In 1917 is die rapport gepubliseer. Die Kommissie bevind dat aan genoemde ordonnansie nie uitvoering gegee is nie en dat die feit dat onderwysers nie vir die taak bevoeg is nie, as een van die oorsake daarvoor beskou moet word. 2) C.J. Langenhoven, een van die kommissieledo, stem egter nie met hierdie bevinding saam nie.

Die kommissie verstrek die volgende syfers;

Skole met Engelse kinders alleen : 164.

Skole met Hollandse kinders alleen: 1638.

Engelse skole met huistaal as medium: 163.

Hollandse skole met huistaal as medium: 408

Hollandse skole met nie huistaal nie as medium: 145

Hollandse skole met huistaal gedeeltelik as medium: 1085...
1638. 1)

Getal onderwysers wat bevoeg is om onderwys in albei tale te gee:

Onderwysers.	In staat.	Gedeeltelik.	Nie.	Nie opgegee nie.
4868	3187	18	1431	232
Persentasies.	65.47	.37	29.40	4.76 2)

C.J. Langenhoven, B.A., LL.B., L.P.R. stel 'n aparte memorandum saam waarin hy onder andere beweer dat 'n beproefde oplossing van die taalvraagstuk tot dusver misluk het. As 'n oorsaak vir hierdie toestand vermeld hy die nalatigheid van die administratiewe beamptes in die verlede - beamptes wat geen simpatie met die taal-ordonnansie het nie. Daarop toon hy die gees van teenkanting van die kant van beamptes aan. 3)

Vervolgens beweer hy: „En toch door de tweetaligheid der opgevoede hollandsprekende sektie wordt de betrekkelike eentaligheid der engelssprekende sektie mogelik gemaakt." 4)

Langenhoven beweer dat die erkenning van Afrikaans die sleutel tot die oplossing van die vraagstuk is. 5) Hy sê dat ons „het afrikaanse kind met een voertaal wil bezadelen die niet zijn huistaal is," 6) naamlik Nederlands.

Tipies van Langenhoven is die volgende bewering: „De meer bevoorrechten onder ons Afrikaners hebben tweetaligheid behaald - waaronder ik bedoel de bekwaamheid om engels dogelik te schrijven en te spreken en hollands gebrekkig te schrijven en in het gehoel niet te spreken..." 7)

Langenhoven se bewering was volkome juis. Daardie soort tweetaligheid veral ten opsigte van Afrikaans tref ons vandag nog baie aan onder die naam van „a working knowledge of Afrikaans."

1) Rapport van de Kommissie over Taal Ordonnantie (11 van 1912) Aanh. 111B., p. 51. 2) Ibid., Aanh. VI., p. 55. 3) Ibid., Aanh. VII., p. 56 - 57. 4) Ibid., p. 57. 5) Ibid., p. 59

In hierdie jaar herhaal die waarnemende S.G.O die gestelde ideaal van die taal-ordonnansie:

„The Language Ordinance in practice, therefore, gives mother-tongue instruction up to and including Standard IV, and equality of opportunity thereafter. It also provides for parallel classes in certain cases, for bilingual instruction - through bilingual teachers in the vast majority of primary, and a percentage of secondary schools, and it does not separate the races into different camps but breaks down entirely the theory of separate schools for English and Dutch-speaking children respectively." 1)

Intussen is vakansiekursusse gereël om onderwysers in staat te stel om aan die vereistes deur die Taal-ordonnansie gestel, te voldoen. 2)

(c) Afrikaans op skool:

(i) Ywer vir Afrikaans op skool. Dwarsdeur die land is vir Afrikaans op skool geywer. In 1918 skryf 'n Suid-Afrikaanse onderwysblad dat onderwysers van Hollands almal ten gunste van Afrikaans is. Die invoer van Afrikaans sal tot tweetaligheid lei en dit sal ook beter onderwysmetodes tot gevolg hê, skryf die blad. Die skrywer vervolg: „It is pathetic to see, as we can see any day, children who are supposed to have had seven or eight years instruction in High Dutch, quite incapable of following a simple lesson in that language. Such is the nugatory result of the lifeless teaching of (to them) a lifeless language." 3)

(ii) Sir Frederic de Waal se voorstel en die houding van onderwysers: In 1918 is op voorstel van sir Frederic de Waal sonder teenstand besluit om Afrikaans in plaas van Nederlands onder die taal-ordonnansie van 1912 tot en met Standard IV te verstaan indien die betrokke skoolkommissie dit so besluit. 4)

Die houding van die onderwysers teenoor Afrikaans kan

1) Report of Acting S.G.E., 1917, p.l. 2) Ibid., p.l.

kortliks weergegee word: „Dit was aanvanklik 'n vyandige houding, en veral om die praktiese besware soos die gebrek aan opleiding as onderwysers van Afrikaans, afwesigheid van 'n algemeen-aanvaarde skryfnorm, e.d.m., naas teoretiese moeilikhede soos verbreking van die kulturele bande met Nederland. Met die verwydering van die vernaamste struikelblokke (spellingreëling e.a.) het die beginsel van moedertaalmedium tog geseëvier oor alle teenstand en hindernisse." 1)

Ook „Die Unie" het sy vyandige standpunt van voor en na 1914 nou laat vaar en sy gewig by die ondersteuners van Afrikaans ingewerp.

(d) Dr. W.J. Viljoen word S.G.O.

(i) Veranderings in die onderwys. Dr. W.J. Viljoen is in 1918 as S.G.O. van Kaapland aangestel. In sy eerste jaarverslag verstrek hy die volgende syfers in verband met sekondêre skole in die Kaapprovinsie:

	1917.	1918.
Hoërskole	50	56
Ander sekondêre skole	48	45
Intermediêre skole	98	110. 2)

Die S.G.O. besluit nou definitief om Standerd VI as 'n primêre skoolstanderd te klassifiseer. Die sekondêre kursus sou voortaan vier jaar na Standerd VI duur. Daar sou drie klasse skole wees: Primêre, wat opleiding tot Standerd VI verskaf; Sekondêre tot Standerd VIII en Hoërskole tot Matrikulasie (4 jaar na Standerd VI. 3) Die Departement oorweeg toe ook om 'n junior en 'n senior sertifikaat-eksamen in te stel. 4)

In verband met die in die vooruitsig gestelde sekondêre skoolkursusse skryf die S.G.O.: "Rigid uniformity has been tolerated far too long, and the time is certainly ripe for the introduction of a series of differentiated secondary school courses." 5) Die S.G.O. spreek die hoop uit dat sekon-

die eerste eksamen vir die „junior leaving certificate" in 1921 sou kon plaasvind. Die doelstellings sou wees: „sound general education" en „suitable preparation for their (d.i. die leerlinge se) future career." 1)

Die basiese vakke vir onderrig in hierdie kursusse sou onder andere insluit: „(a) the home-language (b) the second official language," ens. 2)

Aangesien die Departementele Junior en Senior Sertifikaat-eksamens gedurende die Viljoen-regime ingestel is en in daardie tyd dus die grondslag van ons hedendaagse onderwysstelsel in vorm en inhoud gelê is, blyk dit wenslik om dr. Viljoen se opinie oor Afrikaans hier breedvoerig weer te gee. Hy is reeds bekend as 'n vurige kampvegter vir die behoud van die Hollandse taal. Dat hierdie voorkeur aan Hollands sy neerslag in die leerplan vir Afrikaans sou vind, sal niemand as buitengewoon beskou nie. Tot op die huidige oomblik ondervind die onderwys nog daardie invloed.

Dit word dus gevoel dat sy houding teenoor die plek wat Afrikaans in die skole inneem, hier meer as net terloopse vermelding verdien. Dientengevolge word sy standpunt soos deur homself gestel, hier woordeliks weergegee.

(ii) Dr. Viljoen oor Afrikaans.

„25. De Plaats, die Afrikaans inneemt.

„De bepalingen van Ordonnantie no. 25 van 1919 doen meer dan Afrikaans op een volkomen gelijke voet met Nederlands te stellen; ze nemen aan, dat het een onafhankelijke taal is in staat om al zijn diensten te verrichten zonder hulp van Nederlands. Afrikaans kan voor enig doel gebruikt worden; en voor zover Afrikaans wordt ingevoerd, wordt Nederlands afgedankt; de twee sluiten elkander uit.

„Ofschoon het meer de plicht van het Departement is om de wetten en ordonnanties op het wetboek geplaatst uit te voeren dan om die te bespreken, is het vraagstuk van het ge-

nauwkeurig op te nemen en de aandacht te vestigen op sommige van zijn hoofdkenmerken.

„Enkele jaren geleden was de teoretiese en praktiese gelijkstelling van de engelse en de hollandse taal het ideaal, waarvoor ondersteuners van de hollandse taal werkten; en onder „de hollandse taal" verstonden zij Nederlands. Ten goede of ten kwade is de toestand enkele jaren na de Uniewet veranderd, en Nederlands wordt nu door velen in alle opzichten beschouwd als een vreemde taal. Het idee, dat Hollands (Nederlands) ooit een voertaal in ons stelsel van onderwijs en in het dagelijks leven zal worden, naast Engels en op gelijke voet daarmee, kan nu niet langer vastgehouden worden.

„De vervanging van Nederlands door Afrikaans als voertaal bij het onderricht van Hollandssprekende kinderen in de eerste jaren van hun schoolleven is zeker opvoedkundig gezond. Afrikaans heeft zo 'n bepaalde vorm aangenomen, dat het niet als onvolmaakt Hollands kan beschouwd worden, en het voldoet zo geheel aan de eisen van het dagelijks leven, dat er geen behoefte is aan het gebruik van Nederlands voor gewone doeleinden. Zelfs als het mogelik bevonden werd om in de eindstandaards van de lagere school enige tijd te besteden aan het onderricht in Nederlands als vak, zou de opvoedkundige waarde van zulk een kort tijdperk van studie in dat stadium gering zijn, terwijl het meer dan twijfelachtig is, of het verstandig zou zijn om gedurende de lagere schoolkursus te trachten om twee talen aan te leren buiten en behalve de huistaal van de leerling. Zover als de lagere school aangaat, schijnt het dus zekerlik het beste te zijn om Nederlands geheel en al uit te sluiten en Afrikaans en Engels te hebben als de twee talen in gebruik.

„De toestand is echter in aanmerkelike mate verschillend in de middelbare school. Daar wordt een taal niet alleen bestudeerd als een voertuig om zich uit te drukken, maar evenzeer als een inleiding tot een uitgebreide literatuur, en

niet met gelijkmoedigheid waargenomen worden. Het schijnt in sommige kringen als een uitgemaakte zaak beschouwd te worden, dat Afrikaans veilig Nederlands geheel kan vervangen in de middelbare school en in de universiteit, en dat de moeilikheid om nederlandse boeken te lezen over tien jaar niet groter zal zijn dan vandaag; maar het dient ernstig overwogen te worden, of deze onderstelling rechtmatig is. Het Afrikaans is verrijkt door het Nederlands, dat zij het voorrecht hadden jarenlang te bestuderen; en het is onmogelik om op het ogenblik met enige zekerheid te voorspellen, wat de taalkundige toerusting zal zijn van studenten, die zowel in de lagere als in de middelbare school niets dan Afrikaans hebben geleerd. Het komt er niet op aan hoe snel de afrikaanse letterkunde zich moge uitbreiden hij zal niet kunnen wedijveren met die van de Nederlanden als een fondament voor verstandelike ontwikkeling; hij zal nog lange tijd moeten blijven bestaan als een bijdragende afdeling van de uitgebreide hollandse letterkunde.

„Als de leerlingen van onze middelbare scholen dus een letterkundige ontwikkeling van hollandse zijde zullen ontvangen, die ook maar enigermate een vergelijking met die van de engelse zijde kan doorstaan, schijnt het raadsaam te zijn om Nederlands te behouden als vak, al hoewel Afrikaans natuurlik zal worden gebruikt als voertaal. Het Departement is, zooals wel kan verstaan worden, zeer begerig, dat elke leerling, die de middelbare school verlaat en zich naar een opleidingschool of naar een universiteit begeeft in staat zal zijn om toegang te verkrijgen tot de schatkamer van de hollandse letterkunde en zulk een beheer over die taal zal verkregen hebben om in staat te zijn om gedurende zijn verdere studiekursussen die schone, zuivere stijl te ontwikkelen, die aan alles, wat geschreven is, zij het Nederlands of Afrikaans, zijn belangrijkste eigenaardig kenmerk geeft - letterkundige

Afrikaans ingeneem het, is die gebruik bestendig, nl. om Nederlandse boeke in die Hoërskool voor te skryf - 'n gebruik wat vandag nog, ten spyte van herhaalde teëstand, gehuldig word.

(iii) Inspekteur Radloff oor Afrikaans. In 1920 rapporteer die taalinspekteur, J.C.W. Radloff, as volg: „Nederlands is being gradually replaced by Afrikaans, and already it has become evident that not only are the English-speaking students able to express themselves more freely than was the case a year ago, but the lessons given through the Dutch medium were made more effective in consequence. More especially during the transition stage a constant watch will have to be set against the intrusion of Nederlands inflections and Anglicisms and against inconsistencies in Afrikaans." 1)

(iv) Ordonnansie No. 5. van 1921. In 1921 is Ordonnansie no. 5 gepasseer waardeur onder andere voortaan 'n tweetaligheidsertifikaat van onderwysers vereis is. Die bepalings wat betrekking op die onderwys van Afrikaans het, is van besondere belang en word dus hier in hul geheel weergegee:

„Taal als een Vak van Onderwijs. Toereikende voorziening wordt gemaakt voor het onderwijzen van beide talen aan iedere leerling in elke standaard boven de vierde standaard in een openbare school, en beide talen worden aan iedere leerling van die school geleerd tenzij de ouder van die leerling anders verlangt." 2)

„Gebruik van Afrikaans.

„Wanneer in enige openbare school, waarvoor de bepalingen van dit deel gelden, de Hollandse taal een vak van onderwijs is of wettig gebruik wordt hetzij als de bestaande voertaal of als een van de voertalen van onderwijs, erkent en machtigt de Superintendent-Generaal bij besluit van het verantwoordelike komitee of, wanneer er geen komitee is, van de raad, het gebruik van Afrikaans in plaats van Hollands (Nederl

nige school; met dien verstande:

(i) dat geen besluit, als voornoemd, genomen zal worden door een komitee of raad behalve op een speciaal daartoe belegde vergadering, waarop niet minder dan de meerderheid van het totale aantal leden van het komitee of de raad aanwezig is;

(ii) dat enig aldus genomen besluit daarna herroepen kan worden op enige toekomstige op dergelijke wijze belegde vergadering, waarop niet minder dan de meerderheid van het totale aantal leden van het komitee of de raad aanwezig is;en

(iii) dat ten einde degelikheid en samenhang van het onderwijs te bewaren, slechts tot zodanig besluit, of de herroeping ervan, overgegaan zal worden na voorafgaande konsultatie met de hoofdonderwijser van de betrokken school." 1)

(e) . McKerron se verdediging van Afrikaans. M.E. McKerron lewer in haar werk 'n kragtige pleidooi vir Afrikaans. Sy sê dat ons onderwysstelsel volle erkenning aan die beginsel verleen het, nl. dat Afrikaans nie 'n verslegte vorm van Hoogholllands is nie maar 'n selfstandige taal. Afgesien van verskille in woordeskat, vertoon Afrikaans baie eienskappe wat hom van die Nederlands van Holland onderskei, byvoorbeeld die vereenvoudiging van verbuigingsuitgange, veranderings in aanwysende voornaamwoorde, die gebruik van die dubbele negatief, ens. 2)

Dit word dikwels beweer, skryf sy, dat Afrikaans 'n onverfynde, vulgêre taal is - 'n verslegte vorm van die Nederlands van Holland. Dit is betekenisvol dat dieselfde soort beswaar vroeër teen tale ingebring is waarvan die eis om 'n plek in 'n liberale skema van opvoeding vandag nooit betwis word nie. Die studente in die Renaissance-tydperk het gekla dat Italiaans 'n onverfynde, onbeskaafde taal was. Hierdie houding was natuurlik. Die taal was toe in sy kinderskoene en het ongunstig met Latyn vergelyk wat deur eeue-lange gebruik verfyn en vervolmaak is. 3)

Maar hierdie tale het deur hul groeipyne veilig gekom

skryf McKerron. Hulle het baie eeue nodig gehad om hulle aan die meerderwordende eise van beskawing en opvoeding aan te pas. Van Afrikaans is verwag om tot stand te bring wat ander moderne tale in vierkeer soveel tyd bereik het. Afrikaans is op velerlei gebiede gekortwiek. Geen Afrikaner van 'n bietjie oor die veertig het onderrig in Afrikaans op skool geniet nie. Dit is dus geen wonder dat Afrikaans nie altyd gunstig met hierdie tale wat duidelikheid en sierlikheid betref, vergelyk nie. 1)

Voorts meld die skryfster dat die beswaar dikwels geopper word dat Afrikaans geen grammatika het nie , eenvoudig omdat dit nie die grammatika van die Hollands van Holland behou het nie. Maar grammatika op sigself is geen kriterium van 'n taal nie. Dit is slegs 'n middel tot 'n doel, nl. uitdrukking. Hoewel die grammatika van Afrikaans gewis eenvoudiger as dié van die Nederlands van Hollands is, word dieselfde beginsel van ontwikkeling in die evolusie van moderne tale in die algemeen waargeneem. 2)

'n Ander beswaar, sê die skryfster, is dat die Afrikaanse spelling 'n verslegte vorm en veranderlik is. Dat dit van die spelling van Hollands verskil, is waar. Dit is eenvoudiger en meer fonetïes, maar ook in hierdie opsig val die verskynsel met 'n goedgekeurde moderne neiging saam. Die abstrakte volmaaktheid van 'n spellingstelsel moet in sy eenvoud lê. Hoe minder arbeid dit van die leerder eis, des te beter, want hy sal dan in staat wees om sy aandag aan belangriker aspekte van sy werk te wy. Sou enigeen kan beweer dat die arbeid wat die leer van die Engelse spelling meebring, in eweredige verhouding tot sy opvoedkundige waarde staan? Baie opvoedkundiges betreur die feit dat pogings om die Engelse spelling te vereenvoudig, so weinig praktiese gevolge gehad het. Hoewel ons nog geen volmaak gestandaardiseerde taal het nie, moet tog erken word dat verbasingwekkende eenvormigheid reeds

Die redelikste beswaar destyds was die gebrek aan letterkundige produkte, sê McKerron. Tans is hierdie beswaar uit die weg geruim. In die kort tydjie het daar genoeg Afrikaanse werke verskyn wat die bewerings van die ondersteuners van Afrikaans regverdig, nl. dat Afrikaans in staat is om as 'n medium van literêre uitdrukking gebruik te kan word. 1)

McKerron sluit haar verdediging met die volgende woorde af: „but meanwhile in the secondary school and more especially in the university the study of Afrikaans literature must be supplemented by the study of the literature of Holland."2)

(f) Die toestand teen 1921. Die administrasie van die onderwys het met die nuwe ontwikkelings tred gehou. Teen 1921 bestaan daar reeds drie permanente komitees wat die Departement van advies bedien en waarop die onderwysers ruimskoots verteenwoordig is, nl. die Departementele Eksamenkommissie, die Departementele Boekekommissie en die Adviserende Raad van Onderwysers. 3)

Die aanstelling van genoemde Eksamenkommissie het in 1921 noodsaaklik geword in afwagting van die groot veranderinge wat met die voorgestelde nuwe kursusse tot stand sou kom. Hierdie kommissie is saamgestel uit vier verteenwoordigers van elkeen van die Onderwysers-organisasies, tien verteenwoordigers van die Departement en een van die Vereniging van Europese onderwysers in Opleidingskole vir Inboorlinge. Hulle het in Maart 1921 vir die eerste keer vergader. Hierdie kommissie bedien die Departement van raad oor alle vraagstukke in verband met eksamens en leerkursusse. Dr. Viljoen het die besondere nut van hierdie kommissie beklemtoon, nl. „om te beskik oor 'n liggaam wat genoegsaam en onmiddellik die meninge weergee van diegene wat die eintlike werk doen in die skole." 4)

In 1919 is die Departementele Boekekommissie aangestel. Die lede is op 'n soortgelyke grondslag as die Eksamenkom-

kies van boeke en ander uitrusting vir skole help. Die kommissie adviseer die Kaapse Magasyn van benodigdhede met betrekking tot die verskaffing van boeke en benodigdhede aan skole en stel saam en hersien van tyd tot tyd lyste van goedgekeurde boeke en benodigdhede. 1)

Die verruiming van die keusevakke in die Sekondêre kursus het met die instelling van Departementele eksamens gepaard gegaan. Vir hierdie wye keuse van vakke het die Matrikulasie-raad nie voorsiening gemaak nie. Ook met die oog op die groot gedeelte van kandidate wat nooit na 'n universiteit gaan nie, is bevind dat Matrikulasie 'n te hoë standaard vereis en daarom het die Departement sy eie eksamens ingestel.2)

Die Matrikulasie-raad het die Senior sertifikaat as 'n bevoegdheid wat vir vrystellingsdoeleindes met Matrikulasie gelyk staan, erken, op voorwaarde dat die kandidaat in ses vakke slaag en dat die vakke wat hy geneem het aan die Matrikulasie-opsies voldoen. Aanvanklik het die Departement nie die skole onder sy beheer gedwing om van die Departementele eksamens gebruik te maak nie. 3)

(g) <u>Besluit</u>. In hierdie kort tydperk van slegs ses jaar het baie groot veranderings in die onderwys ingetree: Deur wetgewing is onderwysers gedwing om hulle vir die tweetaligheidsertifikaat te bekwaam; die funksie van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop as eksaminerende liggaam is nou aan die Gemeenskaplike Matrikulasie-raad oorgedra wat voortaan die Matrikulasie-eksamen sou afneem. Op sy beurt is van die Matrikulasie-raad weggebreek deur die instelling van die Departementele eksamens. Dieselfde gebeur met die Junior Sertifikaat-eksamen en sy verbintenis sedert 1916 met die Universiteit van Suid-Afrika. Die Matrikulasie-raad bepaal egter nog die toegang tot Universiteite.

Afrikaanse Taaleksamens word in 1917 in Natal ingestel en in 1918 word Afrikaans tot en met Standerd IV op skole in

Die Departement stel in 1921 sy eie Junior Sertifikaat-eksamen in en die Senior Sertifikaat sou later volg.

'n Eksamenkommissie, 'n Boekekommissie en die Adviserende Raad van Onderwysers is ingestel - almal sake wat die onderwys sou bevorder.

Nederlands is nog nie uit die leerplan uitgesluit nie maar is vinnig deur Afrikaans verdring, ten spyte van die S.G.O. se voorkeur vir Hollands.

Afrikaans as moedertaal het geseëvier.

2. DIE LEERPLAN, 1915 - 1921.

(a) Die Universiteits Junior Sertifikaat-eksamen. Die leerplan vir hierdie eksamen ondergaan gedurende hierdie jare weinig verandering. Teen 1920 was dit vir elkeen 'n uitgemaakte saak dat Afrikaans binne afsienbare tyd Hollands sou vervang, en vir die universiteite in Suid-Afrika het dit noodsaaklik geword om hul bereidwilligheid vir die invoer van Afrikaans in hul eksamens te toon. Soos verder sal blyk, is die eerste eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika in Afrikaans nie op 'n hoër graad gestel nie - dit was 'n proefeksamen. Later sou die eksamen op 'n hoër graad gestel word.

Teen 1920 omvat die leerplan in Hollands A en Engels A van die Universiteit van Suid-Afrika die volgende: „Vragen over de leerstof van voorgeschreven werken. - (a) Een opstel over een van zes opgegeven onderwerpen, waarvan drie betrekking hebben op werken die genoemd zullen worden. (De drie onderwerpen zullen niet behandeld worden in de vorm van rechtstreekse vragen over de voorgeschreven werken, doch die werken zullen geacht worden de stof te verstrekken die door de kandidaten benuttigd kan worden voor het maken van de opstellen.) Het opstel moet 35 regels van het antwoordeboek beslaan. (b) Twee brieven, een in antwoord op de andere, over verschillende onderwerpen naar keuze.

toetst wordt.

Het maken van zinnen ter toelichting van het gebruik van bie-zondere woorden.

Diktee." 1)

Die punte vir die verskillende afdelings van die vraestel is as volg ingedeel:

Eerste vraestel (Voorgeskrewe werke)	:	150
Tweede vraestel: Afdeling A. Opstel en brief:		120
Afdeling B. Taal	:	100
Afdeling C. Diktee	:	30.

Die maksimum aantal punte was 400 en die minimum om te slaag 120, dit wil sê 30 persent. Kandidate moes ten minste 35 punte in Afdeling A van die tweede vraestel behaal, dit is ongeveer 30 persent. By die toekenning van punte sou die eksaminatore met die wyse waarop die antwoorde gegee word, rekening hou (spelling, komposisie, rangskikking, netheid,ens.)

.In 1921 is vir die eerste keer 'n leerplan in Afrikaans A daargestel. Die inhoud daarvan was egter presies dieselfde as in Nederlands A.

(b) Die Departementele Junior Sertifikaat-eksamen.

(i) Geskiedkundige oorsig. In „De Onderwijs Gazette" van 18 Maart 1920 gee die S.G.O. 'n oorsig van die geskiedenis van die ontstaan en wording van die departementele leerplan vir die sekondêre skool. Onder andere skryf hy dat 'n nuwe skoolkursus nie 'n saak is wat 'n mens met geringskatting en onberadenheid ter hand mag neem nie, en die skema wat gepubliseer word, is die uitkoms van baie raadpleging en samewerking.

Gedurende die wintervakansie van 1919 het 'n kommissie onder voorsitterskap van die inspekteur van hoërskole 'n begin met die werk gemaak. Die leerplanne wat toe ontwerp is, is aan 'n aantal onderwysers wat erkende spesialiteite in die verskillende vakke is, voorgelê, en in Januarie 1920 is die

konferensie van inspekteurs wat aan die end van Januarie bymekaar gekom het, oorweeg, terwyl die eerste helfte daarvan nou opnuut hersien en in 'n vir publikasie geskikte vorm gebring word.

Die S.G.O. spreek die dank van die Departement teenoor die onderwysers uit wat leerplanne vir die verskillende vakke ingelewer het, en teenoor diegene wat 'n gedeelte van hul somervakansie prysgegee het om sitting op die reeds genoemde kommissie te neem, nl. Mej. Elton en die heer W.A. Clegg, verteenwoordigers van die "South African Teachers' Association"; dr. Eybers en die heer S.J. Malherbe, verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Onderwysers-Unie; en die heer P.J. du Pré le Roux en die heer D.K. Theron, wat tot die kommissie op wens van die Departement toegevoeg is.

Soos in die inleidende aantekening duidelik gemaak is, was dit nodig om die werk van standerd VII vir 1920 nou in besonderhede voor te skryf, sodat onderwysers wat verlang om leerlinge vir die nuwe Junior Sertifikaat-eksamen in 1921 in te stuur, 'n bepaalde program voor hulle sou hê; ook sou daar geen veranderings in die werk van standerd VIII vir 1921 gemaak word sonder dat die posisie van leerlinge wat die standerd VII-kursus gevolg het, sorgvuldig oorweeg word nie. Met hierdie uitsonderings, egter, moet die hele plan soos dit tans die lig sien - sowel die algemene plan as die in besonderhede uitgewerkte leerplanne - beskou word as by wyse van proef, en die Departement hoop om van die twee onderwyserverenigings, óf gesamentlik óf elk afsonderlik, 'n volledige uiteensetting van hul menings oor die hele saak te ontvang. Dit sou vir die Departement aangenaam gewees het om die wenke van die verenigings op 'n vroeëre stadium te ontvang, sodat hulle oorweeg kon word alvorens die nuwe skema in werking getree het, dog dit is gevoel dat aan verdere vertraging van die aankondiging van die nuwe standerd VII-werk nie te

hede uitgewerkte leerplanne vir hierdie standerds sal hopelik spoedig die lig sien. Dit sal egter waarskynlik bevind word dat dit die beste plan sal wees om die bestaande klasse bokant standerd VII hulle kursus op die ou wyse te laat voltooi terwyl met die nuwe werk van standerd IX dus vir die eerste keer in 1922 begin word.

By die publikasie van hierdie leergang vir sekondêre skoolwerk wens die Departement nadruk op sy begeerte te lê dat in die sekondêre skool, net soos in die laerskool, aan die plaaslike opvoedingsoutoriteite soveel moontlik vryheid gelaat sal word in die beplanning van kursusse wat aan die behoeftes van leerlinge in die verskillende distrikte sal voldoen. Daar is natuurlik sekere grondvakke waarsonder geen sekondêre kursus as heg beskou kan word nie, en daar is 'n grens aan die aantal vakke wat in 'n skool onderwys kan word sonder om in 'n te groot personeel te verval...." 1)

(ii) Die eerste Leerplan. „De Onderwijs Gazette" van 10 Februarie 1921 gee die volledige leerplan aan: Die eerste taal moes óf Engels, óf Hollands (Nederlands óf Afrikaans) wees, op die hoër graad geneem. 2)

Die eksamenpunte is as volg verdeel: Eerste offisiële taal (Hoër Graad). 400. (100 vir mondelinge werk, 300 vir skriftelike werk) 3) Van kandidate sal verwag word dat hulle in die totaal in een van die offisiële tale op die höër graad sal slaag. 40 persent om te slaag, is as vereiste gestel. (Vir die eersteklas is 60 persent vereis en 30 persent vir elke vak of halwe vak.)

Ten aansien van moderne tale moes die vereiste persent afsonderlik vir die mondelinge en die skriftelike werk verkry word. Ewenwel kon 'n laer persentsyfer aangeneem word as die klaspunte aandui dat die eksamenantwoorde van 'n leerling sy gewone werk in sodanige vak nie op billike wyse verteenwoordig nie; ook kon met die klaspunte as grondslag na goeddunke van die Departement aan elke leerling wat verhinder is om

Ten opsigte van klaspunte (Russell se aanbeveling in verband met 'n skoolrekord in 1913 het eindelik werklikheid geword) is die volgende regulasies neergelê: „Alvorens het eksamen plaats vindt, moet elke hoofdonderwijzer een lijst inleveren, waarop ten aanzien van elke kandidaat de punten worden aangetoond, die hij hem zou toekennen op grond van zijn werk in de klas, met afzonderlike punten by moderne talen voor mondelinge en schriftelik werk. De punten voor het mondelinge werk zullen eerst door de inspekteur, optredende als moderator, worden nagegaan, en, zoals zij door hem gewijzigd zijn, zullen zij toegevoegd worden tot het verkregen totaal van de leerling." 1)

Aan elke kandidaat is die vrye keuse tussen die Nederlandse en die Afrikaanse vorm van Hollands toegelaat, dog die letterkunde is as één beskou en derhalwe is 'n enkele lys boeke verstrek. 2)

Vir die Hoër graad gold dan die volgende leerplan:

Letterkunde, lees en elokusie.

(a) Die studie van voorgeskrewe prosa en vers - één boek van elk.

(b) Die lees van twee standaard werke, uit 'n kort gepubliseerde lys gekies. (Sien bylaag A.) Die vrae vereis slegs algemene bekendheid met die inhoud.

(c) Die privaat lees van leerlinge. (Dit dien so ruim en afwisselend moontlik gemaak te word in elke taal. Die doelwit is om in die volste moontlike sin die algemene verstandelikheid van die leerlinge te ontwikkel. Dit kan verwag word dat romanliteratuur die botoon sal voer; tog dien dit moontlik te wees om die privaat lees sodanig te lei dat feitlik alle vakke van die sekondêre kursus daarby sal wen. Oefeninge in stelwerk sou op sodanige lees gegrond kan word.) 3)

Stelwerk (mondeling en skriftelik) en Taalkunde.

Private briewe en saakbriewe, en ander steloefeninge

prosa of poësie; die uitwerk van 'n gegewe skets.

Die funksies van woorde en volsinne; die juiste gebruik van woorde en uitdrukkings; sinsontleding en sinsbou.

Woordbou en afleiding; gemeenskaplike wortels, voorvoegsels en agtervoegsels. 1)

(Opmerking. - By die skriftelike eksamen sal spelling en plasing van leestekens van belang geag word. Die leerlinge moet met goeie gevolg stukke van standaard outeurs kan lees en resiteer, terwyl vyftig reëls van gedigte en prosa in elke taal vir resitasie spesiaal voorberei moet word. Daar die mondelinge toets egter dien om algemene kennis en meesterskap oor die taal te ondersoek, mag die eksaminator, indien hy dit verlang, die stukkie wat gelees moet word uit enige standaard outeur van doelmatige moeilikheid kies. Van die leerlinge sal verwag word dat hul e vrae oor die betekenis van woorde en spreekwyses wat in die gelese stukkies voorkom, sal beantwoord; boonop sal hul meesterskap oor die taal in vloeiende gesprek op die proef gestel word.

Die eksaminator sal homself daarvan oortuig dat die leerlinge die volgende verkry het:

(1) Die gewoonte van duidelike, juiste en vasberade uitspraak;

(2) Die vermoë om hulle in duidelike, goedgevormde en idiomatiese volsinne uit te druk, byvoorbeeld in die beantwoording van vrae in verband met wat in die klas gelees word;

(3) Die kuns om met goeie uitdrukking te lees en te resiteer, d.w.s. met algehele aandag aan die verstandelike gebruik van rus, nadruk, beskaafdheid van toon en stembuiging.) 2)

(c) Besluit oor Junior Sertifikaat-eksamen. Hierdie leerplan verskil in groot mate van dié van die Universiteit van Suid-Afrika. Die geliefkoosde "verbeteren van zinnen" van die Universiteits-eksamens kry hier geen plek nie - ook diktee is hier uitgesluit. Of laasgenoemde 'n verbetering genoem kan word, word op die huidige oomblik sterk betwyfel. Telkens moet eksaminatore oor swak spelling klae en hierdie gebrek word

skrywe van diktee kry nie - omdat dit nie by die eksamen vereis word nie. Tog word leerlinge weens swak spelling by die eksamens beboet.

Maar die grootste verskil van dié van die Universiteitsleerplan is geleë in die waarde wat aan mondelinge werk deur die Departement toegeken is terwyl die Universiteit van Suid-Afrika net soos sy voorganger, die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, konsekwent hierdie belangrike deel van die vak verwaarloos het. Deurdat die Departement mondelinge werk vir eksamendoeleindes vereis het en ook punte daarvoor toegeken het, het die Departementele eksamen aan waarde gewen en die Universiteit van Suid-Afrika in dieselfde mate verliese gely. Die Universiteit het ook nie inspekteurs gehad wat as moderatore kon optree nie.

Die Departement het ook 'n groot voorsprong op die Universiteit van Suid-Afrika behaal deur die reelmatige plek wat aan skoolrekords toegeken is. Hierdie faktor is in die hedendaagse opvoedingstelsels oor die hele wêreld van uiterste belang omdat daar sovele storende faktore op kandidate by openbare eksamens inwerk dat hulle prestasies dientengevolge in daardie eksamens nie altyd 'n ware weerspieëling van hulle bekwaamhede is nie. Die skoolrekord stel die eksaminatore in staat om 'n juister oordeel oor die werk van kandidate te vel as wat andersins die geval sou wees. Die skoolrekord is dus 'n kontrolerende faktor by openbare eksamens.

Die Departementele leerplan lê baie klem op die privaat lees van leerlinge - 'n saak waaroor die Universiteit van Suid-Afrika en sy voorganger konsekwent geswyg het.

Die Departementele kursus is gewis bokant die kursus van die Universiteit aan te beveel.

(d) Die Matrikulasie-eksamen.

(i) Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. Die leerplan vir 1916 toon geen verskil van dié van 1915 nie be-

Aan spelling, punktuasie, ens. sou 25 punte toegeken word.1)

In dieselfde jaarboek is egter kennis van veranderings in die regulasies wat in 1917 van krag sou word, gegee. In verband met Hollands A sou die leerplan as volg lui:

Eerste vraestel: Afdeling A (a) Vrae oor 'n voorgeskrewe werk wat in besonderhede bestudeer moes word. (b) Eenvoudige vrae wat oor styl, retoriek en prosodie sou handel.

Afdeling B. Vrae wat algemene bekendheid met ander voorgeskrewe werke insluit tesame met die lewensgeskiedenisse van die betrokke skrywers. (Vir 1917 sou 'n kennis van drie van die genoemde ses boeke voldoende wees. Twee vrae sou oor elke boek gestel word en kandidate kon enige ses daarvan beantwoord.) 2)

Tweede vraestel. Afdeling A. 'n Opstel oor een van ses gegewe onderwerpe. (Die opstel sou ongeveer twee bladsye van die antwoordeboek vul en ongeveer 'n uur in beslag neem.)

Afdeling B. Vrae oor sommige of almal van die volgende:

(a) 'n Brief oor 'n gegewe onderwerp.

(b) Die korrekte gebruik van spesifieke woorde in sinne of in 'n deurlopende passaat.

(c) Die bou van sinne, insluitende sinsontleding, oratio obliqua, ens.

(d) Parafrase; Précis; die herskrywe van foutiewe passate in 'n verbeterde vorm.

(e) Algemene taalkunde-vrae.

Die punte sou as volg verdeel word:

Eerste vraestel:	180	: Afdeling A:	102.	
		Afdeling B:	78	
Tweede vraestel:	220	: Afdeling A:	80	(Min.28,d.i. 35%)
		Afdeling B:	140.	3)

Om te slaag is 50 persent vereis.

In 1918 bly die leerplan onveranderd.

(ii) Die Gemeenskaplike Matrikulasie-raad. Met die oorname van die Matrikulasie-eksamen deur die Gemeenskaplike

in Hollands plaasgevind nie en in 1920 bly dieselfde toestand voortduur. Slegs in die eerste vraestel, Afdeling A, is die punte as volg verander: 102 word 100 en in Afdeling B word 78 nou 80.

In en na Desember 1920 is eksamens in Afrikaans afgeneem maar nie op 'n hoër graad nie. In 1922 is die eerste Afrikaans A-eksamen afgeneem.

(iii) Die Departementele Senior Sertifikaat-eksamen. Hoewel hierdie leerplan in die uitgawe van die Onderwysgaset van 20 Oktober 1921 gepubliseer is, is die eerste eksamen eers in 1923 afgeneem, en lyk dit wenslik om die inhoud daarvan in die volgende hoofstuk te bespreek.

(e) Besluit oor Matrikulasie-eksamen. Die leerplanne vir die Matrikulasie-eksamen ondergaan in hierdie jare geen noemenswaardige veranderings nie. Iéts nuuts is egter die deel wat oor styl, retoriek en prosodie handel. As bedink word watter behandeling die Nederlandse taal vroeër moes ondervind; dat dit slegs as 'n middel gebruik is om Engels beter te ken; dat die vernaamste kenmerk van 'n vraestel in Nederlands die stukke vir vertaling was; dan lyk dit baie ongewoon dat Hollands later so 'n vername plek sou beklee dat selfs vrae oor styl, retoriek en prosodie gestel kon word.

Slegs twee groot gebreke het bly voortbestaan: die afwesigheid van 'n klasrekord om as kontrolerende faktor by eksamens te kon dien en die nie-erkenning van mondelinge werk. Die Departementele Senior Sertifikaat-leerplan sou hierdie anomalieë uit die weg ruim.

3. DIE LEERBOEK. 1915 - 1921.

(a) Algemeen. As gevolg van die veld wat Afrikaans in hierdie jare wen, wil dit voorkom of skrywers nie meer geneig gevoel het om Nederlandse taalboeke te skrywe nie. Almal het dit voorsien dat Afrikaans en nie Nederlands nie die taal van die

byvoorbeeld die taalboeke van van Rijn, Stucki, Elffers en andere.

(1) Slegs een Nederlandse taalboek verdien hier melding, naamlik „Maskew Millers' Elements of Dutch Grammar by J. Dijksterhuis" wat in 1916 gedruk is. Die inhoud omvat onder andere al die rededele en die enkelvoudige en die samegestelde sin. Onder die afdeling oor werkwoorde word die volgende sake behandel: Vervoeging, Teenwoordige en Verlede Tyd, Swak Werkwoorde, Gemengde Werkwoorde, Sterk Werkwoorde, Hebben, zijn en zullen, ens.

Onder die afdeling oor Naamwoorde kom onder andere die volgende voor: Die Meervoude van Selfstandige Naamwoorde, die geslag van Selfstandige Naamwoorde, het-woorde en de-woorde, verkleinwoorde.

Verder voeg lidwoorde, byvoeglike naamwoorde, trappe van vergelyking, gevolg deur die verskillende soorte voornaamwoorde.

'n Ander indeling van werkwoorde word gegee: Oorganklike, onoorganklike, onpersoonlike, refleksiewe, koppel- en hulpwerkwoorde, verandering van vorm en samegestelde werkwoorde.

Verder word voegwoorde, voorsetsels, bywoorde, tussenwerpsels, punktuasie en hoofletters behandel en eindelik 'n lys sterk werkwoorde aangevoeg.

Op bladsy 114 in paragraaf 10 word 'n oefening gegee: „(1) (Verbal-mondeling) a. What is a Simple sentence (enkelvoudige zin)? b. What is a Compound sentence? c. Give a Compound sentence, consisting of two principal sentences (-clauses)." ens. En verder aan: „i. What is the order of words" in a principal sentence commencing with the subject? j. And if such a sentence begins with another word?"

Op bladsy 115 word 'n vraag gestel om verkeerde sinne te verbeter: „3. Rewrite the following faulty sentences, using

Dit is 'n mooi gedrukte werkie, vir Standerds VI en VII bedoel. Hoewel Engelssprekendes van hierdie boek moontlik gebruik gemaak het, sou Afrikaanssprekendes dit net so goed of beter volg aangesien hulle tog meestal onderrig in Hollands deur medium Engels ontvang het. Die standaard met hierdie werkie beoog, is egter te hoog, selfs vir Standerd VII, gestel.

(b) Afrikaanse Taalboeke.

(1) Geskiedkundige agtergrond. Na Langenhoven se mosie in 1914 besluit die Akademie vir Taal, Letters en Kuns om die Departement van Onderwys insake leermiddels vir Afrikaans behulpsaam te wees en dra aan 'n kommissie op om sonder onige verwyl „(a) sig in verbinding te stel met deskundiges, taalgenootskappe, onderwijsers en belangstellende, wat reeds werksaam is met die voorsiening van leermiddele of wat dit nog wil word of dit in die toekoms op eie initiatief mag onderneem, en hulle aan te moedig om hul werk te onderwerp aan die goedkeuring van die Akademie, wat gemelde kommissie bevoeg is om te verleen;

(b) self voorsiening te maak in sodanige teksboeke als wat hul nie ooreenkomstig voorgaande kan kry nie;

(c) in onderhandeling te tree met uitgewers en, in oorleg met die Akademie-raad, sorg te draag vir behoorlike druk en publikasie van alle vereiste leermiddele waarvoor g'n andere voorsiening gemaak word nie." ons. 1)

„III Die Akademie besluit als 'n voorlopige maatregel om eenvormigheid van spelling te verkry, om die regels wat hier bijgaan en onderteken is deur Dr. T.H. le Roux en andere, aan te beveel aan skrywers van skoolboeke in Afrikaans; en benoem 'n kommissie om die regels te redigeer en te formuleer, latende die inhoud en grondslag daarvan onverandert." 2)

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Letters en Kuns het op 18 September 1915 te Bloemfontein die voorgelegde spel-

die reeds goedgekeurde spelreëls saam te stel.

(ii) As gevolg van bogenoemde opdrag verskyn reeds die tweede druk van die „Afrikaanse Woordelys en Spelreëls" saamgestel deur prof. dr. T.H. le Roux, prof. dr. D.F. Malherbe en prof. Johannes J. Smith in 1918 (Eerste druk 1916). Die samestellers wys in die voorwoord by die eerste druk op die talryke praktiese besware wat in die weg tot die saamstelling van hierdie boek gestaan het. Die kommissie sluit die voorwoord as volg af: „Die feit dat daar geen algemeen erkende spelsisteem van Afrikaans was nie, het die beoefening van ons taal totnogtoe veel in die weg gestaan. So was dit onmoontlik om skoolboeke op te stel in Afrikaans, en daarmee uitvoering te gee aan die besluite van die verskillende Provinsiale Rade, solang als daar geen spellingeenheid was nie. Die hek was toe. Nou is die hek oop. Nou kan ons voorsien in die nasionale behoeftes van ons volk, en daardeur ons onderwijs gesond maak." (Voorwoord by eerste druk, p. vii).

Vanaf bladsy IX tot XVI word die goedgekeurde spelreëls van die Akademie weergegee. Onder andere word daarop gewys dat so weinig moontlik van die Vereenvoudigde Hollandse spelling afgewys is. (p. IX (d)). Die Afrikaanse vorme van nieuw en nieuws sou dan nuwt en nuws wees. (p.x.) Die spelling van woorde soos Egypte, hypothese en automaties word erken: sneeuwe, skadewee, wedewee, troeë, artiekel, belangrijk, klankrijk, kouw, pouw, ens. (p.xi) Die spelling van die woordjie baing sowel as bajo naas baie word ook erken.

By die saamstelling van die woordelys het dit geblyk dat enkele aanvullings noodsaaklik was. Hierdie aanvullings is hoofsaaklik slegs 'n uitbreiding van die neergelegde spelreëls en bevat woorde wat nie onder die aandag van die spellingkommissie gekom het nie.

Die woordelys self beslaan 196 bladsye. Die woorde is in alfabetiese orde gerangskik. Wisselvorme word dikwels

afdraends."

Dit spreek vanself dat hierdie spelreëls en woordelys met verloop van tyd al meer aan hewige kritiek onderhewig geword het. Dit het te veel wisselvorme bevat wat nie bestendigheid aan die taal verleen het nie; daarby het sekere skryfwyses soos automatics, pouw en andere later die Afrikaanse uitspraakvorm gevolg en outomatics en pou geword.

Die waarde van hierdie „Afrikaanse Woordelys en Spelreëls" kan nouliks oorskat word. Dit het op die juiste oomblik verskyn toe daar 'n algemene behoefte aan 'n eenvormige skryfwyse ontstaan het. En hoewel besef is dat die taal nie in 'n dwangbuis gepers kon word nie, was 'n paar beginsels wat ten grondslag van die eenvormige skryfwyse van die taal lê 'n onontbeerlike vereiste. Hierdie boek het beslis daartoe meegewerk dat 'n bevredigende algemene standaardskryfwyse vasgelê is.

(iii) Die eerste „Afrikaanse Taalboek" deur dr. D.F. Malherbe verskyn in 1917. Hierdie taalboek was die eerste van sy soort wat in ooreenstemming met die Akademie-spelling saamgestel is. In die voorwoord word aan prof. dr. J.D. du Toit vir sy aansporing dank betuig, daar die noodsaaklikheid van 'n taalboek 'n dringende behoefte by die Afrikaanse Bybelvertaling geblyk het. Hierdie boek is nie vir die beginner bedoel nie maar wel vir die onderwyser, predikant, prokureur, student, ens. (Voorwoord by eerste druk.) „Dit is uit praktiese oorwegings ontstaan en wil voorsien in die dringendste behoeftes. Vandaar die beperkte omvang; vandaar geen verklaring van taalkundige terme nie; vandaar dat ganse kapittels van die taalkunde (klankleer, woordvorming, woordbetekenis, die leer van die aksent en die sin) feitlik onaangeroer gelaat is; vandaar die beskrywing van enkele woordsoorte alleen; vandaar ook enkele oefeninge wat as opheldering moet dien. Maar tussendeur het die skrywer tog gemeen om heen te

matika-afgodery." (Voorwoord by eerste druk.)

Die skrywer vertolk die mening van vele waar hy skrywe: „Dis nie 'n grammatika hierdie nie, dis 'n taalboek. En mag ons bid dat daar nooit 'n Afrikaanse grammatika, in die sin waarin ons hom uit skool-ervaring ken, geskrywe word nie; mag ons bid dat die Afrikaanse kind van die toekoms bespaar mag wees die sielsknaging wat kom deur die inpompery van onbegrepe en onware, want eensydige, taalkundige wysheid. Laat die skrywer van die Afrikaanse taalkunde openbaar die ryk lewe van ons taal in helder voorstelling en aanneemlike vorm, en so die jeug oplei om vreugde te ondervind aan die lewende woord, aan egte taalstudie, omtowerend tot 'n prettige speelterrein die gevangenisoord van vroeër. Aan so 'n verhewe eis kan hierdie praktiese handleiding ongelukkig nog nie beantwoord nie." (Voorwoord by eerste druk.)

Die eerste druk is binne tien maande uitverkoop. Die tweede druk volg op 9 November 1918 en die derde op 31 Julie 1920.

Die Inleiding bevat 'n geskiedkundige oorsig van die ontwikkeling van Afrikaans sowel as idees oor spreek- en skryftaal en so meer. Die hoofstuk wat oor Spelling handel, is grotendeels 'n verkorte weergawe van die „Afrikaanse woordelys en Spelreëls." In hierdie hoofstuk word ook samestellings en die aanmekaarskrywe van woorde sowel as hoofletters behandel. Oor geslag word slegs een bladsy geskryf. 'n Vergelyking met die bladsye ellelange geslagsreëls in Nederlands is hier besonder interessant.

Onder meer word verder behandel: die selfstandige naamwoord, vaste uitdrukkings, meerveudsvorming, die byvoeglike naamwoord met 'n daaropvolgende oefening in die gebruik van verboë byvoeglike naamwoorde.

Hierop volg trappe van vergelyking, die werkwoord, die voornaamwoord, verdubbeling en die dubbele ontkenning, gevolg deur 'n oefening. Daarna volg 'n hoofstuk oor modaliteit

Bog wat! (Sterker veragtend). Hulle was wel vir my good, maar wat!"

'n Volledige taalboek vir die hoërskool is dit beslis nie - trouens, dit mank geen aanspraak daarop nie - maar dat dit baanbrekerswerk gedoen het, val nie te betwyfel nie.

(iv) In Mei 1921 verskyn die „Praktiese Grammatika van die Afrikaanse Taal", spesiaal vir gebruik in Afrikaans-mediumskole tot en met Matriek, deur mev. M. Janson, B.A., en C.M. Booysen, B.A. Dit is 'n verbeterde en aangevulde uitgawe van die „Afrikaanse Taaleksamen Grammatika" wat drie jaar tevore die lig gesien het. (Voorwoord). Hierdie „Praktiese Grammatika" is saamgestel „met die doel om 'n leidraad te gee aan leerlinge in hulle voorbereiding vir die Afrikaanse Taal-eksamens wat deur die Saamwerk Unie van Natalse Verenigings uitgeskrywe word." (Voorwoord). Die skrywers erken dat hulle onder andere van die „Afrikaanse Taalboek" van dr. D.F. Malherbe gebruik gemaak het. Die boek is „oorspronklik geskrywe met die doel om aan 'n groot behoefte te voorsien - die behoefte aan 'n grammatika of spraakkunsreëls wat die Afrikaanse leerling, wat rondtastend in die donker was, in die studie van sy eie taal tot sekerheid en lig kon bring." (Voorwoord).

Die boek beslaan 163 bladsye en is baie vollediger as die taalboek van Malherbe. Tot bladsy 33 volg daar agtereenvolgende hoofstukke oor die Afrikaanse spelling, klanke, spelreëls, skryftekens en lettergrepe. Vanaf bladsy 34 tot 136 word die verskillende rededele behandel. Daarna volg 'n hoofstuk oor sinsontleding, 'n hoofstuk oor woordvorming, nog een oor woordvorming waarin samegestelde woorde en die gebruik van die koppelteken behandel word, en ten slotte 'n hoofstuk oor die dubbele ontkenning.

Die boek is in eenvoudige taal geskryf en die behandeling is van so 'n aard dat 'n leerling dit met gemak kan volg.

Hierdie boek is sonder twyfel baie op skole gebruik totdat Botha en Burger se „Afrikaanse Grammatika" hom verdring het. Aangesien Botha en Burger se taalboek eers in November 1921 verskyn het, en die behandeling daarvan dus buite die bestek van hierdie hoofstuk val, sal dit in die volgende hoofstuk besproek word.

(c) Besluit. Vinnig begin Nederlands op die skool sy houvas te verloor. Met hierdie afnemende invloed gaan die oorkomstige snelle opgang van Afrikaans gepaard. Met die geringer aanvraag vir Nederlandse taalboeke begin die opbloei van die Afrikaanse taalboekhandel. In die begin gaan dit stadig maar met verloop van tyd sou die taalboekmark met Afrikaanse taalboeke oorlaai word.

'n Opvallende feit is die hoë standaard wat die eerste Afrikaanse taalboeke stel: die standaard van suiwerheid; die vermyding van alle oortollige ballas; die veronagsaming van die tradisionele doodse metode van Nederlandse taalonderrig en die skepping van eenvoudiger metodes om taalkennis makliker verkrygbaar te maak. Hoewel die spelling nog baie onvas is, is tog 'n aansienlike mate van eenvormigheid reeds verkry danksy die bemoeiinge en daadwerklike optrede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Letters en Kuns.

(d) Voorgeskrewe werke: (Sien Bylaag A.)

(i) Universiteits Junior Sertifikaat-eksamen.

(a) Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. Vir 1916 is die volgende boeke voorgeskryf: 'n roman van Andriessen, 'n bundel uitgesoekte Nederlandse gedigte, 'n Suid-Afrikaanse roman van d'Arbez en 'n roman van Schmidt.

Vir die volgende jaar (1917) skryf die Universiteit voor: vyf sketse en novelles van van Maurik, weer die reedsgenoemde Nederlandse digbundel, 'n Suid-Afrikaanse roman van d'Arbez en uittreksels uit die „Camera Obscura."

Die getal voorgeskrewe werke vir 1918 verminder: verse van de Genestet, 'n novelle van van Maurik en 'n Suid-Afrikaan-

versiteit voor: 'n digbundel van Moorrees en 'n roman van van der Flier, en vir 1920 weer die genoemde digbundel in Nederlands en 'n roman van van der Post.

In 1921 is die lys verleng: Gedigte van Tollens, 'n roman van Conscience, letterkundige opstelle van Hoekstra, 'n roman van Augusta de Wit en 'n aantal sages van van de Wall Perné.

Vir Afrikaans A in 1921 is slegs die volgende twee werke voorgeskryf: Gedigte (Oom Gert Vertel) van Leipoldt en 'n roman van von Wielligh.

Dit geld dus as reël dat tenminste een digbundel en 'n roman vir hierdie eksamen voorgeskryf word.

(ii) Die Departementele Junior Sertifikaat-eksamen. Vir 1921 is die volgende werke voorgeskryf (Nederlands of Afrikaans): 'n roman van Conscience of 'n Afrikaanse historiese roman van Gordoner; gedigte van Tollens of 'n Afrikaanse roman van du Biel.

(iii) Die Matrikulasie-eksamen.

(a) Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. Vir 1916 skryf die Universiteit die volgende boeke voor: 'n drama van Schimmel, 'n roman van van Maurik, 'n verhaal van de oude Heer Smits, sketse van Jonathan en 'n digbundel van Schaepman.

Vir die volgende jaar (1917) is 'n langer lys werke voorgeskryf: 2 dramas van Schimmel, die „Camera Obscura" van Hildebrand, 'n Oosterse roman van van Limburg-Brouwer, 'n roman van Top Naeff, gedigte van de Genestet en 'n historiese roman van Conscience.

(b) Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Vir Desember 1918 en Junie 1919 skryf die raad die volgende werke voor: 'n roman van Wallis, 'n toneelstuk van Multatuli, sketse van Haspels, 'n roman van Couperus, 'n roman van Top Naeff, gedigte van Staring, sketse van Potgieter en verhale van van Lennep.

van Koetsveld, 'n roman van van Maurik, 'n roman van Andriessen, verhale van de oude Heer Smits en „De Familie Kegge" van Hildebrand.

Vir Desember 1920 en Junie 1921 skryf die raad voor: 'n drama van Schimmel, 'n roman van Bosboom-Toussaint, 'n idille van Celliers, uit die „Camera Obscura" van Hildebrand, gedigte van de Genestet, 'n roman van Tony en 'n aantal sketse en verhale van Potgieter.

Vir die eksamen in Nederlands A in Desember 1921, Februarie en Junie 1922 is voorgeskryf: 'n drama van Maëldrinck, 'n Oosterse roman van van Limburg-Brouwer, gedigte van Totius, 'n idille van Nesschaert, sketse van Buning en uittreksels uit die „Camera Obscura". Vir Afrikaans A is voorgeskryf: 'n drama van Maëldrinck, 'n Afrikaanse drama van Francken en verder soos vir Hollands A.

Hoofsaaklik is hier vereis: 'n drama, 'n digwerk, romans en sketse.

4. EKSAMENS EN/OF INSPEKSIE.

(a) Die Universiteits Junior Sertifikaat-eksamen.

(i) Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. In 1916 tree J.P.J. Roux, B.A. as eksaminator en prof. G.G. Cillié, B.A., Ph.D. as moderator vir hierdie eksamen op. Die eerste vraestel, nl. oor voorgeskrewe werke toon heelwat veranderings en verskille van vorige eksamenstelle. Meer klem is nou op die inhoud van die boeke gelê, maar daarna is egter 'n twaalftal idiomatiese uitdrukkings, uit die voorgeskrewe werke geneem, vir verklaring vir die kandidaat voorgelê. Hierdie uitdrukkings is glad nie so eenvoudig nie, byvoorbeeld „V. Herkules zal zijn Knods zwaaien. vi. Een dekortatorium uitgeven."

Vraag ses van hierdie vraestel lui: „Welke gedeelten van de gedichten 'Roosje' en 'Het ruisen van het ranke riet'

kings wat uit die digbundel geneem is, is nog baie moeiliker as dié hierbo genoem: „(1) In het zwaar gareel geslagen. (v) De kiel stak van de rede." ens. Dit word wel veronderstel dat onderwysers hierdie uitdrukkings verklaar het maar toe het dit tog in 'n sekere verband met die verhaal gestaan en nie so geïsoleerd soos in die vraestel nie.

Vir die tweede vraestel tree prof. P.J. du Toit, M.A., Ph.D. as eksaminator en prof. G.G. Cillié, B.A., Ph.D. as moderator op. Die opstelonderwerpe in hierdie vraestel laat weinig oor om van uit te kies. Seker nie al die leerlinge kon 'n beskrywing van 'n skipbreuk of 'n heldedaad gee nie tensy die gegewens uit boeke verkry is. Die enigste onderwerp wat vir die verbeeldingryke kandidaat moontlik goeie punte sou kon besorg, is „Eenzaam leven in een wildernis." Maar natuurlik verwys die eerste drie onderwerpe na voorgeskrewe werke, naamlik „Mooi Annie" van d'Arbez en „Genoveva" van Schmidt, sodat selfs 'n verbeeldingryke kandidaat aan bande gelê is as hy „Eenzaam leven in een wildernis" sou kies.

Die onderwerp, „Ondankbaarheid," besit geen aantrekkingskrag vir 'n leerling nie tensy hy 'n paslike verhaaltjie ken wat hy hier kan gebruik. Dieselfde geld vir die vyfde onderwerp: „Eerst gedaan en dan gedacht Heeft menigeen in 't leed gebracht." Die sesde onderwerp is „Kranten." Kandidate moes 35 punte uit 120 in die opstel en brief tesame behaal.

Die onderwerpe vir briewe is bevredigend. Elke brief moes ook van 'n antwoord voorsien word.

Deel B van die tweede vraestel bestaan uit die invul van gepaste byvoeglike naamwoorde in uitdrukkings; die invul van 'n gepaste selfstandige naamwoord in 'n gegewe deel van 'n frase; 'n vraag oor die letterlike en figuurlike betekenis van woorde, en die gebruik van onversluidende werkwoorde in kort en goeie sinne.

Vraag vyf lui: „(a) Geef duidelik aan volgens welke regel de k in bokken verdubbeld wordt, terwijl men in boeken en

gebruikt? Geeft voorbeelden."

Dit is die enigste vraag wat aan die ou tipe skoolse vrae herinner. En daarop volg dan die geliefkoosde vraag: „6. Verbeter de volgende zinnen: (1) Eindelik brachte de bestelder de lang verwachtte brief." ens.

Vraag 7 word om sy seldsaamheid hier weergegee: „Zet het volgende in de indirekte rede (oratio obliqua): Smartenrijk zei: „Moeder, ik wil met u mee! Ik wil hier niet alleen onder de wilde dieren wonen. Want die geven geen antwoord, als je met ze praat. Ik wil ook sterven, en dit kleed van vlees uittrekken."

Die laaste vraag is die stuk vir diktee. Uit hierdie stuk prosa word slegs enkele woorde hier weergegee om aan te toon wat in 1916 van 'n Standerd VIII-kandidaat verwag is: grijnzende, onmiddellik, trachtte, vermoeien, alleszins, geenszins, bespiedde, nauwkeurig, bosachtig, beschaduwde, gebochelde, spietste, rochelende. Die meeste woorde is nie moeilik nie maar hulle het byna almal vangplekke.

(ii) <u>Die Universiteit van Suid-Afrika</u>. Vanaf 1918 stel die Universiteit van Suid-Afrika, die nuwe naam vir die ou Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, die vrae vir die Junior Sertifikaat-eksamen maar nie meer vir Matrikulasie nie. In hierdie jaar tree dr. N.M. Hoogenhout, M.A., Ph.D. as eksaminator op. Uit dié vraestel word slegs enkele vrae aangehaal wat sekerlik nie in 'n Junior Sertifikaat-eksamenstel tuishoort nie. In die eerste vraestel kom die volgende vraag voor: „4. Maak aan de hand van de door u gelezen gedichten de hoofdverschillen tussen proza en poëzie duidelik.

<u>of</u>

Uit de door u gelezen gedichten van de Genestet geef voorbeelden van:-

(a) Drie soorten versvoeten;

(b) Drie soorten versregels;

(c) Drie soorten strofen.

Volgens ons huidige leerplan kan so 'n vraag by die Senior Sertifikaat-eksamen gestel word, hoewel dit dáár selfs nie dikwels gebeur nie - trouens, meer as een hedendaagse taalboekskrywer huiwer om die verskille tussen prosa en poësie te verduidelik.

Vrae oor „Jan Smees" en „Piet Uijs" is respektiewelik in twee afdelings verdeel en slegs vrae uit een afdeling moes beantwoord word. Onder andere moes nege van die volgende woorde of uitdrukkings uit „Jan Smees" verklaar word: „Drie is scheepsrecht; 'n groot anderhalf jaar tijd, er is een steekje aan los; H. liep op een sjouwtje; een mooi smoesje hebben; hannekemaaier; je bent nog niet gaar genoeg; op nou-aktiviteit zijn; ingrediënten; mannelike spruiten; Holland is in last; luiwammes; 'n buis van dankje meneer; het mooie pakje staat al achter de schuine deur; iemand de hand boven het hoofd houden." Hierdie is 'n taalvraag en het niks met die inhoud van die boek te doen nie.

Oor „Piet Uijs" is onder andere die volgende vraag gestel: „8(b). Wat is u opgevallen in de taal en de stijl van het boek?" 'n Standerd VIII-kandidaat is nog nie genoeg oordeelkundig geskoold om so 'n vraag te kan beantwoord nie.

Vir die tweede vraestel van hierdie jaar (1918) tree prof. D.A.A. Pauw, B.A. as eksaminator op. Onder die nege opstel-onderwerpe dien die volgende een vermeld te word: „Een vrolik hart en krachtig blood zijn beter dan veel geld en good." 'n Mens sou graag wou weet hoeveel kandidate hierdie onderwerp gekies het. Dit word tog veronderstel dat elke onderwerp wat deur die eksaminator aangegee word, as 'n moontlike onderwerp vir die kandidaat beskou moet word.

In Deel B van hierdie vraestel is die volgende vraag gestel: „4. Ontleed onderstaande zin in enkelvoudige zinnen, benoem ze en geef nauwkeurig het zinsverband aan: Als ik er nu over nadenk, ben ik soms geneigd aan te nemen dat ik hem

godin van zijn ziel, dan geloof ik weer dat ik het niet had kunnen en misschien ook niet had mogen beletten." As ons vandag hierdie passaat in Afrikaans vir 'n Matrikulasie-klas sou gee, sou die meeste meteens hul nie hiervoor bereid verklaar nie en ek glo dat nie een van hulle dit foutelos sou kon doen nie. Die lengte van die stuk alleen is al skrikaanjagend om nie oers van die ingewikkelde sinsbou melding te maak nie.

In 1919 tree dr. N.M. Hoogenhout weer as eksaminator op. Oor Moorrees se „Zevenjaartjes" is onder andere die volgende vraag gestel: „1.(a) Wat dunkt u, waarom heeft de schrijver de titel „Zevenjaartjes" voor zijn dichtbundel gekozen? (b) Zijn de gedichten in uw smaak gevallen of niet? Waarom?"

As die kandidaat nie die voorafgaande stukkie, „Aan den lezer," voorin die digbundel gelees het nie, sou hy ook tevergeefs aan deel (a) van die vraag gearbei het. En wat deel (b) betref, geld wat reeds gesê is: 'n Standerd VIII-kandidaat se literêre smaak is nog te onontwikkeld om 'n juiste oordeel te kan vel.

Vraag vyf is weer 'n Matrikulasie-eksamenvraag: „Skandeer de volgende versregels en geef de namen van de versvoeten in elk: „(a) 'k Hoor ze murmlen, 'k hoor ze kaat'ren," ens.

Die eksaminatore se verslae oor hierdie eksamen in Hollands verdien hier 'n besondere plek omdat hulle die vingers op die swak plekke lê en daarop wys hoe dringend noodsaaklik leerplanhervorming geword het.

Dr. Hoogenhout rapporteer as volg: „Gedichten „ruimen" ook steeds nog.... Nauw verwant aan deze onoplettendheid is het bezigen van woorden en uitdrukkingen die niets betekenen of die men niet begrijpt: Boven het aartloos rustgewemel; 'n parelbezeten berg; de Paarlberg heeft me het meest geboeid aan de dichter; het gedicht dat ik het meest geboeid vind; omdat in een vergelijking maak op de laatste pestwalm dat God op ons heeft uitgeblazen;" ens. 1)

Voortgaande skryf die eksaminator dat die [illegible]

het. Uit enkele sentra het hy antwoorde ontvang wat blykbaar uit die hoof geleer is na aanleiding van diktate van die dosent, wat al dadelik op te make is uit uitdrukkings soos „weg voeren van geest" en „van elders geborgen peinzen." Maar die oorgrote meerderheid kandidate kon hul opvatting van die ontstaan van die gedigte en van die persoon van die digter en sy arbeid nie motiveer of verklaar nie. 1)

Vir baie kandidate was die woord skandeer 'n onbekende-hulle het die sitate verklaar of die woordontleding daarvan gegee, verklaar die eksaminator. Tot sy spyt moes hy die onderwys van die verskuns, soos uit die antwoorde van kandidate geblyk het, ten sterkste afkeur. Hy verwys na die gebruik van „geleerde terminologie van nageaapte klassieke opvatting." Vervolgens verklaar hy: „En uit hoofde van al de verwarring veroorzakende versvoeten en versmaten nemen vele kandidaten de toevlucht tot de verrassendste goocheltoeren, i.p.v. eenvoudig met hun eigen gevoel voor rythme te rade te gaan. Dit vak heeft dringende behoefte aan behoorlike aanpakking en modernisering van opvatting." 2)

Dit is duidelik dat die eksaminator op soek was na 'n oplossing van die vraag wat verkeerd met hierdie eksamen was dat kandidate so swak gevaar het. Na 'n tweejarige ondervinding as eksaminator in die vak het dit vir hom nog nie duidelik geword wat die doel van letterkundige onderrig en die inrigtings is waaruit die werk afkomstig is nie. Hy kon geen duidelike strekking of rigting uit die antwoorde aflei nie. „Is mijn opvatting van dat doel goed, t.w. dat men streven moet (1) naar een juist begrijpen van de gedachten van de schrijver; (2) naar een meevoelen met de personen en een inleven in de situaties en toestanden beschreven door de auteur; (3) naar een genieten van en een bepalen van de kunstwaarde van het werk van de schrijver, dan kan mijn oordeel over het gehalte van de eksamenwerk en het daaraan bestede

bij de leerkrachten wil ik vooralsnog niet zo vermetel zijn te willen uitmaken. Maar het hapert ergens, daar ben ik overtuigd van." 1)

Myns insiens lê die fout by albei: die stelsel en die onderwysers, en die eksaminator is ook nie vry te spreek nie. Die stelsel en die eksaminator verwag te veel van 'n Standerd VIII-kandidaat, en die onvermoë van sommige onderwysers om letterkundige onderrig te gee, is weer aan die jarelange veronagsaming van die Hollandse taal op die skole waar hulle opgeleid is, toe te skryf. Eers 'n jonger geslag sou aan die letterkundige deel van die vak reg laat geskied.

Oor die tweede vraestel rapporteer die eksaminator: Die maak van 'n opstel verdien by baie sentra meer aandag... Dit is af te keur dat kandidate 'n opstel oor 'n moontlike onderwerp vooraf woordeliks memoriseer en dit by die eksamen neerskryf. 2)

Voorts verklaar die eksaminator dat die kort sinnetjies waarin die verklarings van woorde en uitdrukkings aangegee word, van taalfoute wemel. Dit is nie genoeg dat 'n kandidaat blyke gee dat hy 'n woord of 'n uitdrukking verstaan nie; dit is die eksaminator juis te doen om te sien of die kandidaat by die verklaring suiwere taal kan gebruik. 3)

Volledigheidshalwe en net om die oorgang na Afrikaans aan te toon, word hier die enkele paragraaf van die rapport van die eksaminator in Afrikaans in 1920 weergegee. Toe was dit nog nie Afrikaans A nie. "Die antwoorde van die kandidate by hierdie eksamen was oor die algemeen vry good. Verwarring van Nederlandse en Afrikaanse taalvorme - wat 'n mens tydens die oorgangsperiode kan verwag - het maar selde voorgekom; en die spelling van die kandidate was verbasend korrek en eenvormig." 4)

Die eerste eksamen in Afrikaans op die hoër graad is in 1921 afgeneem. Die eksaminator was prof. J.J. Smith, B.A. Drie vrae uit Afdeling A en drie uit Afdeling B moes gedoen

Afdeling A. Leipoldt: Oom Gert Vertel en ander gedigte.

„1. Gee kortliks in u eie woorde weer die geskiedenis wat Oom Gert vertel. In watter versmaat is die gedig Oom Gert Vertel geskrywe? Sê wat u van dié soort versmaat weet."

Die laaste gedeeltes van hierdie vraag pas nie in 'n Junior Sertifikaat-eksamenstel nie - eerder in Matrikulasie.

„2. Gee die inhoud van twee van die volgende gedigte: Oktobermaand, Aan 'n Seepkissie, Die ou Blikkie, Op 'n Leiklip."

Dit is 'n billike vraag. Op die Standerd-VIII-stadium behoort net inhoudsvrae gestel te word, hoewel die volle betekenis van Aan 'n Seepkissie en Die ou Blikkie moeilik aan 'n Standerd-VIII-kandidaat duisgebring kan word.

„3. Wat verstaan u onder die naam „Slampamperliedjies?" Noem twee slampamperliedjies wat u besonder getref het; gee die inhoud daarvan en sê waarom juis dié u getref het."

Die beoordeling of liewers waardering van die slampamperliedjies moes liewer weggelaat word.

„4.(a) Kies vyf van die volgende plant- en diername en sê wat en in watter verband u daarvan in Leipoldt se gedigte gelees het: akkeldis, boesmangras, boomsingertjie, duiker, fiskaal, gousblom, kalkoentjie, kameeldoring, klossie, koklewiet, koggelmannetjie, ruigtegras, sekretarisvoël, skoenlapper, toktokkie, verkleurmannetjie, vlermuis."

Dit is 'n billike vraag; kandidate moes natuurlik die bundel deeglik ken om hierdie vraag te kon beantwoord.

„(b) Noem 'n paar van die gedagtes deur Leipoldt uitgespreek oor een van die volgende: (i) Die Suid-Afrikaanse vrou. (ii) Ons vaderland. (iii) Die konsentrasiekampe." Ook hierdie vraag is billik - dit stuur op 'n kennis van die inhoud van die gedigte af.

„5(a) Verklaar vyf van die volgende: Blikoor, op sy dawie sweef, ghoekoffie, hoenrade, Jannaat, kafferskuil, Makketees, Martjie Louw, ou Paaiboelie, seekoegat, tontoldoos, Watergeuse.

(c) Kies twee van die volgende plaasname en sê wat u by Leipoldt daaromtrent gelees het: Amsterdam, die Boesmanland, die Boland, die Karroo, die Suurveld."

Hierdie vraag is billik. Dit toets doeglik die kennis van die kandidate van die voorgeskrewe boek; daarby maak die wye keuse dit vir kandidate moontlik om goed te presteer.

Deel B. G.R. von Wielligh: Staan jou man.

Vrae ses tot nege is inhoudsvrae wat by die ontwikkelingspeil van Standerd-VIII-kandidate pas. Vraag 10 lui: „Wat dink u van Staan jou man as 'n verhaal? Sou u u vriende aanraai om dit te lees? Gee redes vir u antwoord."

Dit is weer een van daardie soort beoordelingsvrae wat nie in 'n Standerd-VIII-vraestel tuishoort nie. Maar, die keuse was wyd genoeg om hierdie soort vrae te vermy.

Prof. Smith tree ook as eksaminator vir die tweede vraestel op. Die vereiste dat kandidate in Deel A (Opstel en brief) afsonderlik moes slaag, het nog gegeld.

Deel A.

„1. Maak 'n opstel van ongeveer 35 reëls van u skryfblok oor een van die volgende onderwerpe: (a) Mooi en slordige Afrikaans. (b) Wat ek van die Padvinders dink. (c) 'n Belangrike gebeurtenis uit my skoollewe. (d) Die Noorslandtrekkers. (e) Die betekenis van Dingaansdag. (f) Die Genootskap van Regte Afrikaners."

Hierdie onderwerpe val beslis nie in die smaak van die gemiddelde Standerd VIII-kandidaat nie. Drie van die onderwerpe het, volgens die leerplan, betrekking op voorgeskrewe werke, sodat kandidate dadelik gebonde voel. Oor (a) sou niemand destyds nog durf skryf nie; (b) wek nie algemene belangstelling nie; (c) is die enigste algemeen gangbare onderwerp en die meeste kandidate het ongetwyfeld hierdie onderwerp gekies omdat dit binne hul ervaringsveld val. Die laaste drie verwys na voorgeskrewe werke.

Vraag twee bevat (a) twee briewe, een waarvan 'n antwoord

en kandidate kon met gemak daaroor skrywe.

Deel B.

„3. Gee die inhoud van die volgende gedig in u eie woorde weer:

Waghondjies.

Ek is hier en ma is hier,

Ons twee lê op baas se baadjie, ens.

Albei verse van die gedig is gegee. Die vraag is eenvoudig genoeg.

„4.(a) Skryf die volgende sinnetjies oor, maar gebruik die korrekte vorm van die adjektief tussen hakies aangegee (dit beteken natuurlik nie dat die vorm tussen hakies gegee altyd verkeerd is nie!) :- Ons ry deur 'n(breed) rivier. Hy neem 'n (beslis) houding in. Dit is die (Frans) gewoonte." ens.

„(b) Skrywe die volgende stukkie oor, maar gebruik oral 'n meervoud waar nou 'n enkelvoudige vorm staan: Die smid span sy wa in, neem sy vrou en kindjie, en natuurlik ook sy jong, en gaan vir 'n week by sy maat op die plaas anderkant die berg kuier."

„(c) Is die gebruik van die nie of nie's in die volgende sinne goed? Indien nie, bring dan die nodige verbetering aan: Ek weet nie wat jy wil hê. Ek sal nie met jou saamgaan." ens.

„5.(a) Maak sinne met die volgende woorde: braaf, dapper, bo-op, boonop, lis, lus," ens.

„(b) Maak duidelik die gebruik van is, was, word, is geword as hulpwerkwoorde van die passief. Gee voorbeelde ter opheldering."

Dit kan aangeneem word dat hierdie vraag die meeste moeilikhede vir die kandidate opgelewer het omdat die gebruik van hierdie hulpwerkwoorde nog baie onvas was.

Deel C. Diktee.

„Hoe 'n kind die sonskyn kan vang.

Klein Bettie/ speel in die tuin./ Die son/ skyn helder,/ en die kind/ verlustig haar/ in die blou hemel/ die skone

binne die perke van die ontwikkelingspeil van 'n Standerd VIII- kandidaat geval het.

Die verslag van die eksaminator was dan ook redelik gunstig: „Die kandidate het met baie min uitsonderinge 'n taamlik grondige studie van die voorgeskrewe werke gemaak, en dit is duidelik dat die kandidate goed bekend was met die Afrikaanse idiome, en in 'n klein aantal gevalle was die inhoud met aanmerklike bedrewenheid behandel. Die spraakkunstige deel was die mins bevredigend: daar is tog veels te veel napraat en te min werklike begrip." 1)

(b) Die Departementele Junior Sertifikaat-eksamen. In 1921 is die eerste Departementele Junior Sertifikaat-eksamen afgeneem. Soos in die geval van die Universiteit van Suid-Afrika moes die Departement vir Nederlands A sowel as vir Afrikaans A voorsiening maak.

(i) Die vraestel in Nederlands A, 1921. Vir hierdie eksamen tree Inspekteur H.H.G. Kroft, B.A. as eksaminator en die heer W.C. Eales, M.A. as moderator op. Die opstel-onderwerpe sluit die volgende in: „Het leven op een Zuid-Afrikaanse boerenplaats; Mijn beste vriend: 'n Karakterschets; Wat dammen voor Zuid-Afrika betekenen; Sagen en volksoverleveringen; De Genestet en zijn gedichten; Suiker."

Oor een van twee gegewe brief-onderwerpe moes geskryf word.

Die twee stukkies vir parafrase word hier weergegee: Vraag 3(a): „In niet-eindigende rijen, die al onduideliker worden tussen de opgewervelden wolken stof, kwamen de langzame buffelkarren de landweg af, krakend en kreunend onder de zwaarte van het volsappige suikerriet. De fabriek wachtte met wagenwijde poorten. De groene stroom stuwde naar binnen, de machines hijgden en hemerden, de torenhoge schoorsteen blies Wolken rook."

„(b) Zeg in eenvoudiger taal wat twee van de volgende strofen betekenen:

Op zilveren wolkjens slaapt de maan,

Ook moeders lust, de jongst geboren,

Is in zijn wieg ter rust gegaan.

(b) Het kwaad, dat mensen doen, leeft na hen voort:

Het goed wordt vaak met hun gebeent' begraven.

(c) Goede pijp, schoon 'k jou moet derven,

Schoon ik eenzaam rond moet zwerven,

Wat mijn lot op aarde zij,

't Zoetst herdenken blijft mij bij."

'n Vraag wat van die gewone afwyk, is vraag een in Afdeling A van die tweede deel van die vraestel: „Kies vijf van de volgende woorden. Geef de betekenis eerst van het gehele woord, en dan van de woorden, waaruit het samengesteld is: krankzinnig; nieuwsgierig; echtgenoot; praatziek," ens.

Die volgende vraag handel oor meer- en enkelvoud en die gebruik van gegewe werkwoorde in die verlede tyd, sommige met twee betekenisse. Die derde vraag bestaan uit 'n stuk vir ontleding.

Afdeling B.

Die vraag oor Tollens se „Zeven Gedichten" is verpligtend en dan moes nog die vrae oor een van die ander drie boeke gedoen word. Die eksamen sou van groter waarde wees indien een vraag oor elk van die ander drie boeke beantwoord was, aangesien leerlinge moontlik nou net op twee boeke sou konsentreer. Dit is ook onbillik om die vraag oor Tollens se werk verpligtend te maak aangesien tussen Tollens se gedigte en du Biel se „Getrou" 'n keuse gelaat is. (Sien bylaag A).

Vraag ses is 'n taalvraag wat glad nie onder voorgeskrewe vrae tuishoort nie: „Bespreek taalkundig de vorm van drie van de kursief gedrukte woorden:-

(a) „Hij ga!" dus spreekt men smalende af.

(b) Hy klimt de steile toren op met achttien rappe mars.

(c) Vergeefs, door waan alleen gesteven,

Die kop gebeurd. van kracht beroofd.

Het moog zijn Hoorne en Egmond wreken.

(e) En kust en lekt 's verwinnaars voeten."

Dieselfde vrae oor „Baas Gansendonck", „Sarel Celliers" en „Getrou" is in die Afrikaanse eksamen gestel en sal daar behandel word.

(ii) Die vraestel in Afrikaans A, 1921. Vir hierdie eksamen tree Inspekteur H.J.J. van der Walt, B.A. as eksaminator en prof. M.C. Botha, M.A. as moderator op. Die verskeidenheid opstel-onderwerpe wat gebied is, dien hier vermeld te word. „(a) 'n Lentedag (b) 'n Ou bakwa vertel sy geskiedenis. (c) Die lewe van die Voortrekkers. (d) Die mag van geld (e) Vaderlandsliefde. (f) Oorlog, vroeër en nou. (g) Gestel u was 'n Voortrekker; beskryf u toestand aan 'n vriend in die Kolonie." Die meeste van hierdie onderwerpe val binne die belangstellingsfeer van die leerlinge en daar bestaan geen twyfel dat die leerlinge die opstel met lus aangepak het nie.

Vraag twee is 'n vriendskaplike brief of 'n aansoek om 'n betrekking by die spoorwegdepartement wat ook die antwoord daarop insluit.

Vraag drie lui: „Gee in u eie woorde die betekenis van die volgende verse weer:

Awendblik.

Oor ver, verre lande,
Oor blou, bloue rande,
Sien ek vlieserige wolkies verspreid.
Oor hoog, hoë gronde
Sug gewiegd, ongebonde -
Die lug welf so blou en so wyd.

Oor ver, verre lande
Oor blou, bloue rande,
Deur die aandson se strale beskyn
Sien ek vry, ongemete,
Ongemerk en vergete

Nes dié vlugtige beelde
Van die sterwend vergeelde
Wolke in die lug verspreid,
So snik daar geslagte
As 'n vliegend gedagte
In die eindlose ruim van die tyd."

Dit is 'n mooi, stemmingsvolle gediggie en nie moeilik om te parafraseer nie.

Tweede Gedeelte.

Vraag 1: „Ontleed volledig:

Van dat hy Jan se planne het geraai,
die arme Piet,
het hy 'n pyn voel brand
(en eerste liefeleed maak diepste seer.)
sodat hy nimmermeer
kan aan 'n ander ding
gedagte gee."

'n Vers vir ontleding bied altyd moeilikhede veral vir 'n Standerd VIII-leerling. Die ongewone sinsbou, en boonop 'n sin tussen hakies wat 'n leerling meteens verward maak, vereis nie alleen die vermoë om die dele uitmekaar te kan haal nie, maar om ook die woordorde reg te span - 'n dubbele geesteswerksaamheid dus.

Vraag twee is 'n goeie vraag omdat dit, in teenstelling met die analitiese vermoë hierbo vereis, in hierdie geval die kompositoriese vermoë van die leerling toets. „Maak van die volgende enkelvoudige sinne één samegestelde sin:- Die kar was ingespan. Hy het de Vos en sy familie gegroet. Hy stap naar die kapstok om die sak met geld te vat. Die geld was weg. Hieroor was hy grootliks verwonderd."

Ook vraag drie is 'n goeie vraag: „Verklaar vier van die volgende uitdrukkinge en gebruik hulle in goeie volsinne:- geen salf aan te smeer nie; rieme naersit; in die pekel bring; hy is skoonveld; iemand kaf loop; van die gras maak;

moet word.

'n Vraag wat taalkennis deeglik toets is vraag vier: „Skryf: (a) drie woorde op dieselfde manier as: stil-stil.

(b) verkleinwoorde van rym, nooi, rib, ring.

(c) afgeleide selfstandige naamwoorde van: loop, vorm, wreek.

(d) die vroulike vorm van: kristen, bakker, sekretaris.

Afdeling B.

Ook hier, net soos in die geval van die Universiteits Junior Sertifikaat-eksamen, is die vraag oor „Zeven Gedichten" van Tollens verpligtend gemaak. Verder moes die vrae oor enigeen van die ander drie boeke beantwoord word.

Tollens: „Zeven Gedichten."

Vraag 5: „Watter rol het Konau Hasselaar in die verdediging van Haarlem gespeel. Beskryf dit.

of

Beskryf die heldedaad van Fernando. (20 reëls)."

Gerdener: „Sarel Celliers."

„6.(a) Watter rol het Sarel Celliers in die strafekspedisie van Andries Pretorius teen Dingaan vervul?

(b) Toon kortliks uit sy lewensgeskiedenis aan, hoedat die rol by sy karakter gepas het.

(c) Wat is die „gelofte", onder watter omstandighede, en op watter wyse is dit afgelê?

(d) Waar en wat is die kerk van die gelofte nou?

7. Gee 'n kort beskrywing van die kerklike toestande van die Voortrekkers of van die Bloedbad op 17 Februarie 1838."

du Biel: „Getrou."

„8.(a) Watter belofte het Henri aan Mev. Rousseau gemaak?

(b) Toon aan hoe hy getrou was aan sy woord.

9. Maak kort aantekeninge oor vier van die volgende: Edik van Nantes; Willem die Swyer; Lodewyk XIV; Louis Colbert; Anti-Hollandse Huwelikswet; Vader Neptunus; Yzeren Kruis (20 reëls)."

gelewe? Watter les het hy sy volk deur middel van sy novelle wil leer?

of

Gee 'n karakterskets van één van die volgende: Baas Gansendonck, Karel, Viktor van Bruin Kasteel."

Hierop volg die deur die Universiteit gebruiklike taalvrae wat uitsluitlik betrekking op hierdie Nederlandse boek het:

„11. Sê wat drie van die volgende woorde beteken: afspanning, gaffel, veldwachter, gemeentezaken, uithangbord.

12. Gee die betekenis van vyf van die volgende spreekwoorde in u eie woorde weer:

Schoenmaker, blijf bij uw leest.

Geeft hem een afrossing tussen vier ogen.

Hij vierde de volle toon aan zijn gramschap.

Hij komt weer stokken in de wielen steken.

Hij meent, dat hij nimmer een getrokken heeft.

Ik zal 'n oog in het zeil houden.

Baas en knecht zijn beide over dezelfde kam geschoren."

Oor die algemeen is hierdie vrae billik behalwe dat die taalvrae aan die end aan hierdie afdeling onvanpas is.

(c) Besluit oor Junior Sertifikaat-eksamen. Dit blyk dus dat die jaar 1921 'n hele ommekeer in die eksamenstelsel teweeg-gebring het, nie alleen ten opsigte van die invoering van Afrikaans as eerste taal in beide die Universiteits- en Departementele eksamens nie maar ook ten opsigte van die inhoud van die eksamenvraestelle. Die kandidate het van die ou tipe skoolse vrae ontslae geraak; meer aandag is by die eksamens aan die praktiese sy van die gebruik van die taal as sodanig geskenk en „grammatical niceties" is uit die vraestelle geweer.

Die aard van die opstel-onderwerpe het 'n groot ommekeer ondergaan. Die materiaal is vir kandidate binne hul bereik gebring; onderwerpe waarin hulle belang stel is nou gebied en uit 'n groot verskeidenheid kon kandidate 'n goeie keuse

het 'n baie groot verandering ondergaan. Meer aandag is aan die inhoud van die werke geskenk hoewel beoordelingsvrae somtyds nog hul verskyning gemaak het.

Al hierdie dinge het tot die voordeel van kandidate bygedra en vir hulle is moontlikhede geskep om hoë prestasies by eksamens te kan behaal.

(d) Die Matrikulasie-eksamen.

(i) Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. In 1916 tree prof. W.A. Joubert, B.A. Theol. D. as eksaminator en prof. G.G. Cillié, B.A., Ph.D. as moderator vir die eerste vraestel van die Matrikulasie-eksamen op. Die vrae oor die voorgeskrewe werke is hoofsaaklik beperk tot kennis van die inhoud van die werke. Vrae oor karakteruitbeelding sowel as verklarings van uitdrukkings wat in die twee boeke voorkom, nl. 'n drama en 'n roman, is ook gestel.

Vir die tweede vraestel tree prof. J.J. Smith, B.A., LL.B. as eksaminator en prof. G.G. Cillie, B.A., Ph.D. as moderator op. Van die opstel-onderwerpe verwys drie daarvan na voorgeskrewe werke. Die volgende is die lys van onderwerpe by hierdie eksamen gestel: „(a) De jaargetijden in Zuid-Afrika. (b) De vermakelikheden van het schoollevon. (c) Ons Parlement. (d) Stadsmanieren. (e) Straatjongens. (f) Konstantinopel in de wereldgeschiedenis."

In Deel B van die vraestel is onder andere 'n vraag oor die verbetering van sinne gestel; daarop volg homonieme en sinonieme waarmee sinne gemaak moes word; twee stukkies, een in digvorm en een in prosa, om geparafraseer te word; daarna volg 'n lang stuk sinsontleding en eindelik 'n stuk in die direkte rede om in die indirekte oorgeskryf te word: „Vraag 7: „Nu benoem je een onpartijdig rechter", raadde Bram; „die rechter stapt naar Braks en vraagt hem, ook een rechter aan te wijzen; die twee rechters kiezen samen een derde, en de drie hebben dan uit te maken wat er verder gebeuren zal." „Goed," antwoordde Piet: „ik benoem jou."

niet onpartijdig genoeg."

„Dat is jammer," zei Piet; „dan kies ik de kleine Karoltje Kwant."

„Dat is een goede keus," moende Bram."

Die stuk is nie te moeilik vir 'n Matrikulasie-kandidaat nie.

Die volgende twee jare bly die aard van die eksamenstelle byna onveranderd.

(ii) Die Gemeenskaplike Matrikulasie-raad. Hierdie raad het tweekeer per jaar, nl. in Junie en Desember, eksamens afgeneem. In Junie 1919 tree die volgende persone as eksaminatore op: Prof. R.D. Nauta en prof. W.S. Logeman, B.A., L.H.C. Die moderator was prof. G.G. Cillié, B.A., Ph. D.

Onder Afdeling A is vrae oor die eerste twee boeke van die lys gestel. Waarskynlik is Schimmel se „Zege na Strijd" tot die lys van voorgeskrewe werke toegevoeg nadat die lys reeds gepubliseer was. (Sien bylaag A.). Slegs die vrae oor een van die twee boeke moes beantwoord word. Die vrae handel hoofsaaklik oor die inhoud van die boeke.

Onder Afdeling B is sestien vrae oor ag boeke gestel. Hier is kort en saaklike antwoorde verwag. Kandidate moes slegs vyf vrae beantwoord wat uit minstens drie van die ses groepe gekies is. Die vrae handel byna almal oor die inhoud van die boeke.

Deel A van die tweede vraestel bevat onder andere die volgende opstel-onderwerpe: „Langzaam gaat zekor; Ons Parlement; Een nachtelike overval; Een wapenstilstand; Een zeeslag; Het nut van een zeemacht." Hier is weinig geleentheid vir persoonlike siening en oorspronklikheid gebied.

Vraag twee vereis 'n brief met die antwoord daarop. Die volgende vraag luid: Omskryf en verklaar vier van die volgende uitdrukkings of spreekwoorde, onder andere: „De vrouw heeft haar op de tanden. In het land der blinden is éénoog koning. Je moet niet zo sikkenourig wezen." ens. Laasgenoemde is 'n heel buitengewone uitdrukking.

terugverwys. Daarna volg 'n vraag waarin gevra is om sinne met woordpare wat byna dieselfde betekenis het, te maak, of ontleding van'n lang paragraaf. Die sesde vraag is woordeliks dieselfde vraag as wat in 1916 vir die Matrikulasie-eksamen (Vraag 7) gestel is, dog slegs die helfte van daardie stuk is vir die Indirekte Rede gekies, of voor elk van vyf van gegewe werkwoorde moes 'n selfstandige naamwoord geplaas word sodat die werkwoord in die letterlike en in die figuurlike betekenis voorkom.

Vraag sewe lui: „Wat is een open, en wat is een gesloten lettergreep? Geef duidelik aan volgens welke regel de k in bokken verdubbeld wordt, terwijl men in boeken en monniken slechts een enkele k schrijft." (vgl. Univ. Jan. Sert.-vraestel vir 1916. 2e vraestel Deel B. Vraag 5 (a))

Hierdie voorbeelde is voldoende om aan te toon hoe die aard van die eksamenvrae met verloop van tyd verander het.

Oor die eksamen van 1920 skryf die eksaminatore: „Grammatika schijnt dikwels geheel en al van buiten worden geleerd, zonder dat de taalles ooit in 't minst in verband gebracht wordt met 't leven en denken van de leerling zelf." 1)

In 1920 is die eerste eksamen in Afrikaans afgeneem maar dit was nie Afrikaans A nie. Dit sou eers in 1922 kom.

In 1921 skryf die eksaminatore oor die antwoorde in Nederlands A dat daar oor die algemeen nog nie voldoende aandag aan die opstel bestee word nie. Daar word te veel in die opstelle gepreek en gemoraliseer en te weinig aandag aan styl gegee. 2)

Voorts skryf hulle dat onderwysers streng gewaarsku moet word teen die heersende metode om vooraf sekere antwoord op moontlike vrae klaar te maak en aan die kandidate te dikteer. Daardeur kry 'n mens by die voorgeskrewe werke dikwels byna woordeliks dieselfde antwoorde by kandidate van dieselfde skool. Hierdie metode maak alle inisiatief en oorspronklikheid dood. Die taal van die grootste moerderheid kandidate laat

(c) Besluit oor Matrikulasie-eksamen. Ons staan nou aan die vooraand van die instelling van Afrikaans A as vak beide by die eksamens van die Gemeenskaplike Matrikulasie-raad en die Departement van Onderwys, en dit lê voor die hand dat die eksamenvrae in Afrikaans baie gelyksoortig aan die in Nederlands sou wees.

Dit blyk dat die eksamenvrae nou meer binne die perke van die ontwikkelingspeil van kandidate gestel is. Die Matrikulasie-eksamenvrae vertoon beslis nie meer die vreesinboesemende tekens van die ou Matrikulasie-eksamens nie. Wat ten opsigte van die Junior Sertifikaat-eksamen gesê is, geld verder ook hier.

HOOFSTUK VI.

AFRIKAANS OP SKOOL, 1921 - 1940.

1. DIE TYDPERK 1921 - 1940.

(a) Departementele eksamens. Met die instelling van die Departementele eksamens begin ook die opgang van Afrikaans op skool, en dit was dadelik vir almal 'n uitgemaakte saak dat Nederlands vroeër of later deur Afrikaans verdring sou word.

In die begin het die Departement van Onderwys niemand verbied om aan die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika of die Gemeenskaplike Matrikulasieraad voorkeur te gee nie, maar vanaf 1 Januarie 1925 sou geen kandidaat meer vir die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika voorberei word nie. Dit is vanselfsprekend dat dit die organisasie van die skool baie bemoeilik het om twee klasse Junior Sertifikaatkandidate voor te berei.

Soos verwag kon word, sou die verbreking van sommige van die bande met die Matrikulasieraad hierop volg, maar dit was eers in 1932 dat die S.G.O. kennis gee: „1933 sal gevolglik die laaste jaar wees waarin hoërskole onder die Departement kandidate vir die Matrikulasie-eksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasie-raad sal aanbied." 1)

In 1921 skryf 271 kandidate vir die Junior Sertifikaateksamen van die Departement van Onderwys in en in die volgende jaar 1538. 2) In 1923 is die eerste Departementele Senior Sertifikaat-eksamen afgeneem. Die getal inskrywings gedurende die volgende twee jare toon duidelik die populariteit van die Departementele eksamens aan:

Inskrywings vir	1923	1924
Senior Sertifikaat.	262	582
Junior Sertifikaat	2677	2728. 3)

Van die 262 kandidate vir Senior Sertifikaat slaag 169: 12 in die eerste en 157 in die tweede klas. 4) Die S.G.O. skryf oor hierdie eksamens: „Hier kry 'n mens duidelike be-

samens en dat die leerplan op dergelike wyse opgestel is." 1)

(b) Verslag van die Adviserende Komitee insake Onderwys, 1927.

'n Adviserende Kommissie onder voorsitterskap van prof. dr. G.G. Cillie van Stellenbosch is teen die end van 1926 deur die Uitvoerende Komitee aangestel om sekere belangrike onderwyssake te ondersoek en verslag uit te bring. Hierdie verslag word bestempel as "een van die mees waardevolle dokumente wat nog ooit oor Kaapse Onderwys verskyn het" en het ongetwyfeld 'n belangrike rol in die verdere onderwysontwikkeling gespeel. 2)

Gedurende 1925 is spesiale pogings aangewend om die taalbepalings van Ordonnansie No. 5 van 1921 uit te voer en voortaan sou die verantwoordelikheid vir die uitvoering van hierdie bepalings op die inspekteurs rus. 3) Dit blyk dat daar nog baie skole bestaan het waar Afrikaanssprekende leerlinge hul onderrig deur medium van Engels ontvang het, bv. Rondebosch, die Rynse Meisieskool op Stellenbosch, Komgha, Peddie, Barkly-Wes, e.a. 4)

Die kommissie maak verder melding van die getalle Hoër en Sekondêre skole wat hulle onder vier hoofde klassifiseer (opgaaf nie volledig nie):

(1) Skole waar die Engelse taal die heersende is: 70

(2) Skole waar die Afrikaanse taal die heersende is: 4

(3) Skole waar die Engelse taal die voertaal in sekere vakke en die Afrikaanse taal die voertaal in sekere ander vakke is: 101.

(4) Skole waar alle vakke deur albei tale doseer word: 5) 5

Die Kommissie vind dat dit die algemene ondervinding is dat die leerlinge veel beter vorder as hulle deur medium van hulle moedertaal onderwys word. 6)

Oor die metodes van taalonderrig in gebruik op die laerskool rapporteer die Kommissie dat daar te veel tyd aan die onderwys van formele grammatika, veral sins- en woordontleding

1) Rapport van die S.G.O. oor 1923 en 1924, p. 39. 2) du Toit

bestee word, en hoewel stelonderwys gereeld gegee word, is die skriftelike opstelle gewoonlik te stereotiep en te min tyd word aan die verskillende vorme van mondelinge stelonderwys bestee. 1)

Die Kommissie beveel dan ook aan dat alle soorte stelonderwys, mondeling en skriftelik, aandag behoort te geniet. Besondere klem moet op die skrywe van briewe gelê word, aangesien hierdie vorm van die meeste belang in die later lewe van die leerling is. Formele grammatika moet onderwys word maar van 'n handboek moet so min moontlik gebruik gemaak word. 2)

Aan die onderrig van Afrikaans as vak op die sekondêre en hoërskole het die Kommissie geen aandag geskenk nie. Die waardevolste aanbevelings is dié wat oor die laerskool, die opleiding van veral laerskoolonderwysers en die vraagstuk van dubbel-, parallel- of enkelmediumskole handel. Desnieteenstaande kan niemand dit betwyfel nie dat dit 'n uiters waardevolle rapport is.

(c) Die verhouding tussen die Departement van Onderwys en die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Hierdie verhouding is deur die S.G.O. in sy rapport oor die jare 1934 en 1935 baie duidelik gestel. Die S.G.O. skryf dat alhoewel die Departement sy eie eksamen vir die Senior Sertifikaat afneem, dit tog tot 'n groot mate onder beheer van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad is wat self optree as 'n liggaam wat eksamens afneem en vrystelling onder sekere voorwaardes aan kandidate verleen wat eksamens van gelyke graad onder die Provinsiale Departemente afgelê het. Ook moet die studiekursusse in afsonderlike vakke, die vraestelle en die standaard wat by die nasien van skrifte gehandhaaf word deur hierdie raad goedgekeur word voordat vrystelling van die Matrikulasie verkry kan word. 3)

Voorts skryf die S.G.O. dat namate by die Raad vertroue in die standaard en doeltreffendheid van die Departementele eksamen vir die Senior Sertifikaat gewek is, ook groter vryheid aan die Departement toegestaan is by die afneem van sy

was die kwessie van die maksimum vryheid wat deur die Raad aan die Departemente by hulle eksamens vir die Senior Sertifikaat toegestaan kon word. Te oordeel na die gees wat toe in die Raad geheers het, was die S.G.O. daarvan oortuig dat die „Matrikulasie gogga" in die nabye toekoms geheelenal van die toneel sou verdwyn. 1)

Die S.G.O. sê dat die Kaapse Onderwysdepartement dit beskou dat die Matrikulasieraad 'n baie noodsaaklike funksie in die Unie as 'n koördinerende liggaam uitvoer. Sonder so 'n liggaam sou dit ondenkbaar wees dat selfs by benadering 'n eenvormige standaard van werk gelewer word by die finale sekondêre skooleksamens wat toe deur twee Provinsiale Departemente, die Unie-Departement van Onderwys en die Matrikulasieraad self afgeneem word. Die Raad het egter probeer om studiekursusse vak vir vak van gelyke gewig te maak in plaas van kursusse as 'n geheel te oorweeg. Hy het in sekere gevalle daarop aangedring dat vakke op 'n bepaalde manier geëksamineer sal word en het sodoende die pad versper tot sekere radikale veranderings wat die Departement verlang om te maak ten opsigte van die inhoud van die studievakke sowel as die aard van die eksamenvrae. 2)

(d) <u>Verslag van die Kommissie oor voorgeskrewe werke</u>. In die dertiger jare kom die vraagstuk van die voorgeskrewe boek op skole in die gedrang. 'n Kommissie bestaande uit Mnr. P.J. le Roux as voorsitter en Mnr. J.H. Rossouw, Mnr. J.C. van Vuuren en Mej. E. Malan as lede is aangestel om op hierdie saak in te gaan. 3) 'n Vraagbrief is aan 140 taalonderwysers gestuur, dog slegs 40 van hulle het daarop reageer.

Dit sal ons doel die beste dien om die vrae en die hoofinhoud van die antwoorde en aanbevelings van die onderwysers vir sover dit betrekking op die eerste taal het, woordelikse weer te gee soos dit in „Die Unie" van 1 Januarie 1936 gepubliseer is:

boeke vir publieke eksamens is 'n goeie en moet bly voortbestaan.

2. Is u tevrede met die jongste genre-indeling? - Die huidige genre-indeling is bevredigend.

6. Behoort kortverhale vir Junior Sertifikaat voorgeskryf te word? - Kortverhale hoef nie uitgesluit te word nie op voorwaarde dat: (a) hul nie te moeilik is nie; (b) dat geen vrae oor die tegniese sy gestel word nie; (c) dat daar nie meer as een bundel kortverhale vir dieselfde klas voorgeskryf word nie." ✗

Onder vraag 7 se antwoord word aanbeveel dat „ook vir Junior Sertifikaat A behoort die digbundels baie eenvoudig te wees." ✗

„8. Behoort Nederlandse boeke behou te word? - Nederlandse boeke vir Senior Sertifikaat A behoort behou te word.

9. Is u tevrede met die tipe Nederlandse boek wat tans voorgeskryf word? - Nederlandse boeke van die soort van Majoor Frans, Sara Burgerhart en selfs die meeste van Vondel se dramas word afgekeur. Meer spanningsverhale word verlang, by voorkeur moderne.

10. Is u ten gunste van moderne skrywers of van die ouderes in die Nederlandse letterkunde? - Sien antwoord op vraag 9.

11. Sou dit nie beter wees om vyf boeke vir Senior Sertifikaat en drie vir Junior Sertifikaat voor te skryf nie, selfde of die kandidaat A- of B-taal neem, met dien verstande dat onderskeid gemaak word in die gehalte van A- en B- vrae? - Die getal voorgeskrewe boeke moet bly soos dit vandag is t.w. 6 en 4 vir Senior Sertifikaat A en B respektiewelik; 4 en 2 vir Junior Sertifikaat A en B respektiewelik.

13. Behoort i.p.v. sekere boeke nie liewer 'n bepaalde outeur voorgeskryf en 'n wyer keuse van vrae gestel te word nie? - Die uitvoering van hierdie voorstel onder die huidige

kandidate se kennis van die voorgeskrewe boeke? - Senior Sertifikaat A: behalwe natuurlik on die deeglike kennis van die inhoud behoort daar gelet te word op die kandidaat se vermoë om: (a) die taal en styl, (b) die bou en vorm van die kunssoort te waardeer en om beide te motiveer uit die voorgeskrewe boek. Waarderende weergawe moet hier hoofsaak wees. Sorg moet egter gedra word dat die vrae nie te ingewikkeld word nie en dat hulle aanpas by die standaard van ontwikkeling van die kandidaat. Die neiging was in die afgelope paar jaar om die vrae te ingewikkeld te maak. Senior Sertifikaat B: hoofsaak is hier die inhoud en die vermoë om dit vlot weer te gee. Styl, bou en vorm behoort op elementêre wyse bestudeer, maar nie skriftelik getoets te word nie. 1)

14. Sou dit nie wenslik wees dat dit aan individuele onderwysers gelaat word om binne die perke van die vasgestelde genres hul eie keuse van boeke te doen nie? - Dit is nie wenslik nie.

15. Sou dit nie wenslik wees dat elke jaar ongeveer dieselfde aantal reëls poësie voorgeskryf word nie? - Dit is onmoontlik want die getal reëls hang af van die gehalte van die boek. In elk geval, wat Junior Sertifikaat betref, behoort die aantal reëls nie te veel te wees nie, en slegs een keuse-vraag op die boek moet verpligtend wees.

16. Hoe kan die groot onkoste in verband met voorgeskrewe boeke teengewerk word? - (a) Daar moet 'n mate van herhaling van voorgeskrewe boeke wees. (b) Daar moet by die uitgewers aangedring word om 'n goedkoper band vir skoolgebruik. (c) Indien moontlik, behoort skole die voorgeskrewe werke deur die Departement aan te koop. Dit kan ten minste probeer word.

18. Het u enige ander wenke insake die hele saak wat u graag onder die aandag wil bring? -Die kommissie beveel aan: (a) die behandeling van voorgeskrewe werke in "Die Unie", (b) dat die lesse oor die radio in verband met voorgeskrewe boeke in „Die Unie" of Onderwysgaset gepubliseer word." 2)

Op 'n konferensie wat op 20 Januarie 1941 gehou is, verwys die Minster van Onderwys na die warboel wat ontstaan het as gevolg van die pogings van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad om twee funksies te verenig en uit te oefen, nl. beheer oor die Matrikulasie-sertifikaat of toelating tot die universiteit aan die een kant, en beheer oor die skooleindsertifikaat, die eksamen van die middelbare skole, aan die ander kant. Hy beklemtoon die feit dat besluite van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad nie aan hersiening deur enige ander gesag onderworpe is nie, sodat die Raad tans bo die wet staan. Hy sou wetgewing indien om die posisie te verhelp. 1)

Hierdie konferensie besluit onder andere dat die Minister die besluite van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad in hersiening behoort te neem en dat die universiteitsinrigtings gemagtig behoort te word om voor te skryf wat vir Matrikulasie vereis word indien gematrikuleerdes hulle vir die onderskeie fakulteite en vakke wil laat inskryf. 2)

Die verslag haal dan 'n kort opsomming van die geskiedenis van die Matrikulasieraad aan, om daaruit die juiste magte van die Raad te bepaal. Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad is in 1916 by wet ingestel met die hooffunksie om 'n eksamen vir toelating tot die Universiteit af te neem. Later stel onderwysdepartemente, behalwe Natal, hul eie eindsertifikaateksamens in en oefen druk op die Raad uit om die regulasies ten opsigte van die wyere keuse van vakke te verslap. Die Raad was tegemoetkomend. As gevolg van groter keuses was die praktiese uitwerking hiervan dat die Matrikulasie-leerplan meer in ooreenstemming met die skool-eindleerplan gebring is.3)

Kleiner hoërskole kon nou Matrikulasie- en Skooleindkandidate dieselfde kursus laat volg. So erg het dit geword dat as kandidate in die volgende groep vakke slaag, hulle toelating tot die universiteit kon verkry: Afrikaans A, Engels B, huishoudkunde, gesondheidsleer, aardrykskunde, boekhou en

kandidate vir die universiteit natuurlik ontmoedig om so 'n kursus te volg. 1)

Die nuwe regulasies wat deur die Matrikulasieraad in 1940 aangeneem is en in 1942 in werking sou tree, aanvaar vir die eerste keer die beginsel dat die eindsertifikaat as basis beskou moet word en as verpligtend vir alle kandidate, en dat die Matrikulasie-sertifikaat afhang van die nakoming van sekere voorwaardes bo en behalwe dié wat vir die eindsertifikaat voorgeskryf is. 2)

Voorts blyk uit die verslag dat 100 persent geleenthede vir taalstudie vir beide Engels en Afrikaans in die hoërskole gemaak is. 3) Leerlinge maak van hierdie geleenthede as volg gebruik: 100 persent leerlinge met Engels as vak en 98.7 persent leerlinge met Afrikaans as vak. 4) Die hoofde van die onderwysdepartemente is dit eens dat twee eksamenliggame in elke provinsie onwenslik is.5)

In verband met die onderrig van die twee landstale rapporteer die kommissie dat ag uit die nege universiteitsinrigtings hulle ten gunste van die algemene beginsel verklaar dat die twee landstale verpligte vakke vir Matrikulasie moet wees mits voorsiening vir die nodige vrystelling gemaak word. Laasgenoemde voorwaarde het betrekking op kandidate van buite die Unie, en ander gevalle wat vermeld word. Agt uit die nege universiteitsinrigtings meen dat gebrek aan kennis van 'n derde taal die onderwys van die twee landstale belemmer. Die Universiteit van Stellenbosch meen dit is nie 'n struikelblok vir leerlinge in Matrikulasie nie. In die Universiteit van Pretoria heers daar verskil van mening. 6)

Oor die peil wat matrikulante in tale bereik, rapporteer die Kommissie dat, wat Afrikaans betref, dit duidelik uit die getuienis wat voorgelê is, blyk dat die peil wat deur kandidate wat Afrikaans A as vak vir Matrikulasie gehad het, bereik word, oor die algemeen bevredigend is, hoewel onvermoë om die

is; dit blyk ook dat die aantal boeke wat in die meeste gevalle gelees is, maar baie beperk is. 1)

Die gevolgtrekkings waartoe die Kommissie geraak, word as volg weergegee: "Ons gaan ook volmondig akkoord met die mening, deur feitlik al die universiteitsinrigtings uitgespreek, dat wanneer baie van die studente geen kennis van 'n derde taal het nie, onderrig in die twee landstale op die universiteit ernstig belemmer word." 2)

Die Kommissie kom ook tot die gevolgtrekking „dat die peil van kennis wat studente wat na die Suid-Afrikaanse universiteite gaan in tale bereik, tans baie laer is as wat dit behoort te wees. Hierdie ontoereikendheid geld veral in die geval van die twee landstale en Latyn." 3)

Voorts doen die Kommissie sekere aanbevelings aan die hand om hierdie toestand van sake te help verbeter. In verband met die twee landstale is die kommissie dit eens met die menings van die meerderheid van die universiteitsinrigtings, nl. dat die twee landstale verpligte vakke vir die Matrikulasie-eksamen moet wees hoewel voorsiening vir die nodige vrystellings gemaak moet word. „Ons meen dat dit absoluut noodsaaklik is dat elke Suid-Afrikaanse seun of dogter albei tale magtig is." 4)

In verband met die onbevredigende peil wat deur matrikulante in taalstudie bereik word, is die kommissie van oordeel dat die menings wat opgesom is „toon dat universiteitsdosente van tale vry algemeen van mening is dat hierdie ontoereikende peil hoofsaaklik toe te skryf is aan die onbevredigende metodes van onderrig op die skole, en dat dié onopsetlik aangemoedig word deur die leerplanne en die aard van die eksamenvrae. Ons beskik nie oor voldoende getuienis om te kan oordeel of hierdie kritiek op goeie gronde berus nie. Ons beskou die saak egter van soveel belang dat ons 'n nadere ondersoek aanbeveel." Die wenk van prof. Haarhoff is goedgekeur, nl.

onderrig in en die eksamineer van (1) die landstale, (2) Latyn en Grieks, (3) Frans en Duits, en (4) Bantoetale, ondersoek in te stel en na oorweging verslag daaroor uit te bring. Die Kommissie beveel ook aan dat hierdie komitees permanent van aard moet wees. 1)

Hierdie Kommissie skenk besonder baie aandag aan die opleiding van onderwysers, en hulle beveel aan dat 'n honneurs-graad of 'n navorsingsgraad (B.A. Hons., M.A., Ph.D., ens), in die taal wat hy of sy doseer die minimum-bevoegdhedd vir 'n taalonderwyser moet wees op daardie skole wat dit kan bybring om spesialiteit-onderwysers op die personeel te kan hê. Voorts is die Kommissie van mening dat op die kleiner hoërskole waar dit onmoontlik is om 'n spesialiteit-onderwyser vir elke vak te hê, die minimum-bevoegdheid ten minste drie kursusse in die taal vir die graad B.A. moet wees. Dit is noodsaaklik dat 'n hoërskoolonderwyser van 'n taal 'n deeglike kennis van sy vak behoort te hê. 2)

Die Kommissie beveel ook aan dat die Unie-regering jaarliks 'n som geld beskikbaar stel as 'n bydrae aan geskikte studente wat die eerste graad aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit behaal het om hulle in staat te stel om 'n honneurs- of meesterskursus te volg voordat hulle met hulle professionele opleiding begin. Die gebrek aan middele weerhou menige bekwame student van 'n honneurs- of meesterskursus, en dit het as gevolg dat die getal spesialiteit-onderwysers ernstig verminder. 3)

Die onderwysdepartemente moet onderneem om aan onderwysers wat hierdie spesiale bevoegdhede besit hoër aanvangsalarisse te betaal. 4)

Die Kommissie spreek ten slotte die mening uit dat „tensy hierdie aanbeveling (i.v.m. meesterskursusse) uitgevoer kan word, dit moeilik mag wees om ons voorafgaande aanbeveling ten volle uit te voer." 5)

Vanaf 1 Januarie 1925 is geen kandidaat meer vir die Junior Sertifikaat-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika voorberei nie en sedert 1 Januarie 1934 is ook geen kandidaat meer vir die Matrikulasie-eksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad voorberei nie. Hierdie bepalings het betrekking alleen op skole onder die Kaapse Departement van Onderwys. Hierdie skole sou kandidate slegs vir die Departementele eksamens voorberei.

Die verslag van die Adviserende Komitee insake onderwys in 1927 behandel veral die medium-kwessie en probleme in verband met die laerskool. Tog gee die kommissie uitspraak dat vir die meeste vordering van leerlinge moedertaalonderwys die beste is.

Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad oefen nog steeds beheer oor selfs die Departementele eksamens uit, en die Departement wys daarop dat dié Raad in meer as een opsig die weg tot radikale veranderings verspeT.

In die dertiger jare tree die probleem van die voorgeskrewe boek op skool op die voorgrond. Uit die verslag van die kommissie wat op die saak ingegaan het, blyk dit dat onderwysers met die toestand van sake tevrede was, behalwe dat wat die Nederlandse werke betref, meer moderne spanningsverhale aanbeveel is.

Uit die verslag van die Kommissie oor die stand van tale blyk dit dat die Minister van Onderwys nie genoeë geneem het met die magsposisie van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad nie

Die verslag meld verder dat daar toereikende voorsiening vir taalstudie beide wat Engels en Afrikaans betref, op die hoërskole gemaak is. Die Kommissie beveel ook aan dat die twee landstale verpligtend vir Matrikulasie moet wees.

Die onbevredigende peil van kennis van die landstale word toegeskryf aan die onbevredigende metodes van onderrig op die skole wat die gevolg is van die leerplanne en die aard van die eksamenvrae. Die Kommissie beveel aan dat 'n perma-

Die Kommissie is ook van oordeel dat onderwysers in staat gestel moet word om honneurs - of meestersgraadkursusse te volg om sodoende die peil van hul onderrig te verhoog.

Die periode sluit dus af met die triomf van Afrikaans op die skool. Daar res nog die verfyning, die vervolmaking van die taal as uitdrukkingsmiddel. Die oorgang van Nederlands na Afrikaans was vir die leerling 'n eenvoudige taak; trouens, Afrikaans was reeds lankal sy spreektaal. Maar skryftaal is nie spreektaal nie: die verfynde uitdrukking moes nog gekweek word; die taal moes nog van Engelse invloed gesuiwer word. En dis op hierdie drumpel wat ons teen die jaar 1940 staan.

2. LEERPLANNE 1921 - 1940.

(i) Universiteits Junior Sertifikaat en Departementele Junior Sertifikaat.

(a) Die Universiteit van Suid-Afrika. Die leerplan vir die Universiteits Junior Sertifikaat toon tot 1924 verder geen veranderinge nie. Vanaf 1 Jan. 1925 sou geen kandidaat op die skole van die Departement van Onderwys vir hierdie eksamen meer voorberei word nie.

(b) Die Departement van Onderwys. Vanaf 1925 tree 'n beter omskrewe leerplan in werking. In al die verskeidenheid van moontlike kursusse is die verpligting van twee tale gehandhaaf. 1) In die reël sou die tweede taal die ander offisiële taal wees, geneem in die hoër of in die laer graad en daar sou 100 ekstra punte verkrygbaar wees vir kandidate wat dit in die hoër graad neem. 2)

Die eksamenpunte sou as volg verdeel word: Eerste offisiële taal (Hoër Graad): Voorgeskrewe werk 160, Stelwerk 120, Taalkunde 120 met 'n sub-minimum van 30 persent van die 120 vir Stelwerk. Die groot-totaal sou dus 400 punte wees. 3)

Indien 'n kandidaat 'n volledige sertifikaat wou verwerf,

totaal wat met vier hoofvakke en een ondergeskikte vak gelyk staan(200 of minder punte as totaal is 'n ondergeskikte vak). Die minimum punte om te slaag sou 40 persent (60 persent vir die eerste klas) van die groottotaal wees. Elke kandidaat moes in elke afsonderlike vak minstens 30 persent behaal.1)

In verband met die taalvraestelle is bepaal dat 'n kandidaat wat die hoër graad-vraestelle in die twee offisiële tale beantwoord en wat in een daarvan sak, sou beskou word as geslaag in die laer graad in daardie taal as hy 25 persent van die punte vir die vraestel behaal en 'n ooreenstemmende 25 persent vir die gedeelte waarvoor 'n sub-minimum vereis word.2)

In verband met klaspunte dien die volgende voorskrifte: Voordat die eksamen plaasvind, moes elke hoof 'n bylae inlewer wat ten opsigte van elke kandidaat die punte in elke vak aantoon wat hy hom on grond van sy werk in die klas sou toeken met afsonderlike punte by moderne tale vir mondelinge en skriftelike werk. Die punte vir mondelinge werk in tale sou gemodereer word deur die rondgaande inspekteur voordat hulle aan die Departement gestuur word en geen kandidaat wat nie 30 persent vir die mondelinge werk ontvang het nie, sou as geslaag in 'n taal beskou word nie. Die volgende skaal van puntetoekenning is vir die mondelinge toets aan die hand gegee:

	Maks.	Baie Goed. 80 - 100%	Goed. 60-79%	Taamlik. 40-59%	Gangbaar. 30-39%	Swak. 0 - 29%
Lees.	30	24 - 30	18-24	12-18	9-12	0 - 9
Resiteer	20	16 - 20	12-16	8-12	6-8	0 - 6
Mondeling Stel	50	40 - 50	30-40	20-30	15-20	0 - 15 3)

Dit is bepaal dat by lees en resitasie aandag gegee moes word aan duidelike en juiste uitspraak, vlociendheid, uitdrukking (bdsonders woordverbinding en nadruk), en begrip van die inhoud. 4)

By mondelinge stel moes gelet word op die leerling se bekwaamheid om die gesproke taal te verstaan, die omvang van

Bogenoemde voorskrifte en bepalings bly onveranderd voort bestaan tot 1928 toe bekend gemaak is dat punte vir die mondelinge eksamen nie by die totaal bygereken word nie, maar geen kandidaat wat minder as 30 persent vir die mondelinge werk ontvang, sou aangemerk word as geslaag in 'n taal nie.1)

In die Onderwysgaset verskyn toe ook 'n stuk oor die toekenning van waarderingsyfers vir opstelle wat by die eksamens vir Junior en Senior Sertifikaat in 1928 sou geld. Vir enige opstel wat nie oor die gekose onderwerp handel nie, behalwe in gevalle van blykbare misverstand i.v.m. die gegewe titel deur die kandidaat, sou geen punte toegeken word nie. Sulke gevalle sou na die hoof-eksaminator verwys word. 2)

Indien die eksaminator duidelike getuienis besit dat die opstel in sy geheel of die grootste deel daarvan uit die hoof geleer is, sou geen punte toegeken word nie. Sulke gevalle van duidelike getuienis is onder andere die volgende.
(a) Indien die kandidaat se kennis van die taal in die orige deel van die vraestel klaarblyklik waardeloos is; (b) Wanneer 'n opstel in sy geheel of vir die grootste gedeelte woordeliks of byna woordeliks uit 'n gepubliseerde werk geneem is;
(c) wanneer 'n aantal opstelle, klaarblyklik van dieselfde sentrum, woordeliks of byna woordeliks gelykluidend is. Al sulke gevalle sou na die hoof-eksaminator verwys word. 3)

Voorts word die volgende skema bekend gemaak: (Die eksaminatore sou hulle aan hierdie skema hou vir stelwerk in Engels, Afrikaans en Nederlands, geneem in die hoër graad).
(a) Taalkunde en idioom: 30 persent van die geheel.
(b) Spelling en leestekens: 20 persent van die geheel.
(c) Inhoud, rangskikking, diksie en styl: 50 persent van die geheel. Die punte-syfers vir (a) en (b) sou verkry word deur vermindering van foute; vir (c) sou die bepaling van syfers positief wees. 4)

In 1932 is bekend gemaak dat in die mondelinge taal-ek-

duideliking of bespreking van die gelese stuk); 16 punte vir resitasie en 60 vir mondeling stel. 1) Die hersiene skaal sou dus as volg daar uitsien:

	Maks.	Baie Goed. 80-100%	Goed. 60-79%	Taamlik. 40-59%	Gangbaar. 30-39%	Swak. 0-29%
Lees	24	20- 24	15-19	10-14	8- 9	0- 8
Resiteer	16	13- 16	10-12	7- 9	5- 6	0- 5
Mondelinge Stel.	60	48-60	36-47	24-35	18-23	0-17 2)

Die indeling van punte is 'n verbetering op dié van 1925 omdat daar geen oorvleueling van punte plaasvind nie. Die waarde van mondelinge stel is hier sterker beklemtoon.

Die Onderwysgaset maak ook bekend dat die verskil tussen werke vir intensiewe studie en werke vir algemene lees wegval vir kandidate wat die eksamen vir die Junior Sertifikaat in 1934 doen. Die leerplan in stel (mondelinge en skriftelike) en taalkunde sou dieselfde wees as dié vir 1933. 3)

Hierdie bekendmaking dien slegs om te herinner aan die bepalings wat reeds in 1932 gepubliseer is ten opsigte van die eksamen in 1934. In verband met die voorgeskrewe werke is die volgende bepalings neergelê: „(a) Die studie van voorgeskrewe poësie en prosa, vier boeke altesaam, waarvan een ten minste in poësie sal wees. Hierdie werke behoort bestudeer te word om hulle bou of vorm, knoop, karakteruitbeelding en letterkundige waarde, sowel as om hulle inhoud." 4)

In 1936 is die volgende verandering in ooreenstemming met dié vir Senior Sertifikaat aangebring, nl. indien drie prosawerke en een bundel poësie voorgeskrywe word, sou een vraag (35 punte) oor elk van die prosawerke gestel word en twee vrae (tesame 55 punte) oor die bundel poësie. 5)

In 1937 is die volgende bepaling met aanvoegings herhaal: „'n Kandidaat wat die hoër-graad vraestelle in die twee offisiële tale kies en in een daarvan sak, sal beskou word as geslaag op die laer graad in daardie taal as hy 25 persent van die punte by die eksamen behaal, mits hy ook òf 30 persent

van wat in aanmerking kom vir die sub-minimum." 1)

Tot 1940 bly die leerplan verder onveranderd.

(c) Besluit oor Junior Sertifikaat. Van belang is dit om op te merk hoeveel aandag in hierdie jare aan mondelinge werk bestee is. Die probleem van punteverdeling geniet besonder baie aandag. Afgesien hiervan het dit 'n vereiste geword dat kandidate in hul mondelinge werk moes slaag om in die vak te slaag. Bowendien geld die vereiste dat 'n kandidaat in die taal wat hy in 'n hoër graad neem, moes slaag om in die eksamen te kon slaag; met ander woorde: indien 'n kandidaat in sy mondelinge werk druip, druip hy vanselfsprekend in die hele eksamen.

Ten gevolge van die bepaling dat sedert 1934 geen onderskeid meer tussen voorgeskrewe werke vir intensiewe studie en werke vir algemene lees gemaak sou word nie, is 'n belangrike stadium bereik. Kandidate sou voortaan slegs 4 boeke vir intensiewe studie moes bestudeer.

Dit wil voorkom of die leerplan vaste vorm begin kry het. Die eerste leerplan vir 1921 het beslis op 'n goeie grondslag berus vandaar die weinige toevoegings of weglatings in die loop van byna 20 jaar.

(ii) Matrikulasie en die Senior Sertifikaat van die Departement van Onderwys.

(a) Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad gaan in hierdie jare nog steeds voort met die afneem van die Matrikulasie-eksamen. Die skole was dus verplig om kandidate vir twee senior- sowel as vir twee junior-eksamens voor te berei. In 1921 gee die Raad kennis dat in en na Desember 1921 daar twee stelle vrae in Afrikaans A gestel sou word. 2)

In 1922 is die volgende kennisgewing gepubliseer: „Eenvoudige vragen handelende over stijl, rhetoriek en prosodie kunnen gesteld worden in verband met de voorgeschreven werken." 3)

Eerste stel: Vrae oor ses boeke voorgeskryf vir algemene studie. Die boeke moet bestudeer word van 'n letterkundige kant. Aantekeninge, etimologies of andersins, behalwe waar dit nodig is vir 'n intelligente waardering van die inhoud, moet vermy word. 1)

Die ses afdelings of tydperke waaruit die voorgeskrewe boeke elke jaar gekies sou word, is as volg:

Afrikaans A en Nederlands A.

(i) 17de of 18de eeu. (ii) 'n Moderne drama. (iii) Epiese of liriese poësie. (iv) 'n Roman. (v) 'n Lewens- of reisbeskrywing. (vi) Skets of novelles. In 'n nota word vermeld dat in die geval van Afrikaans vier van die boeke in Afrikaans en twee in Nederlands moes wees; en in die geval van Nederlands, omgekeerd. 2)

Die punteverdeling sou as volg wees: Vraestel een: 180 punte; vraestel twee, afdeling A 80 en afdeling B 140. In verband met die eerste vraestel is by die regulasies gevoeg dat die vraestel sodanig sou wees dat 'n kandidaat nie vol punte kon behaal sonder 'n kennis van al ses boeke te toon nie. 3)

In 1930 is bekend gemaak dat die standaard om te slaag by benadering $33\frac{1}{3}$ persent in die afsonderlike vakke sou wees en by benadering 40 persent in die groottotaal. 4)

Tot by die uitsluiting van die Matrikulasie-eksamen op skole in Desember 1933 is verder geen veranderings in die leerplan aangebring nie.

(b) Die Departement van Onderwys. In die Onderwysgaset van 20 Oktober 1921 is die volledige leerplan vir die Senior Sertifikaat-eksamen van die Departement van Onderwys gepubliseer. Die eerste taal sou òf Engels òf Hollands (Nederlands of Afrikaans geneem in die hoër graad) wees. 5) In die reël sou die tweede taal die ander offisiële taal wees, geneem in die hoër of die laer graad en 100 ekstra punte sou deur kandidate wat dit in die hoër graad neem, behaal kon word. Om 'n volle sertifikaat te kon behaal, moes kandidate in die totaal, in

vyf ander vakke slaan. 1) Die verdere algemene bepalings is soortgelyk aan dié vir Junior Sertifikaat.

In verband met die leerplan vir die taal in 'n hoër graad geneem, is die volgende regulasies neergelê. Die taal wat geneem word, moes ook as voertaal van die eksamen dien. In verband met letterkunde, lees en resitasie geld die volgende: (a) Die studie van voorgeskrewe letterkundige werke - een in prosa en een in vers. (b) Die lees van twee ekstra standaardwerke uit 'n kort gepubliseerde lys gekies. (c) Die privaat lees van leerlinge. (Dit moes so wyd en afwisselend as moontlik in elke taal gemaak word. Die doel wat beoog is, is om algemene intelligensie van die leerlinge in die volste sin van die woord te ontwikkel. Enige leerling wat in enige van die twee tale swak sou wees, behoort spesiaal gelei te word in die keuse van boeke in daardie taal geskrywe, sodat, behalwe dat sy intelligensie meer ontwikkel, hy ook sy woordeskat kon vermeerder en die taal sover as moontlik beter begryp. Die intelligente gebruik van die woordeboek behoort gedurig aangemoedig te word. 2)

In verband met opstel en taal is die volgende bepaal: Die skrywe van private en sakebriewe en opstelle; die skryf van 'n samespraak; vrye parafrase; opsommings. Buigingsleer en sintaksis; die korrekte gebruik van woorde en frases (met inbegrip van die gebruik van betreklike voornaamwoorde, onderskikkende voegwoorde en ander koppelwoorde); direkte en indirekte rede; idiome; die vorme van beeldspraak in gewone gebruik; die eerste beginsels van prosodie; woordvorming (as 'n hulpmiddel vir spelling en 'n juiste begrip van betekenisse). Hierop volg 'n nota dat by die geskrewe eksamen baie waarde aan spelling en interpunksie geheg sou word en ernstige gebrek aan saamhorigheid en onnoukeurigheid in die gebruik van woorde sou 'n verlies aan punte meebring. Van kandidate sou verwag word om kennis van die lewensloop van

werke te lees en voor te dra en geskikte stukke poësie of prosa moes spesiaal in albei tale voorberei word. Daar die mondelinge toets bedoel was om die algemene kennis en meesterskap oor die taal van die leerlinge te toets, kon die eksaminator, indien hy dit verlang, die stukke wat gelees moes word, self uitkies uit enige erkende skrywer se werke solank dit vir die doel geskik was. Die kandidaat sou egter toegelaat word om eers die stuk geluidloos deur te lees. Van kandidate sou verwag word om vrae oor die betekenis van woorde en frases uit die gelese stuk te beantwoord, en hul beheer oor die taal deur dit vlociend in 'n gesprek te gebruik, sou ook getoets word. 1)

In 1923 is die puntetverdeling in die Onderwysgaset gepubliseer: Taal A sou 400 punte tel wat as volg verdeel is: Voorgeskrewe werk 160, stelwerk 120, taal 120, met 'n subminimum van 30 persent van die 120 in stelwerk. 2)

Die Onderwysgaset van 29 Mei 1924 bevat onder andere die puntetverdeling vir mondelinge werk vir Junior en Senior Sertifikaatkursusse:

	Maks.	A.Baie Goed.	B.Goed.	C.Redelik.	D.Matig.	E.Swak.
		80-100%	60-80%	40-60%	30-40%	0-30%
Lees	30	24-30	18-24	12-18	9-12	0-9
Resitasie	20	16-20	12-16	8-12	6-8	0-6
Mondelinge Stel.	50	40-50	30-40	20-30	15-20	0-15 3)

Verder is aan die hand gedoen dat met betrekking tot lees en resitasie aandag gegee moes word aan duidelike en juiste uitspraak, vlociendheid, uitdrukking (besonders woordverklaring en nadruk) en begrip van die inhoud. 4) Ook moes by mondelinge stel aandag gegee word aan die leerling se bekwaamheid om die spreektaal te verstaan, die omvang van sy woordeskat en sy vermoë om homself uit te druk in duidelike en grammatikale vorm. 5)

Gedurende die volgende vyf jaar is geen aanmerklike ver-

van voorgeskrewe werke. Die algemene studie van ses voorgeskrewe boeke wat uit 'n letterkundige oogpunt bestudeer moes word, is beoog. Aantekeninge, etimologies of andersins, behalwe waar dit nodig sou wees vir 'n intelligente waardering van die inhoud moes vermy word. Die vraestel sou so gerangskik word dat 'n kandidaat nie die vol getal punte kon verkry nie tensy hy kennis van al ses boeke toon. 1) Hierdie leerplan stem presies ooreen met dié vir Matrikulasie in 1928.

Die ses afdelings of tydperke waaruit die voorgeskrewe werke elke jaar gekies sou word, is die volgende:

Afrikaans en Nederlands.

(i) 17de of 18de eeu. (ii) 'n Moderne drama (iii) Epiese of liriese poësie. (iv) 'n Roman. (v) 'n Lewens- of reisbeskrywing. (vi) Sketse of novelles. In die geval van Afrikaans moes vier van die boeke in Afrikaans en twee in Nederlands wees; en in die geval van Nederlands omgekeerd. 2)

Tot 1930 sou 30 persent van die moontlike punte vereis word om in enige vak te slaag maar na 1930 sou dit 33$\frac{1}{3}$ persent wees. 3)

In die Onderwysgaset van 8 Mei 1930 verskyn 'n aanduiding van die toekenning van punte vir opstelle en briewe in die Senior Sertifikaat-eksamen in 1930. (Dit geld alleen vir die eerste taal.)

Opstelle: (a) Taalkunde en idioom - 20 persent.

(b) Spelling en punktuasie -10 persent.

(c) Behandeling van onderwerp, verdeling in paragrawe, voordrag en styl - 70 persent.

Soos in 1929 sou die puntetoekenning onder (a) en (b) negatief wees.

(i) Aftrekkings sou slegs in die getal reëls wat die eksaminator voorgeskrywe het, geskied.

(ii) In die geval van korter opstelle as die voorgeskrewe lengte sou aftrekkings in eweredigheid vermeerder word.

lengte sou oorskryf, sou as 'n geheel beoordeel word. 1)

In verband met briewe sou die punte as volg toegeken word:

(a) Vorm, spelling, taalkunde en punktuasie... 40 persent.
(b) Inhoud ..... 60 persent. 2)

Die opstel sou 75% en die brief 25% van die twee saam tel. 3)

In die mondelinge taal-eksamens vir die Senior Sertifikaat-eksamen in 1933 sou die toekenning van punte as volg wees: 24 vir lees (afgesien van enige verduideliking of bespreking van die gelese stuk); 16 vir resitasie en 60 vir mondelinge stel. 4) Vir taalgebruik in die beantwoording van vrae oor voorgeskrewe werke in beide die Junior en die Senior Sertifikaat-eksamens sou voortaan 20 persent toegeken word. 5)

Die hersiene skaal van punte vir die mondelinge toets in 1933 is presies dieselfde as dié vir Junior Sertifikaat in 1933. By die afdeling stel- en taalkunde is egter „letterkundige waardering" ingevoeg. 6)

In 1934 is bekend gemaak dat die ses Afrikaanse (en Nederlandse) werke uit die volgende gekies sou word: (a) 'n Drama. (b) 'n Roman. (c) Epiese en/of liriese en/of verhalende poësie. (d) Kortverhale of skетse. (e) Reisbeskrywings of lewensbeskrywings of essays. 7)

In 1936 is bepaal dat in die vraestelle oor voorgeskrewe werke in 'n taal in 'n hoër graad genoem, as daar drie prosawerke en een digbundel voorgeskrywe is, sou een vraag, waaraan 35 punte toegeken sou word, oor elk van die prosawerke gestel word, en twee vrae waaraan tesaam 55 punte toegeken sou word oor die digbundel. 8)

In verband met die taalvraestelle meld die leerplan in 1937 dat 'n kandidaat wat die hoër-graad-vraestelle in die twee offisiële tale kies en in een daarvan sak, beskou sou word as geslaag in die laer graad in daardie taal as hy 25 persent van die punte vir die hoër graad eerste en tweede

vraestel of 30 persent vir dié deel daarvan wat in aanmerking vir die sub-minimum kom. 1)

Ten opsigte van die privaat lees van leerlinge is by onderwysers aangedring om die kinders aan te moedig om digwerke dramas, reisverhale en lewensbeskrywings te lees. Ook is die lees van uitgesoekte stukke uit die Bybel aanbeveel. 2)

Tot 1940 bly die leerplan onveranderd, dog in 1939 is bepaal dat die woorde „letterkundige waardering" uit afdeling C (stel- en taalkunde) in 1941 weggelaat sou word. 3)

(c) Besluit. Aangesien die leerplanne vir Matrikulasie gedurende hierdie jare ongeveer soortgelyk aan dié van die Departement was, met uitsondering van mondelinge werk, kan 'n bespreking daarvan buite rekening gelaat word.

Wat die Departementele leerplanne betref, kan, wat mondelinge werk aangaan, dieselfde gesê word as in verband met Junior Sertifikaat. Baie aandag is aan mondelinge werk sowel as aan die privaat lees van leerlinge gewy.

Ook is herhaaldelik daarop gewys dat kandidate gepenaliseer sou word vir spelfoute en slegte punktuasie.

Tot 1928 is slegs 4 boeke vir Senior Sertifikaat voorgeskryf: twee vir intensiewe studie en twee vir algemene lees. In 1929 moes ses boeke bestudeer word waarvan twee in Nederlands. Sedertdien is die boeke uit verskillende genres en tydperke gekies.

Tot 1930 inkluis kon kandidate slaag as hulle 30% in 'n vak behaal het maar sedertdien moes hulle $33\frac{1}{3}$ persent behaal.

Die ingevoegde deel, nl. letterkundige waardering in die taal- en stelvraestel het slegs 8 jaar lank bly bestaan. Ongetwyfeld is besef dat soiets nie in 'n Senior Sertifikaatleerplan tuishoort nie.

Teen 1940 het die huidige leerplan reeds vaste vorm gekry. Soos ir die geval van Junior Sertifikaat kan gesê word dat die eerste departementele leerplan die grondslag gelê het waarop voortgebou is. Dat die leerplan volmaak is, sal niemand wil

3. DIE LEERBOEK, 1921 - 1940.

(i) Algemeen. Gedurende hierdie jare is die mark met taalboeke oorlaai. Dit het tot gevolg dat verskillende skole van verskillende boeke gebruik gemaak het daar die Departement van Onderwys geen bepaalde taalboek voorskryf nie.

Hier word net dié boeke behandel wat op een of ander tyd baie algemeen in gebruik was. Al hierdie boeke is geskrywe met die doel om aan die vereistes van die leerplanne te beantwoord - sommige wyk in hul metode van behandeling van andere af; ander weer neem meer ou eksamenvrae op en ander lê hulle weer op meer oefeninge toe. Tog het almal dit in gemeen, nl. dat een boek die hele leerplan vir Afrikaans op die hoërskool dek. Die onderwyser moes maar die leerplan in die oog hou om te kan vasstel wanneer die kursus vir Junior Sertifikaat gedek is.

(ii) Taalboeke.

(a) Botha en Burger.

(i) In November 1921 verskyn die eerste druk van „Maskew Miller se Afrikaanse Grammatika." In die voorwoord sê die skrywers dat na die verskyning van hul „Grammar of Afrikaans" baie onderwysers hul versoek het om ook 'n grammatika in Afrikaans vir die skool te skrywe. Maar hierdie boek is nie 'n vertaling van dié wat vir Engelssprekendes geskryf is nie, en baie moes weggelaat word ondat die doel hier verskillend is. Die hoofstukke oor klanke en oor taal en taalontwikkeling is bedoel om die onderwyser 'n meer wetenskaplike insig in die wese van die taal te gee en daardeur die taalonderwys meer intelligent en dus interessanter te maak. (Voorwoord).

Dit is noodsaaklik dat leerlinge grammatika moet leer, sê die skrywers, „As die leerling die taal korrek sal gebruik, dan moet hy die taalreëls ken; en die bestaan van 'n grammatika, ook in die skool, word geregverdig deur die feit dat

nie, sê die skrywers.

Binne 'n paar maande is die eerste oplaag uitverkoop sodat in April 1922 'n tweede druk nodig was. Die tweede druk, wat hieronder behandel word, verskil baie weinig van die eerste.

'n Saaklike weergawe van die inhoud toon watter stof in die boek behandel word: Die enkelvoudige sin, die samegestelde sin, die negatief in Afrikaans, die rededele, verbuiging, waarop die behandeling van elke rededeel volg. Daarop volg woordvorming, die klanke in Afrikaans, spelling, taal en taalontwikkeling en eindelik addisionele oefeninge. Hierdie inhoud word in 222 bladsye behandel.

Die saaklike dog deeglike behandeling van die stof verhoog die waarde van hierdie taalboek. Die afwesigheid van baie reëls en uitsonderinge maak die boek vir die leerling aantreklik. Die taal is besonder suiwer hoewel die spelling van sommige woorde nog tekens van onvastheid toon, bv. belegeringe en bedriegerye (bls.53). Die aantal oefeninge on die end van die boek is waardevol omdat hulle by hersiening van goeie diens kan wees.

Hierdie taalboek het spoedig die monopolie op die gebied van die Afrikaanse taalboekhandel gehad en tot 1938 'n geweldige afset geniet. In hierdie jaar is dit omgewerk en deur die „Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge" vervang.

(ii) Die datum van die verskyning van „Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge" word tentatief op ongeveer 1938 gestel. Die feit dat Maskew Miller gewoonlik nie die datum van publikasie van sy boeke vermeld nie, maak dit soms moeilik om te bepaal wanneer 'n sekere boek gedruk is. Hierdie boek is slegs 'n omgewerkte en bygewerkte uitgawe van „Afrikaanse Grammatika." 'n Hoofstuk oor die direkte en indirekte rede sowel as toetsoefeninge is bygevoeg. Baie elementêre besonderhede is weggelaat omdat dit nie meer nodig was nie.

Die metode van behandeling van die verskillende sake toon geen verskil van dié van die vorige boek nie.

Gaandeweg het die aanvraag vir hierdie taalboek verminder veral toe nuwe mededingers op die toneel verskyn. Vandag word dit selde op skole aangetref, maar die baanbrekende invloed wat vanuit genoemde twee taalboeke voortgevloei het, kan nouliks oorskat word.

(iii) Teen ongeveer 1929 verskyn „Afrikaanse Stylleer met Oefeninge" deur M.C. Botha en J.F. Burger. Die vierde, hersiene en vermeerderde druk verskyn reeds in 1935. Dit is die eerste boek wat oor Afrikaanse stylleer handel. Die volgende sake word hierin behandel: Stylfigure, styl, styloefeninge, parafrase, uittreksels, opstel, briewe, leestekens, poësie (klank, ritme en rym), die verskillende soorte poësie, dramatiek, die roman en addisionele oefeninge.

Hierdie boek was die Alfa en die Omega wat Afrikaanse stylleer betref, vir ongeveer 10 jaar. Die voorbeelde wat aangehaal word, is byna almal uit die Afrikaanse letterkunde gehaal. Die stof word op interessante wyse meegedeel sodat die behandeling weinig te wense oorlaat. Vir hersiening en toepassing van geleerde feitekennis is daar voldoende voorsiening in die vorm van oefeninge gemaak.

Van besondere belang is die hoofstuk oor die opstel waar op 'n beredeneerde wyse die moeilike probleem van opstelskrywe uiteengesit en belangrike wenke aan die hand gedoen word hoe om 'n goeie opstel te skrywe. Aan die end van die behandeling volg 'n lys van 101 opstelonderwerpe waaruit onderwysers en eksaminatore vrywelik kon put. Ook die hoofstuk oor briewe is besonder waardevol. Leestekens word ook breedvoerig behandel.

Die hele boek getuig van insig in die kindergemoed; gevolglik is die uiteensetting so duidelik en vatbaar as moontlik gestel. Maar, soos wel verstaan kan word, kan hierdie

hom oor so 'n lang tydperk se bourt geval het.

(b) D.J. Potgieter. Die eerste druk van Potgieter se „Nuwe Afrikaanse Grammatika" verskyn in Januarie 1931. In Maart van dieselfde jaar verskyn reeds die tweede druk en tot September 1936 verskyn daar 4 uitgawes wat altesaam 10 drukke beleef het. Hierdie feit geld as onwyfelbare bewys van die populariteit van hierdie taalboek.

In die voorwoord sê die skrywer: „Die hoofdoel by die opstel van hierdie boek was dan ook hoe om die grammatiese dinge op die eenvoudigste en doeltreffendste manier by die skolier tuis te bring, vandaar die veelvuldige oefeninge by en vrae op elke hoofstuk, die toetse en die poging om, sover moontlik, van die maklike en meer bekende oor te gaan tot die moeilike en minder bekende."

Die skrywer meld ook dat daar etlike nuwe verskynsels in hierdie boek is soos, bv. idiomatiese uitdrukkinge en woordpare wat tot dusver nie 'n plek in skoolgrammatikas verower het nie. Ten slotte sê die skrywer dat die doeltreffendste manier om 'n kind grammatika te leer tog ten slotte langs die praktiese weg van oefening is. (Voorwoord).

Die inhoud verskil nie veel van die boek van Botha en Burger nie behalwe dat die behandeling breedvoeriger is, en, soos reeds deur die skrywer in sy voorwoord vermeld, daar 'n paar hoofstukke oor vaste uitdrukkinge, idiomatiese uitdrukkinge en woordpare aangevoeg is.

By die rededeel word veral die funksie van die woord in die sin beklemtoon, (bls.15) wat op 'n verbetering op die taalboek van Botha en Burger dui.

Hoofstuk negentien handel oor vaste uitdrukkings. Die inhoud van hierdie hoofstuk is vir die aanleer van idiomatiese taal baie belangrik. Met 'n enkele voorbeeld sal volstaan word: „wet maak, passeer, herroep, voorskryf, ontduik, oortree, gehoorsaam, naleef." (bls. 200). Net so waardevol

Enkele voorbeelde weerspieël die aard van behandeling: „In weerwil van (ten spyte van); dit steek my in die krop; iemand se hand in die as slaan" ens. (bls. 209) Aan 'n persoon se beheer oor en gebruik van voorsetsels en vaste uitdrukkings kan sy taalkennis getoets word.

Van besondere waarde is ook die hoofstukke oor woordpare en dié oor taalverandering en taalverskynsels.

Hierdie boek is in talle skole gebruik. Ongetwyfeld is die sukses wat hom te beurt geval het, toe te skryf aan die breedvoerigheid van behandeling en die feit dat dit aan eksamen- en leerplanvereistes voldoen het.

(c) Van Rouendal en du Toit. Hierdie skrywers se „Nuwe Afrikaanse Stylleer met Styloefeninge" verskyn teen ongeveer 1938. Die sonnet, die kortverhaal en die drama word hier enigsins breedvoerig behandel met die oog op die vereistes van die skool. (Voorwoord). Ook aan anglisismes en humor word meer aandag gewy en die opstel word vanuit 'n nuwe gesigspunt beskou. (Voorwoord.)

Die skrywers sê dat hulle baie ruimte aan oefeninge, veral oefeninge oor die opstel en die waardering van die letterkunde, afgestaan het omdat laasgenoemdes nog steeds die twee grootste struikelblokke in die skool is. (Voorwoord).

Hierdie boek oor stylleer is breër van opset as dié van Botha en Burger. Onder andere behandel dit die volgende sake: beeldende taal en beeldspraak, prosodie (klank, ritme, rym,) digsoorte, die sonnet, antoniemo, klank- en sinverwante woorde, wisselvorme, parafrase, uittreksels, leestekens, die opstel, briewe, die roman, die kortverhaal en ander prosasoorte, die drama, humor, styl en stylwaardering, anglisismes, oefeninge oor die waardering van prosa en poësie en letterkundige kritiek.

Die skrywers verdeel opstelle in twee groepe, nl. die feite-opstel en die kuns-opstel. (bls. 95). Daarna word 'n

deur 'n aantal oefeninge in die gebruik van woorde gevolg.

'n Interessante vergelyking kan gemaak word met die opstelonderwerpe uit eksamenvraestelle van die jare 1900 - 1918 enersyds en die aanbevole onderwerpe op bladsy 111 van hierdie boek andersyds. Vanaf bladsy 117 tot 123 word voorbeelde van goeie opstelle aangehaal.

In hoofstuk 11 word die roman, die kortverhaal en ander prosasoorte behandel. Onder andere word van die romantiek, die realisme en die naturalisme melding gemaak. Tot op die huidige dag is dit 'n moeilike taak om 'n senior-kandidaat so ver te kry om hierdie benamings werklik te kan begryp, miskien omdat die begrippe so wyd-omvattend is.

Die onderwerp, humor, word ook hier behandel. Dit is egter opvallend dat so weinig kandidate hul aan 'n vraag waarby die woordjie humor betrokke is, sal waag. Persoonlik meen ek is die rede hiervoor daarin geleë dat hulle op skool leer dat humor werklik iets anders as bloot grappig beteken, en uit vrees vir die nuwe betekenis met die moontlike verwarring daarvan met hulle eie gevestigde betekenis durf hulle so 'n vraag nie aan nie.

Besonder interessant is hoofstuk 16: „Oefeninge oor die waardering van prosa en poësie. Die skrywers haal 'n mooi stukkie prosa uit Lettie Smit se veelbesproke werk aan en dan word leerlinge gevra om die volgende vrae breedvoerig in opstelvorm te beantwoord: „(a) Sou u hier praat van oorspronklikheid van siening? (b) Kry u net 'n duidelike beeld van die boom of beskou u die beskrywing plastiès? (c) Wat dink u van die skryfster se beeldspraak en woordgebruik? (d) Is hier diepte van gevoel in die beskrywing?" (bls. 193). Met die voorbeeld-antwoord op vraag (d) word hier weergegee: „Dit is asof die indruk wat die boom op die skryfster maak, verhewener raak hoe langer sy dit aanskou. Van 'n fyn, jong danseres verander dit tot iets heiligs, 'n wierookkolom, 'n jubelsang"

vereenselwig met die „skitterende kandelaar" dat die leser saam met haar die warm bloed in die boom voel klop. Sonder die diep innerlike ontroering sou die sierlike taal en raak beelde hol geklink het. Die siel van die kunstenares het vorm en inhoud hier tot 'n onafskeidbare, lewende geheel verbind." (bls. 195)

Graag sou 'n mens die uitslag wil sien as hierdie vier vrae aan B.A.III-studente gestel word en bostaande word as 'n voorbeeld van die maatstaf by die toekenning van punte gebruik. Die skrywers kan nie verwag dat 'n senior-kandidaat <u>só</u> waarderend oor 'n stuk prosa sal skryf nie. Die skrywers is bepaald te ambisieus in hul verwagtinge. Leerlinge sal die skoonheid wat uit die stuk straal, kan aanvoel, maar <u>só</u> skrywe, glo ek nie.

Die skrywers verwag dan ook oor die algemeen te veel van senior-kandidate veral met betrekking tot die waardering van letterkundige werke. Wat die res van die boek betref, is die inhoud op smaakvolle wyse meegedeel en die baie oefeninge dra daartoe by om geleerde werk deur herhaling te laat insink.

(d) <u>C.M. Booysen, J. Larais, H.A. Steyn en J.B. Bonthuys. „Die Nuwe Praktiese Grammatika, Stylkursus en Klankleer</u>" van hierdie skrywers verskyn in 1940. Die eerste gedeelte van die lywige werk wat 406 bladsye beslaan, is vir standerds VI - VIII Afrikaans-mediumklasse en standerds VII - X Engelsmediumklasse bedoel terwyl die tweede gedeelte vir gevorderde klasse bestem is.

Deel Een: Die inleidende hoofstuk handel oor die Afrikaanse taal: verwantskap, verskille, ontstaan, oorsig, geboortetydperk, invloede van buite, invloede van binne en oudste geskrifte.

Hoofstuk een behandel spelling: wisselspelvorme, vreemde woorde, klinkers en tweeklanke, medeklinkers, lettergrepe,

Hoofstuk drie handel oor die selfstandige naamwoord: die gewone selfstandige naamwoord, eiename, meervoude, verkleinwoorde en geslag. Hierna volg 'n kort paragraaf oor die lidwoord wat deur hoofstuk vyf, die voornaamwoord, gevolg word. Hier word behandel: die persoonlike, die vraende, die betreklike, die onbepaalde en die aanwysende voornaamwoord.

Die byvoeglike naamwoord word in hoofstuk ses behandel: attributief en predikatief, stofaanduidend, die verlede deelwoord as byvoeglike naamwoord, die teenwoordige deelwoord as byvoeglike naamwoord, verbuiging, trappe van vergelyking, substantivering en intensiewe vorme.

Die volgende hoofstuk handel oor die telwoord: hoofteltwoorde, rangtelwoorde en breuke.

Die werkwoord word in hoofstuk agt behandel: die selfstandige werkwoord, hulpwerkwoorde, koppelwerkwoorde, onpersoonlike werkwoorde, wederkerende werkwoorde, vervoeging, vorm, tyd, deelwoorde, 'n lys van sterk voltooide deelwoorde, samegestelde werkwoorde en afgeleide werkwoorde.

Agtereenvolgens word die bywoord, die voorsetsel, die voegwoord en die tussenwerpsel behandel waarop hoofstuk dertien oor woordgebruik volg: sinonieme, antonieme, homonieme, vaste uitdrukkings en solesisme.

Die volgende hoofstuk behandel stam- en sinverwante woorde waarop 'n hoofstuk oor sinsleer volg: die enkelvoudige sin, sinsvorme, gesegde, onderwerp, voorwerp, bywoordelike bepaling, byvoeglike bepaling, sinsontleding, newegeskikking, onderskikking, soorte bysinne, direkte en indirekte rede.

Dan volg 'n hoofstuk oor ontkenning en een oor idiomatiese uitdrukkings op rym, allitererende uitdrukkings, teëstellende uitdrukkings, gemengde en vergelykende uitdrukkings. Hoofstuk agtien handel oor briewe en die volgende hoofstuk oor afkortings. Hiermee is die eerste gedeelte van die boek afgesluit.

se ekwivalent. 'n Voorbeeld sal dit illustreer:

"A lesson on the frog. 'n Les oor die padda.
Spend money on it. Geld daaraan uitgee (bestee, spandeer)" (bls. 154)

In verband met briewe is dit beter om liewer geen wisselvorm toe te laat nie om sodoende eenvormigheid in die hand te werk. Die skrywers bevoel egter hierdie twee vorme aan:

(a) Loopstraat 145, (b) 156 Eikelaan,
Pietermaritzburg. Stellenbosch.
10 Junie 1939. Sept.10, 1939.

Die gebruiklike vorm is tog eersgenoemde.

Die sistematiese behandeling van die stof deur ervare onderwysers verleen aan die boek 'n mate van gesag. Tog wil dit voorkom of onderwysers 'n beknopter handleiding verlang het veral vir gebruik deur hul leerlinge. Dit doen egter niks af aan die feit dat hierdie deel in al die behoeftes van junior-kandidate voorsien het nie.

Die tweede gedeelte van hierdie werk is veral vir senior-kandidate bedoel. Die eerste hoofstuk handel oor uitspraak veral afwykings en woordklem. Daarop volg 'n hoofstuk oor die spelling van plek- en persoonsname, aardrykskundige name, Hollands-Afrikaanse name, Engelse name, persoons- en familienname.

Hierop volg die vervolgdeel en deel een van die werk oor die selfstandige naamwoord: abstrakte selfstandige naamwoorde, meervoude en naamvalle. Oor laasgenoemde is egter te weinig meegedeel.

Hoofstuk vier is 'n vervolg op die werkwoord in deel een: wyse, infinitief, hulpwerkwoorde en werkwoorde in voorwaardelike sinne. Ook die bywoord word vervolg met: bywoorde van modaliteit, voornaamwoordelike bywoorde, voegwoordelike bywoorde en die duplikasie of verswaring van die voorsetsel.

Die voorsetsel word in hoofstuk ses vervolg. Die vol-

stellende afleiding. Die hoofstuk word verder in hoofstuk agt vervolg met sinonieme, antonieme, homonieme, vaste uitdrukkings en anglisismes.

Hoofstukke nege en tien is vervolgstukke op deel een en handel oor stam- en sinverwante woorde en sinsleer respektiewelik, waarop 'n hoofstuk oor interpunksie volg: die punt, komma-punt, dubbelpunt, aandagstreep, vraagteken, uitroepteken, hakies, aanhalingstekens en die komma. Hierop volg 'n hoofstuk oor taalveranderings en taalverskynsels wat insluit: klankveranderings, betekenisveranderings, volksetimologie, analogie, kontaminasie, argaïsmes, klanknabootsing en neologismes.

Hierna word die name van lande, volke, ens. met hul internasionale afkortings behandel, waarop vanaf bladsy 323 tot 371 hoofstukke in verband met die praktiese stylkursus volg waaronder hoofstukke oor woordkuns, poësie, prosa, die opstel, briewe en spanning in die sin val.

Vanaf bladsy 375 tot 406 word klankleer behandel: indeling van klanke, indeling van konsonante, assimilasie en nasalering. Dit is 'n baie nuttige hoofstuk, bedoel vir korrekte spraak en nie vir eksamens voorgeskryf nie.

Die boek laat die indruk van deeglikheid na. Die hele hoërskoolleerplan vir Afrikaans word gedek en daarby is stukke van praktiese belang toegevoeg (nie vir eksamendoeleindes nie). Tog strek die uitgebreidheid van die werk tot sy nadeel omdat sy verkoopsprys ongunstig met werke van kleiner omvang vergelyk, veral gedurende die tydperk van papierskaarste in die oorlogsjare. 'n Goedkoper werk wat dieselfde stof behandel maar bondiger in sy behandeling is, sou beslis 'n groter afset geniet het. Desnietoenstaande is hierdie werk die suiwerste, uitgebreidste en omvattendste van alle taalboeke in Afrikaans wat tot dusver gepubliseer is.

(c) C.P. van der Merwe. Hierdie skrywer het dan ook in

Hnr. J.H. Rossouw, senior onderwyser in Afrikaans aan die Hoër Jongenskool te Stellenbosch, dat hy met belangstelling na die lees van die manuskrip uitgesien het „om te kan te wete kom of die boek sal voorsien in die diepgevoelde behoefte aan 'n taalboek wat die hele bestek van die huidige leerplan dek." Die boek het hom bevredig want „nie alleen dek dit die leerplan nie, dit bied meer en op 'n wyse wat duidelik toon dat die skrywer praktiese onderwyser is, dat die taak wat hy hom gestel het, spruit uit ondervinding opgedoen in die klaskamer en as eksaminator. Die skrywer is iemand, goed bekend met die moeilikhede aan taalonderwys verbonde, en om die rede sal onderwysers sy geslaagde poging om ons in die opsig hulp te bied stellig verwelkom." (Voorwoord)

In sy „Ter Verskoning" sê die skrywer van die taalboek dat „die doel van hierdie poging is om aan elke sekondêre Afrikaans-leerling die kans te gee om deur middel van een boek die essensiële in die hele leerplan te wete te kom. Die baie „leerboeke", hoe voortreflik hulle ook al mag wees, en die menigvuldige aantekeninge is beide onekonomies en tydrowend; en 'n doeltreffende plaasvervanger is dringend noodsaaklik." Maar die skrywer wys egter daarop dat „terwyl die leerling van hierdie boek gebruik maak, die onderwyser aanvullende werk uit die baie voortreflike, bestaande hulpmiddele sal doen."

Die inhoud omvat die volgende sake: die opstel, die brief, parafrase en indirekte rede, die uittreksel, algemene oefeninge (waaronder ook sekere sake behandel word soos, bv. klanknabootsing, denominatiewe werkwoorde, bywoorde voorsetsels en versamelwoorde). Dan volg 'n hoofstuk oor idiome waarop een en ander uit die grammatika moegedeel word, nl. oor spelling, getal, geslag, sinsontleding, rededele, ens.

Hierop volg hoofstukke oor afkortings, taalverskynsels en styl (paragrawe, interpunksie, hoofletters, stylleidingkappe).

Oor die opstel sê die skrywer onder andere: „enige mens moet tog sy gedagtes oor sy belangstelling kan uitdruk." (bls.1) Dit is presies waar die fout by die eertydse opstelonderwerpe by eksamens gelê het. 'n Leerling moet kan skrywe oor „dié dinge wat hy werklik deurleef het, wat hom na aan die hart lê." (bls.1). Voorts skryf hy: „Die opstel moet populariseer word, en elke leerling moet daarin die daarstelling van vir hom interessante (miskien onbelese) stof sien. As leerlinge sover kan kom om in die opstel 'n lewende skepping, en geen sieldodende vermoeienis nie, te sien, dan het hulle al baie ver gevorder." (bls. 1).

Die skrywer pleit vir 'n groot verskeidenheid opstelonderwerpe wanneer 'n keuse gedoen moet word sodat elke temperament in hierdie arbeid bevredig word. Dit is elke leerling se reg „om alleen opstelle te skrywe oor daardie dinge, waarin hy baie of ten minste tot 'n mate belangstel." (bls.2) Die skrywer se idees oor opstelskrywe, metodes om opstelle te verbeter en taalgevoel aan te kweek, is beslis gesond.

Wat die res van die boek betref, word die gewone sake op kort en bondige wyse behandel - dikwels te kort soos, bv. beeldspraak waar baie dele uitgelaat is en tog by eksamens gevra word. Verder is die stof op eenvoudige, maklik verstaanbare wyse uiteengesit en die boek dek die hele hoërskoolleerplan in Afrikaans. Dit is 'n baie populêre taalboek. Nuwe en verbeterde uitgawes word op die huidige oomblik (1948) op die meeste sekondêre en hoërskole in Kaapland gebruik.

(f) Besluit. Dat 'n volmaakte Afrikaanse taalboek reeds gepubliseer is, is 'n onwaarheid; trouens, elke nuwe taalboek gaan mank aan sekere tekortkominge: as die boek nie te breedvoerig en gevolglik te duur is nie, is dit weer te beknop en laat allerlei noodsaaklike feite uit. Maar dit is ongetwyfeld waar dat die Afrikaanse taalboek ver van die ou

Die Afrikaanse taalboek wy baie aandag aan die metode wat gevolg moet word by die skryf van opstelle en briewe. Hierdie feit het tot gevolg dat onderwysers 'n eenvormiger metode aanwend - 'n groot behoefte gedurende die Hollandse tydperk.

Baie waarde word aan idiomatiese uitdrukkings en die gebruik van voorsetsels geheg en sonder 'n mate van formele grammatika kan geen skool nog klaarkom nie.

Aan stylleer word die vereiste aandag gewy, hoewel die sake in verband met beeldspraak nog altyd by die leerling die gevoel wek dat hierdie benamings en benoemings te ver van die praktiese lewe af staan. Sou dit nie beter wees om hierdie afdeling met letterkundige waardering ingesluit na die universiteit te verskuif nie?

Die Afrikaanse taalboeke teen 1940 voldoen ten volle aan die vereistes van die hoërskoolleerplan.

(iii) Voorgeskrewe Werke.

(a) Universiteits Junior Sertifikaat 1922 - 1924.

Vir hierdie eksamen is in die verskillende jare die volgende genres voorgeskryf: (Sien Bylaag A.).

1922. Nederlands. Deurgaans is vyf werke voorgeskryf: 'n bundel gedigte van Ter Haar, 'n roman van Andriessen, verhale van van Lennep, 'n roman van van der Flier, 'n roman van Koning.

Afrikaans. Gedigte van D.F. Malherbe, 'n roman van Postma, verhale van Lion-Cachet, 'n roman van Blok, verhale van Jansen.

1923 Nederlands. Drie gedigte van Tollens, 'n roman van Andriessen, verhale van Botha, 'n roman van Conscience, 'n roman van de Wit.

Afrikaans. 'n Bloemlesing uit die Afrikaanse prosa deur van der Merwe, Lub en Bot, 'n historiese roman van du Toit, gedigte van Malherbe, boesmanstories van von Wielligh, 'n roman van van Reenen.

1924 Nederlands. [illegible]

toriese roman van von Wielligh, gedigte van Totius, kortverhale van van Bruggen en 'n bloemlesing uit die Afrikaanse letterkunde deur Malherbe.

Vanaf 1 Januarie 1925 sou geen kandidate vir die skole onder die Onderwysdepartement van Kaapland meer vir hierdie eksamen voorberei word nie. In Desember 1924 is dus die laaste eksamen in Kaaplandse skole afgeneem. Wat voorgeskrewe werke betref, blyk dit dat 'n digbundel en vier prosawerke wat romans, kortverhale, bloemlesings en reisbeskrywings insluit, die gebruiklike genre-indeling uitgemaak het.

(b) Die Departementele Junior Sertifikaat. Vir hierdie eksamen is die volgende genres in die verskillende jare voorgeskryf:

1922: Altesaam vier boeke moes bestudeer word. Twee van die volgende moes gekies word: 'n roman van Andriessen of 'n roman van Blok; gedigte van Ter Haar of gedigte van Keet. Uit die volgende ses moes ook twee gekies word: verhale van van Lennep, 'n roman van van der Flier, 'n roman van Koning, kortverhale van Lub, verhale van Engels en dierestories van von Wielligh. Dit was dus moontlik om òf suiwer Nederlandse werke òf suiwer Afrikaanse werke òf 'n vermenging van albei te kies.

1923: Twee van die volgende: drie gedigte van Tollens of gedigte van Celliers; 'n roman van Andriessen of 'n historiese roman van du Toit. Vervolgens twee uit die volgende vier: Jakkalsstories in Nederlands, 'n roman van Conscience, gedigte van Malherbe en „Sonde met die Bure" van Langenhoven.

1924: Twee werke uit: 'n idille van Celliers of 'n verhalende gedig van Tollens; Sangiro se „Uit Oerwoud en Vlakte" of reisbeskrywings in Nederlands van Conradie. Daarop moes twee uit die volgende ses geskies word: drie novelles van van Maurik, gedigte van Totius, kortverhale van van Bruggen en 'n bloemlesing uit die Afrikaanse letterkunde van Malherbe.

Twee uit ses: gedigte van Penning, 'n reisbeskrywing van Feith, 'n roman van van Abkoude, gedigte van Malherbe, 'n beskrywing van ons volkslewe van Spoelstra en 'n roman van Malot-Steyn.
1926: Twee van die volgende: gedigte van Tollens of gedigte van Leipoldt; verhale van Ronne of reisverhale van Eybers. Twee van die volgende ses: twee verhale uit die „Camera Obscura" van Hildebrand, 'n roman van van der Flier, gedigte van de Genestet, 'n historiese roman van Langenhoven, 'n historiese verhaal van Meyerink, 'n roman van Prosper-Merimée deur Colliers bewerk.
1927: Òf „Sonde met die Bure" en „Die Lig van verre dae" van Langenhoven òf 'n historiese roman in Nederlands van d'Arbez; en òf gedigte van Keet òf Nederlandse gedigte van Moorrees moes bestudeer word sowel as twee van die volgende: 'n roman van Colliers, reisbeskrywings, sketse en verhale van Eybers, ondervindings van 'n predikant en 'n reisbeskrywing van Conradie, 'n roman van Ronne, gedigte van Totius en 'n verhalende gedig van Tollens.
1928: Twee van die volgende: verhale van van Lennep of 'n historiese roman van Hofmeyr; 'n verhalende gedig van Tollens of gedigte van Totius. Daarna twee van die volgende: 'n dierverhaal van Fitzpatrick deur Preller bewerk, 'n historiese roman van d'Arbez, gedigte van Ter Haar, verhale van Asschenborn deur Sangiro vertaal, 'n seunsverhaal van Grosskopf en 'n roman van Hoogenhout.
1929: Die volgende is verpligtend: gedigte van van Bruggen of gedigte van de Genestet; 'n roman van Malherbe of 'n roman van Naeff.
Uit die volgende moes twee gekies word: 'n historiese roman van du Biel, die Afrikaanse bewerking van 'n historiese roman van d'Arbez, sketse uit Boesmanland van de Roubaix, 'n roman van Scharten-Antink, pastoriesketse van van Kootsveld en Hollandse gedigte van Anderson.

bestudeer word: 'n historiese roman van d'Arbez, 'n speurverhaal van Langenhoven, gedigte van Totius, 'n roman van Andriessen, gedigte van Penning en gedigte van Moorrees.

1931: Of 'n sounsverhaal van Grosskopf òf 'n tendensroman van Malan, òf 'n historiese verhaal van van der Post; en òf gedigte van Leipoldt òf 'n bundel Nederlandse verse deur Achet versamel. Uit die volgende sosmoes twee gekies word: verhale van Lion-Cachet, 'n reisbeskrywing van Eybers, gedigte van Totius, skool-idilles van Naeff, 'n speurverhaal van Brand en 'n dierverhaal van die Hobsons.

1932: Die verpligte keuse: kortverhale van van Bruggen of 'n roman van Roggeven; gedigte van Visser of Hollandse gedigte van Andersen. Dan volg weer 'n keuse van twee uit die volgende: 'n reisbeskrywing van „Tannie", legendes van Luhis, 'n roman van Groenewag, gedigte van Koet, 'n roman van Naeff en 'n roman van Lagerlöff.

1933: Of 'n dierverhaal van die Hobsons òf 'n roman van Bruyn; óf gedigte van Koet òf 'n bundel Nederlandse verse deur Achet versamel, geld as verpligte keuse. Daarna volg die gebruiklike keuse van twee uit: spookverhale van Langenhoven, verhale van Eugéne Marais, kortverhale von Serfontein, gedigte von Leipoldt, 'n roman van Ivans en Nederlandse gedigte van Moorrees.

1934: Voortaan sou slegs vier Afrikaanse boeke voorgeskryf word. Blykbaar het die eksaminatore opgemerk dat kandidate nie die vrae oor Nederlandse boeke aandurf nie. Vir 1934 word dan voorgeskryf: kortverhale van van Bruggen, kortverhale van Grosskopf, 'n speurverhaal van Brand en gedigte van Visser.

1935: Vir hierdie jaar is voorgeskryf: 'n dierverhaal van die Hobsons, 'n sounsverhaal van Grosskopf, 'n historiese roman van d'Arbez en gedigte van Visser.

1936: Langenhoven se „Mof en sy monse", 'n dierverhaal van

speurverhaal van Langenhoven, 'n rugby-verhaal van du Plessis, 'n dierverhaal van die Hobsons en 'n bloemlesing uit digters uit Suid-Afrika van Pienaar.

1938: Die indeling wissel 'n weinig in hierdie jaar: gedigte uit Suid-Afrika van Bunine, dierverhale van Sangiro, 'n verhaal uit die kleurlinglewe van Mikro en 'n speurverhaal van Brand.

1939: Vir hierdie jaar gold die volgende genre-indeling: 'n bloemlesing van Afrikaanse verse vir die middelbare skool deur D.F. Malherbe byeenversamel, kortverhale van adv. Marais, 'n seunsverhaal van Grosskopf en 'n dierverhaal van die Hobsons.

1940: Vir 1940 gold die volgende: 'n bloemlesing van Afrikaanse verse deur D.F. Malherbe byeenversamel, 'n avontuurverhaal van du Plessis, „Geluksvlei" van die Hobsons en kortverhale van van den Heever.

Voor 1934 was 'n roman of 'n bundel kortverhale plus 'n digbundel 'n vereiste. Die voorgeskrewe prosa werk in Afrikaans is uit die werke van die volgende skrywers gekies: Blok, du Toit, Sangiro, von Wielligh, Eybers, Langenhoven, Hofmeyr, Malherbe, Grosskopf, Malan, van Bruggen, die Hobsons, Lub, Engela, Spoelstra, Conradie, d'Arbez, de Roubaix, Brand, Groenewag, du Biel, Serfontein en Eugéne Marais. Die volgende skrywers is deur hulle digwerke verteenwoordig: Keet, Colliers, Malherbe, Totius, Leipoldt en Visser.

Vanaf 1934 is geen Nederlandse boek meer vir hierdie eksamen voorgeskryf nie. Sedertdien kom die indeling in hoofsaak neer op een digbundel en drie prosawerke wat speurverhale, romans, kortverhale, dierverhale, seunsverhale sowel as reisbeskrywings insluit. Die volgende prosaskrywers is nou verteenwoordig: van Bruggen, Grosskopf, d'Arbez, Langenhoven, die Hobsons, van Oordt, du Plessis, Sangiro, Mikro, Brand, Marais, van den Heever. Uit die werke van die vol-

vir die verskillende jare soos aangedui:

Des. 1922 en Feb. 1923. Die gebruik dat die vrae oor voorgeskrewe werke in twee afdelings verdeel word, is voortgesit. Gewoonlik val slegs een werk onder afdeling A en hierdie werk moes intensief bestudeer word, terwyl die werke onder Afdeling B minder aandag vereis het. Vir hierdie eksamens in Desember 1922 en Februarie 1923 is die werke vir Nederlands A as volg ingedeel: Afdeling A: 'n drama van van den Bergh vir intensiewe studie. Afdeling B: letterkundige studies van Ligthart, 'n bloemlesing van Gezelle se gedigte, 'n drama van van Nouhuys of 'n drama van Schimmel, 'n bloemlesing van digters uit Suid-Afrika van Pienaar, 'n historiese roman van van der Walt of „De Familie Stastok" uit die „Camera Obscura" van Hildebrand en die sewende werk was vyf verhale van van Lennep. Vir Afrikaans A is 'n toneelstuk van Grosskopf vir intensiewe studie voorgeskryf en verder die hele lys soos vir Nederlands A, afdeling B.

Des. 1923 en Feb. 1924. Nederlands A: 'n drama van Schimmel vir intensiewe studie en vir afdeling B: 'n bloemlesing uit Gezelle se gedigte deur Nijland versamel, twee stukke uit die „Camera Obscura" van Hildebrand, 'n aantal verhale van van Lennep, weer 'n bloemlesing uit digters uit Suid-Afrika van Pienaar, „Ons Weg deur die Wêreld, deel I" van Langenhoven en 'n historiese roman van du Toit. Vir Afrikaans A is 'n bundel kortverhale van Maré vir intensiewe studie voorgeskryf terwyl vir die res afdeling B van Nederlands A geldig was.

Des. 1924 en Feb. 1925. Nederlands A.: Vir intensiewe studie: 'n drama van Haspels. Afdeling B.: Twee stukke uit die „Camera Obscura" van Hildebrand, 'n roman van van Lennep, gedigte van Staring, Langenhoven se „Ons Weg deur die Wêreld, deel I," 'n historiese roman van du Toit en 'n digbundel van Totius.

Vir Afrikaans A is 'n drama van Grosskopf vir intensiewe

Bakker vir intensiewe studie is voorgeskryf. Afdeling B: die simboliese „De Kleine Johannes I" van van Eeden, 'n roman van van Lennep, 'n digbundel van Staring, 'n roman van van Bruggen, gedigte van Leipoldt en gedigte van Totius.

Afrikaans A. Vir intensiewe studie: 'n drama van Coilliers, en verder soos voorheen.

Des. 1926 en Feb. 1927. Nederlands A. Vir intensiewe studie: 'n drama van Schimmel. Afdeling B: „De Kleine Johannes I" van van Eeden, 'n roman van Ulfers, 'n bloemlesing uit Gezelle se gedigte, 'n roman van van Bruggen, gedigte van Leipoldt en 'n roman van van Reenen.

Afrikaans A. Vir intensiewe studie: 'n idille van Celliers en verder soos vir Nederlands A.

Des. 1927 en Feb. 1928. Nederlands A. Vir intensiewe studie: 'n roman van Tony. Afdeling B: 'n stuk uit die „Camera Obscura" van Hildebrand, 'n roman van Ulfers, 'n bloemlesing uit die gedigte van Gezelle, 'n roman van van Reenen, kortverhale van Maré en 'n digbundel van Totius.

Afrikaans A. Vir intensiewe studie: „Ampie I" van van Bruggen en verder soos vir Nederlands A.

Des. 1928 en Feb. 1929. Voortaan is nie meer werke vir intensiewe studie voorgeskryf nie.

Nederlands A. 'n Historiese roman van Wolff en Deken, gedigte van van den Bosch, 'n roman van Tony, 'n drama van Boudier-Bakker, kortverhale van Maré en „Uit Oerwoud en Vlakte" van Sangiro is voorgeskryf.

Afrikaans A. Vir hierdie eksamen geld die volgende: 'n historiese roman van Wolff en Deken, gedigte van van den Bosch, „Ampie I" van van Bruggen, 'n drama van Leipoldt, kortverhale van Maré en „Uit Oerwoud en Vlakte" van Sangiro.

Des. 1929 en Feb. 1930. Nederlands A. Die volgende genre-indeling geld vir hierdie eksamens: 'n historiese roman van Wolff en Deken, gedigte van van den Bosch, 'n roman van Tim-

Wolff en Deken, gedigte van van den Bosch, Langenhoven se „Mof en sy mense", drie eenbedrywe van Grosskopf, spookverhale van Leipoldt en Sangiro se „Op Safari."

Des. 1930 en Feb. 1931. Nederlands A. Die volgende genre-indeling geld vir hierdie eksamens: Keur uit die verhalende gedigte van Cats, 'n drama van Simons-Mees, gedigte van Leipoldt, 'n Hollandse roman van Kees van Bruggen, die „Skaduwees van Nasaret" van Langenhoven of Marais se „Skетse uit die Lewe van Mens en Dier," en ten slotte twee verhale uit die „Camera Obscura" van Hildebrand.

Afrikaans A.: Keur uit die verhaldende gedigte van Cats, 'n drama van Grosskopf, gedigte van Leipoldt, 'n roman van Kees van Bruggen, „Skaduwees van Nasaret" van Langenhoven of Marais se „Skетse uit die Lewe van Mens en Dier" en eindelik de Roubaix se „Boesmanlandse Skетse en Verhale."

Des. 1931 en Feb. 1932. Nederlands A.: 'n Dramatiese gedig van Vondel, 'n drama van van Nouhuys, 'n verhaldende gedig van Boutens, 'n verhaal van van Hille-Gaerthé, „Uit Oerwoud en Vlakte" van Sangiro en „Ons Weg deur die Wêreld, deel I" van Langenhoven.

Afrikaans A.: 'n Dramatiese gedig van Vondel, 'n drama van van Nouhuys, gedigte van Visser, 'n historiese roman van van Bruggen, „Uit Oerwoud en Vlakte" van Sangiro en „Ons Weg deur die Wêreld, deel I" van Langenhoven.

Des. 1932 en Feb. 1933. Nederlands A. 'n Historiese roman van Wolff en Deken, 'n bloemlesing uit Gezelle se gedigte, „Ampie I" van van Bruggen, 'n drama van Boudier-Bakker, 'n roman van Maeff en „Op Safari" van Sangiro.

Afrikaans A.: 'n Historiese roman van Wolff en Deken, 'n digbundel van Totius, „Ampie I" van van Bruggen, 'n drama van Boudier-Bakker, kortverhale van Maré en „Op Safari" van Sangiro.

Des. 1933 en Feb. 1934. Vir die laaste Matrikulasie-eksamen in skole onder die Kaapse

„Aan Stille Waters" van Langenhoven, 'n see-roman van Malherbe en reisverhale van Eybers.

Gewoonlik is dus vir Matrikulasie voorgeskryf: twee tot drie romans wat kortverhale, reisbeskrywings en ander vorms van prosa insluit, een of twee digbundels en 'n drama. Die volgende Afrikaanse skrywers is hier verteenwoordig: Prosa: van der Walt, Langenhoven, du Toit, Maré, van Bruggen, van Reenen, Sangiro, Leipoldt, Marais, de Roubaix, Malherbe en Eybers. Poësie: Bloemlesing deur Pienaar, Totius, Leipoldt, Celliers en Visser Drama: Grosskopf, Celliers en Leipoldt.

(d) Departementele Senior-Sertifikaat. (1923 - 1940).

1923. Vir hierdie eksamen is tussen Nederlands A en Afrikaans A nie onderskei nie - dit was 'n vermenging van albei. Vir deel een is voorgeskryf: 'n drama van Grosskopf of 'n drama van Schimmel, en 'n bloemlesing uit digters uit Suid-Afrika van Pienaar of 'n bloemlesing van Gezelle se gedigte. Vir deel twee moes twee van die volgende bestudeer word: twee verhale uit die „Camera Obscura" van Hildebrand, 'n roman van de Wit, „Ons Weg deur die Wêreld, deel I" van Langenhoven en Sangiro se „Die Lotgevalle van 'n Leeufamilie." Kandidate kon dus òf slegs Afrikaanse werke òf slegs Nederlandse werke òf 'n vermenging van werke uit Afrikaans en Nederlands bestudeer.

1924. Deel een : 'n drama van Grosskopf of 'n drama van Haspels en gedigte van Totius of gedigte van Staring. Deel twee: twee van die volgende: Langenhoven se „Ons Weg deur die Wêreld, deel I," twee verhale uit die „Camera Obscura", 'n historiese roman van van Lennep en 'n historiese roman van du Toit.

1925. Deel een: 'n drama van Boudier-Bakker of 'n drama van Celliers en van Eeden se „De kleine Johannes I" of 'n roman van van Bruggen. Deel twee: twee van die volgende: 'n historiese roman van van Lennep, gedigte van Staring, gedigte van Leipoldt, gedigte van Totius. Onvallend is die feit dat onder deel twee geen Afrikaanse roman voorge-

twee van die volgende: 'n sielkundige roman van Couperus, 'n historiese roman van Bosboom-Toussaint, 'n drama van Schimmel, 'n fantastiese verhaal van Langenhoven, 'n roman van Celliers en gedigte van Celliers. Hier is dus ses werke om van uit te kies: twee Hollandse romans én 'n drama en twee Afrikaanse romans en 'n digbundel.

1927. Deel een: 'n drama van Fagan of 'n drama van Schimmel en „Op Safari" van Sangiro of „Ampie I" van van Bruggen of 'n roman van Bosboom-Toussaint. Deel twee: twee van die volgende: gedigte van Leipoldt, 'n roman van Maëldrinck, „Op Safari" van Sangiro, kortverhale van Maré, 'n drama van Vondel en 'n roman van Ulfers.

1928. Deel een: 'n drama van Wallis of 'n drama van Grosskopf en 'n roman van Scharten-Antink of „Op Safari" van Sangiro. Deel twee: twee van die volgende: gedigte van van den Bosch, 'n roman van van Oordt, 'n historiese roman van Wolff en Deken, kortverhale van Maré, 'n historiese digwerk van Langenhoven en 'n roman van von Wielligh.

1929. Voortaan sou slegs ses werke voorgeskryf word: vier in Afrikaans en twee in Nederlands. Die volgende ses is vir 1929 voorgeskryf: 'n historiese roman van Wolff en Deken, gedigte van van den Bosch, gedigte van Visser, drie eenbedrywe van Grosskopf, spookverhale van Leipoldt of 'n roman van Linde, „Op Safari" of „Diamantkoors" van Sangiro.

1930. Die volgende ses: Keur uit die gedigte van Cats, 'n drama van Grosskopf, gedigte van Leipoldt, 'n roman van Koos van Bruggen of 'n roman van Boudier-Bakker, Langenhoven se „Skaduwees van Nasaret" of Sangiro se „Diamantkoors en twee Fortuinsoekers" en ten slotte de Roubaix se „Boesmanlandse Sketse en Verhale."

1931. Die volgende ses: 'n dramatiese gedig van Vondel, 'n drama van van Nouhuys, gedigte van Visser, „Ampie (Die Meisiekind)" van van Bruggen, 'n historiese werk van Preller of

„Ampie I" van van Bruggen, 'n drama van Schimmel, kortverhale van Linde, en „Op Safari" van Sangiro.

1933. 'n Roman van Luttig, 'n see-roman van Malherbe, 'n bloemlesing uit digters uit Suid-Afrika van Pienaar, 'n drama van Grosskopf, 'n lewensbeskrywing van Edison deur Stamperius en 'n drama van Vondel.

1934. 'n Drama van Vondel, 'n drama van Grosskopf, gedigte van Celliers, 'n roman van Scharten-Antink, Sangiro se „Uit Oerwoud en Vlakte" en kortverhale van Linde.

1935. 'n Drama van van Nouhuys, 'n roman van van Nes-Uilkens of 'n roman van Bosboom-Toussaint, gedigte van Leipoldt, „Ons Weg deur die Wêreld, deel I" van Langenhoven, sketse en verhale van Eybers en Afrikaanse kortverhale deur M.L. du Toit geredigeer.

1936. 'n Historiese verhaal uit die dae van van Riebeeck van Motelerkamp, 'n roman van van den Heever, gedigte van Eugéne Marais, Hollandse kortverhale deur F.E.J. Malherbe versamel, „Op Safari" van Sangiro en 'n Nederlandse drama van Schimmel.

1937. 'n Drama van Simons-Hees, 'n see-roman van Malherbe, gedigte van Visser, kortverhale van Jonker, „U Dienswillige Dienaar, deel II" van Langenhoven en 'n roman van Bergmann.

1938. Langenhoven se „Sonde met die Bure en Herrie", tonneelstukke van Fagan, gedigte van Celliers, verhale van Eugéne Marais, 'n historiese roman van van Schendel en anekdotes uit die Hollandse Spectator van van Effen.

1939. Drie eenbedrywe van Grosskopf, 'n novelle van van den Heever, gedigte van Leipoldt, Hollandse kortverhale deur F.E.J. Malherbe byeenversamel, 'n roman van Scharten-Antink en kortverhale van Pienaar.

1940. 'n Drama van Grosskopf, 'n Bybelroman van Malherbe, versamelde gedigte van adv. Marais, kortverhale van van den Heever, „De kleine Johannes I" van van Eeden en 'n lewensbeskrywing van Edison deur Stamperius.

is slegs ses werke voorgeskryf. Vir die eksamens in Desember 1933 en Februarie 1934 is slegs Afrikaanse werke voorgeskryf. Teen hierdie tyd was die indeling van werke as volg: een drama, een digbundel en vier prosawerke.

Ten opsigte van die Departementele Senior Sertifikaat is by die indeling van voorgeskrewe werke aanvanklik dieselfde metode as vir Junior Sertifikaat gevolg. Vanaf die eksamen in 1929 (ingesluit) sou slegs ses werke voorgeskryf word: vier in Afrikaans en twee in Nederlands. Die uiteindelike indeling was dus as volg: een drama, een digbundel en vier prosawerke. Hierdie vorm geld tot op die huidige oomblik. (1948).

4. EKSAMENS EN/OF INSPEKSIE.

(a) Junior Sertifikaat.

(i) Universiteit van Suid-Afrika 1922 - 1924. In die uitgawe van die Onderwysgaset van 29 Januarie 1925 verskyn 'n kennisgewing dat vanaf 1 Januarie 1925 geen kandidate meer vir die Universiteits Junior Sertifikaat-eksamen in Kaapse Departementele skole voorberei sou word nie.

Die vraestelle in Afrikaans en Nederlands by die eksamen in 1922 toon geen groot verskille van dié van vorige jare nie. Vraag drie van deel B van die vraestel in Afrikaans verwag van die kandidaat om (a) 'n stuk te ontleed of (b) 'n parafrase te doen. Deel (a) lui: "Ontleed in sinne en gee die sinsverband van die dele aan. Behandel dan die hele sin as een en verdeel in onderwerp, gesegde, voorwerp en bepaling:-

Ver in die Boland waar oor wye
en diepgespoelde watersloot
die ou adamsvyeboom hang met takke
al swartbemos en amper dood,
daar ry die seuns weer pad verder

eksaminator dat daar baie min kandidate was wat hulle aan die skansie van versreëls gewaag het; die meeste het geen nosie daarvan gehad nie en sommige het dit selfs met parafrase verwar. 1)

Die eksaminator sê dat hy getref is deur die feit dat op baie skole die waarde van van buite geleerde gedigte nog nie gehuldig word nie én dat aan die uiterlike vorm en skoonheid van 'n gedig blykbaar geen of weinig aandag bestee is nie. 2)

Oor die tweede vraestel rapporteer die eksaminator dat dit vir hom 'n genot was om die vryheid te sien waarmee die kandidate hulle moedertaal hanteer en dit te vergelyk met die stywe houterigheid wat hulle aangewend het toe hulle nog sogenaamd Nederlands moes skryf. Maar die snoeimes en die skoffel sou nog nodig wees. Kandidate gebruik uitdrukkings wat sekerlik uit beskaafde Afrikaans met wortel en tak uitgeroei moet word. 3)

In 1923 is kandidate weer gevra om 'n sinsontleding van 'n gedig te doen. Die eksaminatore was tevrede wat opstelle en briewe betref. 4) Dog hulle merk op dat by sommige kandidate 'n neiging bespeur is om van dit in plaas van daarvan, ens. te skrywe. 5) Ook is 'n neiging tot vulgarismes in briewe te bespeur soos, bv. ou, maat, jong, ens. 6) Sinsontleding was bepaald swak. 7) Die diktee was bevredigend hoewel in sommige gevalle punte verloor is vir die aaneenskrywe van woorde. 8)

In 1923 het 45 kandidate vir Nederlands A ingeskryf. Hiervan het 11.1% gedruip en die gemiddelde persentasie punte was 49%. Vir Afrikaans A het 1670 kandidate ingeskryf. Hiervan het 1.3% gedruip en die gemiddelde persentasie punte was 54%. 9) Hierdie gegewens geld as onloënbare bewys van die voorkeur wat aan Afrikaans gegee is sowel as die prestasievermoë in Afrikaans teenoor Nederlands.

In 1924 is die volgende vrae in verband met voorgeskrewe

verbeelding geen rol nie.' Wat is jou mening omtrent hierdie bewering van die skrywer? Staaf die mening met voorbeelde uit die sketse." Oor „Nimrod Seeling": „Vraag 4. In sy voorwoord sê die skrywer: ‚Steeds neem die aanvraag toe naar geskikte boeke om die leeslus by die jonger geslag op te wek. Die skrywer wat dit tref om 'n boeiende verhaal op aanskoulike wyse uit te werk....' Vind jy dat die skrywer daarin geslaag is om uitvoering te gee aan die eise en ideale deur homself gestel in die voorgaande aanhaling uit die voorwoord? Gee redes vir jou mening."

Albei hierdie vrae is te gevorderd vir junior-kandidate en hoort eerder in 'n Matrikulasie-vraestel tuis. Trouens, eersgenoemde vraag is enkele jare gelede by die Senior Sertifikaat-eksamen gestel.

In hierdie jaar (1924) het een kandidaat Nederlands A geskryf. Hy het geslaag en sy gemiddelde persentasie in die vak was 54.5 persent. Hierteenoor het 1493 kandidate Afrikaans A geskryf. Van hulle het 2.5 persent gedruip. Die gemiddelde persentasie in die vak was 54.6 persent. 1)

Aangesien dit die laaste Junior Sertifikaat-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika was wat deur kandidate in Kaapse skole afgelê kon word, word die verslae van die eksaminatore hier betreklik breedvoerig weergegee.

Oor die eksamen-antwoorde op die eerste vraestel rapporteer die eksaminator dat die werk oor die algemeen bevredigend is hoewel die sentra waar van die studie van die letterkundige deel van die eksamenvereistes weinig teregkom, nog nie ontbreek nie. Van dié sentra kom kandidate wat so weinig voorligting oor die voorgeskrewe werke gehad het dat dit onbillik teenoor hulle is om vir Hoër Afrikaans ingeskryf te word. 2)

Voorts sê die eksaminator dat die twee vrae wat die swakste beantwoord is, nommers een en vier is waar die kandidate gevra is om 'n mening uit te spreek. Hier kom dit duidelik voor die dag of die voorgeskrewe werke intelligente

myns insiens, nog nie daardie peil van ontwikkeling bereik waar die uitdrukking van menings en waardering moontlik is nie

Oor die antwoorde op die tweede vraestel merk die eksaminator op dat nieteenstaande die feit dat die werk hierdie jaar stronger beoordeel is as voorheen, is die aantal kandidate wat 'n onvoldoende syfer in hierdie stel behaal het baie gering wat as bewys kan dien dat die onderwys in Afrikaans op die meeste skole met erns en toewyding gedoen word. Die inhoud van die briewe is meestal baie kinderagtig; dog die gehalte en inhoud van die opstelle is baie verdienstelik. Selfs die diktee toon tekens van vooruitgang nieteenstaande die toepassing van 'n baie strenge maatstaf. Die meeste kandidate het punte verloor omdat hulle saamgestelde woorde los skryf. So is geskryf: middag kalmte, nag diere, berg toppe, ens. Die eksaminator merk op dat dié neiging nou begin uitbrei ook tot die skeidbaar samegestelde werkwoorde waar die sinsbou dit eis dat die twee dele aanmekaar geskrywe word, en selfs tot vorms soos by gelowig in plaas van bygelowig; toe stand in plaas van toestand, ens. Ook maak hy opmerkings oor die verkeerde gebruik van was in plaas van is by die vorming van die verlede tyd van die lydende vorm: Die kind was geslaan; die deur was geverf; ens.

Oor die geheel bespeur die eksaminator gesonde vordering.[1]

En dit was die afskeidswoord van die eksaminatore in Afrikaans van die Universiteit van Suid-Afrika aan die Junior-Sertifikaat-kandidate van 1924.

(ii) Departement van onderwys. Vir die vraestel in Nederlands in 1923 tree Mnr. H. Bezemer as eksaminator en Mnr. S. Boersma as moderator op. Die opstelle bied 'n redelik goeie keuse; sommige verwys nog na voorgeskrewe werke. Die kandidaat kon een van twee briewe kies. Daarna volg 'n parafrase:

Herfst.

„Nu rijpt de herfst de rijkgebronsde peren,

Het bos, dat groen in purper doet verkeren.

Krachtige balsemgeur vit kreupelhout

Van eiken stroomt my tegen, zilv'rer veren

Doorstrepen 't reine lucht blauw en vermeren

Tot één wolk, die de zon gevangen houdt."

Dit is bepaald nie 'n baie maklike stuk vir parafrase nie.

Die eerste vraag van die tweede vraestel, Deel A, is 'n samegestelde sin wat ontleed moes word: „Het beleg, waarby de stad door het kanonvuur van de vijand bijna geheel vernield werd, duurde drie weken waarna de stedelingen, die zich dapper verdedigd hadden, besloten zich over te geven, omdat zij wel inzagen, dat verdere tegenstand nutteloos was." Die sielkundige uitwerking wat so 'n lang stuk op 'n kandidaat het, is vernietigend. As 'n kandidaat dit sien, word hy meteens ontmoedig en pousel sonder enige lus daaraan.

Vraag twee lui: „Gebruik vijf van de volgende uitdrukkingen elk in een flinke zin, zodat de betekenis duidelik uitkomt: Zonder slag of stoot; in volle gang; pal staan; haantje de voorste; iemand in de stock laten; heinde en ver; iemand opmerkzaam maken op iets; het ondersnit delven."

Die volgende vraag lui: „Kies vijf werkwoorden en gebruik het verleden deelwoord van elk in een korte, maar duidelike zin: verbannen; slagen; wantrouwen; zich verspreken; volharden; wreken; voorkómen; zegevieren."

Hierdie taalvraestel vergelyk besonder gunstig met die vraestelle uit die negentiger jare jare en later. In hierdie vrae word meer klem op die taal in gebruik gelê as op die „grammatical niceties" van vroeër.

Wat die vrae oor die voorgeskrewe werke betref: Vraag vier is dieselfde as vraag sewe van die vraestel in Afrikaans A van dieselfde jaar; so ook vraag vyf (vraag ag in Afrikaans); vraag ses (vraag 8b in Afrikaans); vraag nege (vraag elf in Afrikaans); vraag tien (vraag twaalf in Afrikaans). Die

die vrae oor Tollens se gedigte gekies word en daarom is drie vrae oor Tollens se gedigte gestel en slegs twee oor die werkie van Celliers.

Oor Celliers se digwerk is die volgende twee vrae gestel: Vraag 7. „Uit welken gedichten spreekt (a) liefde voor de natuur, (b) liefde voor het vaderland? Noem er twee van elke en verklaar waarom ze tot (a) of (b) behoren. Geef de korte inhoud weer van één van de door u genoemde gedichten."

Vraag 8. „Noem één gedicht, dat betrekking heeft op die geschiedenis van Zuid-Afrika. Schrijf een aantal (niet minder dan 12) regels ervan op, of vertel de inhoud van het gedicht." Hierdie vrae is binne die bereik van kandidate.

Deel C handel oor voorgeskrewe prosawerke en kandidate moes die vrae oor een van die werke beantwoord. Vraag nege (vraag elf in Afrikaans) en vraag tien (vraag twaalf in Afrikaans) handel oor Andriessen se „Koning en Veldheer." Oor „Die Koningin van Skeba" van du Toit is die volgende twee vrae gestel: Vraag 11. „'Môre is jy my bruidegom of 'n kind des doods!' Door wie wordt dit gezegd en tot wie worden deze woorden gericht? Verklaar (in omtrent 20 regels) waarop ze betrekking hebben met vermelding van de toestanden aan't hof van de Koningin van Skeba op dat ogenblik." Vraag 12: „Beschrijf wanneer en hoe die tweede omruiling van de twee prinsessen plaats heeft." Al hierdie vrae val binne die vermoë van Junior Sertifikaat-kandidate indien hulle maar slegs die inhoud deeglik ken.

In 1924 is nog 'n vraestel in Nederlands A gestel dog in 1925 is slegs 'n vraestel in Nederlands B gestel waarmee ook die einde van Nederlandse vraestelle aangekondig is.

Oor die eksamen in Afrikaans A van 1922 rapporteer die eksaminatore oor die kennis van voorgeskrewe werke dat dit deegliker as voorheen was en dat daar bewyse gelewer is dat leerlinge meesterskap van die taal begin toon. Daar moet

'n aansienlike aantal opstelle as gevolg van goeie taal en stof aangename leesstof gebied het, was dit duidelik dat baie onderwysers nog nie ten volle reg laat geskied het aan hierdie uiters belangrike deel van die onderwys van taal nie. Baie kandidate weet nie wanneer om 'n onderwerp in die beskrywende, vertellende of demonstratiewe vorm te behandel nie. Van punktuasie, veral die punt, komma en aanhalingstekens het die meeste kandidate maar die vaagste idee. Ook laat die woordkeuse en die sinskonstruksie dikwels baie te wense oor. Weinig kandidate het van die fyn Afrikaanse idiome of spreekwoorde of selfs die pragtige uitdrukkings wat in die voorgeskrewe werke voorkom, gebruik gemaak. 1)

Wat briewe betref, is dieselfde opmerkings hierbo genoem van toepassing. Hoewel daar baie interessante briewe was, het daar ook andere wat droog, betekenloos en somtyds smaakloos was, voorgekom. Om humoristies te skryf, sê die eksaminatore, is 'n kuns. As kandidate dit in gedagte wil hou, sal minder smaaklose grappe voorkom en die briewe sal in waarde toeneem.2)

Ook oor die taaldeel van die antwoorde word kommentaar gelewer. Die parafrase van die gedig was taamlik goed. Antwoorde op die taalkundige deel was middelmatig wat die sinne en woordkonstruksie betref. Kandidate het egter 'n opvallende onkundigheid getoon wat die sinne skrywe in die negatiewe vorm betref. Byna die helfte het nie geweet wat van hulle verwag is nie. Sommige het die sin in die lydende vorm geskryf en andere het die vragende vorm aangegee. Andere weer het die sin in die verlede tyd geskryf of in die indirekte rede. Die vraag oor die invul van geskikte voorvoegsels en werkwoorde het aansienlike moeilikheid veroorsaak. Swakheid in die gebruik van die korrekte voorvoegsels en die juiste werkwoorde was algemeen in die opstelle en in ander antwoorde. 3)

Die antwoorde op die vrae oor die voorgeskrowe boeke was hierdie jaar meer bevredigend. Die gedigte van Koot het die

boere was te dikwels 'n eentonige opsomming van feite sonder behoorlike samehang. Kandidate moet dit vir hulle ten doel stel om die tonele in hulle eie woorde te beskryf. 1)

In 1921 het 9 kandidate eersteklaspunte en 146 tweedeklaspunte in Afrikaans A behaal. In 1922 was die getalle onderskeidelik 102 en 826.

Die eksamenvraestelle ondergaan in die volgende jare weinig verandering. Die gebreke in die onderwys word die beste deur die eksaminatore in hulle verslae aangedui. Voortaan dui ek die opmerkings oor die verskillende onderdele van die vak tot 1939 aan.

(a) Opstelle, briewe, parafrase, 1927 - 1939. Vóór 1936 maak eksaminatore weinig of geen opmerkings oor hierdie deel van die vraestel nie. In 1936 maak die eksaminatore gewag van bevredigende opstelle, maar terselfdertyd merk hulle op dat baie gebreke nog voorkom soos bv. slordige sinsbou, plat en lomp woordkeuse, gebrek aan oorspronklikheid en veral jag op sensasie. 2)

Die volgende jaar maak hulle melding van goeie opstelle maar swak briewe, 3) en in 1938 wys hulle daarop dat briewe meer aandag vereis. Ook is parafrase by die eksamen vir sedepreke gebruik. 4) In 1939 beskou hulle die toestand as bevredigend. 5)

(b) Taalkunde (Grammatika). In hul verslag oor die eksamen van 1927 skryf die eksaminatore dat die verkeerde gebruik van voorsetsels nog dikwels voorkom, bv. Ek skryf na oom. Hulle wys daarop dat die verlede deelwoord van samegestelde werkwoorde as een woord geskryf moet word. Daar bestaan ook verwarring van die betekenisse van woorde, bv. besorg en versorg; kersmis en kermis. Ook laat die korrekte gebruik van leestekens veel te wense oor. 6)

Die vrae oor grammatika is bevredigend beantwoord hoewel dit blyk of sommige skole nie alleen die noodsaaklike oefening

onderwysers van Afrikaans 'n gebrekkige kennis van ontleding besit, 1) aldus die verslag.

In verband met laasgenoemde saak, skryf die eksaminatore: „Sinsontleding verskaf nie alleen waardevolle taalkundige oefening nie maar veronderstel ook 'n begrip van die gedagtegang van die skrywer." Ten slotte meld die rapport dat die kennis van woordvorming en alledaagse idiome deur sommige skole eenvoudig oor die hoof gesien word. 2)

In 1928 en weer in 1929 kla die eksaminatore oor swak sinsontleding, 3) en in 1932 beweer die eksaminatore: „Daar is kandidate wat geen benul het van formele grammatika nie. Om dit te bewys dien die volgende voorbeeld: Die onderwerp van draai om, is om." Desnieteenstaande „is dit bemoedigend om te rapporteer dat die idioom van taal vanjaar meer tot sy reg gekom het." 4)

In 1934 rapporteer die eksaminatore weer dat die antwoorde oor die sogenaamde formele grammatika teleurstellend was. Die meeste kandidate het slegs 'n vae begrip van sinsontleding, maar van rededele, voor- en agtervoegsels, tyd en so meer weet die meeste feitlik niks nie. 5)

In hulle verslag oor die eksamen in 1936 maak die eksaminatore melding van 'n „onrusbarende agteruitgang" ten opsigte van die Afrikaanse taal. Die kennis van die elementêrste grammatiese beginsels, bv. die rededele en tyd, was flou en verward. Ook het swak idiomatiese uitdrukkings sowel as die swak gebruik van woorde in sinne voorgekom. 6) Die volgende jaar was daar volop tekens van die gebrekkige kennis van formele grammatika te bespeur. Interpunksie was swak en die sinsontleding was „beroerd swak." 7)

(c) Voorgeskrewe werk. Oor die antwoorde op hierdie deel van die vak skryf die eksaminatore in 1927 dat hulle dikwels gekenmerk word „nie alleen deur gebrek aan deeglike voorbereiding nie, maar ook deur vermogaande slordigheid van styl en skrif." Baie min kandidate het die inhoud van „Die Twee Bood-

aan „swakke voorbereiding en voorligting." 1)

Die eksaminatore herhaal die volgende jaar dat kandidate nie die inhoud van die werke ken nie, terwyl andere weer wat die inhoud reken het, nie hulle kennis kon gebruik nie. Hierdie moeilikheid, sê die eksaminatore, kan oorkom word deur probleme vir die leerling te stel om self uit te werk in plaas van hom too te laat om op voorbereide aantekeninge te reken. 2)

In die verslag oor die eksamen van 1929 skryf die eksaminatore: „Die vergelykende literatuur-studie is altyd lonend, sodat 'n mens tog sal kan verwag dat selfs by hierdie stadium die kinders sal weet in hoever hulle skrywer iets in hom opgeneem het van ander skrywers. Hoe meer die blik van die kind verruim word, hoe meer belangstelling hy vir sy eie en uitheemse letterkunde sal voel." 3) Myns insiens is dit te veel verwag van 'n kandidaat op die standerd-VIII-stadium om reeds beïnvloeding van ander skrywers te kan opmerk; daarvoor is sy beperkte lees-ondervinding ontoereikend.

In 1931 maak die eksaminatore beswaar teen die gee van aantekeninge deur onderwysers, 4) en in 1932 word die klagte herhaal oor „woordelike aantekeninge neergeskryf wat hoegenaamd nie in verband staan met die gestelde vraag nie." 5) In die verslag oor 1933 word voorbeelde van die resultate van aantekeninge aangehaal: „Dr. Koet maak gebruik van atoliransie en bombastigheid", of ook: „Dr. Koet se liefdesgedigies is gekenmerk vir sangerige vriendelike aanmoedigende spontane motor." 6)

In 1935 word weer kommentaar oor gediktoerde aantekeninge gelewer. Voorts word opgemerk dat die antwoorde oor poësie swak was, terwyl dié oor prosa meer bevredigend was. 7) In 1936 is minder tekens van gediktoerde antwoorde bespeur. Sommige antwoorde oor poësie was uitstekend, maar dit is egter duidelik dat in die meeste skole geen aandag aan die waardering van poësie gewy word nie." 8) In 1937 was die ant-

woorde oor gedagte weer swak. 1)

Aangesien die eksamen van 1940 die eindpunt in hierdie verhandeling aandui, verdien dit besondere aandag omdat hierdie vraestelle veronderstel word om alles wat tot 1940 in Afrikaans bereik is vir hierdie eksamen, te beliggaam.

Vir die beantwoording van die eerste deel van die vraestel is twee-en-'n -halwe uur toegestaan. As eksaminator tree J.J. Laubscher, B.A.,B.Educ, en as moderatore A.H. Stander, B.A. en J.C. Ross, M.A. op. Kandidate moes in afdeling A afsonderlik slaag om in die vak as geheel te kon slaag.

Vraag een lui: „Maak 'n opstel van ongeveer 40 reëls (d.w.s. sowat 320 woorde) oor een van die volgende onderwerpe:

(a) 'n Winteraand voor die kaggel.

(b) Plekkies waar ek mymer.

(c) „Dit was darem so ampertjies " - 'n verhaal.

(d) Maandagmôre en Vrydagmiddag - 'n kontras.

(e) Ons lastige bure.

(f) „Daar lui die ellendige skoolklok!" (90)

Soos verwag kon word, was die verslag van die eksaminator baie gunstig omdat die onderwerpe 'n ideale keuse gebied het. Die rapport word breedvoerig aangehaal: „Etlike opstelle van 'n baie hoë gehalte is ingelewer. Somm ge het die volle 90 punte behaal. Die werk was oor die algemeen baie netjies en kandidate het hul min of meer by die voorgeskrewe lengte bepaal. Dit is egter opvallend dat die slordige kandidate behae daarin skep om die voorgeskrewe lengte ver te oorskry - miskien die oorsaak van hul slordigheid. Daar is ook 'n opvallende korrelasie tussen slordigheid en werk van 'n lae gehalte." 2)

Voorts skryf die eksaminator: „Een van die vereistes vir 'n goeie opstel is die skepping van die regte atmosfeer. Die onvermoë van kandidate om dit te bewerkstellig was maar al te in die ooglopend, vernaamlik in die behandeling van '

gevalle het die opstelle eenvoudig ontaard in 'n vertelling deur Oupa. Dit lyk in elk geval of die vertelkuns aan die uitsterwe is, soos deur die skrywe van die verhaal: „Dit was darem so ampertjies!" bewys is. 1)

Die verslag is doeglik saamgestel en die eksaminator huiwer nie om die vinger op al die swak plekke te lê nie: „Ernstige mistastings het ingesluip in die behandeling van die onderwerpe: „Ons lastige bure" en „Maandagmôre en Vrydagmiddag - 'n kontras." Eersgenoemde het dikwels ontaard in 'n preek oor hoe minsaam en tegemoetkomend bure behoort te wees en laasgenoemde is beperk tot blou Maandae." 2)

Voorts waarsku die eksaminator die kandidate „om tog nie gepubliseerde verhale woordeliks oor te neem om hulle opstelle mee te illustreer nie. Streef na 'n bietjie meer oorspronklikheid." 3)

Vraag twee van hierdie vraestel lui: „Skryf <u>een</u> van die volgende briewe in behoorlike vorm. Die inhoudsdeel moet ongeveer 15 reëls (d.w.s. 120 woorde) beslaan: (a) U ouers is in die buiteland op reis. U vader se sake of boerdery (of die huishouding) word in die tussentyd aan u sorg toevertrou. Skryf aan hul en vertel hoe u daarmee vorder. (b) U is op 'n kosskool. Skryf op 'n sekere oand wanneer u baie verlang, 'n brief aan een van u maats op die skool wat u voorheen bygewoon het. (c) U het u bagasie op 'n treinreis verloor. Skryf 'n brief aan die betrokke stasiobeampte omtrent u verlies. Verskaf al die besonderhede wat u noodsaaklik ag." (30).

Oor die antwoorde op hierdie vraag skryf die eksaminator: „Die briewe was oor die algemeen van 'n hoë gehalte. Die briefvorm het heelwat verbeter, alhoewel sommige centra nog onafskeidelik gehog is aan „Ek bly" en „Ek is" in die slot. Kandidate hoef ook nie aan te kondig dat hul gaan „sluit" nie. Hul korrespondente, asook die eksaminator, kan dit sien. Kennis van die sakebrief was oppervlakkig. Persoonlike kennis van 'n beampte aan wie 'n amptelike brief gerig word, mag

toit." 1)

Vraag drie, Afdeling B, lui: "Omskrywe saaklik in u eie woorde die gedagtes in die volgende stukkies uitgedruk:-

(a) Opgeruimd en Vrolik (D.C. Rossouw.).

"Jy sal nie veel verrig nie
as jou hartseer nooit genees,
want trane baar nie veel geluk nie:
wie weel en werk, moet vrolik wees!

Die reën wat deur die aarde sypel,
help wel die saadjies daar ontkiem,
toe ryp die vrug in sonnelig -
Sonskyn en vreug is sinoniem!" (15).

(b) Soos die windjie wat suis. (H.A. Fagan).

Soos die windjie wat suis oor die velde,
met geure van lente bevrag,
is die hoop wat kom fluister van arbeid en stryd
en die soë wat wag;
Soos die dorre geruis in die najaar
van blare wat val en vergaan,
die verwytende stem van geleentheid verspeel
en van dade wat sterf - ongedaan." (15) (30).

Oor die antwoorde op hierdie vraag skryf die eksaminator: "Die afgelope paar jaar was parafrase nog altyd die deel van die vraestel wat die meeste moeilikhede opgelewer het en vanjaar was geen uitsondering nie. Sommige kandidate poog om slegs so hier en daar 'n woord deur 'n sinoniem te vervang, ander probeer selfs om die digvorm te behou; maar die grootste sondebokke is diegene wat 'n eie, pragtige preek fabriseer sonder om rekening te hou met die oorspronklike stuk." 2)

Vraag vier in hierdie afdeling lui: "Vul die ontbrekende woorde in onderstaande sinne aan:-

(i) Nadat sy teenstander hom oorrompel het, moes hy die vlag .....

(x) Voordat die saak in die hof gedien het, is dit geluklig

Vraag vyf: „Vul die korrekte voorsetsels in onderstaande sinne in:

(i) Die dief is -- heterdaad betrap.

(x) Hy handel nou eenvoudig -- willekeur." (10)

Vraag ses: „(a) Vervang elkeen van die volgende uitdrukkinge deur 'n gepaste selfstandige naamwoord:

(i) die bewys wat jy ontvang as jy jou rekening betaal.

(v) die persoon wat die kaartjies by die deur van 'n konsertsaal ontvang." (5)

„(b) Skryf die volgende sinne oor in suiwere Afrikaans:

(i) Op Klipplaat moet jy jou reis breek.

(v) Piet is so opgenome met sy nuwe betrekking dat hy al sy tyd daaraan bestee." (5) (10)

Vraag sewe: „Voltooi elkeen van die volgende sinne deur gebruik te maak van 'n woord afgeleid van die woord tussen hakies aangegee:

(i) 'n Patrollie is uitgestuur om die omgewing te .....(ken).

(x) Ek kan my nie ... wanneer ek hom laas gesien het nie.(in) (10)

Vraag agt: „Wat is:

(i) Die vergrotende trap van kwaad?

(x) die betekenis ~~van~~ of krag van die voorvoegsel in gesien?" (10)

Vraag nege: „(a) Gebruik die twee meervoudsvorme van die volgende woorde in aparte sinnetjies om die verskil in betekenis tussen die twee vorme aan te dui:- gif, maag, ... drif, goed." (12)

„(b) Vervang die onderstreepte woorde in elkeen van die onderstaande sinne deur een met die toegenoemde betekenis:-

(i) Hy het die ou man met respek behandel.

(v) Daardie prent versier die muur." (5)

„(c) Vervang die onderstreepte woordgroepe in elk van die onderstaande sinne deur een woord met dieselfde betekenis.

„(i) Sake sal met verloop van tyd wel verbeter.

(v) Op die ou end sal jy maar moet toegee." (5) (22)

Vraag tien: „(a) Maak kort sinnetjies waarin waar gebruik

woorde in onderstaande sinne en as watter rededele (woordsoorte) word hul gebruik:-

(i) Gedane sake het geen keer nie.

(v) Nieteenstaande sy waarskuwing sal ek tog gaan." (10) (18)

Oor dié deel van die antwoorde rapporteer die eksaminator as volg: „Die antwoorde oor die grammatika was oor die algemeen van 'n laer gehalte as dié van die vorige jare. Dit was egter verblydend dat sommige contra blykbaar baie aandag aan die idiomatiese gebruik van die taal geskenk het met die gevolg dat kandidate dikwels feitlik die volle aantal punte vir die betrokke deel van die vraestel behaal het; desnieteenstaande, is dit te betreur dat die suiwere gebruik van die spreektaal nog veel te wense oorlaat, soos veral oopenbaar word deur die gebrekkige kennis van die juiste gebruik van voorsetsels en idiomatiese uitdrukkinge." 1)

Vir die tweede deel van hierdie vraestel tree J.S. Badenhorst, B.A., B.Ed., as eksaminator en A.H. Stander, B.A. en J.C. Ross, M.A., as moderatore op. Vir die beantwoordeing is twee uur toegestaan. Die lengte van elke antwoord sou omtrent een-en-'n-halwe bladsy beslaan.

Afdeling A.

D.F. Malherbe: Afrikaanse Verse.

1(a). Vertel in u eie woorde die inhoud van „Die Likkewaan" van Leipoldt. (16)

(b) „In sommige van sy natuurgedigte is Leipoldt soms juigend, dan weer bedruk." Wys kortliks, met saaklike aanhalings, op hierdie teëstelling in „Oktobermaand." (13) (29)

of.

(a) Vertel in u eie woorde die inhoud van „Die Storie van Kobasdam" van Jan Celliers. (16)

(b) Vertel kortliks wat u mooi gevind het in „Die Ossewa" van Jan Celliers of „'n Winternag" van E. Marais. (13) (29)

2. Noem twee van die kortere gedigte van A.G. Visser wat

Noem die gedigte wat deur die volgende aangedui word en vertel dan in u eie woorde die inhoud van enige <u>twee</u> deur u genoem:

(a) Waarin vaderlandsliefde deurstraal. (A.D. Keet).

(b) Waaruit o.a. liefde vir die natuur blyk. (F. v.d.Heever).

(c) Wat 'n Suid-Afrikaanse held besing. (F.W. Reitz).

(d) Waarin 'n grappige voorstelling van die digterskap gegee word. (Leipoldt). (26)

<u>Afdeling B.</u>

<u>C.M. van den Heever: Simson en ander Kortvenhale.</u>

3(a). Beskryf die aanleidende oorsaak en die omstandighede van die laaghartige aanval op Simson. (19).

(b) Vertel kortliks hoe hy hom gewreek het. (16) (35)

<u>of</u>

(a) „Die dooi mens jy moet hom laat staan, Baas!" Na aanleiding van watter omstandighede het ou Maltiele hierdie woorde gebesig? (9)

(b) Skets die huiveringwekkende gebeurtenisse op die aand van Jan Potoors se dood. (26) (35).

<u>of</u>

Beskryf die noodlottige gevolge van Andries se verbreking van sy belofte aan Maria om na haar dood nie weer te trou nie.(35)

<u>Afdeling C.</u>

<u>Hobson en Hobson: Geluksvlei.</u>

4. Skets die liefdesverhouding tussen Anna en Jan. (35)

<u>of</u>

Beskryf die rol wat Oom Koos in die verhaal speel met besondere verwysing na sy betekenis as raadgewer van Jan. (45)

<u>of</u>

Skets, met voorbeelde, <u>drie</u> karaktereienskappe van Jan en <u>drie</u> van Dirk om veral aan te toon hoe die twee broers van mekaar verskil het. (35)

<u>Afdeling D.</u>

rol van skaapdief te speel. (14) (35)

of

Beskryf die gevangeneming van die skraal man deur Andries.(35)

of

(a) Watter listige plan het Opperman beraam om in besit van Oom Andries se plaas te kom? (6)

(b) Vertel hoe Andries daarin geslaag het om die plan voorlopig te verydel. (9)

(c) Hoe het Opperman hom weer uitoorlê? (9)

(d) Vertel hoe hierdie netelige situasie vir Andries uiteindelik opgelos is. (11) (35)

Die eksaminator se verslag oor die eksamenantwoorde lui: „Oor die algemeen was die geleverde werk baie bevredigend. Die persentasie swak kandidate was kleiner as in die vorige jaar, terwyl die getal kandidate wat die A-simbool behaal het, vermeerder het.

„Daar is nog kandidate wat die vrae nie behoorlik lees nie en dan word 'n bespreking van die gedigte gegee of die gedig word woord vir woord gesiteer i.p.v. die inhoud in eie woorde te gee soos gevra.

„Sommige kandidate skryf onnodige lang antwoorde van drie of vier bladsye, terwyl plus-minus een en 'n half bladsye gevra word. Hierdeur mors hul baie tyd en kry nie klaar nie. In sommige gevalle het kandidate van buite geleerde diktate oor die waardering van gedigte gegee, en dikwels is hoogklinkende terme en uitdrukkinge gebruik sonder enige bewys dat die leerling dit verstaan. Hoewel daar werk gelewer is van baie hoë gehalte deur sekere contra, blyk dit nog dat ander nie die nodige aandag gee aan netheid van skrif, behoorlike interpunksie en die spelling van alledaagse eenvoudige woorde, soos bv. alby, twede, styl en stoil., ly en lei, somar, eindelik en Suid Afrika." 1)

(iii) Besluit. Noudat ons aan die einde van die periode onder

As ons die periode 1921 - 1940 in oënskou neem en die opmerkings van eksaminatore as gesaghebbend beskou, kom ons tot die volgende gevolgtrekkings:

Opstelle: Die eksaminatore kla baie oor gebrek aan oorspronklikheid, slordige sinsbou, swak interpunksie, die aaneenskrywe van woorde wat nagelaat word, die onoordeelkundige keuse van woorde en oor netheid. Die verslag oor die eksamen in 1940 vorm 'n uitsondering en met waardering is van goeie opstelle melding gemaak. Maar daar was ook „ernstige mistastings", ook was die eksaminatore genoodsaak om teen die gebruik van gepubliseerde verhale te waarsku.

Briewe. Die briewe in die eksamen van 1940 was oor die algemeen van 'n hoë gehalte, hoewel die kennis van sakebriewe oppervlakkig geblyk het.

Parafrase: Nog altyd kla die eksaminatore oor parafrase. Kandidate is geneig om woorde met sinonieme uitdrukkings te vervang, terwyl andere 'n preek daarvan maak sonder om met die oorspronklike stuk rekening te hou.

Grammatika: Volgens die verslae van eksaminatore wil dit voorkom of die kennis van grammatika vinnig agteruitgaan. Van formele grammatika het kandidate soms geen benul nie. Reeds teen 1936 moes eksaminatore van die „onrusbarende agteruitgang" in taalkennis melding maak en sedertdien word dieselfde klagte elke jaar gehoor. Veral oor die swak gebruik van voorsetsels en idiomatiese uitdrukkings kla die eksaminatore baie. Interpunksie word elke jaar as swak bestempel, en dit wil voorkom of die eksaminatore oor die powere kennis van kandidate met betrekking tot sinsontleding nooit uitgepraat sal raak nie.

Voorgeskrewe werke: Oor hierdie afdeling van die vraestel in Afrikaans is al baie geskryf. Die eksaminatore kla gereeld dat kandidate nie hul menings oor boeke kan vol nie. Dit blyk veral waar om 'n mening oor sekere gedigte gevra word.

ker beantwoord as die vrae oor prosawerke.

Die eksaminatore trek ook heftig te velde teen die gee van aantekeninge wat deur kandidate weergegee word sonder dat hulle verstaan wat hulle skryf.

Uit hierdie saaklike weergawe van die toestand met betrekking tot Afrikaans as vak op skool by Junior Sertifikaat blyk dit dat nog veel gedoen moet word om 'n hoër peil te kan bereik.

(b) Matrikulasie en Kaapse Senior Sertifikaat.

(i) Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad 1922 - 1933.

1922: Nederlands A. Oor die eerste vraestel rapporteer die eksaminatore dat hier ook geld wat in verband met Afrikaans A opgemerk is, nl. dat letterkunde nie onderwys word ter wille van die letterkunde self nie maar in die eerste plek ter wille van die eksamen. Kandidate word voorberei, „gedresseerd is het juiste woord!", op sekere vrae wat moontlik gestel kan word. As daar dan onverwagte vrae kom waarby die kandidaat op eie wieke moet dryf, dan val die meeste hulpeloos deur die mat. 1)

Die taal is, in teëstelling met dié van Afrikaans A, „in de meeste gevallen erbarmelik." As die taal in hierdie vraestel streng moes beoordeel word, sou die grootste meerderheid die toets nie doorstaan nie. 2)

Oor die tweede vraestel skryf die eksaminator dat die peil van antwoorde gewissel het. Diegene wie se spreektaal Nederlands is, het goeie werk gelewer; maar die swakste werk is gelewer deur kandidate wat nòg Nederlands- nòg Afrikaanssprekend is. Hulle skryf Nederlandse woorde maar die idioom is Engels. 3)

Die antwoorde, sê die eksaminator, wemel van Anglisismes, terwyl baie kandidate nie eens geweet het wat 'n anglisisme is nie. Woorde wat besonder baie verwarring veroorsaak het, was auteur, auditeur, editeur, en akteur, terwyl woorde

1922. Afrikaans A. Eerste vraestel: Die eksaminatore wys daarop dat dit blyk dat voorgeskrewe werke alleen ter wille van die eksamen bestudeer word - van letterkundige onderwys is weinig te bespeur: al die nadruk val op feite en data wat by die eksamen dienstig kan wees. „Verwagte" vrae word deurgaans bevredigend beantwoord, maar sodra 'n onverwagte vraag opduik waarby eie oordeel en inisiatief in die spel kom, bly die meeste kandidate in gebreke om aan die vereistes te voldoen. Tog is die taal van die kandidate oor die algemeen bevredigend. 1)

In verband met die tweede vraestel skryf die eksaminator dat dit voorkom of doeglike onderwys in Afrikaans gegee word; tog sou hy graag verbetering in die taal en styl van brief en opstel wou sien. 2)

Die eksaminator kla oor die sorgelose gebruik van leestekens en oor die moeilikhede wat kandidate met woorde soos is en was het. 'n Beter gebruik van die woordelys is ook noodsaaklik om spellingmoeilikhede uit die weg te ruim. 3)

Die verslag oor 1923 dui 'n verbetering in die antwoorde aan.

1924. Nederlands A. Die vrae oor „Dawid en Jonathan" het hoofsaaklik oor karaktersketse en inhoud gegaan. Meeste van die vrae handel oor die inhoud van die voorgeskrewe werke en vereis ook karaktertekening. Maar oor Langenhoven se „Ons Weg deur die Wêreld deel I" is onder andere vraag elf gestel: „Wat zijn volgens uw mening de beste eigenschappen van de stijl en verhaaltrant van Langenhoven?" Dit is 'n tipe vraag wat by 'n Matrikulasie-eksamen baie moeilikhede veroorsaak; trouens, die meerderheid kandidate vermy so 'n vraag.

Oor Totius se „Wilgerboombogies" is die volgende vrae gestel: Vraag 14. „Geef de inhoud van twee gedichten weer, die u het mooiste gevonden heeft in deze dichtbundel, zo mogelik met aanhalingen, en verklaar uw keuze." Vraag 15. „Wat voor soort van poëzie zou u deze dichtbundel noemen?"

vrae oor die digbundel aangepak het. Liewers sou hulle die inhoudsvrae oor die ander werke aandurf.

Die inhoud van die vraestelle oor taal in Nederlands en Afrikaans is besonder gelyksoortig.

Die eksaminatore merk op dat „David en Jonathan" waarskynlik 'n bietjie te moeilik vir kandidate geblyk het. Hulle kla verder dat onstelonderwys verwaarloos word. Ook is baie gevalle van geleerde reëls sonder behoorlike toepassing teëgekom. 1)

Met verwysing na die openbare kritiek oor die moeilike vrae wat oor van Bruggen, Keet en andere in 1925 gestel is, moes die eksaminatore hul in hul verslag verdedig.
1927. Met uitsondering van Afdeling A in albei gevalle, is dieselfde vrae in Nederlands en Afrikaans, voorgeskrewe werke, gestel. Oor „Ernest Staes" lui die eerste vraag: „Ernest Staes is een boek vol zachte humor." Bewys met voorbeelden." Oor „Ampie" is die volgende vraag gestel: „Skets die karakter en karakterontwikkeling van Ampie so lewendig as u kan, wys daarby op die baie dinge in Ampie se dink, voel en handel wat ons laat lag en ook laat jammer voel, of Beantwoord die vraag: Is 'n boek soos Ampie, met al sy getrouheid van uitbeelding óók van aaklikge toestande, met al sy ruwe woorde en uitdrukkinge tog 'n werk van skoonheid, en kan daarvan 'n veredelende invloed op ons uitgaan? Maak baie duidelik watter indruk die boek op u nagelaat het." Laasgenoemde is 'n vraag wat geen gewone Matrikulant sal aandurf nie. Dit is bo die ontwikkelingspeil van 'n doursnee Matrikulasie-kandidaat. Bowendien: 'n Matrikulasie-kandidaat sal liewer 'n kort ingewikkelde as 'n woordryke maklike vraag aanpak. Dr. F.E.J. Malherbe het hier beslis nie die sielkundige weg gevolg nie.
1930 Afrikaans A. In hul verslag maak die eksaminatore melding van die toename in die getal sentra wat blyke van ernstige studie van literatuur gee hoewel sommige nog aan die gewone „ou-vakkundigheid vasklef." Desnieteenstaande is

bestaan die oorspronklikheid van Langenhoven net uit een of twee episodes wat nie in die Bybel voorkom nie, en al wat hul tref: 'n lessie tot bekering, en al wat hul hinder: die simpatie waarmee Pilatus geteken is." 1)

Voorts merk die eksaminator op: „Oor Cats het ek mooi antwoorde gekry met kranige opmerkinge oor moraal in verhale. Maar 'n baie groot aantal kandidate het gemeen dat die 17de eeu in Hollands niemand van letterkundige betekenis behalwe Cats ongelewer het nie, en dat ook die tydgenote van Cats - Potgieter en Huet! - met al hul kritiek die treurige toestand nie kon verhelp nie..." 2)

Die eksaminator dring daarop aan dat Matrikulasie-leerlinge in alle sentra meer vakleiding moet ontvang: „En daarom stel ek weer voor dat die onderwyser, so ver doenlik, 'n bepaalde werk tuis laat lees, vrae oor die uiterlike inhoud in die klas stel, en alle moontlike lesure verder wy aan vakkundige gesigspunte.... Waar die uiterlike „gebeure" in 'n boek bekend is, en voorbeelde maklik gevind word wat elke tegniese punt illustreer en leer verstaan, bring elke bespreking onmiddellike resultaat: begrip van literatuur en lewe, groter uitdrukkingsvermoë in Afrikaans, en wesenlike genot. Dit is seker nie te moeilik vir Matriek nie - getuige die antwoorde van kandidate wat die regte opleiding ontvang het: ek glo selfs dat ons veel vroeër, selfs in die primaire skool, aan kinders kan duidelik maak wat mooi en knap is in 'n verhaal of in 'n gediggie. Omdat ons dikwels ons kinders onderskat het, is die literatuurles, oor die algemeen, nog iets van geringer vakkundige standaard as dié van ander vakke op skool." 3)

Hierdie eksaminator se geloof is beslis nie getemper deur persoonlike ondervinding in die primêre skool nie. Hy oorskat die bevattingsvermoë van leerlinge - of liewers hul uitdrukkingsvermoë. Ek glo dat leerlinge die skoonheid van

derd agt moet die verhaal dus hoofsaak wees; daarna kan ander dinge aandag geniet. Hierdie geloofsbelydenis is gegrond op ervaring beide in die primêre en die hoërskool.

Oor die antwoorde op die tweede vraestel is heelwat aanmerkings gemaak. Die vermindering van anglisismes en vulgêre woordgebruik word vermeld. Maar terselfdertyd wys die eksaminator daarop dat kleurlose en plat woorde en uitdrukkings nog nie uitgeroei is nie. bv. „lekker (ad infinitum!), vreeslik; bangbroek; vies; ysterklou in die grond slaan; riene neerlê; my maag begin praat; soos natgereënde hoenders lyk; ens." 1) Sommige van hierdie uitdrukkings hoort myns insiens nie in hierdie lys nie; moet al hierdie uitdrukkings dan uitgeroei word?

Oor die opstel het die eksaminator heelwat te sê. Hy wys onder andere daarop dat „die opstel hier die enigste middel om kunsaanleg te toets", is en dat natuurlikheid en egtheid die hoofvereistes vir 'n opstel is en besondere aandag vereis. Ook gee hy aan die hand dat onderwysers meer moeite moet maak met kort sketse, kortverhale, karakterstudies en abstrakte temas. Voorts wys hy op die voronagsaming van paragrawe, die onjuiste gebruik van werkwoordtye, lompheid, verkeerde ontsetting, e.d.m. Interpunksie is deurgaans swak. 2)

Oor parafrase skryf die eksaminator dat te min van die poëtiese gees van die oorspronklike behou is: die oorspronklike is te veel verhoei deur 'n sotte poging om elke woord deur 'n sinoniem of omskrywende verklaring te vervang, bv. die Noorde word: „die kant direk die teenoorgestelde van die Suide;" „lewende massas van silwer en goud." word „bewegende oorvloede van edele metale." Die weergawe in sintetiese vorm is al wat verlang word, sê die eksaminator. 3)

Die vrae oor die algemene grammatika is tot bevrediging van die eksaminator beantwoord. Hy wys daarop dat goed gelet

Ten opsigte van stylfigure, skryf die eksaminator, hoors daar groot verwarring er die meerderheid antwoorde was uiters vaag en teleurstellend. Die volgende antwoord is tiperend: „Die hele boel is 'n snul soorte beeldspraak; ek weet nie watter soort nie; ek het dit nog nie geleer nie." 1)

Die eksaminator besluit as volg: „Met genoeë mag ek konstateer dat die gelewerde werk van 'n baie bevredigende gehalte was. Slegs 'n klein aantal kandidate het gedruip; te min egter het 'n A-predikaat behaal. Dit is daaraan te wyte dat aan bepaalde onderdele nie genoeg aandag bestee is nie - deels, wellig, omdat die bestaande leerplan, deur almal betrokke, nie enors begryp is nie; deels omdat bepaalde onderdele relatief van minder belang beskou is. Dit het my opgeval dat somige vrae besonder flink aangepak is, terwyl ander (deur dieselfde kandidaat) uiters swak beantwoord is. Die verlangde ewewigtigheid kan alleen verkry word as alle onderdele van die Leerplan die nodige aandag geniet. Miskien sal 'n duideliker formulering van die bestaande Leerplan deur alle taalmeesters verwelkom word en ons taalstudie grootliks vergemaklik en bevorder." 2)

Vir die voorgeskrewe deel van die vraestel by die eksamen in 1933 tree S.J. du Toit, M.A., Litt. D. as eksaminator op. Die vrae handel hoofsaaklik oor die inhoud van en karakters in die voorgeskrewe werke. Oor „Martjie" van Colliers is egter onder andere die volgende vraag gestel: Vraag 4. „(a) Wat beskou die dogter in hierdie stuk as (i) die hoofmotief en (ii) die inkleding? (b) Beskryf die natuurbeskrywing van Colliers soos ons dit in „Martjie" aantref." Die onderdeel (ii) is beslis nie eenvoudig vir 'n matrikulasie-kandidaat om te beantwoord nie.

Oor „Een Hongaarsche Samenzwering" is onder andere die volgende vraag gestel: Vraag 6(a) Wat vorm in hierdie toneelstuk (i) die krisis (keerpunt), (ii) die ontknoping? (b) Vind

hoven - (a) 'n humoris, (b) 'n moralis en (c) 'n talentvolle verteller is". Albei hierdie vrae sal moeilikhede vir Matrikulasie-kandidate oplewer.

Vraag tien handel oor „Hans-die-Skiepper": „Die see is 'n faktor van betekenis deur die hele roman heen. Toon dit aan deur na die styl, bou en gebeurtenisse in hierdie werk te verwys." Matrikulante vind dit uiters moeilik om so 'n vraag te beantwoord; trouens, 'n vraag oor styl lewer altyd moeilikhede op omdat styl so 'n ondefiniëerbare term is. 'n Mens is geneig om te twyfel of 'n vraag oor styl wel by 'n Matrikulasie-eksamen gestel moet word. Enkele kandidate slaag daarin om aan die gestelde eise van die eksaminator te voldoen, maar die oorgrote meerderheid behaal nie die vereiste minimum punte met hul antwoorde nie weens die feit dat die voorgelegde kennis te abstrak en nie geassimileer is nie.

Tog is die verslag oor hierdie deel besonder gunstig. Ook oor die opstelle is gunstige opmerkings gemaak hoewel besware aangeteken is teen (a) sodoprokery en sentimentaliteit, (b) gebrekkige feite- en kuns-inhoud, (c) gebrekkige tegniek.1)

In verband met die antwoorde op algemene vrae skryf die eksaminator: „Oor die algemeen het die antwoorde getuig van insig en grondige voorstudie. 'n Geringe meer nadruk op die studie van die s.g. formele grammatika, doeltreffender gebruik van algemeen-grammatiese terme, en groter presiesheid, sou die waarde van baie antwoorde verhoog het." 2)

En hiermee neem die Kaaplandse skole afskeid van die Matrikulasie-eksamen.

(ii) Kaapse Onderwysdepartement, 1923 - 1940.

1923. Nederlands A. Vir die eerste Kaapse Senior Sertifikaat-eksamen in Nederlands A in 1923 tree S. Boersma as eksaminator op en prof. J.J. Smith as moderator op. Die opstel-onderwerpe is, met uitsondering van een of twee, glad nie berekon om belangstelling by kandidate te wek nie. Die volgende is

lingbevolking van ons land. (c) Die ontwikkeling en bevordering van onze nijwerheden. (d) Hoe we die leeslust bij ons volk kunnen aanwakkeren. (e) Luchtkastelen. (f) Ledigheid is des duivels oorkussen."

In vraag twee is 'n brief gevra, of „Skrijf een samenspraak tussen twee personen, waarvan de een vóór en de ander tegen de afschaffing van het gebruik van sterke drank is." Dit wil voorkom of dit die eerste keer is dat 'n samespraak gevra word; maar die brief is tog 'n belangrike deel van die eksamen en daarom sou 'n samespraak beter in die lys van opstel-onderwerpe gepas het.

In vraag drie van deel B is 'n parafrase van „Twee Horsen" gevra; daarop volg vrae oor uitdrukkings en woorde wat in sinne gebruik moes word, verklarings van die betekenisse van uitdrukkings en die benoeming en verklaring van betekenisse van agtervoegsels in gegewe woorde. Die vrae oor die voorgeskrewe werke is presies dieselfde as dié vir Afrikaans A gestel.

Die vraestel as 'n geheel is nie moeilik nie - dit val binne die bereik van die kandidate.

1923. Afrikaans A. Vir hierdie eksamen tree J.J. du Preez M.A., as eksaminator en prof. J.J. Smith, B.A., as moderator op. Die vereiste geld dat kandidate 30 persent in deel A van die vraestel moes behaal om te kon slaag.

In vraag een is 'n brief gevra, gelyks uit twee onderwerpe: (a) waarin 'n boek ten opsigte van inhoud, taal, styl, ens. bespreek moes word; (b) 'n aansoek om 'n betrekking. Die brief moes ongeveer een-en-'n-halwe bladsye van die antwoordeboek beslaan.

Ook in hierdie vraestel bied die opstel-onderwerpe weinig om van uit te kies: „(a) Die waarde van 'n skool-opleiding. (b) Die armblanke-vraagstuk. (c) Oorlog en die gevolge daarvan soos blyk uit die hedendaagse wêreld-toestand. (d) Hoe

stel: die afleiding en benaming van 'n aantal werkwoorde; vervanging van skuinsgedrukte bywoeglike bysinne deur byvoeglike naamwoorde; sinne met gegewe woorde; neweskikkende en onderskikkende sinsverband; sinne met woordpare; verklaring van stylfigure soos bv. „eufemismes, hiperbool, epigramma, metonimia, allegorie, metafora, oksimoron" of parafrase van 'n gedig, „Kennis en Gevoel" wat hier volg:

„O bleke suster, tweeling van die aarde,
Jy bloedloos kind met kille lykgesig,
Wat met die skyn van bange sonnestrale,
Die nagte stil spookagtig wit verlig!

Ons kennis leer jy is 'n dorre wêreld,
Waar nooit die lag van blye lewe was.
Dat jy geen lug kan bied aan vuurge longe;
En nêrens in jou dale groei daar gras.

Jou klowe is die kraters van vulkane,
Wat eenmaal vuur was, koud en bleek soos lood
Nou gaap met angstig-oopgesperde monde,
Maar asemloos soos die verstyfde dood.

Dit leer my, o heerlik blanke klaarte,
Wat half die wêreld met jou lag bekoor,
En 'k neem dit aan, gehoorsaam kind van wysheid,
Maar glo nog meer wat my my hart laat hoor.

Ek hoor die lied van ewige bekoring;
Die maan glv voort op silwermelodie
Van honderdduisend tintelende sterre;
En hoor die woord van alle poësie." (Wassenaar."

'n Senior-kandidaat sou veel liewer die stylfigure verklaar al is sy kennis daarvan nog so swak, as om hierdie lang en moeilike gedig met sulke abstrakte begrippe as tema te parafraseer. Die gedig is bo die begripsvermoë van 'n standerd X-kandidaat.

Dieselfde eksaminator en moderator tree vir die tweede

soorte dramas en hul vernaamste kenmerke. Onder welke soort sou u „'n Esau" plaas?" Die leerplan vereis nie 'n studie van die verskillende soorte dramas nie; dus word hierdie vraag nie as billik beskou nie.

Die tweede vraag oor „Zege na Strijd" lui: „Toon duidelik aan, waarom u meen, dat die tietel van die boek goed gekies is, of waarom u meen dat dit nie goed gekies is nie." So 'n vraag vereis konsentrasie en die vermoë om deur middel van sintese verskillende en wydverspreide bevestigingspunte vir die persoonlike mening uit die boek saam te stel. Kandidate verkies 'n direkte vraag bo so 'n vraag.

Oor „Digters uit Suid-Afrika" is twee inhoudsvrae gestel waarop vraag tien volg: „Welke gedig beskou u in die bundel as die mooiste? Gee redes vir u keuse." Van so 'n vraag hou weinige kandidate. Ook vraag elf val in hierdie kategorie: „Welke karaktertrekke openbaar Celliers as digter? Bespreek die vernaamste hiervan met verwysing na sy gedigte in die bundel opgeneem."

'n Waarderingsvraag is ook oor „Bloemlezing uit Gezelle's Gedichten" gestel: „Welke gedig het u die mooiste gevind en waarom? Haal die versreëls aan wat u besonder getref het."

Uit deel B moes vier van die vrae uit twee van die vier groepe gekies, beantwoord word. In hoofsaak is almal inhoudsvrae behalwe die laaste vraag: „Bespreek, met voorbeelde waar moontlik, die taal en styl van Sangiro." Aan so 'n vraag word selde voorkeur verleen; kandidate kies liewer inhoudsvrae - hulle volg die sielkundige weg van die minste weerstand.

Die eksaminator rapporteer dat die peil van werk in Afrikaans baie bevredigend is en dat baie goeie briewe en opstelle voorgekom het wat toon dat hierdie kandidate sorgvuldig en metodies onderrig is. Sommige kandidate se briewe en opstelle is egter gekenmerk deur 'n gebrek aan sorg en rangskikking, slordigheid, slegte punktuasie, gebrek aan logiese samehang en onkunde omtrent die gebruik van die paragraaf.1)

gemeen dat solank as die woord in die sin korrek gebruik is, vol punte vir die antwoord gegee sou word. Hulle het nie besef dat die essensiële punte van verskil uit die antwoord moes blyk nie. 1)

Die parafrase, sê die eksaminator, wat 'n kort opsomming van 'n gegewe stukkie poësie moes wees - „Kennis en Gevoel" van Wassenaar - is deur die meerderheid wat hierdie alternatiewe vraag aangedurf het, nie baie goed gedoen nie. Sommige kandidate het die betekenis van die stuk totaal misverstaan, wat bewys dat lesse in letterkunde hul nie die mag van selfstandige werk en denke gegee het nie. 2) Die eksaminator mag egter nie so veralgemeen nie: as die stuk eenvoudiger was, sou kandidate beter resultate gelewer het.

Die verslag oor deel twee is besonder gunstig. 'n Hoë peil van werk is in die meerderheid antwoorde op hierdie vraestel gehandhaaf. Baie kandidate het getoon dat hulle plesier en voordeel uit die studie van die voorgeskrewe werke gekry het. Een sentrum het uitstaande antwoorde oor „Digters uit Suid-Afrika" gelewer, 3) aldus die eksaminator.

In 1924 is slegs vrae vir Nederlands B gestel, en in 1925 is geen aparte vraestelle vir Nederlands en Afrikaans gestel nie.

Die vraestelle gedurende die volgende paar jare bly in hoofsaak gelykso rtig van aard. Soos in die geval van standerd VIII word die gebreke in die onderrys ten opsigte van die drie onderdele van die vak vanaf 1927 tot 1939 hier aangedui soos deur die verslae van die eksaminatore weerspieël.
(a) Opstelle, briewe, parafrase en précis. In 1929 begin die eksaminatore kla oor die preektoon, 'n onbeholpe, hoogdrawende soort mooiskrywery en na-apery in opstelle, briewe en parafrase. In verband met hierdie saak sê die eksaminatore: „Kandidate moet onthou dat oorspronklikheid in siening en behandeling 'n opstel na die A-basis opstoot." 4)

mymer." Dit, sê die eksaminatore, lewer bewys dat die emosionele waarde van woorde ten volle deur die senior-kandidate kan waardeer word. 1) Dit is volkome korrek waar dit die persoonlike produkte van kandidate betref, maar om 'n oordeel oor die woorde of styl van 'n skrywer te vel, om objektief daarteenoor te staan, is heeltemal 'n ander saak.

In 1933 word oor die sodeprekery in opstelle en onbenulligheide in briewe gekla. Ook was parafrase swak: „In plaas van 'n stukkie oorspronklike taalskepping oor die bekende Afrikaanse donderstorm, kry die eksaminator 'n ondeurvoelde, aanmekaargeplakte parafrase, m.a.w. Celliers se stormbeelding word hopeloos vermink oorvertel." 2)

Die volgende jaar gee die opstelle bevrediging. Tog kla die eksaminatore oor sekere leemtes soos kandidate wat nie ter sake skryf nie en van die onderwerp afwyk, en opsetlike mooiskrywery - „dis van begin tot end 'n ondeurvoelde, stoperig-sentimentele geliefhebber met aroom en asuur, emerald en karmosyn." Wat eksaminatore net wil hê, is „die ongekunstelde eenvoud en kinderlik-blanke natuurlikheid, sonder verf en vernis en poeier en reukwater." 3) Ook word gewaarsku teen prokerigheid, sieklik-oordrewe patriotisme en na-apery. Oor die briewe word teleurstelling uitgespreek omdat so baie onbenulligheide, sodeprekies en onsmaaklikhede opgedis word in 'n soms te deftig-formele styl en soms weer te plat gemeensaam. 4)

In 1935 behaal slegs een persent van die kandidate nie die vereiste sub-minimum van 30 persent in afdeling A van die eerste vraestel by die eksamen in Afrikaans A nie. Goeie opstelle was egter uitsonderings. „Die oorgrote meerderheid was maar baie middelmatig van gehalte - sonder oorspronklikheid of diepte, sonder atmosfeer of stemming, sonder persoonlike stempel, sonder STYL!" 5)

In teëstelling met hierdie vernietigende kritiek is die

„Daardie grammofoon van ons bure" en ook „Portretalbum" en „Lugkastele." Die brief was egter teleurstellend ten gevolge van (i) afgesaagde inleidings, (ii) onegtheid en (iii) onoplettendheid. 1)

In 1937 swaai die pendulum weer na die ander uiterste wat opstelle betref. Die eksaminatore vermeld dat die opstelle en briewe van swak styl getuig, gesogte interpretasies, bombasme, slordige indeling van stof, ens. Die eksaminatore kon slegs 20 letterkundige artieste aanwys. En wat sinsleer, opsommings en précis betref, word beweer dat kandidate onafgerig was. 2)

In die verslag oor 1938 word sommige onderwysers verwyt dat hulle onderwetse opvattings in verband met die skryf van opstelle, die maak van opsommings, die vorm van die brief en die ontleed van sinne huldig en dus veroorsaak dat baie knap kandidate punte verloor. Die verwarde beeldspraak, voorliefde vir bombasme en wanbegrippe in verband met paragrafering, interpunksie, spelling, die opvolging van tydsvorme (veral van modale werkwoorde) ens. by middelmatige en swak kandidate, „is 'n onteenseglike aanklag teen die doeltreffendheid van die onderrig van Afrikaans in sommige skole in die Kaapprovinsie." 3)

In 1939 is gevind dat baie dogters beïnvloeding van Hettie Smit ondergaan het, en dat ook baie plagiaat gepleeg is. Vyftien leerlinge skryf oor „'n Kollektant vertel" soos P. de V. Pienaar dit gedoen het. Van stoplappe is dikwels gebruik gemaak, bv. „maniere van lewenswyse." Anglisismes is minder as gewoonlik, dog baie slordighede veral in verband met woordorde, opeenvolging van tyd, ens. word nog openbaar. Baie mooiskrywery het tot onegtheid gelei. Hierdie keer is die neiging om alles aanmekaar te skryf, openbaar. Spelling sowel as die gebruik van leestekens was swak. 4)

(b) Taalkunde (Grammatika). Reeds in 1927 kla die eksamina-

die doel van taalstudie is van besondere belang. Onder andere sê hy: „Die doel van alle taalstudie is hoofsaaklik om die kind te leer om sy eie gedagtes goed en netjies uit te druk en ook die gedagtes van andere te begryp as dit in druk voorkom. Die feit dat so baie kandidate dit klaarblyklik onmoontlik vind om 'n vraag, in eenvoudige Afrikaans gestel, te begryp en te beantwoord, en die slordige taal waarin die verkeerde antwoorde so dikwels voorkom, is in hoë mate mismoedigend. Die volslae gebrek aan, of verkeerde gebruik van leestekens was ook opvallend. Dit moet leerlinge geleer word om 'n beter taalbewustheid aan te leer deur intensiewer studie van goeie letterkunde. Inhoud en vorm by die kuns is nie van mekaar te skei nie." 1)

Die volgende jaar (1928) word gekla oor sentra waar totaal niks in verband met prosodie gedoen is nie. Een kandidaat het selfs as antwoord op die vraag oor skansie en stylfigure geskryf: „Meneer, hiervan het ons nog nooit gehoor nie," en 'n ander: „Die maat en rym is eksie-perfeksie; daar is niks op te sê nie." 2) Die eksaminatore benadruk die feit dat niettemin alles wat daarteen gesê is, 'n studie van die formele reëls van grammatika, styl en prosodie onontbeerlik is vir die senior kandidaat indien hy verlang om sy werk behoorlik te doen. 3)

In 1929 pleit die eksaminatore vir „meer sinsontleding en sintese." Ook word oor woordgebruik gekla: „Alte baie kandidate se gevoel vir die betekenis en gebruik van die een woord en geen ander nie in 'n bepaalde verband, is nog maar swak ontwikkel." 4) Is dit nie ten gevolge van gebrek aan tyd by die eksamens nie?

Voorts skryf die eksaminatore dat 'n groot en algemene flater (eintlik 'n euwel) die gebruik is van was + verlede deelwoord om 'n handeling in die verlede (imperfektum) aan te dui. Die vraag oor hierdie saak is baie swak beantwoord. 5)

„Betreurenswaardig was dit dat so baie die terme ritme, maat of metrum en selfs rymskema verwar het, en plegtig beweer het dat selfs die beste kunsprosa geen ritme het nie." 1)

„Ons oortuiging is en bly dat die grootste gebrek by kandidate die gebrek aan sinsbou is, en hiervoor skyn 'n goeie begrip van sinsontleding as uitgangspunt, 'n noodsaaklike vereiste," skrywe die eksaminatore in hul verslag oor 1931. 2)

In 1933 wys die verslag van die eksaminatore daarop dat leerlinge wel hul stylfigure ken maar nie kan toepas nie. Die meeste kandidate het 'n goeie begrip van metrum (skandeer kan die laaste een) „maar die wese van ritme, puntdig en paradoks is vir die oorgrote meerderheid paradoksale raaisels met die voorbeelde vlak voor hulle!" 3)

Ten opsigte van die algemene taalgebruik word gekla oor (a) anglisismes soos „rekords gemaak en gebreek; brille gedra; vingers in die paai gesteek; menso gemaak sleg voel." (b) spelling, die gevolg van onbeskaafde en slordige uitspraak: „sigeroer, vugure, bibeljoteek, ons." En dan vra die eksaminator terog: „Word die leeskuns nog beoefen op ons skole?" 4)

Die taalwerk in 1934 was oor die algemeen swak. Die indruk is geskep „dat die hoofsake van die formele grammatika skromelik verwaarloos word." Tog is die totaalindruk van die antwoorde „dat ons moedertaalonderwys jaar na jaar verbeter." 5)

Hierdie optimisme is in 1935 in teleurstelling omgesit. Op die vraag: „Op watter gronde word anglisismes afgekeur? " is hierdie oorspronklike antwoord verkry: „Anglisismes word gewoonlik op skoolgronde afgekeur." Die mees voorkomende foute was (a) anglisismes, (b) verkeerde gebruik van die tweede nie, (c) verkeerde gebruik van egter, (d) verkeerde inversie en (e) losskrywe van samestellings. Die eksaminatore adviseer: „Daar moet meer aandag gewy word aan sinsbou,

gebruik van die KOMMA!" 1)

Die volgende jaar was taalwerk weer swak. Die antwoorde is deur slordige sinsbou, die deurmekaargooi van werkwoordtye, foutiewe spelling van alledaagse woorde en hopelose interpunksie gekenmerk. 2) En in 1937 wemel die werk van taalfoute, terwyl die vraag oor voor- en agtervoegsels maar flouties aangepak is. Die vraag oor styl is die beste beantwoord. 3)

In 1938 was sinsontleding besonder goed gedoen maar stylkennis was swak. 4) Die volgende jaar was die antwoorde oor samestelling en afleiding swak. Oor styl, skandering, ens. skryf die eksaminator: „Ons verheug ons daaroor dat 'n vraag oor hierdie gedeelte van die leerplan nou iets van die verlede is." 5) En hiermee stem ek volkome saam.

(c) Voorgeskrewe Werk. Van die vroegste opmerkings oor hierdie deel van die eksamen kan gesê word dat hulle vandag nog geldig is. Oor die eksamen in 1927 skryf die eksaminatore: „Baie kandidate kan die verhaalgedeelte van die inhoud taamlik goed weergee, maar het geen benul van die boeke as letterkunde nie; waar dit nog die geval skyn te wees, lyk dit alte dikwels of hul maar die aantekeninge van die onderwyser oordis - ongelukkig nie altyd korrek nie." 6)

„By die letterkunde," sê die eksaminatore, „is die manier waarop die verhaal (waar daar 'n verhaal is) meegedeel word van meer betekenis as die verhaal self, en hier is die taal natuurlik alles. Wanneer 'n kandidaat dus die sogenaamde inhoud van die werk weergee sonder enige blyk dat hy ook die vorm gewaardeer het, is sy studie van die boek grotendeels tydverspilling gewees. Op hierdie stadium kan 'n mens met reg van die normale leerling verwag dat hy in korrekte taal oor die skoonheid van die gelese letterkundige werk sal kan skrywe." 7)

Met hierdie uitspraak stem ek beslis nie saam nie. Om

indrukke te kan weergee, is twee totaal verskillende sake. Daar is baie mense wat mooi dinge kan geniet en waardeer maar wat nogtans nie by magte is om hul indrukke in woorde om te sit nie. Daar is baie mense wat mooi natuurtonele kan geniet en skilderstukke kan waardeer, maar weiniges wat dit in kleure op die doek kan weergee of selfs hul skoonheidsgewaarwordinge in woorde kan stel. Die eksaminatore verwag dat senior kandidate hul skoonheidsindrukke moet kan weergee - en hy verwag dit van 100 persent van die kandidate. Dit is onbillik - dit is strydig met die werklikheid. As volwassenes nie in staat is om dit te kan doen nie - die kunstenaars uitgesonderd - kan dit met veel minder reg van senior kandidate verwag word.

In 1928 word beweer dat kennis van die voorgeskrewe werk sonder bekwaamheid om hierdie kennis in betreklik goeie en verstaanbare taal uit te druk, nutteloos is. Dit blyk ook uit die antwoorde dat meer as een kandidaat waarskynlik nog nooit van so 'n ding as interpunksie gehoor het nie. Hieraan is dit toe te skryf dat sommige kandidate skaars 30 persent behaal het hoewel die vernaamste feite bekend was. 1)

Daar is baie te sê oor die keuse van voorgeskrewe werke, skryf die eksaminatore. Uit 1000 kandidate het slegs 16 „De Jeugd van Francesco Campana" in plaas van „Op Safari" gekies. Slegs vyf kandidate het die vrae oor die bloemlesing van Nederlandse gedigte beantwoord. 2) Dit geld as onloënbare bewys dat kandidate liewer Afrikaanse as Nederlandse werke bestudeer.

Die volgende jaar word gekla dat onderwysers „nie genoeg aandag gewy het aan die letterkundige sy, soos die sillabus voorskryf, nie." Ook word vermeld dat die meeste kandidate 'n baie swak begrip van 'n karakterskets het, en die antwoord meestal in 'n beskrywing van die lewensgeskiedenis van die persoon verloop sonder dat die essensiële uitgebring word. 3)

Voorts skryf die eksaminatore: „die vrae oor die Afri-

appresiasie van gegewe gedigte het vir die meeste kandidate slegs daarin bestaan dat hulle dit mooi? gevind het." 1) Dit is weer 'n bewys van die onvermoë van senior leerlinge om hul skoonheidsaandoeninge in woorde om te sit.

Oor die antwoorde in 1930 word opgemerk dat die antwoorde oor Leipoldt se gedigte die swakste gedoen is. Baie kandidate het getoon dat hulle Leipoldt se gedigte nie verstaan nie. Sommige het breedvoerig uit die gedigte aangehaal (sonder aanhalingstekens) sonder dat hulle getoon het dat hul iets van wat hulle aangehaal het, verstaan, en woorde soos „subjektiewe", „objektiewe", „aanvoeling" en „visie" is in die onmoontlikste verband gebruik.2)

Oor die antwoorde in 1931 word opgemerk dat oor die algemeen kandidate 'n intelligenter begrip van letterkundige waarde as in die vorige jare openbaar. In sommige gevalle is selfs werk gelewer wat van oorspronklikheid, deursig en letterkundige smaak getuig het. 3)

Die volgende jaar word vermeld dat vrae oor „Trekkerswee", met 'n aantal uitsonderings, baie swak beantwoord is. Dit was duidelik dat die meeste kandidate glad nie die calvinistiese lewensbeskouing van Totius begryp het nie. Die oorsaak was vanselfsprekend dat die onderrig swak was. On die vrae oor van Bruggen en Sangiro is interessante en verdienstelike antwoorde gelewer, „wat weer 'n duidelike bewys is dat alleen kunswerke van 'n letterkundige standpunt kan genader word."4)

In 1935 skryf die eksaminatore: „Dit word al hoe duideliker dat daar meer selfstandige en minder intensiewe werk op die voorgeskrewe boeke gedoen moet word." In hierdie afdeling het 414 kandidate eersteklaspunte behaal; sommige selfs 90 persent. Tog was daar nog baie wat van voorbereide vrae gebruik gemaak het. 5)

Voorts skryf die eksaminatore: „In kritiek toon kandidate dikwels gebrek aan diskriminasie en bedien hulle ook van

Die verslag oor 1936 is uiters gunstig maar in 1937 word weer gekla oor swak interpunksie en resensies wat uit die hoof geleer is. 1)

Die volgende jaar maak die eksaminatore beswaar teen „afgeskryfde, voorbereide aantekeninge wat net sydelings die saak raak " en dan verkeerdelik opgedis is. Ironie, satire en geestigheid is onbekende begrippe by die meeste kandidate en hierin is juis Langenhoven se sterkte geleë. Karaktersketse was swak en sommige kandidate weet nie eers wat inhoud beteken nie. Vervolgens merk die eksaminatore op: „Kandidate sien nie die simboliek in Rooibruin Blare nie. Onderskat ons die bevatlikheid en lewensinsig van ons leerlinge?" 2) Nee, ons oorskat dit; of liewers die eksaminator doen dit. Die vraag is: Kan 'n senior kandidaat die term „simboliek" wel begryp?

Oor die antwoorde in 1939 merk die eksaminatore op dat die standaard hoër as die vorige jaar is. Ook het spelling en interpunksie verbeter. Maar ten gevolge van aantekeninge gebruik baie kandidate woorde wat hulle nie verstaan nie, bv. okkultisme, snoewert of snoewet, pragmatis, pleonasme, trilogie, arsiel, serebrale verstand, ens. - almal meestal verkeerd gebruik en verkeerd gespel. 3)

Aangesien 1940 die eindpunt van ons onderwerp aandui, word die vraestel hier breedvoerig behandel. Die eksaminator vir hierdie eksamen in Afrikaans A was S.J. Engelbrecht, B.A., B.Ed. As moderatore het opgetree: H.Z. van der Merwe, B.A., en S.B. Hobson, M.A.

Afdeling A van deel een van die vraestel bevat die opstel-onderwerpe en die onderwerpe vir briewe. Kandidate moes ongeveer 70 reëls oor een van die volgende onderwerpe skrywe: „(a) Die rol van die vliegtuig in 'n moderne oorlog. (b) „'n Druppel gal is in die soetste wyn." (c) Môre is nog 'n dag. (d) My dorp oor vyftig jaar - 'n fantasie. (e) Die rol van die vrou in die moderne samelewing. (f) Die dinge waarvan ek

binne die belangstellingsfeer van die leerlinge.

Die eksaminator rapporteer oor die opstelle dat verkeerde interpretasie van die onderwerpe dikwels voorgekom het. Ook kom gedwonge mooiskrywery, gebrek aan idioom en valse beeldspraak, bv. „klaterende koeltè" en „die son marsjeer oor die bergtoppe op maat van die koel môrewindjie" nog dikwels voor, dog oor die algemeen is goeie werk in netjiese skrif gelewer. 1)

Die kandidaat kon een van drie briewe kies, òf „(a) U het besluit om 'n uitgebreide staptoer te onderneem. Vra 'n vriend om u te vergesel. Stel hom die wel en wee van so 'n onderneming nugter voor," òf (b) 'n brief wat handel oor die verstrek van besonderhede en verduidelikings waarom 'n ontspanningsentrum broodnodig is, òf (c) 'n brief aan 'n openbare pers waarin teen veld en bergbrand te velde getrek word. Die inhoud van die brief moes 30 tot 35 reëls beslaan. Die maksimum punte is op 30 gestel.

Oor die antwoorde op hierdie vraag rapporteer die eksaminator dat die vorm van die brief goed was, maar dat die persbrief meer aandag van onderwysers verdien. Ook is inhoudseise dikwels nie nagekom nie en baie het oor die „wel" maar nie oor die „wee" geskryf nie, en die „uitgebreide" staptoer was òf 'n fietstoer òf 'n jolige oordaagse plaknick. 2)

Vraag 3 van afdeling B, deel (a) vereis verklarings van vyf idiomatiese uitdrukkings; (b) vorming van vyf afgeleide byvoeglike naamwoorde van selfstandige naamwoorde; (c) gebruik van woorde in sinne in die verlede tyd as onskeidbare werkwoorde; (d) invul van ontbrekende woorde, bv. „Iets wat baie vars is, is ----."

Vraag 4(a) is 'n stuk vir sinsontleding; (b) klassifisering van woorde onder woordsoorte; (c) gebruik van uitdrukkings en woorde in sinne; (d) invul van passende werkwoorde in sinne.

nooming van stylfigure in gegewe versreëls.

Vraag 6(a) vra 'n parafrase van 'n gedig van Leipoldt; (b) twee voorbeelde van alliterasie in die gedig; (c) 'n bespreking van die sonnet as digvorm met hierdie gegewe sonnet as voorbeeld.

In verband met die antwoorde op die grammatika-vrae spreek die eksaminator sy verbasing uit oor hoeveel kandidate nie die betekenis van die gewone idiome ken nie. Sinsontleding en formele grammatika moet meer aandag geniet, terwyl baie kandidate nie die goeie Afrikaans vir „resolusie", „satisfaksie", ens. ken nie. 1)

Die vrae oor taalverskynsels het nie die verwagte resultate gelewer nie. Die onderskeid tussen parafrase en 'n uittreksel moet aan kandidate verduidelik word. Die kennis van die sonnet was egter bevredigend, besluit die eksaminator. 2)

Vir die tweede deel van die vraestel tree W.J.B. Pienaar, M.A.,Ph.D., as eksaminator en H.Z. van der Merwe, B.A., en S.B. Hobson, M.A., as moderatore op. Daar is drie vrae oor elk van die ses voorgeskrewe boeke gestel en kandidate moes een vraag oor elk van die ses boeke beantwoord.

Oor Eugéne Marais se „Versamelde Gedigte" is die volgende vrae gestel:

„1. Gee die inhoud van Die Smid en Skoppensboer weer en verduidelik die kontras in lewensbeskouing in die twee gedigte." Dit is 'n soort vraag waarvan senior-kandidate hou, as natuurlik die twee gedigte deur die onderwysers deeglik behandel is.

„2. Gaan die wisseling van stemming en gevoel in Mabalel na en beoordeel die gedig as voorbeeld van die digsoort waartoe dit behoort." Selfs nadat die bundel gedigte deeglik met hulle behandel is, bly hierdie soort vraag nie 'n geliefkoosde een vir senior-kandidate nie.

„3. Teken die digter as persoon insover ons hom leer ken uit sy gedigte." 'n Baie populêre vraag by senior-kandidate mits

hoofsaaklik oor die inhoud van die boek. Die derde vraag, nl. vraag 6 lui: „Bespreek die boek De Kleine Johannes ten opsigte van vorm en inhoud. Skets kortliks die deel wat u die meeste geïnteresseer het." Die eksaminator kon hierdie vraag maar weggelaat het. 'n Senior-kandidaat is gewoonlik nie geneig om oor die vorm van 'n boek te skryf nie.

Oor „Vuurvlieg en Store" is twee vrae gestel wat deeglike kennis van die inhoud van die boek veronderstel. Die derde vraag, nl. vraag 9 lui: „Die trariek van die lewe word ons in hierdie verhale uitgebeeld. Bespreek met voorbeelde." Weer sou kandidate liewer tussen die eerste twee vrae kies as hierdie een omdat die vraag so wyd gestel is en dit verspreide konsentrasie verg in plaas van die aandag net op een verhaal gevestig te hou.

Vrae 10 en 12 oor „Die Hart van Moab" verg blote kennis van die inhoudsdeel van die werk, maar vraag 11 is weer daardie tipe waarderingsvraag waarvan die meeste kandidate nie hou nie: „Bespreek Malherbe se taal en styl na aanleiding van hierdie roman."

Oor „'n Esau" is twee vrae oor die karakters in die drama gestel terwyl vraag 13 lui: „Beskryf die indrukke en gevoelens wat hierdie drama by u as leser of toeskouer gelaat het." Die kandidaat is heel dikwels (ten onregte) bevrees dat sy indrukke en gevoelens nie met dié van die eksaminator sal ooreenstem nie en hy dus punte sal verloor. Senior kandidate twyfel dikwels of hulle idees, indrukke of gewaarwordinge heeltemal juis is, en gee dus liewer voorkeur aan inhoudsvrae as aan vrae waarin 'n persoonlike indruk weergegee moet word. Dit geld natuurlik nie vir opstelle nie - daar glo hulle dat hulle hul eie indrukke mag gee.

Die vrae oor „Uit het Leven van Edison" is eenvoudig genoeg en vereis slegs deeglike kennis van die inhoud van die werk.

Ten opsigte van die antwoorde op hierdie vrae skryf die

klagtes oor foutiewe taal, onleesbare, slordige handskrif, onnoukeurigheid, e.d.m., asook aan die ander kant die gewone lof vir dergliks voorbereiding, afgeronde uiteensetting, netheid, metode, oorspronklikheid van opvatting en stelling andermaal van toepassing. Veral onder die middelmatiges was netheid en saaklikheid uitsonderings. 1)

Verder kla die eksaminator oor die verkeerde spelling van eiename en ander woorde. Koppeltekens en samestellings, sê hy, is na willekeur aangewend of nagelaat. 2)

Oor die kwessie van aanhalings skryf die eksaminator dat kandidate moen om met lang sitate indruk te maak. Sitate is van nul en gener waarde tensy hulle werklik ter sake en daarby kort en saaklik is nie. Kandidate moet toon dat hul begryp en verteer het wat hul gelees het. Stellings soos die volgende was volop: „die stemming verander stadig van vrolik na 'n stadige natuurbeskrywing," i.p.v. „die stemming verander stadig van 'n vrolike na 'n sombere," of iets dergeliks. Vrae moes ook nie in verkorte vorm of puntsgewyse beantwoord word nie, maar wel in opstelvorm. 3)

Die eksaminator moen dat die algemene aspekte van die werk soos vorm, bou en styl meer aandag behoort te geniet. Oor Mabalel of De Kleine Johannes kon kandidate maar min sê in hierdie verband, en aangesien Mabalel so 'n uitstekende voorbeeld van die ballade in Afrikaans is, het hy verwag dat leerlinge van die gedig as ballade kennis sou dra. 4)

(iii) Besluit. Soos in die geval van Junior Sertifikaat word hier die toestand in verband met taalonderwys by Senior Sertifikaat teen 1940 kortliks weergegee:

Opstelle: Soos gewoonlik word goeie en swak opstelle deurmekaar aangetref. Teen 1929 kla die eksaminatore reeds oor die preektoon, die onbeholpe, hoogdrawende mooiskrywery in opstelle. In 1930 is oor die algemeen mooi opstelle gelewer, maar in 1932 verskyn die sedeprekery weer. In 1934 word weer goeie

kla die eksaminator dat hulle styl, oorspronklikheid, diepte, atmosfeer, stemming en die persoonlike stempel mis. Die opstelle van 1937 getuig weer van swak styl, gesogte interpretasie, bombasme en slordige indeling van stof, en in 1938 is weer beïnvloeding van skrywers' bespeurbaar. Hierdie opstelle is vol verwarde beeldspraak en bombasme. Daar word gekla oor die gebrek aan paragrafering, spelling en swak interpunksie sowel as die verkeerde gebruik van die opvolging van tye. Hierdie gebreke word beskou as 'n aanklag teen swak onderrig. Tog is die taalskoonheid in die opstelle opvallend.

In die opstelle van 1939 is beïnvloeding van Hettie Smit by die dogters bespeurbaar. Baie plagiaat is gepleeg terwyl van stoplappe dikwels gebruik gemaak is. Die eksaminator kla ook oor die onnatuurlike mooiskrywery. Hoewel in 1940 goeie opstel-onderwerpe gegee is, getuig die gelewerde opstelle van verkeerde interpretasie, gedwonge mooiskrywery, gebrek aan idioom en valse beeldspraak.

Briewe. Dit is interessant om op te merk hoe die kritiek elke jaar wissel. Die eksaminator beskou die briewe van 1923 as goed; in 1932 word reeds van onbenulligheide in briewe melding gemaak wat in 1934 deur opmerkings oor sodeprekery gevolg word. Die briewe in 1936 is swak as gevolg van afgesaagde inleidings, onegtheid en onoplettendheid by leerlinge. In 1940 meld die eksaminator dat die vorm van die brief goed is maar dat die persbrief meer aandag moet geniet. Ook is inhoudsleise nie nagekom nie te wyte aan onoplettendheid by leerlinge.

Parafrase en Précis. In 1923 kom reeds talryke voorbeelde van swak parafrase voor; ook in 1932 word oor parafrase gekla. In 1938 is opsommings besonder goed gedoen, dog leerlinge kan nog nie tussen parafrase en 'n uittreksel onderskei nie.

Stylleer. Reeds in 1923 is beoordelingsvrae oor die styl van boeke gestel sowel as vrae oor stylfigure. In 1928 moes die

nis van terme soos ritme, rym, ens. bestaan. In 1932 meld die eksaminator dat leerlinge wel die stylfigure ken maar hulle nie kan toepas nie. Die vrae oor styl in 1937 is goed beantwoord ,dog in 1938 was stylkennis swak.

Grammatika. In 1927 kla die eksaminator oor swak interpunksie, spelfoute en gebrekkige taalkennis, en in 1928 word aan die hand gedoen dat meer aandag aan formele grammatika gegee moet word. In 1929 word die aandag op meer sinsontleding en sintese gevestig. Ook het kandidate duidelike bewyse gelewer dat hulle nie by magte was om die was plus verlede deelwoord reg te gebruik nie. Op die gebreke in sinsbou word weer in 1930 gewys; meer sinsontleding sou die oplossing van die vraagstuk wees. In 1932 word weer op die veelvuldige gebruik van anglisismes sowel as swak spelling gewys. In 1934 is die taalwerk oor die algemeen swak en word weer op die noodsaaklikheid van die studie van formele grammatika gewys; tog is daar 'n verbetering in die moedertaal-onderwys aan te dui.

Die antwoorde van 1935 vertoon baie gebreke: anglisismes, die verkeerde gebruik van die tweede nie, die verkeerde gebruik van egter,verkeerde inversie, losskrywe van samestellings, swak sinsbou, verkeerde woordorde, verkeerde gebruik van voorsetsels en die verkeerde volgorde van tye by werkwoorde. Die komma vereis beslis aandag.

Baie van hierdie gebreke kom by herhaling in die antwoorde van 1936 voor: slordige sinsbou, deurmekaargooi van werkwoordtye, swak spelling en interpunksie.

Die taalkandidate van 1937 was swak afgerig. Die antwoorde was vol taalfoute. In 1938 kon die eksaminator meld dat sinsontleding besonder goed gedoen is. In 1939 vertoon kandidate 'n neiging om alles weer aanmekaar te skrywe. Spelling en leestekens is swak; ook is bewyse van swak woordorde en die verkeerde opvolging van tye gelewer.

Dit blyk in 1940 dat baie kandidate onbekend is met idi-

gelewer, dog in 1927 beweer die eksaminator dat kandidate geen benul van letterkunde het nie en van aantekeninge gebruik maak. Hy dring aan op kennis van die vorm van 'n boek en stel hoë eise in verband met die letterkunde. In 1929 word herhaal dat nie genoeg aandag aan die letterkundige sy van die werke gewy is nie. Oor poësie is in hierdie jaar swak antwoorde gelewer veral ten opsigte van waarderingsvrae. Die vrae oor Leipoldt se gedigte in 1930 is swak gedoen hoewel tekens van letterkundige smaak in sommige gevalle te bespeur was. Die vrae oor Totius se digbundel in 1932 is eweneens swak gedoen.

In 1935 maak die eksaminator van voorbereide vrae melding. Die rapport oor 1936 is weer gunstig, maar oor die antwoorde van 1937 skryf die eksaminator dat hy oor swak interpretasie moet klaag sowel as oor die feit dat baie kandidate resensies oor voorgeskrewe werke uit die hoof leer en dit probeer weergee by die eksamens. In 1938 sowel as in 1939 word geklaag oor die weergawes van gedikteerde aantekeninge.

Terwyl die eksaminator in sy verslag oor 1940 melding maak van doeglike voorbereiding, afgeronde uiteensetting, netheid, metode, oorspronklikheid van opvatting en stelling in sommige gevalle, is daar die gewone klagtes oor foutiewe taal, onleesbare, slordige handskrif, onnoukeurigheid, verkeerde spelling van eiename, terwyl koppeltekens en samestellings na willekeur gebruik word. Die vorm, bou en styl van voorgeskrewe werke moet ook meer aandag geniet.

Kan 'n groter mate van noukeurigheid en oorspronklikheid verkry word? Hoe kan van die gebruiklike foute in eksamenantwoorde ontslae geraak word? Hoe kan die onderwys van die moedertaal verbeter word? Hierdie en talryke ander vrae wag op antwoorde. In die volgende hoofstuk sal wenke aan die hand gedoen word hoe om hierdie vraagstukke te probeer oplos.

AFDELING B. KONSTRUKTIEWE DEEL.

HOOFSTUK VII.

SUGGESTIES VIR DIE SAMESTELLING VAN 'N IDEALE LEERPLAN EN 'N' LEERBOEK.

1. KRITERIA VIR DIE SAMESTELLING VAN 'N LEERPLAN EN 'N LEERBOEK.

(a) Kriteria vir die samestelling van 'n Leerplan.

(i) Kriteria vir die kies van doelstellings wat met 'n spesifieke vak beoog word. Dit is noodsaaklik dat by die samestelling van 'n leerplan spesifieke doeleindes beoog moet word, en die verskillende onderdele van die leerplan moet noodwendig uitvloeisels van die beoogde doelstellings wees. Hierdie doelstellings moet aan sekere gestelde eise of beginsels getoets word en beantwoord. Van die vernaamste beginsels wat aan die doelstellings ten grondslag lê, word die volgende net genoem sonder om hulle te bespreek omdat dit 'n bekende onderwerp is:

I. Kom die beoogde doel dikwels voor in huidige lewens-aktiwiteite wat binne die gebied van die leerstof val? 1)

II. Sal hierdie doelstellings dikwels in die toekomstige lewens-aktiwiteite voorkom waarvoor hierdie leerstof die leerlinge voldoende kan voorberei?

III. Besit die doelstellings 'n hoë graad van belangrikheid? (cruciality). 3)

IV. Sal die leerlinge in die verwesenliking van hierdie besondere doelstelling belang stel? 4)

V. Kan die doelstelling deur die leerlinge verwesenlik word? 5)

VI. Moet die skool die verantwoordelikheid vir die verwesenliking van hierdie doelstellings aanvaar? 6)

VII. Is die doelstellings meetbaar en is prestasie-standaarde vir die voorgestelde doelstellings beskikbaar? 7)

VIII. Kan die voorgestelde doelstelling die beste deur die studie van hierdie vak verwesenlik word? 8)

van die doelstellings wat met 'n spesifieke vak beoog word.

(ii) Kriteria vir die kies van die inhoud van die vak.

Begryplikerwys moet die inhoud van die vak met die beoogde doelstellings ooreenstem en daarby aanpas. Die inhoud moet aan die volgende kriteria getoets word:

I. Kan leerlinge op hierdie besondere peil van ontwikkeling hierdie feite, aktiwiteite, ens. bemeester? 1)

II. Kan die inhoud vir die leerlinge van belang gemaak word? 2)

III. Besit die onderhawige inhoud 'n hoë graad van bruikbaarheid in huidige sosiale aktiwiteite? 3)

IV. Sal die inhoud 'n hoë graad van bruikbaarheid in die toekomstige lewe van die kind hê? 4)

V. Sal hierdie aktiwiteite in verband met die leer-ervarings definitief tot die bereiking van die doelstellings bydra? 5)

VI. Sal die gekose inhoud voorbereidende waardes vir ander kursusse in latere en hoër onderwys hê? 6)

VII. Korreleer die gekose inhoud met leerstof wat in die laerskool aangebied is en met meer gevorderde leerstof wat vir leerlinge in hierdie of in ander leerstofgebiede later sal aangebied word? 7)

VIII. Bied die inhoud die breedte en moontlikhede van intensiewe opleiding wat noodsaaklik is vir die fundamentele en basiese loopbaanbehoeftes van die leerlinge? 8)

IX. Die ontwikkeling van die inhoud moet by die uitgestrekte periodes (vanaf kindertuin tot hoërskool) aanpas en moet van die konkrete na die abstrakte gaan. 9)

(iii) Metode. Aangesien metode so nou aan doelstellings en inhoud verwant is, moet dit ná die inhoud van die studiekursus geplaas word.

Om die waarde van die algemene onderwysprosedures te bepaal, het E.M. Draper die volgende kriteria saamgestel:

I. Leerling - aktiwiteit is basies - geen metode kan gedoog word wat passiewe, sponsagtige reaksies by die leerling be-

1) Draper, E.M.: Principles and Techniques of Curriculum making, p.253. 2) Ibid., p.256. Vgl. ook: Uhl, W.L.: Secondary

verder nie. 1)

II. Die leerlinge moet gemotiveer, geïnspireer en gedaag word. 2)

III. Die beginsels van die leerproses moet die stappe in die onderwysprosedure voorskryf. Die metode moet by die aanvaarde leerwette aanpas. 3)

IV. Die leerproses moet van die psigologiese na die logiese en van die konkrete na die abstrakte gaan. 4)

V. Die leerlinge moet geleenthede gegee word om die waarde van die resultate van die opvoedkundige program te bepaal.5)

VI. Die leerlinge moet geleenthede gegee word om die leerstof op een gebied met alle ander leerstof in verband te bring.6)

(b) Kriteria vir die samestelling van 'n Leerboek. Die uitkies van leerboeke is nou verwant aan die organisasie van die studiekursus. 'n Nuwe studiekursus maak die aanstelling van 'n komitee noodsaaklik. Hierdie komitee moet leerboeke ontleed en aanbevelings maak of gegewens wat van die studie van bepaalde leerboeke verkry is aan die leerplandirekteur of 'n ander administratiewe beampte rapporteer. In sommige gevalle ontvang 'n permanente leerboekkomitee die rapport van die spesiale komitee wat aangestel is om die probleem in 'n besondere leerstofgebied te bestudeer. Dit is die toestand in Amerika. 7)

Aangesien die uitkies van 'n leerboek 'n ontleding van baie boeke oor 'n uitgestrekte periode en die werklike toets van boeke in die klaskamer waarin die studiekursus gevolg word, insluit, is dit raadsaam vir die administrasie om 'n definitiewe skedule te hê wat vir alle komitees wat met hierdie werk belas is, beplan is. Die volgende stappe is essensieel sodat bepaalde en ordelike vooruitgang aan die kant van die komitee verseker kan word: 8)

1. Verskeie monsters van leerboeke vir die besondere klas moet van elke uitgewer verkry en vir die komitee beskikbaar gestel word.

2. 'n Stel kriteria moet vir die komitee beskikbaar gestel

1)Draper, E.M.: Principles and Techniques of Curriculum ma-

word of die komitee moet die kriteria vir die uitkies van leerboeke vir die klas saamstel. Die waarde wat aan 'n kriterium toegeken word, mag van klas tot klas verander. Ingeval die komitee voor die probleem van die bepaling van kriteria te staan kom, word die volgende punte om in 'n merkskema ingesluit te word, aan die hand gedoen:

(a) Publikasie: (i) Algemeen; (ii) Opleiding van skrywer; (iii) onderwyservaring van skrywer en (iv) skrywer se agtergrond.

(b) Inhoud: (i) Doel; (ii) proporsionele verspreiding van leerstof; (iii) illustrasies; (iv) proporsionele verspreiding van illustratiewe materiaal; (v) ruimte; (vi) geldigheid en betroubaarheid; (vi) styl of aard; (vii) organisasie en (viii) hulpmiddels by die gebruik van die boek. 1)

(c) Die meganiese sy: (i) Band en grootte; (ii) papier; (iii) tipografie en (iv) kwaliteit van illustrasies.

(d) Aanpasbaarheid. 2)

In hulle boek, „Principles of American Secondary Education," deur Roberts en Draper word die volgende suggestiewe omlyning aangebied: (pp.387 - 388)

(a) Deur wie is die boek geskrywe ? Die onderwyser sal moet bepaal hoe belangrik hierdie vraag is en dan die skrywer se opleiding en onderwyservaring op hierdie besondere gebied in verskillende skole bepaal. Dit stel die onderwyser in staat om die leerstof wat in die boek aangebied word, te vertolk. Twee sake sal hier besondere aandag geniet, nl. die filosofie van die skrywer en die skool van opvoedkundige denke waaraan hy behoort sowel as die eksperimentele werk wat hy uitgevoer het om die boek te kan skrywe. 3)

(b) Deur wie is die boek uitgegee? Baie uitgewers-maatskappye het reeds spesialiteite op hierdie gebied geword of het ten minste besondere bydraes gelewer in die uitgee van leerboeke op 'n bdsondere gebied. Manne van nasionale reputasie op 'n besondere gebied is as redakteurs verkry. Om hierdie

wesenliking van die doelstellings van die studiekursus moontlik? Die doelstellings van die skrywer mag getabuleer wees en die inhoud wat deur die boek gedek word, mag in die inhoudsopgawe opgesom wees. Die getal bladsye wat aan elke onderwerp gewy word, moet as basis vir vergelyking neergeskryf word. Die getal, verspreiding en wenslikheid van illustrasies mag gekontroleer word. Op soortgelyke wyse moet sorgvuldige aandag aan die wyse van organisasie, geldigheid en betroubaarheid van die ingeslote toetsmateriaal gewy en objektief gekontroleer word.

(d) Is die algemene organisasie van die boek van so 'n aard dat dit in die behoeftes van die leerlinge van 'n bepaalde ouderdom en standaard waarvoor die boek oorweeg word, sal voorsien? In hierdie verband moet die grootte van die druk, die kwaliteit en aantal aangebode illustrasies, die graad van die gekose papier, die duursaamheid van die bindwerk en die grootte van die boek sorgvuldig oorweeg word.

(e) Indien 'n bepaalde boek gekies word, sal dit by al die kinders van 'n bepaalde ouderdom en standaard kan aanpas of net vir die behoeftes van sekere peilvermoëns geskik wees? Hierdie probleem is vir die hoofonderwyser en die skoolbestuur van groot belang. Baie distrikte staan gedurig voor die finansiële probleem om 'n groot aantal aanvullende leesboeke te verkry om sodoende in die behoeftes van die leerlinge vir wie die leerboek gekies is, te voorsien.

3. Die waarde van alle leerboeke moet deur die komitee volgens hierdie kriteria bepaal word. Aan die verteenwoordigers van die verskillende maatskappye moet verlof toegestaan word om hulle saak in verband met die besonder goeie hoedanighede van hulle onderskeie boeke te stel.

4. Die waarde van die boeke moet dan bepaal word en die boeke in rangorde van verdienste geplaas word volgens die resultate wat deur die aanwending van hierdie kriteria verkry is. Gewoonlik sal daar twee of drie besonder verdienstelike boe-

boek of die toets van die beste leerboeke oor 'n sekere tydperk met die doel om 'n suiwerder waardebepaling van hulle in terme van werklike klasgebruik te verkry. 1)

Hoewel al hierdie beginsels in Suid-Afrika tans prakties onuitvoerbaar lyk, kan hulle tog as belangrike leidrade dien. Die meeste leerboeke skep die indruk dat van bepaalde kriteria weinig of geen gebruik gemaak is nie.

2. SUGGESTIES VIR 'N IDEALE LEERPLAN (STUDIEKURSUS).

(a) Wie maak die Leerplan? Die leerplan wat alle vakke van onderrig insluit, moet saamgestel word deur sielkundiges, sosioloë, filosowe, spesialiteite in die uitkies en organisasie van leerstof, klasonderwysers, deskundiges in die waardebepaling van die leerplan en die hoërskool-administrateur.2) Die studiekursus (leerplan vir 'n vak) word saamgestel uit die "combined wisdom of experts, administrators and classroom teachers." 3) Of in Suid-Afrika altyd van al hierdie deskundiges gebruik gemaak word by die samestelling van studiekursusse, is twyfelagtig. Gewoonlik word 'n tydelike leerplankommissie benoem waarin meestal inspekteurs van skole en onderwysers dien, en nadat hulle werk afgehandel is, word die konsepleerplan in die Onderwysgaset gepubliseer vir kritiek en aanbevelings waarna dit as aangeneem beskou word. Ons staan beslis ver agter by die Amerikaners wat hierdie saak betref.

(b) Suggesties vir 'n ideale studiekursus. Voordat samevattende suggesties aan die hand gedoen word, sal die verskillende onderdele van die kursus bespreek word om te kan vasstel waar die fout in ons taalstudie lê.

(i) Belangrikheid van moedertaalonderwys. Die Afrikaanse taal is vir die Afrikaner soos Engels vir die Engelsman is: "both an inheritance and a responsibility."4) En omdat dit 'n erfenis is, word die verantwoordelikheid teenoor die taal dikwels nie ernstig opgevat nie. Die houding te[illegible]

rig in die moedertaal in Suid-Afrika is in baie opsigte gelyksoortig aan dié in Engeland. Tot selfs vandag nog hoor ons Afrikaner-ouers sê: „My kind moet Engels leer, Afrikaans kom vanself." 1) Dié ouers is nie bewus van die onreg wat hulle hul kinders aandoen nie want „agterstand in die moedertaal is agterstand in die geestelike ontwikkeling self, agterstand in die ontwikkeling van sy geesvermoëns, sy siel."2) En ten opsigte van die kind is dit tog reeds bewys: „verwyder sy moedertaal en jy vermink die beste middel van sy geestelike bestaan." 3)

In Engeland daarenteen, het die mense nie met 'n tweede taal te kampe nie. Daar word die toestand aan die veronagsaming van moedertaalonderwys toegeskryf: „We teach them with great labour to babble of isotherms and isobars, and send them out of school unable to speak their own language. Their reading is no better than their writing," so skryf George Sampson. 4) As ervare onderwyser weet die skrywer waarvan hy praat. Hy weet ook waar die fout lê. „What they lack most of all is language, the means of all intellectual activity and humane development; and it is language about which we seem to care least." 5) Die skrywer maak verder melding van 'n Engelse hoofonderwyser wat gesê het dat Engelse kinders nie onderwys in Engels hoef te ontvang nie; hulle moet Grieks en Latyn leer „and then in some mysterious way, English will come." 6)

Die skrywer sê terog: „A sound educational system must be based upon the great means of human intercourse - human speech in spoken and written word." 7) Wat Engels betref, moet dit erken word dat: (1) dit van alle skool-aktiwiteite die belangrikste en die mees praktiese is omdat dit die hele lewe van die mensdom van die wieg tot aan die graf dek; (2) dit dié skoolvak is waarin geveg moet word nie terwille van kennis nie maar om voordele oor magtige invloede te be-

handel en algemene omgang is, die basis van kennis, die voorwaarde waarop vooruitgang berus; (4) dit vir die meerderheid die enigste taal is wat geleer word, en dus die enigste middel ~~is~~ vir, taalstudie en toegang tot letterkunde is, die enigste middel waardeur mense in kontak met beliggaamde gevoel, denke en menslike ervaring geplaas kan word. Daarom, sê die skrywer , is die vernaamste taak van die skool tweevoudig: (a)om Engels as 'n stuk gereedskap te behandel en (b) om Engels te behandel as 'n middel en toegang tot vermeerde lewe en skoonheid te verkry. 1) En is die een gemeenskaplike basis van 'n gemeenskaplike kultuur nie die gemeenskaplike taal nie? 2)

Net soos in die geval van Engels is Afrikaans in werklikheid geen vak nie: „it is a condition of existence rather than a subject of instruction.... it is part of the child's initiation into the life of man."3)

Sampson stel drie kriteria om te bepaal of 'n mens opgevoed is of nie: (1) „The person who cannot make a concise, correct, lucid and intelligible statement in speech is an uneducated person." 4) (2) „The person who cannot make a correct, concise, lucid and intelligible statement in writing is an uneducated person." 5) (3) „The person who cannot make practical use of books as sources of information is an uneducated person." 6) 'n Opgevoede mens moet dus korrek kan praat, lees en skryf.

Onderrig in Afrikaans is, net soos in die geval van Engels vir die Engelsman, vir alle Afrikaners 'n saak van lewensbelang „and one which must, by its very nature, take precedence of all other branches of learning." 7) Dit is vanselfsprekend dat geen opvoedkundige ontwikkeling moontlik is voordat 'n kind 'n sekere beheer oor sy moedertaal verkry het nie. 8) Maar dit kan ook aangevoer word dat aangesien die moedertaal inderdaad 'n noodsaaklike voorwaarde vir die opvoeding is, dit iets is wat vanselfsprekend aangeneem kan word soos die lug wat ons inasem of die land waarop ons leef. 9)

Die taal egter, kan op 'n natuurlike wyse slegs tot 'n sekere punt ontwikkel en daardie punt word gou bereik. Daarna word die moontlikheid van verstandelike ontwikkeling ernstig verminder vir diegene wat nie 'n sekere beheer oor hul moedertaal verkry het nie. Wat 'n mens nie duidelik kan konstateer nie, ken hy ook nie volkome nie, en omgekeerd: die onvermoë om sy gedagte in woorde om te sit, plaas sy gedagtes binne perke. Indrukke mag woorde vooruitloop, maar tensy uitdrukking hulle gryp en herskep, vervaag hulle spoedig of bly slegs vaag en onbepaald vir die gees wat hulle ontvang het en onmededeelbaar aan andere. 1)

(ii) <u>Doel en funksie van Moedertaalonderrig</u>. Die doel van taalonderwys op die middelbare skool is, volgens J.G.M. Moormann, om te verkry: „a. Zuiverheid van uitdrukking in woord en schrift; b. zuiverheid in opvatting van woord en schrift." 2) Hy verduidelik verder: „Een gesproken woord begrijpen, het geschreven woord, via het gesprokene te beleven, en daarna te begrijpen; via de taalbrug intreden in het geestesbouwwerk van den taalgever, dat is immers het doel van taalonderwijs." 3) Ook prof. J. Chris. Coetzee stel dit baie duidelik: „The emphasis in the acquisition of the first language falls in order on speaking, reading, and writing..." 4)

Alle opvoedkundiges is dit eens dat die taalonderwys die taalbeheersing ten doel het. Taalbeheersing is volgens M.J. Langeveld „het vermogen, zijn gedachten in taal om te zetten en de in taal uitgedrukte gedachten van anderen te begrijpen." 5) Die skrywer noem dan as 'n hooffunksie van taalonderwys „inleiden in de kultuur van het eigen volk en door deze ook tot die van de mensheid." 6)

J.G.M. Moormann toon dan baie duidelik aan dat „het gehele taalonderwijs is gericht op: de actieve beheersing der taal, dus op spreken en schrijven en het begrijpen der taal van anderen door lezen en luisteren. Spreken en schrijven

wil uitdruk-en, moet z'n taal ook mondeling beheersen." 1)

(iii) Die Inhoud van Moedertaalonderwys. Die inhoud van dié vak bestaan uit verskeie onderverdelings wat apart bespreek sal word. Hoewel die dele van mekaar geskei word, vorm hulle een onverbreekbare geheel, maar weens praktiese besware en terwille van die sistematiese behandeling word hulle hier geskei. Langeveld definieer die inhoud van moedertaalonderwys as volg: „Het moedertaalonderwijs heeft dus als primaire kultuurinhoud, waarin het de leerling behoort in te leiden: de taalkunst van zijn volk." 2) En dit omsluit die hele terrein van ons studie.

(a) Taalkunde (Grammatika). As die gebied van taal of grammatika betree word, voel 'n mens meteens dat jy nou op gevaarlike grond beweeg. Watter taalafdelings en hoe die taal onderrig moet word, is vrae wat taalonderwysers reeds jare besig hou en nog kon daar nie 'n vergelyk getref word nie. Sommige dring op formele grammatika aan;3) ander op informele. Gaandeweg wil dit voorkom of die stryd ten gunste van informele grammatika besleg sal word. Myns insiens is die groot beswaar in die weg van informele grammatika-studie die afwesigheid van 'n getoetste doeltreffende metode.

Daar bestaan baie besware teen die studie van die grammatika. Vir leerlinge is die studie daarvan oninteressant; dit het geen merkbare invloed op beide mondelinge en skriftelike stelwerk nie en dit versmoor alle belangstelling in die leerstof. Laasgenoemde argument is die vernaamste „for it reverses the sovereignty of sense over words. When words are severed from sense, even though the severance is partial and temporary, they lose the bulk of their appeal to the young, and sense itself shares in the general loss." 4)

Taalvermoë is nie slegs die vermoë om woorde en frases te memoriseer met die doel om in staat te wees om hulle min of meer meganies op ontvangs van 'n gegewe sleutelwoord te reproduseer nie. Dit is die vermoë om intelligente gebruik

van woorde te maak met die doel om ons gedagtes en gevoelens so helder as moontlik vir onsself te definieer en om hierdie gedagtes en gevoelens, indien nodig, so duidelik as moontlik vir andere uit te druk sodat ons ons ervarings aan hulle kan meedeel om sodoende hulle intellektuele verligting teweeg te bring of om hulle gedrag te beïnvloed. En omdat dit die geval is „no genuine enlargement of vocabulary can be secured except through an enlargement of the understanding, and equally no development of sensitivity in the use of language except through a general quickening, maturing, illuminating, and energizing of the mind in all its functions." 1)

Ook moet in gedagte gehou word dat 'n kennis van die grammatika in geen geval 'n kennis van die taal self veronderstel nie: die grammatika met sy reëls verskaf slegs die materiaal vir die verkryging van daardie kennis. 2)

In verband met die rol wat die grammatika in die ontwikkeling van taalbeheersing speel, sê Langeveld: „Is het doel van het onderwijs in de moedertaal dus tweeledig: taalbeheersing ontwikkelen en inleiden in de cultuur, dan is duidelik dit laatste gegrond op het eerste." 3) Die ontwikkeling van taalbeheersing staan dus op die voorgrond en daarna volg die inleiding tot die kultuur. Dit is dus duidelik dat kennis van en beheer oor die taal voorvereistes vir die waardering van skoonheid is want „alle taalschoonheid is alleen als schoonheid mogelijk op grond van de intelligente beheersing der taal." 4)

Om hierdie doel te kan bereik, duik die vraag onwillekeurig by ons op: Wat moet in grammatika op die middelbare skool onderwys word? J.G.M. Moormann verskaf ons die antwoord: „Alleen dát, wat ter bereiking van ons doel nodig is. En dat doel: gebruiken en verstaan der taal." 5)

Hoe moet dit onderwys word? Dit is 'n baie belangrike vraag want „defective language-teaching causes a disease at the root of the mind itself. It disorganizes the whole psy-

chic system of an individual, and of a nation." 1) Die metode van onderwys moet die belangstelling van die leerling as uitgangspunt neem want daar is „niets wat meer de frisse taaluiting vermoordt, als gebrek aan belangstelling." 2)

Op die meeste hoërskole word die studie van ons moedertaal vermoor omdat daar weinig belangstelling by die leerlinge gewek word. Die oorsaak hiervan is nie ver te soek nie: teksboekmetodes. Onderwysers vergeet te dikwels dat „een grammatika daarentegen kan alleen nut opleveren, wanneer ze gebruikt wordt als herhalingsmiddel." 3)

Dr. C.G.N. de Vooys beveel, myns insiens, die juiste metode aan, nl. dat in die taalles „kunnen de regels gezocht en gevonden worden uit de taal die de leerling in en om zich heeft. Zo wordt de spraakkunstles een „botaniseren" in de taal. Het levende materiaal, de taal van de klas en van de leraar is het uitgangspunt. En daarnaast de taal van het leesbook." 4) Die leerlinge let op hoe die taal van die onderwyser en van die leesboek van hulle taal verskil en „uit verwondering wordt kennis geboren." 5) As die spraakkunsbeskouing hom tot die waarnemingsterrein van die leerling beperk, is 'n grammatika-boek feitlik oorbodig. Die boek kan gebruik word vir vergelyking van die gevonde feite; dit kan nuwe of aanvullende voorbeelde verskaf, maar die grammatika is niks meer as 'n reeks paragrawe om van buite te leer nie. Dit is volstrek nie noodsaaklik om die hele taalboek deur te werk nie. 'n Mens bestudeer nie grammatika om die taal te leer gebruik nie. Uitgekose hoofstukke, uitvoerig behandel, lewer meer op as 'n oppervlakkige behandeling van die geheel. 6)

Dr. de Vooys formuleer sy stellings kortliks as volg: „Grammatika moet men uit de taal leren; niet de taal uit Grammatika. Oefening in het schrijven moet zijn: oefening in uiten. Taal moet niet van buiten worden aangebracht." 7) As grondbeginsel van hierdie stellings geld 'n aanhaling uit

herauszulocken und daran dann die Form zu bilden." 1)

George Sampson, 'n ervare onderwyser, wys daarop dat „the golden rule must be never to seek for difficulties. Deal only with the grammar of such English as the boys actually use in writing." 2) Ook die Engelse rapport van 1924 wys daarop dat die doel moet wees „studying English as a living language." 3) En P.B. Ballard vereenselwig hom hiermee as hy beweer dat „a language is better learnt through its use than through its grammar." 4)

Die onderwyser se werk sentreer in die ontleding en konstruksie van die sin in die moedertaal. (Vgl. Onderwysgaset, 10 Maart 1932.p.129) Sy beste hulpmiddels is te vind in veelvuldige voorbeelde geneem uit die werke van groot skrywers. Sy lesse in grammatika moet duidelik verband hou met sy opstelonderwys, te meer omdat in moderne Engels (en Afrikaans) die funksie van die woord grotendeels deur sy posisie in die sin bepaal word. 5)

Toetse is uitgevoer om te bepaal watter invloed die studie van formele grammatika op opstelle het. 'n Onderwyser se uitspraak lui dat „the compositions were incontestably better in the grammarless schools." 6) 'n Soortgelyke resultaat is in 'n ander skool behaal: „as the grammar got less, the composition got better." 7) Tereg sê die skrywer hierop: „What in the old days the teacher failed to achieve with grammar is now achieved without it." 8) Al hierdie proefnemings in verband met die invloed van grammatika op opstelle het bewys dat „in no case has it been found to be benefited by the study of formal grammar." 9)

Ons onderwys van grammatika is te veel op abstraksies gegrond. Trouens, „a child's natural proclivity of mind is towards things. He finds it hard to think about words, harder to think about thoughts, hardest of all to think about

1) de Vooys, C.G.N.: Over de beginselen en de praktijk van een nieuw Moedertaalonderwijs, p.18. 2)Sampson, George: English for the English,p.71. 3) H.M.S.O.: Some Suggestions for the teaching of English in Secondary Schools in England,p.4

relationships between thoughts, words and things." 1)

Dan is daar nog die vraagstuk van punktuasie waaroor so veel in die verslae van eksaminatore gekla word. 2) Iets sal gedoen moet word om hierdie probleem op te los, of hog ons miskien te veel waarde daaraan? Dr. C.G.N. de Vooys wys daarop dat in die laerskool nog te veel aan die redekundige interpunksie vasgeklem word. Hy gee die volgende aan die hand: "Eerst wanneer het oor geskerpt is voor de waarneming van accent en ritme, is de tijd gekomen om over interpunktie te spreken. Ook daarvan moet de leerling verstand krijgen, niet door een aantal regels machinaal toe te passen, maar door het begrip wat interpunktie eigenlik is, of ten minste moet zijn: een verduideliking van het ritme waarin de schrijver zijn zinnen gehoord heeft, en wil doen horen." 3)

Is daar 'n oplossing van die grammatika-vraagstuk? Dit is noodaaklik dat die studie van grammatika aantrekliker gemaak moet word; bowendien moet die kursus van oortollige ballas bevry word. Dit kan alleen gebeur as die studiekursus duideliker omskrvf word met vermelding van volle besonderhede van onderdele wat bestudeer moet word. Nuwere metodes van onderwys in die vak is dringend noodsaaklik. Ten gevolge van hierdie veranderings sal die taalboek noodwendig ook veranderings ondergaan.

Die aangegewe leerstukke moet dan in lewenssituasies behandel word of, waar dit praktiès onuitvoerbaar blyk, uit letterkundige leesboeke geneem word wat verband met die werklike lewe het en die spesiale doel kan dien. Veel meer sal egter bereik word as die leuse van Engelse en Nederlandse opvoedkundiges en taalonderwysers aangeneem en toegepas word, nl. dat elke onderwyser moet besef dat "every teacher is a teacher of English, because every teacher is a teacher in English,"4)en nieder die een vak, welk dan ook, in het Nederlands onderwijst, moet blijk geven, dat hij z'n Nederlands mondeling beheerst." 5) Aan hierdie belangrike saak

1) Ballard,P.B.: Teaching the Mother Tongue,p.33. 2) Onderwysgesot, 6 Maart 1928,p.240; Onderwysgesot 16 April 1936

word in Suid-Afrika uiters min gedoen: elke onderwyser streef maar net om sy leerlinge in sy bepaalde vak deeglik te onderrig sonder om op die taalgebruik ag te slaan. Die taalonderwyser moet alle onderwysers vra om taalfoute van leerlinge aan te teken en aan hom te besorg. 1) Dan sal die leerlinge besef dat hulle oral korrek moet skryf en praat. Belangstelling by die leerlinge moet gewek word; dus moet taalverskynsels na aanleiding van hul die vrae behandel word. Dit sal belangstelling wek maar sodra taalverskynsels uit 'n boek gedoen word, is dit met die belangstelling ook gedaan. 2)

Oor die vraagstuk van grammatika op skool en te los, gee P.B. Ballard aan die hand: „In the earlier stages we should not teach grammar at all, and in the later stages teach a broader form of grammar - a form more consonant with the root meaning of the word..... it means the science that lies behind the art of Literature and the practice of composition. The course of study does not lead up to parsing and analysis: it leads up to a critical examination of standard prose and standard poetry, and to the revision and correction of one's own writings." 3)

Die plek wat grammatika moet inneem, moet opgevat word „niet als school der eloquentie, leer der welsprekendheid const van rhetoriko, maar als grondslag van intelligente taalbeheersing, scholing van het denken, voorbereiding tot een aktief opnemen, een produktief verwerken van de schatten der kultuur. Alleen zo kan ons taalonderwijs mensen vormen, het kulturele leven helpen dragen en bevorderen." 4)

(b) <u>Mondelinge Werk</u>. Dit sou moeilik wees om die belangrikheid van mondelinge werk in die onderwys van die moedertaal te oorskat. As leerlinge hulle volle aandeel doen, is elke mondelinge les 'n les in opstelskrywe, of die onderhawige onderwerp nou die ontdek van die betekenis van 'n woord is of die vinnige versameling van voorbeelde van 'n besondere bysin, die

die sif en rangskik van die stof vir 'n opstel. Die ordelike gesprek in die klaskamer is 'n noodsaaklike toendeel beide van die leerlinge se privaat lees en van die gestelde skriftelike oefeninge in opstelle. Die gesprek moet betekenisvol wees anders sal die impuls wat voortvloei uit die verbintenis van die onderwyser met 'n groep in 'n intellektuele soektog verlore wees. 'n Besondere geleenthoid vir goeie mondelinge werk word dikwels veronagsaam, nl. om sommige leerlinge by die aanvang van die les die vernaamste punte van die vorige les kortliks te laat opsom; insgelyks om aan die end van die les van ander leerlinge 'n vlugtige hersiening van die vernaamste punte gedurende die les geleer te verkry. Aan die klas mag ook 'n eenvoudige gedagte gegee word en hulle word dan gevra om dit op meer as een manier te sê deur die woorde sowel as hulle orde en die soort van sin te verander. 'n Veralgemeende idee mag gegee en voorbeelde gevra word of die proses mag omgekeer word. Illustrasies en vergelykings bied 'n vrugbare veld; ook mag die presiese punt van ooreenstemming in 'n vergelyking of metafoor ondersoek word. Een van die baie voordele aan mondelinge werk verbonde is die hulp wat dit aan die praat en skrywe van eenvoudige taal met 'n eiendomlike suiwerheid van idioom verskaf. 1)

Dit is noodsaaklik dat baie aandag aan mondelinge werk gewy word. In Suid-Afrika heers dieselfde toestand as in Nederland: „Wij hebben, als de leerlingen op de M.S. (Middelbare skool) komen, het feit te aanvaarden, dat de doorsneeleerling zich mondeling slecht uitdrukt en er schriftelijk dan ook heel weinig van terechtbrengt. We hebben dus onze zorg te besteden: le aan spreken, 2e aan schrijven" 2) En kort hierop stel J.G.M. Moormann dan vas dat die uitspraak van die onderwyser as norm vir die uitspraak van die leerlinge moet geld. 3)

Maar wat is die houding van onderwysers teenoor mondo-

„teachers who may show great concern at inaccuracies where the written work is concerned, seem to accept a pitiably low standard of speech as a thing which must be taken for granted, and scarcely calls for comment." 1)

Die Engelse verslag van 1926 is dan ook daarvan oortuig dat mondelinge werk „is the foundation upon which proficiency in the writing of English must be based."... 2) Die aanbeveling wat in die verslag vervat is, is vir ons van besondere belang: „We urge strongly that oral examination in English should be resorted to more frequently as affording the best means of lessening the angle between the view of the examiner and that of the teacher, and as attaining a liveliness and certainty which is impossible in a purely written examination." 3) Die verslag verwys hier egter spesifiek na letterkunde en opstelle.

P.B. Ballard wys daarop dat die verhouding tussen mondelinge en skriftelike stelwerk oneweredig is - die skool doen die omgekeerde van wat in die lewe voorkom: "The most literary among us talks much more than he writes; the least literary does not write at all. And yet in our schools the amount of oral composition, especially with the older scholars, is inordinately small compared with the amount of written. It is by no means unlikely that by increasing the oral work and reducing the written we shall benefit even the written." 4) En, hoewel praat en skryf gedeeltelik onafhanklike funksies is, kan ons nie verbetering in die een aanbring sonder dat die ander ook daarby sal baat nie. 5)

Stof en vorm gaan saam; net so moet lees en reproduksie saamgaan want „they are the taking-in and the giving-out, the impression and expression, which constitute the rhythm by which knowledge is assimilated." 6) Voorts sê die skrywer dat 'n gevoel vir die skoonheid van spraak as 'n serie hoorbare klanke vinnig aan verdwyn is en daarmee saam verdwyn ook 'n liefde vir die melodie en ritme van goeie prosa. Die

has ceased to be a suggester of the living voice: it has become a substitute for the living voice." 1)

Goeie prosa, sê Ballard, het 'n definatiewe vorm - 'n vorm te danke aan die opsetlike uitkies en plasing van woor'de - 'n vorm wat homself hoofsaaklik in ritme en melodie openbaar; en ritme en melodie is strelend nie vir die oog nie maar vir die oor. As 'n mens dus 'n mooi stuk prosa bloot deur die oog lees, sal hy juis daardie kwaliteite ontbeer wat dit 'n mooi stuk prosa maak. En as hy poësie deur die oog lees, sal hy 'n paar feite wen en al die poësie verloor. 2)

Die eerste beginsel om in spraakopleiding toe te pas, is nòg eenvoud nòg formele korrektheid, hoewel hierdie dinge belangrik is, maar „clarity, a respect for which should be an outstanding feature of all language work of senior school pupils." 3) Tweedens moet seuns en dogters geleer word om die beginsel van juistheid („precision") in die gebruik van hulle eie taal te respekteer. 4) Derdens moet elke kind leer om doeglik tussen sinonieme uitdrukkings uit te kies wanneer hy die een nodig het wat die geskikste sal wees vir die sosiale situasie waarin hy hom mag bevind. 5)

Sukses in die verkryging van goeie skriftelike uitdrukking sal natuurlik afhang van sukses wat reeds behaal is in die verkryging van goeie mondelinge uitdrukking, hoewel die daaropvolgende ontwikkeling van elk onafhanklik van mekaar mag geskied. 6)

Dit is noodsaaklik dat spraakopleiding vanaf die begin onderneem en dwarsdeur die skooltydperk voorgesit moet word. 7) Dit is miskien onnodig om te sê dat die onderwyser in spraakopleiding wat onopgeleid in fonetiek is, net so nutteloos is as 'n dokter onopgeleid in anatomie. 8) Die beste onderwys is dié wat vriendskaplike samewerking tussen onderwyser en leerling beteken, en 'n vriendskaplike gesprek is 'n wyse van vriendskaplike samewerking. 9)

1) Ballard, P.B.: Teaching and Testing English, p.120

Dat mondelinge oefening noodsaaklik is, behoef geen betoog nie; trouens, korrekte en duidelike spraak is nie slegs 'n versiering van die lewe nie; "it is one of the first and last necessities of corporate existence." 1) Daar is nie nog so 'n praktiese vak in die hele skoolleerplan nie, maar daar is ook nie nog 'n vak wat so verwaarloos word nie. 2) Ons skoolstelsel maak dit moontlik dat daar veels te veel alleenspraak in die onderwyser se werk en veels te veel passiewe luisterwerk in die kind s'n voorkom. Meer oefeninge in gemeenskaplike luisterwerk sal goed vir albei wees. 3)

Dit word aanbevool dat in elke skool 'n skema vir die leer deur die leerlinge van vers en prosa moet bestaan. Die hoeveelheid kan min wees maar die kwaliteit moet onberispelik wees. Leerlinge moet ook toegelaat word om die keuses te maak. Dit moet die doel van elke skool wees om elke leerling te leer om hardop, hoorbaar, duidelik en intelligent te lees. 4) Die dramatiseer van tonele sal ook bydra tot die verbetering van uitspraak. 5)

P.B. Ballard sê dat die funksie van mondelinge stelwerk die opleiding van openbare sprekers en openbare debatvoerders is. 6) Maar mondelinge stelwerk moet altyd voorberei word want dit is in die voorbereiding waar die kulturele waarde lê. Die openbare uiting is nie die groeipêroses nie maar eerder die uiteindelike blom en beloning. 7)

Vir die beginners gee hy 'n paar wenke aan die hand: Stel jou vertroue in idees, nie in woorde nie. Die belangrikste ding is om iets te hê om te sê wat die moeite werd is om gesê te word. As jy jou toespraak uitskryf, moenie probeer om die woorde te leer nie. Die enigste twee sinne wat jy werklik moet onthou, is die eerste en die laaste: die eerste stel jou in staat om met selfvertroue te begin en die laaste gee jou die gevoel dat jy kan, as jy wil, alles netjies afrond. 8)

in die openbaar ten toon gestel en swakhede privaat behandel moet word. Daarom is dit altyd beter om slegs die beste leerlinge toe te laat om voor die klas op te tree. 1) Die uitskakeling van foute is 'n private saak en die onderwyser moet dit streng vermy om leerlinge in hul openbare toespraak in die rede te val om sodoende 'n fout te herstel. 2) Die verbetering van foute moet uitgestel word tot na die toespraak gelewer is en moet in so 'n vriendelike gees gedoen word met 'n deeglike vermenging met lof vir die goeie hoedanighede van die toespraak, dat alle moontlike kwetsings uit die kritiek verwyder is want „nothing is to be gained by robbing a pupil of his amour propre." 3)

Skole kla oor gebrek aan tyd en daarom word mondelinge werk nagelaat. Baie van die tyd wat onnodig en maklike werk verspil word, soos die leès van eenvoudige stukke, kan aan mondelinge werk gewy word. Ook moet lesse aaneengeskakel word. As die mondelinge werk beplan is nie as iets apart nie maar as voorbereiding vir sekere skriftelike oefeninge, kan tyd deur die leerling in skryfwerk en deur die onderwyser in korreksiewerk gespaar word aangesien die doel en die gebied van die skriftelike werk dan skerp afgebaken word en baie van die growwe foute, bv. in spelling, vermy kan word.4)

Die suggesties sluit as volg af: „Oral lessons have a high value. Practice alone gives clear-headedness when making even simple sentences while standing on one's feet; some boys excel in speech who at first are backward in writing; the art of rational conversation needs to be cultivated for its own sake and as leading to orderly discourse."5)

Watter plek neem mondelinge werk op ons skole in? Die ervaring leer die bewys dat aan hierdie onderdeel van die taalonderwys 'n minimum hoeveelheid tyd bestee word. Die rede lê byderhand: die punte vir mondelinge werk tel nie by eksamens nie. Teen September of Oktober elke jaar lê die

Enkele leerlinge word gevra om 'n stukkie geleerde poësie of prosa voor te dra; andere lees hardop en andere steek 'n kort toesprakie oor 'n voorbereide onderwerp af of vertel die inhoud van 'n boek wat gelees is. Gewoonlik bly die punte onveranderd en druip niemand in mondelinge werk nie. As 'n leerling minder as 30 persent behaal, druip hy in die vak en gevolglik die hele eksamen. Leerlinge wat Afrikaans B neem, moet egter hulle beste lewer want die behaalde punte word by die punte by die eind-eksamen behaal bygetel.

Die gevolg van hierdie toestand van sake is dat leerlinge geen belangstelling in mondelinge werk toon nie omdat daar geen motivering bestaan nie: mondelinge werk is van geen waarde by die finale eksamen nie. En aangesien die leerplan so oorlaai is, gee die hoërskoolleerling slegs aandag aan wat vir hom punte by die finale eksamen gaan besorg. Mondelinge werk is en bly dus die stiefkind op die hoërskool.

Maar mondelinge werk kan tog tot groot hulp wees by ander afdelings van die vak. Onderwysers bewoer dit neem te veel tyd in beslag. Selfs by die bespreking van opstel-onderwerpe word selde van mondelinge werk gebruik gemaak. Onderwysers besef nie hoeveel belangstelling by die leerlinge deur die veronagsaming van hierdie belangrike hulpmiddel ingeboet word nie.

Ons hoërskoolleerlinge besit geen vrymoedigheid om in die openbaar te praat nie. By debatsverenigings is alle monde gesnoer. Oorsake: (1) Gebrek aan vrymoedigheid om voor andere te praat; (2) gebrek aan oefening om voor andere te praat en (3) gebrek aan ideee ten gevolge van onbruik op skool. 'n Mens twyfel of uit ons hoërskole wel sprekers kan voortkom, en as dit wel gebeur, is dit dikwels die hoërskool ten spyt.

Wenke ter verbetering van hierdie toestand van sake lê voor die hand: (1) Mondelinge werk wat voordrag van prosa en

(3) luisterskole moet deur ko-operatiewe skole vervang word sodat leerlinge geleenthede kan kry om hulself uit te druk en saam te werk; (4) minstens een-derde van die totale aantal punte vir die vak by die finale eksamen moet aan mondelinge werk toegeken word en (5) strenger kontrole oor mondelinge eksamens moet uitgeoefen word wat natuurlik 'n behoorlike merkskaal vereis.

(c) Skriftelike stelwerk.

(i) Opstelle. Skriftelike stelwerk sluit o.m. die volgende in: die opstel, die brief, parafrase en précis. Oor opstelle is reeds soveel geskryf dat dit moeilik val om die hele gebied te oorsien. Teenoor opstelskrywe staan George Sampson reeds skeptics: "we dimly recognise that there is a serious mistake somewhere - that we are laboriously exercising the pupils in a difficult, artificial gesture, that can never form part of their normal, natural life." 1)

Dit moet erken word dat 'n onderwyser dit baie moeilik vind om aan 'n klas die praktiese bruikbaarheid van opstelle in die alledaagse lewe duidelik te maak. En tog is daar geen onderdeel van die vak waar 'n kandidaat se beheer oor die taal duideliker kan blyk as in die opstel nie. Kennis van grammatika is nog geen afdoende bewys van die graad van taalbeheer nie. Eers wanneer 'n leerling die taal as uitdrukkingsmiddel aanwend, kan sy peil van taalbeheer tot 'n mate getoets word, en om dit te kan doen, is die opstel die aangewese toetsmiddel. Tereg sê P.B. Ballard in hierdie verband: "The essay provides us with an organon of education which is absolutely indispensable. Examinations or no examinations, the speaking and writing of the mother tongue mould the pupil's mind and cultivate his powers of creation and of discrimination better than any other educational instrument we possess." 2) En hierop vervolg hy: "There is need for a cru-

met die skrywe van opstelle baie duidelik: „It is the measure of all that has been truly learnt, and of the habits of mind which have been formed. In fact, the capacity for self-expression is essentially the measure of the success or failure of a school, at any rate on the intellectual side." 1)

Ons stem almal saam met dr. C.G.N. de Vooys dat „duffe taalboekjes, vervelende spelling-dressuur en saaie opstellen zijn niet biezonder geschikt om liefde voor de moedertaal te kweken." 2) Maar ons meen tog dat hierdie „saaie opstellen" wel verander kan word in stukkies lewende letterkunde mits die metode van onderrig die juiste is.

Die doel wat met die skrywe van opstelle beoog word, is in die woorde van James F. Hosic: „to give children and young people better command of the vernacular for their present social needs. No one will deny that the most pressing and far-reaching need is that of clear, pleasant, correct and effective speech", en „the foundation of good writing is good speaking." 3)

Voordat ons nagaan watter soorte onderwerpe vir opstelskrywe geskik is en die prosedures wat gevolg moet word om die maksimum resultate te verseker, is dit wenslik om kortliks die vernaamste eienskappe van hoërskoolseuns en -dogters hier op te som, want dit is vanselfsprekend dat die aard van die onderwerpe by die leerling se leeftyd, belangstelling en eienskappe moet aanpas:

1. Selfbewustheid as gevolg van liggaamlike veranderings.
2. Rusteloosheid en 'n drang na verandering.
3. Intensifikasie van hul sensoriese vermoëns.
4. Gestadige groei van hul analitiese vermoëns.
5. Natuurlike nuuskierigheid en waaghalsigheid.
6. 'n Hoë dunk van idealisme en verafgoding van die heroïese.
7. Hulle passie om dinge te doen en om dinge saam te doen.
8. Die drang na sosiale goedkeuring binne hul eie groep.

10. Hulle liefde vir vryheid en om hul sake self te reël.1)

Volgens hierdie besondere eienskappe kan vanselfsprekend aangeneem word dat die leerling „zijn onderwerpen zoekt in eigen sfeer: alleen wat we goed kennen, kunnen we goed zeggen." 2) Dr. de Vooys pleit vir 'n vrye keuse van onderwerp vir 'n opstel, maar dan moet die leerling ook vertroue in sy onderwyser hê want dan sal hy die intiemste opstelle kry wat gewoonlik die beste is. 3)

P.B. Ballard vat die hele saak kort en bondig saam. Voordat 'n kind kan skryf, sê hy, moet hy iets hê om te sê; en voordat hy goed kan skryf, moet hy iets hê om te sê wat belangrik en betekenisvol is - iets waarin hyself belangstel, wat sy gedagtewêreld vasgryp en sy pols vinniger laat klop, of iets wat hy voel dat dit belangrik vir die wêreld in die algemeen is. Die idees wat hy moet uitdruk, moet dié wees wat hy reeds besit of wat hy behoort te hê en maklik in die hande kan kry. Hierdie idees moet òf persoonlik òf universeel van belang wees. 4)

Toetse wat op 400 kinders uitgevoer is om te bepaal watter soort onstelonderwerp die beste resultate lewer, het die volgende feite aan die lig gebring:

	% bokant bevredigend.	Bevredigend	Onderkant bevredigend.
„Day at Seaside" (190 kinders)	17.4	63.2	19.5
„Birthday Party" (131 kinders)	9.2	72.5	18.3
„Winter Games" (79 kinders).	2.6	49.4	48.1 5)

Dit is metgeens duidelik dat die persoonlike element 'n belangrike rol in opstelle speel.

Die volgende tipes word deur onderwysers as suksesvolle onderwerpe aangegee:

1) Webster and Smith: Teaching English in the Junior High School,pp.299 - 311. 2) de Vooys, C.G.N.: Over de beginselen en de praktijk van een nieuw Moedertaalonderwijs,p.52. 3)Ibid., p.34. Vgl. Afd. A Hoofstuk VI p. 305 oor opstelle van 1936. 4)Ballard,P.B.: Teaching and Testing English,p.64. 5) Boyd, William: Measuring Devices in Composition, Spelling and Arith-

1. Persoonlike ervarings. 63%
2. Verbeeldingsonderwerpe. 26%
3. Hoe om dinge te doen of te maak. 9%
4. Skooluitstappies en gemeenskapsondernemings 2%
5. Huidige gebeurtenisse of gemeenskapsprobleme. 0% 1)

'n Mens is benuut om te weet hoeveel leerlinge oor onderwerpe soos „Die Naturellevraagstuk" of „Gronderosie" by ons finale eksamens skrywe.

Maar die belangrikste saak waarom die probleem van opstelonderwys gaan, is seker die onderwysmetode. Hier moet in gedagte gehou word dat die sin sy eenheid en samehang aan die gedagte wat daaragter lê, verskuldig is. Die denke is die siel en stof van die sin, die rede vir sy bestaan en die motief vir sy uiting. 2) Vir die leerling moet dus gedagtes, idees en woorde deur middel van lees gegee word. 3) Lees is die beste hulpmiddel wat die onderwyser vir sy opstelonderwys tot sy beskikking het. 4)

Ballard behandel vervolgens die Hartogmetode van opstelonderwys. Die eerste beginsel wat aan hierdie metode ten grondslag lê, is dat nooit van 'n leerling verdis moet word om 'n opstel te skrywe sonder dat hy duidelik in sy gedagte die gehoor het vir wie die opstel bedoel is, en die doel wat hy met die skryf daarvan beoog nie. 5)

Die onvoldoende motivering word duidelik geopenbaar in die opstelle soos op ons skole beoefen. Die leerlinge word gevra om opstelle te skryf wat nie briewe is wat aan vriende gerig is nie; ook nie stukke wat bedoel is om voor die klas gelees te word nie; nie artikels vir die skoolblad nie; nie memoranda vir die inligting of vermaak van die onderwyser nie; selfs nie geskrifte vir enige spesifieke doel of aan enige spesifieke persoon gerig nie. Hulle is slegs opstelle as sodanig ongeveer sowel geïnspireerd en as die opmerkings van 'n man wat oor die telefoon praat met niemand aan die ander kant om na hom te luister nie. 6)

Voorts sê Ballard dat die dinge wat ons gedagtes beslo

hou ook die dinge moet wees waaraan ons uiting gee, want dié dinge is vir ons die dinamiese onderwerpe, die onderwerpe wat na uitdrukking streef, die onderwerpe wat maar net die stimulus van 'n simpatieke ontvanger nodig het om hul vrylik uit die pen te laat vloei. 1)

Die tweede beginsel is die plan. Hiermee word bedoel 'n kort opsomming of geraamte van die opstel wat notjies op papier geplaas word voordat werklik met die skryf van die opstel 'n aanvang gemaak word. 2)

Die derde beginsel lui dat die leerling self die finale beoordelaar van sy die opstel moet wees. Hierdeur word twee belangrike vermoëns terselfdertyd gestimuleer, nl. die skeppende en die kritiese vermoë. 3)

Die Engelse verslag van 1926 beklemtoon ook die stimulus van 'n werklike doel en bewoor dat om vir 'n skoolblad te skryf 'n gunstige reaksie sal uitlok. 4) Ballard is dit hiermee eens as hy bewoor dat leerlinge moet voel dat „every vital piece of writing is a deliberate attempt to influence some other human mind." 5) Ook Leest voeg hom hierby en wys o.a. daarop dat opstelonderwerpe soos „Die Radio", „Verkoopsprobleme" ons. „lokken de candidaat op een terrein waarop zij zich nog niet kunnen bewegen, dat der theoretiese beschouwing en der logiese expositie...." 6) En A.F. Watts sê dat die leerlinge „cannot easily imagine themselves as entirely outside the events which they describe; they must identify themselves with at least one of the persons of whom they speak and write....." 7)

Die waarde van ons onderwysmetodes met betrekking tot opstelonderwys moet aan die volgende kriteria getoets word soos deur M.H. Willing saamgestel:

1. Hulle ooreenstemming met die doeleindes wat met die skryf van opstelle beoog word.

1) Ballard, P.B.: Teaching and Testing English,pp.83-84. 2) Ibid.,p.85 3) Ibid.,pp.87-88. 4) H.M.S.O.: The Teaching of English in England,p.76. 5) Ballard,P.B.: Teaching the

2. Hulle waarde vir die ontwikkeling van elementele sowel as algemene verdienstes.

3. Hulle harmonie met die psigologiese leerwette.

4. Die voorsiening wat hulle maak vir individuele verskille.

5. Hulle praktiese uitvoerbaarheid met die oog op administratiewe sake.

6. Hulle praktiese uitvoerbaarheid met die oog op die voorbereidingswerk van onderwysers. 1)

Die onderwyser vir die onderrig in opstelskrywe moet 'n paar sake in die oog hou, die belangrikste waarvan seker is om egtheid van weergawe van sy leerlinge te eis, maar „if we are to ask for sincerity in our pupils, we must first be sure that we really appreciate it ourselves." 2) Ballard beskou hierdie saak van groot belang want „sincerity in writing outweighs a multitude of defects." 3) En aangesien so dikwels in die verslae van eksaminatore melding gemaak word van die onware en valse gevoel wat in die opstelle van leerlinge openbaar word, wil ek nogeens vir Ballard aan die woord laat waar hy die belangrikheid van egtheid in skrif beklemtoon: „The more sincere a writer is, the more prone is he to let his thoughts and feelings mould his utterance; and the more he lets his thoughts and feelings mould his utterance, the more truly is the style the man himself. Sincerity is therefore one of the essentials of a good style.,..." 4)

Daarbenewens moet die onderwyser onthou dat ons leerlinge kan leer om duidelik te skrywe, maar ons kan hulle nie leer om estetiese skoon te skryf nie hoewel ons hulle van skoonheid bewus kan maak. 5)

Die suggesties in die Engelse verslae van 1934 vervat, is dikwels baie waardevol. Daar word aanbevoel dat eers die skrywe van paragrawe beoefen moet word voordat met die skryf van opstelle 'n aanvang gemaak word. 6) In hierdie opsig

1) National Society: The Twenty-second Yearbook,Part I p. 165. 2) Sampson, George: English for the English,p.69. 3) Ballard,P.B.: Teaching and Testing English,p.28. 4)Bal-

word die wenk deur J. Leest ondersteun wat die brief-opstel as geskik tot standerd VIII aan die hand gee. 1)

In die genoemde verslag word daarop gewys dat te veel klem op skrif, spelling en punktuasie gelê word; belangriker as die „essentials of substance, thought and arrangement. Above all, the pupils must learn to write lucidly." 2)

A.F. Watts waarsku die onderwysers dat goeie opstelle nie verkry sal word deur leerlinge op 'n afgemerkte pad te forseer nie. Frisheid en vlotheid in wat geskryf word wat lesenswaardig is, moet eerste kom. Aan inhoud moet eers aandag geskenk word en aan tegniek later. 3) Te veel nadruk op tegniek sal gewoonlik 'n soort opstel voortbring wat korrek maar lewenloos is, 'n opstel vol inligting maar van so 'n aard dat niemand dit juis graag sal wil lees nie. 4)

Met betrekking tot die baie fouts wat so dikwels in opstelle voorkom, dui M.E. Willing myns insiens die juiste oorsake aan: „My main contention is merely that this drill in the separate elements of composition for high-school pupils is at present too intermittent, too unsystematic, too incidental, too feeble, and too little guided either by careful analysis of the desired product in composition or by a diagnosis of the particular deficiencies of different types of pupils - or of different individuals themselves." 5)

Leerlinge is trots op hulle prestasies, selfs in opstelle. Om te leer om te kan skrywe, trouens, dat om opstelle te skrywe nie 'n las is nie maar 'n baie vermaaklike aktiwiteit, is een van die aangenaamste ondervindings wat leerlinge op skool kan belewe. „And scores of them might have it if teachers would give up testing the family's ability in composition and lead the boys and girls to discover the possibilities in their own experiences and in their own powers of presenting such experiences to others." 6)

1) Leest,J.: Het Voortgezet Onderwijs in de Moedertaal,p.82
2) H.M.S.O.: Some Suggestions.....p.23. 3) Watts, A.F.: The Language and Mental Development of Children,p.122. 4) Ibid.

Maar daar res nog die groot korreksieprobleem. Alle taalonderwysers is dit eens dat hierdie deel van die werk die tydrowendste en vermoeiendste is, hoewel dr. de Vooys beweer: „Het nazien van een met ijver en liefde geschreven opstel kan een waar genoegen zijn." 1) Die groot saak is egter, dat die onderwyser rêg moet lei. Desnieteenstaande bly die korreksieprobleem 'n netelige saak. M.J. Langeveld beweer: „Voorzover de korrektie mechaniseerbaar is, kan men ook zelf-korrektief materiaal ontwerpen. Voorzover korrektie de persoon van de leraar eist, kan zij niet vervangen worden,..... omdat daardoor de leraar de kijk op en het persoonlik kontakt met zijn leerlingen loslaat, altans vermindert." 2)

Dit moet erken word dat „one of the most persistent causes of error in the marking of compositions is the personal equation of the master." 3) Die „absence of explicit standards" veroorsaak „variability in marking." 4) Baie metodes is reeds getoets, maar die Amerikaanse Standaardskaal lyk my die beste. 'n Reeks opstelle vanaf swak tot eksellent en waarvan die waardes vasgestel is, word as norme aangeneem. Die geskrewe opstelle word dan met die standaard-opstelle vergelyk en sodoende word 'n betroubare suiwer syfer verkry. Hierdie metode van waardebepaling bring groter eenvormigheid van standaard teweeg. In die begin is die stelsel tydrowend maar mettertyd word die onderwyser ingeoefen.

Dit word aan die hand gedoen dat leerlinge geleer moet word om hulle klasmaats se opstelle te merk. Slegs besondere en baie voorkomende taalfoute moet gesamentlik met die klas behandel word, want die grondtoon van opstelle verbeter moet waardering en aanmoediging wees. 5) Soms moet die onderwyser self van die opstelle nasien maar dié las kan baie verminder word deur slegs twee of drie opstelle per kwartaal te laat skrywe. Die beste opstelle moet met goedkeuring van die betrokke skrywer vir die klas voorgelees word.

Om die hoë doelstelling van opstelskrywe te verwesenlik, vereis takt, insig en inisiatief van die onderwyser. A.F. Watts som die goeie hoedanighede van die onderwyser wat opstelle verbeter soos volg op: "On the whole the teacher had best confine himself to discreet praise, popularizing the kind of writing he values when he finds it in the work of his pupils, and to practising the arts of criticism and correction which, properly understood, will not be destructive or negative in their effects and restricted to blue-pencilling (or red-inking) errors in spelling, punctuation, capitalization, and grammatical concord, but will manifest themselves in stimulating encouragement and guidance, informed by sympathy and directed with insight and skill." 1)

Taalonderwysers ly weens die gebrek aan voldoende inligting in verband met opstelonderwys. Lê die fout by ons Kaapse universiteite? Ek is geneig om dit aan te neem. Hoeveel Kaapse onderwysers is met merkskale bekend? Hoeveel is met nuwere metodes van opstelonderwys bekend?

'n Tweede gebrek vind ek by die Kaapse Departement van Onderwys wat nog nie gestandaardiseerde skale vir die puntetoekenning van opstelle kon voorsien nie. Die Departement is deeglik bewus van die warboel wat ontstaan deurdat die punte wat onderwysers aan opstelle toeken slegs tentatief is. Groter eenvormigheid kan verkry word indien skole van geskikte merkskale voorsien word.

Ten slotte verwys ek na die doeglike werkie van H.C. du Toit, nl. "Opstelonderwys." Dit is 'n bekentenis van 'n ervare onderwyser wat jarelank doelloos en metodeloos opstelonderrig gegee het en tot nuwere insigte gekom het. Hy bewys dat opstelwerk taalbeheer bevorder. Hy vind dan ook (i) dat op skool minder tyd aan opstelskrywe en veel meer aan oefenwerk vir opstelle bestee moet word, (ii) dat die kind se denke gevoed en verrykkal moet word, en (iii) dat die

(ii) Briewe. Die taalonderwyser kom soms voor die vraag te staan of ons nie in ons onderwys verkeerd te werk gaan nie. Lê ons nie soms te veel klem op die minder noodsaaklike ten koste van die noodsaaklikste nie? 'n Geval wat voor die hand lê, is dié van die skryf van briewe. Dit moet erken word dat 'n minimum tyd aan hierdie hoogs belangrike saak gewy word terwyl die skryf van opstelle die maksimum tyd in beslag neem. Dit is 'n wanverhouding waaroor J. Leest hom tereg as volg uitlaat: „Het is meer dan tijd dat aan deze wanverhouding een eind wordt gemaakt en dat de brief in de onderscheiden vormen, waarin het leven hem verlangt, een behoorlike, bredo plaats in het stelonderwijs gaat innemen." 1)

Die brief is myns insiens 'n beter middel as die opstel om styl te ontwikkel; daarby is dit dié vorm van stelwerk wat naas behoorlik praat die meeste in die praktiese lewe beoefen word. Sakemanne is gereegverdig in hul klagtes dat leerlinge wat na standerd X die skool verlaat en in diens gaan nie behoorlike briewe kan skrywe nie. Daardie verwyt kom die hoërskool too omdat so weinig aandag aan hierdie saak geskenk word.

Om briewe te skrywe, is heel dikwels van die moeilikste take wat 'n persoon moet uitvoer tensy hy goed geoefend in sosiale omgang is. Die briefskrywer, sê A.P. Watts,[2] moet onder andere leer hoe om 'n guns te vra sonder om dit te eis, hoe om iemand aangenaam te stem sonder klaarblyklike vleiery, hoe om 'n uitnodiging te bedank sonder om beledigend te wees en hoe om dankbaarheid te toon sonder om oorvriendelik te wees. Die moeilikhede wat oorkom moet word, is veelvuldig: daar is die moeilikheid om opreg te wees; die moeilikheid om jou te kan voorstel hoe die brief vertolk sal word, en die moeilikheid om wanneer 'n saak benader word, die juiste mate van takt aan die dag te lê wat slegs deur 'n lang tydperk van leerlingskap in die skryf

wys van Engels raai die onderwyser aan om besondere aandag aan die skryf van briewe te gee.1)

Weens die besondere praktiese waarde van brieweskrywe is dit beslis noodsaaklik dat baie meer aandag hieraan gewy moet word.

(iii) Parafrase. Parafrase is baie vatbaar vir misbruik en tog kan dit 'n waardevolle oefening wees. Dit is soms 'n gerieflike manier om uit te vind of 'n paragraaf of 'n stuk verstaan word. Byna enige bespreking van die betekenis van 'n passaat sluit tot 'n sekere mate parafrase in. Maar, terwyl parafrase die geraamte van die gedagte weergee, moet dit as 'n oefening in taal opgevat word en is dit belangrik juis omdat dit 'n soektog na woorde en uitdrukkings insluit wat die naaste die betekenis van die oorspronklike weergee. Sommige passate mag nie formeel geparafraseer word nie, bv. stukke wat groot skoonheid bevat of wat 'n verhewe tema behandel of stukke waarin die skoonheid of die gees van 'n gedig in die woorde en die vorm opgesluit is. Beredeneerde stukke is vir parafrase geskik. Ook kan baie prosastukke mondeling geparafraseer word. 2)

Hierby sluit J. Leest ook aan en beweer verder: „men kan hiervoor alleen zuiver verstandelike poëzie nemen, wier gedachteninhoud zonder al te veel schade op andere wijze kan uitgedrukt worden. Heel licht ontaardt parafraseren in het uiteenrafelen van een levend geheel, totdat er slechts dode delen overblijven." 3)

M. West het moontlik ook 'n soortgelyke gedagte soos die laasgenoemde gehad toe hy geskryf het: „that most useless of all exercises, paraphrase." 4) Desnieteenstaande is parafrase 'n nuttige middel as dit net op die regte wyse gebruik word.

(iv) Précis. Weinige oefeninge is so nuttig soos 'n précis. Om in 'n gegewe tyd die noodsaaklike punte uit te kies in 'n serie verwante dokumente of in 'n toespraak van aansienlike

ne uitoon te sit, vereis beide 'n sekere mate van taalbeheer en 'n redelike mate van intelligensie. Ook is die vermoë om 'n goeie uittreksel te maak 'n waardevolle bate in die latere lewe. Die ondervinding bewys dat onder goeie leiding vooruitgang in die verkryging van dié kuns vinnig gemaak kan word. Dit is egter belangrik dat geskikte stukke gekies moet word en dat 'n hoë standaard van uitvoering vereis word. Die vereiste lengte moet aangetoon word soos tans wel die geval by eksamens is. Sommige stukke is ook wel geskik vir mondelinge précis. 1)

(v) Stylleer. Oor die studie van styl laat die Engelse verslag van 1924 hom as volg uit: „the less said about it in the classroom the better. The best training is to be found in the reading and re-reading of the English classics." 2) Dit is waar dat op 'n betreklike laat stadium in die skoolkursus 'n leerling onder die leiding van 'n goeie onderwyser baie kan leer uit voorbeelde van karakteristieke metodes van struktuur, ritme en balans in prosa, maar besprekings deur die onderwyser oor styl met verduidelikende voorbeelde verydel hulself omdat hierdie besprekings onrype oordele by die leerling uitlok oor die betreklike verdienstes van skrywers wie se kuns hy nog nie kan verstaan nie. Hoe nader hy by die skrywer se bedoeling kom deur die studie van sy taal en deur passasie uit sy werke te leer, hoe meer sal hy die verband tussen die taal en die gedagte en die harmonie tussen die twee aanvoel. Dit is 'n stadige proses wat nie geforseer kan word nie. Twee groot deskundiges het gesê: „The judgment of literature is the final after-growth of much endeavour" en „The critical sense is not inculcated in an hour; he who has not cultivated it by a long scientific and intellectual discipline will always find adverse judgments to oppose to the more delicate intuitions." Intussen moet die jong skrywer tevrede wees as hy deur herskrywing van sy eerste opstel, ver-

Die buitengewone kind kan iets van die gees en van die uitdrukking van goeie skrywers opvang, maar 'n begaafde leerling sal waarskynlik deur die onderwyser se formele ontleding en bespreking eerder gestrem as gehelp word. Niemand mag hom egter die voorreg weier om van die beroemde dele uit die prosa of uit die Bybel te memoriseer nie. Hierdie passasie het nie die tussenkoms van die onderwyser nodig nie "for great words have a meaning and a mysterious life of their own." 1)

Ons behandeling van stylleer met die klas (as stylleer dan behandel moet word) moet heeltemal anders ingerig word. Ons benadering van die stylfigure is op die voorskrifte van die leerboek geskoei. Veel beter sou die volgende metode van dr. de Vooys wees: "Uitgaande van de algemeen-menselike neiging tot vergelijken, kan men de vergelijking in de taal, en daarna de metafoor, als faktor van naamgeving en betekenisovergang behandelen, door steeds uit te gaan van de levende taal, en van materiaal met de leerlingen samen bijeengebracht." 2) Vir die metonimia, die retoriese vergaarbak van die mees verskillende betekenis-oorgange, gold dieselfde. Die kultuurinvloede op die betekeniswysiging, die gevoelswaarde van die woord, die eufemisme, ens. dit alles lewer byna onuitputtelike stof vir taalstudie wat tegelyk verband hou met verheldering van insig in digtertaal en dus tot literatuurstudie inlei. 3)

In verband met die studie van stylfigure sê Ballard dat die enigste maatstaf vir die keuse daarvan moet wees die invloed wat dit op die studie van letterkunde sal hê. "If it vitalizes and vivifies that study, increasing its hold and influence on the pupil's mind, it should be adopted with gladness, but if, on the other hand, it deadens his interest in great literature and makes the expression of his thoughts in speech or essay an irksome task, then it should be mercilessly shut out." 4)

A.F. Watts beweer dat kinders wat lesse oor metafoor en

vergelyking of oor die konstruksie van samegestelde sinne gehad het, nie opstelle gelewer het wat meer metafore, vergelykings en afhanklike sinne bevat het nie as kinders wat nie hierdie lesse gehad het nie. „Neither can children be taught to write well who have no ear for a good cadence, or who take no pleasure in words for their own sake." 1)

Met die slot-uitspraak van Watts oor hierdie saak wil ek my in hoofsaak vereenselwig: „The attempt to teach children to understand and use metaphor before they are mature enough to require it for their own purposes is largely futile. The common practice, for instance, of introducing figurative language to children for its ornamental value is misconceived. The fact that we can seldom tell from their untutored writings six months or so after they have received carefully prepared and skilfully presented lessons on, say, the simile, whether they have had them or not, seems to show that maturation rather than instruction is responsible for the appearance of metaphor in a child's written work." 2)

Die vraag is egter: Is 'n leerling in standerd X ryp genoeg vir die studie van stylleer? Ek is geneig om dit te betwyfel as in aanmerking geneem word watter soort antwoorde by eindeksamens oor hierdie soort vrae gelewer word. 3) Dit blyk uit die meeste antwoorde dat dit weergawes van geleerde kennis is sonder dat dit verstaan word om nie eers van toepassing te praat nie. Moet hierdie afdeling van die taalstudie nie liewer na die gebied van die universiteit verskuif word nie? Alle tekens wys op hierdie noodsaaklikheid.

(vi) <u>Voorgeskrewe werk</u>. Ons wil mense skep, sê ~~George~~ George Sampson, wat gedrukte werk kan gebruik en nie mense wat daardeur afgeskrik word nie. Die beste wat 'n kind dus van 'n onderwyser kan kry, is nie 'n massa gesaghebbende inligting wat alles vir altyd oplos nie, maar die heerlike versekering dat die lewe 'n groot avontuur is, word om in 'n

Die leeskuns stel ons in staat om „op te nemen wat van eeuwigheid tot eeuwigheid is." 1) Daarom kan ons die ideale waardes van die leeskuns voorop stel: geestesbeskawing, geestesverligting, geestesvryheid, maar wel so „dat ze steunt op en houvast heeft aan de Godsopenbaring." 2)

Lees is en bly nommer een omdat dit die kiem van alle kennis en alle wetenskap is. Dit is die grond, die inleiding tot alles wat ons nodig het in ons onderlinge verkeer. Lees ontsluit vir ons die hede en die toekoms. 3) Vir die wat kan lees, is daar geen perk of paal aan kennis te stel nie. Vir ons leerlinge beteken dit dat as hulle die skool verlaat, hulle uit eie beweging na 'n boek of nuusblad sal gryp, hulself opofferings sal getroos om te lees, en dat hulle daardeur nie alleen sal ontspan nie, maar hulself ook geestelik sal verryk. 4)

Maar dan moet die leesonderwys van so 'n aard wees dat die kinders later nie sensasie-lektuur sal soek nie maar met graagte en voortdurende genot sal opneem wat skrywers en digters, wat die koninks van gedagte en woord by die grasie Gods ons uit die rykdom van hul hoof en hart gegee het. 5)

Dit word nog te weinig ingesien, sê die skrywer, dat juis lees ná godsdiensonderwys eintlik ten slotte <u>die</u> vak is tot vorming van die karakter, tot die aanbring van sedelikheidsoordele. Die Bybelse onderwys is in die eerste plek die bron vir karaktervorming maar daarnaas is lees van groot waarde. 6)

Die Engelse verslag van 1926 lui dat leerlinge geleer moet word dat „books are not things in themselves; they are merely the instruments through which we hear the voices of those who have known life better than ourselves." 7)

Die vraag duik by ons op of voorgeskrewe boeke 'n noodsaaklikheid is. Die Amerikaners gle eerder aan uitgebreide lees as aan intensiewe lees. Die doel wat met voorgeskrewe boeke beoog word, is om deur middel van 'n deeglike studie

van 'n paar boeke gekies uit verskillende genres die leerling daartoe te bring om ander boeke uit verskillende genres intelligent en waarderend te lees. Leerlinge moet 'n liefde vir lees aankweek, maar om die volle voordeel uit leesstof te kry, is dit noodsaaklik dat hulle geleer word hoe om te lees. Die voorwaarde is natuurlik dat alleen boeke van hoogstaande letterkundige waarde gekies moet word, of soos Ballard dit stel: „if those to be chewed and digested are to be called set books then set books are a necessity." 1)

Die lys boeke wat vir studie uitgekies word, moet nie so lank wees dat dit die leerling se privaat lees aan bande lê nie; inteendeel, een van die baie doeleindes wat by die samestelling van 'n lys voorgeskrewe boeke voor oë gehou moet word, is om de leerling aan te moedig en te stimuleer in sy soektog na boeke. 2)

Die lees van letterkundige werke „is a kind of creative reception. It is almost sacramental. In the ordinary sense of the words, literature cannot be taught." 3) Die ware onderwyser sal dan ook nie onderwys in letterkunde gee nie maar hy sal oordra. Van hom word dan verwag „to transmit the magic of the utterance, or, at least, to remove anything that may impede the transmission." 4) Dit is ten gevolge van die onvermoë van die onderwyser ten opsigte van hierdie eis dat kinders die skool sonder spyt verlaat „and shuddered ever after at the mention of poetry." 5) En daarom, „if literature in schools is not a delight, if it is not, in all senses, a 're-creation', an experience in creative reception, it is a failure." 6) En daarom moet 'n deel van die inleiding in letterkunde wees „a glimpse of the glory of language, a fostered sense and feeling that language is a form of beauty with its roots in the imagination." 7)

Dit bring ons by die vraag watter soort boeke voorgeskryf

1)Ballard, P.B.: Teaching and Testing English, p.141. Vgl. Afd. A. Hfst. VI p.[illegible]. (Rapport oor 1931-eksamen). 2)H.M.S.O. Some Suggestions for the teaching of English in Secondary

moet word. Dit spreek vanself dat die leesstof by die aard en ontwikkelingspeil van die leerling moet aanpas. Seuns is baie gevoelig vir die spannende, lewensgevaarlike avontuur, die kragtige, doodsveragtende en beswymende heldedaad, die ridderlike beskerming van die swakke en die tere, die medelye met misdeelde en onskuldig-lydendes, die verontwaardiging oor skreeuende onreg, die geesdrif vir ideale, die taaie volharding in diens van 'n goeie saak, die nooit-falende trou aan vaderland, geslag, kerk of party, edele, selfopofferende vriendskap, reine, natuurlike liefde, ook vir die skoonheid van en die meelewe met die natuur, vir stille vroomheid en diepe verering van die Godheid; verder kan hulle humoristiese beskrywing en sarkastiese bestryding baie goed waardeer. 1)

Maar daar is ook boeke wat vermy moet word, bv. boeke wat die volgende sake behandel: die siniese hekeling van wat vir gesonde jong mense heilig en skoon skyn; die benouenisse van 'n deur teoretiese of etiese twyfelverskeurde siel of die gelatenheid wat gebore word uit 'n siel wat van alle verdere worsteling afgesien het en wat in die reël op sulke twyfel volg. Boeke moet vermy word waarin seksuele verhoudings beskryf word; alleen die onbedorwe, die natuurlike, kan deur jong mense waardeer word. 2)

D. Wouters stel dit dan ook duidelik: „Wat we wel en alleen moeten hebben, dat zijn de aesthetisch vormende leesboeken..." 3) Wat ons kinders nodig het, is „liefde, bewondering, geestdrift; liefde, de bron van ware wetenschap; bewondering, de stuwkracht voor alle goede kennis; geestdrift, de beweegkracht van elke groote daad." 4) Die leesstof moet bewondering opwek indien dit vrugte sal afwerp. „Bewondering is de eerste schrede om tot aanbidding te komen, geestdrift de voorwaarde van waarachtige ernst." 5)

Die literêr-goeie leesstof moet egter nie alleen literêr-mooi wees nie maar ook 'n inhoud hê wat die belangstelling van die rypere jeug moet verg. Die leesstof moet kan goe 'n

en betoog. 1)

Die leesboeke moet kan gee alles in alles, vir hoof en hart. Hulle moet praat van aardse en hemelse dinge; hulle moet die gemoed deur lag en traan ontroer, en deur Gods seën sodoende bewondering opwek vir meer as wat alleen die stoflike raak. 2)

Die leesstof moet in die lewe staan en uit die lewe gegryp wees, sodat dit hulle wat straks die stryd om die bestaan moet voer iets sal gee wat sal moehelp om die geestelike as hul ewige deel te kies. Nie slegs stroewe erns word vereis nie; nie slegs vermaak of avontuur nie, - die leesstof moet aan alle sfere van denke en voel ontleen wees. 3) Veral in hierdie materialistiese eeu met die baie leesstof oor sakewelvaart, handel en bedryf is voedsel vir die geestelike lewe dubbel nodig en het die onderwys in lees, die literêre ontwikkeling, groot geestelike waarde. 4)

Die metodes wat by die onderwys van letterkunde gevolg moet word, is van heel besondere belang. Dit moet onthou word dat „the appeal of any work of art is individual and direct; and the greater the work, the more clearly it speaks for itself, and the more serious is the danger of the teacher coming between the author and the reader." 5) Die onderwyser van letterkunde moet dus uiters versigtig te werk gaan en soveel moontlik op die agtergrond bly. Tog is 'n mate van tussenkoms nodig: die onderwyser moet alle struikelblokke wat die juiste waardering en begrip van die werk in die weg staan, verwyder. Dit moet egter ná die lees geskied.

Dit is wenslik om nie dele van die voorgeskrewe werk te ondersoek voordat die hele werk oorsien is nie. Intensiewe benadering van dele van die werk laat die kleinere skoonhede na vore kom maar die skoonheid van die geheel kan dan nie meer raakgesien word nie. 6)

Sommige werke kan na die eerste lesing daargelaat word, behalwe vir besprekingsdoeleindes, maar die meeste werke ver-

heel of aan besondere dele gewy word. In baie gevalle sal dit die moeite loon om dan 'n finale en ononderbroke lesing te hê. 1)

In die reël is dit baie beter om die leerling se idee van die werk of die stuk te ontdek en deur op sy kennis voort te bou hom te help om sy idee te definieer as om deur eie bespreking te begin. 2)

'n Gedetailleerde bespreking van die taal en styl van 'n skrywer kan 'n aangename en waardevolle les vir die ouer leerlinge wees. 3) Maar wat ons nie moet doen nie en wat ons tog dikwels doen, is om twee verskillende soorte lesse te meng. Ons moet nie die lees van 'n drama of 'n gedig in die studie van die vorm of die taal verander nie. Daardeur probeer ons om op twee vlakke terselfdertyd te beweeg. Die verduidelikende les is een saak en die aanbieding van 'n gedig heeltemal iets anders. 4) Ballard laat hom baie skerp uit oor hierdie metode van twee lesse gelyktydig ree: „If the sense of substance has an emotional appeal, and especially if it includes a large aesthetic element, the loss of interest is deplorable in the extreme which indeed accounts for the attack on the set book....What ought to be the observation of a living organism has become the dissection of a dead body. And a post-mortem examination is no proper occupation for the young." 5)

J. Leest noem hierdie metode „heilig - of beter schoonheidsschennis" en beweer dat die baie verklarings een van die oorsake is „waardoor de intellectuelen van ons volk zo weinig voelen voor hun letterkunde, vooral voor de oudere. De meeste onzer grote dichters zijn on school dood-verklaard."6) Trouens, „de weg die vele verklarende en uitpluizende docenten met hun discipelen door het veld der letteren hebben afgelegd, is bezaaid met gruis van verbrijzelde kunstwerken, waarvan de schoonheid voor de jonge mensen voorgoed is verloren gegaan."7)

text of the writers should be the first consideration." 1)

Wat die behandeling van gedigte betref, kan gesê word dat daar geen les soos die les oor poësie is wat daardie intimiteit tussen onderwyser en klas kan voortbring nie en wat die skool 'n aangename plek maak. 2) Hier word kortliks die metode om 'n gedig te behandel volgens die wenke van die Engelse verslag aangegee: Eerstens word die gedig ononderbroke deur 'n leerling gelees. Dit moet hoorbaar gelees word, stil en effektief in die sin dat die gehoor die algemene betekenis maklik kan volg. Indien nodig mag na die eerste lesing sulke sake soos spoed, ruspouses, korrekte nadruk en die maat van die vers saaklik bespreek word. Tweedens, nadat die klas onder die leiding van die onderwyser die algemene sin begryp het, kom die besondere oorweging van òf die hele gedig òf gekose gedeeltes. (a) So ver as wat die karakters in die gedig en die prestasies van die klas dit wenslik maak, moet 'n gedeelte van die gedig deur die klas voorberei word met verwysing na woorde en frases, stylfiguur, sinskonstruksie, skansie en bou. (b) Die klas moet sorgvuldig ondervra word met betrekking tot die gedagtegang in die gedig. (c) Belangrike reëls moet gememoriseer word. Ten laaste mag 'n finale en ononderbroke lesing plaasvind. 3)

Dit lei ons tot 'n bespreking van die houding wat ons teenoor kritieke moet inneem. Kritieke oor dié behandelde werke moet met groot sorg gebruik word. Die inherente tekortkomings van sulke geskrifte is dat hulle geneig is om 'n gewoonte aan te kweek om 'n ander persoon se oordeel aan te neem - heel dikwels as gesaghebbend en dus finaal. As tussen die lees van 'n werk en die lees van 'n kritiek oor die werk gekies moet word, sal ongetwyfeld eersgenoemde gekies word. Net so belangrik is dit dat as 'n kritiek ~~wat~~ wel gelees word, dit gedoen moet word nadat 'n werk bestudeer is. Selde, indien ooit, moet enig iemand se waardering van die werk, sy opinie oor die intrige, die voorvalle en die karakters vir

Aan die ander kant kan 'n leerling moontlik daarby baat vind as hy 'n goeie kritiek oor die werk lees nadat die werk noukeurig deur hom gelees is en nadat hy daartoe gekom het om 'n bepaalde opinie daaromtrent te vorm. Hy word daardeur aangemoedig as hy vind dat sy oordeel in sommige opsigte met dié van die kritikus ooreenstem, en waar daar nie ooreenstemming gevind word nie, kry hy nuwe gesigspunte wat hom in sy verdere studie van die werk des te meer sal bevoordeel. 'n Waardevolle resultaat is bereik as die leerling 'n oorwoë opinie gevorm het en as hy gedaag word in staat is om sy opinie op'n intelligente wyse te regverdig. 1)

Maar is dit moontlik dat leerlinge letterkundige werke kan waardeer en aan daardie waardering uitdrukking kan gee? Persoonlik voel ek geneig om te glo dat die gevoel vir skoonheid in letterkunde wel op die standerd X-stadium aanwesig is by leerlinge maar dat dit buite hul vermoë val om uitdrukking aan daardie skoonheidsontroering te gee. Selfs hul kritiese vermoëns is nog swak ontwikkel. Ballard sê in verband hiermee dat „although exceptional children show keen insight, the critical ability of even youths and maidens of twenty is by no means high." 2) Ook die Engelse verslag van 1924 twyfel daaraan of waarderingsvermoë wel moontlik is. 3)

A.F. Watts, 'n gesaghebbende op die gebied van die taal- en verstandelike-ontwikkeling van kinders, het die probleem van estetiese genot en waardering deeglik uiteengesit. Hy sê dat daar 'n onderskeid gemaak moet word tussen die genot wat 'n mens in vorm vind en dié wat 'n mens in inhoud vind. Eersgenoemde word gewoonlik as die suiwere, estetiese genot beskou. Gevolglik word dit dikwels ontken dat kinders in staat is om egte estetiese genot te smaak aangesien hulle onmoontlik 'n onpersoonlike en neutrale belangstelling in enigiets wat skoon is, kan toon. Suiwere, estetiese gevoel, sê die skrywer, hang van die vermoë van die gees af om inhoud en betekenis te ignoreer en op die verband tussen vorm en kleur te kon-

wikkel en by kinders ongewoon is. 1)

Die skrywer beweer voorts dat dit eers laat in die puberteitsperiode is, indien dit enigsins wel die geval is, dat die hoër soorte van estetiese gevoeligheid verbonde met die dinge van die gees, bereik word. Die feit is dus dat kinders van poësie hou as daarin onderwerpe behandel word waarvan hulle hou, dog hul verafsku dit as dit oor dinge handel wat nie hul natuurlike belangstelling verg nie. 2) Estetiese waardering by kinders kan nie in 'n lugleë ruimte sonder belangstelling werkend optree nie. Binne die sfeer van hul belangstelling egter, kan hulle opgevoed word om die beste te waardeer. 3) Hiervolgens wil dit blyk of waardering slegs op die inhoud van letterkundige werke ingestel moet word.

Die skrywer maak 'n ernstige aanklag teen die onderwysstelsel as hy beweer: „It is the dull and tedious over-emphasis upon the intellectual elements in works of literature that deal with subjects outside children's interests and beyond their imaginative grasp that is responsible for their distaste of what they would appreciate readily if it were presented later and in happier circumstances." 4)

Ook Moormann twyfel daaraan of ons alle leerlinge in die hoër klasse tot fyne literêre waardering kan bring, 5) en Leest skryf as volg daaroor: „Als het noodzakelik is, dat de leerlingen, om tot begrip en gevoel te komen van wat het kunstwerk wil uitdrukken, de gebruikte bouwstof, de taal, zij het ook immobiel, tot hun beschikking hebben, dan is het niet minder voorwaarde, dat zij over gedachten en gevoelens zullen beschikkán, genoeg lijkend op die, welke in het werk zijn uitgedrukt." 6) Maar nou is die literatuur ewenwel deur en byna geheel vir volwassenes geskrywe en dis dus die gedagte- en gevoelswêreld van 'n min of meer gerypte gees in die leser om deur hom herskep te word. Daar bestaan dus geen twyfel „of zeer veel van de diepst ontroerende dichtkunst valt ge-

1) Watts,A.F.: The Language and Mental Development of Children,p.230. 2) Ibid.,p.240. 3)Ibid. 4) Ibid.,p.241.

heel buiten het bereik van 15- à 18-jarigen." 1)

Hierdie uitsprake dui dan ook daarop dat vrae wat kritiese oordele en waarderingsvermoë van die leerling eis, heeltemal buite rekening gelaat moet word. Waar daar wel sommige is wat daardie rypheid bereik het, is die oorgrote meerderheid onbekwaam en onryp om sulke vrae aan te durf.

Nog 'n belangrike saak wat ons oorweging verg, is die gebruik op die Kaaplandse skole om vir die Senior Sertifikaateksamen 4 Afrikaanse boeke en 2 Nederlandse boeke voor te skryf. Meestal is die 2 Nederlandse boeke 'n prosawerk en 'n bundel kortverhale; soms wel prosa en 'n Nederlandse drama of ook wel kortverhale en 'n drama - maar nooit meer Nederlandse poësie nie.

Ek hou my oortuig van die feit dat ons hoërskole nie daarin slaag om die gewenste belangstelling in die Nederlandse letterkunde op hierdie wyse te wek nie. Ek wil toegee dat 'n geringe persentasie van die seniorleerlinge wel belangstelling daarin toon maar die oorgrote meerderheid sal nooit weer nadat hulle die skool verlaat het 'n Nederlandse boek lees nie. En tog word aan hierdie stelsel vasgeklem, - 'n stelsel wat net soos ons hele skoolstelsel fungeer: Ons lei 100% vir die universiteit op sodat 10% leerlinge daarheen kan gaan; ons lei 100% leerlinge in die Nederlandse letterkunde in sodat 'n 2% dit kan geniet en waardeer.

Dit sal ons niks baat om die kulturele bande met Nederland op so 'n kunsmatige wyse nouer aan te haal nie - eerder moet ons die ontwikkeling, uitbreiding en uitbouing van ons eie taal op die oog hê. Daardie twee Nederlandse boeke kan deur Afrikaanse boeke vervang word, of die tyd wat aan die studie van die Nederlandse werke bestee word, kan aan stillees in die klas gewy word. Hoërskoolleerlinge word so met werk oorlaai dat hulle byna geen kans het om tuis te lees nie; laat hulle dan die geleenthede in die klas daarvoor kry. Ons doel is tog om van ons leerlinge lesers te maak.

dat die Afrikaanse kind hom in vreemde stof moet indink. So word leerlinge verplaas na 'n vir hulle onbekende kultuurwêreld sodat daar van inleving en aanvoeling geen sprake kan wees nie. Verbaas dit ons dan as leerlinge net die aantekeninge van hulle meesters herhaal? 1)

Verder bevind dr. Boshoff dat hoewel Nederlands nie juis 'n heeltemal vreemde taal vir die Afrikaanse kind is nie, kom daar tog vreemde woorde, sinswendinge en uitdrukkings voor wat die assimilasie van die gelese stof vir die leerling moeilik maak. Terog merk die skrywer op: „Ons is tog seker in die onderwyswêreld die stadium verby waarin daar geglo is dat sulke moeilikhede vir die leerling se geestesdissipline bevorderlik is en dus opvoedkundige waarde het." 2)

Leerlinge maak ook ernstige beswaar teen die saaiheid van gekose boeke. Niemand kan ontken dat die meeste voorgeskrewe Nederlandse boeke uiters saai is nie. En daar bestaan tog vele wat baie interessant is, sê die skrywer. 3)

Dr. Boshoff besluit deur te sê dat as ons by leerlinge 'n gesonde leeslus vir gesonde leesstof wil aankweek, moet die voorgeskrewe boeke opvoedkundige waarde hê en die lees daarvan moet nie deur leerlinge as 'n strafmaatreël beskou word nie. Hy bewoer tereg dat die gemiddelde Afrikaanse leerling wat die skool verlaat 'n algehele renons in die hele Nederlandse letterkunde het ten gevolge van sy kennismaking met twee daarvan. „'n Kwarteeu lank is ons in Suid-Afrika nou ook besig om weer belangstelling vir die Nederlandse letterkunde by Afrikaanse leerlinge en studente op te wek. Die resultaat is minimaal. Lê die fout by die leerlinge, by die leesstof of by ons?" besluit dr. Boshoff. 4)

Samevattend kan daarop gewys word dat alleen boeke van letterkundige waarde met boeiende leesstof voorgeskryf moet word, en ontspanningslektuur moet uitgesluit word. Te veel onspanningsleesstof vind nog 'n plek in die lys van voorgeskrewe boeke. Hierdie soort leesstof is nie bereken om let-

Ten slotte wil ek aan die hand doen dat die studie van Nederlandse werke na die gebied van die universiteit verplaas moet word, waar dit sy regte plek in die taalstudie kan inneem. Indien die doel van die voorskrywende liggaam is om hoërskoolleerlinge wel 'n voorsmaak van die Nederlandse letterkunde te gee, moet die voorgeskrewe Nederlandse deel hoogstens uit een werk bestaan en dan sou ek „Moderne Hollandse Kortverhale" of „Vlaamse Kortverhale," albei deur F.E.J. Malherbe versamel, aanbeveel.

Voordat van die studie van letterkundige werke afgestap word, is dit noodsaaklik dat die probleem van eksamens in letterkunde aandag geniet. George Sampson beweer dat „the best way of preparing for examinations in literature is not to prepare for them". 1) In Suid-Afrika moet ons egter met eksamenvereistes rekening hou want hier te lande speel eksamenuitslae nog 'n baie belangrike en beslissende rol.

Ten opsigte van die eksamen in letterkunde sê P.B. Ballard dat „it is in examination by an outside examiner that the danger lies. For no outside examiner can deal with the soul of a piece of literature; and the soul is the only thing that counts." 2) En aangesien die studie van letterkunde 'n studie van kultuur-inhoude is „when examinations attempt to test culture, which is sensitive and individual, they tend to kill the plant which they wish to grow." 3)

Dit wil dus voorkom of dit nie moontlik is om eksamens oor voorgeskrewe werke af te lê nie. „Strikt genomen is het zelfs ten onenmale onmogelik letterkundige ontwikkeling, het vermogen om het kunstwerk in eigen geest te herscheppen, aan te tonen, om van taxeren maar te zwijgen. De stemming, gevoelens en ontroeringen, de gewekte zielsbewegingen ontsnappen aan alle waarneming door anderen; hun warmte en intensiteit, hun zuiverheid en oprechtheid, ook hun overeenkomst met de oorspronkelike van de schrijver of altans met de door hem beoogde, dit alles laat zich zelfs niet bij gissing aanwijzen.

weerd: letterkunde kan niet geëxamineerd worden." 1)

Maar as iets geleer word, moet dit ook getoets kan word, en Leest gee dan ook myns insiens 'n baie goeie metode aan die hand.

Eerstens kan verlang word dat wat bespreek en geleer is, in behoorlike vorm weergegee word; tweedens kan 'n stukkie prosa of poësie aan die leerlinge voorgelees of voorgelê word en deur geskikte vrae daaroor te stel na die aanwesigheid van die voorwaardes vir suiwer letterkundige waardering ondersoek ingestel word.2) Tog bied hierdie metode nie die oplossing van die hele vraagstuk nie.

Die aangewese metode is wel dié van rigtingaanduidende vrae. Dit sal die leerling in staat stel om te kan vasstel wat die eksaminator werklik verlang. Tog meen ek nog dat, hoewel leerlinge se aandag op skoonhede in die kunswerk gevestig moet word en hulle dit ook kan aanvoel, hulle nie in staat is om hulle ontroering in woorde te stel nie. 'n Inhoudsvraag sal wel die eksaminator ten opsigte van die leerling se waardering van die werk tot 'n mate tevrede stel. Dit moet onthou word dat „many boys of 16, though they were beginning to feel something, had as yet no power of expression." 3)

Van eksamens in letterkunde sal ons nie bevry kan raak nie. Die eksamenmanie wat in die negentiger jare in Suid-Afrika losgebreek het, het nog nie in woede en intensiteit bedaar nie. Die gevolg is dat aan die onderwyser gesê word: „Sorg dat jou kinders slaag, en basta met die res, of dit nou vir die praktyk, universiteit, die idealisme ens. goed of bevorderlik is of nie." 4)

Indien letterkunde van eksamens vrygestel word, verdwyn dit moontlik uit die leerplan, wat weer bewys dat die skool slegs op eksamens ingestel is. Die meeste eksamenvrae oor besondere boeke handel tegenswoordig geheelenal oor die werklike inhoudsdeel. Al hierdie vrae is natuurlik geensins goeie

wys. Vrae wat waardering van leerlinge verwag word dikwels beantwoord sonder daardie eerstehandse kennis wat die enigste kennis is wat werd is om te besit of om getoets te word. 1)

Die doel wat met letterkunde-onderrig beoog word, is sekerlik nie op eksamenresultate gerig nie. In hierdie opsig vereenselwig ek my volkome met Moormann se doelstellings: „Voorbereiden voor het leven moet de school; moet vooral ons literatuuronderwijs. We moeten de leerlingen opleiden tot mensen, die waar van vals kunnen onderscheiden; die de literatuur gebruiken, zoals de goede schrijver wil: door het geschrevene doordringen tot de geest van het werk, de geest van den schrijver, En als we dat bereikt hebben, of als we daartoe de grondslag gelegd hebben bij de leerlingen, dan hebben wij leraren, onze taak volbracht, tot heil van onze jeugd en ons volk." 2)

(vii) Die Taalonderwyser. „Like poets, teachers of the mother-tongue are born, not made." 3) Die ervaring bewys hierdie stelling ten volle. Die onderwyser van die moedertaal moet soveel gôeie hoedanighede in hom verenig hê dat aangeneem kan word dat „of any hundred intelligent and well educated persons who know their mother-tongue thoroughly, there are probably not ten who, with the best training in the world, would make really good teachers of it." 4) Daarby kan nog gevoeg word dat van elke honderd onderwysers wat hulle as taalonderwysers bekwaam, daar nie tien is wat werklik goeie taalonderwys kan gee nie. Die oorsake vir hierdie toestand is myns insiens tweeërlei: (i) verkeerde keuse van lewensroeping en (ii) onvoldoende en gebrekkige opleiding. Ek verwys hier na dr. de Vooys wat sê dat aspirant-onderwysers altyd die neiging vertoon om die vereiste eksamineerbare kennis as die hoofsaak van hul opleiding te beskou „en als ze met die kennis volgepropt, voor een klas komen te staan, beginnen de meesten onwillekeurig te onderwijzen in de geest waarin ze zelf onderwezen zijn....De verleiding van de sleur wordt

Sy kritiek op die Nederlandse taalonderwysers is ook op ons taalonderwysers van toepassing: „Ze staan niet boven hun 'taalboek', ze blijven de slaaf van een 'metode', omdat de opleiding hun verleerd heeft kritiek te denken, en niet geleerd heeft kritiek te studeren." 1)

Ook George Sampson trek te velde teen die verkeerde metodes wat onderwysers aanwend: „The ideal teacher," sê hy, „is the one who does nothing while the class does everything; but the actual earnest teacher is usually someone who works himself (or herself) to exhaustion while the pupils sit silent, often bored, absorbing (say) about one-tenth of the information poured out upon them, and, incidentally failing to acquire one of the greatest gifts that schools should give them, the ability to help themselves." 2)

Ook die Engelse verslag van 1924 wys daarop dat dit gebruiklik is dat onderwysers hard werk terwyl die klas weinig of niks doen nie. Dit, sê die verslag, is swak onderwys al is die leerstof en die wyse van lesgee nog so goed. 3)

Behalwe 'n lesing af en toe, sê die verslag, omvat 'n goeie les hoofsaaklik die stel van vrae; trouens, die les sal, wat die onderwyser betref, grootliks uit vrae wat goed oor die klas versprei is, bestaan. Sommige sal vrae wees waarop 'n onmiddellike antwoord gegee kan word; andere sal 'n oomblik vir dink of naslaan vereis; andere mag 'n probleem stel wat later uitgewerk moet word of die les mag onderbreek word terwyl die klas na 'n oplossing soek. Hoewel die vorm verskil, staan die algemene beginsel vas: 'n stroom gepraat is nie onderwys gee nie en die vraag wat 'n onderwyser vir homself ná 'n les moet stel, is nie hoevoel inligting hy verskaf het nie maar hoevoel werk het sy leerlinge gedoen. Sy probleem is nie om die werk vir hulle te doen nie - dit is onmoontlik - maar om hulle die aktiwiteit te stimuleer en te lei. 4)

1) de Voovs, C.G.N.: Over de beginselen en de praktijk van

Die taalonderwyser het 'n dubbele taak om te verrig: eerstens, om die leerling te onderrig om duidelik,kragtig en korrek te praat en te skryf, en tweedens, om by hom 'n liefde vir letterkunde in te boesem. 1) Om hierdie dubbele taak te kan uitvoer,moet die taalonderwyser besef dat sy stem een van die onontbeerlikste instrumente in sy beroep is. Hy kan nie van blaam onthef word nie as hy nie leer hoe om dit reg te gebruik nie. 2) Hy moet besef dat hoe meer respek die kind vir sy taalmodel het, hoe dieper sal die indruk wees wat hy ontvang. 3)

Die ideale onderwyser moet 'n aanmoedigende houding teenoor leerlinge se werk inneem. Die aandag van sy leerlinge moet meestal op hul suksesse gevestig word en gebreke moet dikwels verswyg word. Dit wil nie sê dat hy vir hierdie gebreke blind moet wees nie „but that he tries to reduce them by robbing them of interest and energy. He tries, in fact, to starve them out." Op hierdie wyse word sy leerlinge se entoesiasme vir verdienstelikhede so aangevuur dat die gebreke stadigaan vervaag. Daar kan geen groter fout begaan word nie as om altyd deur foute aan te wys en „the specialist in reproof is an intolerable nuisance." 4)

Die goeie taalonderwyser moet goed kan voordra sodat hy sy leerlinge se entoesiasme daarvoor deur sy voorbeeld kan opwek en hulle hom navolg. Maar nie alleen in hierdie opsig is die gawe van voordrag 'n bate vir die onderwyser nie; ook as onderwyser van die letterkunde is die goeie stem van die onderwyser sy groot krag om die gevoel van die kunstenaar aan die kind oor te dra. Wat vir die kind aangebied word ten opsigte van hierdie saak is nie 'n stukkie inligting of 'n les nie, maar 'n lewende skepping, tydeloos en ewig. En vir hierdie aanbieding is 'n aangename stem en 'n simpatieke siel nodiger as baie kennis en 'n navorsingsgraad. 5) Die siel van die jong kind moet met die toorkrag van poësie geraak word

siel is wat dit kan raak. Akademiese onderskeiding is 'n waarborg vir verstand maar nie vir 'n siel nie; dit gee nie voor om 'n emosionele toerusting te waarborg nie.' Daarom is dit 'n besonder moeilike taak om 'n spesialiteit-onderwyser vir letterkunde te kies - 'n onderwyser „to pass on a living spark undimmed." 1)

As 'n onderwyser hierdie gawe van goeie voordrag besit, sal „de snaar, die trilt in het gemoed van den onderwijzer de overeenkomstige snaar doen trillen in het gemoed van den leerling, indien er geen verhinderende oorzaken zijn." 2)

In verband met die onderwys van letterkunde sê Ballard dat as 'n persoon byvoorbeeld nie deur 'n mooi liriese gedig geroer word nie, sal hy dit ook nie kan onderwys nie „for he cannot transmit an emotion which he does not feel." 3) Die onderwyser moet dus in staat wees nie net om te onderrig nie maar ook om te inspireer. 4) En daarom moet die universiteitse onderwysers voorsien wat moet besit „the combination of a sensitiveness to the aesthetic and emotional appeal of literature with a reverence for exact knowledge and an appreciation of the use of languages as an instrument of exact thought." 5)

Waar in die voorgaande die onderwyser en sy metodes soveel beklemtoon is, wil dit blyk asof dit van die taalonderwyser afhang of goeie of swak resultate in die vak gelewer word. Ek is genoodsaak om tot hierdie slotsom te kom met inagneming van die gebreke in die studiekursus, die leerboeke en eksamens. Die studiekursus is myns insiens te vaag omskrywe - sonder duidelike doelstellings, sonder 'n gedetailleerde inhoud, sonder enige rigtingaanduidende metodes. Die keuse van leerboek, veral voorgeskrewe boeke, laat veel te wense oor, en wat taalboeke betref, sal 'n aanbeveling van die beste deur die Departement van Onderwys hoog op prys gestel word. Die taalboeke poog om by die leerplan aan te pas en ten gevolge van die vaagheid van die studiekursus en die

die metodes wat dikwels nie onaanvegbaar is nie. Die onderwyser weer word op sy beurt deur die taalboekmetodes beïnvloed. Ook die eksaminator ondergaan die invloed van die taalboek. As ons net sover kan kom dat òn onderwysers òn eksaminatore van die proeftoon-invloed van die taalboeke bevry kan word, sal ons taalonderrig weer natuurlik en eg kan word. Soos de Genestet kan ons ook sê:

„Verlos ons van de proeftoon, Heer,
Geef ons natuur en waarheid weer."

Dit is 'n onloënbare feit: ons het 'n swak metode van onderrig en 'n swak metode van eksamineer, albei resultate van gebrekkige kennis: die een dood alle belangstelling en liefde by die skolier, die ander dood dit by skolier òn onderwyser." 1)

Wat is dan verkeerd met die onderwyser? Sommige van hulle weet nie meer as wat die taalboek vir hulle kan verskaf nie, en wat nog die ouderwetse metode van onderrig volg: Leer vir môre uit 'n sekere taalboek bladsy 64 tot 66. Die gevolg is: haat en afkeer van Afrikaans by die skolier omdat hy met dorre taalfeite moet worstel, woorde en uitdrukkings uit verband geruk en òp 'n dorre ongeïnspireerde wyse moetgedoel. 2) Is dit 'n wonder dat ons by eind-eksamens in ons moedertaal slegs 1% of minder A- en ongeveer 2% B-simbole kry in vergelyking met byvoorbeeld matesis wat tot 5 en meer persent A- simbole haal? Of is dit omdat matesis in die laaste paar jare getroetel word sodat leerlinge meer belangstelling daarin kan toon nadat die vak en skole begin uitsterf het? (Sien Bylaag D.)[P.K.V.]

'n Tweede gebrek moet aan die adres van die Kaapse universiteite gerig word: Studente volg 'n B.A.- kursus wat saamgestel is om tot M.A. en verder te lei, en nie 'n kursus wat bedoel is om onderwysers te kweek nie. Die een jaar professionele opleiding na die B- graad kan sekerlik nie ál

gestel word met 'n kursus wat ook wetenskaplik ingerig kan word en tot M.- en D-grade lei, „maar dan van die eerste dag af op die terugkeer tot die skool ingestel." 1)

Hier wil ek terloops ook op twee bykomende sake wys, nl. dat die hoof-eksaminator nie voldoende lewende kontak met die onderwys van die vak waarin hy eksamineer, het nie, aangesien geen onderwyser van die vak hoof-eksaminator in daardie vak mag wees nie; ook dat primêre taal-onderwysers geen kennis van die mikpunte van sekondêre onderwys dra nie. 2)

M.J. Langeveld beweer dat indien ons dit moontlik wil maak dat behoorlike onderwys in die moedertaal op die middelbare skool gegee word, moet aan drie voorwaardes voldoen word: (i) 'n ander opleiding van die aanstaande onderwyser; (ii) die individualisasie van die onderwys en (iii) 'n ander reëling van die beskikbare getal ure wat aan die vak bestee word. 3) Hy beveel aan dat die onderwyser <u>minder</u> moet leer maar <u>meer</u> insig in die wesenstruktuur van die inhoud van sy vak moet kry, sodat hy die bykomstighede kan vermy en net die essensiële gee. Maar die skrywer is ook bewus van die feit dat solank daar geen selfkorrigerende materiaal bestaan nie; solank 'n mens so baie leerlinge het om „af te werken," is werklike individualisasie 'n fiksie. 4)

Ek wil my ten slotte ten volle met die volgende aanbevelings vereenselwig:

„Daar behoort aan ons universiteite onderwysersgraadkursusse vir sekondêre onderwys ingestel te word op 'n vierjarige basis..

„Die primêre onderwyser behoort kennis te dra van die mikpunte van die sekondêre onderwys, en omgekeerd.

„Alles wat nie taalbeheer en -vermoë bevorder nie, moet uit die leerplan geweer word.

„Alleen vakmanne moet toegelaat word om 'n vak te doseer.

„Alleen vakmanne moet vakinspekteurs kan word.

„Alleen vakmanne [illegible]

(viii) Suggesties vir 'n studiekursus vir Standerd VIII.

(a) Doeleindes wat beoog word: Die doeleindes wat met die eksamen vir standerd VIII beoog word is om die kandidaat se vermoë te toets met betrekking tot die kies van woorde wat die regte begrip van hulle betekenis, assosiasies en klank aandui; om sinne en paragrawe te konstrueer; om gedagtes duidelik en samehangend uit te druk, en om die stof waarvan die kandidaat gelees het of wat hy gehoor het, te verstaan en te reproduseer. 1)

A. Stelwerk.

(i) Die Onstel: Die wenslikheid om 'n keuse toe te laat tussen onderwerpe wat aantreklik vir verskeie smake en ervarings sal wees, moet in alle eksamens erken word. Dit word egter aanbevool dat nie meer as vier of vyf onderwerpe aangegee word nie aangesien 'n groter hoeveelheid geneig is om die kandidate te verwar. Abstrakte onderwerpe moet vermy word. Daar moet altyd ten minste een onderwerp wees wat 'n opening vir verbeeldingryke behandeling bied en een waarin kandidate wat praktiese aangeleë is, gebruik van hulle eie ervarings of waarnemings kan maak. 2)

(ii) Die Brief: Opstelle kan ook deur brief-onstelle vervang word. 'n Brief is noodsaaklik op hierdie stadium. Die vriendskaplike brief moet veral beklemtoon word, hoewel sakebriewe ook aandag moet geniet.

(iii) Parafrase: Hoewel die Engelse verslag van 1924 'n précis vir standerd VIII aanbevool, sou dit beter in 'n standerd X-vraestel pas, en kan dit in standerd VIII deur 'n parafrase vervang word - 'n parafrase van 'n stuk wat parafraseerbaar is en nie 'n skone gedig of 'n stuk prosa van hoë letterkundige waarde nie.

B. Taalwerk. Vrae oor taal mag insluit vrae oor die regte gebruik van woorde soos om tussen sinonieme te onderskei, teenoorgesteldes en woorde wat dikwels verkeerd gebruik word;

kandidate se bereiking van die doel - die vermoë om duidelik te kan verstaan en duidelik te kan uitdruk - moet deeglik deur die eksaminator in stelwerk en letterkunde getoets word. 1)

In die belang van die taal en van die helderheid van uitdrukking moet 'n redelike standaard Afrikaans in alle vakke van die eksamen vereis word. In alle studiekursusse moet hierdie vereiste gestel word en onder die aandag van die betrokke eksaminatore gebring word. 2)

C. Voorgeskrewe Werk. Vrae oor voorgeskrewe werke moet die kennis van die kandidate ten opsigte van die inhoud deeglik toets, en hoewel literêre kritiek nie verwag kan word nie, moet vrae gestel word waaruit dit duidelik moet blyk of kandidate die werke geniet het of nie. 3)

D. Mondelinge Werk. Hierdie deel van die studiekursus moet gewis meer aandag geniet. Daar moet krediet vir mondelinge werk gegee word en die punte moet by die finale eksamen bygetel word. Dit word aan die hand gedoen dat 'n algemeen bruikbare merkskaal vir hierdie doel deur die Departement van Onderwys verskaf word wat vir onderwysers as leidraad kan dien. Inspekteurs moet strenger kontrole oor die toekenning van punte uitoefen.

Van kandidate moet verwag word om geskikte stukke prosa en gedigte voor te dra. Sommige stukke moet deur die Departement voorgeskryf word ondat baie onderwysers dikwels nie in staat is om te bepaal wat geskik is of nie, en ander stukke moet deur die leerlinge self gekies word. Mooi dele uit die Bybel en uit voorgeskrewe werke kan gekies word. Ook moet kandidate in staat wees om oor voorbereide onderwerpe te praat - onderwerpe gekies uit hulle ervaringslewe en wat binne hul belangstellingsfeer val.

(ix) Suggesties vir 'n studiekursus vir standerd X. Hie die kursus moet 'n voortsetting van die standerd VIII-kursus wees, en die eksamen moet van so 'n aard wees dat dit 'n ononderbroke studie van twee jaar na standerd VIII verseker

toerus om òf 'n voortgesette studie op die universiteit te kan volg òf om in die private lewe 'n leergierige en intelligente leesgewoonte aan die dag te lê. 1)

A. Stelwerk.

(i) Die Opstel: Wat ten opsigte van standerd VIII gesê is, is ook hier van toepassing. 'n Hoër prestasiepeil word hier vanselfsprekend verwag.

(ii) Die Brief: Alle soorte briewe kom hier in aanmerking.

(iii) Précis. Die précis neem nou die plek van die parafrase in.

(iv) Stylleer: In verband hiermee word aan die hand gedoen dat geen spesifieke vrae oor stylleer gestel moet word nie omdat dit slegs antwoorde sonder verstand uitlok.

B. Taalwerk. 'n Voortsetting van die werk in standerd VIII gedoen. Woordvorming en sinsontleding.

C. Voorgeskrewe werke. Wat oor hierdie saak by die standerd-VIII-kursus gesê is, geld ook hier, met die byvoeging dat Nederlandse werke uitgeskakel moet word. As ons maar net ons leerlinge sover kan kry om die beste in Afrikaans te lees, om wyd en krities te lees, hoef ons ons nie te bekommer oor die feit dat hulle nie Nederlands lees nie. Ons kan dan liewers die voorgeskrewe genres uitbrei en in Afrikaans voorskryf: 'n digbundel, 'n roman, 'n drama, 'n dierverhaal, 'n bundel kortverhale, en as dit dan ses boeke moet wees: 'n lewensbeskrywing van 'n held uit ons geskiedenis. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit telkens by eind-eksamens bewys is dat die drie uur vir ses vrae oor voorgeskrewe boeke werklik uitputtend is - vir 'n leerling in standerd X is dit 'n oordeel. En dan verwag die eksaminatore dat kandidate oorspronklikheid en frisheid van segging aan die dag moet lê met korrekte taalgebruik, behoorlike punktuasie en netjiese skrif op die koop toe.

3. 'N AANDUIDING VAN DIE SAMESTELLING VAN IDEALE LEERBOEKE.

Die vraag of leerboeke wel noodsaaklik is vir die studie van die moedertaal kan nie ontkennend beantwoord word nie. Voorgeskrewe werke is noodsaaklik omdat die grondige studie van 'n paar boeke uit verskillende genres gekies die grondslag van intelligente lees lê. Die beoogde doel is om lesers te kweek wat, omdat hulle verstaan wat hulle lees, ook sal kan waardeer wat hulle lees sodat die leesgewoonte 'n ware genot kan word en nie alleen tot groter waardering lei nie, maar ook tot 'n begeerte om meer kennis deur middel van boeke op te doen.

Om hierdie doelstellings te kan verwesenlik, is dit noodsaaklik dat die kind van die begin af die regte leesstof gegee word - leesstof wat by sy belangstelling en ontwikkelingspeil sal aanpas; leesstof wat letterkundige waarde besit en nie ontspanningslektuur nie. Alleen letterkundige werke besit die mag om blywende invloed uit te oefen.

Hierdie leesboeke moet in stygende orde van moeilikheid vir die kind voorgeskryf word namate die kind ontwikkel. By die keuse van geskikte voorgeskrewe boeke is die dienste van 'n ervare taalonderwyser van onberekenbare belang, want hy alleen sal weet waarvan kinders op verskillende stadia in hul ontwikkeling hou. Dit is moontlik aan die veronagsaming van hierdie beginsel te wyte dat sommige voorgeskrewe werke soms so skerp gekritiseer word - onoordeelkundigheid by die keuse daarvan.

Daar word ewenwel in Amerika pogings aangewend om leerboeke op wetenskaplike wyse saam te stel: Objektiewe toetse word aangewend om die taal van die boek binne die gebied van verstaanbaarheid te hou en om te bepaal watter leesstof gekies moet word, in watter orde van moeilikheid die inhoud gerangskik moet word en

Wat taalboeke betref: In Amerika word dit beweer „that our teachers are less well trained. They do not know enough to venture far from shore. Their general knowledge of the subjects which they teach is enveloped in a fog, and so they cling to the haven of the text." 1) Ten gevolge van hierdie sienswyse „the disposition to engage in explorations beyond the limits of the textbooks is regarded as evidence of intellectual frivolity, if not of irreverence or bolshevism." 2) Die skrywer lê dan hierdie stelling neer: „Our worship of the textbook, then, appears to be a joint product of plain ignorance and an ignorant veneration of tradition." 3) Is dit nie in Suid-Afrika ook die geval nie?

Die vraag is egter: is die doel van die leerboek om die funksie van die onderwyser tot die „leer" van die leerling van wat in die boek is, te beperk, of is die doel daarvan om die onderwyser te help „in drawing extensively on his own resources in order that the contents of the textbook may be translated into terms of „vital" experiences?" Is die leerboek in die eerste plek bedoel om sekere vaardighede te ontwikkel en om die verkryging van 'n sekere hoeveelheid feitekennis te vergemaklik, of is dit hoofsaaklik bedoel om waardering op die basis van insig te kweek, die vermoë om in terme van gegewe leerstof te dink? 4)

Oorbeklemtoning van die leerboek is 'n bewys dat die kontrolerende faktor is „to give a more or less automatic control over a certain body of subject-matter. Such over-emphasis not only fails to develop intelligence, save incidentally, but may actually weaken intellectual power." 5)

Tog is die gebruik van leerboeke noodsaaklik, want „the best thought of the most gifted teachers is needed to supplement the talent of the usual classroom practitioner." 6) En daar is baie voordele aan leerboekstudie verbonde soos byvoorbeeld dat leerlinge volgens eie spoed kan dink; dat

leenthede vir die afneem van aantekeninge voorsien, ens. 1)

In Suid-Afrika word op die huidige oomblik die saamstel van 'n studiekursus aan 'n komitee toevertrou wat met tussenposes wanneer nodig aangestel word, terwyl die saamstel van leerboeke in die reël van privaat inisiatief afhanklik is. Hierdie samestellers van leerboeke is gewoonlik mense met onderwyservaring of ook wel inspekteurs van skole. Met uitsluiting van die feit dat daar 'n gebrek aan objektiefbepaalde kriteria vir die keuse van materiaal bestaan, is in die jongste tyd taalboeke van hoë gehalte gepubliseer. Die wetenskaplike uitkies en rangskikking van materiaal sal die taak van leerboeksamestellers baie vergemaklik. Hulle sal dan kan staatmaak op die eksperimentele resultate in plaas van hul weg tussen eindelose teorie en spekulasie te soek. 2)

Maar dan sal die taak ook baie meer verg en sal 'n algemene studiekursus-navorsingskomitee die navorsing moet onderneem en die materiaal vir die samesteller beskikbaar stel. 3)

Die samestelling van 'n leerboek het te doen met die aanbieding van uitgekose en gegradeerde materiaal, en hierdie aanbieding het baie aspekte wat oorweging en selfs navorsing verdien. Die taaleenhede soos in die studiekursus aangedui, moet in interessante en realistiese taalsituasies aangebied word om sodoende die assimilasie van die leerstof te stimuleer en te vergemaklik, en dit sal die oorspronklikheid en vindingrykheid van 'n samesteller van leerboeke baie op die proef stel. Die leerstof moet saamgestel, verander en aangepas word om die betrokke taalmateriaal in juiste verband te bevat met deeglike inagneming van die kind se belangstelling, sy vermoëns en behoeftes. Ook moet opstel- en taaloefeninge beplan word om geleenthede vir die aktiewe toepassing van die geleerde stof te bied.4)

In die eerste plek moet die samesteller met die tegniek van seleksie en die gradering van die leerstof deeglik bekend

1) Caswell and Campbell: Readings in Curriculum Development.

wees. Indien daar reeds taalboeke bestaan, moet hy weet hoe om hul waarde te bepaal en hoe om van hulle gebruik te maak. Hy moet kan ko-ordineer en sistematies saamstel. In die tweede plek moet die samesteller die beoogde doelstellings op verskeie stadiums voor hom hê. Ten opsigte hiervan moet die studiekursus hom van daardie spesifieke doelstellings voorsien. Nogtans sal sy taak groot afmetings aanneem deur hierdie werk met die werk van die vorige stadium te ko-ordineer; deur die byvoeging van nuwe materiaal met gereëlde toename in moeilikheid om sodoende 'n sistematiese verspreiding van leerpogings dwarsdeur die kursus teweeg te bring; deursekere sake vir intensiewe konsentrasie te beklemtoon; deur voorsiening vir gereëlde herhaling te maak, ens. 1)

Ek wil my vereenselwig met Dr. Fourie waar hy beweer dat die samestelling van leerboeke meer volgehoue poging verg as wat binne die vermoë van individuele inisiatief geleë is. 2) Daarom beskou hy dit as 'n taak wat deur die outoriteite of die algemene studiekursuskomitee onderneem moet word. 'n Algemene studiekursuskomitee met die nodige prestige sal in staat wees om die geredelike samewerking van onderwysers makliker te verkry as individuele samestellers. Dit is belangrik omdat diktatoriale metodes verdere ondersoek sal benadeel en vir die vereistes van die werklike onderwyspraktyk blind sal wees. Nou word metodes op natuurlike wyse verkry in 'n stelsel wat strewe om die waarde van leerstof en prosedures objektief te bepaal. Leerboeke moet tentatief saamgestel word en dan in klaskamertoestande getoets word, sodat hulle gedurig dienooreenkomstig hersien en verander kan word. 3)

By die samestelling van 'n taalboek moet in gedagte gehou word dat „the natural method in which the mother tongue is acquired, is aggregative." 4) 'n Samegestelde taalboek moet dus materiaal vir mondelinge werk bevat sowel as alle soorte oefeninge in sinsbou, woordeskat-uitbreiding, idiome,

Die taalboek moet vir taalsituasies voorsiening maak, d.w.s. geleenthede om die taal op so 'n wyse te gebruik dat dit motivering sal vergemaklik. Hoe natuurliker en realistieser hierdie situasies is, hoe beter. 'n Goeie situasie wend die sterkste aansporingsmiddels aan om die taal te gebruik. Om briewe te skrywe het byvoorbeeld baie meer onmiddellike nut as 'n opstel oor 'n abstrakte onderwerp. 1)

Die samesteller van 'n taalboek moet van sy vindingrykheid gebruik maak om oefeninge te beplan wat die leerstof op 'n interessante manier aanbied: 'n verskeidenheid situasies om 'n gegewe woord of sin te hoor, te sê en te skryf. 2)

Ten slotte moet weer beklemtoon word dat die taalboek as 'n hersieningsmiddel nuttig is maar dat die boek nie as grondslag van 'n metode moet dien nie - die onderwyser is en bly vir die metode verantwoordelik.

4. SLOTBESKOUINGS EN GEVOLGTREKKINGS.

Die studie en navorsing van die onderwerp van hierdie proefskrif het my tot die gevolgtrekking gelei dat daar te min navorsing in verband met ons taalstudie op skool deur die Kaaplandse Departement van Onderwys onderneem word. Dientengevolge ontbreek dit aan (i) duidelike doelstellings by die onderwys van die vak; (ii) 'n duidelik-omskrewe studiekursus; (iii) doeglik-saamgestelde leerboeke en (iv) goeie metodes van onderrig. Ek noem nie swakgestelde eksamenvrae nie omdat dit 'n uitvloeisel van bogenoemde gebreke is.

(i) Gebrek aan doelstellings. Ons studiekursus bevat geen omlynde doelstellings nie; dit stip slegs in hoofsaak aan wat geleer moet word. Onderwysers berei dus hulle leerlinge voor op wat by eksamens moontlik gevra kan word sonder om die bereiking van bepaalde doelstellings op die oog te hê. Slegs wat in die studiekursusse aangedui word, geniet aandag.

(ii) Gebrek aan 'n duidelik-omskrewe studiekursus. Die studiekursus moet duideliker omskryf word. Om slegs aan te dui dat

te vat, want wat beteken eintlik „in gewone gebruik"? Dit is te vaag gestel; liewers moet die verskillende vorms wat vereis word, genoem word. Dieselfde geld vir idiome. So dikwels gebeur dit dat 'n onderwyser 'n duisend of meer idiome met 'n klas behandel en dan word miskien slegs vier of vyf gevra. Dit is duidelike tydsverspilling - ons berei tog vir „eksamens" voor. Hierdie vaagheid veroorsaak een van twee uiterste toestande: die leerling leer te min of hy leer te veel. Die gevolg van albei is dat swak punte by eksamens behaal word, wat toegeskryf moet word aan (i) gebrekkige of te min kennis en (ii) te veel ongeassimileerde kennis. Wie moet ons die goue middeweg aantoon?

(iii) Gebrek aan deeglik-saamgestelde leerboeke. Die waarde en gebruik van taalboeke op skool moet vasgestel word. Persoonlik is ek van mening dat die onderwyser die hooffaktor is in verband met taalstudie - die taalboek moet slegs as 'n hersieningsmiddel dien; 'n gerieflike samevatting van wat die onderwyser meegedeel en behandel het. Maar selfs as hersieningsmiddel moet die taalboek die belangstelling van die leerlinge kan hou en die taal as 'n stuk lewe vir hulle aanbied - nie 'n opsomming van dorre feite nie. Die taalboek moet die hele taalkursus dek - ~~net~~ nie net grammatika nie maar ook opstelle, briewe, parafrase, en so meer. Die stof moet deeglik uitgekies en gegradeer wees. Alles moet meewerk om die belangstelling van die leerlinge te wek en dit te hou en die studie vir hulle aangenaam en opbouend te maak.

(iv) Gebrek aan goeie metodes van onderrig. Dit is hoog tyd dat die Departement van Onderwys 'n paar goeie beproefde metodes aan die hand doen. Veral ten opsigte van opstelle moet die Departement veral „Opstelonderwys" van H.C. du Toit en „Teaching English in the Junior High School" van Webster en Smith pertinent onder die aandag van onderwysers bring. Maar dan moet die Departement ook sy voorkeur aan die aanbevole

nog meer in die studie van die moedertaal nie: vir hulle word dit 'n straf ten gevolge van die dodende atmosfeer waarin taallesse gegee en opstelonderwerpe behandel word. 'n Terugkeer tot onderwys wat van die belangstelling van die kind uitgaan, word 'n noodsaaklike vereiste.

Met heersende swak onderwysmetodes val natuurlik die gebrekkige opleiding van onderwysers saam. Ek voel dat hierdie belangrike saak ernstige oorweging moet geniet: die middel waardeur kennis vir die kind gebring word, is net so belangrik, indien nie belangriker nie, as die leerstof. Dit is noodsaaklik dat aspirant-onderwysers deeglik gekeur moet word en dat hul opleiding gedurende hul graadkursus op die skool ingestel moet wees.

As die skool voorsien kan word van deeglik-opgeleide onderwysers, 'n deeglik-omskrewe studiekursus, met definitiewe doelstellings en 'n paar goeie getoetste onderwysmetodes, deeglik-beplande en sistematiese leerboeke opgestel ná deeglike navorsingswerk en onderworpe aan die beginsels wat aan goeie leerboeke ten grondslag lê, glo ek beslis dat ons Afrikaanse taalstudie op skool 'n nuwe tydperk van ontwikkeling sal binnetree - 'n tydperk van ongekende taalliefde en produktiewe skepping; die utopiese tydperk wanneer ons van ons volk kan sê: Elke Afrikaner is 'n gretige leser van kunswerke in sy eie moedertaal.

E I N D E.

BYLAAG A

VOORGESKREWE WERKE VIR MATRIKULASIE (UNIVERSITEIT VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP) 1910 - 1918

1910
1. Hildebrand: Camera Obscura: Gerrit Witse

1911
1. Hildebrand: Camera Obscura: Familie Kegge.

1912
1. Schimmel: Joan Woutersz.
2. Van Maurik: Krates.
3. Messchaert: De Gouden Bruiloft.
4. Conscience: De Leeuw van Vlaanderen.
5. Buning: Marineschetsen.

1913
1. Schimmel: Zege na Strijd.
2. Van Koetsveld: De Pastorie te Mastland.
3. Ter Haar: De St. Paulusrots.
4. Andriessen: Koning en Stadhouder.
5. Conscience: De jonge Dokter.

1914
1. Schimmel: Napoleon Bonaparte.
2. De oude Heer Smits: Janus Snor, Familie van Ons.
3. Multatuli: Max Havelaar.
4. Da Costa: Cain, Hagar.
5. Haverschmidt: Familie en Kennissen.

1915
1. Oltmans: Het Slot Loevestein.
2. Van den Berg: De Neven.
3. Van Lennep: De Roos van Dekama.
4. Van Limburg-Brouwer: Akbar.
5. Tollens: De Overwintering op Nova Zembla.

1916
1. Schimmel: Joan Woutersz.
2. Van Maurik: Krates.
3. De oude Heer Smits: Clementine.
4. Jonathan: Nederlandse Tijpen.
5. Schaepman: Aya Sofia.

1917
1. Schimmel: Struensee.
2. Schimmel: Zege na Strijd.
3. Hildebrand: Camera Obscyra.
4. Van Limburg-Brouwer: Akbar.
5. Top Naeff: Oogst.
6. De Genestet: De St. N. Avond, 't Haantje van de Toren, De Schoenlapper van Alexandrië.
7. Conscience: De Leeuw van Vlaanderen.

GEMEENSKAPLIKE MATRIKULASIERAAD

Des. 1918 en Junie 1919
1. Wallis: Een Hongaarsche Samenzwering.
2. Multatuli: Vorstenschool.
3. Haspels: Zee en Heide.
4. Couperus: Psyche.
5. Top Naeff: In den Dop.
6. Staring: De Twee Bultenaars.
7. Potgieter: Blaauw Bes, Marie.
8. Van Lennep: Chariëtto, De Twee Admiralen, Alwart.

Des. 1919 en Junie 1920
1. Schimmel: Joan Woutersz.
2. Van Koetsveld: De Pastorie te Mastland.
3. Van Maurik: Krates.
4. Andriessen: Koning en Veldheer.
5. De oude Heer Smits: Janus Snor en Familie van Ons.
6. Hildebrand: De Familie Kegge (Camera Obscura).

5. De Genestet: Het Haantje van de Toren, De Schoenlapper van Alexandrië, De St. N. Avond.
6. Tony: Ernest Staes.
7. Potgieter: De Ezelinnen; Hoe't Weeuwtje uit het Hof van Holland gevrijd werd; Jan, Jannetje en hun jongste Kind..

Des. 1921, Feb. en Junie 1922 - Hollands A.

Afdeling A: 1. Maëldrinck: Jan Masseur.
Afdeling B: 1. Van Limburg-Brouwer: Akbar.
2. Totius: Trekkerswee.
3. Messchaert: Gouden Bruiloft.
4. Buning: Marineschetsen.
5. Haverschmidt: Familie en Kennissen.

Afrikaans A

Afdeling A: 1. Maëldrinck: Jan Masseur.
Afdeling B: 1. Francken: Susanna Reyners, en verder soos vir Afdeling B, Hollands A.

Des. 1922 en Feb. 1923 - Nederlands A.

Afdeling A: 1. Van den Bergh: De Neven.
Afdeling B: 1. Ligthart: Letterkundige Studiën.
2. Gezelle: Kleine Bloemlezing.
3. Van Nouhuys: Eerloos.
OF
Schimmel: Het Kind van Staat.
4. Pienaar: Digters uit Suid-Afrika.
5. Van der Walt: Noordwaarts.
OF
Beets: De Familie Stastok (Camera Obscura).
6. Van Lennep: Vijf Verhalen.

Afrikaans A

Afdeling A: 1. Grosskopf: Die Koerantskrywers.
Afdeling B: Dieselfde as vir Nederlands A, Afd. B.

Des. 1923 en Feb. 1924 - Nederlands A.

Afdeling A: 1. Schimmel: Zege na Strijd.
Afdeling B: 1. Nijland (Samesteller): Bloemlezing uit Guido Gezelle's Gedichten.
2. Hildebrand: Een Oude Kennis en Gerrit Witse (Camera Obscura).
3. Van Lennep: Chariëtto, De Twee Admiralen, Alwart, Het Godsoordeel, De Twee Pistoolschoten.
4. Pienaar: Digters uit Suid-Afrika.
5. Langenhoven: Ons Weg deur die Wêreld, Deel I.
6. Du Toit: Die Koningin van Skeba.

Afrikaans A

Afdeling A: 1. Maré: Die Nuwejaarsfees en ander Afrikaanse Verhale.
Afdeling B: Dieselfde as vir Nederlands A, Afd. B.

Des. 1924 en Feb. 1925 - Nederlands A.

Afdeling A: 1. Haspels: David en Jonathan.
Afdeling B: 1. Hildebrand: Een Oude Kennis en Gerrit Witse (Camera Obscura).
2. Van Lennep: De Roos van Dekama.
3. Staring: De Twee Bultenaars.
4. Langenhoven: Ons Weg deur die Wêreld, Deel I.
5. Du Toit: Die Koningin van Skeba.
6. Totius: Wilgerboombogies.

Afdeling B:
1. Van Eeden: De Kleine Johannes (1)
2. Van Lennep: De Roos van Dekama.
3. Staring: De Twee Bultenaars.
4. Van Bruggen: Die Burgemeester van Slaplaagte.
5. Leipoldt: Oom Gert Vertel en Ander Gedigte.
6. Totius: Wilgerboombogies.

Afrikaans A

Afdeling A: 1. Celliers: Reg bo Reg.
Afdeling B: Dieselfde as vir Nederlands A, Afd. B.

Des. 1926 en Feb. 1927 - Nederlands A.

Afdeling A: 1. Schimmel: Napoleon Bonaparte.
Afdeling B:
1. Van Eeden: De Kleine Johannes (1)
2. Ulfers: Oostloorn.
3. Nijland: Bloemlezing uit Guido Gezelle's Gedichten.
4. Van Bruggen: Die Burgemeester van Slaplaagte.
5. Leipoldt: Oom Gert Vertel en ander Gedigte.
6. Van Reenen: Die Lokaas.

Afrikaans A

Afdeling A: 1. Celliers: Martjie.
Afdeling B: Dieselfde as vir Nederlands A, Afd. B.

Des. 1927 en Feb. 1928 - Nederlands A.

Afdeling A: 1. Tony: Ernest Staes.
Afdeling B:
1. Beets: De Familie Stastok.
2. Ulfers: Oostloorn.
3. Nijland: Bloemlezing uit Guido zelle's Gedichten.
4. Van Reenen: Die Lokaas.
5. Maré: Die nuwejaarsfees op Palmietfontein.
6. Totius: Trekkerswee.

Afrikaans A

Afdeling A: 1. Van Bruggen: Ampie.
Afdeling B: Dieselfde as vir Nederlands A, Afd. B.

Des. 1928 en Feb. 1929

Afrikaans A:
1. Wolff en Deken: Historie van Mejuffrouw Sara Burgerhart.
2. Van den Bosch: Gedichten.
3. Van Bruggen: Ampie.
4. Leipoldt: Die Heks.
5. Maré: Die Nuwejaarsfees en Ander Verhale.
6. Sangiro: Uit Oerwoud en Vlakte.

Nederlands A:
1. Wolff en Deken: Historie van Mejuffrouw Sara Burgerhart.
2. Van den Bosch: Gedichten.
3. Tony: Ernest Staes.
4. Boudier-Bakker: Het Hoogste Recht.
5. Maré: Die Nuwejaarsfees en ander Verhale.
6. Sangiro: Uit Oerwoud en Vlakte.

Des. 1929 en Feb. 1930

Afrikaans A:
1. Wolff en Deken: Historie van Mejuffrouw Sara Burgerhart.
2. Van den Bosch: Gedichten.
3. Langenhoven: Mof en sy mense.
4. Grosskopf: Drie Eenbedrywe.

2. Van den Bosch: Gedichten.
3. Timmermans: Anna-Marie.
4. Schimmel: Joan Woutersz.
5. Leipoldt: Waar Spoke Speel.
6. Sangiro: Op Safari.

Des. 1930 en Feb. 1931

Afrikaans A:
1. Cats: Keur uit zijn Verhalende Gedichten.
2. Grosskopf: 'n Esau.
3. Leipoldt: Uit drie Wêrelddele.
4. K. van Bruggen: Het verstoorde Mierennest.
5. Langenhoven: Skaduwees van Nasaret.
   OF
   Marais: Sketse uit die Lewe van Mens en Dier.
6. De Roubaix: Boesmanlandse Sketse en Verhale.

Nederlands A:
1. Cats: Keur uit zijn Verhalende Gedichten.
2. Simons-Mees: Geloof.
3. Leipoldt: Uit drie Wêrelddele.
4. Van Bruggen: Het verstoorde Mierennest.
5. Langenhoven: Skaduwees van Nasaret.
   OF
   Marais: Sketse uit die Lewe van Mens en Dier.
6. Hildebrand: De Familie Stastok en De Familie Kegge.

Des. 1931 en Feb. 1932

Afrikaans A:
1. Vondel: De Leeuwendalers.
2. Van Nouhuys: Eerloos.
3. Visser: Gedigte.
4. Van Bruggen: Toeleurgestel.
5. Sangiro: Uit Oerwoud en Vlakte.
6. Langenhoven: Ons Weg deur die Wêreld, Deel I.

Nederlands A:
1. Vondel: De Leeuwendalers.
2. Van Nouhuys: Eerloos.
3. Boutens: Beatrijs.
4. Van Hille-Gaertjé: De Plaats waarop zij staat.
5. Sangiro: Uit Oerwoud en Vlakte.
6. Langenhoven: Ons Weg deur die Wêreld, Deel I.

Des. 1932 en Feb. 1933

Afrikaans Hoër Graad:
1. Wolff en Deken: Historie van Mejuffrouw Sara Burgerhart.
2. Totius: Trekkersvee.
3. Van Bruggen: Ampie I.
4. Boudier-Bakker: Verleden.
5. Maré: Die Nuwejaarsfees op Palmietfontein.
6. Sangiro: Op Safari.

Nederlands Hoër Graad:
1. Wolff en Deken: Historie van Mejuffrouw Sara Burgerhart.
2. Nijland: Bloemlezing uit Guido Gezelle's Gedichten.
3. Van Bruggen: Ampie I.
4. Boudier-Bakker: Verleden.
5. Top Naeff: Klein Avontuur.
6. Sangiro: Op Safari.

3. Wallis: Een Hongaarsche Samenzwering.
4. Langenhoven: Aan Stille Waters.
5. Malherbe: Hans die Skipper.
6. Eybers: Op die Voetspore van die ou Reisigers.

VOORGESKREWE WERKE VIR SENIOR SERTIFIKAAT (KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT VANAF 1923 - 1940

1923 Deel 1: 1. Grosskopf: 'n Esau
OF
Schimmel: Zege na Strijd.
2. Pienaar: Digters uit Suid-Afrika
OF
Nijland: Bloemlezing uit Guido Gezelle's Gedichten.

Deel 2. Twee van die volgende:
1. Hildebrand: Een Oude Kennis en Gerrit Witse (Camera Obscura).
2. De Wit: Orpheus in de Dessa.
3. Langenhoven: Ons Weg deur die Wêreld, Deel I.
4. Sangiro: Die Lotgevalle van 'n Leeufamilie.

1924 Deel 1: 1. Grosskopf: 'n Esau
OF
Haspels: David en Jonathan.
2. Totius: Wilgerboombogies
OF
Staring: De Twee Bultenaars.

Deel 2. Twee van die volgende:
1. Langenhoven: Ons Weg deur die Wêreld, Deel I.
2. Hildebrand: Een Oude Kennis en Gerrit Witse.
3. Van Lennep: De Roos van Dekama.
4. Du Toit: Die Koningin van Skeba.

1925 Deel 1: 1. Boudier-Bakker: Het Hoogste Recht
OF
Celliers: Reg bo Reg.
2. Van Eeden: De Kleine Johannes (1)
OF
Van Bruggen: Die Burgemeester van Slaplaagte.

Deel 2. Twee van die volgende:
1. Van Lennep: De Roos van Dekama.
2. Staring: De Twee Bultenaars.
3. Leipoldt: Oom Gert vertel en ander Gedigte.
4. Totius: Wilgerboombogies.

1926 Deel 1: 1. Ulfers: Oostloorn
OF
Grosskopf: Die Koerantskrywers.
2. Ter Haar: De St. Paulus Rots
OF
Totius: Trekkerswee.

Deel 2: Twee van die volgende:
1. Couperus: Eline Vere.
2. Bosboom-Toussaint: Het Huis Lauernesse.
3. Schimmel: Joan Woutersz.
4. Langenhoven: Locloernai.
5. Celliers: Bang vir die Lewe.
6. Celliers: Die Vlakte en ander Gedigte.

1927 Deel 1: 1. Fagan: Lenie

Bosboom-Toussaint: De Delftsche Wonderdokter.

Deel 2. Twee van die volgende:

1. Leipoldt: Uit drie Wêrelddele.
2. Maëldrinck: Jan Masseur.
3. Sangiro: Op Safari.
4. Maré: Die Nuwejaarsfees.
5. Vondel: Jozef in Dothan.
6. Ulfers: Oostloorn.

1928 Deel 1: 1. Wallis: Een Hongaarsche Samenzwering
OF
Grosskopf: 'n Esau.

2. Scharten-Antink: De Jeugd van Francesco Campana OF
Sangiro: Op Safari.

Deel 2. Twee van die volgende:

1. Van den Bosch: Gedichten voor de 1ste en 2de en voor de 3de en 4de klasse van H.B.S. en Gymnasium. Twee deeltjies.
2. Van Oordt: Irmenlo.
3. Wolff en Deken: Historie van Mejuffrouw Sara Burgerhart.
4. Maré: Die Nuwejaarsfees en ander Afrikaanse Verhale.
5. Langenhoven: Die Pad van Suid-Afrika.
6. Von Wielligh: Langs die Lebombo.

1929 Die volgende ses:

1. Wolff en Deken: Historie van Mejuffrouw Sara Burgerhart.
2. Van den Bosch: Gedichten (soos hierbo).
3. Visser: Gedigte.
4. Grosskopf: Drie Eenbedrywe.
5. Leipoldt: Waar Spoke Speel OF
Linde: Onder Bevoorregte Mense.
6. Sangiro: Op Safari OF Diamantkoors.

1930 Die volgende ses:

1. Cats: Keur uit zijn Verhalende Gedichten.
2. Grosskopf: 'n Esau.
3. Leipoldt: Uit drie Wêrelddele.
4. Van Bruggen: Het verstoorde Mierennest OF
Boudier-Bakker: Kinderen.
5. Langenhoven: Skaduwees van Nasaret OF
Sangiro: Diamantkoors en twee Fortuinsoekers.
6. De Roubaix: Boesmanlandse Sketse en Verhale.

1931 Die volgende ses:

1. Vondel: Leeuwendalers.
2. Van Nouhuys: Eerloos.
3. Visser: Gedigte.
4. Van Bruggen: Ampie II (Die Meisiekind).
5. Preller: Piet Retief OF
Van Bruggen: Teleurgestel.
6. Langenhoven: Ons Weg deur die Wêreld, Deel I.

1932 Die volgende ses:

1. Bosboom-Toussaint: Majoor Frans.
2. Totius: Trekkerswee.
3. Van Bruggen: Ampie, Deel I.
4. Schimmel: Napoleon Bonaparte.
5. Linde: Die Goue Roos en ander Verhale.
6. Sangiro: Op Safari.

1933 Die volgende ses:

1. Luttig: Mirre en Wierook.
2. Malherbe: Hans die Skipper.
3. Pienaar: Dichters uit Suid-Afrika

1934 Die volgende ses:
1. Vondel: Jozef in Dothan.
2. Grosskopf: Die Koerantskrywers.
3. Celliers: Die Vlakte en ander Gedigte.
4. Scharten-Antink: Die Jeugd van Francesco Campana.
5. Sangiro: Skotse uit Oerwoud en Vlakte.
6. Linde: Die Goue Roos en ander Verhale.

1935 Die volgende ses:
1. Van Nouhuys: Eerloos.
2. Van Nes-Uilkens: Duikelaartje OF Bosboom-Toussaint: Majoor Frans.
3. Leipoldt: Uit drie Wêrelddele.
4. Langenhoven: Ons Weg deur die Wêreld, Deel I.
5. Eybers: Outydse Skotse en Verhale.
6. Geredigeer deur M.L. du Toit: Die Jongste Afrikaanse Kortverhale.

1936 Die volgende ses:
1. Hoteleerkamp: In die dae van Van Riebeeck.
2. Van den Heever: Droogte.
3. Marais: Gedigte.
4. Versamel deur F.E.J. Malherbe: Moderne Hollandse Kortverhale.
5. Sangiro: Op Safari.
6. Schimmel: Napoleon Bonaparte.

1937 Die volgende ses:
1. Simons-Mees: De Veroveraar.
2. Malherbe: Hans die Skipper.
3. Visser: Gedigte.
4. Jonker: Bande.
5. Langenhoven: U Dienswillige Dienaar, Deel II.
6. Bergmann: Ernest Staes.

1938 Die volgende ses:
1. Langenhoven: Sonde met die Bure en Herrie.
2. Fagan: Die Ouderling en ander Toneelstukke.
3. Celliers: Die Vlakte en ander Gedigte.
4. Marais: Die Leeus van Magoeba.
5. Van Schendel: Een Eiland in de Zuidzee.
6. Van Effen: Opstelle uit die Hollandse Spectator.

1939 Die volgende ses:
1. Grosskopf: Drie Eenbedrywe.
2. Van den Heever: Somer.
3. Leipoldt: Slampamperliedjies.
4. Malherbe: Moderne Hollandse Kortverhale.
5. Scharten-Antink: De Jeugd van Francesco Campana.
6. Pienaar: Ruth.

1940 Die volgende ses:
1. Grosskopf: 'n Esau.
2. Malherbe: Die Hart van Moab.
3. Marais: Versamelde Gedigte.
4. Van den Heever: Vuurvlieg en Sterre.
5. Van Eeden: De Kleine Johannes (1)
6. Stamperius: Uit het Leven van Edison.

---

3. Van Maurik: Een Menschenleven; Uit het Volk.
4. Hildebrand: De Familie Stastok (Uit Camera Obscura).

1912 1. Van Lennep: Chariëtto; Het Godsoordeel; De twee Pistoolschoten; De twee Admiralem; Alwart.
2. Tollens: Gedichten: Nova Zembla, Egmond en Hoorn, Het Turfschip van Breda, Herman de Ruiter, Keinau, Hasselaar, Han van Schaffelaar, Albrecht Beiling, De Echtscheiding, Hondentrouw, De Brand, De Spaansche Broeders voor Haarlem.

1913 1. Andriessen: De Tocht naar Rusland.
2. De Genestet: Zestig Verzen uit "Laatste der Eerste".

1914 1. Moorrees: De Paarlberg, De Hugenoot, Wolraad Woltemade.
2. Conscience: Siska van Roosemael; Baas Gansendonck.
3 Van Lennep: De Twee Admiralen; Alwart.
4. Beets: Ada van Holland.
5. Beets: Een Bloemlezing.

1915 1. Van Maurik: Een Menschenleven.
2. Van Maurik: Jan Smees.
3. Ter Haar: Leidsche Herdrukken No. 20
EN 4. Bresen: God heeft het gedaan of Nederland in 1813
OF Van der Flier: De Laatste Strijd.
EN 5. Van Limburg-Brouwer: Een Ezel en enig Speelgoed
OF Van Lennep: Chariëtto.

1916 1. Andriessen: Koning en Veldheer.
2. Seleksies uit Fouché: Bloemen uit de Nederlandsche Tuin.
3. D'Arbez: Mooi Annie.
4. Schmidt: Genoveva.

1917 1. Van Maurik: Uit een Pen; Herr Hagenbach's Erfenis; Oude Sientje; Cesar; De Nachtwacht.
2. Fouché: Bloemen uit de Nederlandsche Tuin.
3. D'Arbez: Aan Tafelbaaistrand.
4. Haverschmidt: Selections from Familie en Kennissen.

1918 1. De Genestet: Zestig Verzen uit "Laatste der Eerste"
2. Van Maurik: Jan Smees.
3. Van der Post: Piet Uijs.

Universiteit van Suid-Afrika

1919 1. Moorrees: Zevenjaartjes.
2. Van der Flier: Om de Kroon van Frankrijk.

1920 1. Fouché: Bloemen uit de Nederlandse Tuin.
2. Van der Post: Ignas Prinsloo.
Afrikaans: Drie opstelle uit nege het betrekking op: Van der Walt: Noordwaarts.
Drie opstelle uit nege het betrekking op: Van Roenen: Die Agterstevoortrekkers.
Afd. D. Blok: Die Grensboere.

1921 1. Tollens: Zeven Gedichten over onderwerpen van Geschiedkundige aard.
2. Conscience: Baas Gansendonck.
3. Hoekstra: Letterkundige Opstellen
4. De Wit: Orpheus in de Dessa.
5. Van de Wall Perné: Veluwse Sagen.
Afrikaans A: 1. Leipoldt: Oom Gert Vertel en ander Gedigte

3. Van Lennep: De Twee Admiralen.
4. Van der Flier: Om de Kroon van Frankrijk.
5. Koning: Het Beeld op de Rots.

Afrikaans:
1. Malherbe: Die Timmerman.
2. Postma: Die Boervrou.
3. Lion-Cachet: Sewe Duiwels.
4. Blok: Grensboere.
5. Jansen: Veldblommetjies en ander Verhale.

1923 Nederlands:
1. Tollens: Drie Gedichten.
2. Andriessen: Koning en Veldheer.
3. Botha: Reinaert, de Jakhals.
4. Conscience: Siska van Roosemael.
5. De Wit: Orpheus in de Dessa.

Afrikaans:
1. Van der Merwe, Lub en Bot: Bloemlesing.
2. Du Toit: Die Koningin van Skeba.
3. Malherbe: Die Timmerman.
4. Von Wielligh: Boesmanstories, Deel II.
5. Van Reenen: Verborge Skatte.

1924 Nederlands:
1. Tollens: De Overwintering op Nova Zembla.
2. Conradie: Op reis in het Zuidwesten.
3. Van Maurik: Jan Smees.
4. Van Maurik: Oude Seintje.
5. Van Maurik: Een Menschenleven.

Afrikaans:
1. Sangiro: Sketse uit die Oos-Afrikaanse Dierewêreld.
2. Von Wielligh: Nimrod Seeling.
3. Totius: Wilgerboombogies.
4. Van Bruggen: Op Veld en Rante.
5. Malherbe: Afrikaanse Letterkunde - 'n Bloemlesing.

VOORGESKREWE WERKE VIR JUNIOR SERTIFIKAAT (KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT) VANAF 1921 - 1940

Nederlands of Afrikaans

1921 1. Conscience: Baas Gansendonck OF
Gerdener: Sarel Celliers.
2. Tollens: Zeven Gedichten over Onderwerpen van Geschiedkundige Aard OF
Du Biel: Getrou.

Twee van die volgende vir opstoldoeleindes:
1. Hoekstra: Letterkundige Opstellen.
2. De Wit: Orpheus in de Dessa.
3. Van de Wall Perné: Veluwse Sagen.
4. Fagan: Uit 'n Studentealbum.
5. Malherbe: Vir Vryheid.
6. Bloemlesing uit die Nuwere Afrikaanse Letterkunde.

1922 1. Andriessen: De Tocht naar Rusland OF
Blok: Grensboere.
2. Ter Haar: Keur uit de Gedichten OF
Keet: Afrikaanse Gedigte.

Twee van die volgende:
1. Van Lennep: De Twee Admiralen.
2. Van der Flier: Om de Kroon van Frankrijk.
3. Koning: Het Beeld op de Rots.
4. Lub: Oom Frikkie.
5. Engela: Afrikaanse Verhale.
6. Von Wielligh: Dierestories.

Twee van die volgende:
1. Reinaert de Jakhals (No. 2 van Longmans' Z.A. Lektuur).
2. Conscience: Siska van Roosemael.
3. Malherbe: Die Timmerman.
4. Langenhoven: Sonde met die Bure.

1924
1. Celliers: Martjie OF
   Tollens: De overwintering op Nova Zembla.
2. Sangiro: Uit Oerwoud en Vlakte OF
   Conradie: Op reis in 't Zuidwesten.

Twee van die volgende:
1. Van Maurik: Jan Smees.
2. Van Maurik: Oude Sientje.
3. Van Maurik: Een Menseleven.
4. Totius: Wilgerboombogies.
5. Van Bruggen: Op Veld en Rante.
6. Malherbe: Afrikaanse Letterkunde.

1925
1. Ter Haar: Keur uit de Gedichten OF
   Celliers: Martjie.
2. Van Koetsveld: De Pastorie te Mastland OF
   Von Wielligh: Ghwennie Barneveld.

Twee van die volgende:
1. Penning: De Watervloed.
2. Feith: De reis om de Wêreld in 40 dagen.
3. Van Abkonde: Hein Stavast.
4. Malherbe: Die Skaduwee van 'n Vrou.
5. Spoelstra: Ons Volkslewe.
6. Malot Steyn: Alleen op die Wêreld.

1926
1. Tollens: Zeven Gedichten over Onderwerpen van Geschiedkundige Aard OF
   Leipoldt: Uitgesoekte Gedigte.
2. Roune: Met Kerstmis naar Huis OF
   Eybers: Outydse Sketse en Stories (Uit die Ou Reisigers oorvertel).

Twee van die volgende:
1. Hildebrand: Familie Kegge en Familie Stastok.
2. Van der Flier: Om de Kroon van Frankrijk.
3. De Genestet: Haantje van de Toren, De Schoenlapper van Alexandrië, en De Sint Nicolaas-Avond.
4. Langenhoven: Die Lig van Verre Dae.
5. Meyerink: 'n Pionier in Suid-Afrika.
6. Prosper-Merimée: Colomba (Bewerking van Celliers).

1927
1. Langenhoven: Sonde met die Bure en Die Lig van Verre Dae, OF
   D'Arbez: De Familie van de Zieketrooster.
2. Keet: Gedigte OF Moorrees: Zevenjaartjes.

Twee van die volgende:
1. Celliers: Mannie.
2. Eybers: Mont-aux-sources en ander sketse en verhale.
3. Conradie: Ondervindingen van een jonge predikant en Op reis in het Zuidwesten.
4. Roune: Met Kerstmis naar Huis.
5. Totius: Trekkerswee.
6. Tollens: Overwintering op Nova Zembla.

1928
1. Van Lennep: De Twee Admiralen en Alwart OF
   Hofmeyr: Fanie.
2. Tollens: De Overwontering op Nova Zembla OF
   Totius: Trekkerswee.

Twee van die volgende:
1. Fitzpatrick: Bosveld Jock. (Bewerking deur G. Preller)
2. D'Arbez: De Strijd om Recht.
3. Ter Haar: Keur uit de Gedichten

De Genestet: Haantje van de Toren en De Sint Nikolaas-Avond.
2. Malherbe: Die Meulenaar, OF
Top Naeff: Oogst.
Twee van die volgende:
1. Du Biel: Die Misdade van die Vaders.
2. D'Arbez: Mooi Annie. (Afrikaanse bewerking)
3. De Roubaix: Boesmanlandse Sketse.
4. Scharten-Antink: De Jeugd van Francesco Campana.
5. Van Koetsveld: De Pastorie te Mastland.
6. Andersen: Hollandse Gedichten.

1930 1. Celliers: Martjie, OF
De Genestet: Haantje van de Toren en De Sint Nikolaas-Avond.
2. Sangiro: Sketse uit Oerwoud en Vlakte, OF
Andriessen: De Zilveren Schaatsen.
Twee van die volgende:
1. D'Arbez: Dawid Malan.
2. Langenhoven: Donker Spore.
3 Totius: Wilgerboombogies.
4. Andriessen: Koning en Veldheer.
5. Penning: Noodweer.
6. Moorrees: Zevenjaartjes.

1931 1. Grosskopf: Patrys hulle OF
Malan: Deur 'n geleende bril OF
Van der Post: Piet Uys.
2. Leipoldt: Uitgesoekte Gedigte OF
Acket (versamelaar): Een Bundel Verzen, eerste deeltje.
Twee van die volgende:
1. Lion-Cachet: Die Sewe Duiwels.
2. Eybers: Uit die land van Homeros.
3. Totius: Trekkerswee.
4. Naeff: School Idyllen.
5. Brand: Adriaan Hugo.
6. Hobson: Kees van die Kaliharie.

1932 1. Van Bruggen: Op Veld en Rante, OF
Roggeven: De Ongelooflike Avonturen van Bram Vingerling.
2. Visser: Die Purper Iris en ander nagelate gedigte OF Andersen: Hollandse Gedichten.
Twee van die volgende:
1. "Tannie": Daar ver oor die See.
2. Luhis: Nahoon Legendes.
3. Groeneweg: Maseppa.
4. Keet Gedigte.
5. Naeff: Het Veulen.
6. Lagerlöff: Neels Holgersson.

1933 1. Hobson en Hobson: Skankwan van die Duine OF
Bruyn: Keteltje in het Voorhuis.
2. Keet: Gedigte OF Acket: Een Bundel Verzen.
Twee van die volgende:
1. Langenhoven: Die Wandelende Geraamte en ander verskynings.
2. Marais: Magriet van Laastelust en Die Wegraak van Sannie.
3. Serfontein: Los Hande.
4. Leipoldt: Oom Gert vertel en ander Gedigte.
5. Ivans: Aan den Rand van het Bosch.
6. Moorrees: Zevenjaartjes.

1934 1. Van Bruggen: Op Veld en Rante.
2. Grosskopf: Swart Slang en ander Verhale.
3. Brand: Die Swart Hand.

1936 1. Langenhoven: Mof en sy mense.
2. Hobson en Hobson: Kees (met inbegrip van Kloes).
3. Van Oordt: Seuns van die Wolke.
4. Celliers: Martjie.

1937 1. Langenhoven: Donker Spore.
2. Du Plessis: Die Silwervaring.
3. Hobson en Hobson: Buks.
4. Pienaar: Digters uit Suid-Afrika.

1938 1. Buning: Uit ons Digkuns.
2. Sangiro: Uit Oerwoud en Vlakte.
3. Mikro: Toiings.
4. Brand: Adriaan Hugo.

1939 1. Malherbe: Afrikaanse Verse: 'n Bloemlesing vir die Middelbare Skool, Deel I.
2. Marais: Bloujan.
3. Grosskopf: Patrys hulle.
4. Hobson: Buks.

1940 1. Malherbe: Afrikaanse Verse.
2. Du Plessis: Die Skraal Man.
3. Hobson en Hobson: Geluksvlei.
4. Van den Heever: Simson en ander Kortverhale.

------oOo------

BYLAAG B

TAAL- EN LEESBOEKE OP KAAPLANDSE SKOLE GEBRUIK (ALFABETIESE VOLGORDE)

1. Booysen. C.M., Marais, J., Steyn, H.A., Bonthuys, J.D.: Die Nuwe Praktiese Grammatika, Stylkursus en Klankleer. Nas. Pers, Kaapstad. 1940.
2. Botha, M.C. en Burger, J.F.: Maskew Miller se Afrikaanse Grammatika. Maskew Miller, Kaapstad. Tweede Druk 1922.
3. Botha, M.C. en Burger, J.F.: Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge. Maskew Miller, Kaapstad. ± 1938.
4. Botha, M.C. en Burger, J.F.: Afrikaanse Stylleer met Oefeninge. Maskew Miller, Kaapstad. ± 1929.
5. Capelle, C.A.E. van: Hollands Leesboek voor Zuid-Afrika. Boek VIII. T. Maskew Miller, Kaapstad. (nie gedateer nie)
6. Capelle, C.A.E. van: Hollands Leesboek voor Zuid-Afrika. Boek IX. T. Maskew Miller, Kaapstad. (nie gedateer nie)
7. Changuion, A.N.E.: Geslachtwijzer der Nederduitsche Taal. J.H. Collard, Kaapstad. 1842.
8. Changuion, A.N.E.: De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld. J.H. Collard, Kaapstad. 1844.
9. Changuion, A.N.E.: Elements of Translation in Easy Lessons A.S. Robertson, Heerengracht, Cape Town. In 3 parts: 1846, 1846, 1847.
10. Changuion, A.N.E.: Elements of Dutch Grammar. N.H. Marais, No. 45, Long-street, Cape Town. 1860.
11. Cramer, Bastiaan: Geheel vernieuwde en verbeterde Trap der Jeugd, of naauwkeurige en bevattelijke grondlegger der Nederduitsche spel-, lees-, schrijf- en taalkunst. Juta en Co., Kaapstad. 1904.
12. Dingemans, G.F. en Van Broam, P.: Idiomen. Grocott & Sherry, Grahamstad. 1908.
13. Dijksterhuis, J.: Maskew Miller's Elements of Dutch Grammar. T.Maskew Miller, Cape Town. 1916.

16. Elffers, H.: An Elementary Grammar of the Dutch Language. J.C. Juta & Co., Cape Town. Thirteenth Edition. 1912.
17. Elffers, H.: Nieuwe Hollandsche Spraakkunst voor die Volksscholen van Zuid-Afrika. Juta & Co., Kaapstad. Tweede Druk 1907.
18. Elffers, H.: The Standard Dutch Grammar. Juta & Co., Cape Town. 1907.
19. Elffers, H.: De Zuid-Afrikaanse Briefsteller. Juta & Co., Kaapstad. Derde Uitgave. 1907.
20. Elffers, H.: Leesboek voor Zuid-Afrika — Standaard VII — Bloemlezing. J.C. Juta & Co., Kaapstad. 1906.
21. Elffers, H.: Leesboek voor Zuid-Afrika — Standaard VIII — Bloemlezing. J.C. Juta & Co., Kaapstad. 1906.
22. Jansen, M. en Booysen, C.M.: Praktiese Grammatika van die Afrikaanse Taal. De Nationale Pers. Bpkt., Pietermaritzburg. 1921.
23. Logeman, W.S.: Leesboek en Grammatika - No. 3 van de A-Z serie. Jacques Dusseau, Kaapstad. 1897.
24. Logeman, W.S.: Leesboek en Grammatika - No. 4 van de A-Z serie. H.A.U.M., Kaapstad. Derde druk. 1904.
25. Logeman, W.S.: No. 5 van de A-Z serie: Allerlei. Een Leesboek voor School en Huis. H.A.U.M., Kaapstad. Derde druk. 1904.
26. Maatschappy 'Tot Nut van 't Algemeen': Zedekundig Schoolboek. Uitgever W. Bridekirk, Kaapstad. Derde uitgave 1833.
27. Malherbe, D.F.: Afrikaanse Taalboek. De Nationale Pers Bpkt., Bloemfontein. Derde, verbeterde druk. 1920.
28. Merwe, C.P. van der: Handleiding vir Sekondêre Afrikaansleerlinge. Nas. Pers Bpk., Kaapstad. 1940.
29. Potgieter, D.J.: Nuwe Afrikaanse Grammatika. Juta & Kie., Kaapstad 1931.
30. Rose-Innes, J.: First Book of Exercises for the use of the Dutch classes in the Government Schools, and in the Mission and other schools receiving aid from the colonial treasury Cape of Good Hope. A.S. Robertson, Heerengracht, Cape Town. 1843.
31. Rouendal, F.J. van en Du Toit, H.A.: Nuwe Afrikaanse Stylleer met Styloefeninge. Juta & Kie., Kaapstad. ± 1938.
32. Roux, J.P. en Rijn, C.J. van: Het Zoele Zuiden. T. Maskew Miller, Kaapstad. 1906.
33. Roux, T.H. le; Malherbe, D.F. en Smith, J.J.: Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. De Nationale Pers, Bpkt., Bloemfontein. Twede druk. 1918.
34. Rijn, C.J. van: Praktiese Hollandse Spraakkunst. T. Maskew Miller, Kaapstad. Tweede Uitgave. 1907.
35. Rijn, C.J. van: Advanced Dutch Grammar. T. Maskew Miller, Cape Town. 1906.
36. Samestellers: Volksleesboek voor Scholen en Huisgezinnen in Zuid-Afrika. Van de Sandt de Villiers, Kaapstad. 1868.
37. Stucki, M.J.: Hollandsche Spraakkunst voor Zuid-Afrika. Belinfante, Kaapstad. 1877, en verdere drukke tot die vyftiende druk, 1914.
38. Tuuk, J. van der: Nederlandsche Spraakkunst voor Zuid-Afrika. Ten dienste van Scholen, de Lagere Klassen van Colleges en van Candidaten voor het examen van den Civielen Dienst, met Talrijke Oefeningen. Hofmeyr en Rigter, Kaapstad. 1891.

-----oOo-----

BYLAAG C

DUTCH ORTHOGRAPHY AND SYNTAX

Reformed Spelling. (Calender University of the Cape

van de Schrijftaal", and the simplifications in grammar advocated by the same Association, will be allowed in all the examinations of the University.

/ N.B. Candidates who use the reformed system of spelling will be required to state this in their answer-books. A mixture of the two systems will not be allowed /.

2. With regard to words and expressions peculiar to the Dutch of South Africa, and used in a sense different from that which they now have in Holland, it will be left to the judgment of each examiner to decide to what extent the use of such words and expressions may be admitted.

3. With regard to the undermentioned points, the recognized modern general practice of Holland may be adopted either wholly or in part at the discretion of the candidates, whether they wish to adhere to the older orthography or not.

(1) The genitive (possessive) ending in S (i.e. the "declined genitive") should be written only where it is used also in spoken (conversational) Dutch, i.e. in:
   (a) Proper Nouns, and the words which are used as such: vader, moeder, etc., e.g. moeders boek, vaders hoed, etc.
   (b) The neuter singular of the adjective after such words as: iets, niets, etc., e.g. niets kwaads, veel zoets, etc.

(2) The use of the archaic forms of the genitive (such as e.g. des goeden mans, etc., etc.) is exclusively confined to elevated style, to the diction of prayer or the pulpit. The natural spoken language uses the periphrastic forms of the genitive and the dative. The declined forms should accordingly be used only where required by considerations of style.

(3) The forms: een, geen, mijn, zijn, haar, hun, uw, may be used for all genders and all cases, Singular and Plural: e.g. Ik heb een vriend, zij heeft geen vijand, eer uw vader en uw moeder, etc.
The forms ending in n of the possessive substantive pronouns, and the ordinal numerals are only used when speaking of persons: e.g. de mijnen, en de uwen; vele eersten zullen de laasten zijn, etc.

(4) The "weak" or unemphatic forms of the pronouns should be used by preference wherever no emphasis is desired: me by the side of mij; ze for zij or haar; we for wij; 't for het, etc.

(5) In the choice between the various forms for the personal pronoun of the second person singular and plural, the usage of the spoken language should be followed: gij or ge are never used in conversation; they are confined to the language of prayer, the pulpit, or public oratory, and are replaced by u or jij, je, jelui, etc.

(6) The use of such expressions as: Jan z'n hoed, moeder haar doek, wie z'n boek het jij daar - i.e. the periphrasis of the possessive case by means of the noun followed by the possessive pronoun - is to be recommended.

(7) Either hun or haar may be used for the possessive pronominal adjective where the possessor is of the feminine gender: gelijk de ogen der dienstmaagden zijn op de hand van haar (or van hun) vrouwen, etc.

(8) Hun may not stand for hen, but ze may be used for either: ik heb 't hun (or ze) gezegd; ik heb ze (or

BYLAE D

JUNIOR EN SENIOR SERTIFIKAAT: VERSPREIDING VAN % SIMBOLE EN PERSENTASIES GESLAAGDES IN AFRIKAANS HOËR

JUNIOR SERTIFIKAAT											
Jaar	A	B	C	D	E	F	G	H	Kand.	Med.	% Slaag
1932	1	18	40	32	8	1	.	.	2800	52	99
1933 I	.	6	23	44	20	5	2	.	2980	55	99
1933 II	2	12	26	29	20	9	2	.	2980	56	
1934 I	1	10	28	36	20	5	.	.	3090	57	99
1934 II	1	6	23	39	23	7	1	.	3082	55	
1935	1	5	17	33	30	13	1	.	3463	52	99
1936	2	6	21	38	25	7	1	.	3786	54	99
1937	1	5	22	34	28	9	1	.	4213	53	99
1938	.	3	14	36	34	11	2	.	4843	51	98
1939	.	4	16	33	27	17	3	.	4968	51	97
1940	.	2	14	36	34	11	3	.	5238	51	97

STD. VIII
A - 80-100%
B - 70- 79%
C - 60- 69%
D - 50- 59%
E - 40- 49%
F - 30- 39%
G - 20- 29%
H - Onder 20%

SENIOR SERTIFIKAAT												
Jaar	A	B	C	D	E	F	FF	G	H	Kand.	Med.	% Slaag
1932	1	20	37	33	8	1	.	.	.	1400	52	98
1933	.	3	13	35	36	10	2	1	.	1613	50	97
1934	1	66	18	36	30	7	1	1	.	1603	53	98
1935	2	6	19	28	28	13	2	1	.	1679	52	97
1936	1	5	19	34	31	8	1	1	.	1820	53	98
1937	.	4	15	35	33	10	2	1	.	2025	51	97
1938	.	5	19	33	31	9	2	1	.	2107	52	97
1939	1	5	22	38	25	6	2	1	.	2259	54	97
1940	.	4	20	40	28	6	1	1	.	2560	53	97

STD. X
A - 80-100%
B - 70-79%
C - 60-69%
D - 50-59%
E - 40-49%
F - 33½-39%
FF - 30-33%
G - 20-29%
H - Onder 20%

OPM. 1. Vir 1932 is die getal kandidate tot die naaste honderd aangegee.

2. In 1933 en 1934 is die simbole in Std. VIII vir die twee vraestelle apart aangegee.

BIBLIOGRAFIE

1. Algemene Literatuur. (Alfabetiese volgorde)

1. Adamson, E.W.: The School, the Child and the Teacher. Longmans, Green & Co., London. 1928.
2. Adamson, J.E.: The Individual and the Environment. Longmans, Green & Co., London. 1921.
3. Bagley, W.C.: The Educative Process. The Macmillan Company, New York. 1920.
4. Ballard, P.B.:
   (a) Teaching and Testing English. University of London Press, Ltd., London, E.C.4. 1939.
   (b) Thought and Language. University of London Press, Ltd., London, E.C.4. 1934.
   (c) Teaching the Mother Tongue. University of London Press, Ltd., London, E.C.4. 1934.
5. Besselaar, G.: Zuid-Afrika in de Letterkunde. H.A.U.M., Kaapstad. 1914.
6. Boyd, W.: Measuring Devices in Composition, Spelling and Arithmetic. George G. Harrap & Co., Ltd., London, Calcutta, Sydney. 1924.
7. Briggs, T.H.: Curriculum Problems. Macmillan Company, New York. 1927.
8. Caswell and Campbell: Readings in Curriculum Development. American Book Company, New York. 1937.
9. Coetzee, J.C.:
   (a) Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch. 1942.
   (b) Die Moderne Opvoeding. 'n Histories-kritiese Studie. J.L. van Schaik, Pretoria. 1939.
   (c) Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue. Voortrekkerpers, Bpk. Johannesburg. 1943.
   (d) Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek. J.L. van Schaik, Pretoria. 1930.
   (e) Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch. 1944.
10. Coetzee, J.C. en Bingle, H.J.J.: Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys. J.L. van Schaik, Pretoria. 1947.
11. Conradie, E.: Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, Deel I. J.H. de Bussy, Pretoria. 1934.
12. Dekker, G.: Afrikaanse Literatuurgeskiedenis. Derde, bygewerkte druk. Nasionale Pers, Kaapstad. 1941.
13. Dewey, J.: Democracy and Education. The Macmillan Company, New York. 1933.
14. Draper, E.M.: Principles and Techniques of Curriculum making. D. Appleton-Century Company. New York. London. 1936.
15. Faure, D.P.: My Life and Times. Juta & Co., Cape Town. 1907.
16. Fleming, C.M.: Research and the basic Curriculum. University of London Press, Ltd. Warwick Square, London, E.C.4. 1946.
17. Fourie, I.J. v.H.: Syllabus and Textbook in the teaching of English as second Language in the upper Primary and Secondary standards in South African Schools. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Universiteit van S.A. (P.U.K.)). 1946.
18. Gevers, T.F.: The Syllabus of Transvaal Secondary School Mathematics: An Historical and Critical Study. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Universiteit van S.A. (P.U.K.)). 1944.
19. Gie, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel II. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch. 1932.
20. Golding, J.C.: The State of Education at the Cape

22. Hofmeyr, J.H.: Is 't ons Ernst? Van de Sandt de Villiers & Co., Drukpers Maatschappy, Beperkt. Kaapstad. 1905.
23. H.M.S.O.: Board of Education: Some Suggestions for the teaching of English in Secondary Schools in England. London. 1924.
24. H.M.S.O.: The Teaching of English in England. London. 1926.
25. Kestell, J.D.: Het Leven van Prof. N.J. Hofmeyr. H.A.U.M., Kaapstad. 1911.
26. Keyter, J. de W.: Opvoeding en Onderwys. Nasionale Pers, Bloemfontein. 1936.
27. Kidd, A.S.: The Origins of the South African University System, 1850 - 1873. Grocott & Sherry, Grahamstown. 1923.
28. Kidd, A.S.: Higher Education in Cape Colony, 1874 - 1910. Grocott & Sherry, Grahamstown. 1910.
29. Langenhoven, C.J.: Versamelde Werke, Deel XII. U Dienswillige Dienaar. Nasionale Pers, Kaapstad. 1935.
30. Langeveld, M.J.: Taal en Denken. J.B. Wolters, Groningen - Den Haag - Batavia. 1934.
31. Leest, J.: Het Voortgezet Onderwijs in de Moedertaal. J.B. Wolters' Uitgeversmaatschappij, N.V. Groningen, Den Haag, Batavia. 1932.
32. Lid van het Hoofdbestuur van den Taalbond: Zullen wij nog voor onze moedertaal ijveren? Townshend en Zoon, Drukkers, Loopstraat, Kaapstad. 1891.
33. Linden, C.B.: Christelikheid en Nasionalisme in die Opvoeding. A.P.-Boekhandel, Johannesburg. 1946.
34. Malherbe, E.G.: Education in South Africa, 1652 - 1922. Juta & Co., Cape Town. 1925.
35. Malherbe, E.G. (Edited by): Educational Adaptations in a Changing Society. Juta & Co., Ltd., Cape Town and Johannesburg. 1937.
36. McKerron, M.E.: A History of Education in South Africa. J.L. van Schaik, Pretoria. 1934.
37. Moormann, J.G.M.: De Moedertaal. Dekker en Van de Vegt, N.V. Nijmegen. Utrecht. 1936.
38. Niekerk, L. van: De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Letterkundige Voortbrengselen. De Nationale Pers, Kaapstad. 1920.
39. Nienaber, G.S. en P.J.: Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging. J.L. van Schaik, Pretoria. 1941.
40. Nienaber, P.J. en G.S.: Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde. J.L. van Schaik, Pretoria. 1941.
41. Nienaber, P.J.: 'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika. Tweede Trek-reeks. Nasionale Pers, Bloemfontein. 1943.
42. Nunn, T.P.: Education, its Data and first Principles. Edward Arnold, London. 1920.
43. O'Kulis: Die Eselskakebeen. De Vriend Drukkers en Uitg. Maatschappij, Bpkt., Bloemfontein. 1909.
44. Palmer, H.E.: The Scientific Study and Teaching of Languages. Harrap, London. 1922.
45. Pienaar, E.C.: Taal en Poësie van die tweede Afrikaanse Taalbeweging. Nasionale Pers, Kaapstad. 1931.
46. Preller, G.: Laat 'T ons toch ernst wezen. Volkstem-drukkerij, Pretoria. 1905.
47. Pringle, T.: Narrative of a Residence in South Africa. Edward Moxon, London. 1840.
48. Public School Publishing Company: The Twenty-second Yearbook of the National Society for the Study of Education. Bloomington. Illinois. 1922.
49. Raymont, T.: Principles of Education. Longmans, Green & Co., London. 1927.
50. Ritchie, W.: The History of the South African College

53. Scholtz, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, 1806 - 1875. Nasionale Pers, Kaapstad. 1939.
54. Schoonees, P.C.: Die Prosa van die tweede Afrikaanse Beweging. Derde, omgewerkte en vermeerderde druk. H.A.U.M., Kaapstad. 1939.
55. Steyn, H.A.: Moedertaalonderwys. Nasionale Pers Beperk, Bloemfontein. 1938.
56. Sweet, H.: The Practical Study of Languages. J.M. Dent & Sons, Ltd., London. 1926.
57. Taute, B.: Opvoedende Onderwys. Tweede verbeterde uitgawe. Unie-Volkspers, Bpk., Kaapstad. 1942.
58. Taute, B.: Skoolhoof, Assistent en Professie. Unie-Volkspers, Bpk., Kaapstad. 1940.
59. Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Vols. VIII and IX. William Clowes & Sons, London. 1898-1905.
60. Theal, G.M.: Progress of South Africa in the Century. W. & R. Chambers, London and Edinburgh. 1902.
61. Toit, P.S. du:
(a) Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie. Juta & Kie., Kaapstad. 1937.
(b) Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek. J.L. van Schaik, Pretoria. 1944.
(c) Onderwys in Kaapland, 1652 - 1939. J.L. van Schaik, Pretoria. 1940.
62. Toit, H.C. du: Opstelonderwys. Nasionale Pers, Bloemfontein. 1943.
63. Uhl, W.L.: Secondary School Curricula. The Macmillan Company, New York. 1927.
64. Villiers, A.J. de: Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika. Nasionale Pers, Kaapstad. 1934.
65. Vooys, C.G.N. de: Over de beginselen en de praktijk van een nieuw Moedertaalonderwijs. Baarn. Hollandia-Drukkerij. 1910.
66. Watts, A.F.: The Language and Mental Development of Children. George G. Harrap & Co., Ltd., London. Toronto. Bombay. Sydney. 1944.
67. Webster and Smith: Teaching English in the Junior High School. World Book Company. Chicago. 1927.
68. West, Michael: Language in Education. Longmans, Green & Co., Ltd., London. Toronto. New York. 1929.
69. Wouters, D.: Lezen. P. Noordhoff. Groningen. 1921.
70. ----------: De Z.A. Taalbond en de Taalvereenvoudiging. Stellenbosch. Pro Ecclesia-Drukkerij. 1904.

---

2. ARGIVALE BRONNE:
S (Stellenbosch) 22/183.
C.O. (Colonial Office records) 1, 9, 14, 20, 36, 44, 46, 65, 67, 79, 91, 102, 152, 184, 319, 362, 378, 2647, 2649, 2644, 2656, 2657, 2658, 2659, 2660, 2666, 2669, 2675, 2676, 2678, 2687, 2688, 2694, 2700, 2711, 4825, 4833, 4848, 4844, 4848, 4886, 5970.

3. EKSAMENVRAESTELLE (Kronologiese volgorde):
1. University of the Cape of Good Hope. Calendars. 1873-1918.
2. University of South Africa. Examination Papers. Junior Certificate. 1919 - 1925.
3. Joint Matriculation Board. Examination Papers. Matriculation Certificate. 1919 - 1934.
4. Departement van Openbare Onderwys. Kaap die Goeie Hoop. Eksamenvraestelle. 1921 - 1940.

4. KALENDERS:
1. Calendar of the South African College and South African College School. 1899.
2. University of the Cape of Good Hope. Calendars. 1873 - 1918.

3. Pamphlet No. 5. *Syllabus of the High School Course.* 1899.
4. University of the Cape of Good Hope. Regulations and Syllabuses for 1911. Matriculation Examination and University Certificate Examinations for Schools.
5. Memoranda on Curricula of Public Schools in the Cape Province. 1913.
6. University of South Africa. Junior Certificate Handbooks. 1919 - 1925.
7. Joint Matriculation Board. Matriculation Handbooks. 1919 - 1934.
8. Departement van Openbare Onderwys. Kaap die Goeie Hoop. Leerplanne vir die Middelbare Skool. Handboeke vir Junior en Senior Sertifikaat. 1922-1940.

6. NUUSBLAAIE EN TYDSKRIFTE (Alfabetiese volgorde):
1. Cape Times: 1918 - 1925.
2. Educational News, The: 1900 - 1918.
3. Kaapsche Stads Courant: 1800 - 1826.
4. Nederduitsche Zuid-Afrikaansche Tijdschrift, Het: 1824 - 1843.
5. Ons Eie Boek: 1935 - 1945.
6. Ons Land: 1892 - 1932.
7. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns: 1922 - 1940.
8. Unie, De/ Unie, Die: 1902 - 1940.
9. Volksblad, Het: 1856 - 1886.
10. Volkstem, De: 1873 - 1940.
11. Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst. Jaarboeke I - V (1910 - 1914).
12. Zuid-Afrikaan, DE: 1830 - 1892.
13. Zuid-Afrikaansche Tydschrift, Het: 1877 - 1893.

7. RAPPORTE, VERSLAE EN DOKUMENTE (Kronologiese volgorde):
1. Statutes of the Cape of Good Hope, 1652 - 1886. Cape Town. W.A. Richards & Sons, Printers and Publishers. 1887.
2. Eybers, G.W.: Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795 - 1910. Second Impression. London. George Routledge & Sons, Ltd. 1918.
3. Cape of Good Hope. Report on Public Education for the year 1853 and preceding years.
4. S.G.O.-rapporte 1854 - 1940.
5. Inspekteursverslae, 1854 - 1940. (Saam met S.G.O.-rapporte, maar apart in 1872 en 1873.
6. Cape of Good Hope. By-Laws and Rules framed by the Board of Public Examiners in Literature and Science and confirmed by His Excellency the Governor. With a programme of examinations for 1859, 1860 and 1861.
7. Reports of the Board of Public Examiners 1860 - 1866.
8. Cape of Good Hope. Report of a Commission, appointed, in accordance with addresses of the Legislative Council and House of Assembly, to inquire into and report upon the Government Educational System of the Colony. 1863.
9. Cape of Good Hope. Education Act of 1865 and Regulations promulgated under same together with Additional Related Legislation and all Regulations that have appeared in reference to Education since the passing of Act No. 13 of 1865. 1904.
10. Report of the Commission appointed to inquire into and report upon the working of the Education Acts in force in this Colony. 1879 - 1880.
11. Voorlopig Rapport over den Staat van het Onderwijs in de Kolonie de Kaap de Goede Hoop, door Donald Ross. 1883.
12. Dokumenten handelende over het Publiek Onderwijs in de Kolonie de Kaap de Goede Hoop. 1885.
13. [illegible]

16. Minutes of the Council of the University of the Cape of Good Hope. 1888 - 1897.
17. Cape Hansard, 1905.
18. Rapport van het Gekozen Comité over de Hollandsche Taal. 1906.
19. De Onderwijs (Taal) Ordonnantie, 1911. Kennisgeving [475]
20. Kaap de Goede Hoop. Onderwijskommissie. Hoofd-rapport, Minderheidsrapport, Aantekeningen, Notulen van Vergaderingen en inhoud. 1912.
21. Rapport van de Kommissie over „Taal Ordonnantie (11 van 1912)".
22. Ordonnantie No. 5 van 1921.
23. University of South Africa. Reports of Examiners. Junior Certificate. 1919 - 1925.
24. Joint Matriculation Board. Reports of Examiners. Matriculation Certificate. 1919 - 1934.
25. Departement van Openbare Onderwys. Kaap die Goeie Hoop. Verslae van eksaminatore. (In Onderwys-gaset 1922 - 1941)
26. Provinsie die Kaap die Goeie Hoop. Verslag van die Adviserende Komitee insake Onderwys, 1927.
27. Unie Departement van Onderwys. Verslag van die Komitee om ondersoek in te stel na die stand van Tale in die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel, 1941

---oOo---